

ERIC H. LOUW IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEK
TOT 1948

deur

PIETER FREDERIK VAN DER SCHYFF

Proefskrif voorgelê ter verkryging van die
graad D.Litt. in die Departement Geskiedenis,
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys.

Desember 1974.



(Erkenning: Jacoby, Perskor).

Finansiële steun deur die Raad vir Geestes-
wetenskaplike Navorsing (n ad hoc-toekenning)
en deur die Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys (n personeelbeurs)
word met dank erken.

INHOUD

VOORWOORD	xv
INLEIDING	xvii

HOOFSTUK 1.

DIE MERKWAARDIGE LOUWS

1. Afkoms: van vaderskant	1
2. Afkoms: van moederskant	5
3. Johannes Albertus Louw	6
3.1 Onderwyser in die Vrystaat	6
3.2 Op die trekpad	13
3.3 Vestiging op Beaufort-Wes	14
3.4 Rol op onderwysgebied	15
3.5 Rol op politieke gebied	19
3.6 Rol in samelewing	34
3.7 "Swart Oktober", 1918	35

HOOFSTUK 2.

JEUGJARE, STUDENT EN ADVOKAAT, 1890 - 1919

1. Hendrik word Eric Hendrik	39
2. Skoolloopbaan en tuisopvoeding	41
3. Wilgenhoffer	46
4. Prokureursklerk	53
5. "City of Saints"	55
6. Rebelle en Suidwes-veldtog	60
6.1 Aansluiting	60
6.2 Tot nuwe insigte	66

6.3 Ervaringe in Kimberley	67
6.4 Suidwes-veldtog	69

HOOFSTUK 3

VAN ADVOKAAT TOT SAKEMAN, 1919 - 1924

1. 'n Moeilike besluit	80
2. 'n Nuwe loopbaan	82
3. "Honest and reasonable trading"	86
4. Die Afrikaner in die handel	87
5. Kamer van Koophandel	88
5.1 Britse vloot	89
5.2 Voorkeurtariewe	89
5.3 Baxter-verslag	91
5.4 Lisensies	95
6. Elektriese ligte	96
7. Skoolraadsake	97
8. Kandidaat vir stadsraad	
9. Probleme met stadsraad	104
10. 'n Hospitaal vir Beaufort-Wes	105

HOOFSTUK 4

VUURDOOP IN DIE POLITIEK, 1919 - 1923

1. Opgeneem in Nasionale Party-verband	108
2. Die 1920-verkiesing: 'n voorsmaak	109
3. Herenigingspogings: Eric Louw na vore	114
4. Die Ierse Vryheidstryd, die Helpmekaar en Dingaansdag	119
5. Die 1921-verkiesing: vuurdoop in Queenstown	122

6. Nasionale dag, April 1921	134
7. "Onder die Israëliete"	135
8. Queenstown-tussenverkiesing, Desember 1922	136
9. Parlementêre Debatsvereniging	148
10. "Praktiese Nasionalisme"	150
11. Wakkerstroom	161

HOOFSTUK 5

IN DIE PARLEMENT, 1924 - 1925

1. Kandidaat in Beaufort-Wes	162
2. Verkiesingsveldtog	165
3. 'n Klinkende oorwinning	167
4. Die nuwe verantwoordelikheid	170
5. "Jongseuns van die Volksraad"	173
6. Nooienstoespraak	174
7. Eerste indrukke	176
8. Kiesafdeling- en landsake	178
9. Nasionale Party-kongres	181
10. Kongres van Kamers van Koophandel'	183
11. "Die Taalstryd op Beaufort-Wes"	186
12. Parlementsitting 1925	191
12.1 Twestaligheid	192
12.2 Volkebond	193
12.3 Oorsese pensioentrekkers	194
12.4 "Kaapstadse dreedlose uitsaaistasie"	195
✓ 12.5 "Hoër status"	196
12.6 'n Handelskommissaris vir Amerika?	199
13. Aanstelling as handelskommissaris	199

HOOFSTUK 6

HANDELSKOMMISSARIS IN AMERIKA (en Kanada) 1925 - 1928.

1. Instelling van handelskommissarisse	201
2. 'n Aanbod ... en 'n besluit	203
3. Voorbereiding	205
4. Nasionale Party se verlies	208
5. "Na 'n vreemde land ..."	209
6. Aankoms en vestiging	210
7. Handelskontakte	212
8. Inligting omtrent Suid-Afrika	217
9. Publisiteit en propaganda	219
10. Statusprobleme	220
11. Kritiek uit Suid-Afrika	226
12. Reaksie op kritiek	233
12.1 Barlow en Oettle	235
12.2 Ligging van kantoor	238
12.3 Lakse uitvoerders	239
12.4 Uniedag-viering	240
13. Nuwe lewenspatroon	241
14. Die Vlagkwessie	243
15. Hereaanstelling en besoek aan die Unie	248

HOOFSTUK 7

TUSSENSPEL IN LONDEN, 1929

1. Plaasvervanger te Londen	251
2. "Suid-Afrika, en sy belange, Eerste"	254
3. Ryksverhoudings	257
3.1 S.A. Students Club	258

3.2	Duitse handelsverdrag	259
3.3	Konferensie oor standardisasie	260
3.4	Empire Marketing Board	260
3.5	Internasionale Rooikruis en Krygsgevangene konferensie	262
3.6	Ekonomiese konferensie	263
4.	Die pers	264
5.	Stryd om status	266
5.1	"Poor relations"	266
5.2	Afskeid: "Neither fish nor fowl ..."	267
5.3	Kritiek ... en 'n verduideliking	269
6.	Bedanking van pos	272
8.	Afskeid van Londen	276

HOOFSTUK 8

BUITENGEWONE GESANT EN GEVOLMAGTIGDE MINISTER, 1929 - 1937

1. WASHINGTON

1.	Stigting van gesantskap	277
✓ 2.	Stryd om status	280
2.1	Hoëkommissarisskap en rangorde	281
2.2	Visas en paspoorte	286
2.3	Vlag	288
2.4	"Ryk" en "Statebond"	290
2.5	Ryks- en Ottawa-konferensie	295
2.6	Smuts en Amerika	299
3.	Depressie en Goudstandaard:	
3.1	Ekonomiese ineenstorting	301
3.2	Goudstandaard	302
3.3	Sluiting van toeristekantoor	306

3.4	Reuter-"propaganda"	307
3.5	Salarisvermindering	308
3.6	Goudstandaard verlaat	
4.	Jode en kommuniste	311
2.	ROME	
1.	Verplasing na Rome	313
2.	Volkebond: Suidwes-kwessie	314
3.	Besoek aan Suid-Afrika, 1933	317
4.	Aanstelling te Parys	319
5.	Laaste take in Rome	320
3.	PARYS (en Lissabon)	
1.	Kookpot van Europese verhoudinge	321
2.	Departemente van Buitelandse Sake	322
2.1	Gesantekonferensie 1935	323
2.2	Vlagkwessie	324
2.3	Kommunikasie	325
2.4	Ere-toekennings	326
3.	Laaste indrukke	327
4.	Uittrede	329
5.	Einde van n fase	330 ✓

HOOFSTUK 9

TERUG IN DIE POLITIEK, 1937 - 1938

1.	Bespiegelings en oorwegings	334
2.	Finale besluit	344
3.	Aankoms en waarskuwings	349
4.	Verwelkoming	352
5.	Weer aktief	357
6.	Benoeming ... en n krisis	361

6.1 Uniegebou-episode	362
6.2 Transvaler-artikel	371
6.3 Motiewe?	374

HOOFSTUK 10

KANDIDAAT, L.V. EN VOORBANKER, 1938

1. Nominasiestryd	379
2. Wyer bekendstelling	379
3. Verkiesingsveldtog	383
4. Weer L.V. vir Beaufort-Wes	390
5. In die Parlement	393
5.1 Voorbanker	393
5.2 Eric Louw en die handel, Nywerheid en Ekonomie	394
5.3 Terloops oor die Jode	401
5.4 Publisiteit en toerisme	404
5.5 Immigrasie: weer die Jode	405
5.6 Paspoorte: Kommuniste en 'n Kleurling- voetbalspan	408
5.7 "Die Stem" en/of "The King"	410
5.8 Neutraliteitsvraagstuk	414
5.9 Kiesafdelingsake	415
6. Oor die Diplomatieke Diens	417
7. Hoogste hulde van sy leier	418
8. Oor Apartheid	419
9. Die Ossewatrek	419
10. Marico-tussenverkiesing	421
11. Uniale Nasionale Party-kongres	426
12. Terugblik op 1938	427

HOOFSTUK 11

"VREEMDELINGE IN ONS POORTE", 1937 - 1939

1. "Vreemdeling in Jerusalem"	429
2. JODE	
2.1 "Politieke bom"	430
2.2 Van ver af	431
2.3 Reaksie op wetsontwerp	435
2.4 Vrae oor Jode	439
2.5 Bespreking in volksraad, 24 Februarie	440
2.6 Kritiek en lof	442
2.7 Ander sprekers	446
2.8 Voortgesette bespreking, 17 Maart	447
2.9 Repliek, 14 April	451
2.10 Registrasie van vreemdelinge	454
2.11 Binnelandse Sake: weer die Jode	465
2.12 Begrotingsdebat: steeds die Jode	467
2.13 Seepunt: Engelse en Jode	468
2.14 Etikettering	469
3. KOMMUNISTE	
3.1 Akute vraagstuk	470
3.2 Waarskuwing by aankoms	471
3.3 Onder die seeklig	473
3.4 Bespreking in volksraad, 1939	476
3.5 Rusland	479
4. SAMEVATTING	480

HOOFSTUK 12

DOOR VOLKSEENHEID EN NEUTRALITEIT, 1937 - 1939

1. Politieke maastroom, 1938	486
------------------------------------	-----

2. Afrikanerverdeeldheid	488
3. "Engelssprekende Afrikaners"	489
4. Strewe na Afrikanereenheid.	
4.1 Voorwaardes	493
4.2 Albert Hertzog-basis	494
4.3 Cilliers-basis	499
4.4 Basisse oorweeg en vergelyk	500
5. Neutraliteitsvraagstuk	504
5.1 Nasionale aandrang	505
5.2 Louw prominent: Ierse voorbeeld	509
5.3 Aandrang verskerp	514
5.4 Oorlogsdebat 4 September 1939	518
6. Afrikanereenheid?	
6.1 Monumentkoppie en daarna	525
6.2 Kaaplandse N.P.-kongres, November 1939	527
6.3 Oor 'n naam en oor 'n republiek	528
6.4 "Loyal Dutch"	531
6.5 Bedenkinge oor samewerking	534
6.6 Klem op republikeinse strewe	538
6.7 Breuk met Hertzog	542
6.8 Drie nuusitems	545

HOOFSTUK 13

"STURM UND DRANG", 1940 - 1943

1. Teen Smuts en sy bondgenote	548
1.1 Nasionalisme vs. Imperialisme	549
1.2 "Onnasionale elemente", "dwinglandy" en "uittartings"	550
1.3 Aan eie lyf ervaar	555
1.4 Waarheidsridders en Loyal Dutch	556

1.5	Vrede met Duitsland?	559
1.6	Rusland en Japan	560
2.	Afrikanervolkseenheid?	
2.1	"Volksorganisasie"	563
2.2	Ondertone van kommer	566
2.3	Terreinafbakening	567
2.4	"Politieke front" en "Volksleier"	570
2.5	Konfrontasie	573
2.6	Hertzog en Havenga	580
2.7	Johannes van der Walt	581
2.8	Bomontploffings	584
2.9	Transvaalse toer	585
2.10	Druk op O.B.-lede binne H.N.P.	586
2.11	Êenheids pogings 1942	589
3.	1943-Verkiesing.	
3.1	Voorbereiding	591
3.2	Opposisie vir Louw	594
3.3	Uitslag	596
3.4	"Voort tot die oorwinning"	598

HOOFSTUK 14

"VOORT TOT DIE OORWINNING", 1943 - 1947

1.	Smuts, Suid-Afrika en die "nuwe wêreld"	600
2.	Oorlogsmoegheid	602
3.	"Brood-en-botter-politiek".	604
4.	Brittanje en die Statebond	608
5.	Rusland en die kommunisme	615
6.	Die Volkebond en die V.V.O.	625
6.1	Indië en Indiërs	630
6.2	Suidwes-Afrika	635
7.	H.N.P. Propagandakomitee	642

HOOFSTUK 15

VERDEELDHEID OOR EENHEID, 1944 - 1948

1. Politieke magstryd gewen	653
2. Mentz-voorval: "tyd om te kies"	654
3. Louw-Naudé onderonsie	656
4. Toenadering afgewys, toenadering gesoek	657
5. Malan-Havenga-ooreenkoms	665
6. Verset teen ooreenkoms	666
7. Propagandakomitee in gedrang	677
8. Getwis oor Jode	694
9. "Pull for the Shore"	703

HOOFSTUK 16

OORWINNING, 1948

1. n "Simsonstaak"	704
2. Kort Sitting	705
3. Verkiesingsveldtog	708
4. "Wonderwerk van Agt-en-Veertig"	710
5. Kabinetsamestelling.	
5.1 Waar pas Louw in?	711
5.2 Mynwese en Ekonomiese Ontwikkeling	717
5.3 Wat dan van Buitelandse Sake?	718
6. Skouer aan die wiel	721

TERUGBLIK	
-----------------	--

BYLAES:

1. Nootienstoespraak 11 Augustus 1924	727
2. Toespraak te Beaufort-Wes oor gesantskapswerk	729
3. Heimweë na Parys: Die Kruithoring, 27.9.1944	731
4. Die H.N.P. se Buitelandse Beleid - E.H. Louw	733
5. "Hiertoe word besluit ...": die Malan-Havenga-ooreenkoms, Maart 1937	736
6. Toespraak oor inlywing van Suidwes, op 26 Februarie 1946	737
7. Brief aan dr. Malan insake bedankings uit Inligtingskomitee, November 1947	747
BRONNE	750

LYS VAN ILLUSTRASIEMATERIAAL

1. Aankoms in Amerika	200
2. Totsiens aan Londen	274
3. Afskeidsboodskap Rome	318
4. Politieke Trekvoëls	356
5. "Hy lyk selfs na Goebbels!"	516
6. Verklaring van Johannes van der Walt	582
7. Durban-vergadering, Oktober 1944	606
8. Kommuniste	622
9. Opspraak oor Strydom-stukke	668
10. Steeds "onthullings"	670
11. Die Malan-span draf op	716
12. Louw vs. Lewenskoste	720

Riverton beg 38
Rondebosch
7. 8. 68

Geagt Vriend,

Baie dankie vir u skrywe van
9 dier. Heens sichte kon ek nie eerder daarop
antwoord nie.

Ek voel heeltemal dat die voorstel in u
brief bered, en sal graag aan u versnel
wil voldoen, maar dan moet u my net
hoor. Dit sal taamlik voorbereiding
vereis. Kan u my laat weet wanneer
u dit stel wil lê?

Met vriend

tt

Eric R. van

Reaksie op 'n voorstel om sy lewensgeskiedenis te boek te stel.
Dr. Louw verwys na 'n versoek om meer besonderhede aangaande die
minder bekende aspekte van sy lewe, soos sy kinderjare, diploma-
tiese dienstermyn, ens.

VOORWOORD

Toe wyle dr. Eric Louw se oë ingegee en hy gevolglik die skryfwerk aan sy beplande outobiografie moes laat vaar, het skrywer hiervan in beskeidenheid aangebied om sy lewensgeskiedenis te boek te stel. Dr. Louw het hom die aanbod laat welgeval en sy samewerking beloof, dog ses weke later is hy oorlede. Namate die navorsing verdiep en die wye ervaringswêreld van Eric Louw via beskikbare bronne-materiaal en mondelinge oorleweringe betree is, het die gevoel van spyt omdat daar nie veel eerder met hierdie taak begin is nie, al groter geword. Gelukkig kon ek staatmaak op die hulp en samewerking van sy weduwee, mev. Anna M. Louw, wat inderdaad uit haar pad gegaan het om al my navrae te beantwoord, informasie en dokumente te verskaf, ens. Aan haar, hul seun adv. Martin Louw en mev. M.S. Jordaan, wyle dr. Louw se suster, in die eerste instansie dus my hartlikste dank en waardering vir betoonde medewerking.

Die personeel en hoofde van biblioteke en argiefbewaarplekke, wat te alle tye so geredelik behulpsaam was en deur wie se goedgesindheid en toestemming so 'n wye verskeidenheid bronnemateriaal vir my ontsluit kon word, het veel daartoe bygedra om my taak te vergemaklik. In die besonder wil ek verwys na die Instituut vir Eie-tydse Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, met sy ryke skat van dokumente-versamelings en ander inligtingsmateriaal betreffende die terrein waarop ek werksaam is. Dit was my voorreg om vir 'n tyd aan dié instansie verbonde te wees, weliswaar onder 'n vroeëre bedeling; daár en destyds kon my sluimerende belangstelling in die kontemporêre politieke geskiedenis van my land tot volle ontplooiing gedy. In 'n sekere sin is hierdie proefskrif ook tasbare rentmeesterskap van daardie skolingstydperk in my lewe.

Die Staatsargiefdiens se bewaarplekke van Pretoria, Kaapstad en Bloemfontein het ook veel tot die voltooiing van hierdie navorsing bygedra, veral deur die verlening van toestemming om sekere geslote versamelings te raadpleeg. Met dieselfde hoë waardering noem ek graag ook die volgende instansies: die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad; die Staatsbiblioteek, Pretoria; die Johannesburgse Openbare Biblioteek; biblioteke van die universiteite van Stellenbosch, Kaapstad, Grahamstad, Potchefstroom en dié van die Randse Afrikaanse Universiteit; die N.G.-Kerkargief, Bloemfontein; die Skoolraad van Beaufort-Wes. Ek noem ook die Nasionale Party van Kaapland en die Federale Raad van die Nasionale Party, in wie se dokumente ek deur bemiddeling van wyle sen. M.P.A. Malan gedeeltelike insae kon kry, en laastens die altyd parate S.A. Weermagargief, vir hul tegemoetkomendheid.

In sy tyd was Eric Louw en die pers feitlik onafskeibaar van mekaar; gevolglik kon ek in my pogings om aanvullende bronne-materiaal en inligting te bekom, ruimskoots van die kolomme van koerante gebruik maak. Ook aan die talle persone wat as uitvloei-sel van dié reklame met my gekorrespondeer het, en diegene met wie langs ander kanale geskakel is en wat in een of ander vorm, hoe gering soms ook al, hulp kon verleen, wil ek my dank betuig.

Onder al die kollegas wat altyd so n lewendige belangstelling in my navorsing getoon het, wil ek graag enkeles uitsonder aan wie ek besonder veel verskuldig was en wie se invloed baie sterk ten grondslag van hierdie eindresultaat van baie jare se navorsing lê: prof. M.C.E. van Schoor, my "tutor" in n belangrike fase van my skoling in die geskiedeniswetenskap en die man wat meer as enig-iemand anders my ontlukende belangstelling in die eietydse geskie-denise gerig het; prof. J.J. Oberholster, met sy kalmerende be-sadigheid op alle lewensterreine maar ook ten opsigte van die besondere vakwetenskap, wat stimulerend inwerk wanneer die pen opgeneem word; en laastens dan my promotor, prof. J.S. du Plessis, vir sy waardevolle leiding en wenke en sy rustige oordeel.

Die pad waarlangs geloop is om by 1948 uit te kom, begin in 1659 met die aankoms van stamvader Jan Pietersz. (Broertje) Louw aan die Kaap; ek dink veral aan hulle wat so geduldig my ervarings op dié pad moes meemaak. Teenoor al die ongenoemdes wat op welke wyse ookal n aandeel in die afhandeling van hierdie proefskrif gehad het, is my dank ewe innig.

P.F. van der Schyff

POTCHEFSTROOM

17 Desember 1974

INLEIDING

In Augustus 1963 het W.A. Boonzaaier 'n artikel geskryf oor "Die Louws: Ons Land se Merkwaaardige Geslag".¹ Hierdie artikel begin met die stelling dat minister Eric Louw se naam seker nie onder die twintig bekendste of invloedrykste manne in die wêreld genoem sou word nie, maar dat hy tog, naas dr. Verwoerd, die bekendste Suid-Afrikaner in die buiteland was. Die skrywer het verder beweer "dat die Louws vandag die belangrikste familie van een geslag in Suid-Afrika is ... Trouens, vyf Louws hou Suid-Afrika vuurwarm, en ek twyfel of daar nog 'n land in die wêreld is (die V.S.A. met sy twee Kennedys ingesluit) waar soveel invloed van een familienaam uitgaan."

Die vyf Louws onder bespreking was almal afstammeling van Jan Louw, 'n Vryburger uit die dae van Jan van Riebeeck, naamlik C.R. Louw, doyen van die Afrikaanse sakelewe; mnr. Wynand Louw, "bekende argitek"; dr. M.S. (Tienie) Louw, "geniale sakeman"; N.P. van Wyk Louw, "ons grootste digter en skeppende krag aan die kulturele front", en dr. Eric Louw, "ons nommer een vegter".

Toe Eric Louw in 1948 as kabinetsminister aangestel is, het hy ongeveer dertig jaar se openbare diens agter die rug gehad sedert hy 'n baie kortstondige regsloopbaan vroeg in 1919 prysgegee het om as "winkelier" tot die sakewêreld toe te tree. Na 'n blits-snelle opgang in die plaaslike gemeenskap het hy in 1924 die politieke arena daadwerklik betree toe hy as volksraadslid vir Beaufort-Wes verkies is. Sy handelsagtergrond en -belangstelling

1. Die Huisgenoot, 16.8.1963.

het in 1925 aan hom die pas ingestelde handelskommissariaat in die Verenigde State en in Kanada besorg. Hierna het hy agtereenvolgens as hoëkommissaris in Londen (1929) en as Buitengewone gesant en Gevolmagtigde minister in Amerika (1930 - 1933), Italië (1934) en Frankryk en Portugal (1934 - 1937) 'n groot aandeel gehad in die vestiging van Suid-Afrika se diplomatieke diens in die buiteland.

Louw het in 1937 na Suid-Afrika teruggekeer en hom spoedig in die maalstroom van die destydse politieke stryd bevind, vanaf 1938 weer as verteenwoordiger van die kiesafdeling Beaufort-Wes in die parlement. Vir die volgende tien jaar het hy saam met dr. O.F. Malan en ander Nasionaliste in die "politieke wildernis" verkeer. Met die skok-neerlaag van genl. J.C. Smuts in Mei 1948 en die bewindsaanvaarding van dr. Malan het Eric Louw ook op die kruin van die golf gery, toe hy as minister van Ekonomiese Ontwikkeling en van Mynwese aangestel is. Einde 1954 is hy aangestel as minister van Finansies en in Januarie die volgende jaar het eerste minister J.G. Strydom ook die belangrike portefeulje Buitelandse Sake aan hom toegewys. In Augustus 1956 het hy van Finansies afstand gedoen en sou hy hom voortaan net op Buitelandse Sake toespits.

Tot en met sy uittrede aan die einde van 1963 was Eric Louw voortdurend in die kalklig. Naas die heersende eerste ministers tydens sy ministeriële loopbaan, te wete dr. D.F. Malan, adv. J.G. Strydom en dr. H.F. Verwoerd, was Louw ongetwyfeld hier te lande en oorsee die bekendste Suid-Afrikaner.

Louw se openbare loopbaan toon 'n wye verskeidenheid fasette. Tog kan hoofsaaklik drie fases onderskei word. Die eerste fase was dié van skoling in die partypolitiek en kan in 'n sekere sin teruggevoer word tot dár in Smithfield, toe hy as tienjarige kind

ooggetuie was van die vervanging van die ou Vrystaatse vlag deur die Union Jack van die Britse veroweraars. Hierdie skoling is tydelik gestrem toe hy tussen die jare 1925 en 1937 oorsees was, hoewel hy tog in dié tyd intens in politieke verwickelinge in Suid-Afrika belang gestel het. Vanaf 1937 tot 1948 het hy in die harde leerskool van die Nasionale opposisiegeleedere sy "vakleerlingskap" voltooi.

'n Tweede fase, wat gedeeltelik op die eerste ingesny het, was dié van diplomatieke skoling gedurende die jare 1925 tot 1937, 'n periode waarin veral die kwessie van Suid-Afrika se internasionale status skerp onder die soeklig was. Die derde fase het in 1948 'n aanvang geneem, toe hy in 'n posisie geplaas is om die diplomatieke en politieke skoling van die voorafgaande dertig of meer jaar in die praktyk toe te pas.

Uiteraard is daar heelwat oorvleueling tussen die sogenaamde eerste en tweede fase van Louw se openbare loopbaan. Hoewel hy enersyds nie persoonlik aan die party-politieke stryd in die Unie deelgeneem het nie, het hy tog groot belangstelling in die politiek behou en van ver af meelewing in die wel en weê van sy geesgenote getoon. Andersyds het hy juis deur die uitoefening van sy diplomatieke ampte betrokke beraak in fasette van die party-politiek wat by tye sterk op die voorgrond van die Unie-politiek gestaan het en waarvan die naweê lank na sy terugkeer uit die buiteland nog voelbaar was. In hierdie verband word veral gedink aan Louw se verbete stryd om die erkenning van die Unie se soewereine onafhanklikheid, wat onlosmaaklik verbonde was aan Suid-Afrika se verhouding tot Brittanje, die Britse Ryk en die ontwikkelende Statebond.

Hierdie proefskrif handel hoofsaaklik oor die eerste fase, nl. dié van skoling in die partypolitiek tot 1948. Deur voortgesette

studie sal die ander twee fasette mettertyd bygewerk word, om dit eventueel in 'n omvattende biografie saam te voeg.

Met hierdie studie is waagmoedig die terrein van die eietydse geskiedenis betree, wel wetende van al die probleme en slaggate wat op dié weg gewag het. Die een groot dilemma was dat die doolhof van politieke intriges en epogmakende gebeure deurgeworstel moes word sonder dat daar juis teruggeval kon word op noemenswaardige en diepgaande studies ten opsigte van die groot verskeidenheid fasette van die Suid-Afrikaanse politiek waarmee Louw gemeed was. Verdienstelike oorsigswerke soos dié van Krüger² en Liebenberg³ kon hoogstens hier en daar riglyne bied; in dié opsig kon heelwat meer uit Roberts en Trollip se verdienstelike baanbrekerspoging om die eietydse geskiedenis te belig,⁴ en uit die meer resente werk van Van Heerden⁵ geput word. Hoewel hulle in die politiek nie juis veel in gemeen gehad het nie, en miskien juis omdat hulle oor so baie vraagstukke skerp teenstrydige opvatting gehuldig het, kon Hancock se studies oor Smuts⁶ baie hulp bied in die pogings om perspektief te handhaaf. By hernuwing is groot teleurstelling ervaar oor die bydraes wat

2. D.W. Krüger: *The Making of a Nation*.

3. B.J. Liebenberg: *Van die Statuut van Westminster tot die Unie van Suid-Afrika* (C.F.J. Muller (red.): *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, pp. 371 - 401).

4. M. Roberts and A.E.G. Trollip: *The South African Opposition, 1939 - 1945; an Essay in Contemporary History*.

5. Van Heerden: *Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933 - 1948*. Ongepubliseerde D.Phil. proefskrif, 1972.

6. W.K. Hancock: *Smuts (I): The Sanguine Years, 1870 - 1919* en *Smuts (II): The Fields of Force, 1919 - 1950*.

twee van die hooffigure in die dramatiese politiek van die veertigerjare, dr. Malan⁷ en dr. Van Rensburg,⁸ in die vorm van hul opgetekende herinneringe nagelaat het.

Afgesien daarvan dat skrywer hiervan dus grootliks op homself aangewys was om "agter die kap van die byl te kom",⁹ was daar ook nog die ander aspek wat so stremmend op die beoefening van die eietydse geskiedenis inwerk, naamlik die beskikbaarheids- en ontsluitingsaspek van primêre bronnemateriaal. Hoewel sekere kardinale dokumentemateriaal nie ter insae verkry kon word nie, meen ek dat dit dalk in die laaste instansie sal blyk dat dié verlies tog nie so groot was nie. 'n Feit waarmee nie deeglik rekening gehou word wanneer persone en/of instansies daartoe oorgegaan om absolute "embargos" op dokumente te plaas nie, is naamlik dat heelwat van daardie besonderhede wat dig gehou word, dikwels in 'n mindere of meerdere mate in wyer kringe bekend is. As dit soms op 'n onverwagte plek en vanuit 'n onsimpatieke oord aan die groot klok gehang word, kan dit onverkwiklike situasies skep.

Ter illustrasie van bogenoemde verskynsel kan verwys word na die skerp tweespalt onder Nasionale leiersgeledere op die vooraand van die grootse oorwinning wat hulle in die 1948-verkiesing behaal het. Die besonderhede is van so 'n aard dat dit kort-kort groot opspraak verwek, ten spyte daarvan dat die basiese besonderhede en selfs 'n baie groot deel van wat agter die skerms aangegaan het, vir die meeste ingeligte persone ou nuus is. Omdat in

7. D.F. Malan: Afrikanervolkseenheid en my Ervarings op die Pad Daarheen.

8. Hans van Rensburg: Their Paths Crossed Mine.

9. Dié uitdrukking is by geleentheid deur wyle dr. A.J.R. van Rhijn gebesig.

hierdie studie heelwat aandag aan hierdie aangeleentheid gegee is, kan dit loon om die problematiek kortliks van naderby te beskou.

Toe Piet Meiring in een van sy gewilde werke oor aspekte van die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis¹⁰ na die destydse onenigheid verwys het,¹¹ deur 'n brief waarin Strydom gedreig het om as leier van die Nasionale Party in Transvaal te bedank, op te haal, was daar skerp reaksie en is gesê dat sy feite nie reg was nie. 'n Gesaghebbende verklaring dat daar nooit so 'n brief bestaan het nie,¹² is onmiddellik deur historici omver gewerp;¹³ 'n ander betrokke het weer getwyfel of die skrywer ooit weet wat in dié brief staan, daar dit veilig agter slot en grendel in die Malan-versameling berus.¹⁴ In laasgenoemde geval is weer nie rekening gehou met die feit dat persone afskrifte van hul korrespondensie kan hou nie. Soms - en in hierdie verwickelinge is dit op groot skaal gedoen - is selfs afskrifte van korrespondensie aan vriende en vertrouelinge wat ook betrokke was, voorsien.¹⁵

-
10. P. Meiring: Ons Eerste Ses Premiers. Uit sy pen het in die afgelope paar jaar ook verskyn Tien Politieke Leiers, en Jan Smuts die Afrikaner.
 11. Dis insiggewend dat juis hierdie "brokkies" deur die pers "uitgelig" is.
 12. Mnr. Ben Schoeman het op die Transvaalse Nasionale Party-kongres Meiring se bewering as 'n "opgemaakte storie" verwerp. Kyk Die Transvaler, 13.9.1972.
 13. Deur dr. G.D. Scholtz (Die Transvaler, 14.9.1972) en later ook deur skrywer hiervan (Rapport, 17.9.1972).
 14. Mev. Maria Malan, eggenote van dr. Malan, in Rapport, 17.9.1972.
 15. Vgl. J.G. Strydom-vers., bande 42 en 47. Kyk ook hoofstuk 15 van hierdie werk.

Hierdie "gefladder in die bos"¹⁶ was in verskeie opsigte insig-
gewend. Die kardinale punt is dat dr. Malan self die eerste
persoon was wat die bestaan en trant van die brief openbaar ge-
maak het, vyftien jaar tevore al.¹⁷ Strydom was, pas 'n jaar of
wat oorlede en sy persoonlike dokumente was volgens eie wens, vir
twaalf jaar gesluit. Van sy kant af kon die saak dus nie op
daardie stadium gestel word nie. C.R. Swart, wat ook deur Malan
in sy boek genoem is as 'n dwarstrekker teen die ooreenkoms van
die H.N.P. met die Afrikanerparty, was in die gelukkige posisie
dat hy sy stukke kon nagaan en dokumentêre getuienis tot die
teendeel van Malan se bewerings kon aanvoer.¹⁸ Teen dié tyd was
dr. Malan ook reeds oorlede.

Nadat daar tien jaar lank 'n swye oor hierdie saak geheers het,¹⁹
het 'n Sondagkoerant selfs die historici wat in die eietydse
geskiedenis belang stel, ge-"scoop" en in September 1970 met
prominente opskrifte, waarin na hierdie spesifieke brief van
Strydom asook ander dokumente verwys is, die opstelling van die
Strydom-argief aangekondig.²⁰ Vanuit die geledere van die
historici is hierdie onthullings in slegs een enkele geval as

16. Rapport se opskrif-kommentaar, op 17.9.1972.

17. D.F. Malan: Afrikanervolkseenheid ..., p.

18. Dit is gedoen in 'n lewensskets van die destydse staatshoof.
Kyk Jannie Kruger: President C.R. Swart, pp. 128 - 130.

19. Skrywer wou by geleentheid dieper in hierdie saak delf, dog
moes teen dr. Verwoerd stuit, wat dit as te omstrede beskou
het.

20. Die Beeld, 6.9.1970. 'n Ander Sondagblad het die volgende
week verdere verdeeldheid in leiersgeledere in die vroeë
vyftigerjare openbaar (Dagbreek en Sondagnuus, 13.9.1970).

"n frisse wind van verandering" verwelkom;²¹ in ander kringe weer is skeef daarna opgekyk en dit as onverkwiklike koerant-stories afgemaak.²² Weer het die gordyn-gesak.

Toe kom Meiring met sy boek. En weer die stofopskoppery daaromheen. Geen wonder nie dat mev. Malan "skoon verbaas" was, "sy dag almal weet daarvan".²³ Soos die tafereel van die destydse struwelinge brokkie vir brokkie ontplooi, ontstaan daar maar een of ander gevoeligheid wat verkeerdelik as demper op die beoefening van die eietydse geskiedenis geplaas word. Myns insiens behoort die verwikkelinge rondom die "omstrede" brief van Strydom, soos dit hierbo kortliks aangestip is, juis as sterk stimulus te dien om 'n herwaardering te maak van wat presies nog in die huidige tydsgewrig as "omstrede" beskou kan word. Moet daar dus nie meer aanmoediging en geleenthede aan geskoolde historici gegee word om vanaf die hoogtes van Olympus²⁴ ook na hierdie woelinge in die nabye verlede te kyk en daaroor verslag te doen nie? Soos sake tans staan, is die breë publiek inderdaad op geleentheids-skrywers en op koerantonthullings, wat wel groot waarde het maar tog nooit bevredigend kan wees nie, aangewys om tot 'n oordeel te geraak oor aangeleenthede waarin daar vandag nog hoogstens meelewende belangstelling kan wees. Gesien in die lig van die dinge wat wel vandag openbaar gemaak word, is dit hoogs te betwyfel of oordeelkundige "onthullings" oor wat in 1947 of vroeg in die vyftigerjare gebeur het,²⁵ vandag nog enigsins meer as 'n rimpeltjie

21. Kyk artikels "Welkome Nuwe Klanke" en "Onnodig Baie Geheime" van skrywer, in Die Beeld, 20 en 27.9.1970.

22. Persoonlike mededelings.

23. Rapport, 17.9.1972.

24. 'n Uitdrukking van prof. D.W. Krüger om objektiwiteit by die geskiedkundige te illustreer.

25. Kyk bv. B.M. Schoeman: Van Malan tot Verwoerd.

op die politieke wateroppervlak sal maak.

In hierdie proefskrif is enigsins diepgaande op die kwessie van menseverhoudinge binne die leiersgeledere van die Nasionale Party ingegaan. Dit is nie gedoen om omstrede te probeer wees, of om mense in die gedrang te probeer bring en as apologet vir andere op te tree nie. Met die feite tot my beskikking, en nadat ek werklik uit my pad gegaan het om gesaghebbende inligting dienaangaande te bekom, het ek die destydse gebeure beskryf en, soms implisiet in die beskrywing en ander kere weer by wyse van beredenering, tot gevolgtrekkings probeer raak.

Dat hierdie proefskrif geensins die laaste woord oor Eric Louw se skolingstydperk in die politiek is nie, spreek vanself. Of die openbaarmaking van dokumente waarin nie nou insae verkry kon word nie, enige ingrypende wysigings aan die voorgehoue beeld van Eric Louw in die Suid-Afrikaanse politiek tot 1948 sal meebring, word egter betwyfel.

Enkele verduidelikings met betrekking tot die werkmodes is nodig. Wat bronnestudie aanbetref, was ek in die gelukkige posisie dat die omvangryke Eric Louw-versameling, wat weliswaar nier en daar opsigtelike leemtes vertoon, pragtig aangevul kon word deur versamelings soos dié van genl. J.B.M. Hertzog, adv. C.T. te Water en J.G. Strydom. Literatuur met betrekking tot my tema is uiters skraap, sodat ek baie swaar moes leun op koerant- en tydskrifinligting. Al moet sodanige bronne altyd met die grootste omsigtigheid benader word, is dit tog onmisbaar vir die historikus wat moet poog om die tydsges te vertolk.

Wat Louw se handel en Wandel aanbetref, het ek sy spore gevolg deur Die Burger as Kaapse Nasionale blad en Die Kourier (Beaufort-

Wes) as plaaslike koerantjie wat sy bewegings in sy kiesafdeling maar ook daarbuite steeds onder die oog gehou het, stelselmatig deur te werk. By geleenthede is sy bewegings in ander sentra via die pers van daardie streke gevolg, terwyl kommentare ten opsigte van spesifieke gebeure waar hy op die voorgrond was, in 'n verskeidenheid nuusmedia nageslaan is. Ter wille van balans is ook die Kaapse V.P.-ondersteunende koerant, Die Suiderstem, asook 'n aantal aktuele tydskrifte deurgewerk (kyk Bronnelys).

Die feit dat Afrikaans veral aan die beginjare van die tydperk waaroor hierdie proefskrif strek, nog in 'n stadium van ontwikkeling was, en dat die skryfwyse van Louw en sy tydgenote duidelike tekens van hierdie oorgangstadium toon, het meegebring dat ek besluit het om nie vierkantige tekshakies vir vreemde taalverskynsels aan te wend nie. Intendeel het ek die verantwoordelikeid op my geneem om toe te sien dat die taalgebruik soos dit in die proefskrif aangehaal word, korrek getranskribeer is.

Wat die immer-omstrede kwessie van die gebruik van hoofletters aanbetref, het ook ek baie daarmee geworstel. Ek glo dat my toepassing daarvan wel verantwoord kan word en in elk geval nie so afwykend is dat dit verwerplik is nie.

HOOFSTUK 1

DIE MERKWAARDIGE LOUWS¹

Stamvader Jan Pieterszoon Louw of "Broertje", soos hy in die omgang aan die Kaap bekend was, het op 20 Januarie 1660 sy vrybrief van kommandeur Jan van Riebeeck en die Politieke Raad ontvang.² Die onmiddellike motief met die instelling van die Vryburgers was om die verversingspos selfvoorsienend te probeer maak deur die private verbouing van landbouprodukte, die voorsiening van ander lewensmiddele en die lewering van dienste wat die Kompanje met sy beperkte arbeidsmag nie kon doen nie.

-
1. Dié opskrif is geïnspireer deur 'n artikel van W.A. Boonzaaier in Die Huisgenoot, 16.8.1963, getiteld: "Die Louws: Ons land se merkwaardige geslag". Daar word met groot verwagting uitgesien na die resultate van die navorsing oor die Louw-familie wat deur prof. Jannie Louw, hoof van die departement Chirurgie aan die Mediese Skool van die Universiteit van Kaapstad, in medewerking met Mej. R.E. Malan onderneem word, met voorlopige titel: "Op die oewers van die Liesbeek. Die Geskiedenis van die eerste Louws en hul tydgenote, 1662 tot 1724".
 2. Drie bronne, t.w. C.C. de Villiers: Geslachtregister der oude Kaapsche Familien (p. 260); J.M. Theal: History of South Africa before 1795, II (p. 89) en D.F. du T. Malherbe: Stamregister van die Nederlandse Volk (pp. xii en 606) gee die datum verkeerdlik aan as 1658. Dié fout is ook oorgeneem in Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Kaap no. 6: Resolusies van die Politieke Raad, deel VI, 1720 - 1723 (p. 241 voetnoot 315 en pp. 242 en 243). H.C.V. Leibbrandt, in sy *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope*, III, (p. 269) dui 20 Januarie 1660 aan as datum van die uitreiking van 'n vrybrief aan "Jan Pietersz. of Caspel ter Mare, soldier at the Fort." E.C. Godee-Molsbergen; *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck* (p. 120) gebruik ook lg. datum.

Die familienaam Louw kom vir die eerste keer in dokumente van 1689 voor en dit wil voorkom asof dit aan die Kaap ontstaan het. Die woord louw of louwte is dikwels deur Van Riebeeck gebruik en wel in die betekenis van beskutting, veral teen wind. So is vanweë die louw in die Liesbeekvallei besluit om die eerste vryburgers juis daár te plaas. Waarskynlik was Broertje ook só getref deur die louw daar dat hy sy plaas se naam Louwvliet gegee het: "onder 't louw van Taefelbergh" en geleë langs die "vliet" (rivier).³

Skygbaar het Broertje pas ongeveer 'n maand tevore met die skip Gecroonde Leeuw aan die Kaap gearriveer, vanaf Karspel ter Mare.⁴ Voorheen as "adelborst" in diens van die Oos-Indiese Kompanjie, is hy onmiddellik na sy aankoms as soldaat aangestel, om die nypende tekort aan soldate aan te vul.⁵ 'n Maand later word hy vryburger en voeg hy hom by die klein groepie persone wat van die allergrootste betekenis vir die verdere ontwikkeling van die Kaap sou wees. Nóg die Vryburgers self, nóg die kom-

-
3. Hierdie besonderhede is ontleen aan die manuskrip van prof. Louw en mej. Malan, voortaan aangedui as Louw en Malan: Op die oewers van die Liesbeek (ms.).
 4. Louw en Malan het intensiewe navorsing gedoen oor Broertje se plek van herkoms sowel as oor sy tyd van aankoms aan die Kaap. In sy suiwerste vorm beteken die woord "Karspel" (of "Carspel", soos dit in een dokument voorkom), kerk-gemeente of kerkdorp, moontlik ook net 'n klein dorpie. Die agtervoegsel "ter mare" dui aan dat die plek by die see geleë was. Na oorweging van verskillende moontlikhede, kom Louw en Malan tot die gevolgtrekking dat Broertje van die dorpie Termaar in Suid-Limburg afkomstig is. Kyk Louw en Malan: Op die oewers van die Liesbeek (ms.), bylaag 2. In bylaag 3 word sy tyd van aankoms beredeneer.
 5. Louw en Malan: Op die oewers van die Liesbeek (ms.), bylaag 3.

mandeur of die bewindhebbers, Here Sewentien, kon op daardie stadium die verreikende implikasies van die instelling van die Vryburgers besef.

Broertje, getroud met Beatrix Weijman van Utrecht, was een van die grootste grondbesitters onder die Vryburgers⁶ en die feit dat hy in 1688 sestig morg landbougrond aangekoop het,⁷ asook sy groot nalatenskap,⁸ dui daarop dat hy 'n fluks boer moes gewees het. Uit een van die vertakings van sy nageslag, 'n vertakking wat hulle hoofsaaklik op die landbou toegespits en in die omgewing van Drakenstein geboer het, is Johannes Albertus Louw teen 1866 gebore.⁹

Toe sy vader op die relatief jeugdige ouderdom van 54 jaar oorlede is, was Johannes Albertus ongeveer veertien jaar oud.¹⁰

6. A. Bēeseken: Avontuur in die Vreemde, p. 69.

7. S.A. Argiefstukke, Kaap no. 5: Resolusies V, pp. 241 - 242.

8. MOOC 8/1 nr. 10: Inventarissen.

9. Hierdie vertakking spruit uit Broertje se jongste seun, Jacobus, wat intens betrokke was by die woelinge aan die begin van die 18de eeu en wat uitgeloop het op die herroeping van W.A. van der Stel as goewerneur. Jacobus Louw was terloops 'n swaer van Adam Tas, een van die hooffigure in die destydse dramatiese gebeure. Die resultate van intensiewe navorsing oor die stamboom van Eric Louw, waaruit o.a. ook blyk dat bestaande geslagsregisters heelwat ingrypende foute bevat, sal hopelik binne afsienbare tyd in 'n wetenskaplike artikel verskyn.

10. Kantoor van die Weesheer, Kaapstad: Boedel nr. 3396/18, lêer nr. 164/401: Sterfkennis Johannes Albertus Louw. Hy was by sy oorlye op 20.10.1918 twee-en-vyftig jaar en tien maande, en moes dus in Januarie 1866 gebore gewees het. D.F. du T. Malherbe gee sy geboortedatum foutiewelik aan as ongeveer 1860.

Sy laerskoolopleiding het hy te Simondium ontvang,¹¹ waarna hy sy hoërskoolloopbaan te Caledon voortgesit het, waarskynlik inwonende by familie aldaar.¹² Hierna is hy terug na Stellenbosch vir verdere opleiding. Wat die aard en omvang van dié opleiding was, kon nie vasgestel word nie. Daar is beweer dat hy predikant wou word, dog om een of ander rede oorgeslaan het na die onderwysprofessie.¹³ Hy het egter skynbaar geen formele kwalifikasies in hierdie verband verwerf nie.¹⁴

-
11. Persoonlike Herinneringe, mev. M.S. Jordaan (’n dogter van J.A. Louw).
 12. Die Burger, 23.10.1918. Mev. Jordaan, enigste oorlewende kind van J.A. Louw, het dit in ’n persoonlike onderhoud bevestig. Volgens Dr. Con de Villiers (Korrespondensie CdeV/PFvds, 20.8.1973) het daar ’n Hennie Louw in Caledon se distrik geboer terwyl sy suster met ds. Koos Krige van Caledon getroud was. Volgens ’n ander familielid was hierdie vrou van ds. Krige die oudste suster van J.A. Louw, nl. Sophia Margaretha (geb. Louw). Vgl. Korrespondensie Louw van der Merwe/PFvds, 13.4.1973 en 22.8.1973. Japie Krige, die beroemde Springboksenter en seun van ds. Krige was dus ’n neef van Eric Louw. Vgl. ook Korrespondensie: Uys Krige/PFvds, 11.11.1974.
 13. Die Burger, 23.10.1918. Intensiewe navorsing in die Kaapse Argief en in die biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch kon geen spoor van sodanige formele opleiding lewer nie. Sy naam kom selfs nie eens in die Kalender van die Victoria Kollege voor nie, wat vanaf 1892 verskyn het en terugwerkend die name van alle persone wat grade of sertifikate verwerf het, bevat. In die verslag van den Staat van het Openbaar Onderwys van den Oranjevrijstaat vir die jaar 1898 word genoem dat J.A. Louw slegs oor ’n matrikulasiesertifikaat beskik het. Die aard en gesag van die betrokke publikasie noop ’n mens om te aanvaar dat Louw geen formele kwalifikasies as onderwyser besit het nie. Moontlik het hy wel die Stellenbosch Undenominational College, soos dit destyds bekend gestaan het, besoek, maar om een of ander rede nie die kursus voltooi nie. Vir besonderhede omtrent lg. opleidingsentrum, kyk Cape of Good Hope: Report of the Superintendent-General of Education for 1883, pp. 17 en 18.
 14. Vgl. voetnoot 13 bo.

In ieder geval het Johannes Albertus in 1886 die onderwysveld betree en wel met eerste standplaas die Undenominational Public School te Richmond, as lid van 'n driemanskap.¹⁵ Hy het op 'n keer as prinsipaal waargeneem en het ook in die koshuis ingewoon, terwyl een van sy susters vir hom die huishouding kom waarneem het.¹⁶ Hier het hy vir drie jaar lank skoolgehou voordat hy vroeg in 1889 as distriksonderwyser te Jacobsdal aangestel is.¹⁷

Van vaderskant 'n afstammeling van die herofiese Vryburgers, vertoon Eric Louw se geslagsregister van moederskant ewe indrukwekkend. Afkomstig van 'n plaas in die distrik La Rochelle, Frankryk, waar hulle saam met hul vader die beroep van "wijn-gaardeniers" beoefen het,¹⁸ het drie broers De Villiers, Abraham, Pierre en Jaques, op 6 Mei 1689 per skip die Zion vanuit Texel, in Nederland, in Tafelbaai gearriveer.¹⁹ Soos duisende ander,

15. Cape of Good Hope: Report of the Superintendent-General of Education for 1886-88.

16. Korrespondensie, LvdM/PFvds, 16.11.1972.

17. G.S. 1078: Inspekteur/Goewermentsekretaris, 20.3.1889. Volgens die inspekteur, John Brebner, het die skoolkommis-sie hom verkies in die plek van P.L. le Roux, wat bedank het. Sy sertifikate en getuigskrifte het aan die vereistes voldoen.

18. D.P. de Villiers: A History of the De Villiers Family, p. 107.

19. D.P. de Villiers: A History of the De Villiers Family, p. 20. Vgl. ook E.A. Walker: Lord de Villiers and His Times, p. 1. Dit is interessant dat Eric Louw skynbaar onder 'n wanindruk verkeer het, want hy het tydens sy diploma-tieke jare by geleentheid sy afkoms aan die Jacques-stamboom gekoppel, terwyl hy inderdaad uit Pierre se na-geslag gebore is. Vgl. sy toespraak voor die Huguenot Society of Pennsylvania op 22 Mei 1931, gepubliseer in The Huguenot, vol. 2 no. 4, May 1932.

was hulle vlugtelinge uit hul vaderland vanweë volharding in hul protestantse geloof.

Uit die geslag van Pierre, getroud met 'n mede Franse vlugteling Elizabeth Taillefer, is 'n aantal nasate gebore wat as wynboere maar ook as sakemanne en regeringsamptenare diep spore in die nuwe vaderland sou trap. Pieter Frederik Ryk de Villiers, 'n bekende prokureur in die Paarl en ook lid van die Kaapse parlement, was die vader van Margaretha Magdalena, Eric Louw se moeder.²⁰ Laasgenoemde het haar teen die einde van die tagtigjare van die negentiende eeu aan huis van haar broer, I.W.B. de Villiers te Jacobsdal bevind.²¹ Kort na die aankoms van die nuwe, jeugdige onderwyser J.A. Louw het daar 'n verhouding ontwikkel en is hulle op Tweede Kersdag 1889 deur ds. A. Murray in die huwelik bevestig.²²

Toe J.A. Louw in die loop van 1889 as onderwyser te Jacobsdal oorgeneem het, was die situasie met betrekking tot die onderwys swak en onrusbarend. Afgesien van die snelle wisse-

-
20. Besonderhede oor Eric Louw se afkoms van moederskant sal ewe-eens in 'n uitvoerige artikel vir publikasie aangebied word. Besonderhede daaromtrent is veral verkry uit die volgende bronne: D.P. de Villiers: A History of the De Villiers Family; C.G. Botha: The French Refugees at the Cape; A.J. Kannemeyer: Hugenote-Familieboek; Con de Villiers: "Die De Villiers's van Agter Paarl en hul Plase" (Familia, jr. 1964/65 nr. 3, pp. 66 e.v.); testamente en inventarisse.
 21. Dié afleiding word gemaak op grond van die feit dat sy uit I.W.B. se huis getroud is en dat haar woonplek op die huweliksregister aangedui word as Jacobsdal. Kyk Jacobsdal N.G. Kerk: Huweliksregister, 1861 - 1898, nr. 333.
 22. Jacobsdal N.G. Kerk: Huweliksregister, 1861 - 1898, nr. 333.

ling van leerkragte²³ was die basiese probleem goedopgeleide en onderlegde onderwysers.²⁴ Die inspekteursverslag vir Jacobsdal se skool, wat vroeg in 1887 en 1888 uitgebring is, het 'n donker prentjie geskep: "Deze school is agteruitgegaan"²⁵ en "Deze school is thans in een ongunstigen toestand. Er is geene behoorlijke discipline..."; in 1888 is toestande boonop vererger deur aanhoudende siekte.²⁶ In sy jaarlikse rapport vroeg in 1889 kon die inspekteur ook nie sy weg oopsien om 'n ekstra toelae, kragtens ordonnansie betaalbaar aan onderwysers wat goeie resultate behaal,²⁷ aan le Roux aan te beveel nie.²⁸ Die eerste inspekteursverslag van Louw se werk het nog eers melding gemaak van ongereel-

-
23. In Maart 1887 het C.N. Visser na slegs een jaar diens sy pos neergelê, terwyl sy opvolger, P.L. le Roux teen Maart 1889 die pos ontruim het. Hierop is Louw aangestel. Vgl. G.S. 1075, Insp./G.S., 11.3.1886, 6.5.1886 en G.S. 1078, Insp./G.S., 8.5.1889; Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in den Oranjevrijstaat, Bloemfontein, 1886/7 en 1887/8; J.J. Oberholster: Eeufeesgedenboek van die N.G. Gemeente Jacobsdal, hoofstuk VII: "Die Kerk en die Onderwys te Jacobsdal". Louw se naam en die rol wat hy gespeel het om onderwystoestande te verbeter, word egter glad nie deur Oberholster genoem nie.
 24. J.J. Oberholster: Eeufeesgedenboek van die N.G. Gemeente Jacobsdal, p. 121.
 25. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1886 - 1887, p. 44.
 26. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1887 - 1888, p. 45.
 27. Volgens die toepaslike ordonnansie-bepalings moes aanbevelings t.o.v. ekstra toelae gegrond wees op (a) die aantal leerlinge (b) die persentasie wat in elke klas slaag, (c) die peil wat leerlinge bereik het, en (d) "de algemeene indruk van de school d.w.z. de geest, methode, orde en netheid, die daarin gevonden worden." Geen aanbeveling kon gedoen word in gevalle waar 'n onderwyser nog nie 'n jaar in diens was nie. Kyk O.R. 48. Ordonnantie no. 17 van 1884: Ordonnantie op het Openbaar Onderwijs voor blanke kinderen ...
 28. G.S. 1078: Insp./G.S., 8.5.1889. Die skool is op 25 Februarie 1889 geïnspekteer.

de skoolbesoek; hoewel daar in die hoër standerds (II tot VI) slegs ses kinders was, het al ses geslaag.²⁹ In sy voorganger se laaste jaar was daar bv. vyftien kinders in St. II tot IV, waarvan slegs vier geslaag het.³⁰ Die feit dat Louw egter nog nie 'n jaar in diens was nie, het blykbaar verhoed dat hy volgens verdienste 'n ekstra toelae kon kry.³¹

In 1891 het Louw wel sy bonus gekry, nl. twintig pond, die tweede hoogste meriete-toekenning vir die jaar.³² Skoolbesoek was wel "wat ongeregeld" maar sy uitslae was puik: van die twaalf kinders benede standaard een, het elf geslaag, waarvan drie met lof. "Deze school is veel verbeterd", was inspekteur Brebner se veelbetekende kommentaar.³³ En vroeg in 1892 was dit weer dieselfde storie en het Louw weer sy ekstra toelae gekry, hierdie keer met 'n honderd persent slaagsyfer vir die sewe-en-twintig getoetsde kinders, waarvan nie minder nie as twintig met lof.³⁴

Met hierdie indrukwekkende rekord as onderwyser agter sy naam, het Louw vir die pos van goewermentsonderwyser te

29. Verslag van den Staat van den Openbaar Onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1889 - 1890, p. 52.

30. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1887 - 1888, p. 45.

31. Vgl. voetnoot 27, bo.

32. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1890 - 1891, p. 10; G.S. 1081: Insp./G.S., 1.5.1891.

33. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1890 - 1891, p. 49.

34. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1891 - 1892, p. 4; G.S. 1082: Insp./G.S., 5.5.1892.

Vredefort geappliseer en die pos gekry.³⁵

Onderwystoestande op Vredefort was nie juis gunstig nie toe Louw daar diens aanvaar het. "Deze school is achteruitgegaan", het dit in die inspekteursverslag van September 1891 gelui³⁶ en in die verslag vir die tydperk Augustus tot Desember 1892 is gemeld dat die skool gesluit moes word weens 'n witseerkeel-epidemie onder die kinders.³⁷ Daar is ook verwys na die aanstelling van Louw as hoof sedert die vorige inspeksie, "en onder zijne bekwame leiding is de school reeds zoo zeer toegenomen dat men om eene Assistente vraagt. Mevr. Louw doet in den tusschentijd 't werk van eene Assistente."³⁸ Met 'n slaagsyfer van sewe-en-tagtig persent

35. G.S. 1082, Insp./G.S., 10.5.1892. Volgens 'n kantaantekening deur Brebner is Louw se getuigskrifte en sertifikate van die kantoor van die goewermentsekretaris terug ontvang. Dit is waarskynlik toe aan Louw terug besorg. Dis beslis 'n groot jammerte dat hierdie dokumente verlore gegaan het, want dit sou ongetwyfeld die kwessie van Louw se onderwysopleiding kon opgelos het.

36. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1891 - 1892, p. 29. Inspeksie het op 16.9.1891 plaasgevind.

37. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1892 - 1893: "Rapport van den Inspekteur van Scholen", p. 2.

38. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1892 - 1893: "Rapport van den Inspekteur van Scholen", pp. 2 en 3. Vgl. ook G.S. 1082, Insp./G.S., 6.9.1892, waarin Brebner 'n Mej. Louw, "een gecertificeerde onderwyzeres" aanbeveel om deeltjds as assistente in die skool te help, vanaf 1 September en teen 'n vergoeding van £90 per jaar. Hierdie aanbeveling het kennelik op mev. Louw geslaan. Volgens mev. Jordaan het sy as kindertuin-onderwyseres te Wellington gekwalifiseer.

en goeie orde op skool het Louw sy uitstekende werk in 1893 voortgesit.³⁹ Toe daar kort hierna 'n onderwyspos by die "Districtskool" te Smithfield oopval en J.A. Louw aansoek doen, was hy feitlik 'n outomatiese keuse.⁴⁰

Dus weer oppak en trek, vir die ywerige jong onderwyser, sy vrou en hul vierjarige seuntjie.⁴¹ Maar eers sou hy die pomp, uit eie sak gekoop en opgerig op die put wat deur homself op die erf laat grawe is, aan die skool te koop aanbied. In 'n brief aan die skoolkomitee herinner hy daaraan hoedat hy lank en tevergeefs versoek het dat die put gegrawe moes word, totdat hy, "ten einde geen water nood te lyden", dit op eie houtjie en koste laat doen het. Dit sou jammer wees as hy die pomp wat in 'n perfekte toestand was, moet uithaal; laat hy dit egter agter "en verlaat ik my op de milddadigheid van myn opvolger, dan word ik ongetwyfeld (sic) teleurgesteld."⁴²

Louw se prys van vyf pond was vir die skoolkomitee sowel as die inspekteur heeltemal aanvaarbaar; daar is beraam dat

39. G.S. 1085: Insp./G.S., 25.1.1894. Volgens Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1893 - 1894, was die slaagsyfer 88 en het 12 met lof geslaag.

40. G.S. 1085: Insp./G.S., 4.6.1894. Sy sertifikate en getuigskrifte is saamgestuur.

41. 'n Tweede seun, Johannes Albertus, is op 2 Desember 1893 gebore en op 7 Januarie 1894 gedoop. Kyk Vredefort N.G. Kerk: Doopregister, September 1893, nr. 796. Volgens 'n mededeling van mev. M.S. Jordaan, suster van Eric Louw, is dié seuntjie baie jonk oorlede.

42. G.S. 1085: J.A. Louw/Sekr. Skoolkomitee, 12.6.1894, as bylae tot brief van Insp. aan G.S., 19.6.1894.

die put alleen die regering tussen vyftien tot twintig pond sou gekos het, en dit is as "eene onmisbare ding" vir die nuwe onderwyser beskou.⁴³ Die onderwyser se verleentheid en verlies was dus in hierdie geval die staat se wins.

Intussen het Smithfield vir die koms van die nuwe hoof-onderwyser begin gereed maak. Die probleem was veral geleë in die toestand van die onderwyserswoning: "De vorige onderwyser schynt het gebouw gelaten te hebben in een ellendigen toestand (hy is in den nacht gevluht)."⁴⁴ Verbeterings ter waarde van vyftien pond is goedgekeur⁴⁵ en die Louws kon hulle gerieflik vestig.

Die onderwyspeil en dissipline van die plaaslike skool het veel te wense oorgelaat toe J.A. Louw diens aanvaar het.⁴⁶ Met 'n ferme, geoefende hand het hy egter dadelik sy stempel begin afdruk. Resultate het nie uitgebly nie. Reeds in Maart 1895, met die jaarlikse inspeksie, word bemoedigend tekens van verbetering opgemerk: vir die eerste keer meld die verslag dat kinders met lof geslaag het.⁴⁷ Die leerlingtal het steeds gestyg namate vertroue in die skool

43. G.S. 1085: J.A. Louw/Sekr. Skoolkomitee, 12.6.1894, as bylae tot brief van Insp. aan G.S., 19.6.1894.

44. G.S. 1085: Sekr. Skoolkomitee/Insp., 14.6.1894, as bylae tot brief van Insp. aan G.S., 19.6.1894.

45. G.S. 1085: Insp./G.S., 18.6.1894.

46. A. Prinsloo: Die Geskiedenis van Smithfield, p. 423.

47. Prinsloo: Die geskiedenis van Smithfield, pp. 422 en 423. Vgl: ook Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1894 - 1895, pp. 70 en 71.

herwin is.⁴⁸ Naas die goeie eksamenresultate,⁴⁹ het ook die netheid by die skool en die groot belangstelling van die hoof in sy werk opgeval⁵⁰ en kon die inspekteur in 1898 veelbetekenend opteken: "Dit is een goede school".⁵¹ 'n Puntjie of twee van kritiek was daar egter ook: die hoof moes meer 'n oë oor die assistente hou en daar moes meer vir die kleiner kinders gedoen word.⁵²

Meneer John Louw, soos die hoof bekend gestaan het, het ook te midde van 'n sportiewe Smithfieldse gemeenskap sy merk gemaak. Naas gholf en krieket was tennis 'n gewilde sportsoort en het Louw as sekretaris veel met die vooruitgang van die spel op die plattelandse dorpie te doen gehad.⁵³

48. Prinsloo: Die Geskiedenis van Smithfield, p. 423. In 1895 was daar 44 kinders, in 1896 was die getal 49 en in 1897 en 1898 was dit 55 en 64 onderskeidelik.

49. Verslag van den Staat van Het Openbaar Onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1898, pp. 12 en 13. In die rapport van 24 Maart 1898 word gemeld dat van die 46 leerlinge in standerds I tot VI, tien met lof geslaag het.

50. Prinsloo: Die Geskiedenis van Smithfield, p. 423.

51. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1898: "Rapport van den Inspekteur van Scholen", pp. 12 en 13.

52. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1898: "Rapport van den Inspekteur van Scholen", p. 13: By diensaanvaarding in 1894 het Louw oor die hulp van een assistente, 'n mej. du Toit beskik. Later het 'n mej. Viljoen bygekom en in Oktober 1898 is 'n derde assistente, mej. Keet aangestel. Kyk Prinsloo: Die Geskiedenis van Smithfield, pp. 423 - 424 en 460.

53. Prinsloo: Die Geskiedenis van Smithfield, p. 427.

Oorkant die Vaalrivier was oorlogswolke besig om vinnig saam te pak en 'n konfrontasie tussen Engeland en die Suid-Afrikaanse Republiek was feitlik onafwendbaar. As Koloniaal-geborene het Louw nie, soos so baie mede-Vrystaters en ook mede-Smithfielders, die wapen opgeneem toe die oorlog uitgebreek en die Vrystaat sy buurstaat te hulp gesnel het nie.⁵⁴ Met die hulp van een assistente het hy sy onderwystaak voortgesit, ten spyte daarvan dat hulle salarisse met die verloop van die oorlog drasties verminder en uiteindelik selfs heeltemal weggeneem is.⁵⁵

Toe die Engelse leërmagte Smithfield in die voorjaar van 1900 inneem, is John Louw as ongewenste persoon uit sy pos onthef en na die Kaapkolonie teruggestuur.⁵⁶ Die Vrystaatse vlag is onder groot toejuiging van die Britse soldate met 'n Union Jack vervang. Hierdie toneel is diep in die gemoed van die tienjarige Eric ingegraveer.⁵⁷

Die Louw-gesin was nou weer op die trekpad, dog hierdie keer gedwonge en nie, soos voorheen, uit vrye keuse en ter wille van bevordering en vooruitgang nie. Waarheen nou? Op Richmond aangekom, was sy suster wat haar man op Richmond

54. Sy doodsberig, in Die Burger, 23.10.1918, meld foutiewelik dat hy wel aan die kant van die republieke aan die stryd deelgeneem het.

55. Prinsloo: Die Geskiedenis van Smithfield, p. 460.

56. Prinsloo: Die Geskiedenis van Smithfield, pp. 424 en 460.

57. Kyk Hoofstuk 2, voetnoot 13.

ontmoet het, maar te gewillig om hulle te huisves totdat Johannes n nuwe heenkome kon vind.⁵⁸ Uiteindelik het dit hom geluk om n betrekking as klerk in n handelswinkel op Beaufort-Wes te kry en het die gesin na hierdie vooruitstrewende Karoo-dorp verhuis.⁵⁹

Met finansiële steun van swaer D.P. van der Merwe het hy gou weer op die been gekom en daarin geslaag om die winkel oor te neem.⁶⁰ Ten spyte van sterk mededinging van ander handelaars, was sy winkel spoedig een van die grootstes in die dorp. Toe dit deur n brand verwoes is, het hy n algemene handelaarsbesigheid langs die sendingkerk in Donkinstraat oorgeneem.⁶¹

Alhoewel streng en baie gesteld op dissipline, was "Meneer Louw" baie gewild by sy personeel. Kerk toe moes sy gereeld gaan en meisies sou ten enemale nie met los hare in sy winkel

58. Korrespondensie LvdM/PFvdS, 16.11.1972 en 13.4.1973.

59. Korrespondensie LvdM/PFvdS, 16.11.1972. Die plaaslike koerant is gefynkam, dog geen aanduiding kon gevind word van die Louws se presiese tyd van aankoms in Beaufort-Wes nie. Die vermelding van die jong Eric se eksamen-uitslag (De Kourier, 3.3.1904) en die feit dat J.A. Louw reeds in Junie 1903 n kandidaat vir die Meisieskool se skoolkomitee was, gee n aanduiding dat dit seker nie later as die begin van 1903 kon geskied het nie; miskien eerder n bietjie vroeër.

60. Korrespondensie LvdM/PFvdS, 16.11.1972; W.G.H. en S. Vivier: Hooyvlakte, p. 72. Louw se eerste winkel was geleë in Kerkstraat, regoor die Queen's Hotel.

61. Persoonlike Herinnerings, mev. Dolly Jooste.

werk nie, het 'n aspirant-assistente moes aanhoor toe sy vir 'n vakature in sy winkel aansoek gedoen het. 'n Week later het sy begin werk, bolla en al.⁶²

Louw was vanuit die staanspoor 'n gesiene persoon in die plaaslike samelewing. Hy het as diaken en skriba van sy kerk gedien en was 'n ywerige lid van die Christelike Jongeliede Vereniging.⁶³ Daarbenewens het hy op die skoolkomitee van die plaaslike meisieskool,⁶⁴ die munisipale skoolraad⁶⁵ en die distrikskoolraad⁶⁶ gedien. Hy was verder lid van die plaaslike lisensiehof en het ook as vrederegter opgetree.⁶⁷ Vir 'n tyd lank het hy ook op die dorp se landbouvereniging gedien.⁶⁸ Dit was egter veral op onderwysgebied en op politieke terrein waar hierdie oud-onderwyser hom in sy nuwe tuiste sou onderskei.⁶⁹

Reeds teen die helfte van 1903 was J.A. Louw 'n kandidaat, weliswaar onsuksesvol, vir die skoolkomitee van die plaaslike

62. Persoonlike Herinneringe, mev. Jooste.

63. Persoonlike Herinneringe, mev. Jooste. Vgl. ook Die Burger, 23.10.1918 en De Kourier, 14.9.1911.

64. Die Burger, 23.10.1918.

65. Die Burger, 23.10.1918. Vgl. ook W.G.H. en S. Vivier: Hooyvlakte, p. 92.

66. Vivier: Hooyvlakte, p. 92. Dié liggaam het in Oktober 1912 die ou munisipale skoolraad vervang. J.A. Louw is deur die administrateur op dié raad benoem. Vgl. ook De Kourier, 3.10.12.

67. Die Burger, 23.10.1918.

68. De Kourier, 3.8.1911 en 14.8.1913.

69. Waarom Louw hom nie tot die onderwys in Kaapland gewend het nie, kon nie vasgestel word nie.

Meisieskool, waarvan hy tog later lid sou word. In Maart 1906 is hy as een van die eerste lede van die pasgestigte munisipale skoolraad aangestel.⁷² Een van die uitstaande kenmerke van Louw se optredes in hierdie liggame was dat hy nie gekroom het om sy sê te sê en om standpunt in te neem nie. Dit blyk o.a. uit sy optrede toe die superintendent-generaal van onderwys geëis het dat sy toestemming vooraf vir die uitbetaling van verhoogde skoolgelde verkry moes word. Louw, wat gemeen het dat dié uitvoerende amptenaar sy bevoegdheid te buite gegaan het deur met so 'n eis te kom, het 'n mosie deurgeloods te dien effekte dat die skoolraad beledigd voel oor die outokratiese optrede van die superintendent-generaal.⁷³

Die gevoelens van die inwoners van die dorp is gaande gemaak deur die dispuut tussen die skoolraad en die superintendent-generaal van onderwys, dr. Thos. Muir. Mnr. Le Roux, L.W.V., het op versoek van sy tak insae in die korrespondensie verkry en na samesprekinge met die Koloniale Sekretaris besluit dat die saak liewer daar gelaat moes word. Op 'n vergadering van die Afrikanerbond op 12 Januarie 1910 is hierdie saak druk bespreek⁷⁴ en beskuldigings oor en weer geslinger. J.A. Louw kon hom met onverbloemde genoegdoening daarop beroep dat hy

70. De Kourier, 25.6.1903 en 2.7.1903.

71. Die presiese datum is nie bekend nie, dog in Maart 1912 was hy reeds lid. Kyk De Kourier, 21.3.1912.

72. Vivier: Hooyvlakte, p. 92

73. De Kourier, 17.2.1910.

74. De Kourier, 13.1.1910.

destyds teen die gewraakte voorstel wat aanleiding tot die bestaande toestand gegee het, gestem het en dat hy toe ook teen die gevolge daarvan gewaarsku het. Nie dat dit die atmosfeer juis enigszins verlig het nie: "Er werd nog een tyd lang over de zaak gesproken en getwist, en eindelijk ging men op enigszins verwarde wyze uit een - zonder het gewone slot gebed op te offeren." ⁷⁵

Aan die begin van 1912 was dit weer die skoolraad wat oorhoops gelê het met die skoolkomitee van die Meisieskool en wel omdat laasgenoemde in gebreke gebly het om, volgens die oordeel van die skoolraad, gou genoeg aan laasgenoemde liggaam kennis te gee van die bedanking van onderwyseresse. ⁷⁶ Die skoolkomitee het die saak met dr. Muir opgeneem, en toe die skoolraad om 'n verslag van hierdie samesprekinge gevra het, het die skoolkomitee geweier en die standpunt ingeneem dat die onderhoud met dr. Muir vertroulik was en nie onder die gesag van die skoolraad ressorteer nie. Hieroor het sommige lede van die skoolraad nie alte lekker gevoel nie: hoe kon die skoolkomitee dan besluit oor wat onder die gesag van die skoolraad val? ⁷⁷

J.A. Louw, lid van albei liggame, het as pleitbesorger vir die skoolkomitee opgetree. Hy het 'n duidelike uiteensetting van die "machinerie van de schoolwet" gegee en gewys op die belangrike plek van die skoolkomitees, as verteenwoordigende

⁷⁵. De Kourier, 13.1.1910.

⁷⁶. De Kourier, 21.3.1912.

⁷⁷. De Kourier, 21.3.1912.

liggame van die wil van die ouers. Hy het ook gewys op die hartlike samewerking tussen die twee liggame die voorafgaandes jaar, en vervolg: "Hy is hoogmoedig op die tradities van die schoolraad, en tevens, waakzaam voor die regte van die komitees. Het is steeds zyn beginsel in't privaat leven om niet op die regte van anderen inbreuk te maken, dog terzelfde tyd niet zyn eigene prys te geven." Daar was by hom egter geen twyfel oor die meriete van die saak nie: "Door dit besluit aan te neemen, heef die schoolraad echter ongetwyfeld een miskonceptie van zyne plichten aan die dag gelegd, en zich een macht toegeeigend, waartoe hy niet geregtigd is, en die het wetgerend lichaam nooit bedoeld heeft." ⁷⁸

Louw se "geloofsbelofte" oor sy persoonlike maar ook sy openbare optrede word verder toegelig in sy reaksie op 'n beskuldiging dat die skoolkomitee te fyngevoelig was: "Als fyngevoeligheid betekent, dat men zyn plicht doet en weigert zyne beginsels en regte prys te geven, dan zal hy maar te bly zyn om onder die fyngevoelige mense geteld te worden." Op voorstel van Louw is daar van die saak afgestap. ⁷⁹

Hierdie sterk standpuntinname van Louw met betrekking tot plig, beginsels en regte is by 'n vroeëre geleentheid al openbaar. In April 1910 het daar 'n brief van hom voor die skoolraad gediens en is dit persoonlik op die vergadering deur hom verder toegelig, waarin hy om pro rata vrystelling van skoolgelde gevra het vir sy dogter Dorothy, wat vir twee weke afwesig moes wees omdat haar tweelingsusters skarlaken-

78. De Kourier, 21.3.1912.

79. De Kourier, 21.3.1912.

koors gehad het. Pro rata-vrystelling vir sodanige gevalle is as vasstaande reël vir die toekoms deur die skoolraad aanvaar en J.A. Louw het sy afslag gekry.⁸⁰

Louw het hom ook sterk beywer vir die oprigting van 'n industriële skool op die dorp en het 'n leidende aandeel geneem in die onderhandelinge hieroor met die stadsraad en die onderwysdepartement.⁸¹ Dit was ook hy wat in die skoolraad die voorstel ingedien het dat 'n opleidingskool vir onderwysers te Beaufort-Wes gestig sou word.⁸² Hoewel die departement van onderwys die voorstel skynbaar goedgesind was, het ook hiervan op die ou end niks gekom nie. In Junie 1916 het Louw die saak weer aangeroer en gevra dat die departement aan die saak herinner word.⁸³

Ook op politieke gebied het J.A. Louw 'n leidende aandeel geneem, veral in die tydperk van politieke woeling en wording met Uniewording in 1910 en daarna. Daar was 'n sterk gevoel in die kiesafdeling om plaaslike manne as hul verteenwoordigers in die wetgewende liggame te verkry. Toe S. Cronwright-

⁸⁰. De Kourier, 21.4.1910.

⁸¹. Vgl. De Kourier, 16.10.1913 en 20.11.1913. Louw het dié saak op 'n openbare vergadering te berde gebring en is aangewys as lid van die kommissie wat met die stadsraad hieroor moes onderhandel. Die stadsraad was die saak goedgesind. Louw is later op die skoolraad se kommissie gekoöpteer en sou met die administrateur oor die aangeleentheid samesprekinge voer.

⁸². De Kourier, 15.2.1912.

⁸³. De Kourier, 14.6.1916.

Schreiner⁸⁴ vroeg in 1910 'n politieke vergadering op die dorp toegesprek het met die oënskynlike doel om hernominasie te verkry, het Louw, wat as tolk opgetree het, gemaak dat daar eers gewag moes word op die verslag van die Afbakeningskommissie voordat kandidate ondersteun word.⁸⁵ Twee weke later was J.C. Molteno op die dorp, dog dié vergadering is in wanorde uiteen nadat daar harde woorde geval het en mnr. P.J.J. Pienaar, voorsitter van die plaaslike Bondstak, onomwonde verklaar het dat hulle 'n plaaslike man wou hê.⁸⁶ Louw, wat 'n geesgenoot van Pienaar was, het ongetwyfeld met genoegdoening gesien dat twee plaaslike persone, naamlik dr. A.M. Neethling en mnr. P.W. le Roux, eventueel as Beaufort-Wes se verteenwoordigers in die parlement en die provinsiale raad aangewys is.⁸⁷

Toe generaal Botha se idee van 'n omvattende, uniale party in 1911 gestalte begin aanneem het, is Louw as sekundus van Pienaar aangewys vir die groot sentrale stigtingskongres van die beoogde party te Bloemfontein.⁸⁸ Hy het nie die vergadering bygewoon nie,⁸⁹ dog enkele weke later was hy een

84. Hy was verteenwoordiger van Beaufort-Wes in die Kaapse Parlement vir die tydperk 1904 - 1910. Kyk Vivier: Hooyvlakte, p. 227.

85. De Kourier, 2.6.1910.

86. De Kourier, 16.6.1910.

87. De Kourier, 25.8.1910; Parlementêre Register, 1910 - 1961, p. 106. Neethling was 'n nuwe lid terwyl Le Roux vanaf 1906 tot 1910 een van die kiesafdelings se twee lede in die Kaapse parlement was. Kyk Vivier: Hooyvlakte, p. 227.

88. De Kourier, 19.10.1911.

89. De Kourier, 23.11.1911.

van die afgevaardigdes na die sewe-en-twintigste en laaste jaarkongres van die Afrikaner Bond, wat vanaf 7 Desember 1911 te Kaapstad gehou is.⁹⁰ Louw se rapport aan die distriksbestuursvergadering teen die einde van Januarie, naamlik "dat de oude en geliefde Bond nu in naam dood was en dat het Centraal Bestuur ontbonde was",⁹¹ getuig van die toegeneentheid en agting waarmee hierdie politieke organisasie in die Kaap bejeen was. Dit moes met gemengde gevoelens gewees het dat hierdie ingrypende verandering op politieke gebied aanvaar is, veral nog waar die Kapenaars kort tevore ook moes toesien hoedat hul parlementêre leier, John X. Merriman, vir die saak van eenheid "opgeoffer" moes word.⁹² Merriman se aansien was ook in Beaufort-Wes baie hoog, soos later sou blyk.

Op 7 Maart 1912 het 'n oproep in die plaaslike koerant verskyn tot die stigting van 'n plaaslike tak van die Suid-Afrikaanse Party, wat op 12 Maart in die plaaslike sendingsaal⁹³ sou geskied. Dié oproep is onderteken deur P.J.J. Pienaar, A.R. Truter, A.P. Theron, D.P. Conradie, S.P. Pienaar, J.A. Louw, J.R. Jackson, J.H.E. Vivier en J.P.J. Pienaar. Op die betrokke vergadering het mnr. P.J.J. Pienaar hom nie

90. De Kourier, 14.12.1911.

91. De Kourier, 8.2.1912.

92. Merriman was nl. saam met genl. Louis Botha die vernaamste kandidaat vir die premierskap onder die nuwe Uniebedeling. Hy was die mees ervare en mees senior politikus in Suid-Afrika.

93. De Kourier, 7.3.1912.

beskikbaar gestel nie en is Louw tot eerste voorsitter van die nuwe tak verkies.⁹⁴ Hy is ook later tot voorsitter van die distriksbestuur verkies⁹⁵ en het in November 1912 die uniale S.A.P.- kongres te Pretoria bygewoon.⁹⁶

In Desember 1912 vind die opspraakwekkende kabinetskrisis plaas, waartydens generaal Hertzog uit die kabinet gesit is. In Beaufort-Wes het alles egter rustig daaraan toegegaan en op die oog af het al die partylede hulle trou agter Botha se leiding geskaar. Daar was egter tekens dat Hertzog baie ondersteuners in Prins Albert se wêreld gehad het, soos bewys is deur die "glorieryke ontvangst" wat hom te beurt geval het toe hy in Oktober 1913 sy standpunt aldaar kom stel het.⁹⁷ n Mosie van wantroue in dr. Neethling, omdat hy in die parlement teen die mosie van wantroue in die regering gestem het, asook in die regering self is oorweldigend aanvaar. Dr. Neethling sowel as die L.P.R., mnr. Le Roux was op hierdie vergadering aanwesig.⁹⁸ Dalk ook nog J.A. Louw, uit hoofde van sy deelname en belangstelling in die politiek en sake van die dag.

Toe Louw in November 1913 vertrek het om die sogenaamde "krisis-kongres" in Kaapstad by te woon, het die rubrieksrywer

94. De Kourier, 14.3.1912.

95. De Kourier, 6.2.1913.

96. De Kourier, 21.11.1912.

97. De Kourier, 30.10.1913.

98. De Kourier, 30.10.1913.

van die plaaslike koerantjie hom 'n veelseggende "Good Luck to him!" toegevoeg.⁹⁹ Pas in die volgende uitgawe word verwys na "Mr. Louw's fall from grace", wat die onderwerp van druk bespreking in plaaslike kringe sou wees. 'n Warm terugverwelkoming is vir hom in die vooruitsig gestel.¹⁰⁰

In 'n hoofartikel het De Kourier toegegee dat 'n nuwe party waarskynlik gestig gaan word, dog daar is "wel met verrassing" verneem dat die plaaslike afgevaardigde, J.A. Louw, na die Hertzog-groep oorgegaan het. Sy optrede was vir die blad onverstaanbaar, want hy het tog immers 'n duidelike opdrag van takke en distriksbestuur gehad. Miskien, het die blad gespekuleer, het hy opsetlik teen die instruksies gehandel; of dalk kon hy nie teen sy gewete handel nie: hy was immers lank 'n inwoner van die Vrystaat en is 'n swaer van sen. De Villiers, 'n groot Hertzog-man.¹⁰¹

Louw het per brief op die hoofartikel gereageer; die motiewe aan hom toegeskryf en die oordeel gevel, was volgens hom op verkeerde stelling gegrond. Hy sou op die regte plek verantwoording doen en was oortuig dat hy alle ware lede van die party en selfs die vurigste Botha-ondersteuners tevrede sou stel dat hy aan sy instruksies voldoen het. Hy het die redakteur gekapittel: "Gaat u, heer edituur, de voorloper

99. De Kourier, 20.11.1913: "The Gossip's Diary".

100. De Kourier, 27.11.1913: "The Gossip's Diary".

101. De Kourier, 27.11.1913: "The Gossip's Diary".
Hier word verwys na I.W.B. de Villiers.

van de betreurenswaardige Botha-Hertzog twist te Beaufort West
worden, en heeft u ooit over het onvermydelik resultaat ge-
dacht?"¹⁰²

Daar is met groot verwagting uitgesien na die volgende ver-
gadering van die distriksbestuur¹⁰³ dog voordat dit gehou
kon word, het die Beaufort-Wes-tak van die Nasionale Party
byeengekom, te midde van groot belangstelling.¹⁰⁴ Op die
vergadering is Louw deur mnr. J.H.E. Vivier versoek om verslag
te doen van die gebeure op die kongres. Louw het dit beleef-
heidshalwe gedoen, dog duidelik gestel dat hy eintlik net aan
die distriksbestuur verantwoording verskuldig was. Volgens hom
het die Kapenaars hulle in 'n soort tussenposisie tussen die
Transvalers en die Vrystaters bevind.¹⁰⁵ Hy kon nie vir 'n
voorstel dat president Steyn eerste minister word, stem nie
omdat dit outokratiese mag aan iemand buite die parlement sou

102. De Kourier, 4.12.1913.

103. In 'n hoofartikel het De Kourier die hoop uitgespreek dat
die pers en die publiek op die volgende vergadering van
die distriksbestuur teenwoordig kon wees. Vgl. De Kourier,
4.12.1913.

104. De Kourier, 11.12.1913.

105. Vir 'n algemene bespreking van die gebeure op die kongres,
kyk A.H. Marais: Die Politieke Uitwerking van die ver-
houding van die Afrikaanssprekende tot die Engelssprekende,
1910 - 1915, (D.Phil. proefskrif), pp. 335 - 341. Van die
90 persone wat teen mnr. C.J. Krige se mosie van vertroue
in die regering gestem het, was 21 Kapenaars, 3 Natallers,
6 Transvalers en 60 Vrystaters.

gee. Ook kon hy nie daarmee akkoord gaan dat Botha aanbly nie, want dit sou nie vrede bring nie en op die lang duur 'n eleksie meebring. Vir die voorstel dat Merriman moes oorneem, was hy wel te vinde: trouens, hy het selfs so 'n voorstel in sy sak gehad. Syns insiens sou dit die enigste oplossing wees, en hy het hoë waardering jeens Merriman gekoester: "Merriman is een waardige zoon van Zuid-Afrika ... Er is geen knapper finansier, geen beter vriend in het algemeen van ons volk ... Hy is een man die wy in alle opzichten kunnen vertrouwen, en een waar vriend van de Kaap Kolonie."¹⁰⁶

Na Louw se verduideliking het die waarnemende voorsitter, mnr. A.R. Truter, gesê dat Louw nie by sy opdrag gebly het nie, waarop hy en Louw toe swaarde gekruis het oor wat presies Louw se opdrag was.¹⁰⁷ Louw se kritici het gevolglik by monde van M.J. Weeber en J.R. Jackson 'n mosie ingedien waarin Louw

106. De Kourier, 11.12.1913.

107. Volgens die distriksbestuur se besluit het Louw heeltemal binne sy opdrag opgetree. Kyk De Kourier, 16.10.1913. Die omstrede besluit het so gelui: "Deze vergadering betreurt de scheiding tussen de beide leiers van de Party en vertrouwt dat pogingen tot verzoening zullen aangewend worden en dat enige poging om een elektie te houden zal vermyd worden." Op die stormagtige vergadering (De Kourier, 11.12.1913) het Truter beweer dat die opdrag was om pogings tot versoening te steun en 'n eleksie te vermy, dog as eersgenoemde nie verkry kon word nie, moes die regering ondersteun word. Dis interessant dat die Beaufort-Wes-tak van die S.A.P. skynbaar, volgens 'n mededeling in die rubriek "Plaatselik en Algemeen" van De Kourier, 25.9.1913, blykbaar wel hul afgevaardigde opdrag gegee het om die eerste minister te ondersteun.

se handelswyse afgekeur is. Sekretaris Theron het die voorstel buite orde probeer reël, waarop Jackson en Louw toe weer aanmekaar was oor die kwessie of Louw opdrag gehad het om Botha te steun al dan nie. Toe daar tot stemming oorgegaan moes word, was daar groot geharwar oor wie kon stem en wie nie. Daar was byvoorbeeld ook lede van die publiek teenwoordig, en baie mense het nog nie hul ledegelde betaal nie. Die uiteindelijke uitslag was 'n staking van stemme (31 - 31). Die voorsitter se beslissende stem het die saak laat oorstaan, "en men ging enigzins in wanorde uiteen."

Op die distriksbestuursvergadering van die Suid-Afrikaanse Party in Januarie 1914 het Louw weer sy saak gestel en beklemtoon dat sy opdrag tweeledig was, naamlik om versoening te probeer verkry - wat hoofsaak was - en om 'n verkiesing te voorkom. In antwoord op 'n vraag het hy gesê dat daar wel 'n ander premier verkies kon word indien Botha daartoe wou instem, in welke geval 'n verkiesing nie noodwendig gehou sou word nie. 'n Voorstel dat Louw hom by sy opdrag gehou het en vir sy dienste bedank word, is deur al die lede behalwe J.R. Jackson ondersteun. Jackson het volgehou dat die skeuring nog groter sou wees indien die voorstel wat deur Louw op die kongres gesteun is, aanvaar sou word, want daardeur sou aan 'n derde party die kans gegun wees om die oorhand te kry.¹⁰⁸

Op Beaufort-Wes het dinge weer rustiger daaraan begin toegaan, hoewel die skeuring op die sogenaamde "roomkongres" in

108. De Kourier, 22.1.1914.

November 1913 in die Vrystaat en Transvaal opsigtelike nuwe politieke roeringe tot gevolg gehad het.¹⁰⁹ Ook in Kaapstad en omstreke het 'n aantal Kaaplandse Afrikaners begin organiseer, kennelik uit protes teen genl. Botha se hantering van die krisis. Mettertyd sou daar ook elders in Kaapland begin werk word in die rigting van die stigting van 'n nuwe politieke party.¹¹⁰

Op 'n groot openbare vergadering vroeg in Januarie het die gemeenskap hul steun aan die regering toegesê vir sy optrede tydens die industriële onrus aan die Rand.¹¹¹ Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog kort hierna en Suid-Afrika se besluit tot beperkte deelname, het daar nuwe beroeringe in die land gekom. Op 'n groot vergadering te Beaufort-Wes op 21 September is, op voorstel van A.R. Truter, besluit om te berus by die oordeel van die parlement en om hul steun aan die regering toe te sê.¹¹² J.A. Louw het die voorstel gesêkondeer, die oorlog as 'n "heilige zaak" bestempel en gesê dat hy van niemand in die dorp weet wat pro-Duits was nie. Hy het daarop gewys dat neutraliteit buite die kwessie was,

109. A.H. Marais: Die Politieke Uitwerking van die verhouding van die Afrikaanssprekende tot die Engelssprekende, 1910 - 1915, p. 342 e.v.; Jan J. van Rooyen: Die Nasionale Party, Sy Opkoms en Oorwinning - Kaapland se Aandeel, p. 9.

110. Van Rooyen: Die Nasionale Party, p. 39 e.v. Vgl. ook A.H. Jonker: "Die Oorsprong en Groei van die Nasionale Party in die Kaap Provinsie" I.M. Goodman (samst.): Die Nasionale Boek, p. 83 e.v.

111. De Kourier, 15.1.1914.

112. De Kourier, 23.9.1914.

hoewel daar verskil van mening was "betreffende het uitbreken van vyandelikheden alhier ... maar nu is de oorlog daar, en nu behoren wy alle geschillen ter zyde te zetten, en de regering te ondersteunen. Het Britse Ryk, dat ongetwyfeld wel meent met Zuid Afrika, heeft onze regering verzocht zekere operaties in Duits Zuid West Afrika, die van strategies belang zyn, te ondernemen. Ten rechte of ten onrecht (spreker gaat niet in de meriete van de zaak, doch handelt slechts met het feit dat er oorlog bestaat) heeft de regering hiermede ingestemd, en als getrouwe burgers van Zuid-Afrika en van het Ryk kunnen wy slechts een ding doen, naamlik om eendrachtig samen te werken om de oorlog tot een suksesvolle einde te brengen."

Slegs vier persone het teen die voorstel gestem, omdat hulle nie bereid was dat Suid-Afrikaners oorsee of na Suidwes gestuur sou word nie.¹¹³

Die plaaslike koerantjie het die inwoners van die dorp goed op hoogte gehou van die daaropvolgende gebeure: Beyers se bedanking,¹¹⁴ Maritz wat gerebelleer het,¹¹⁵ gevolg deur De Wet en andere.¹¹⁶ "Verraders" en "Nog meer Verraders", was die toonaard van dié koerantkommentaar. Vroeg in November het Merriman deur die dorp gereis en is daar haastig 'n spontane vergadering gereël, waarop Merriman kwaai te velde getrek het

113. De Kourier, 23.9.1914. Een van dié persone was 'n sekere Coenraad Mocke.

114. De Kourier, 30.9.1914. Die betrokke korrespondensie is gepubliseer.

115. De Kourier, 14.10.1914.

116. De Kourier, 28.19.1914.

teen die rebelle. Na afloop daarvan is 'n voorstel deur A.R. Truter ingedien waarvolgens Beyers, De Wet en Maritz se "Traitorous conduct" veroordeel en steun aan die regering belooft is vir die onderdrukking van die rebellie. Louw, 'n vurige bewonderaar van Merriman, het dié voorstel gesekondeer, en die hoop uitgespreek dat Merriman gou weer 'n besoek aan die dorp sou bring.¹¹⁷

Soos baie ander Afrikaners, het J.A. Louw sy ietwat gereserveerde ondersteuning van die regering in die loop van die volgende paar maande in heroorweging geneem. Teen die helfte van Junie was dit duidelik dat die nuwe Nasionale Party, wat in die Vrystaat en Transvaal vinnig gevorder en intussen ook sy beslag in Kaapland begin kry het, nie uit Beaufort-Wes geweer sou kon word nie. Dit was bekend dat mnr. Le Roux, L.P.R., prof. H.E.S. Fremantle se kongres op De Aar¹¹⁸ bygewoon het en daar is gemeen dat hy op die voorlopige komitee van die nuwe groep benoem is;¹¹⁹ daar was ook gerugte dat een van die dorp se inwoners (sy naam is nie genoem nie) vir dr. D.F. Malan

117. De Kourier, 4.11.1914.

118. Dié Engelssprekende professor was eintlik die voorloper met die stigting van die Nasionale Party in Kaapland, toe hy op 9 Junie 1915 die party op De Aar gestig het. Leidende Afrikaners van Kaapstad en omstreke was nie hiermee gedien nie en daar is gevolglik 'n Nasionale Herenigingskommissie gestig, wat in samewerking met die Fremantle-groep, 'n groot kongres vir middel-September te Middelburg, Kaap belê het. Vgl. Van Rooyen: Die Nasionale Party, pp. 42 - 45.

119. De Kourier, 16.6.1915.

genooi het om as kandidaat die plaaslike setel te kom beveg.¹²⁰
Op 10 Julie het Louw die distriksbestuur in kennis gestel dat
hy as lid van die Beaufort-Wes tak van die S.A.P. bedank
het.¹²¹

Soos elders in die land, was dinge nou ook op Beaufort-Wes in
rep-en-roer. Dr. Malan sou die dorp besoek en met plaaslike
ondersteuners asook 'n deputasie van Cradock samesprekinge
voer oor sy moontlike kandidatuur.¹²² En in dieselfde uitgawe
van die koerant word berig van 'n vergadering wat gehou is met
die doel om 'n tak van die Nasionale Party te stig.¹²³ Op ver-
soek van die voorsitter van die vergadering, mnr. P.J.J. Pienaar,
het J.A. Louw die brief van die Nasionale Herenigingskommissie¹²⁴
voorgelees, waarna hy voorgestel het dat steun aan die Nasionale
Party toegesê, 'n volkskongres gehou en die nuwe party se pro-
gram en konstitusie opgestel word.

In die toeligting van die voorstel, het Louw teruggegryp na
die ou Afrikanerbond en hulde gebring aan J.H. Hofmeyr. Hy't
ook gepraat van die goeie verwagtinge met Uniewording, van
die hoop dat die bestuur demokraties sou wees, "maar in
plaats er van vinden wy dat er in sommige opzichten niets
anders is dan een outokraties regering." Aan die gevoelens
van die volk, of altans, 'n sekere deel van die volk, naamlik

120. De Kourier, 16.6.1915. Dit was na alle waarskynlikheid
J.A. Louw op wie hier geskimp is.

121. De Kourier, 14.7.1915.

122. De Kourier, 16.6.1915 en 14.7.1915: "The Gossip's Diary".

123. De Kourier, 14.7.1915.

124. Vgl. voetnoot 118 bo.

die Afrikaners, word daar syms insiens nie gehoor gegee nie. Dit was vir hom nie die beginsels van die S.A.P. wat verkeerd was nie, maar die leiding, die beheer daarvan. Die gevolge hiervan was skeuring en verwydering.¹²⁵

Sen. Weeber sowel as volksraadslid Oosthuysen was baie krities oor Louw se argumente en het om bewyse gevra, dog Louw het Oosthuizen op 'n punt van orde daarvan weerhou om sy toespraak te voltooi, waarop die S.A.P.-ondersteuners die vergadering verlaat het. Op voorstel van Louw is daar toe 'n komitee aangewys om die Nasionale Party plaaslik tot stand te bring.¹²⁶

In 'n hoofartikel in die plaaslike blad¹²⁷ is gewaarsku teen verdeeldheid onder die Hollandssprekendes op politieke gebied en is 'n beroep op die ontevredenes gedoen om weer te besin. Louw, "wie eienlik die voorman is, wat die beweging alhier betref", is voor stok gekry omdat hy nie sy beskuldigings van outokrasie bewys het nie. Net om aan te toon dat hy daarmee seker nie die oorlogsbesluit bedoel het nie, is daar in dieselfde uitgawe 'n herdruk geplaas van sy toespraak op 21 September, waarin hy die regering se optrede ondersteun het.¹²⁸

Die koeël was egter deur die kerk vir soverre dit die vestiging van die nuwe party aanbetref het. Grootliks op inisiatief van

125. De Kourier, 14.7.1915.

126. De Kourier, 14.7.1915.

127. De Kourier, 21.7.1915.

128. Vgl. bo, pp. 50 - 51.

Louw is die eerste tak van die Nasionale Party te Beaufort-Wes op 28 Julie 1915 gestig; hy is heel paslik tot voorsitter daarvan verkies.¹²⁹ Op 21 Augustus het sewe Nasionale Party-takke byeengekom, n distriksbestuur gevorm en Louw tot voorsitter van dié liggaam verkies. Gehegtheid aan die Afrikanerbond van weleer het alte duidelik gespreek uit twee beskrywingspunte vir die aanstaande Nasionale kongres, waar Louw sy afdeling sou gaan verteenwoordig: eerstens, dat die nuwe party die naam Afrikanerbond sou dra, en tweedens dat die konstitusie op dié van die Bond geskoei sou wees. Ook is versoek "dat de leiding van de Voorzienigheid erkend worde in de grondwet van de Unie."¹³⁰

Louw was gevolglik teenwoordig toe n groot en geesdriftige byeenkoms van Kaaplandse Nasionaliste teen die middel van September 1915 te Middelburg byeengekom en die Nasionale Party van Kaapland sy beslag gekry het. Toe die naam van die nuwe party ter sprake gekom en prof. Fremantle te midde van applous die naam Nasionale Party voorgestel het, het Louw as amendement daartoe voorgestel dat die party die naam sou dra van Nasionale Bond. Hy het n pleidooi gelewer vir die herstel van die Afrikaner Bond en gewys op die goeie naam wat die Bond gehad het: "Men koesterde schone verwachtingen van de Zuidafrikaanse Partij, doch men is bitter teleurgesteld. Daarom zucht men naar de oude Bond." Louw se amendement het egter nie juis steun ontvang nie en is met n groot meerderheid

129. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 28 Julie 1915.

130. De Kourier, 1.9.1915.

verwerp.¹³¹ Daar is tog tot 'n mate aan die sentiment ten opsigte van die Afrikaner Bond toegegee deurdat die konstitusie van die nuwe party op dié van die Bond geskoei was.¹³²

J.A. Louw is deur die voorsitter van die kongres, dr. D.F. Malan, tot lid van die eerste regskommissie van die Party aangewys.¹³³

Intussen is W.A. Hofmeyr, wat as eerste organiserende sekretaris 'n groot rol gespeel het in die vestiging van die Nasionale Party in Kaapland, as kandidaat vir die kiesafdeling Beaufort-Wes benoem,¹³⁴ waarskynlik as gevolg van dr. Malan se tussenkoms en samesprekinge met die plaaslike Nasionale leiers.

Mnr. Piet le Roux van Prins Albert en 'n sekere mnr. De Vries was die twee onsuksesvolle aspirant-kandidate.¹³⁵ Uit Prins Albert se wêreld was daar stemme van kritiek teen die kandidaat "van buite",¹³⁶ dog ter wille van die saak van die ontwakende Nasionaleisme sou hierdie beginsel weer 'n keer deur die vingers gesien word. Op verkiesingsdag het Hofmeyr met 'n skrale ses-en-vyftig stemme teen Oosthuizen van die S.A.P. uitgeval, en so byna-byna was Beaufort-Wes Nasionaal.¹³⁷

131. Die Burger, 16.9.1915; kyk ook van Rooyen: Die Nasionale Party, p. 46.

132. Die Burger, 16.9.1915; Van Rooyen: Die Nasionale Party, p. 47.

133. Die Burger, 16.9.1915.

134. De Kourier, 15.9.1915.

135. Volgens De Kourier, 22.9.1915 was die finale stemming: Hofmeyr 628, Le Roux 240 en De Vries, 203.

136. De Kourier, 8.9.15.

137. Van Rooyen: Die Nasionale Party, p. 54.

Na afloop van die verkiesing het Louw, vanuit sy prominente posisie as voorsitter van die distriksbestuur van die kiesafdeling, entoesiasties meegehelp aan die opkrapping van die jong party se organisasie. Toe hy boonop in 1917 op die jaarlikse kongres van die party te Graaf-Reinet tot lid van die hoofbestuur van die Kaaplandse Nasionale Party verkies is,¹³⁸ was sy pad parlement toe so-te-sê oop en sou dit net n kwessie van tyd wees. Die enigste man van naam met wie hy in so n geval sou moes meeding, mnr. Piet le Roux, het kennelik nie die aanhang en ondersteuning van J.A. Louw gehad nie.

Vir die armes en die behoeftiges het J.A. Louw veel oorgehad. By geleentheid het hy borg gestaan vir n seun van vriende wat verder wou studeer. Toe die seun egter na n tyd ernstig siek geword en gesterf het, was sy weduwee-moeder baie bekommerd, want geld het sy nie gehad om vir meneer Louw terug te betaal nie. Louw het spesiaal oorgery na die tuisdorp van die beproefde weduwee en haar gerus gestel dat hy niks van die geld terug wou hê nie.¹³⁹

Louw het ook n aandeel gehad in die stryd om die verkryging van elektriese krag vir die dorp¹⁴⁰ en in die proses het hy nie die armes uit die oog verloor nie. Met die gemeenskap skynbaar verdeeld oor die kwessie en alhoewel dit sy onderneming, veral wat die verkope van kerse en lampolie aanbetref, kwaai sou raak,

138. Van Rooyen: Die Nasionale Party, p. 198.

139. Persoonlike Herinneringe, mev. Jordean.

140. Vivier: Hooyvlakte, p. 123.

het Louw sy volle steun aan die skema gegee omdat dit syns insiens in belang van almal was. Selfs die armer mense sou daaruit voordeel trek omdat tariewe in verhouding tot die grootte van huise bereken sou word en omdat dit in elk geval die waarde van eiendomme sou laat styg.¹⁴¹ Hy het sterk op eenheidsoprede aangedring: "Spreker dringt er op aan dat die belasting betalers saam moet werk in die belangen en voor die vooruitgang en bloei van het dorp."¹⁴²

Een van mnr. Louw se laaste openbare daad was om in 'n vergadering van die skoolraad te protesteer teen die plan om gratis onderwys in Kaapland in te voer. Syns insiens sou die verhoogde belastinge wat hieruit sou voortvloei, die armer gesinne in verhouding kwaaiër tref as die meer bemiddelde gesinne. Hy het ook gewaarsku dat dit die houvas en invloed van die ouers op die onderwys en die opvoeding, deur middel van die skoolrade, aansienlik sou inkort.¹⁴³

En toe kom die Spaanse Griep en breek "Swart Oktober" vir groot dele van Suid-Afrika aan.¹⁴⁴ Die siekte het stilweg vanuit die hawestede Durban en Kaapstad en veral via bestaande

141. De Kourier, 3.10.1912.

142. De Kourier, 30.4.1914.

143. Beaufort-Wes Munisipale Skoolraad, Notuleboek; notule 9.10.1918.

144. Vir 'n samevattende oorsig oor die griep-epidemie van 1918, kyk artikel van W.O. Kühne, "Die Groot Griep van 1918", in Die Byvoegsel tot Die Volksblad, 20.9.1919.

kommunikasie media na die binneland versprei. Ook Beaufort-Wes, 'n belangrike spoorweginstansie, sou die effek daarvan ervaar.

Op 9 Oktober het die plaaslike koerantjie met groot prominensie berig dat die openbare lewe in Kaapstad "totaal gedisorganiseer" was en dat die epidemie ook elders ernstige afmetinge aangeneem het. In 'n obskure berigjie daarnaas is meegedeel dat die griep ook sy verskyning in die dorp gemaak het, met enkele gevalle in die spoorwegkamp.¹⁴⁵

Die epidemie het spoedig ernstige afmetinge aangeneem, die normale gang van sake in die Karoo-dorpie ernstig ontwrig en sy tol begin eis. 'n Verkoop van "muilesels" is uitgestel, 'n blommetoonstelling en vertoning van oudhede gekanselleer en al die skole is gesluit. By die stasie was slegs drie klerke aan diens en ook die posdiens is feitlik geheel-en-al lamgela. In die landdroshof was slegs die magistraat op sy pos en die plaaslike koerantjie kon vir twee weke nie verskyn nie daar slegs een van die personele die siekte vrygespring het.¹⁴⁶

Die toestand op Beaufort-Wes was "onbeschryflik"; niemand is ontsien nie en in talle gevalle is hele huisgesinne platgetrek.¹⁴⁷ 'n Vrywillige korps dames-helpers het hulle bes gedoen om die nood en ellende te verlig, o.a. deur sop aan

145. De Kourier, 9.10.1918.

146. De Kourier, 16.10.1918 en 6.11.1918.

147. De Kourier, 6.11.1918.

siektes te voorsien, terwyl die munisipaliteit gratis voedsel en medisyne verskaf het. Maar ook die helpers se kragte kon nie hou nie. Die stadsaal is in 'n hospitaal vir blankes omskep en twee dokters moes feitlik dag en nag werk.¹⁴⁸

Die epidemie het 'n kwaai tol geëis, feitlik "die blanke bevolking ten grawe gevoer".¹⁴⁹ Binne een week moes twee plaaslike leraars nie minder nie as sewe-en-tagtig mense begrawe.¹⁵⁰ Toe die epidemie hom teen die einde van Oktober uitgewoed het, het daar al 60 Blankes en 208 Kleurlinge aan die siekte gesterf. Onder hulle was vyf winkeliers, M.T. Morgan, Kerslake, Coos de Villiers, P. Vivier en J.A. Louw.¹⁵¹

Die vorige dag nog blakend gesond, het Louw op 12 Oktober begin kla van griesperigheid, dog in 'n heel ligte graad, Aanvanklik was daar nie juis rede vir uitermate kommer nie en mev. Louw het gesorg dat haar man die nodige sorg en medisyne kry. Toe, op 18 Oktober, het sy toestand skielik versleg en twee dae later is hy oorlede, met sy vrou, sy enigste seun Eric en die drie dogters rondom sy sterfbed.¹⁵²

By sy afsterwe was J.A. Louw slegs 53 jaar oud. Sy dood, so lui dit in die doodsberig, was 'n groot verlies vir die dorp en die gemeenskap en ook vir die Afrikanervolk, want hy kon

148. De Kourier, 6.11.1918.

149. Die Burger, 28.10.1918.

150. Die Burger, 13.11.1918.

151. De Kourier, 6.11.1918.

152. Die Burger, 23.10.1918.

nog so veel tot diens wees in die moeilike omstandighede
waarin sy volk verkeer.¹⁵³ By sy begrafnis het ds. Steytler
immers getuig dat J.A. Louw se invloed buite die kerk groter
was as dié van die predikant daarbinne.¹⁵⁴ Die hoop is
uitgespreek dat daar iemand mag wees wat sy plek sou kon
inneem.¹⁵⁵

153. Die Burger, 23.10.1918.

154. Die Burger, 26.10.1918.

155. Die Burger, 23.10.1918.

HOOFSTUK 2

JEUGJARE, STUDENT EN ADVOKAAT

1890 - 1919

Hendrik Louw, die eersteling van Johannes Albertus en Margaretha Magdalena Louw, is op 21 November 1890 gebore.¹

In sy latere lewe sou hy as Eric bekend staan en het hy amptelik Eric Hendrik Louw geheet.²

Wanneer en waarom dié naamsverandering plaasgevind het, kon nie vasgestel word nie.³ Daar is egter sekere rigtingwysers om tot 'n gevolgtrekking te probeer geraak.

In 1894 is 'n tweede seun vir J.A. Louw-hulle gebore en het hy, opmerklik genoeg, sy pa se naam gekry.⁴ Volgens geykte gebruik, ook in die direkte voorgeslagte, moes hierdie tweede seun eintlik sy oupa De Villiers se naam gedra het, naamlik Pieter

1. Jacobsdal N.G. Kerk: Doop- en Lidmaatregister, 1891.

2. Kantoer van die Weesheer, Kaapstad: Boedel nr. 3754/68.

3. Normaalweg word naamsveranderinge in doopregisters aangebring, dog in hierdie geval is dit nie gedoen nie. In die argief van die Registrateur van Aktes, Bloemfontein, is die geboortesertifikate vanaf 1890 tot en met 1903 nagegaan, dog dié ondersoek het niks opgelewer nie. Daar moet genoem word dat dié dokumentegroep baie onvolledig is. Kyk AKT 4/2/2 - 4: Geboortesertifikate 1887 - 1903.

4. Vredefort N.G. Kerk: Doopregister, September 1893, nr. 796. Hy is gebore op 2.12.1893 en op 7.1.1894 deur ds. T.C. Dönges gedoop.

Frederik Ryk. Na die geboorte van 'n dogter Dorothy in September 1896,⁵ het die Louw-egpaar in Februarie 1898 'n tweeling-seunspaar ryker geword, gedoop Pieter Ryk en William.⁶ Eersgenoemde was 'n gedeeltelike vernoeming na sy oupa aan moederskant terwyl laasgenoemde weer die genant van oom I.W.B. van Jacobsdal was. Die afwesigheid van die middelnaam Frederik by die doop van Pieter Ryk is opvallend.

Omstandigheidsgetuienis dui daarop dat die naam Eric binne die eerste tien jaar van sy lewe inslag gevind het. In Maart 1904 het die plaaslike blad te Beaufort-Wes hom só genoem in die eksamenuitslae van die Boys Public School vir 1903.⁷ Maar dié naam was skynbaar nog vroeër gangbaar en wel toe die Louws nog op Smithfield gebly het. In 'n publikasie oor die geskiedenis van hierdie dorpie word verwys na 'n sekere onderwyseres wat in 1898 as assistente diens aanvaar het en vir Eric Louw as een van haar leerlinge gehad het.⁸

Sowel Johannes Albertus junior as die tweeling is jonk oorlede.⁹ Die feit dat een van die tweeling Pieter Ryk gedoop is, laat die teorie ontstaan dat die middelnaam Frederik heel waarskynlik voor 1898 al in afgeleide vorm Erik by die naam

5. Smithfield N.G. Kerk: Doopregister, September 1897, nr. 25. Sy is op 11.9.1896 gebore en op 22.11.1896 gedoop.

6. Smithfield N.G. Kerk: Doopregister, September 1898, nrs. 65(1) en 66(9). Hulle is op 26.2.1898 gebore en op 21.4.1898 gedoop.

7. De Kourier, 3.3.1904.

8. Prinsloo: Die Geskiedenis van Smithfield, p. 460.

9. Persoonlike Herinneringe, mev. Jordaan.

van die oudste seun gevoeg is, en dat dit later Eric geword het. Veral in Smithfield, waar die Engelssprekende element destyds baie sterk aanwesig was, kon Erik baie maklik tot Eric omvorm gewees het. Dieselfde het ook met sy vader gebeur, wat tot met sy dood by baie mense bekend gestaan het as John of Johnny Louw.¹⁰ Wat die werklike motief vir die naamsverandering in elk geval ookal was, dit kon nie vasgestel word nie.

Sy vroeë kinderjare het in die teken gestaan van sy vader se ywerige vordering as onderwyser en is agtereenvolgens deurgebring te Jacobsdal (tot in sy tweede jaar), Vredefort (tot in sy vierde jaar) en Smithfield (tot ongeveer sy tiende jaar). Sy formele skoolopleiding het te Smithfield 'n aanvang geneem. Siende die feit dat sy vader so 'n suksesvolle onderwyser en sy moeder self as kindertuinonderwyseres gekwalifiseerd was, sou die jonge Eric seker nie veel probleme met die leerwerk ondervind het nie. Sy huislike opvoeding was streng en regverdig, met 'n pa wat met ferme hand sy stempel op sy kinders sou afdruk en 'n moeder wat met liefde en toegewenetheid na haar man en kinders sou omsien.¹¹

Op Smithfield aangekom, het dit rustiger gegaan as die vorige klompie jare. Toe die Britse magte egter vroeg in 1900 die Vrystaat begin oorstrom en in die proses ook Smithfield inge-

10. Persoonlike Herinneringe, mev. Jooste.

11. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 6; Persoonlike Herinneringe mev. Jordaan. Die Louw-egpaar moes altesaam vier kinders, nl. Johannes Albertus, die tweelingseunspaar en nog 'n dogter aan die dood afgee.

geneem het, moes die Louws hulle verblyf hier noodgedwonge kortknip. As Kolonialer is J.A. Louw kortaf-dreigend beveel: "Go and seek pastures new". Met feitlik net hul klere aan hul lyf is die gesin daar weg.¹² Op die tienjarige Eric het die stryking van die Vrystaatse vlag en die vervanging daarvan met die Union Jack, ten aanskoue van die dorp se inwoners en die Britse troepemagte, 'n onuitwisbare indruk gemaak. Dit het diep in sy onderbewussyn vasgeslaan.¹³

Al moes hulle hul huisraad en besittings agterlaat, was daar tog dié dankbare wete dat veral die moeder, wie se gesondheid in hierdie tyd nie na wense was nie, en die jong kinders die konsentrasiekamp gespaar is.¹⁴

Terwyl sy pa besig was om 'n ander heenkome te soek, het Eric en sy moeder by familie rondgekuier, skynbaar eers te Richmond by die Van der Merwes, J.A. Louw se suster en swaer.¹⁵ Later

12. Persoonlike Herinneringe, mev. Jordaan.

13. E.H. Louw-versameling, band 82 nr. 13. Dié dokument is 'n verslag van 'n gesprek met koning George V, veral oor die kwessie van diplomatieke verteenwoordiging. Op 'n heel terloopse vraag van die Koning of hy nog die Boere-oorlog onthou het, het Eric Louw só geantwoord: "My most vivid recollection of the war was the day when the British troops marched into the town where I was living, hauled down the Free State flag, and hoisted the Union Jack in its stead. Even as a boy I was profoundly affected by that occurrence, and it has left an indelible impression on my mind."

14. Persoonlike Herinneringe, mev. Jordaan.

15. Vgl. hoofstuk 1.

het hulle 'n tydlang ook in die Caledon-distrik gebly, waar 'n broer en 'n suster van J.A. Louw hulle bevind het.¹⁶ Die erns van die landsomstandighede en selfs die lot wat die vader van die huis getref het, het nie juis die normale kindervreugde en jolyt wat met die kuiery by neefs en niggies gepaard gegaan het, aan bande gelê nie.¹⁷

Teen sy elfde-twaalfde jaar het Eric Louw hom saam met sy ouers op Beaufort-Wes in die hartjie van die Karoo bevind. Sy skoolloopbaan is nou met erns voortgesit, onder die wakende oog van sy pa, wat as oud-onderwyser sou toesien dat sy kinders nie hul skoolwerk verwaarloos nie. Selfs nie eens die aanwesigheid van neef Johannes van der Merwe, wat juis deur sy moeder na die Louws gestuur is sodat haar broer darem 'n ogie kon hou oor die seun wat feitlik net in sport belang gestel het, kon Eric se pa se hart versag nie: "Eric was weer lief vir slaap, en het sy vader meer als een oggend hom aan sy been uit die bed gesleep", het Johannes se broer hom baie dekades later herinner.¹⁸ Eric self het sy herinneringe hieroor opgeteken:

"My vader was baie streng en het dissipline toegepas. O.m. moes ek gewoonlik Saterdag in die besigheid gaan help - agter die toonbank by die kruideniersafdeling. Ek het nie daarvan gehou nie, en ek het baie keer gevoel dat sy houding ietwat onbillik was - veral op Saterdag-

16. Korrespondensie, CdeV/PFvdS, 20.8.1973.

17. Korrespondensie LvdM/PvdS, 16.11.1972.

18. Korrespondensie LvdM/PFvdS, 16.11.1972 en 13.4.1973

midde toe daar voetbal wedstryde aan die gang was, waar ek tog alte graag wou wees!"¹⁹

Of Eric self wou voetbal (rugby) speel, is nie seker nie. Sy neef Johannes was 'n kranige speler,²⁰ maar die grootste inspirasie was seker afkomstig vanuit die Louws se "heimat", die Westelike Provinsie. Daár was neef Japie Krige, paslik bygenaamd "Witkoppie" of "Hasie", besig om homself tot 'n legende in die Suid-Afrikaanse rugbywêreld te verhef met sy pragvertonings vir Stellenbosch, die Westelike Provinsie en Suid-Afrika.²¹

Na aflegging van die "Lower Examination" aan die einde van 1903,²² het Eric Louw sy skoolloopbaan aan die plaaslike Boys High School voortgesit. Die taalmedium was Engels, so ook die leermeesters, o.a. mnr. Dods (die hoof) en mnre. Gerrig en

19. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 6; Persoonlike Herinneringe, mev. Jordaan. Destyds was winkels Woensdag-midde gesluit en Saterdag heel dag oop.

20. Korrespondensie LvdM/FFvds, 16.11.1972.

21. Vir besonderhede omtrent Japie Krige, kyk A.C. Parker: Giants of South African Rugby, pp. 1 - 13. Japie het vanaf 1897 tot 1906 vir die W.P. gespeel (in dié tyd het die W.P. nie een wedstryd verloor nie!), in 1903 die W.P., die W.P.-Platteland en Suid-Afrika teen die Britse toerspan verteenwoordig en was in 1906 lid van Paul Roos se Springbokspan na Engeland. Vgl. ook D. Craven en P. Jordaan: Met die Maties op die Rugbyveld, 1880 - 1955, pp. 200 - 216, en D.H. Craven: Springbok Annale, 1891 - 1958, pp. 46 - 87.

22. De Kourier, 3.3.1904. Hy het in die tweede klas geslaag.

Duthie, aldrie van Skotse afkoms.²³ 'n Halfeeue later het hy aan Afrikaanssprekende leerlinge van sy ou skool vertel van die omstandighede waaronder hy sy opvoeding ontvang het:

"Hulle moet hulself probeer inbeeld in die gewaarwording in daardie dae van 'n jong Afrikanerseun wat bitter min Engels geken het, en wat al sy lesse - selfs die 'vreemde' Hollands - deur middel van 'n nog vreemde taal, nl. Engels, moes leer! En verder, dat hy onderrig moes ontvang van 'n absolute eentalige onderwyser, aan wie hy nie eens 'n vraag ter verduideliking in sy eie taal, Afrikaans, kon stel nie, en nog minder in staat was om 'n uitleg te kon gee as die onderwyser hom dalk sonder rede oor die kole haal of die kweperlat op hom gebruik nie. Die kweperlat was die enigste taal wat ons in daardie dae goed verstaan het!"²⁴

Tuis moes die jong Eric ook sy deel doen, soos die boerbok melk en die nagtelike waterleibeurt twee keer per week waarneem. Die vrees vir die "spookhuis" aan die onderend van die lusernland het veroorsaak dat die verste punt van die land nooit behoorlik nat geword het nie, met sigbare resultate! Indien hy saans iewers heen wou gaan, moes hy stiptelik om tienuur tuis wees, anders het sy pa hom dalk langs die pad ingewag en moes Eric net kwaai laat loop om voor te bly.²⁵

Van sy buitemuurse aktiwiteite is baie min bekend. Wel was hy 'n trompetter in die skool se kadettekorps²⁶ en 'n ywerige foto-

23. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 14.

24. Beaufort-Wes Seuns Hoërskool: Verba (Jaarblad), 1956, p. 4.

25. Persoonlike Herinneringe, mev. Jordean.

26. Beaufort-Wes Rotariërklub: The Golden Fleece, IV, 5.12.1961.

graaf nadat hy van sy ouers 'n kamera en 'n foto-album as geskenke ontvang het.²⁷

Aan die einde van 1907 het hy matriek geskryf en geslaag, tot sy vader se teleurstelling nie in die eerste klas nie.²⁸ Dat hy verder sou gaan leer en nie, soos destyds dikwels die geval was, tot sy pa se sake-onderneming sou toetree nie, was feitlik 'n vanselfsprekendheid, in ag genome J.A. Louw se agtergrond en die waarde wat hy aan geleerdheid geheg het.

Vroeg in 1908 het Eric Louw hom dus in die Boland bevind, aan die destydse Victoria Kollege te Stellenbosch as student ingeskryf en in die aristokraat-koshuis Wilgenhof tuisgegaan.²⁹ Hy wou in 'n wetsrigting, dog moes eers die B.A.-eksamens agter die rug kry.

Gedagtig aan sy vader se misnoeë oor sy matriek-uitslag, het hy veral in sy eerste jaar hard gewerk.³⁰ Die aanpassing by die omstandighede wat so radikaal verskil het van dié te Beaufort-Wes was egter nie alte maklik nie. Die "Intermediate Examination" het hy gevolglik aan die einde van 1908, net-net deurgeskraap met 'n persentasie van vier-en-veertig en twee vakke

27. Persoonlike Herinneringe, mev. Jordaan. Dit is heel waarskynlik hierdie kamera wat hy later aan 'n vriend gegee het en wat in die Eric Louw gedenklokaal te Beaufort-Wes uitgestal word.

28. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 7. "Die feit dat ek slegs 9 merke kortgekom het vir eersteklas het hom nie getroos nie!" was Louw se verontskuldigende herinnering.

29. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 7.

30. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 7.

waarin nie 'n slaagsyfer behaal is nie, naamlik Algebra en Meetkunde/Driehoeksmeting.³¹ Van sy klasmaats was o.a. J.E. Holloway, W.A. Krige, A.P., E.G. en E.J. Malherbe, A.W. Schumann en A.J.R. van Rhijn.

In sy finale B.A.-jaar, 1911, het dit met hom heelwat beter gegaan, soos blyk uit sy amptelike eksamenuitslag. Hoewel sy gemiddelde van agt-en-veertig persent nie juis 'n wafferse prestasie was nie, was daar tog dié troos dat hy op een na, die hoogste puntetotaal in sy groep behaal het. Slegs drie van die tien persone in sy groep het meer as die vereiste minimum behaal, nl. hyself, V.D. Cellarius (met agt punte meer) en A.H. Stander.³²

Talle later bekende Suid-Afrikaners was tydgenote van Eric Louw te Stellenbosch. Naas die reeds genoemdes was daar nog A.L. Geyer, P.C. Schoonees, H.A. Fagan, H.J. van der Bijl, M.L. (Tienie) de Villiers van Stem-faam, Wm. Nicol, S.P. le Roux, J.G. Strijdom, Alex van der Horst, G.N. Hayward, L.M. van Eyssen, A.J. Stals en J.J. Strassheim, om nie die rugby-spelende broers Anton, Jan en Ebbie Stegmann te vergeet nie.

Sport, en veral rugby, het in daardie tyd 'n groot rol in die studentelewe gespeel, soos een van Eric se studentemaats getuig: "Ons was destyds mal oor sport. Sport het eerste, tweede en derde gekom en jou ander werk was maar vierde gewees!" Geen wonder dat die eksamenuitslae nie altyd te waffers was nie.

31. Victoria College: Mark Register Intermediate Examination, 1908.

32. Victoria College: B.A. Pass Examination, 1911.

Eric Louw het dit darem nie oordryf nie: "n bietjie tennis, bloot net vir ontspanning, was al sportsoort waaraan hy aktief meegedoen het."³³ Hy het egter "n lewendige belangstelling in atletiek maar veral in rugby getoon en gereeld byeenkomste en wedstryde bygewoon. Tussen hom en die Stegmann-broers, en veral met Ebbie, het daar hegte vriendskapsbande bestaan; waar hulle ookal deelgeneem of gespeel het, daar was Eric Louw teenwoordig en het hy hulle met raad en daad bygestaan. Hy het skynbaar selfs as nie-amptelike 'masseur' van die Maties se eerste span opgetree."³⁴ Hierdie nie-rugbyspelende nefie van die legendariese Japie Krige is hartlik en spontaan in die kring van die "groot geeste" van die rugbyveld, manne soos die Stegmans, Bob Loubser, Daantjie de Villiers, Theo Pienaar, Gideon Joubert en Nico (N.J.) van der Merwe opgeneem, al moes hy net op die "stand" sit en "cheer".³⁵

Bedeel met "n bo-gemiddelde kunstalent,"³⁶ verbaas dit dus nie dat "n groot geraamde Intervarsity-skets van hom vandag "n ereplek in die rugbymuseum van die Universiteit inneem nie. Dit was destyds gebruikelik dat allerlei tekeninge en spotprente met betrekking tot die jaarlikse "Inter-Collegiate"-wedstryde

33. Persoonlike Herinneringe, dr. Frikkie de Villiers.

34. Persoonlike Herinneringe, dr. Jan Stegmann. Kyk ook Eikestadnuus, 15.5.1970 en 22.4.1970 vir dr. Stegmann se herinneringe aan sy studentedae op Stellenbosch. Eric Louw figureer hier tydens "n atletiekbyeenkoms en in dr. Stegmann se herinneringe aan Sondagmiddag-uitstappies.

35. Korrespondensie, dr. C.F. Krige/PFvdS, 6.4.1970.

36. In sy jeugjare het hy verskeie potloodsketse en selfs "n paar skilderye gemaak, sommige waarvan in die Eric Louw Gedenklokaal te Beaufort-Wes te sien is.

spontaan hul verskyning op die kennisgewingsborde gemaak het, die beste waarvan gewoonlik die kaptein van die eerste span toegekom het.³⁷ Eric Louw was in sy dae een van die ywerige tekenaars,³⁸ dog of meer van sy sketse "prysweners" was, is nie bekend nie. Hy was verder bekend as die "amptelike" spotprenttekenaar van Wilgenhof en het o.a. ook die oud-studentewapen ontwerp.³⁹

'n Sterk verantwoordelikeidsbesef, die wete dat daar vir alles 'n tyd was en dat balans gehou moes word, spreek uit die optrede van Eric Louw op 'n huiskomitee-vergadering van Wilgenhof, wat deur die "President", A.C. Stegmann, as 'n belangrike byeenkoms beskryf is.⁴⁰ Eric se bydrae tot die lywige sakelys was 'n klag teen "gentlemen practising in the music room during the afternoon as it hindered him from studying." Hy is ondersteun deur Van der Hoven, wat voorgestel het dat stiltetyd vanaf twee tot vieruur gehou moes word. 'n Teenvoorstel dat lede ongehinderd gedurende die middag musiek kon oefen, is verwerp en so het stiltetyd deel geword van Wilgenhof-tradisie wat tot

37. Dié wedstryde is aanvanklik tussen Victoria College en Diöcesan College afgespeel, en vanaf 1911 tussen eersgenoemde en die South African College (later die Universiteit van Kaapstad). Kyk Craven en Jordaan: Met die Maties op die Rugbyveld, pp. 48 - 49.

38. Craven en Jordaan: Met die Maties op die Rugbyveld, p. 60.

39. Artikel "Kaal Koshuise met unieke verlede", in Die Byvoegsel, Die Burger, 29.1.1949.

40. Wilgenhof Minute and Constitution Book, 1906 - 1921: Notule 7.6.1911.

vandag toe gehandhaaf word.⁴¹

Louw was n trotse "Wilgenhoffer":⁴²

"Die "here-studente" van Wilgenhof het hulleself beekou as die "elite" van die ou Victoria College en het met n mate van "veragting" neergesien op die res van die studente! Intussen het ons rede gehad vir daardie houding. Daar was baie meer lede van die eerste span (rugby) by Wilgenhof tuis as by enige ander koshuis ... Wilgenhoffers was ook die "voormanne" in ander afdelings van die studentelewe. En - wat veral van belang was - was dat dit algemeen bekend was dat Wilgenhof se "kêrels" in besondere guns was by die dametjies in Bloemhof, Harmonie en die ander dameskoshuise."⁴³

Van damestudente gepraat: of Eric Louw n vaste nooi gehad het, is nie bekend nie, maar dat hy hom heeltemal van die geselskap van die teenoorgestelde geslag weerhou het, is baie onwaarskynlik. n Rigtingwyser word gevind in die reedsgenoemde "belangrike" huiskomiteevergadering, toe Louw t.o.v. nog n ander kwessie die leiding op hom geneem het. Agter Wilgenhof

41. O. Potgieter (red.): Wilgenhof Gedenkboek (1903 - 1967), pp. 1^e en 34.

42. In latere jare sou dr. Eric Louw met die daad (gereelde bywoning van re-unies) en ook deur die skenking van fondse, veral toe Wilgenhof herbou moes word, sy toegeneendheid jeens sy ou koshuis bewys. By hierdie geleentheid het hy hom gewoonlik losgemaak van al sy ampswaardigheid en hom heelhartig met die ligte luim wat sulke byeenkomste gekenmerk word, vereenselwig, nl. die grappies maak, die oor-en-weer skertserij oor vergange dae en selfs die "borsels", wat hom nie gespaar gebly het nie. Kyk Potgieter: Wilgenhof Gedenkboek, p. 100; Persoonlike Herinneringe, dr. Frikkie de Villiers en dr. Danie Craven.

43. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 8 en 9.

was destyds naamlik 'n digte lap bome wat gereeld deur die Wilgenhoffers besoek is, soms in teenwoordigheid van jonge dames. Vlakby die bos was daar egter die varkhokke van ene mnr. Scholtz. Dáárteen het hy beswaard gevoel, "as some unpleasant odours on account of them hinder people from sitting in the bush for a little while." Die saak is druk bespreek, dog toe dit blyk dat die eienaar van plan was om die varke te verkoop, is die saak daar gelaat.⁴⁴ Ná Louw se tyd, toe die varke steeds maar gepla het, het die studente oorgeneem en, deur 'n blik aan een se stert te bind, die varke uitmekaar gejaag - met een ongeval as eindresultaat. Byna-byna was daar ernstige reperkussies oor dié saak wat deur Eric Louw geïnisieer is.⁴⁵

Insidente soos hierdie, waarin Eric Louw 'n leidende rol gespeel het, was skynbaar skaars. Van leiding neem op die terrein van die georganiseerde studentelewe was daar ook nie juis sprake nie. Reeds nou het hy daardie mate van gereserveerdheid geopenbaar wat later so kenmerkend van sy lewe sou word. Hy sou nooit halsoorkop in 'n saak indampel nie, maar het altyd eers die pro's en die con's sorgvuldig oorweeg. Tog het hy nooit sy vriende se pret en plesier probeer demp nie.⁴⁶

Hier op Stellenbosch het Louw kennis gemaak met Hans Strijdom,

44. Wilgenhof Minute and Constitution Book, 1906 - 1921: notule 7.6.1911.

45. Wilgenhof Minute and Constitution Book, 1906 - 1921: notule 17.5.1912.

46. Persoonlike Herinneringe, dr. Frikkie de Villiers en dr. Kalie van der Merwe.

wat later een van sy getrouste kollegas in die politiek en ook eerste minister van die Unie sou word. As mede-Wilgenhoffers het die twee mekaar goed leer ken. "Soos dwarsdeur sy lewe", het Louw hom later herinner,

"was Hans Strijdom 'n ernstige student. Waar party van ons, veral in die sg. "junior-jaar", geneig was om te "loaf" soos dit in daardie jare genoem was, het Hans Strijdom hom toegespits op sy werk as student. Dit beteken egter nie dat hy net die hele dag met sy boeke besig was nie! Hy het belang gestel in al die Wilgenhof-aktiwiteits, en ook by geleentheid meegeëdoen aan die studentepret. Maar daar was altyd die gevoel dat hy een van die meer ernstige kereels was. Hy het dadelik aangesluit by die Stellenbosch-rugbyklub, en later gevorder tot senter van die tweede span ... Net soos met sy studie, het hy die sport ernstig opgeneem en gereeld geoefen. Hy was ook 'n goeie tennisspeler."⁴⁷

Eric se boesemvriend op Stellenbosch was egter Ebbie Stegmann, broer van die twee rugby-Springbokke Jan en Anton. Volgens die bekende Dubeas Mark en ook dr. Danie Craven was Ebbie die beste van die drie, dog weens beserings kon hy nie die hoogste sport bereik nie.⁴⁸ Waar Ebbie was, daar was Eric Louw.⁴⁹ Dit het dikwels ook gebeur dat Ebbie vakansies saam met hom in die Karoo deurgebring het. By Eric se voorskoolse tweeling-sussies Marié en Rita, was hy 'n groot gunsteling en wel vanweë

47. E.H. Louw-versameling, band 24: E.H. Louw se herinneringe van J.G. strydom, aangeheg by brief J. de Klerk/EHL, 5.5.1965. Na Strydom se dood in Augustus 1958 het Louw 'n spesiale roudiens in Wilgenhof se eetkamer bygewoon en aan 'n verslaggewer sy eie kamer (no. 8) en dié van Strydom (no. 31) uitgewys. Kyk Cape Augus, 26.8.1958.

48. Craven en Jordaan: Met die Maties op die Rugbyveld, pp. 75 en 140.

49. Persoonlike Herinneringe, dr. Jan Stegmann en mev. Jordaan.

die baie aandag wat hy aan hulle gegee het.⁵⁰

Met die suksesvolle voltooiing van die B.A.-kursus was die eerste skof afgelê. Na sy terugkeer huistoe sou daar ernstig oor die toekoms gesels word. Of sy pa nie baie in sy skik was met die relatief lae akademiese prestasies van sy seun nie, of daar nie die nodige fondse was nie en of J.A. Louw maar net gevoel het dat dit hoog tyd was dat sy seun nou op sy eie bene moes begin staan, is nie seker nie; hy sou in elk geval nie sy studies voltyds voortsit nie. Omdat Eric vasberade was om 'n loopbaan in die regte te volg, is besluit dat hy vir hom 'n toepaslike betrekking sou soek en dan buitemuurs verder studeer.⁵¹

Teen middel-Februarie 1912 het Eric Louw die Kaapse trein gehaal,⁵² omdat hy 'n betrekking as prokureursklerk by die firma Michau en De Villiers in Kaapstad opgeneem het. Hy het hom by die South African College, voorloper van die Universiteit van Kaapstad, vir LL.B.-studie ingeskryf.⁵³

50. Persoonlike Herinneringe, mev. Jordean.

51. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 10.

52. De Kourier, 15.2.1912; E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.) p. 10.

53. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 10 - 12. Vir besonderhede oor die kursus, dosente, ens., vgl. ook W. Ritchie: The History of the South African College, 1829 - 1918, vol. 2, pp. 600 en 601 en p. 878; Calender of the South African College and the South African College School, 1912 (p. 23) en 1913 (p. 170).

Sy vernaamste taak by Michau en De Villiers was om transportaktes en verbande op te stel. Onder die strenge toesig van 'n mnr. Muller het Eric Louw die waarde van nougesetheid en noukeurigheid geleer: die geringste foutjie wat ingesluip het, het meegebring dat 'n hele dokument oorgeskryf moes word.⁵⁴

By die gewilde losieshuis van mej. Hannie Reitz in die Tuine het hy saam met 'n paar ander prokureursklerke 'n gesellige tuisgaanplek gevind.⁵⁵ In die kantore-kompleks van die advokate is daar klasgeloop,⁵⁶ met as leermeesters prof. W.P. Buchanan en advokate Gutsche en Sutton.⁵⁷ Onder die medestudente was daar O. Schreiner, latere appèlregter en mnr. Gert de Villiers, later hoofbestuurder van Santam.⁵⁸

Ten spyte van die politieke woelinge van die tyd en sy vader se betrokkenheid daarby, is daar geen getuienis dat Eric Louw in hierdie tyd veel in die politiek belang gestel het nie. Tussen die studies en die dagtaak deur heen was daar seker ook nie juis tyd vir so iets nie. Veral nie sedert hy teen die middel van 1912 as registrateur (klerk) van waarnemende regter

54. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 10 en 11.

55. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 11.

56. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 11

57. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 11. Hy noem net Gutsche en Sutton se name. Vgl. Calender of the South Africa College, 1912, p. 23.

58. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 11 en 12. Vgl. ook Persoonlike Korrespondensie D.P. de Villiers/PFvdS, 6.9.1974.

McGregor aangestel is nie.⁵⁹ Die rigting wat hy ingeslaan het, het hom gaandeweg juis weg van die moontlikheid van aktiewe politieke deelname gelei – en dit op 'n tydstip toe sy vader tuis in Beaufort-Wes al hoe dieper in die politieke vaarwater beland het.⁶⁰

Sy aanvangsalaris as registrateur van regter McGregor was £16:13:4. Hy het baie van die werk gehou, alhoewel hy onder 'n baie strenge "baas" moes werk: "Oubaas McGregor was een van daardie vreeslike versigtige en puntenerige mense en daarby soms baie onredelik. Dit was vir my egter 'n goeie ondervinding."⁶¹

Met die verstryking van sy dienstermyn by die aftrede van regter McGregor, het Louw 'n soortgelyke aanstelling by regter Schiel te Grahamstad gekry.⁶² Na 'n kuier by sy ouers in die Karoo⁶³ het hy hom na die "City of Saints" begeef, waar hy te "Jenningsdorp", die losieshuis van 'n sekere mev.

59. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 12.

60. Kyk hoofstuk 1, pp.

61. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 12.

62. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 12.
Vgl. ook De Kourier, 5.12.1912.

63. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 12.

Jennings in Somersetstraat, tuisgegaan het.⁶⁴ Met die opening van die Rhodes University College vroeg in Februarie 1913 het hy vir die LLB.-graad ingeskryf, as enigste buitemuurse student⁶⁵ en met dosent adv. H.G. Lewis.⁶⁶

Grahamstad het op hom 'n besondere indruk gemaak:⁶⁷

"... 'n eienaardige plek ... in 'n klas by homself ... 'n "Cathedral town" met die atmosfeer van 'n Engelse stad ... 'n stad van baie opvoedings inrigtings ... die setel van die Oostelike afdeling van die Hooggeregshof ... Ek het soms die indruk gekry dat hulle daar in 'n ander land lewe ... 'n taamlike mate van formaliteit in die sosiale lewe."

Spoedig sou hy egter ook begrip kon kry vir die ander sy van die stad, soos gesien deur die bril van mede-student Basil Schönland, 'n plaaslike inwoner:⁶⁸

-
64. Persoonlike Herinneringe, L.M. Dold; Korrespondensie L. Brumage/PFvdS, 13.11.1970, 16.11.1970 en Aug.-Sept. 1972. Die naam van die losieshuis, "Jenningsdorp" is deur laasgenoemde sowel as deur dr. Van Riet, bibliotekaris van die Universiteit van Rhodes, in 'n gesprek met skrywer gebruik. In die Port Elizabeth and Midlands Directory, 1921, verskyn die inskrywing: "Jennings, Mrs., Boarding House, 15 & 17 Somerset Street". Tans staan die plek bekend as "Oakdene Boarding House" en is dit 'n universiteitskoshuis.
65. Rhodes University College, Register 1904 - 1935; The Rhodian, vol. 3, 1913 en 14, p. 148; Rhodes University Calender, 1914: List of Students, 1913, p. 204.
66. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 16; Persoonlike Herinneringe, L.M. Dold.
67. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 13 en 14.
68. R.F. Curry: Rhodes University, 1904 - 1970: A Chronicle, p. 45.

While admitting that "Grahamstown lacks many of the attractions of larger towns" he claimed that "it also lacks many of their distractions and temptations which are specially injurious to boys and girls fresh from school" ... "Shady walks", he wrote, "'can be taken starting almost from the College premises'".

Dit het 'n tydjie geneem om by die besondere karakter van die dorp te akklimatiseer,⁶⁹ dog nadat hy daarin geslaag het, het dinge voor die wind begin gaan. Hy het, veral deur bemiddeling van sy werk, 'n eie vriendekring opgebou en was oor die algemeen baie gewild in die kringe waarin hy beweeg het.⁷⁰ Eric, Melville Dold (n prokureur) en Pierre de Villiers, 'n mede-klerk by die hof, het feitlik 'n onafskeibare driemenskap gevorm: soggens saam tee gedrink in 'n kafeetjie in Bathurststraat, dilwels 'n potjie snoeker gespeel en saans was dit 'n goedkoop bioskoop, 'n dans-partytjie of sommer net private kuiertjies.⁷¹ Die huis van tandarts Johnny Louw, verlangs familie, was 'n gewilde samekoms-plek, veral vanweë die tennisbaan op die ruim erf.⁷²

Van sy werksomstandighede het Eric Louw self soos volg vertel:⁷³

-
69. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 13 en 14.
Ook mev. Anna Louw het in 'n onderhoud verwys na die oorwegend Engelse atmosfeer waaronder hulle daardie jare verkeer het.
70. Persoonlike Herinneringe, L.M. Dold.
71. Persoonlike Herinneringe, L.M. Dold.
72. Persoonlike Herinneringe, L.M. Dold en Mev. A.M. Louw.
Volgens die Port Elizabeth and Midlands Directory, 1921, was die huis geleë te Prins Albertweg 10, en het J. Daniël Louw saam met F. Osler gepraaktiseer.
73. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 16 en 17.

"Eers was ek registrateur van regter Shiel. Hy was 'n Ier, maar nie opgeruimd, soos baie Iere is nie. Hy was van norse geaardheid, maar tewens baie regverdig. Hy en ek het goed klaargekom. Een van my herinnerings van hom is dat hy baie suinig was.

"Dadelik na my aankoms by Grahamstown het ek ingeskrywe as buitenuurse student by die Rhodes Kollege Wetsklasse. Adv. H.G. Lewis (later regter geword) was die dosent. Nadat regter Shiel afgetree het, het ek registrateur van sy opvolger (regter Hutton) geword, en dit gebly totdat ek in 1917 toegelaat is tot die Balie en daar as advokaat gepraktiseer het. Regter Hutton was 'n baie liewe man. Ek sal altyd baie aangename herinneringe hê van die tyd dat ek sy Registrateur was.

"Die Rondgaande Hof was in die Oostelike distrikte iets besonder, en het soms tot drie maande geduur – viral daardie deel van die Rondgang wat na die Transkei gegaan het. Ek onthou dat die Hof eenkeer vir vyf weke op Umtata gesit het. In daardie dae was die besoek van die Rondgaande Hof by die Oostelike dorp nog 'n "gebeurtenis", en vir die advokate en hof-personeel het dit nie ontbreek aan ont-haling en aangename funksies nie. Ek het waardevolle hofsondervinding opgedoen omdat ek ook as griffier van die Hof moes optree, en dus kon leer hoe die advokate optree, ditsy as vervolger of as verdediger.

"Afgesien van regters Shiel en Hutton het ek ook soms ageer as registrateur van ander regters, o.m. regters Sir Thomas Graham, Victor Sampson, en Lange."

Vanweë die feit dat hy met die een voet in die praktyk gestaan het, kon Eric Louw nie juis aktief aan die studentelewe deel-neem nie. Hy was wel, vanaf 1916 tot met sy vertrek na Beaufort-Wes vroeg in 1919 lid van die komitee van die Old Rhodian Union, met die vermaarde historikus prof. G.E. Cory

as voorsitter,⁷⁴ dog dit was sover dit gestrek het. Onder sy enkele Afrikaanssprekende vriende aan die universiteit⁷⁵ sou sekerlik getel het A.L. Geyer, wat saam met hom op Stellenbosch was en nou onder prof. Cory verder in die geskiedeniswetenskap studeer het.⁷⁶ Later sou Geyer veral as redakteur van Die Burger en hoëkommissaris in Londen groot bekendheid verwerf.

Wat die teenoorgestelde geslag aanbetref, het daar mettertyd 'n verhouding tussen Eric en Josephine, een van die aantreklike dogters van die eienares van die losieshuis ontstaan.⁷⁷ Aan die einde van 1913 is José, soos sy bekend gestaan het, as onderwyseres by die Meisieskool op Beaufort-Wes aangestel.⁷⁸

74. The Rhodian, vol. IV no. 4, 4.11.1916; vol. V part I, June 1917; vol. V part II, Nov. 1917; vol 5 no. 3, June 1918; vol. 5 no. 4, June 1919.

75. E.H. Louw: Ek Kyk Terug, (ms.), p. 15. Hy noem egter nie hul name nie.

76. By Eric se aankoms te Grahamstad was Geyer, ook 'n oud-Victoria Kollege-student, lid van die Studenteraad, voorsitter van die R.U.C. Students' Christian Association, lid van die eerste rugbyspan en kandidaat vir die B.A. Honneurs in Geskiedenis. Kyk The Rhodian, vol. 3, 1913-14.

77. Persoonlike Herinneringe, L.M. Dold. Vgl. ook Korrespondensie, L. Brumage/PFvdS, 13.11.1970. Van die vier of vyf dogters kon ook die name vasgestel word van Gwen (getroud met N.M. Halse) en Eve, die jongste, in 1922 verloof aan 'n mnr. Emmett. Kyk The Rhodian, vol. IV, no. 3, p. 132; vol. V part II, Nov. 1917, p. 88; vol VI, no. 2, Nov. 1920, p. 64 en vol. VII, no. 2, Nov. 1922, p. 38.

78. Beaufort-Wes Munisipale Skoolraad, Notuleboek: notules 13.11.1913 en 11.12.1913. Mej. Jennings se reiskoste is terugbetaal, op voorwaarde dat sy langer as 'n jaar sou aanbly. Kyk notule 12.3.1914.

In die najaar van 1914 het die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek en is Suid-Afrika deur kabinetsbesluit, later deur die parlement gesanksioneer, in die stryd betrek.⁷⁹ Van die woelinge in Afrikanergeledere en die teenstand teen oorlogsdeelname het Eric Louw d  r in Grahamstad seer sekerlik nie juis gewaar geword nie. Ook van sy pa se kant kon hy nie juis enige informasie of leiding dienaangaande verkry het nie, want J.A. Louw, hoewel pynlik bewus van die breuk tussen Botha en Hertzog en die nagevolge daarvan, het voorasnog en as troue landsburger die regering in sy oorlogsbesluit gesteun.⁸⁰ 'n Rukkie later, vroeg in November 1914, het hy selfs meege- doen aan 'n veroordeling van die "traitorous conduct" van manne soos Maritz, De Wet, Beyers en andere.⁸¹

As "patriotiese Suid-Afrikaner" het Eric Louw op die oproep van die eerste minister, genl. Botha, gereageer en as vry- williger aangesluit.⁸² Volgens eie verklaring, was hierdie stap gemotiveer deur koerantberigte oor die dreigende Duitse invalle in die Unie.⁸³ Oor hierdie optrede van Louw sou daar in later jare sporadies wenkbroue gelig, vrae gevra en selfs aangedikte vertellings vir die waarheid verkondig word. Dat

79. Vir meer besonderhede, raadpleeg S.B. Spies: "The Outbreak of the first World War and the Botha Government" (South African Historical Journal, nr. 1, November 1969).

80. Kyk hoofstuk 1, p. 27.

81. Kyk hoofstuk 1, p. 29.

82. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 20.

83. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 20.

'n man wat in sy latere politieke loopbaan so 'n vuurvreter-Nasionalis was, in 1914 aan regeringskant aan die oorlog kon deelneem en selfs, soos inderdaad die geval met Louw was, 'n handjie kon hê in die onderdrukking van die Rebelle, was feitlik vergesog. Vir diegene wat hom wou bykom, was dit skynbaar 'n handige stok om hom mee te slaan. Dieselfde lot sou later ook persone soos J.G. Strijdom, J.F.J.(Hans) van Rensburg, Jan Wilkens en G.H.F. (Kappie) Strydom tref, almal vanweë deelname aan die Eerste Wêreldoorlog.

Wat dan, was die omstandighede waaronder Eric Louw tot hierdie stap oorgegaan het?

Volgens sy diensrekordkaart was Louw op aktiewe diens vanaf 7 November 1914 tot 20 Julie 1915.⁸⁴ Op die oog af wil dit dus voorkom asof hy wel na die uitbreek van die Rebelle aansluit het, soos deur kritici⁸⁵ en selfs deur 'n baie goeie vriend uit sy Grahamstad-jare beweer is.⁸⁶ Daarteenoor staan

84. Suid-Afrikaanse Weermagargief: Diensrekordkaarte, Wêreldoorlog I.

85. Queenstown Daily Representative, 5.1.1921 en 7.12.1921. 'n Sekere mnr. Greef, wat in dieselfde regiment as Louw gedien het, het tydens Louw se twee verkiesingsveldtogte in Queenstown vrae oor sy deelname gevra. Ook kol. A.P.J. Wares, bevelvoerder van die regiment waarin Louw hom bevind het, sou baie jare later, toe hy en Louw in die teenoorgestelde banke in die Volksraad gesit het, by geleentheid wanneer Louw oor republikanisme gepraat het, hom in die verleentheid probeer bring het deur na dié dae terug te verwys. Kyk Arthur Barlow's Weekly, 16.12.1944: "Almost in Confidence".

86. Persoonlike Herinneringe, L.M. Dold.

Louw se eie getuienis dat hy by aansluiting nie bewus was van die ware toedrag van sake nie en dat die nuus van die "valse" invalsberigte en die uitbreek van die Rebelle vir hom 'n skok was.⁸⁷ Louw se verklaring, in die vorm van herinneringe wat ongeveer vyftig jaar na die gebeure opgeteken is, word tot 'n mate gesteun deur die herinneringe van iemand wat die hele tyd sedert aansluiting saam met hom was, nl. Llewellyn Brumage. Hy stel dit so:

"I can safely claim to have been his 'half-section' for we were invariably on the same guard duties, etc., and my place in the tent was next to his."⁸⁸

Van Eric Louw se aansluiting by die leër herinner hy hom die volgende:

"About the middle of Oct. 1914 six Rhodes students suddenly downed their note books and pens and went and joined up at the Magistrate's office. Next day they proceeded to P.E. for training. A few days later Eric Louw joined us at P.E. and a month or so later Kenneth Graham (later Advocate Graham) also joined us, making eight. We kept together ... After we had been training for 6 weeks - drill, P.T. and rifle-shooting - the Rebellion broke out."⁸⁹

In Brumage se herinneringe is daar skynbare teenstrydighede. Krygswet is op 12 Oktober afgekondig, nadat Maritz gerebelleer en na die Duitsers oorgestap het. Die Rebelle het egter eers teen die einde van Oktober sy beslag gekry, terwyl die eerste werklike botsings tussen die rebelle en regeringsmagte in die

87. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 20.

88. Korrespondensie, L. Brumage/PFvdS, 3.4.1970.

89. Korrespondensie, Brumage/PFvdS, 16.11.1970. Hy was 'n mede-student aan Rhodes, geregistreer vir die Intermediate kursus. Kyk The Rhodian, vol. IV nr. 1, p. 24, en R.U.C. Calendar, 1914 - 16.

paar dae tussen 11 en 16 November plaasgevind het. In hierdie tyd is die eerste rebelle, ongeveer 600 in getal, gevange geneem.⁹⁰

Volgens sy diensrekordkaart⁹¹ het Brumage op 20 Oktober aangesluit, dus ongeveer agtien dae voor Louw. Op die stadium toe Louw dus aangesluit het, was die nuus van die uitbreek van die Rebellie al taamlik goed bekend. Berigte oor Maritz se verraad en ook oor die aktiwiteite van De Wet, Beyers en Kemp teen die einde van Oktober het ook teen hierdie tyd al in die pers verskyn.⁹²

Brumage se bewering dat die Rebellie ses weke na sy aansluiting uitbreek het, is 'n herinneringsfout, soos duidelik blyk uit die feit dat hy beweer dat hulle onmiddellik aangesê is om na Kimberley te gaan om gevange rebelle op te pas en te help om die Rebellie te onderdruk. Op daardie stadium was die werklike opstand skynbaar al iets van die verlede en was die rebelle-leiers verstrooi en op vlug. Hy het skynbaar die uitbreek van die Rebellie verwar met die opdrag om na Kimberley te gaan.

90. M.C.E. van Schoor: "Rebellie", I (Die Huisgenoot, 28.8.1964); G.D. Scholtz: Die Rebellie, 1914 - 1915, pp. 215 - 279.

91. S.A. Weermagargief: Diensrekordkaarte, Wêreldoorlog I.

92. Die Beaufort-Wes koerant het bv. in 'n hoofartikel op 14 Oktober na Maritz se optrede verwys, met opskrif "Verraders". Op 28 Oktober weer was die opskrif van 'n hoofartikel "Nog Meer Verraders" en word heftige kritiek uitgespreek teen die optrede van genls. De Wet, Beyers, Kemp en andere. Kyk ook Van Schoor: "Rebellie", II (Die Huisgenoot, 21.8.1964).

Daar is egter sekere omstandighede wat in ag geneem moet word voordat 'n oordeel gevel word. Eerstens is daar die feit dat nuus omtrent die opstandsbeweging van owerheidsweë gesensor is en dat feitlik net nuus wat pro-regering was, gepubliseer kon word.⁹³ In elk geval was daar feitlik geen persmedium wat die opstandelinge goedgesind was nie. Afgesonderd van die buitewêreld dár in Grahamstad en geheel-en-al buite die dampkring van onrus en verset in Transvaal en die Vrystaat, was die kans baie gering dat Louw met die werklike feite of selfs net met die rebelle se kant van die saak bekend sou kon wees. Trouens, dit was skynbaar ook sy vader se probleem in Beaufort-Wes, waar die plaaslike koerantjie kwaai kritiek teen die rebelle uitgespreek het. Hierby moet ook nog in aanmerking geneem word die werk- en sosiale kringe waarin Louw verkeer het en, les bes, sy vader se moontlike beïnvloeding, veral waar laasgenoemde op daardie tydstip nog sterk anti-Rebellie was.⁹⁴

Louw se latere verwerse teen die kritiek wat teen hom ingebring is oor sy deelname aan die onderdrukking van die Rebelle en aan die Suidwes-velddtog moet ook gesien word in die lig van die besondere omstandighede waaronder dié kritiek uitgespreek is, nl. op politieke vergaderings waar dit die oogmerk van opponente was om hom by sy eie mense in diskrediet te bring. Daar is baie goed besef dat die Rebelle 'n teer punt in die politieke mondering van die Nasionaliste was.

Toe hy in die algemene verkiesing van 1921 as kandidaat in Queens-

93. Van Schoor: "Rebellie" I en II (Die Huisgenoot, 21 en 28.8.1964).

94. Kyk hoofstuk 1, p. 50 - 52.

town die stryd gaan voer het, is hy deur iemand wat in dieselfde regiment as hy diens gedoen het, uitgevra na die datum waarop hy aangesluit het. Louw het sy optrede s6 verklaar, en daarmee tegelykertyd 'n aanduiding gegee van die dilemma waarin hy hom bevind het:

"Mr. Louw said when it was reported that the Germans had invaded Union territory he immediately volunteered for service to fight for what he was fighting for now - freedom. Having joined he naturally had to obey orders and take part in the operations against the rebels."⁹⁵

In sy herinneringe het Louw vertel dat hy onmiddellik nadat hy van die ware toedrag van sake te wete gekom het, pogings aangewend het om sy ontslag uit die leër te verkry, dog sonder enige sukses.⁹⁶

In die tussenverkiesingsveldtog in Queenstown aan die einde van 1921, toe Louw weer as Nasionale kandidaat die setel beveg het, het dieselfde persoon probeer voorgee dat die regiment waartoe hy en Louw behoort het, spesiaal opgeroep is om die rebellie te onderdruk, dog Louw het dit ten enemale ontken.⁹⁷

In die lig van bostaande kan dus gekonkludeer word dat Eric Louw wel ten tye van sy aansluiting bewus moes gewees het van die opstand onder Afrikaners in die binneland, dog ook dat

95. Queenstown Daily Rep., 6.2.1921.

96. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 20 en 21. Hy het persoonlik aan sy "baas", regter Hutton, geskryf en gevra dat hy sy invloed moes gebruik om sy ontslag te kry, dog sonder sukses.

97. Queenstown Daily Rep., 7.12.1921.

hy wel nie op hoogte was met die presiese omvang daarvan of die besondere omstandighede wat die optrede van die protes-teerders ten grondslag gelê het nie. Dit kan selfs geredelik aanvaar word dat hy hom skerp oor die optrede van die rebelle uitgespreek het, dog ook dit het geskied voordat hy deur sy vader tot ander insigte gebring is. Toe dit wel gebeur het, was dit reeds te laat en kon hy nie daarin slaag om sy ontslag te kry nie. Brumage getuig só van Louw se houding en optrede in hierdie verband:

"I have always felt that he would not have joined up had he known that the Rebellion would break out, for, although he never discussed the Rebellion, one could see that it had a worrying effect on him (one could hardly blame him!) and it appeared to be a relief to him when we were sent to G.S.W., where he would be against the Germans and not against his own birth and kin."98

Uit bogenoemde verklarings kom 'n verdere vraag na vore, naamlik wanneer hy deur sy vader omtrent die "ware toedrag van sake" ingelig is?

Teen die einde van Oktober 1914 was J.A. Louw nog skepties oor die optrede van die rebelle, soos blyk uit sy ondersteuning van 'n mosie waarin die Rebelle afgekeur word, tydens 'n besoek van Merriman aan Beaufort-Wes.⁹⁹ Toe Louw op 7 November 1914 op aktiewe diens gegaan het, was hy skynbaar nog nie van die "werklike posisie" bewus nie. Of daar enige korrespondensie tussen vader en seun was gedurende die tyd wat Louw in Kimberley gehelp het om rebelle op te pas, is hoogs te betwyfel,

98. Korrespondensie, Brumage/PFvdS, 3.4.1970. B. se onderstreping.

99. Kyk hoofstuk 1, p. 29.

daar alle pos deur die regering gesensor is. Dit moet egter nie buite rekening gelaat word nie dat Louw, terwyl hy in diens was, vry naweke gekry het en dat hy sodanige geleenthede sekerlik sou benut het om besoeke aan sy ouerhuis, wat per trein baie maklik bereikbaar was, af te lê. Brumage se ontleding van Louw se gevoelens omtrent die saak dui daarop dat die nuwe insigte waarskynlik op 'n baie vroeë stadium van hul verblyf in Kimberley by Louw aanwesig was - en dus ook by sy vader, van wie Eric Louw sy inspirasie gekry het. Baie beslis het hierdie frontverandering voor die helfte van Maart al plaasgevind, want op daardie tydstip het die regiment waartoe Eric behoort het, per trein deur Beaufort-Wes gereis, op pad na Kaapstad waar 'n boot gehaal moes word om die troepe na Suidwes-Afrika te vervoer. Eric het sy mense per telegram versoek om hom op die stasie te kom sien. Volgens Brumage was die gevoelens maar bra gespanne tydens hierdie ontmoeting:

"One could see at a glance that his parents were not in the least interested or thrilled at seeing him in khaki and neither were they interested in his comrades."¹⁰⁰

Die groepie van agt Rhodes-studente het gedien in die 4th Troop, B. Squadron Southern Rifles, met lt.-kol. A.P.J. Wares as bevelvoerder.¹⁰¹ Nadat hulle ongeveer ses weke lank in Port Elizabeth vir oorlogvoering voorberei het, is die regiment van ongeveer 1 000 lede per trein na Kimberley, om gevange

100. Korrespondensie, Brumage/PFvdS, 16.11.1970.

101. Korrespondensie, Brumage/PFvdS, Aug. - Sept. 1972.

rebelle aldaar te bewaak en om te help om die Rebelle te onderdruk deur in Ford "box bodies" die gebied rondom Kimberley te patroleer.¹⁰² In die mynkamponge rondom Kimberley het Eric en sy vriende vir die volgende paar maande hul taak as bewaarders uitgevoer. Van die vernaamste leiers van die Rebelle is na Pretoria en Johannesburg gestuur. Daar is sprake dat Louw vir genl. Kemp as bewaarder vergesel het toe laasgenoemde, wat ernstig siek was, na Johannesburg gestuur is.¹⁰³ Tussen die rebelle en hul oppassers het daar by die Bultfontein Floor Compound, waar Louw en sy vriende hulle bevind het, 'n besonder goeie gees geheers. Hiervan getuig 'n episode toe Brumage en Louw, terwyl hulle op diens was, heerlik saamgesmul het aan lekkernye en eetgoed wat een van die gevange rebelle van die huis ontvang het: "So, I kept cavé while Eric went in and then he kept cavé for me. Had we been 'copped' there would have been terrible trouble for us!"¹⁰⁴

Van die omstandighede dáár in die Bultfontein Compound en die taak van die "oppassers", word die volgende beskrywing gegee:¹⁰⁵

102. Korrespondensie, Brumage/PFvdS, 16.11.1970.

103. Korrespondensie, Brumage/PFvdS, 16.11.1970.

104. Korrespondensie, Brumage/PFvdS, Aug. - Sept. 1972.
 Hierdie rebel was 'n ou kennis van Brumage, ene Van Niekerk, met wie hy jare tevore kennis gemaak het op die skip op pad na Nairobi, waar Brumage woonagtig was. Van Niekerk, wat ook aan die Victoria Kollege gestudeer het, was toe op pad om 'n wetspraktyk te Nairobi te gaan open. Hy het glo ook opgetree as sekretaris van rebelle-leier genl. Conroy.

105. Korrespondensie, Brumage/PFvdS, Aug. - Sept. 1974.

"Our compound ... was built in the form of a square with rooms on all four sides and all opening inwards into a large yard, nearly 100 yds. square. There was only one door opening into this square from outside and, of course, the whole thing was extremely well guarded. The "rebels" spent most of their time in the large central yard where trees afforded shade. Each day two of us, unarmed except for side-arms (bayonets) were detailed to walk around among the "rebels" just to see that all was well, etc. (Never did one of the rebels show any animosity towards us!)."

In Maart 1915 het die bevel gekom om na Suidwes-Afrika te verskuif. In Kaapstad het die troepe die S.S. Gaika gehaal, op pad Walvisbaai toe.¹⁰⁶ Op die oorvol skip moes elkeen maar vir hom 'n slaapplekkie op die dek probeer vind, en boonop het sy eerste van baie seereise geensins met Eric geakkordeer nie. Die regiment was vir 'n tyd lank te Walvisbaai gestasioneer, met vernaamste take om die strategiese hawe te bewaak en om patrol-liediens oor die omliggende sandduine en te midde van stofstorms te verrig.¹⁰⁷ Vanweë sy perfekte tweetaligheid is van Eric Louw

106. Korrespondensie, Brumage/PFvdS, 16.11.1970. Bronne in die S.A. Weermagargief toon aan dat die S.A. Gaika gedurende Maart twee reise Suidwes toe afgelê het, nl. op 13 en op 27 Maart, dog daar was geen groep van die Southern Rifles aan boord nie. Die 1st Southern Rifles het vroeër met die Galway Castle en die 2nd Southern Rifles met die Prof. Woerman na Suidwes vertrek. Kyk S.A. Weermagargief: German South West Africa Campaign, box 11: Departures.

107. Korrespondensie, Brumage/PFvdS, 16.11.1970.

se dienste gebruik gemaak by die sensor van briewe van manskappe wat aan die veldtog deelgeneem het.¹⁰⁸ Wanneer daar, uit pure verveeldheid, literêre talentkompetisies gehou is, was Louw die beoordelaar "because he was so good at English and he know so much about English classics." Met Engels-sprekendes het hy altyd beleefd Engels gepraat en sy kamerade kon geen spoor van antipatie teen Engels-sprekendes by hom vind nie. "What I think he hated", was Brumage se baie interessante en raak waarneming, "was the British Government which had waged an unjust war against the Boers."¹⁰⁹ Sou Louw dalk daar in die eensaamheid van Suidwes die storie van die Britse inval in Smithfield aan Brumage vertel het?

Terwyl die regiment nog te Walvisbaai gestasioneer was, het die Basterleier Cornelius van Wyk daar gearriveer, heel pad vanaf Rehoboth af per voet oor die sandduine. Van Wyk wou met genl. Botha, wat op daardie stadium te Swakopmund twintig myl verder was, 'n samespreking voer oor die toekoms van sy mense indien die Unie-regering beheer oor die gebied sou oorneem. Dit is aan Eric Louw opgedra om op die saak in te gaan, Van Wyk se saak "in the best legal manner" op skrif te stel en om daarna saam met hom per goederetrein na Swakopmund te gaan om Botha te siene te kry.¹¹⁰ Van Wyk is tevrede terug na

108. Korrespondensie, Brumage/PFvdS, Aug. - Sept. 1972.

109. Korrespondensie, Brumage/PFvdS, 16.11.1970.

110. Korrespondensie Brumage/PFvdS, Aug. - Sept. 1972. Bevestiging dat Cornelius van Wyk, hoofman van die Basters te Rehoboth, wel vir Botha gaan spreek het, is in die Smuts Papers verkry; in die betrokke telegram word egter niks vermeld van 'n begeleide nie. Kyk Smuts papers, band 112 no. 18: Telegram gen. Botha/gen. Smuts, 3.4.1915.

Rehoboth, terwyl genl. Botha aan genl. Smuts kon kabel dat Van Wyk, 'n invloedryke man, "well disposed" jeens die regering was.¹¹¹

Vanaf Walvisbaai, waar die regiment vir 'n geruime tyd gestasioneer was, is hulle per trein na Ebony, en vandaar per voet na Usakos.¹¹² Langs die pad is 'n groepie van ses, waaronder Brumage en Louw, by 'n spoorbruggie te Stingbank gelaat, om dié te bewaak. Daar sou hulle bly tot aan die einde van die Suidwes-veldtog.¹¹³

Van die verblyf daar in die oopte vertel Brumage:

"Life was not too bad there, except, of course, that we did not get much sleep at night. We lived cheeply on bully beef and biscuits, only two pints of water each per

111. Smuts Papers, band 112 no. 18: Telegram Gen. Botha/Gen. Smuts, 3.4.1915.

112. Korrespondensie Brumage/PFvdS, 16.11.1970. Eric Louw was 'n ywerige fotograaf en het honderde foto's op die Suidwes-veldtog geneem. Op een van 'n paar wat oorgebly het, verskyn Louw, Brumage en 'n paar vriende met hul "full kit" pas voordat hulle die staptog aangepak het. Brumage se inskripsie agter op die foto lui gedeeltelik so: "We had to carry: Rifle, 150 round amm., 2 blankets, overcoat, haversack of bullybeef & biscuits & 2 waterbottles."

113. Korrespondensie, Brumage/PFvdS, 16.11.1970. Uit fotos wat bewaar gebly het, blyk dit dat die groepie bestaan het uit Louw, Brumage, J.C. Hops (rugbykaptein van Rhodes en deelnemer aan die 1912 Springbok-proewe), E.K. (Jumbo) Tredgold, E.F. Cochrane en W. (Bill) Olivier. Van al hierdie persone is diensrekordkaarte in die S.A. Weermagargief te vinde, hoewel net op Louw en Brumage se kaarte datums aangeteken is.

day. However, we kept wonderfully well and I'm sure Eric had never been better or more robust in the whole of his life. Sometimes we managed to shoot a buck or guinea-fowl for the pot."¹¹⁴

Onder dié omstandighede kon Eric nie help nie om Brumage kort-kort daaraan te herinner hoedat hy (Brumage) in die kampongs by Kimberley en teen alle bevele in, met 'n rebel vriende gemaak het, as gevolg waarvan hulle twee kon deel in die allerheerlikste eetgoed wat die rebel van die huis ontvang het. "What about fraternizing with the enemy, Brum?", sou Eric lakoniek opmerk as die skaarste aan eet- en drinkgoed daar in die veld kwaai gedruk het.¹¹⁵

'n Interessante uiteensetting van die omstandighede waar- onder Eric Louw en sy makkers hulle in Suidwes bevind het, word ook gevind in 'n verslag van die goewerneur-generaal van die Unie, burggraaf Buxton, na afloop van 'n besoek aan die front teen die einde van Maart 1915. Hoewel die verskuiwende sandduine van Lüderitz in die omgewing van Swakopmund afwesig was, was dié gebied ook maar grootliks "rainless desert and sand ... no vegetable life, nor indeed animal either, is to be seen from the railway." Die hitte was kwaai en water baie skaars. Ten spyte van dié ontberings, was die moraal van offisiere en manskappe besonder hoog, was Buxton se bevinding na 'n uitgebreide besoek aan die verskillende fronte en basisse.¹¹⁶

114. Korrespondensie Brumage/PFvdS, 16.11.1970.

115. Korrespondensie Brumage/PFvdS, Aug. - Sept. 1972.

116. Smuts Papers, band 112 no. 16A: Visit of Governor-General of Union of South Africa to German South West Africa (20 - 27.3.1915), pp. 18 - 21.

Miskien het die groepie by die spoorbruggie te Stingbank ook, soos oral gebeur het, die Goewerneur-generaal gesalueer toe hy daar verby is. Dalk het laasgenoemde dieselfde gesien as by Lüderitz:

"The men stood at attention and presented arms as I passed. They were in drill order, which means out there, for most of the infantry, a khaki shirt with sleeves rolled up and shorts above the knee, and putties round the calf of the leg, the exposed knee and leg being burnt a deep brown colour by the effects of the sun and sand. The usual costumes of the blockhouse sentries on hot days consists, I understand, only of a helmet, bandolier, goggles and veil!"¹¹⁷

In Julie 1915 het die Southern Rifles na Suid-Afrika teruggekeer en is die regiment ontbind.¹¹⁸ Sommige van sy vriende het besluit om in die leër aan te bly, dog Eric Louw het die kans met albei hande aangegryp om sy ontslag te neem. Louw is terug na Grahamstad, saam met Brumage en 'n ander student wat van hul besittings wou gaan haal voordat hulle weer weggestuur sou word. Omdat die koshuise in die vakansie gesluit was, het Eric hulle aangeraai om vir 'n paar dae in "Jenningsdorp" tuis te gaan, op sy onkoste. Louw se bedagzaamheid is hoog op prys gestel.¹¹⁹

117. Smuts Papers, band 112 no. 16A: Visit of Governor-General ..., p. 4.

118. Korrespondensie Brumage/PFvdS, 16.11.1970 en Aug. - Sept. 1972.

119. Hierdie goeie daad is in stilte verrig. Toe die twee vriende die Maandagoggend, nadat Eric Louw gegroet het en werk toe is, hul rekenings by die eienares wou gaan vereffen, wou sy niks weet nie en het sy gesê dat Louw klaar met haar gereël het, omdat hy hulle as sy gaste beskou het. Korrespondensie, Brumage/PFvdS, Aug. - Sept. 1972.

Brumage verskaf self 'n samevattende waardering en karakterisering van Eric Louw gedurende hierdie opspraakwekkende episode in sy gebeurtenisvolle loopbaan:

"Eric was a reserved fellow. At first he appeared to be a bit "stand-offish", but when we all got to know one another more intimately he became one of us and we all enjoyed his conversation and wittisims. He kept rather to himself as far as sport were concerned and took no interest in the rugby and soccer which we used to play at Walvis, and neither did he join in our games of Bridge, which we often played when off duty ... he was under all circumstances most particular about his personal appearance. As a matter of fact this trait in his nature and also, his not taking part in sport led to some of the fellows speaking of him as a "sissy". However, never once did Eric report sick, and he endured the hardships in South-West just as well as the rest of us. He took it all in good part!"¹²⁰

"Eric had a kind heart and high ideals. He sometimes gave the impression of being conceited, but this was because he was a super perfectionist in all he did, to the smallest detail, and he took pride in doing things to the best of his ability. He was most particular about his personal appearance - even in the wilds of Africa."¹²¹

Terug in Grahamstad, het Eric Louw feitlik onmiddellik weer sy werk by die Hooggeregshof hervat.¹²² Rekrutering vir die regering se voorgename veldtog na Oos-Afrika was in volle swang en sterk druk is op hom uitgeoefen om weer aan te sluit. Hy

120. Korrespondensie, Brumage/PFvdS, Aug. - Sept. 1972.

121. Korrespondensie, Brumage/PFvdS, 16.11.1970.

122. Korrespondensie, Brumage/PFvdS, 16.11.1970.

het egter konstant geweier en sy redes openhartig genoem.¹²³
Die reaksie hierop was skerp.¹²⁴

"Die gevolg was dat 'n "spesiale boikot" op my toegepas is. Vorige goeie vriende wou met my niks te doen hê nie, en ek kon selfs nie eens mense kry om met my tennis te speel nie! Huise van vorige vriende was vir my gesluit ... Dit was 'n uiters onaangename tyd wat ek toe deurgemaak het."

Dit was vir hom 'n riem onder die hart dat sy "baas", regter Hutton, nie 'n soortgelyke houding ingeneem het nie. Hy het wel vir Eric gesê dat hy, na sy mening, uit pligsbesef beroort aan te sluit, dog bygevoeg dat hy sy gevoelens respekteer. "Hy was 'n 'gentleman' in die volste sin van die woord", kon Eric getuig van die man tot wie hy vroeër 'n versoek gerig het om te help om hom uit die leër te kry, maar wat toe nie sy weg daartoe oopgesien het nie.¹²⁵

Asof die sosiale boikot teen hom nie genoeg was nie, het die verhouding met José ook skeefgeloop. Waar hy tydens die Suidwes-veldtog feitlik elke dag 'n brief aan haar geskryf het,¹²⁶ het die verhouding skielik begin afkoel, moontlik juis ook vanweë Eric se volharding om nie verder aan die oorlog deel te neem nie.¹²⁷

Soos te begrype, was daar in 'n stad soos Grahamstad geen groter

123. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 21.

124. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 21 en 22.

125. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 25.

126. Korrespondensie Brumage/PFvdS, 16.11.1970.

127. Korrespondensie Brumage/PFvdS, 16.11.1970;
Persoonlike Herinneringe, mev. Jordaan.

helde nie as juis hulle wat die wapen opgeneem het. Dié gees spreek duidelik uit 'n artikeltjie in die plaaslike studenteblad, waarin gewys is op die lewensverlies van etlike studente:

"But sacrifice it seems there must be, and were Rhodes alive to-day his eye would kindle to see the youthful College rising to the occasion, shouldering its responsibilities and striving, along with other institutions, to get into the forefront of battle, there to do or die for the Empire!"¹²⁸

Daar sou gevolglik maar taamlik skeef gekyk word na iemand wat wel vroeër gaan veg het, maar toe skielik geweier het en ook glad nie skaam was om die redes vir sy weiering openbaar te maak nie. Vir Eric Louw was dit geensins 'n saak van "to do or die for the Empire" nie.

Aan die einde van 1916 het Eric Louw sy LL.B.-eksamen afgelê en is hy nog in dieselfde jaar as advokaat tot die Balie toegelaat.¹²⁹ Hieroor is hy weer self aan die woord:¹³⁰

"Ten spyte van die gevoel teen my, het ek besluit om by die Oostelike Distrik Hof te praktiseer. As gevolg van my werk as Registrateur van die regters gedurende

128. The Rhodian, vol. IV no. 3, June 1916, p. 108.

129. E.H. Louw: Ek Kyk Terug, (ms.), p. 23. Hy noem foutiewelik dat hy in 1917 afgestudeer en as advokaat begin praktiseer het. Vgl. egter The Rhodian, vol IV no. 4, Nov. 1916, p. 200, waar Louw in die rubriek "O.R. Notes" gelukgewens word met sy eksamenuitslag en die feit dat hy "onlangs" as advokaat tot die Hooggeregshof toegelaat is.

130. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 23 - 26.

etlike jare was ek goed bekend – en nog altyd goed bevriend met die plaaslike prokureurs. Ook het my toer met die Rondgaande Hof my die geleentheid verskaf om taamlik goed bekend te raak met die Afrikaanssprekende prokureurs op plekke soos Cradock, Graaff Reinet, Aliwal Noord, Dordrecht, Burgersdorp, Adelaide, Somerset Oos en Middelburg, waar die Hof gereeld gesit het. En dan was daar ook die prokureurs van die omliggende dorpe wat gewoonlik die Hofsettings bygewoon het.

"In 'n gees van optimisme en vertroue het ek toe my praktyk begin. Wat betref die houding van die prokureurs op Grahamstad was ek spoedig ontnugter! Met uitsondering van Sir Cuthbert Whiteside wat my goed ondersteun het en taamlik baie werk gegee het, het ek van die ander vier firmas, gedurende my eerste jaar by die Balie slegs één ghinie se werk gekry. En hulle was manne wat ek goed geken het, saam mee tennis gespeel het, en wat onder gewone omstandighede my die gewone een ghinie opdragte sou gegee het – opdragte wat gewoonlik bloot formeel is en geen besondere regskenning of bekwaamheid vereis nie. In elk geval, die werk wat ek van Whiteside en Flanagan gekry het, het ek myself goed van gekwyd, en selfs lofbeituigings van die regter ontvang. Dit was dus duidelik dat ek met 'n georganiseerde boikot te doen gehad het.

"Met die Rondgaande Hof het dit taamlik goed gegaan, en ek het van Afrikaanse prokureurs taamlik werk gekry. Ongelukkig het hierdie prokureurs van my vergeet toe ek op Grahamstown terug is! Baie van hulle het sake na Grahamstown gestuur maar met 'n paar uitsonderings het hulle nie daaraan gedink om aan hul "korrespondent" daar opdrag te gee om die werk aan my te gee nie. Hul sake het gegaan na advokate wat in simpatie was met die boikot teen my. Die versuim van Afrikanerprokureurs van die platteland, om hul mede-Afrikaner advokate met werk te voorsien is 'n algemene verskynsel ook in die ander Provinsies en Afdelings ...

"Danksy die gulle ondersteuning van Sir Cuthbert Whiteside (wat bewus was van die boikot en geweier het om daarmee saam te gaan) en die inkomste wat ek met die Rondgaande Hof gekry het was ek in staat om in 1918 dit te waag om in die huwelik te tree met mej. Anna Snyman van Oos Londen."

Nie lank nadat die verhouding met Josephine Jennings verbreek is nie, het die jong en elegante Anna Snyman, 'n musiekleerling van die plaaslike Training College, Louw se oog gevang. Die dames van die College was baie gewild by die jongmans van die dorp.¹³¹ Hoewel daar vryelik oor die taalgrens heen gemeng is, was dit byna vanselfsprekend dat die klein groepie Afrikaanstalige jongmense mekaar se geselskap gereeld sou opsoek.¹³² Anna Snyman was 'n besondere begaafde violiste¹³³ en dit was juis tydens een van haar optredes, by geleentheid van die ontvangs van die eerste Hollandse predikant op Grahamstad, dat die twee mekaar ontmoet het. Op die geselligheid het Eric vir neef Johnny Louw, die tandarts, gevra om hom aan die aanvallige jong kunstenaars voor te stel. Hierdie eerste geselsie is twee weke later opgevolg met 'n "toevallige" ontmoeting aan huis van Johnny Louw. Hoewel haar eerste indrukke was dat Eric Louw "te oud" vir haar was, het daar gou 'n stewige verhouding tussen hulle ontwikkel en het hulle binne 'n jaar verloof geraak. Nie lank daarna nie, op 6 Julie 1918, is hulle in die N.G. Kerk te Oos-Londen getroud.¹³⁴

131. Persoonlike Herinneringe, L.M. Dold.

132. Persoonlike Herinneringe, Mev. A.M. Louw.

133. Eric Louw-versameling, band 132: Plakboek. Hierin is 'n aantal uitknipsels, sonder datum, in verband met konserte waartydens sy opgetree het. Sy is hoë lof toegeswaai, en volgens een berig het sy haar Lisensiaat ("performers") uitstekend ("brilliantly") geslaag. Op 'n ander uitknipsel het sy geskryf: "This might interest you!" Mnr. Dold, in sy Persoonlike Herinneringe, het gemeld hoe besonder gewild die uitvoerings van die musiek-afdeling van die Training College in Grahamstad was.

134. Persoonlike Herinneringe, Mev. A.M. Louw; E.H. Louw-vers., band 132: Plakboek met troukaartjie daarin vasgeplak.

Só het Louw die aanbreek van hierdie nuwe fase in sy persoonlike
lewe onthou:¹³⁵

"Ons het 'n klein en eenvoudig-gemeubileerde huisie gehuur
en daar ons huwelikslewe begin. Ons moes suinig lewe -
maar wat wou! ons het darem nie honger gely nie, en
selfs een keer 'n week na die bioskoop kon gaan."

Dié rustige en idilliese lewenswyse sou egter van korte duur
wees.

135. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 27.

VAN ADVOKAAT TOT SAKEMAN, 1918 - 1924

Ook Eric Louw het nie skotvry uit die Groot Griep gekom nie; terwyl hy saam met die Rondgaande Hof op 'n sessie deur die Oostelike Provinsie was, het hy te Dordrecht 'n ligte aanval van die gevreesde siekte gekry. Toe 'n mede-advokaat dit ook opgedoen het en daar oorlede is, moes die verrigtinge van die Hof opgeskort word. Boonop het Louw in hierdie dae 'n telegram ontvang van sy vader se siekte en die ernstige wending wat dit geneem het. Hy het hom dadelik na Beaufort-Wes gehaas en was net betyds om hom saam met sy moeder en susters om die sterfbed van hul vader te skaar.¹

Vanweë die gevare van verspreiding van die siekte, is J.A. Louw stil-stil begrawe en kon die gepaste hulde nie aan 'n geëerde lid van die gemeenskap betoon word nie. Inderdaad was daar slegs drie mense op sy begrafnis teenwoordig, nl. ds. J.G. Steytler, Eric self en mnr. Martiens Mostert, een van Louw se winkel-klerke.²

Na afloop van die begrafnis het Eric en sy moeder die posisie deeglik in oënskou geneem.³ Die groot vraag was wat nou gedoen moes word met die florerende sake-onderneming wat oor soveel

1. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 27.

2. Vivier: Hooyvlakte, p. 55. Een van die voorsorgmaatregels teen die griep was dat groot byeenkomste van mense nie moes plaasvind nie. Kyk W.O. Kühne: „Die groot Griep van 1918” (Die Byvoegsel tot Die Volksblad, 20.9.1918); Die Kourier, 16.10.1918.

3. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 27 - 31. Dié probleem word deur Louw bespreek onder die opskrif: „Sal ek - of sal ek nie?”.

jare heen met soveel toewyding en ywer opgebou is. Aan die een kant was dit te veel gevra dat sy moeder alleen daarmee moes voortgaan en nog die opvoeding van die dogters behartig. Sy was nóg voldoende onderlê nóg van geaardheid geskik of aangê om hierdie groot verantwoordelikheid op haar te neem. Daarteenoor kon Eric Louw in sy vader se skoene stap. Maar hiervoor het hy nie kans gesien nie, enersyds omdat hy oor geen sake-opleiding of -ondervinding beskik het nie en andersyds omdat hy nie van sy werk as advokaat wou afsien nie. Hy het hom voldoende in sy beroep uitgeleef en was besig om, weliswaar onder moeilike omstandighede, 'n eie praktyk op te bou.

Dan maar van die hand sit, was die slotsom waartoe geraak is. Die winkel is in die mark gesit, aankope is bevries en uitverkopings sou van tyd tot tyd gehou word om die bestaande voorraad te verminder. Eric Louw vertel self verder:⁴

"Dit was omtrent drie maande later dat die oorlog beëindig is, en daarmee het daar 'n verandering op besigheidsgebied gekom. Die algemene verwagting was dat pryse sou daal, en die gevolg was dat ons nie 'n ordentlike of aanneemlike aanbod vir die besigheid kon kry nie.

"Potensiële kopers het erken dat dit 'n uitstekende saak was, maar hulle was nie bereid om 'n ordentlike prys vir die voorraad te betaal nie, uit vrees vir die verwagte daling in pryse.

"Die posiesie het vir ons - en veral vir my moeder - moeite begin word, want nie alleen het die voorraad van sekere artikels begin laag word nie (as gevolg van uitverkopings) maar toe dit bekend was dat die besigheid op die mark is, het ons klandisie - selfs ou gevestigde klandisie - begin oorstap na ander handelsbesighede, met die gevolg dat die klandisiewaarde van die besigheid (goodwill) gesak het in waarde. Daarby het my moeder nie meer die verantwoordelikheid kon dra nie, en dit het haar gesondheid begin aantas.

"Dit was duidelik dat ons teen 'n groot verlies sou moet verkoop, en die enigste alternatief was dat ek self die

4. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 28 - 31.

besigheid oorneem. Toe my moeder die eerste keer die voorstel maak, het ek geantwoord dat ek nie kans daarvoor sien nie. Afgesien van die feit dat ek my loopbaan as Advokaat sou moet prysgee, was daar die ander belangrike oorewegings dat ek geen besigheidsondervinding gehad het nie, en dat met die verkoop van voorraad, en die verlies van klandisie ek die besigheid weer sou moet opbou.

"Intussen het my moeder haar gesondheid agteruitgegaan, en elke dag het ek klandisiewaarde van die besigheid verminder, en ek het toe ernstig begin dink aan die voorstel dat ek dit moet oorneem. My vrou en ek het baie 'konferensie gehou' en ek kon eenvoudig nie tot 'n besluit kom nie. Intussen het ek voortgegaan met my praktyk.

"Dinge het later na 'n punt begin loop. Ek moes of oorneem en herbou - of ons moes teen 'n baie groot verlies verkoop. Eintlik het ek besluit om die stoute skoene aan te trek en besighedsman te word. Maar selfs na die besluit geneem is, het ek die versoeking moes weerstaan om die besluit te herroep."

Ten die einde van April 1919 het Eric Louw hom dus op Beaufort-Wes bevind,⁵ op die drumpel van 'n nuwe loopbaan. Mev. Louw het vereers by haar ouers in Port Elizabeth agtergebly,⁶ om Eric die geleentheid te gee om dinge aan die gang te kry. In die plaaslike koerantjie, wat die nuus van sy terugkeer aangekondig het, is die mening uitgespreek dat hy 'n aanwinst vir die sosiale, sport- en sakelewe van die gemeenskap behoort te wees.⁷

Wat die „besigheid" aanbetref, moes Louw feitlik van onder af begin. 'n Voorraadopname is gedoen, waarna hy die winkel van sy moeder oorgeneem het, teen 'n bedrag aansienlik meer as wat ander kopers haar aangebied het. Hy het ook geld van sy vader se

5. Die Kourier, 23.4.1919: "Gossip's Diary".

6. Die Kourier, 14.5.1919: "Gossip's Diary".

7. Die Kourier, 23.4.1919: "Gossip's Diary".

boedel geleen en die skraps voorrade daarmee aangevul.⁸

Gelukkig vir hom, kon hy steun op die bekwame en lojale personeel wat sy vader so getrou bygestaan het, en by name veral mnr. Eduard Zickman, die hoofklerk, en mej. G. (Dolly) Theron, wat in beheer van die damesafdeling was.⁹ Met die intrapslag het hy indruk gemaak met sy nederigheid maar ook deur sy ferme houding en optrede. In die maande en jare wat sou volg, het daar 'n besondere goeie verhouding tussen hom en sy personeel ontwikkel: „Ons het hom regtig 'n baie eerlike en goeie 'baas' gevind. Hy't nooit verkeerde dinge toegelaat nie, hy't ook nooit voor klandisie met ons rusie gemaak of iets gesê nie.” By hul vriende, dikwels onvergenoegd met hul eie werkgewers, kon die personeel van Louw se winkel spog met die „ware heer” wat hulle as „baas” gehad het: hy was streng, ja-wel, maar het hulle tog baie goed behandel.¹⁰

Miskien het die groot rede vir hierdie bewondering en lojaliteit opgesluit gelê in die houding en gesindheid wat Eric Louw self teenoor die nuwe beroep ingeneem het:¹¹

“Van die begin af het ek my daarop toegelê om te leer. Alles was vir my heeltemal nuut en onbekend, en ek moes van onderaf begin. Ek het vergeet dat ek ooit advokaat was, en my toegelê op die nuwe onderneming, en ook belang daarin

-
8. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 32. Kyk ook Kantoor van die Weesheer, Kaapstad: Boedel nr. 3396/18 lêer 164/401. Die erf en geboue op erf nr. 16, Donkinstraat (boedelwaarde £1 500) is op 1.5.1923 aan Eric Louw verkoop, volgens 'n aantekening op die inventaris. By sy vader se oorlye was die waarde van die voorrade ongeveer £7 300. Die totale waarde van die boedel was £15 745.
9. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 33; Persoonlike Herinneringe, mev. G. (Dolly) Jooste (née Theron).
10. Persoonlike Herinneringe, mev. Jooste.
11. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 33 - 34.

gestel. Ek het dit alles verbasend interessant gevind, en met lus „geleer“. En in so n plattelandse algemene handelaarsbesigheid is daar n groot verskeidenheid van kennis wat moet opgedoen word. Na omtrent 9 maande het ek die verskil geken tussen die verskillende grade suiker, koffie, ens., en ek kon ook onderskei tussen n goeie en swak kwaliteit crepe de chine, georgette, of ander materiale. Ek het my ingestudeer in vroue modes, en het later self bestellings kon plaas vir dameshoede en ander kledingstukke.”

So het die taak van heropbou begin. Dit het tyd geneem om die ou klandisie, wat in die voorafgaande klompie maande noodgedwonge elders begin koop het, terug te wen. Binne n jaar na die oorname het die besigheid egter weer die peil bereik waarop dit by sy vader se oorlye gestaan het. En van toe af het dit steeds vinniger vooruit gegaan.¹²

n Gebou aan die oorkant van die straat is aangekoop en n manswinkel daar geopen,¹³ alleen-agentskappe van verskeie bekende handelware is verkry en daar is direk vanuit Engeland en Duitsland begin invoer – die „geïmporteerde“ goedere synde baie gewild onder die koperspubliek.¹⁴ Op aandrang van Louw het sy swaer, mnr. Jansie Snyman, wat in die wol- en vellehandel in Port Elizabeth gestaan het, hom op Beaufort-Wes by Eric kom skaar en sou daar voortaan goeie besigheid met die boere gedoen word.¹⁵

12. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 34.

13. Dié winkel, "Louw's Men's and Boys' Outfitting Store" is in September 1922 te Donkinstraat 88 in die „Coöperative Store Building" geopen. Kyk Die Kourier, 6.9.1922: advertensie.

14. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 35. Vgl. ook Persoonlike Herinneringe, mev. Jooste.

15. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 35. Op 27.6.1923 het daar n advertensie van "Wool Packs" onder naam van E.H. Louw in Die Kourier verskyn.

Louw sou spoedig agterkom dat daar, veral op 'n plattelandse dorp soos Beaufort-Wes, die nouste verband tussen die politiek en die handel was. Van sy vriende het hom aangeraai om hom vereers nie juis met die politiek te bemoei nie, maar eerder sy besigheid op 'n vaste voet te plaas.¹⁶ Dit het egter met sy eie-aard gebots: "My houding was egter dat ek 'n Nasionalis is, en geen rede kon sien om dit weg te steek nie."¹⁷ Hy was dan ook skaars twee maande op Beaufort-Wes toe hy by die plaaslike tak van die Nasionale Party aangesluit het.¹⁸

Sy openhartigheid oor sy politieke opvattinge, wat 'n kenmerk van sy hele politieke loopbaan sou wees, het die verwagte uitwerking gehad: S.A.P.-ondersteuners het hul inkope elders in die dorp gedoen.¹⁹ Wat egter vir hom meer griewend was, was "dat baie Nasionaliste hul inkopings by die Jode gedoen het, en by my verby gestap het. Of liever - hulle het nie altyd verby gestap nie. Hulle het eers kom politiek gesels - en toe verder gestap om hul inkopings elders te doen."²⁰ Oor die Jode asook oor die Afrikaner in die handel sou Eric later nog veel te sê hê. Hy het homself intussen in sy nuwe werksomstandighede ingegrawe, dog sy aktiewe gees en wye belangstellings sou spoedig op verskeie terreine en ten opsigte van velerlei aangeleenthede sterk na vore tree.

16. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 36.

17. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 36.

18. Louw se toetrede tot die politiek word in hoofstuk 4 behandel.

19. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 37.

20. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 37.

In September 1919 het hy 'n uitlating van 'n regter wat, met betrekking tot die verskynsel van toenemende diefstalsake, die fout by die gebrek aan "honest and reasonable trading" gesoek het, skerp in 'n brief in die plaaslike koerantjie gekritiseer en daarmee in die bresse getree vir die beroep wat hy maar so pas sy eie gemaak het. Hy het veral vir die plattelandse klein-handelaars 'n lansie gebreek: hul winste was nie hoër as voor die oorlog nie; intendeel, hulle winsgrens was inderdaad baie laag. Vir hom het die probleem eerder by spekulante gelê, en ook in die feit dat groot winste geneem word voordat goedere Suid-Afrika bereik. In ander gevalle weer was hoë pryse te wyte aan 'n ongelykheid ten opsigte van die aanvraag en voorsiening, wat op sy beurt weer die gevolge van ongekontroleerde uitvoere was.²¹

Kort hierna was hy weer prominent op 'n openbare vergadering op Beaufort-Wes, waar die ontwikkeling van die dorp ter sprake was. In beginsel, het hy gesê, was hy nie gekant teen die idee van 'n nuwe stadsaal nie, al was dit 'n sekere mate 'n luukse. Syns insiens was daar egter belangriker sake wat prioriteit behoort te kry. Hy het die gebrek aan elektriese ligte en die haglike toestand van die dorp se strate, soos blyk uit "the clouds of dust raised by a modest wind or by a passing motor", as voorbeelde opgehaal.²²

Op 'n vergadering van plaaslike kiesers in Maart 1920 het Eric Louw die saak van elektriese ligvoorsiening weer eens sterk

21. Die Kourier, 17.9.1919.

22. Die Kourier, 22.10.1919. Reeds op 16.7.1919 het die plaaslike korrespondent berig dat Beaufort-Wes moontlik elektriese ligte gaan kry en dit "n skande" genoem dat die dorp nog met olielampe moet sukkel. Kyk Die Burger, 16.7.1919.

bepleit, ter ondersteuning van 'n voorstel van die heer Dods, sy voormalige skoolhoof. Die skema is eenparig aanvaar,²³ dog dit sou nog geruime tyd duur voordat Beaufort-Wes se ligte helderder sou skyn.

Inmiddels het hy hom in die aktiewe politiek begewe, as afgevaardigde na die Herenigingskongres te Robertson te die einde van 1920 en ook as kandidaat in Queenstown in die blitsverkiezing in Februarie 1921.²⁴ Suid-Afrika se onafhanklikheid het by hom, soos by sy Nasionale leiers en die groot massa volgelinge, swaar geweeg en is tydig en miskien selfs ontydig, vanaf openbare verhoë en in die pers verkondig. Die leiding wat die Afrikaner op die terrein van die politiek en kultuur neem, was onbetwis; maar waar, het Louw in September 1921 gevra, was die Afrikaner dan op die gebied van die handel?

Hierdie verskynsel is nl. deur hom in 'n reeks van twee artikels onder die titel, "Die Afrikaner in die Handel" in September 1921 in Die Burger krities ontleed.²⁵ Verwysende na die rol wat die handel in die afname van Engeland se prestige en in die groei van die Verenigde State en Kanada as grootmoondhede gespeel het, het hy in die eerste artikel tot die slotsom gekom dat ekonomiese onafhanklikheid 'n voorwaarde vir 'n volkome onafhanklike Suid-Afrika was. Die Afrikaner het egter nagelaat om op hierdie terrein

23. Die Kourier, 10.3.1920.

24. Vgl. hoofstuk 4.

25. Die Burger, 5.9.1921 en 7.9.1921. Dié artikels het onder die skuilnaam "Handelaar" verskyn. In 'n toespraak voor 'n tak van die Afrikaanse Sakekamer, gehou in 1958, het Eric Louw outeurskap van hierdie artikels vir sy rekening geneem. Kyk E.H. Louw-versameling, band 51.

die leiding te neem. Hy het dit toegeskryf aan 'n vooroordeel by Afrikaners teen handelsberoepe, wat spruit uit die oortuiging dat dit slegs die terrein vir die Jood en die Engelsman was. 'n Ander groot oorsaak was die gebrek aan lojaliteit:

"Die dames bestel hul benodigdhede uit die katalogus van Garlick of Stuttaford, en die mans stap by die Afrikaner-besigheid verby omdat die Jood in die bo-dorp 'n sekere artikel (kwaliteit nie gewaarborg) teen 'n oulap goedkoper verkoop!"

As die Afrikaner in die toekomstige onafhanklike Suid-Afrika 'n kragtige invloed wens uit te oefen, was sy dringende boodskap, moet hy op industriële gebied en in die daaruitvoortspruitende buitelandse handel sy regmatige plek inneem. Hy moet nie net boikot nie, want dit is slegs 'n verweermiddel; nee, die Afrikaner moet "aggressief handelend" optree. Dis 'n wanopvatting, sê hy verder, dat sukses in die handelswêreld net op die beskikbaarheid van afdoende kapitaal berus. Wetenskaplike kennis, deursettingsvermoë en organisasie speel 'n baie belangrike rol in industriële ontwikkeling - en hierdie hoedanighede besit die Afrikaner syns insiens ten volle.

Sy samevattende bevinding was dat die jong opgevoede Afrikaner die belangrikheid van die saak vanuit 'n breë nasionale oogpunt moes beskou, dat die aantreklikhede van beroepe op hierdie terrein aan hulle bekend gestel moes word en dat die jongmanne dan, as hulle dié koers ingeslaan het, op die heelhartige steun en aanmoediging van mede-Afrikaners sou kon staatmaak. Sonder laasgenoemde sou die eerste twee stappe niks beteken nie, het hy sy betoog afgesluit.²⁶

Eric Louw se koms na Beaufort-Wes het nuwe lewe in die handelsbedrywighede op die dorp geblaas. Hy was skaars 'n jaar daar of

26. Die Burger, 5.9.1921 en 7.9.1921.

hy het die inisiatief geneem vir die stigting van 'n plaaslike tak van die Kamer van Koophandel²⁷ - 'n stap wat selfs by geleentheid sy Afrikanerskap onder verdenking geplaas het!²⁸ Hy het as sekretaris van die Kamer opgetree en vir die volgende vier jaar was hy 'n gereelde afgevaardigde na die jaarlikse kongresse van dié vereniging.

Aanvanklik 'n stem roepende in die woestyn - een van die weinige Afrikaners en in elk geval seker die enigste Nasionalis in dié bastion van Engelse handelaars in Suid-Afrika²⁹ - het Louw dapper en onverpoosd die stryd om die onafhanklikheid van Suid-Afrika op ekonomiese gebied gevoer. Sy wyd-belesenheid en veral sy bedrewenheid in die Engelse taal het hom by sulke geleenthede die moed van 'n leeu laat vertoon.

Sommer by die eerste sodanige kongres wat hy bygewoon het, het hy gepleit dat die groot bedrag wat Suid-Afrika jaarliks tot die instandhouding van die Britse vloot bydra, liever gebruik moes word om 'n eie Suid-Afrikaanse handelsvloot op te bou. Die res van die kongres was hieroor baie geamuseerd, en nog meer gelag het gevolg toe geen sekondant vir sy voorstel na vore getree en dit gevolglik verval het.³⁰

'n Aspek van Suid-Afrika se handelsverhoudinge wat kniediep in die party-politieke stryd betrek was, was die kwessie van voorkeurtariewe. Die Nasionaliste was gekant teen die voorkeure wat Engeland geniet het daar dit vir hulle 'n teken van ekonomiese

27. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 38.

28. Kyk hoofstuk 5, p. 163.

29. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 38.

30. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.); pp. 28 - 29.

afhanklikheid was. In die verkiesingsveldtog voor die tussen-verkiesing in Queenstown in Desember 1921 het Louw voor die oorwegend-Engelssprekende kiesers gepleit dat met hierdie voorkeure weggedoen word aangesien dit tuis-industrieel aan bande lê.³¹ Op die 1922-kongres van die Kamers van Koophandel het hy hom weer verset teen 'n voorstel en 'n algemene gesindheid onder afgevaardigdes om voorkeurregte aan Brittanje uit te brei.³² Hy het naamlik daarop gewys dat die voorstel nie met die benarde finansiële toestand in die land rekening gehou het nie en het gewaarsku dat sentiment en besigheid nie moes saamgaan nie. En die "milde voorkeur" wat kwansuis deur Engeland aan Suid-Afrikaanse produkte gegee word, het hy as propagandapraatjies afgemaak: dis meestal grondstowwe wat vir Engeland absoluut onontbeerlik is en wat dié land in elk geval sou moes koop, voorkeur of nie voorkeur nie.

Die reaksie op Louw se toespraak was weer, soos die vorige jaar, 'n gelag. Die res van sy toespraak is in stilte aangehoor. En skaars het hy gaan sit, of die voorstanders van groter voorkeur het oorgeneem. Een persoon het selfs openlik gesê dat vir sover dit Engeland aanbetref, sentiment baie moeilik van besigheid geskei kon word. Onder groot toejuiging is die oorspronklike voorstel aanvaar, met slegs Louw en twee andere daarteen.³³ Louw het darem meer sukses gehad toe 'n voorstel van hom, vir matige beskerming van Suid-Afrikaanse nywerhede, na 'n komitee

31. Kyk hoofstuk 4, p. 143.

32. Die Burger, 26-28.9.1922. Die verslag in lg. uitgawe het onder die prominente opskrif "Ons Imperialistiese Handelaars" verskyn. Kyk ook Cape Times, 26.9.1922.

33. Die Burger, 28.9.1922. In sy herinneringe vertel Eric Louw dié verhaal ietwat anders. Hy meen dit was sy voorstel, dat dit "for purpose of discussion" gesekondeer is, en dat hy alleen daarvoor gestem het. Kyk E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 40.

verwys is om 'n besluit hieroor te formuleer.³⁴

Op die volgende jaarkongres, wat vanaf 16 Oktober 1923 in Kaapstad gehou is,³⁵ was dit maar weer dieselfde storie: Verhoogde voorkeur op Britse goedere as 'n voorstel goedgekeur, met Louw in 'n verbete alleenstryd daarteen gekant. Hy het weer daarop gewys dat die kongres eintlik in stryd met sy eie gewete handel, want hulle was almal bewus van die haglike ekonomiese toestande en ook gekant teen staatsinmenging in die handel.

Oor die kwessie van sentiment was hy hierdie keer meer gematigd: hy verstaan die Engelse handelaar se gevoelens, maar vra tog of hulle nie maar sake uit 'n breë sake-oogpunt en in belang van die handel in Suid-Afrika wou betrag nie? Hy het, verwysende na die dreigende houding van Amerika om sy hawens vir Suid-Afrikaanse produkte te sluit, gewaarsku teen die ernstige gevolge wat die verlening van voorkeur kan hê. Sy slotsom was dat voorkeur aan Engeland "n twyfelagtige voordeel ... 'n eensydige proposisie (sic), en grotendeels in belang van Engeland self is."

Een van die regeringsmaatreëls om die haglike finansiële toestande van die vroeë twintigerjare³⁶ die hoof te bied, was die aanstelling van die Baxter-kommissie om die finansiering van Provinsiale Rade te ondersoek met die oog op besparing.³⁷ Die Nasionaliste, by monde van veral leiers soos Hertzog, D.F. Malan en N.C. Havenga, het kwaai te velde getrek teen die aanbevelings van die komitee, veral die voorgestelde besparing ten opsigte van

34. Die Burger, 28.9.1922. Kyk ook Cape Times, 26.9.1922, wat die teenstanders van die voorstel as "dissentients" bestempel het.

35. Die Burger, 19.10.1923.

36. Vir 'n uitvoerige bespreking, kyk C. Marais: Die Nasionale Opposisie, 1921 - 1924 (M.A.-verhandeling), p. 208 e.v.

37. C. Marais: Die Nasionale Opposisie, 1921 - 1924, pp. 235 - 237.

die onderwys en die moontlike instelling van grondbelasting.³⁸
Op die kongres van die Kamers van Koophandel in 1923 was dit Eric Louw wat die offensief teen die Baxter-verslag geloods het, hoewel hy geredelik sekere positiewe aanbevelings daarin raakgesien het.³⁹

Louw was veral bekommerd dat die platteland die spit sou moes afbyt, aangesien die voorgestelde besparing op onderwys die voortbestaan van plaasskole in die gedrang sou bring. In die lig van die opkomende Kleurling- en Naturellebevolking was dit syns insiens noodsaaklik dat kinders die bes moontlike opvoeding moes kry. Ook die moontlike verhoogde belasting is gekritiseer omdat dit die handelsgemeenskap en veral die kleinhandelaars kwaai sou tref. Net soos sy Nasionale leiers, het Louw die situasie tot swakheid en gebreke in die sentrale regering teruggevoer. Ministers het syns insiens heeltemal te min beheer oor hul departemente en laat gans te veel aan departementshoofde oor.⁴⁰

'n Amendement dat 'n nie-parlementêre kommissie benoem word om die geldsake van die hele land te ondersoek, en wat sterk deur Louw ondersteun is, is deur die kongres verwerp en die Baxter-verslag is in beginsel aanvaar.⁴¹ Toe Die Burger se verslag hieroor dit nie spesifiek vermeld nie, het Louw sommer die daaropvolgende dag per brief lesers se aandag daarop gevestig dat hy teen die aanvaarding van die Baxter-verslag gestem het.⁴² Die Burger het

38. C. Marais: Die Nasionale Opposisie, 1921 - 1924, p. 236.

39. Die Burger, 17.10.1923.

40. Die Burger, 18.10.1923. Hy het die Departement van Verdigting by name genoem, waar daar s.i. meer offisiere as manskappe was.

41. Die Burger, 18.10.1923.

42. Die Burger, 19.10.1923.

hom hierdie vriendelike teregwyding laat welgeval, die briefie verwelkom en dit as volkome in lyn met Louw se optrede in die debat bestempel.⁴³

Op die oog af was dit veral Eric Louw se optrede tydens die kongres wat veroorsaak het dat Die Burger die waarde van die kongres onderstreep het: sake van belang, en wat die hele land raak, word dáár bespreek, net jammer dat die Afrikaner nog maar so 'n ondergeskikte rol in die handel speel.⁴⁴ Ietwat inkonsekwent maar duidelik teleurgesteld oor die verloop van sake in die besprekinge van die voorkeur-kwessie, het dieselfde koerant egter drie dae later gepraat van "n dolgeworde Imperialisme" wat die kongres aangegryp het, van besluite wat geneem is "wat met die werk van 'n kongres van handelaars niks op aarde uit te staan het nie".⁴⁵

Tydens die kongres het Louw ook nog in die debatte oor aksynsbelasting en hoë telefoontariewe gepraat,⁴⁶ en die voorstel gesteun dat die Paasvakansie jaarliks op dieselfde tyd moes val.⁴⁷ Daarmee het hy volstaan, dog dit was duidelik dat sy optredes, in die Nasionale kringe altans, meer as die gewone belangstelling gaande gemaak het.

Ook in sy tuisdorp het Eric Louw hom beywer om handelstoestande op 'n gesonde basis te plaas, en hiervoor sou hy juis die plaas-

43. Die Burger, 19.10.1923: voetnoot by E.H. Louw se brief.

44. Die Burger, 17.10.1923.

45. Die Burger, 20.10.1923.

46. Die Burger, 20.10.1923. Hy het as voorbeeld verwys na die vyf sjieling-tarief vir drie minute se telefoongesprek vanaf Kaapstad na Beaufort-Wes.

47. Die Burger, 19.10.1923.

like Kamer van Koophandel gebruik. Reeds in Mei 1923 het hy as segsman opgetree van 'n afvaardiging van die Kamer wat die kwessie van die toekenning van handelaarslisensies met die stadsraad bespreek het.⁴⁸

Volgens hom was die Kamer van Koophandel van mening dat daar te veel lisensies uitgereik word, want naas kafee-eienaars en haarkapsters, was daar op daardie tydstip alreeds vyftig lisensiehouers op die dorp. Dit het tot gevolg gehad "overtrading causing frequent bankruptcies whereby the business reputation of the town is being damaged."⁴⁹ Die eertydse wetman het ook aangedui dat daar niks was wat die stadsraad sou verhoed om 'n lisensie te weier nie indien die raad van gevoelens was dat daar reeds voldoende in die aanvraag voorsien is.⁵⁰ Ter stawing van sy argumente, het hy die menings van etlike bekende ekonome oor dieselfde saak aangehaal.⁵¹

Die stadsraad wou egter nie oor die saak uitsluitel gee nie en het 'n beslissing laat oorstaan totdat daar weer 'n aansoek ontvang sou word.⁵² Die Kamer van Koophandel, by monde van ere-sekretaris Eric Louw, het egter volgehou met sy vertoë in hierdie verband. Hoewel die Kamer in kompetisie geglo het,

48. Die Kourier, 16.5.1923: verslag van stadsraadsvergadering 8.5.1923. Die ander twee lede van die afvaardiging was C.G. Smith en W.G. Krumeck.

49. Die Kourier, 5.9.1923: brief van E.H. Louw in sy hoedanigheid as ere-sekretaris van die Beaufort-Wes Kamer van Koophandel. Dié brief, waarin terugverwys word na die samespreking met die stadsraad, is geskryf n.a.v. 'n opmerking van die koerant se rubrieksrywer oor die toekenning van lisensies.

50. Die Kourier, 16.5.1923.

51. Die Kourier, 5.9.1923: brief van E.H. Louw.

52. Die Kourier, 16.5.1923.

"provided it is reasonable and fair", het hulle sterk beswaar gemaak teen die "indiscriminate granting of licences to mushroom concerns which, through price-cutting, manage to do damage to the established firms which are an asset to the town, and then move off to 'pastures new'."⁵³

Kritiek teen die standpunt van die Kamer van Koophandel was veral gemik op die voorstel dat lisensies beperk moes word. Die rubriekskrywer van Die Kourier was maar baie skepties en krities en het die standpunt gehuldig van "the survival of the fittest." Die bedoeling van die betrokke wetgewing was sins insiens nie dat die aantal handelaars per gemeenskap beperk moes word nie.⁵⁴

Die korrespondensie-debat⁵⁵ het mettertyd op haarklowery oor motiewe en interpretasies uitgeloop. Louw het vriendelik die korrespondensie as nutteloos beskryf en gestaak, tot spyt van die redakteur wat gesê het dat hy in 'n oop gemoed en meningswisseling glo.⁵⁶

Of die gesprekke op 'n persoonlike basis voortgesit is, kon nie vasgestel word nie. Dis egter hoogs te betwyfel, gesien die voelbare spanning wat daar tussen die jong sakeman en die plaaslike koerantredakteur geheers het. Tog: toe Eric Louw minder as 'n maand later as afgevaardigde na die kongres van die Vereniging van Kamers van Koophandel in Kaapstad vertrek het, het die skrywer van "Gossip's" 'n heeltemal ander toon aangeslaan.

53. Die Kourier, 5.9.1923: brief van E.H. Louw.

54. Die Kourier, 28.9.1923: "Gossip's Diary".

55. Die Kourier, 29.8.1923, 5.9.1923, 12.9.1923: briewe van E.H. Louw.

56. Die Kourier, 12.9.1923: voetnoot by Louw se brief. Dwarsdeur die debat het die redakteur sy sieninge as voetnote tot Louw se briewe toegevoeg.

Verwysende na die talle bankrotskappe, is daar vooruitgesien na voorstelle om die handel op gesonder basis te plaas:

"For some reason or other it is no longer considered as dishonourable act to go insolvent and let one's creditors lose three quarters or more of what is owing to them; if a sense of honour could be established and the rules for overstocking and overtrading tightened up, there would soon be signs of improvement."⁵⁷

Die redakteur het bewys gelewer van sy oop gemoed. Of was dit dalk bloot net 'n geval van "the survival of the fittest"? Vir Eric Louw was dit in elk geval 'n morele oorwinning, wat hom ongetwyfeld met genoegdoening vervul het.

Beaufort-Wes het intussen sy elektriese ligte gekry,⁵⁸ dog die installeringskoste het die aanvanklike beraming oorskry en die belastingbetalers moes opdok. In Junie 1922 het die stadsraad 'n vergadering van kiesers belê waartydens addisionele uitgawes vir die projek gestem moes word.⁵⁹

Dit was 'n warm vergadering. Die gebreke in die bestaande stelsel asook die wyse waarop die stadsraad en by name veral die raad-gewende ingenieur, maj. Trevett die saak hanteer het, het kwaai onder skoot gekom. Eric Louw het in vraetyd sy gebruiklike bydrae gelewer en telkens die aanwesiges laat skaterlag met sy sarkasme oor die skynbare onvermoë van die raad en die ingenieur om leiding te gee. 'n Voorstel van hom, wat neergekom het op die verwerping van die voorstelle van die ingenieur, het in die lug bly hang omdat dit nie tot stemming gebring is nie.⁶⁰

57. Die Kourier, 17.10.1923: "Gossip's Diary".

58. Vivier: Hooyvlakte, p. 123.

59. Die Kourier, 21.6.1922.

60. Die Kourier, 21.6.1922.

Op die volgende stadsraadsvergadering⁶¹ het Louw se optrede tydens die openbare vergadering ter sprake gekom en het dr. Symington dit as 'n mosie van wantroue in die raad vertolk. Hy het die wettigheid van die vergadering betwis, dog na heelwat verdere bespreking het die raad dit tog in orde bevind.

Die Belastingbetalersvereniging het die saak egter opgeneem en op 4 Julie het 'n afvaardiging bestaande uit Eric Louw, A.R. Truter en W. Luscombe die stadsraad oor die saak gaan toespreek.⁶² Louw het as segsman opgetree en gesê dat die publiek beter dienste vra.⁶³ Hulle het egter hul vertroue in die konsulerende ingenieur verloor en wou sy kontrak beëindig sien voordat hulle vir verdere lenings sou stem. Ook Truter het die raad kortliks toegesprek.⁶⁴ As gevolg van hierdie vertoë het die stadsraad op dieselfde vergadering nog 'n vorige besluit van hulle om Trevett te steun, herroep en besluit om hom te vra om sy bedanking in te dien.⁶⁵ Sake het daarna rustiger hul loop geneem en teen Oktober 1923 is die lening vir die uitbreiding van die kragstasie deur die belastingbetalers goedgekeur.⁶⁶

Waar J.A. Louw se dood vir die plaaslike skoolraad 'n groot

61. Die Kourier, 28.6.1922.

62. Die Kourier, 12.7.1922.

63. Moontlik het Louw hier in gedagte gehad 'n stryd wat hy met die stadsraad gevoer het oor die voorsiening van lig vir sy winkel. Kyk onder p. 104.

64. Die Kourier, 12.7.1922.

65. Trevett het sy dienste aan die einde van Oktober 1922 beëindig. Die Kourier, 8.11.1922: verslag van stadsraadsvergadering, 31.10.1922.

66. Vivier: Hooyvlakte, p. 123. Die Kourier, 10.10.1923. Louw het op hierdie vergadering as "interpreter" opgetree, 'n rol wat vroeër jare gereeld deur sy vader vervul is.

verlies was, sou sy seun Eric Louw minder as twee jaar later ook op hierdie terrein in sy vader se voetspore volg. In die tweede helfte van 1921 is hy nl. verkies as lid van die skoolkomitee van die Boy's High School sowel as van die skoolraad.⁶⁷ In sy heel eerste deelname aan die verrigtinge van die skoolraad het hy ten behoewe van die skoolkomitee van die Girl's High School opgetree en gesê dat die skoolraad nie behoort in te meng ten opsigte van 'n besluit van die komitee om nie sekere kleurlingkinders tot die skool toe te laat nie.⁶⁸

Hierdie kwessie⁶⁹ het die skoolraad heelwat probleme verskaf, sodat dit gevolglik na 'n kommissie bestaande uit dr. C. Symington A.P. Theron en Eric Louw verwys is.⁷⁰ Na deeglike ondersoek, het die kommissie die besluit van die betrokke blanke skole onderskryf, nl. dat die kinders toegang geweier moet word "on the ground that they are not of pure European descent ... they are not of such extraction as is contemplated by the Ordinance ..."⁷¹ Die skoolraad het hierdie verslag so goedgekeur en aanvaar, wat die betrokke gesinshoofde laat opmerk het dat die Europese afkoms van sekere kinders in blanke skole ook maar twyfelagtig was.⁷²

Daar was sprake dat een van die gesinne, die Kinnears, die saak

-
- 67. Beaufort West School Board, Minute Book: notule 8.9.1921.
 - 68. Beaufort West School Board, Minute Book: notule 13.10.1921.
 - 69. Daar was eintlik drie families hierby betrokke, nl. die Kinnears, die Healings en die Kretzens. Kyk Beaufort West School Board, Minute Book: notules 8.9.1921, 13.10.1921 en 9.3.1922.
 - 70. Beaufort West School Board, Minute Book: notule 21.4.1922.
 - 71. Beaufort West School Board, Minute Book: notule 11.5.1922.
 - 72. Beaufort West School Board, Minute Book: notule 11.5.1922.

in die hof sou laat toets.⁷³ Die aflegging van 'n beëdigde verklaring deur eerw. Moore ter ondersteuning van Kinnear het Moore as vise-voorsitter van die skoolraad en voorsitter van die Boy's High skoolkomitee in 'n dilemma geplaas. Op 'n spesiale vergadering gehou op 17 November 1922 het Eric Louw daarna verwys en aangetoon dat Moore tog ook op die vergadering waar die saak uitgepluis is, aanwesig was. Die raad het sy verwondering oor hierdie optrede van Moore uitgespreek, wat in antwoord hierop gesê het dat hy onder 'n misverstand was en gemeen het hy onderteken 'n verklaring dat Kinnear self blank sou wees.⁷⁴ Die Kinnear-saak teen die skoolraad is egter teen April 1923 laat vaar.⁷⁵

Ander kontensieuse sake was daar nie juis in hierdie tyd in die skoolraad nie. Die besprekinge het meestal maar gegaan oor kleiner administratiewe sake, soos wasbakke wat van die mure afval, 'n gebrek aan vuurherde vir klaskamers, en seuns wat balle tussen die geboue rondskop.⁷⁶ En vroeg in 1923 het die sekretaris opdrag gekry om die naambord voor sy kantoor ook in Afrikaans aan te bring.⁷⁷ Was dit miskien deur Eric Louw geïnspireer?

In die lig van sy openbare optrede sedert hy hom in 1919 te Beaufort-Wes gevestig het, verbaas dit 'n mens nie dat Eric Louw in Augustus 1922 deur die Belastingbetalersvereniging as hul

73. Beaufort West School Board, Minute Book: notule van spesiale vergadering, 13.11.1922.

74. Beaufort West School Board, Minute Book: notule van spesiale vergadering, 8.2.1923.

75. Beaufort West School Board, Minute Book: notule 17.4.1923.

76. Beaufort West School Board, Minute Book: notules 1922 - 1923.

77. Beaufort West School Board, Minute Book: notule 14.2.1923.

kandidaat vir wyk II in die op-handesynde stadsraadsverkiesing aangewys is nie.⁷⁸ Weliswaar aanvanklik teen sy sin,⁷⁹ het Louw hom tog laat oorreed om die stryd in seker die moeilikste wyk aan te knoop; sy opponent was niemand minder nie as die burgemeester, mnr. Charl de Villiers, wat alreeds vir sewentien jaar lank eerste burger van die dorp was.⁸⁰

Louw se uitgesproke eerlikheid oor sy politieke opvattinge het hom skynbaar heelwat stemme gekos. Tog was die uitslag n reelskraapse oorwinning vir mnr. de Villiers (144 teenoor 139).⁸¹ Die verdeelde lojaliteite van die gemeenskap word mooi saamgevat in "Gossip's Diary":

"Although everyone would like to see the energetic Mr. Louw in the Council, nevertheless there is general satisfaction that Mr. Charl de Villiers retained his seat; after all it's sentiment that makes the world go round, and Mr. de Villiers has served the Town loyally and well as Mayor for 17 years, and the poll declared a fitting appreciation."⁸²

Louw het die uitslag egter in 'n ander lig beskou. In 'n bedankingsbrief aan diegene wat wel vir hom gestem het, het hy daarop gewys dat hy deur die Belastingbetalersvereniging gevra is om te staan. As al die lede van dié vereniging hom ondersteun het, sou hy 'n groot oorwinning behaal het, dog dit was geensins die geval nie: "... the seeds of political prejudice plentifully and diligently sown during the past week by prominent residents of the town, bore ample fruit ..."

78. Dié nominasie is op die stadsraadsvergadering van 29.8.1922 aanvaar. Kyk Die Kourier, 6.9.1922.

79. Die Kourier, 6.9.1922: brief van E.H. Louw.

80. Die Kourier, 6.9.1922: "Gossip's Diary". Vgl. ook Vivier: Hooyvlakte, p. 218.

81. Die Kourier, 6.9.1922.

82. Die Kourier, 6.9.1922: Op die eerste stadsraadsvergadering is De Villiers eenparig as burgemeester voorgestel, dog hy het dit van die hand gewys en onder-burgemeester geword.

Die verskynsel dat politieke verbintenisse persone uit die stadsraad hou, het syns insiens diepe nadenke geverg. In elk geval moes die Belastingbetalersvereniging dringend byeenkom omdat dié vereniging nie meer op lojaliteit van sy lede kon staatmaak nie.⁸³ Die redakteur van die koerant het in 'n voetnoot tot Louw se brief die mening uitgespreek dat dit goed sal wees as aspirante vir die stadsraad hul beleid deur middel van openbare verklaringe onder die kiesers se aandag bring.⁸⁴

By gebrek aan so 'n duidelike verkiesingskreet („platform”), en in ag genome die gevoel wat daar vanweë sy politieke oortuigings teen Eric Louw bestaan het,⁸⁵ is dit tog verbasend hoeveel steun hy wel gekry het – en dit teen 'n gevestigde en gerespekteerde inwoner van die dorp. Hy kon heel in sy skik gewees het met homself, as dit nie was vir die beginsel van die saak nie.

Die geleentheid vir oorpeinsing het spoedig gekom. Mnr. I.C. Verster, wat op die voorafgaande verkiesing vir die eerste keer tot die stadsraad verkies is, het bedank omdat die raad nie, soos vooraf aan hom die versekering gegee is dat dit wel sou gebeur, saans kon vergader nie. Op 'n vergadering van die Belastingbetalersvereniging op 20 September het onder andere ook Eric Louw hom probeer oorreed om sy besluit te heroorweeg, dog Verster het voet by stuk gehou. Louw is daarop eenparig as kandidaat vir wyk III aangewys.⁸⁶

Vir Louw het hierdie verwikkelings 'n goeie geleentheid gebied om weer die gebeure tydens die stadsraadsverkiesing in herinner-

83. Die Kourier, 6.9.1922.

84. Die Kourier, 6.9.1922.

85. Kyk ook hoofstuk 4.

86. Die Kourier, 27.9.1922: notule van vergadering op 20 September.

ing te roep. In die lig van die destydse gebrek aan ondersteuning deur die lede van die vereniging, het hy egter nie kans gesien om weer die nominasie te aanvaar nie.

Daar is egter by hom gepleit. Die geëerde dr. Symington het erken dat dit 'n taktiese fout was dat mnr. de Villiers geopponeer is. Hy het egter 'n beroep op Louw met sy "broadminded view and capacity of outlook" gedoen om hom beskikbaar te stel. Andere het die pleidooi ondersteun, dog Louw het vasgeskop: hy het ernstig nagedink maar wat hom veral geraak het, was die feit dat sy eerlike intensies om die dorp te dien, as 'n "politieke slenter" bestempel is.

Nog meer persone het by hom aangedring om die nominasie te aanvaar, o.a. ook mnr. Julius Jackson, wat daarop gewys het dat hy en Louw tog nie dieselfde politieke oortuiginge deel nie. Dit het Louw vir 'n oomblik laat huiwer; hy het beloof dat hy "daaroor sou slaap" en die sekretaris die volgende dag van sy besluit sou verwittig.

Sou Louw toegee aan die druk op hom uitgeoefen?

Hy het ernstig daaroor besin, het hy nog laat daardie selfde aand aan die sekretaris geskryf,⁸⁷ dog kon nie die nominasie aanvaar nie. Afgesien van die redes wat hy reeds op die vergadering aangevoer het, het hy nie meer kans gesien om die gepaardgaande verdere opofferings met betrekking tot sy besigheid te doen nie. Hy het ook daarop gewys dat hy op daardie oomblik op nie minder nie as tien liggame, op drie waarvan as

87. Die Kourier, 27.9.1922. Die brief is in die verslag oor die vergadering geïnkorporeer.

sekretaris, gedien het.⁸⁸ 'n Maand tevore was hy wel bereid om in openbare belang verdere opofferings te maak, dog sy eerlike bedoelings is deur 'n aansienlike deel van die publiek as 'n politiek-geïnspireerde stap beskou. Onder daardie omstandighede behoort die vereniging te begryp waarom hy hom nie beskikbaar kon stel nie.⁸⁹

C.P. van der Westhuyzen, wat uiteindelik as kandidaat van die Belastingbetalersvereniging aangewys is, is toe onbestrede tot die stadsraad verkies.⁹⁰ Eric Louw se weiering om hom beskikbaar te stel het meegebring dat sy onbetwisbare talente en insig nie op doelgerigte wyse in diens van die dorp benut kon word nie.

Dit is baie duidelik dat Louw se vol program 'n groot rol gespeel het in sy finale besluit; trouens, reeds die eerste nominasie was immers teen sy sin. Selfrespek en die handhawing van beginsels het egter net so swaar geweeg. Eerstens het die vereniging sy wenk om lede wat destyds nie vir Louw gestem het nie, voor stok te kry, geïgnoreer - en sê nou maar die geskiedenis herhaal hom weer? Hy het daarop bly hamer: as die Belastingbetalersvereniging hom as kandidaat wou hê, moes hulle hom heelhartig steun. En dan is daar die gevoel teen hom, grootliks op politieke oorweginge gebaseer: hoe durf 'n man se politieke sieninge 'n man van diens aan die gemeenskap weerhou?

88. Vir sover vasgestel kon word, was hy lid van die volgende liggame/organisasies: die skoolraad, die skoolkommissie van die Jongens Hoërskool (sekr.), die Kamer van Koophandel (sekr.), die Parlementêre Debatsvereniging, die Beaufort-Wes Nasionale Party-tak, die Nasionale Party-Distrikbestuur en die Kerkraad (diaken en skriba).

89. Die Kourier, 27.9.1922.

90. Die Kourier, 11.10.1922: notule van stadsraadsvergadering op 3.10.1922.

Grootmoedigheid kon hom anders laat besluit het. Sy vol program het egter die geringe moontlikheid, dat hy van sy troontjie van selfrespek en beginsels sou afklip, geheel-en-al uitgeskakel.

Eric Louw het ook maar sy probleme met die stadsraad gehad, en vice versa.

Dit was hy wat op die vergadering van die Belastingbetalersvereniging waar hulle hom so gesoebat het om hom vir die stadsraad beskikbaar te stel, die sg. "Servants Question" aanhangig gemaak het.⁹¹ Hy kry net eenvoudig nie bediendes nie, het hy gekla, terwyl die lokasie vol lê van persone wat weier om te werk. Dit was die stadsraad se plig om hulle te verplig om te werk en hy het gevolglik voorgestel dat die raad in dié verband genader word.

Dit is gedoen. Op die stadsraadsvergadering van 14 November 1922 is vermeld dat 'n inspeksie in die lokasie aangetoon het dat daar baie was wat nie werk gehad het nie. Die stadsraad het hierop besluit dat alle Nie-Blankes voortaan 'n diensregister moes dra en dat werkloosheid en leegglêry daadwerklik bestry sou word.⁹²

Kort nadat Beaufort-Wes sy elektriese ligte verkry het en met die aanbreek van die winter van 1922, het Louw die stadsraad versoek dat die stroom vanaf 5 nm. (17h00) aangeskakel moet word daar hy die lig benodig het vir besigheidsdoeleindes. Aan sy versoek is voldoen, tot nadere kennisgewing.⁹³ Met die aanbreek

91. Die Kourier, 11.10.1922.

92. Die Kourier, 29.11.1922: notule van stadsraadsvergadering, 14.11.1922.

93. Die Kourier, 12.4.1922: notule van stadsraadsvergadering, 1.4.1922.

van die lente het die stadsraad hierdie spesiale diens opgeskort en sou hy eers vanaf 6nm. lig kon kry. Louw het geprotesteer en gedreig dat hy die stadsraad verantwoordelik sou hou vir enige skade wat deur olie-lampe in sy winkel veroorsaak mog word. Die stadsraad het egter voet by stuk gehou.⁹⁴

Louw het onverbiddelek geglo: wat reg is, is reg. Dit blyk baie duidelik uit die notule van 'n stadsraadsvergadering vroeg in 1924:⁹⁵ "Letter read from Mr. E.H. Louw complaining that every Saturday afternoon his irrigation water is diverted by some person at the junction of the Donkin and Meintjes Street furrows thereby depriving him of his fair share of the water." Die besluit hierop was kort en kragtig: "Resolved that steps be taken to catch the offender." Of dié stappe geslaagd was, is nie bekend nie. Louw het in elk geval nie weer oor die saak gekla nie.

Uit sy persoonlike ervaringslewe het Eric Louw die "crying need of a local hospital"⁹⁶ pertinent op die voorgrond gestel. Die gedagte aan 'n eie hospitaal is reeds geruime tyd gepropageer, dog dit kon net nie uitkristaliseer nie.⁹⁷

Die Louws se babadogter het ernstig siek geword en moes 'n noodoperasie ondergaan. Daar was nie tyd om die kind elders heen te neem nie en die operasie moes in hulle huis gedoen word. Alhoewel drie dokters aanwesig was, was die operasie nie 'n sukses nie

94. Die Kourier, 13.9.1922: notule van stadsraadsvergadering, 5.9.1922.

95. Die Kourier, 16.1.1924: notule van stadsraadsvergadering, 8.1.1924.

96. Die Kourier, 2.5.1923: opskrif bo brief van Louw.

97. Vivier: Hooyvlakke, p. 56. J.A. Louw was een van die lede van die Hospitaalraad wat in 1914 aangestel is.

en die kind het gesterf.⁹⁸

Alle inwoners van die dorp moes beseft dat ook hulle persoonlike belang by die saak het, was Louw se boodskap na aanleiding van hierdie gebeure.⁹⁹ Maar afgesien daarvan, het hy ook op die Beaufort-Westers se trots 'n beroep gedoen: so 'n groeiende dorp en nie eens 'n eie hospitaal nie?

Die houding van "laissez faire" (sic) het sins insiens aan die wortel van die traagheid in munisipale en ander sake gelê; en al het die bestaande hospitaalraad in die verlede goeie werk gedoen, is hulle hoofsaaklik net 'n beraadslagende liggaam. Daar moes meer en beter georganiseer word, was die siening van die man wat, net soos sy vader, goeie organisasie op feitlik elke lewenssterrein as grondliggend vir sukses beskou het. Sy voorstel was dat inwoners van die dorp elkeen om 'n jaarlikse bydrae gevra word.¹⁰⁰

Dr. Symington, een van die prominente ywerars vir 'n hospitaal, het Louw in die geledere van diegene wat aktief vir die verkryging daarvan werk, verwelkom. Hy het namens die ander inwoners van die dorp met die Louws in hul groot verlies gesimpatiseer. Gelukkig was daar derem basiese geriewe in die huis waar die operasie onderneem is, maar sy grootste bekommernis was oor die Nie-Blankes, wat nie eens dáárhoor beskik het nie.¹⁰¹

Die veldtog vir 'n hospitaal het in momentum toegeneem en vroeg

98. Die Kourier, 2.5.1923: brief van Louw.

99. Die Kourier, 2.5.1923: brief van Louw.

100. Die Kourier, 2.5.1923: brief van Louw.

101. Die Kourier, 9.5.1923: brief van dr. Symington. Hy verwys bv. na die bevalling van 'n kleurling wat in die tronk waargeneem moes word.

in 1924 is 'n openbare vergadering belê waartydens dié kwessie in teenwoordigheid van lede van die provinsiale raad bespreek sou word. Eric Louw het die inwoners van die dorp dringend versoek om teenwoordig te wees, want "a large attendance, a determined spirit, and full information as to local conditions etc., will go far towards convincing the Provincial authorities that our case is a deserving one, and that the people of Beaufort-West feel strongly on this very important matter."¹⁰²

Groot was die blydschap toe mnr. P.N. Basson, L.P.R. op die betrokke vergadering aangekondig het dat Beaufort-Wes 'n hospitaal sou kry. Saam met die burgemeester, dr. Symington en die stadsklerk, het Basson vir Eric Louw in sy bedankingswoord uitgesonder vanweë sy aandeel in die saak. Eric Louw het ook die woord geneem en op sy beurt al diegene wat hulle soveel moeite in die saak getroos het, bedank.¹⁰³

So het Eric Louw op nog 'n terrein binne die plaaslike gemeenskap sy stempel afgedruk. Spoedig sou hy ook in breër nasionale verband sy merk maak.

102. Die Kourier, 27.2.1924: brief van Louw. Hierdie vergadering was waarskynlik die uitvloeisel van 'n aanbeveling van Louw aan die hospitaalraad, wat hy in korrespondensie met die ere-sekretaris van dié raad gedoen het nadat laasgenoemde vir Louw gevra het om 'n subskripsielys vir fondse te open. Kyk Die Kourier, 23.5.1923.

103. Die Kourier, 12.3.1924.

VUURDOOP IN DIE POLITIEK, 1919 - 1923

Te midde van al sy ander bedrywighede op Beaufort-Wes, het Eric Louw vanuit die staanspoor sedert sy aankoms op die dorp lewendige belangstelling in die politiek getoon. Tot op hierdie stadium van sy lewe was daar nog geen aanduiding dat hy enig-sins in politieke aangeleenthede belang gestel het nie. Inderdaad het sy beroepskeuse sowel as die omgewing waarin hy hom vanaf ongeveer 1912-13 bevind het, aktiewe deelname aan die politiek feitlik 'n saak van onmoontlikheid gemaak. Sy reaksie teen verdere oorlogsdeelname na afloop van die Suidwes-veldtog was egter 'n bewys dat hy hom, net soos sy vader, tot die Nasionale Party aangetrokke gevoel het. Soos vroeër in sy lewe, sou die voorbeeld van en beïnvloeding deur sy vader ook op hierdie gebied groot invloed op Eric Louw se lewe en loopbaan hê.

Louw is in Junie 1919 as nuwe lid van die dorpsak van die Nasionale Party voorgestel en aanvaar.¹ Nege maande later, in Maart 1920, is hy as voorsitter van die tak en lid van die distriksbestuur aangewys,² en in Mei het hy gevorder tot voorsitter van die distriksbestuur.³ Voorwaar skouspelagtige opgang, wat enersyds dalk wel teruggevoer kon word tot die reputasie van sy pa, dog soos later duidelik sou blyk, grootliks toe te skryf

1. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 12.6.1919.
n. Verslag hiervan in Die Burger, 27.6.1919.

2. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 17.3.1920.
n. Verslag hiervan in Die Burger, 24.3.1920. Die ander bestuurslede van die tak was J.P. Verster (vise-voors.), W. Luscombe (sekr.), J.H.E. Vivier, A. Verster, B. van der Merwe, L.D. Pienaar, S.F. Pienaar en Tobias de Villiers.

3. Die Burger, 20.5.1920.

was aan besondere talent en bekwaamheid.

'n Nuwe algemene verkiesing moes in 1920 gehou word. Daar was sterk gevoelens dat W.A. Hofmeyr weer die Nasionale vaandel moes dra en nuweling-taklid Eric Louw het formeel voorgestel dat hy as sulks genader word,⁴ dog Hofmeyr het nie sy weg daartoe oopgesien nie.⁵ Daar was verskeie ander aspirante en die name is genoem van mnr. Piet Le Roux, L.P.R.,⁶ 'n sekere mnr. Weitz⁷ en dan ook nog mnr. O.A. Oosthuizen, die sittende volksraadslid wat kort tevore uit die Suid-Afrikaanse Party bedank het.⁸ Op nominasiedag is mnr. Le Roux as amptelike kandidaat van die Nasionale Party aangewys, met mnr. Oosthuizen as sy sekunde.⁹ Die S.A.P.-kandidaat was kol. P.B. van der Westhuizen.¹⁰ In die nominasievelddtog het mnr. Le Roux homself as 'n baie gematigde bewys.¹¹

Op Beaufort-Wes, soos trouens in alle dele van die land, het die verkiesingskoors hoog geloop. Dit was die eerste geleentheid na afloop van die oorlog om die sterkte van die onderskeie partye te bepaal, en veral die Nasionale Party het gehoop om goed te vaar. Die onafhanklikheidstrewe, wat sy hoogtepunt bereik het met die stuur van 'n Vryheidsdeputasie na Europa, het baie Afrikaners aan die hart gegryp, terwyl die naweë van die Rebelle en die regering se houding en optrede tydens die oorlog ook

-
4. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 24.9.1919.
 5. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 28.11.1919. Verslag ook in Die Burger, 1.12.1919.
 6. Die Burger, 12.11.1919. Le Roux was vanaf 1908 - 1910 lid van die Kaapse Wetgewende Vergadering.
 7. Die Burger, 1.12.1919 en 27.12.1919.
 8. Die Burger, 14, 22, 26 en 27.1.1920.
 9. Die Burger, 6.2.1920.
 10. Die Burger, 28.1.1920.
 11. Die Burger, 27.1.1920.

faktore was waarmee deeglik rekening gehou moes word.

61 Die S.A.P. het die Nasionaliste in diskrediet probeer bring vanweë hul strewe na afskeiding van die Britse Ryk, en "sessessie" is as anti-Brits en nadelig vir Suid-Afrika bestempel.¹² Inderdaad was hierdie kwessie ook daarvoor verantwoordelik dat herenigingspogings tussen die twee partye kort tevore misluk het.¹³ Van Nasionale kant is aangevoer dat onafhanklikheid nie noodwendig 'n summiere afsnyding van die bande met Brittanje ingehou het nie, maar steeds as ideaal nagestreef behoort te word.¹⁴

Tydens die verkiesingsveldtog het "groot kanonne" 'n draai in die Karoo gemaak. Van regeringskant het minister F.S. Malan die kandidatuur van mnr. P.B. van der Westhuyzen probeer bevorder,¹⁵ terwyl mnr. F.W. Beyers weer die Nasionale saak aan die kiesers kom stel het. Op 'n vergadering in die stadsaal van Beaufort-Wes het Beyers veral gewaarsku teen toekomstige nouer aansluiting by Engeland.¹⁶ In vraetyd het Eric Louw, wat hom spoedig as 'n ywerige vraesteller op politieke vergaderings sou bewys, 'n

12. W.K. Hancock: Smuts II; The Fields of Force, p. 29.

13. Vir meer besonderhede oor die herenigingstrewe, kyk D.J.J. Coetsee: Die Geskiedenis van die Nasionale Party, 1914 - 1921 (M.A.-verhandeling), p. 127 e.v.; Van Rooyen: Die Nasionale Party, pp. 58 - 79.

14. Die onafhanklikheidstrewe is in hierdie tyd ietwat deur die Nasionale Party self getemper deur daarop te wys dat afskeiding slegs langs konstitusionele weg kon geskied en dat 'n beslissende meerderheid van die volk ten gunste daarvan moes wees. Ook is gesê dat die tyd daarvoor op daardie tydstip nog nie ryp was nie. Kyk M.C.E. van Schoor: Die Herlewing van die Republikeinse Ideaal (F.A. van Jaarsveld en G.D. Scholtz (red.): Die Republiek van Suid-Afrika, p. 162).

15. Die Burger, 6.3.1920.

16. Die Burger, 17.2.1920.

onbestrede mosie voorgestel waarin die afbreek van onderhandelings oor hereniging betreur is, dog dis duidelik gestel dat die vryheidsdrang nie as 'n struikelblok in die weg van eenheid beskou moes word nie.¹⁷

Hierdie was Louw se eerste optrede by so 'n groot vergadering en die entoesiastiese Nasionaliste het sonder twyfel kennis geneem van die jeugdige en energieke oud-advokaat wat nou in hulle midde was. Ook was dit Eric Louw se eerste kennismaking met adv. Willie Beyers, een van die leiersfigure in die Nasionale Party, wat later 'n groot rol in sy lewe sou speel.

In Nasionale geleedere was daar groot vreugde oor die uitslag van die 1920-verkieping, want hul seteltal in die volksraad is van 27 in 1915 tot nie minder as 44 opgestoot – inderdaad drie meer as wat die regeringsparty kon monster.¹⁸ In Beaufort-Wes het die Nasionaliste se opwinding en blydschap feitlik geen perke geken nie, want hul oorwinning was ongeëwenaard in die Unie: 'n S.A.P.-meerderheid van 56 in 1915 is nou omskep in 'n Nasionale meerderheid van 616.¹⁹ Uitbundige en jolige tonele het hulle in die strate van Beaufort-Wes afgespeel nadat die uitslag bekend gemaak is. Die deelname van 'n aantal skoolkinders hieraan het egter aanstoot gegee en in die proses vir Eric Louw in die gedrang gebring.²⁰ Terselfdertyd sou die versugting van Die Burger se korrespondent, dat die dorp nou weer tot bedaring

17. Die Burger, 17.2.1920. Dit was juis wat van S.A.P.-kant beweer is.

18. C. Marais: Die Nasionale Oposisie, 1921 – 1924 (M.A.-verhandeling), p. 8; D.J.J. Coetzee: Die Geskiedenis van die Nasionale Party, 1914 – 1921, p. 230.

19. Die Burger, 24.3.1920; M.P.A. Malan en M.C.E. van Rensburg: Verkiepingsuitslae, 1910 – 1943, p. 5. Mnr. le Roux het 1648 en sy opponent 1032 stemme getrek.

20. Volgens Eric Louw, het die kinders 'n aantal "picnic"-liedjies gesing. Kyk Die Burger, 31.3.1920: brief van E.H.Louw

gekom het na die woeligheid van die verkiesing,²¹ daardeur beskaam word.

n Brief onder die skuilnaam "Een Stem in die Woestyn" het nl. gelyktydig met die plaaslike korrespondent se verslag van die gebeure na afloop van die verkiesing in Die Kourier verskyn, waarin heftig teen die "schandelik gedragt" van kinders te velde getrek is.²² Die skrywer se taal was vlymskerp en hy het gesê dat n mens so-iets by n "kaffer kraal waar er een bierdrinkery aan de gang was", kon verwag, behalwe dat die Swartes²³ nie "zulke lage en vuile aanmerkings" sou gemaak het nie. Maar hy het nog verder gegaan en ook die N.G.-kerk bygesleep deur te vra hoe dié kerk nog langer sy weg oopsien om weeshuise en koshuise, wat meestal niks anders as "Nasionale broeiesten" was nie, te ondersteun. Die optrede van die kinders sou dalk daartoe meehelp dat "onze verdwaalde predikanten die dwaling hunner wegen inzien."²⁴

Eric Louw, wat n hekel gehad het aan naamlose briefskrywers,²⁵ het tot die verdediging gekom van die skoolkinders asook die kerk en plaaslike leraar, ds. Steytler, op wie daar blykbaar geskimp is. Verwysende na die lof wat die redakteur van die plaaslike koerantjie (beslis nie n Nasionalis nie) vir die gedrag en optrede van die Nasionaliste gehad het, het hy dit as sy plig beskou om nie te swyg teenoor iemand wat syns insiens nie alleen leuens verkondig nie, maar wat ook n "lafhartige aanval"

21. Die Kourier, 24.3.1920.

22. Die Kourier, 24.3.1920.

23. Die aanspreekvorm "kaffers" was destyds algemeen gebruiklik.

24. Die Kourier, 24.3.1920.

25. Kyk Die Kourier, 5.11.1919, vir n brief van Louw waarin hy teen dié praktyk te velde getrek het.

op die kerk en leraar gemaak het.²⁶

Die korrespondensie tussen die twee is voortgesit en in die proses is baie onaangename uitlatings kwytkeraak. Vir "Een Stem" was Louw se reaksie 'n teken dat die klip wat hy tussen die honde gegooi het, getref het. Sommige mense se geleerdheid dryf hulle tot raserny, het hy geskimp, en daaraan toegevoeg: "Hoe jammer dat verwaardheid soms de kop met verstand laat weglopen." Met die vorige verkiesing, het hy vervolg, was Louw "onder Cap en Gown ergens in de oostelik provinsie". Boonop was Louw so kort op Beaufort-Wes dat sy kerklike bydrae die straatlampe van die dorp nie eers een aand aan die brand sou hou nie, het hy hom verder in diskrediet probeer bring.²⁷

"Een Stem" se reaksie op sy skrywe is pittig deur Louw beskryf as "n getjank uit die woestyn". Hy het dit egter as tydmors beskou op op "sulke kinderagtige en belaglike argumente, en beledigende persoonlikhede" te antwoord; hy was boonop bewus van die identiteit van die skrywer en het hom aangeraai om voortaan liever onder sy eie naam te skryf. Wat hom aanbetref was die korrespondensie daarmee beëindig.²⁸

Die koerant het "Een Stem" egter nog geleentheid gegee om terug te krabbel. Hy het Louw in 'n swak lig probeer stel deur daarop te wys dat Louw se laaste brief, volgens die datum daarvan,²⁹ op 'n Sondag geskryf was. Op hierdie stadium het die redakteur ingegryp en die korrespondensie gestaak omdat dit tot geen "publieke nut" was nie.³⁰

26. Die Kourier, 31.3.1920.

27. Die Kourier, 14.4.1920.

28. Die Kourier, 28.4.1920.

29. Die Kourier, 5.5.1920.

30. Die Kourier, 5.5.1920: redakteur se voetnoot by brief.

In hierdie episode is daar 'n karaktertrek van Eric Louw geopenbaar wat in sy latere politieke loopbaan telkens na vore getree het, nl. om 'n saak wat syns insiens nie korrek weergegee is nie, te probeer regstel. Die oefenlopie was egter heel onsmaklik, want jaloesie het kennelik agter die reaksie op sy skrywe geskuil en die kleinlike persoonlike aanvalle op hom geïnspireer.³¹ In sy latere loopbaan sou hy telkens met soortgelyke verskynsels te doen kry.

Van die plaaslike toneel terug na die algemene landspolitiek. Reeds voor die 1920-verkiezing is daadwerklike pogings aangewend om hereniging tussen die S.A.P. en die Nasionale Party te bewerkstellig, en is 'n groot kongres vir dié doel te Somerset-Oos gehou, wat deur mnr. L.D. Pienaar as afgevaardigde van Beaufort-Wes bygewoon is.³² Met die uitslag van die 1920-verkiezing 'n politieke skaakmat en na die daaropvolgende mislukking van genl. Smuts om 'n koalisieregering saam te stel,³³ is daar weer hernude pogings aangewend om die enersdenkendes in die twee

-
31. Die naamlose briëfskrywer het allerlei beledigings en insinuasies aan Louw se adres gerig. Sy opmerking oor verwaandheid het hy geknoop aan die storie van die inbreker by die kerk wat per ongeluk die tou van die kerkklok getrek het en toe gevang is. Sy reaksie: "Ja, was het niet voor jou lege kop en lange tong, zou niemand gewist hebben dat ik daar was." Die briëfskrywer het dit só toegepas: "Was het niet voor hun lege koppen en vluchtige pennen en een voorliefde voor hun naam er onder, sou weinig weten dat zy er zyn." Kyk Die Kourier, 14.4.1920.
 32. Die Burger, 27.6.1919: berig van takvergaderings van takke Ghoop en Beaufort-Wes. Vir besonderhede omtrent die kongres, en die daaropvolgende onderhandelinge, kyk Van Rooyen: Die Nasionale Party, pp. 60 - 68; Coetzee: Die Geskiedenis van die Nasionale Party, 1914 - 1921, pp. 137 - 140.
 33. Van Rooyen: Die Nasionale Party, pp. 69 e.v.; Coetzee: Die geskiedenis van die Nasionale Party, 1914 - 1921, pp. 141 - 144.

partye bymekaar te bring. Hierdie keer is Eric Louw afge-
vaardig om die kongres in Mei 1920 te Robertson by te
woon.³⁴

Tydens die bespreking van veral punte 3 en 4 van die Somerset-
Oos-basis, te wete die wyse van samewerking tussen die twee
partye en die kwessie van afskeiding en die verkryging van die
Unie se onafhanklikheid,³⁵ het Eric Louw 'n beroep op die afge-
vaardigdes gedoen "om reguit te praat en geen doekies om die
vraag te draai nie."³⁶ Hy het daarop gewys dat, ten spyte van
die feit dat artikel 3 vir almal aanvaarbaar was, die opstellers
spoedig na afloop van die vorige kongres onder mekaar begin
twis het oor die werklike betekenis daarvan.³⁷ Hy het dit ook
as 'n ongerymdheid beskou dat die onafhanklikheidstrewe "in een
artikel beskou word as 'n ideaal en dadelik daarna as 'n blote
besigheidsproposisie." Hy het bly pleit: "Laat ons die saak
eerlik behandel ... Alleen as ons oor die ideaal gelykdenkend is
kan ons werklike hereniging verkry." En dan volg vir hom die
crux van die hele kwessie: "En as 'n mens die beginsel toegedaan
is moet hy ook geregtig wees om in die rigting te werk." Hier-
oor veral, nl. of daar aktiewe propaganda vir onafhanklikheid
of afskeiding en vir 'n republiek gemaak mog word, is daar in
die verlede en sou nou weer baie hare gekloof word.³⁸

Na lang bespreking, waarin van S.A.P.-kant veral gewys is op
die waarde van die behoud van die Britse bande maar tog toegegee

34. Die Burger, 20.5.1920.

35. Die vier punte is vervat in 'n brief van genl. Hertzog aan
genl. Smuts, gedateer 26 Maart 1920. Vir die teks, kyk
Van Rooyen: Die Nasionale Party, pp. 69 - 70.

36. Die Burger, 27.5.1920.

37. Die Burger, 27.5.1920.

38. Die Burger, 27.5.1920.

is dat onafhanklikheid in die toekoms nie uitgesluit is nie, is die kwessie van die maak van propaganda vir onafhanklikheid weer druk bespreek. Louw het hieronder verstaan slegs opleiding en die verskaffing van inligting met betrekking tot die ideaal waarna gestreef word.³⁹

Louw het gedien as lid van die Nasionale Party se kommissie wat saam met 'n S.A.P.-eweknie beraadslaag het om leiding aan die kongres te kan gee; op grond van hierdie kommissies se aanbevelinge is 'n uniale kongres vir September te Bloemfontein belê.⁴⁰ Die Burger, amptelike mondstuk van die Nasionale Party, het Eric Louw se simpatieë en bedenkinge gedeel:

"... ons twyfel daar nie aan nie of die Volkskongres te Bloemfontein sal insien, dat dit net so onsinnig is om aan te neem dat jy gelykgeregig is maar tog te besluit om dit nie in die praktyk te bring, as dit is om 'n bepaalde ideaal te huldig en dan te gaan sê, dat jy daarvoor nie mag opkom nie. Wanneer iemand ideale het en hy werk nie daarvoor nie, dan verroes en sterf hulle ... Daar is nog nie 'n ander middel dan propaganda uitgevind nie om 'n ideaal te verwezenlik."⁴¹

Die Cape Times daarenteen het genl. Smuts aangehaal en onomwonde verklaar "that the right of secession does not exist and cannot exist constitutionally." Die blad noem dit "a foolish and destructive principle", wat bewys was van 'n gevoel van antagonisme jeens die bande met Brittanje.⁴²

Toe sekere S.A.P.-afgevaardigdes kort hierna in die pers te kenne gegee het dat hulle uit protes daarteen die kongres verlaat het, het Eric Louw dit noodsaaklik geag dat "die publiek in kennis

39. Die Burger, 27.5.1920.

40. Die Burger, 28.5.1920. Kyk ook Van Rooyen: Die Nasionale Party, p. 75.

41. Die Burger, 28.5.1920: hoofartikel.

42. Cape Times, 28.5.1920: hoofartikel.

gestel word wat er werklik plaasgevind het."⁴³

Volgens hom was daar nooit tydens die sittings van die gesamentlike kommissies of die kongres in geheel sprake van onttrekkings uit protes nie. Die algemene indruk was dat sekere lede om private besigheidsredes nie langer kon bly nie. Op daardie stadium was die grondbeginsels van onafhanklikheid en die reg tot afskeiding reeds vasgestel en het die bespreking van die "sy-kwessie van propaganda" heelwat tyd in beslag geneem. Die algemene gees van die verrigtinge was, volgens hom, "hartlike samewerking en ernstige poging van albei partye, om elkaar te ontmoet." Die vyf beswaardes was dus by die kongres òf nie eerlik of mans genoeg om reguit te praat nie, òf het later van sienswyse verander, moontlik as gevolg van die uitwerking van die "Cape Times" en "Ons Land" se inleidingsartikels oor die herenigingsbesluit, was die afleiding wat Louw gemaak het.⁴⁴ Op eerlikheid en openhartigheid - "reguit praat" - het Louw 'n baie hoë premie geplaas, soos ook op die korrektheid van stelling. Hierdie brief getuig nie net weer van Louw se sterk standpunte nie, maar openbaar ook 'n ander trek wat reeds op dié vroeë stadium in sy politieke loopbaan opvallend was, nl. sy wydbelesenheid. Sy skerp oog het 'n moontlike verklaring vir die vyf here se gedrag vinnig raakgesien.

Terug op Beaufort-Wes, het Eric Louw aan die distriksbestuur verslag gedoen van die verrigtinge te Robertson en is hy as afgevaardigde na die Bloemfonteinse herenigingskongres aangewys, met L.D. Pienaar, die ondervoorsitter, as sekunde.⁴⁵ Teen

43. Die Burger, 10.6.1920. Die brief waarna hy verwys het, is deur H.C. Stofberg onderteken en het in Die Burger van 4 Junie verskyn.

44. Die Burger, 10.6.1920.

45. Die Burger, 3.8.1920: verslag van distriksraadsvergadering, 17.7.1920.

hierdie tyd was Eric Louw ongetwyfeld die kroonprins van die plaaslike Nasionaliste: sy vuur, daadkrag en entoesiasme vir die politiek het nie onopgemerk verby gegaan nie en hy sou al hoe meer in leidende posisies aangestel word.

Vanaf 22 September 1920 is die pogings tot hereniging gevolglik in Bloemfontein voortgesit.⁴⁶ Daar is op 'n wrywingsnoot afgesit toe die afgevaardigdes oor prosedure-kwessies nie kon ooreenstem nie, terwyl die samedromming van die publiek veroorsaak het dat die aandsitting "geskors" moes word.⁴⁷ Op hierdie kongres was daar heelwat groter figure as Eric Louw aan die roer van sake. Vir byna drie dae lank is daar beraadslaag en onderhandel, dog die groot struikelblok was weer eens die kwessie of propaganda vir onafhanklikheid gemaak kon word, met ander woorde, die erkenning van die reg van afskeiding. Onverrigtersake het die meer as 500 afgevaardigdes teen die aand van Vrydag 24 September uiteengegaan.

Die volgende Maandag het die Nasionale Party van Kaapland op Victoria-Wes in kongres byeengekom⁴⁸ en is daar nabetragting oor die mislukte herenigingspoging gehou. Dit was duidelik dat die Nasionaliste nie aan hulle onafhanklikheidsstrewe wou laat torring nie. Ook op hierdie kongres was Eric Louw swygsaam in die skadu van manne soos dr. Malan, adv. Beyers, C.W. Malan, Langenhoven, W.A. Hofmeyr, e.a. Trouens, die enigste verwysing na Louw se optrede op die kongres is toe hy 'n beskrywingspunt van sy kiesafdeling, dat strafmaatreëls met betrekking tot die versending van besmette vee versag word, aan

46. Vir verslag van verrigtinge, kyk Die Burger, 23 - 25.9. 1920 en Van Rooyen: Die Nasionale Party, pp. 76 - 78.

47. Die Burger, 23.9.1920.

48. Die Burger, 27 - 30.10.1920. Kyk ook Van Rooyen: Die Nasionale Party, p. 78.

die orde gestel het. Die voorstel is met 'n groot meerderheid verwerp.⁴⁹

Terug in sy kiesafdeling, het Eric breedvoerig aan sy tak verslag gedoen van die verrigtinge, sowel as van sy standpunte by die herenigingskongres. Hy het ook verslag gelewer van die provinsiale kongres kort daarna te Victoria-Wes. Op grond daarvan het die tak in 'n onbestrede mosie hul dankbaarheid te kenne gegee dat die Nasionale leiers geen jota of tittel van die onafhanklikheidsideaal by die Herenigingskongres versaak het nie. Ook het hulle die leiers verseker van hul onwrikbare vertroue in die ingeslane weg.⁵⁰

Eric Louw se optrede in hierdie aangeleentheid, soos dit veral tydens die samesprekings op Robertson tot uiting gekom het, het afdoende bewys dat daar tussen hom en die leiers die grootste moontlike eenstemmigheid oor die saak is. Dit moes ongetwyfeld vir die betreklike nuweling in die politiek 'n aangename ervaring gewees het om te sien dat sy denke in lyn was met dié van die groot manne in sy party. Die voorafgaande gebeurtenisvolle maande was 'n goeie leerskool vir die jong sakeman, wat ywerig dog gereserveerd aan die voete van sy politieke Gamaliëls gesit het.

Inmiddels was die klein Ierse volkie ver oor die see gewikkel in 'n dodelike konstitusionele botsing met die magtige Brit-tanje.⁵¹ Sedert die Dáil Éireann in 1919 op uitdagende wyse

49. Die Burger, 29.9.1920.

50. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 29.10.1920. Verslag ook in Die Burger, 6.11.1920.

51. Vir meer besonderhede, kyk Hancock: Smuts II, pp. 49 e.v. Eric Louw self het in 1939 in 'n pamflet getiteld "Ierland Toon die Weg Aan" 'n kort historiese oorsig oor die Ierse vryheidstryd gegee.

aan die Ierse strewe na vryheid vergestaltung gegee het deur Ierland in 'n onafhanklike republiek te omskep, is daar van Britse kant desperate pogings aangewend om hierdie daad ongedaan te maak, en daar is selfs van geweld gebruik gemaak.

In Suid-Afrika en veral onder Nasionaliste is hierdie verbete stryd van die Ierse nasionaliste met groot belangstelling en selfs meelewing gevolg, want was dit nie maar in wese 'n prototipe van die plaaslike situasie nie: 'n volk wat tot volle selfbewussyn gekom het en in die proses vryheid en onafhanklikheid as 'n eie reg opeis?

Ook Eric Louw het met meer as die gewone belangstelling die verwikkelinge in Ierland gade geslaan. Voorasnog het die naam Eamon de Valera vir hom slegs betekenis gehad as synde die voorsitter van die Uitvoerende Raad van die rewolusionêre Ierse Vrystaat, 'n jeugdige Ier wat vir sy aandeel in die Paas-rebellie van 1919 ter dood veroordeel is dog wie se vonnis later versag is. Die "martelaars-dood" van twee ander Iere, Terence McSwiney en Michael FitzGerald, wat in die gewapende botsings met Britse magte die lewe gelaat het, het hom diep getref en op 'n bestuursvergadering van sy tak het hy 'n mosie van medelye en simpatie met die Ierse volk en die twee helde se naasbestaandes ingedien.⁵² Die plaaslike Iere op Beaufort-Wes het hierdie optrede van Louw glo baie waardeer.⁵³

Op Helpmekaardag, gevier op Saterdag 13 November, het Louw 'n besielende boodskap aan sy mense op Beaufort-Wes gebring. Dit was sy taak om die spreker, mnr. W.A. Hofmeyr, wat 'n ou bekende

52. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule van bestuursvergadering, 29.10.1920. Verslag ook in Die Burger, 6.11.1920.

53. Die Burger, 6.11.1920.

onder die plaaslike Afrikaners was, vir sy oorkoms te bedank. Hy het egter die geleentheid te baat geneem om daarop te wys dat 'n kritieke tyd in die volksgeskiedenis aangebreek het. Hy het 'n pleidooi gelewer "dat ons die helpmekaar in 'n dieper en wyer sin moet beskou, en dat ons daardie ander deel van ons volk moet help om 'n volksgevoel aan te kweek, sodat ons werklik een gees en ideaal kan wees."⁵⁴

Hy het veral na die jeug verwys: "As jong Suid-Afrika reg is, dan behoef ons nie te vrees vir die toekoms nie." Hy het 'n versoek tot die jongmense gerig om hulle deeglik vir hul taak toe te rus, en selfs sy eie resep daarvoor gegee: "die beste voorbereiding is om die verstand te ontwikkel deur baie te lees, en veral die geskiedenis van ons eie land en volk te studeer."⁵⁵

Eric Louw was stadig maar seker besig om vir hom 'n plek in die harte van die plaaslike Nasionaliste te verower. Hulle het graag na hom geluister want sy toesprake was altyd vloeiend, boeiend en vol pitkos. Hy was wyd belese en het deurentyd sy vinger op die polsslag van gebeure in Suid-Afrika maar ook oorsee gehad. Hy het ook die kuns verstaan, en dit meesterlik toegepas, om 'n saak by die kern raak te vat, om analogie te trek en om toepassings te maak. Sy openbare optredes in die voorafgaande bietjie meer as 'n jaar het beloftes van groot dinge vir hierdie knap jongman ingehou.

Op Dingaansdag⁵⁶ 1920 was Eric Louw een van drie sprekers op 'n swak bygewoonde saamtrek in die plantasie digby die dorp. Die Sappe het, volgens die berig, geskitter deur hul afwesigheid

54. Die Burger, 24.11.1920.

55. Die Burger, 24.11.1920.

56. Dié term is destyds vry algemeen gebruik om wat later as Geloftedag bekend sou staan, aan te dui.

terwyl daar ook maar min Nasionaliste was. Louw het veral gepraat oor die betekenis van Dingaansdag, nadat hy die historiese agtergrond van dié besondere dag geskets het.⁵⁷ Die S.A.P.-ondersteuners se "boikot" van Dingaansdagvierings was simptome van 'n verskynsel wat al hoe meer posgevat het, grotendeels omdat die nasionalisme van die Nasionaliste toeneemend uit die bron van die heroïese verlede geput het. Die wonde van politieke verdeeldheid en skeuring was nog te rou vir sulke geleenthede om werklik bo die partypolitiek verhef te wees. Selfs nie eens die kerk was in hierdie stryd vry van die partypolitieke spanninge nie, sodat wel begryp kan word waarom Eric Louw en sy mede-sprekers so deur die S.A.P. geboikot is.

'n Nuwe algemene verkiesing was op hande, om plaas te vind pas elf maande sedert die vorige. Die onseker en wankelende regerende S.A.P. het in November 1920 die Unioniste Party geabsorbeer en genl. Smuts wou die kroon op dié "huwelik", soos dit spotprentsgewys in die Nasionale pers voorgestel is,⁵⁸ plaas deur 'n formele mandaat van die kiesers om die landsregering voort te sit.

Eric Louw het onverbiddelik geglo in deeglike organisasie en met die oog op die naderende verkiesing het hy die Nasionaliste in

57. Die Burger, 28.11.1920.

58. Dié uitdrukking slaan op die karikatuur-spotprent van Die Burger se spotprenttekenaar, W.A. Boonzaaij, wat enkele jare tevore ook verantwoordelik was vir die beroemde "Verhoogde Status"-spotprent. Die inspirasie vir die "Huwelik"-spotprent was die groot mate van samewerking wat daar reeds sedert Uniewording tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Unioniste Party bestaan het en wat uiteindelik op die amalgamasie van dié twee partye uitgeloop het. Dit het vir die eerste keer in Die Burger van 9.10.1920 verskyn en is oorgeneem in Ons Vaderland, 19.10.1920.

sy kiesafdeling opgeskerp om meer en beter te organiseer.⁵⁹
 Hoewel dit algemeen aanvaar is dat die sittende lid, mnr.
 Le Roux, weer die Nasionale kandidaat sou wees,⁶⁰ het gerugte
 die ronde begin doen dat laasgenoemde baie steun onder die
 spoorwegwerkers verloor het. Louw is wel formeel deur sekere
 persone genader om hom as kandidaat verkiesbaar te stel,⁶¹ dog
 hiertoe was hy nie bereid nie. Hy is wel as "sekunde kandidaat"
 aangewys.⁶²

Met die verkiesingsveldtog in Beaufort-Wes het Louw sy
 heelhartige steun agter sy party se kandidaat ingegooi. Op 'n
 onstuimige vergadering, waar mnr. Edwin Conroy ter ondersteuning
 van mnr. M.G. de Jager, die S.A.P.-kandidaat, opgetree het, was
 Louw prominent in 'n heftige woordewisseling met Conroy sowel as
 De Jager en ook die voorsitter, en wel oor laasgenoemde se
 weiering om 'n mosie van wantroue, deur Louw voorgestel, aan die
 vergadering voor te lê. Die vergadering is in wanorde uiteen
 sonder dat die mosie gestel is.⁶³

Louw se reputasie het wyd geloop, soos blyk uit die feit dat die
 Queenstownse Nasionaleiste hom vroeg in Januarie 1921 eenparig

59. Die Burger, 18.12.1920: notule van vergadering van N.P.-
 tak Gough te Scheurfontein op 9.12.1920. Mnr. le Roux
 en Eric Louw, lg. as voorsitter van die distriksbestuur,
 was albei hier aanwesig.

60. Die Burger, 28.12.1920.

61. E.H. Louw-vers., band 1: versoekskrif van G.C. Kotzé en
 nege andere van Beaufort-Wes, ged. 7.12.1920.

62. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule van takbenoemings-
 vergadering 22.11.1920. Verslag ook in Die Burger, 6.1.1921.

63. Die Burger, 22.12.1920.

as hul kandidaat vir die komende blitsverkiesing aangewys
het.⁶⁴ Hieroor herinner hy hom die volgende:⁶⁵

"Op 'n goeie dag word ek verras deur die ontvangs van 'n telegram waarin ek gevra word of ek my verkiesbaar sal stel as N.P. kandidaat. Die Party het onderneem om die koste te betaal. Ek was toe nog nie 'n volle twee jaar in die besigheid nie, en ek het besef dat dit gewaag sou wees om vir omtrent twee maande uit die besigheid afwesig te wees. Maar die versoeking was te groot, en ek het ernstig daaraan gedink om die uitnodiging te aanvaar. My moeder was egter sterk daarteen gekant, en aangesien ek nog 'n groot bedrag op die koopprys van die besigheid aan haar verskuldig was, het sy die volle reg gehad om beswaar te maak. 'n Ander moeilikheid was dat my vrou siek gelê het met 'n kwaai aanval van sinkenkoors. Sy was toe darem al aan die beter word en sy het my sterk aangemoedig om die uitnodiging te aanvaar. Eindelik het ek besluit om kandidaat te word, en kort daarna het ek na die kiesafdeling vertrek. Ek was toe 29 jaar oud en het hoegenaamd geen ondervinding gehad nie."

So het Eric Louw die eerste tree in die rigting van 'n politieke loopbaan gegee, 'n stap wat eerder gemotiveer is deur "versoeking", die opwinding daaraan verbonde as deur 'n realistiese hoop op sukses. Sy optrede sedert hy in feitlik alle opsigte sy vader se plek ingeneem het, het onteenseglik heengewys na 'n loopbaan in die openbare lewe. Sy relatiewe onervarendheid sou tot 'n groot mate geneutraliseer kon word deur natuurlike gemaklikheid van optrede, selfversekerdheid en veral sy wyd-belesenheid ten opsigte van politieke aangeleenthede. Aan sy jeugdigheid en jeugdige voorkoms kon hy nie juis iets doen nie.

64. Verslag van vergadering in Die Burger, 11.1.1921. In die plaaslike blad is daar kwaai gegis oor wie die kandidaat van die Nasionale Party sou wees en die name is genoem van mnr. Roodt, die plaaslike organiserende sekretaris van die party, adv. F.W. Beyers en dr. Butler van Cradock. Teen 6 Januarie was dit bekend dat Eric Louw die kandidaat sou wees. Kyk Queenstown Daily Representative, 16, 23 en 30.12.1920 en 6.1.1921: hoofartikels.

65. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 41 - 42.

Dit was juis sy jeug en sy politieke onervarenheid waarop die plaaslike koerantjie in 'n veelseggende hoofartikel die aandag gevestig het toe sy kandidatuur bekend geword het.⁶⁶ Laasgenoemde tekortkoming sou egter nie die Nasionaliste pla nie, is verder hierop voortgeborduur, solank so 'n kandidaat net "Republiek" kon sê. Dat die jonge Louw dit wel sou kon sê, was nie te betwyfel nie, maar die koerant sou nog eers wou sien of hy dit baie hard sou sê as hy in die plaaslike stadsaal optree. Hy was welbekend uit die dae toe hy as advokaat in dié dele opgetree het, dpg dit was sekerlik nie voorheen bekend dat hy 'n Nasionalis was nie.⁶⁷

Op nominasiedag is hy gevolglik genomineer as die Nasionale Party se kandidaat teen die sittende S.A.P.-lid, mnr. Arthur Frost.⁶⁸ Vir Louw was dit 'n besondere geleentheid, want in dieselfde hofgebou waar hy nou sy toetrede tot die politiek gemaak het, het hy vir die eerste keer 'n jurie toegesprek en ook sy eerste saak gewen. In 'n kort toesprake pas na nominasie,⁶⁹ het hy hom ten volle vereenselwig met die verkiesingskrete van sy party, nl. die amalgamasie tussen die S.A.P. en die Unioniste, die ekonomiese situasie en die imperiale beleid van die regering. Hy het 'n beroep op sy teenstanders en hul pers gedoen om nie tot die persoonlike vlak te daal nie, maar op beginsels te veg, en spesifiek na die opmerkings oor sy politieke onervarendheid en oor 'n republiek in die plaaslike blad verwys.

66. Die nuus dat adv. Louw "op dringende uitnodiging" ingestem het om hom beskikbaar te stel, het op 30 Desember onder die rubriek "Eleksienuus" in Die Burger verskyn.

67. Queenstown Daily Rep., 6.1.1921: hoofartikel.

68. Queenstown Daily Rep., 14.1.1921. Hy is voorgestel deur P.A. Hattingh en deur W.J. van Heerden gesecondeer.

69. Queenstown Daily Rep., 14.1.1921.

Nie dat sy beroep veel gehelp het nie. Die koerantjie kon dit darem nie mooi kleinkry nie dat 'n aantal robuuste boere, wat in die verlede altyd vir 'n boere-verteenwoordiger uit hulle plaaslike geleedere geagiteer het, nou al die pad na die dorp in die Karoo moes gaan om daar 'n winkelier te gaan haal om hulle in Queenstown te verteenwoordig.⁷⁰

Sommer met die intrapslag het Louw 'n stel afgetrap, toe hy vroeg in Januarie 1921 sy eerste vergadering op die plattelandse dorpie Sterkstroom toegesprek het:⁷¹

"... toe die trein daar aankom was daar drie mans by die stasie wat 'n mens somaar dadelik kon herken as "Voorsitters" of Bestuurslede van die Party. Dit was ook duidelik dat hulle iemand soek wat daar moet afklim. Ek klim toe af, met reiskoffer in die hand, en stap na hulle maar hulle neem van my geen notisie nie, en hou aan om rond te kyk en te soek na die kandidaat. Ek gaan toe na hulle, en vra of hulle mnr. Louw kom ontmoet. "Ja" sê die een oubeas, "ken jy hom?" Ek antwoord toe: "Ek is mnr. Louw." "O-o-o" sê hy, op 'n wyse wat duidelik teleurstelling te kenne gee. Maar toe ruk hy hom reg, en verwelkom my met die ekskuus dat hulle 'n ouer man verwag het. Gelukkig het daardie eerste vergadering goed afgeloop - en daarna was die Voorsitter heeltemal tevrede!"

Hier op Sterkstroom en ook te Molteno en Bailey het Eric Louw suksesvolle vergaderings gehou en mosies van vertroue was aan die orde van die dag.⁷² Tarkastad weer, was volgens eie waarneming, maar "taamlik sapperig."⁷³

Inmiddels het van S.A.P.-kant manne van kaliber soos Smuts, Duncan, Smartt en Byron ter ondersteuning van Louw se opponent

70. Queenstown Daily Rep., 14.1.1921: hoofartikel.

71. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 42 - 43. Kyk ook Die Burger, 12.1.1921: "Eleksienuus".

72. Die Burger, 12.1.1921: "Eleksienuus"; Die Burger, 28.1.1921.

73. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 43 - 44.

in die kiesafdeling opgetree.⁷⁴ Louw self het talle vergaderings in die kiesafdeling toegesprek. Vir byna twee weke lank was hy besig met vergaderings by Naturelle-krale, want daar was ongeveer 700 Swart kiesers in die kiesafdeling.⁷⁵ Gelukkig het hy oor die dienste van 'n baie goeie tolk, by name Makalima, beskik.⁷⁶ Vir Louw was hierdie vergaderings baie interessant en insiggewend, ten spyte van die veeleisendheid daarvan: dit het gewoonlik van 3 tot 4 uur geduur! Die rede vir hierdie langdradigheid was, volgens hom:

"omdat hulle alte graag vrae stel - en elke vraag is 'n toespraak! Dit help ook niks om hom in die rede te val en te sê hy moet hom beperk by 'n vraag nie. Sy antwoord is altyd: 'Ek kom nog by die vraag.' Ek het gou geleer dat dit niks baat om hulle aan te jaag nie. Die naturelle vraesteller laat hom nie van koers bring nie!"⁷⁷

Louw het ook te doen gekry met die sektariese Israëliete, wat hulle op die plaas Bulhoek naby Queenstown gevestig en aldaar hul godsdienstbedrywighede beoefen het. Hulle wou nie weer die plek ontruim nie en het gevolglik met die owerheid in botsing gekom. In April 1921 sou dié wrywing op grootskaalse bloedvergieting uitloop en moes die regering kwaai kritiek verduur.⁷⁸

In sy verkiesingsveldtog het Louw onder andere 'n byeenkoms van Swartes by Kamastone toegesprek, waarby ook enkele afgevaardigdes van die Israëliete aanwesig was. Omdat hy geensins op

74. Queenstown Daily Rep., 11.1.1921, 18.1.1921.

75. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 44.

76. In sy opgetekende herinneringe noem Louw nie sy naam nie, maar verwys na hom as "n Gentleman - in die Engelse sin van die woord." Kyk E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.) p. 44. In 'n berig in Die Burger, 10.12.1921 word die tolk se naam wel genoem.

77. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 44 - 45.

78. Vir meer besonderhede, kyk Marais: Die Nasionale Opposisie, 1921 - 1924, pp. 156 - 163.

hoogte was met die agtergrond van die saak nie, was hy aanvanklik nie van voorneme om by Bulhoek 'n vergadering te hou nie. Kort voor stemdag het hy egter verneem dat kwaadwillige berigte omtrent die Nasionaliste onder die Israëliete versprei word, as dat hulle die Israëliete sou platskiet as hulle aan bewind sou kom. Hierop het Louw saam met twee helpers na Bulhoek vertrek en daar die unieke ervaring deurgemaak om nie slegs die godsdienstritueel van die Israëliete persoonlik te aanskou nie, maar inderdaad onmiddellik daarna 'n politieke vergadering te hou - en dit op hulle Sabbat! So het hy later hierdie ondervinding beskryf:⁷⁹

"Ek en my eleksie agent het die Israëliete in hul "Tabernakel" toegesprek. Ons was die enigste blankes wat in hul kamp ooit toegelaat is. Dit was heeltemal duidelik dat ons deur fanatieke omring was, en ek het begin dink aan Piet Retief se ondervinding!"

Siende dat dit hul Sabbatdag was en om nie aanstoot te gee deur "politiek" te praat nie, het hy sy woorde uiters versigtig gekies en hulle gekomplimenteer

"oor die diepe erns wat hul besiel in hul Godsdiensoefening. Dit het ek opgevolg deur te sê dat Vaderlandsliefde gepaard moet gaan met liefde vir die Kerk - en hierdie punt het ek sover uitgebrei totdat ek naderhand by die leuse "Suid-Afrika Eerste" te lande gekom het. Ek het toe so op die grense van die politiek gehou, en hulle prediker se teks omtrent die "Ster in die Ooste" geneem en dit toegepas op ons onafhanklikheids ideaal."

Die "profeet", Enoch, het hierna self sy en sy kiesers se steun aan Louw beloof en skynbaar het hulle hulle op stemdag hiaraan gehou.⁸⁰

'n Ander element wat sterk in die kiesafdeling verteenwoordig

79. 'n Uitvoerige verslag van hierdie historiese ontmoeting en Eric se doen en late tydens sy besoek aan die Israëliete, het in Die Burger, 1.6.1921 verskyn.

80. Die Burger, 1.6.1921.

was, was die arbeidersklas. Louw het veral baie op hulle gekonsentreer en skynbaar heelwat simpatie onder hierdie groep mense geniet. Op 'n vergadering op 29 Januarie voor die arbeiders in Queenstown het hy die kompliment van die voorsitter gekry dat sy toespraak een van die bestes was wat ooit in Queenstown gehou is.⁸¹ Selfs in die plaaslike blad moes toegegee word dat dit 'n suksesvolle byeenkoms was, toe te skryf aan Louw se kortstondige ervaring in die Oostelike Distrikshof. Hy is 'n vloeiende spreker wat weet wat om te beklemtoon en wat om te laat:

"He also has the gift, finely developed, of choosing material to suit his audience, and on Saturday night by a judicious selection of extracts he made Col. Cresswell and other labourites, not General Hertzog, Tielman Roos and Co., show that the country was going to rack and ruin under General Smuts ... To come to bed-rock the success of Mr. Louw's speech on Saturday night was due to what he left unsaid."⁸²

En toe, op die vooraand van die verkiesing, kom sy vuurdoop: 'n vergadering in Queenstown, waar 'n Nasionale kandidaat as "iets vreemd" beskou is.⁶³ Op 4 Februarie het hy in 'n tot-oorlopende-toe-vol stadsaal voor 'n gehoor waarvan die meerderheid kennelik nie sy ondersteuners was nie, opgetree.⁸⁴ Sommer met die aanvang van die vergadering het hy gesien hoe die wind waai:⁸⁵

"Dit was gou duidelik dat die Engelse Sappe gekom het om moeilikheid te maak. Toe ek opstaan om te praat, stap daar

-
- 81. Queenstown Daily Rep., 1.2.1921. Volgens 'n berig in die Kaapse Nasionale blad het hy dit as dié beste bestempel. Kyk Die Burger, 1.2.1921.
 - 82. Queenstown Daily Rep., 31.1.1921: "Election Notes".
 - 83. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 45. Ook die plaaslike Engelstalige blad het baie na dié dag uitgesien. Kyk Queenstown Daily Rep., 6.1.1921, 27.1.1921 en 1.2.1921.
 - 84. Queenstown Daily Rep., 5.2.1921; Die Burger, 7.2.1921.
 - 85. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 45 - 46.

'n man met 'n militêre houding na vorentoe met 'n trompet, en hy sit toe in met 'God save the King', waarna die grotere deel van die gehoor lustig meegesing het. Toe hulle gaan sit het ek gesê: 'If the people of Queenstown wish to make an election dirty (sic) of the British National Anthem, then it's allright with me!'⁸⁶ Ek het die eerste skoot ingekry, maar die vergadering het woelig gebly. Dit was 'n lekker vergadering."

In 'n twee-uur lange toespraak wat in Engels gehou en kort-kort met tussenwerpsels onderbreek is, het hy hom veral tot die imperialistiese beleid van die regering gewend en onomwonde die onafhanklikheidstrewe van sy party gestel en verdedig.

Van Louw se optrede by dié geleentheid het Die Burger se berig-gewer o.a. gesê: "Hy het hulle goed die waarheid vertel omtrent die rol wat sentiment en rassegevoel in die Unionistiese politiek speel. Hy het hard teruggeslaan op interruptsies en teen die ent het die verstoorders stilgebly." Baie van die Engelse sou glo buite stemming gebly het oor die mosie van wantroue.⁸⁷ Die "Rep." was egter nie so ingenome nie en het Louw se "impudent mannerisms" en sy "insulting remarks to some of his interrupters" gelaak.⁸⁸

Reeds hier het Eric Louw se gewoonte om met vers en kapittel sekere stellinge aan sy toehoorders te bewys die aandag op sy koerantuitknipsels gevestig. In 'n spotartikeltjie in die plaaslike koerantjie is verwys na sy "famous collection ... of newspaper cuttings and snippets from historical text books,

86. Dit was opmerklik dat Louw nou en ook tydens 'n vorige vergadering nie aan dié sang deelgeneem het nie. Kyk Queenstown Daily Rep., 5.2.1921.

87. Die Burger, 7.2.1921.

88. Hy het glo op 'n vraag, "What do you want?", die vraesteller toegevoeg: "I want you to hold your jaw". Kyk Queenstown Daily Rep., 5.2.1921.

second to none in the country."⁸⁹ Hoewel miskien ietwat oordryf, sou dié gebruik van koerantuitknipsels later 'n onafskeibare deel van die beeld van Louw as politikus word.

1921
Joh

Ten spyte van talle tussenwerpsels en soms dreigende chaos, sodanig so dat sy opponent by geleentheid die skare tot orde moes roep, het Louw sy toespraak voltooi. Sy manhaftige optrede onder die ongunstige toestande het sy durf en daadkrag getoon. Kort tevore moes J.W. Sauer en John X. Merriman onverrigtersake huiswaarts keer toe hulle deur die skoorsoekers doodgeskree en uitgejou is.⁹⁰ Hoewel hy 'n mosie van wantroue op die lyf geloop het, en sy kritici en opponente nie met sy standpunt oor veral die onafhanklikheidskwessie saamgestem het nie, was hulle beïndruk deur sy uitgesproke eerlikheid: "rank racialism ... secessionist-republicanism and anti-Britishism" was die kenmerke van sy toesprake, volgens die plaaslike blaadjie.⁹¹

Die uitslag van die blitsverkiesing, wat op 8 Maart 1921 gehou is, was 'n klinkende sege vir die vergrote S.A.P. met sy verklaarde strewe na die behoud van die bande met die Britse Ryk.⁹² Die Nasionale Party se posisie het staties gebly⁹³ dog die

89. Queenstown Daily Rep., 5.2.1921: hoofartikel.

90. Getuienis van die besonder goeie indruk wat Louw by dié geleentheid gemaak het, is verskaf deur 'n tydgenoot wat die betrokke vergadering bygewoon het, nl. dr. C.F. Krige, en wel in 'n brief aan skrywer, ged. 6.4.1970.

91. Queenstown Daily Rep., 5.2.1921.

92. Die Burger, 16.2.1921. Die S.A.P. het 78 setels verower, teenoor die 44 van die Nasionale Party. Na 'n herverkiesing in Marico vanweë 'n gelykopuitslag, is die S.A.P. setels na 79 opgestoot. Kyk Marais: Die Nasionale Opposisie, 1921 - 1924, pp. 31 - 32.

93. Die Nasionale Party het nou 45 setels gehad, nadat die Party in 'n naverkiesing, ook vanweë 'n gelykopuitslag in die algemene verkiesing die setel Witwatersberg gebuit het. Kyk Marais: Die Nasionale Opposisie, 1921 - 1924, p. 31.

vordering in stemgetalle op die platteland het moed gegee vir die toekoms. In "n harde geveg" waar die Sappe "nie n steen ongestoor gelaat het nie",⁹⁴ het die S.A.P. Queenstown maklik behou, dog Louw het die Nasionale Party se stemmetal met 200 opgestoot.⁹⁵ Dit is deur die plaaslike blad toegeskryf aan beter organisasie, etlike bekeerlinge, etlike arbeiders en ongeveer honderd Swartes.⁹⁶

In 'n na-verkiesingsoorsig⁹⁷ het Louw sy teleurstelling uitgespreek dat potensieële arbeiderstemme op die vooraand van stemdag deur die "Vote-British"-kreet van die opposisie verlore gegaan het. Sy raad aan Queenstown-kiesers was om met die oog op die toekomstige verkiesings te sorg dat hulle goed georganiseer is, om rekening te hou met die arbeider- en die Swartstem (want "op eie bene" sou hulle nooit die setel kan wen nie) en derdens om 'n invloedryke plaaslike kandidaat te kry. Ver al die arbeiders en die Swartes let syns insiens baie op die persoon van die kandidaat.

Dit was die dae toe die Swartman se stem nog baie gesog was. Louw se eerste kennismake hiermee het by hom die oortuiging laat posvat "dat die kaffer waarlik Nasionaal-gesind is en bereid is om sy lot met ons Party in te werp." Hy het die hoop uitgespreek dat "ons vriende in die Noorde" die posisie in Kaapland in gedagte sal hou, en hulle nie so kras oor die naturelle-kwessie sou uitlaat nie. Dit bemoeilik net sake, veral met verkiesingstyd, was sy vermaning.⁹⁸

94. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 46.

95. Die Burger, 10.2.1921.

96. Queenstown Daily Rep., 10.2.1921.

97. Die Burger, 18.1.1921: brief van bedanking; Queenstown Daily Rep., 14.2.1921: brief van bedanking.

98. Die Burger, 18.1.1921.

Vir die Afrikaners van die kiesafdeling het hy net die hoogste lof gehad, veral dié in die "Unionistiese nes", Queenstown. Hy het hulle vir hul ondersteuning, vriendelikheid en gasvryheid, wat vir hom altyd 'n aangename herinnering sou bly, bedank.

Vir Eric Louw en ander onsuksesvolle kandidate van die Nasionale Party was daar 'n woordjie van bemoediging van die mondstuk van die party in Kaapland. Dié blad het al die suksesvolles maar veral die onsuksesvolle kandidate vir hul opofferinge in belang van die goeie saak bedank en gesê: "Die volk waardeer hulle werk. Ons hoop dat hulle hul nie deur die teenslag sal laat ontmoedig nie. Die aanhouer wen. En as jy daarby 'n goeie saak voorstaan, moet jy uiteindelik seëvier."⁹⁹

Ook sy leier, dr. Malan, se waardering en dank vir sy en andere se vergeefse moeite is aan Louw oorgedra. Die teleurstellings was, volgens dr. Malan, hoofsaaklik te wyte aan die feit "dat die magte teen ons so sterk en gekonsolideer en daarby so gewetenloos en goed georganiseer was." Hy het die hoop uitgespreek dat Eric en diesyne "later nog saam met ons hele volk die goeie vrugte daarvan sal inoes."¹⁰⁰

Vanweë sy aktiwiteite in Queenstown kon Eric Louw slegs by een geleentheid handjie bysit in sy tuis-kiesafdeling en wel deur in Januarie op te tree as voorsitter tydens 'n groot vergadering wat mnr. N.C. Havenga in Beaufort-Wes toegesprek het.¹⁰¹ Mnr.

99. Die Burger, 12.2.1921.

100. Eric Louw-dokumente: deurslagkopie van brief, persoonlik deur dr. Malan onderteken. Dit is skynbaar 'n geykte briefie wat aan alle onsuksesvolle kandidate uitgestuur is.

101. Die Kourier, 26.1.1921.

Le Roux het sy setel behou, dog sy meerderheid het skerp
gedaal.¹⁰² Dit moes vir Louw baie onrustig gestem het.

Reeds teen die einde van die vorige jaar het die plaaslike tak
van die Nasionale Party besluit om in April 1921 'n groot
Nasionale Dag te Beaufort-Wes te hou, veral met die oog op
fondsinsameling.¹⁰³ Genl. Hertzog het aanvanklik 'n uitnodiging
daarheen aanvaar,¹⁰⁴ dog kon op die ou end nie aan die verrig-
tinge deelneem nie.¹⁰⁵ Dr. D.F. Malan en sen. C.J. Langenhoven
was gevolglik die eragaste op 'n geesdriftige Nasionale saam-
trek op Vrydag en Saterdag 29 en 30 April.¹⁰⁶ Eric Louw was
sekretaris van die reëlingskomitee.¹⁰⁷

Na die aankoms van die eragaste, het hulle by die Louws gaan
tee drink en toe het Louw en ander vooraanstaandes hulle op 'n
besigtigingstoer deur die dorp geneem. Die aand was daar 'n
opvoering van die gewilde stuk "Afrikaner Harte", onder spel-
leiding van Eric Louw self.

Die volgende oggend, na 'n vee-vendusie, het almal onder die
sing van die Transvaalse Volkslied in die stadsaal byeengekom,

102. Le Roux het 1605 stemme getrek, teenoor 1648 in 1920.

Sy opponent het hierdie keer 1512 teenoor die 1032 pas 'n
jaar tevore behaal. Kyk Malan en Van Rensburg: Verkie-
singsuitslae, p. 5.

103. Die Burger, 28.12.1920.

104. Die Burger, 28.12.1920.

105. E.H. Louw-vers., band 1: JBMH/EHL, 28.3.1921.

106. 'n Uitvoerige verslag van dié verrigtinge is in Die
Kourier, 11.5.1921 gepubliseer. Ook Die Burger, 5.5.1921
bevat 'n kort verslaggie hieromtrent.

107. Die Burger, 10.5.1921: brief van E.H. Louw, sekretaris
van die reëlingskomitee, ged. 4 Mei, waarin hy al die
helpers tydens die feesverrigtinge bedank.

met Louw as voorsitter. In sy verwelkomingstoespraak het hy die doel van die byeenkoms bestempel as die bevordering van die Nasionale saak en ook om geld in te samel, "ammunisie bymekaar te maak vir die stryd wat die Party moet voer." By die formele middagete het Louw die heildronk ingestel, om dié aand weer in die Lyric-saal as voorsitter van 'n groot monstervergadering op te tree. Hy het die gassprekers aan die gehoor voorgestel en dr. Malan veral geloof oor sy besluit om hom in die politiek te begeef; Langenhoven weer is deur hom bestempel as nie slegs 'n volksleier op politieke gebied nie, maar ook op die gebied van die kuns en lettere.¹⁰⁸

Hierdie feesvieringe, en veral die groot sukses daarvan, was ongetwyfeld nog 'n merkie op die politieke kerfstok van die jong Eric Louw. Boonop het dit weer nuwe moed gegee, na die onverwagte terugslag met die laaste verkiesing, toe die Nasionale Party-meerderheid in sy tuisdorp so kwaai gekrimp het.

Die sektariese dweperij van die klompie Israeliete by Bulhoek het intussen vir die regering 'n groot kopseer begin word. Alle pogings om hulle te beweeg om hulle tydelike standplaas te ont-ruim, het misluk en teen die middel van 1921 is 'n sterk polisie-mag teen hulle gemobiliseer. Die Israeliete het met knopkeries en assegaaië weerstand gebied, dog hulle was geensins opgewasse teen die oormag van die polisie en hul wapens nie. Kwaai kritiek het oor die regering se hoof losgebars en daar is algemeen gevoel en gesê dat taktvoller en daadkragtiger optrede die tragedie kon voorkom het.¹⁰⁹

108. Die Kourier, 11.5.1921; Die Burger, 5.5.1921.

109. Kyk Marais: Die Nasionale Opposisie 1921 - 1924, pp. 159 - 163.

Pas na die Bulhoek-bloedbad het daar in Die Burger 'n baie insiggewende artikel uit die pen van Eric Louw verskyn waarin hy van sy unieke wedervaringe onder die Israëliete vertel.¹¹⁰ Sy "impressie" was destyds "dat ek daar te doen gehad het met 'n klomp dwepers besiel met Godsdienstige manie, en vervuld met 'n absoluut vertroue in hul profeet en sy sogenaamde openbaringe." Hierdie geloof in hul profeet – en nie 'n natuurlike wetteloosheid of losbandigheid nie – gepaard met "die slapheid en agterlosigheid van die regering" het syns insiens gelei tot die tragedie van Bulhoek. As gevolg van die destydse op-handesynde verkiesing (Februarie 1921) het die regering niks gedoen om die probleem vreedsaam op te los nie: "vlagswaaiery" en die "sesessie-geroep" was volgens Louw, voldoende om die ontevrede Engelse boere tot bedaring te bring.

In 'n hoofartikel¹¹¹ het Die Burger adv. Louw se "oordeel in sy rustige beskouings" aangeprys. Die blad het veral aandag gevestig op die feit dat die regering die oog op die verkiesing gehad het en toe nie opgetree het nie. Min het nog Eric Louw nog die vriendelike hoofartikelskrywer kon dink dat hy binne afsienbare tyd weer ten nouste met Queenstown en sy mense, ook die Swart mense, geassosieer sou word.

Mnr. Frost, die Unionis-volksraadslid van Queenstown, wat tydens die Sitting siek geword het, is skielik op 21 September oorlede¹¹² en die groot vraag was of die Nasionale Party die setel in die komende tussenverkiesing sou beveg; indien wel, wie

110. Die Burger, 1.6.1921.

111. Die Burger, 2.6.1921.

112. Die Burger, 21 en 22.9.1921.

hiërdie keer die kandidaat gaan wees. Louw was die vorige keer baie huiwerig en uit sy na-verkiesingsboodskap het hy immers laat deurskemer dat hy nie aan homself as 'n volgende kandidaat dink nie.¹¹³

Mnr. Frost was skaars begrawe toe daar in die pers bespiegel is oor wie die nuwe S.A.P.-kandidaat gaan wees; die name van drie bekende persone is genoem, nl. mnr. C.H. Hay, W.F. de Wet en Livingstone Moffat.¹¹⁴ Van Nasionale kant was daar voorasnog doodse stilswee.

Die jaarlikse kongres van die Kaaplandse Nasionale Party is vanaf 4 Oktober 1921 te Cradock gehou. Die naam van die jong advokaat Louw was teen hierdie tyd wyd bekend en met die aanvang van die verrigtinge was hy onder die sestien persone wat vir sitting in die Sentrale Komitee genomineer is. Die nege sittende lede is egter net so herkies.¹¹⁵

Die kwessie van Suid-Afrika se verbintenis met die Britse Ryk het 'n baie prominente plek op die kongresagenda ingeneem. Dr. Malan het in sy openingsrede prontuit verklaar dat die pas-afgelope Imperiale konferensie Suid-Afrika sy vryheid ontnem het.¹¹⁶ En by monde van C.W. Malan is waardering uitgespreek vir die moedige stryd van die Iere, omdat dit ook Suid-Afrika se posisie ten nouste raak.¹¹⁷ Gedagtig aan sy mosie op 'n takbestuursvergadering vroeër die jaar het Eric Louw met genot

113. Kyk bo, p. 132.

114. Queenstown Daily Rep., 24.9.1921: hoofartikel; Die Burger, 26.9.1921.

115. Die Burger, 5.10.1921.

116. Die Burger, 5.10.1921.

117. Die Burger, 7.10.1921.

na hierdie besprekinge geluister. Later in die kongres sou hy geleentheid kry om sy bydrae tot hierdie belangrike kwessie te doen.

Louw is nl. aan die begin van die kongres aangewys as voorsitter van die kommissie wat oor die moontlike wysiging van die party se program van beginsels moes verslag doen.¹¹⁸ Daar was n voorstel dat die omstrede kwessie van die reg tot afskeiding van die Britse Ryk (art. 4 van die Konstitusie) n ope vraag bly,¹¹⁹ dog hiervoor het Louw nie kans gesien nie. Sy kommissie se bevinding is met groot toejuiging deur die kongres begroet en daar is eenparig besluit om by die betrokke artikel te volstaan, wat "uiteindelijke volkome vryheid en soewereine onafhanklikheid" as onomwonde einddoel gestel het.¹²⁰

Daar is ongetwyfeld op die driedaagse kongres baie oor die vakature in Queenstown bespiegel en gekoukus. Die Queenstown-afgevaardigdes het sterk by Louw aangedring om weer die stryd aan te knoop.¹²¹ Hy wou eers nie:¹²²

118. Die Burger, 6.10.1921.

119. Dié voorstel is deur n afgevaardigde van Burgersdorp ingedien. Kyk Die Burger, 5.10.1921.

120. Die Burger, 5.10.1921. Vir n uitvoerige bespreking van die Nasionale Party se onafhanklikheidstrewe in dié jare, kyk Coetzee: Die Geskiedenis van die Nasionale Party, 1914 - 1921, hfst. VI.

121. Hier word verwys na n opmerking van Eric Louw op nominasiedag dat die Nasionale Party van Queenstown eers drie weke na mnr. Frost se dood tot aksie oorgegaan het, (d.w.s. ongeveer met kongrestyd) terwyl die S.A.P., volgens hom, reeds die dag na Frost se dood kandidate bespreek het. Kyk Die Burger, 30.11.1921 en ook bo, p. 137. n Reuter-berig wou dat die Nasionale afgevaardigdes van Queenstown informeel byeengekom en besluit het om hom te vra. Kyk Queenstown Daily Rep., 7.10.1921.

122. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 47 - 48.

"Hierdie keer kon ek nie my weg ope sien om die uitnodiging te aanvaar nie. Dit was vir my duidelik dat die N.P. nie die setel kon verower nie, en ek het my nie geregtig gevoel om weereens vir omtrent twee maande van besigheid afwesig te wees nie. Ek het gevoel dat iemand anders hierdie keer die stryd kan voer, as die Nasionaliste, na slegs 'n jaar, weer die setel wou betwis. Maar die Nattes wou nie my weiering aanvaar nie - of liever mnr. Charlie Melan, L.V., destydse sekretaris van die Kaaplandse Nasionale Party het sterk druk op my uitgeoefen en aangedring dat ek weer moet staan. Hy het daarop gewys dat ek met die kiesafdeling bekend was, en dat ek reeds met die vorige tussenverkiesing baie Sapstemme of los-stemme gekry het. Verder het hy gesê dat weens die slagting by Bulhoek ek hierdie keer meer kafferstemme sou kry. Hy het eindelik die argumente gebruik dat ek nie nou die Nattes daar in die steek kon laat nie. Hoofsaaklik as gevolg van hierdie laaste argument het ek besluit om weer eens kandidaat te wees, alhoewel ek nie optimisties was dat ons veel beter sou doen nie."

Op 19 Oktober 1921 is Louw gevolglik eenparig deur die Nasionale Party as hul kandidaat benoem.¹²³ As sy teenstander het die S.A.P. mnr. Livingstone Moffat, 'n invloedryke boer van die distrik en 'n oud-Unionis, aangewys.¹²⁴ Voordat die datum van die verkiesing bepaal is, was daar al roeringe en is veral van S.A.P.-kant en by monde van die plaaslike pers ywerig propaganda gemaak. Die S.A.P. het die stadsaal van Queenstown vir twaalf agtereenvolgende dae bespreek, onder andere vir 'n vergadering van sir Thomas Smartt, Minister van Landbou en voormalige leier van die Unioniste.¹²⁵ Ook Eric Louw het nie op hom laat wag nie en op 'n vlugtige besoek aan sy kiesafdeling sy verkiesings-masjinerie in orde gekry,¹²⁶ die belemmeringstaktiek van sy teenstanders ten spyte.

123. Die Burger, 22.10.1921; Queenstown Daily Rep., 29.11.1921.

124. Die Burger, 16.11.1921; Queenstown Daily Rep., 14.11.1921.

125. Die Burger, 11.11.1921.

126. Die Burger, 11.11.1921.

Daar is uitermate lank gesloer met die vasstelling van 'n datum vir die tussenverkiesing, sodat dr. Malan op 17 November in 'n dringende telegram Smuts se aandag op die saak moes vestig. Smuts het geantwoord dat dit nog dieselfde dag in die Staatskoerant gepubliseer sou word. Die Nasionaliste het die regering van doelbewuste vertragingstaktiek en 'n ontduiking van die bepalings van die Kieswet beskuldig.¹²⁷

Die oë van die hele land was gerig op Queenstown, want die regering het in die voorafgaande tussenverkiesings in Liesbeek en Tuine 'n swak figuur geslaan.¹²⁸ In 'n vooruitbeskouing het Die Burger daarop gewys "dat daar 'n 'sporting'-kans is om die leeu in sy eie hol te klop", vanweë die onstabiele politieke en ekonomiese toestande wat sedert die laaste verkiesing ontwikkel het.¹²⁹ Daar moet net hard baklei word - en hiervoor was die heer Louw net die regte man, was die mening.¹³⁰ Dr. Malan het byna twee maande tevore, in sy slotrede op die Nasionale Party-kongres, na die komende tussenverkiesing verwys en gehoop dat die Nasionaliste hulle soos nooit tevore nie daar sou handhaaf. Dit was 'n kans om te toon dat die land tot die besef gekom het dat die man wat deur middel van vlagswaaiery hul aandag van ander dinge wou aftrek, met die ander hand besig

127. Die Burger, 19.11.1921 en 21.11.1921: hoofartikel.

128. Die twee vakatures het ontstaan vanweë die ontseteling van die S.A.P.-lid vir Kaapstad-Tuine en die bedanking van die S.A.P.-lid vir Liesbeek, in beide gevalle veroorsaak deur beweerde onreëlmatighede in die voorafgaande algemene verkiesing. Ten spyte van 'n uiterste poging van die S.A.P., het die Arbeidersparty albei die setels ingepalm. Kyk Mareis: Die Nasionale Opposisie, 1921 - 1924, pp. 352 - 356.

129. Die Burger, 2.12.1920. Hier is waarskynlik ook in gedagte gehad die depressie-toestande, die Bulhoek-episode en die ongewildheid van minister Jagger by spoorwegwerkers.

130. Die Burger, 2.12.1921.

was om hul sakke leeg te maak, het Malan die Smuts-regering in diskrediet probeer bring.¹³¹

Van regeringskant is beseef dat dit 'n taai botsing sou wees en daar is voorsien dat Louw en die Nasionaliste die Bulhoek-gebeure en spoorwegwerkers se ontevredenheid sou probeer uitbuit.¹³² Daar is veral baie klem gelê op Louw se uitlatinge oor die Noordelike Nasionaliste se houding jeens die kleurvraagstuk in sy bedankingsbrief na afloop van die vorige verkiesing. "Save us from our Northern friends" was die slagkreet wat nou aan Louw toegedig is.¹³³

Op nominasiedag, 29 November 1921, het Eric Louw die groot skare by die nominasiehof in Engels toegesprek, sy simpatie met die naasbestaandes van mnr. Frost betuig en die hoop uitgesprek dat die stryd vry sou wees van "bitterheid en onaangename persoonlikhede. Hy het dit betreur dat sir Thomas Smartt 'n paar aande tevore nie in hierdie opsig 'n beter voorbeeld gestel het nie, maar sekere persoonlike aanmerkings oor hom gemaak het. Hy het die regering se verkiesingsplan herlei tot die afgesaagde kreet dat die Britse vlag in gevaar verkeer en gesê dat die gemiddelde Engelsman met verontwaardiging begin kyk na die "twyfelagtige moraliteit om die 'Union Jack' as 'n verkiesings-agent te gebruik. Hy het hom ook skerp uitgelaat oor die moedswillige vertraging van die vasstelling van die datum in die verkiesing.¹³⁴

131. Die Burger, 7.10.1921.

132. Queenstown Daily Rep., 7.10.1921: hoofartikel, en 21.11.1921: hoofartikel.

133. Queenstown Daily Rep., 3.12.1921: hoofartikel.

134. Die Burger, 30.11.1921. Kyk ook voetnoot 143, onder.

Reeds op 25 November het hy sy eerste vergadering op Sterkstroom gehou¹³⁵ en vir die volgende twee weke het daar byna nie 'n dag verby gegaan wat hy nie opgetree het nie: in Sterkstroom, Molteno, Tarkastad, verskeie natuurlike-woonbuurte en natuurlik die setel van die kiesafdeling self, Queenstown.¹³⁶ Afgesien van ekonomiese kwessies het Louw weer eens nie geskroom om sy sienings oor die konstitusionele bande met Brittanje aan sy toehoorders te skets nie.

Ook het hy, soos die vorige keer, sy uiterste bes gedoen om die Kleurling en die Swartman se stem op hom te verenig. Dit was 'n moeilike taak en dit het soms maar woes daaraan toegegaan op hierdie vergaderings, veral as die drankies saam begin gesels en vrae vra het! Louw se toek, Makalima, het soms so opgewonde geraak "dat hy van man tot man loop en die woorde as't ware met nadruk in hul ore giet."¹³⁷ Heel toevallig het etlike vergaderings van Eric saamgeval met die dip-dae en is bedenkinge gekoester of die dip-dae nie dalk opsetlik so gereël is om hom swak opkoms te gee nie!¹³⁸

Dat Eric Louw geweet het watter snare om by die Swartes te

135. Die Burger, 28.11.1921.

136. Vergaderings is gehou te Sterkstroom, Molteno, Shilo, Whittlesea, Hackney, Oskraal, Tarkastad, Kamastone, Lessyton, Bailey en Queenstown. Te Queenstown is afsonderlike vergaderings gehou vir die "gekleurdes", natuurlike, Hollandssprekendes en arbeiders, naas twee algemene vergaderings waarop ook Engelssprekendes en opposisie-lede goed verteenwoordig was. Vir 'n lys van vergaderings, kyk Die Burger, 28.11.1921.

137. Die Burger, 10.12.1921. Die verslaggewer sê verder van dié tolkery: "n Goeie tolk interpreteer die toespraak. Hy sit daar lewe en gevoel in deur sy stem te laat rys en sak, en gebare speel nie 'n klein aandeel in so 'n vertolking nie."

138. Die Burger, 3.12.1921.

tokkel, ly geen twyfel nie. Die steeds-versleggende lands-
ekonomie kon hom as "profeet" laat poseer, want het hy nie in
Februarie laas gesê dat dinge nog sou vererger nie? Nadat hy
die teenparty se saak in so 'n swak lig as moontlik gestel het,
het hy op dié noot afgesluit: "As ons die setel hierdie keer
nie wen nie, sal ons Queenstown vir altyd verlaat en julle sal
in die vervolg moet tevrede vir altyd wees met wat die ander
party aan julle gee. Hulle sal nie dan julle opinies vra nie,
en sal julle glad nie in aanmerking neem nie!"¹³⁹

In sy optrede voor Blanke gehore het Louw veral gewys op die
ongesonde ekonomiese toestande waarin die land verkeer terwyl
die imperialistiese karakter en optrede van die S.A.P. weer
skerp onder sy venynige tong moes deurloop. Die Nasionale Party
is die party vir die werker, die anti-kapitalistiese demokratie-
se party, in teenstelling met die kapitalistiese regeringsparty.
Hy het ook te velde getrek teen onbeheersde staatsondersteunde
immigrasie en teen voorkeurtariewe aan produkte uit Engeland,
wat die tuis-industrieë aan bande lê.¹⁴⁰

Die gemeenskaplike belange tussen die Nasionale Party en die
arbeidersklasse, wat in hierdie tyd sterk na vore begin tree
het en 'n voorefskaduing was van die Pakt wat in 1924 tussen
die Nasionale Party en die Arbeidersparty gesluit sou word,
blyk nie net duidelik uit Louw se toesprake nie, maar ook uit
die feit dat hy die steun van die plaaslike tak van die National
Union of Railway and Harbour Services (NURAHs) verkry het.¹⁴¹
Selfs die NURAHs van Uitenhage het hul eweknie in Queenstown

139. Die Burger, 12.12.1921.

140. Die Burger, 5.12.1921; Queenstown Daily Rep., 3, 6, 7
en 9.12.1921.

141. Die Burger, 7.12.1921; Queenstown Daily Rep., 3.12.1921.

aangemoedig om as toets en ook as protes teen die regering se optrede teen die spoormanne, vir Eric Louw te stem.¹⁴²

Louw kon nie help om die draak te steek met die East London Daily Dispatch nie, wat gesê het dat kapitaal die land sal uitvloeï as hy (Louw) die oorwinning behaal: Hy't nooit geweet hy is so belangrik nie! En in antwoord op "die grote Sir Thomas", wat 'n paar persoonlike aanmerkings op hom gemaak het, het hy gesê dat hy veel eerder 'n "carpet beggar" as 'n politieke verkleur-mannetjie wou wees.¹⁴³

Op Queenstown self het Louw opwindende vergaderings toegesprek, soos dié op 6 Desember toe hy "onder dawerende applous vergesel van 'n bastoon van geboe" die saal binnegekom het. Na afloop van die vergadering "was dit of die Nasionaliste nie van die kandidaat af kon gaan nie." Hulle het hom buite die stadsaal ingewag en is saam met hom en 'n paar vriende na die koffiehuis, waar hulle "voor die deur staan waghou en hom later in massa vergesel na die huis."¹⁴⁴

Op 13 Desember, die aand voor stembag, het Louw 'n groot opelug-vergadering op die dorpsplein toegesprek terwyl sy teenstander die stadsaal tot sy beskikking gehad het. Mnr. C.W. Malan en A.J. Werth het Eric se kandidatuur by dié geleentheid probeer bevorder.¹⁴⁵ Toe die uitslag egter op Donderdag 15 Desember, bekend gemaak is, moes hy maar weer die aftog blaas; hierdie

142. Die Burger, 7.12.1921.

143. Die Burger, 5.12.1921: op 'n vergadering op 3 Desember voor die Arbeiders in Queenstown. Hy het verwys na sir Thomas Smartt, vroeëre leier van die Unioniste Party en op daardie tyd stip Minister van Landbou in die Smuts-kabinet. Ook die plaaslike blad het na Louw verwys as "carpet-beggar". Kyk Queenstown Daily Rep., 25.11.1921: hoofartikel.

144. Die Burger, 8.12.1921.

145. Die Burger, 15.12.1921.

keer het hy 1461 stemme op hom getrek, en mnr. Moffat 1977.¹⁴⁶

Hoewel teleurgesteld, kon Louw darem daarop roem dat die Nasionale Party-stemmen met 356 stemme toegeneem het sedert die vorige verkiesing, en met 566 sedert die 1920-verkiesing. Op mnr. Moffat se opmerking dat hy hoop hulle besef nou dat dit 'n Sap-setel is, het hy teruggekap dat dit 'n Unionistiese setel was; elke keer kom die Nasionale nader, en met die derde of vierde aanval vat hulle dalk die "ou vesting". Uitroepe en drie hoera's vir "Good old England" het Eric Louw genoep om die skare te vra om liever drie hoera's vir Suid-Afrika te gee.¹⁴⁷ Inderdaad kordaat!

Louw het vir homself hoë lof ingeoes:

"Daar is deur adv. Louw met groot bekwaamheid en kennis van landsake, maar teweens met onvermoeide ywer en onaantasbare eerlikheid vir ons beginsels gestry in daardie vesting en bolwerk van die Unioniste. Daardie arbeid moet vrugte dra ... Hy het hom 'n man getoon en 'n politikus (sic), op wie ons party trots is. Hy het geveg vir 'n verlore saak met 'n toewyding en 'n bekwaamheid, wat hom 'n naam verwerf het in die land."

Hy het verder getoon, sê die Burger, "dat ons party nie slimpraatjies of slimstreke nodig het om te stry nie. Ons kan openlik veg met eerlike wapens, net met ons beginsels."¹⁴⁸

146. Vir die uitslag, kyk Die Burger, 16.12.1921 en Queenstown Daily Rep., 16.12.1921.

147. Die Burger, 16.12.1921. Louw se voorspelling was nie heeltemal in die kol nie. Dit was eers in 1961, na nog nege verdere verkiesings en vier waarin die S.A.P. en later die Verenigde Party onbestrede die setel verower het, dat die Nasionale Party hierdie kiesafdeling kon inpalm. In 1958 was die V.P.-meerderheid slegs 13. Kyk Voortrekpers: Verkiesings 1910 - 1970, pp. 30 - 31, en Malan en Van Rensburg: Verkiesingsuitslae 1910 - 1943, p. 18.

148. Die Burger, 16.12.1921: hoofartikel.

Ook C.W. Malan, organiserende sekretaris van die Nasionale Party wat Louw se vernaamste helper in die veldtog was,¹⁴⁹ het melding gemaak van die "opofferende volharding" wat hy aan die dag gelê het: "Met die grootste vrymoedigheid sien ons uit na die tyd wanneer mnr. Louw ons party as verteenwoordiger tot diens sal wees."¹⁵⁰

Sy optrede onder die Swartes is ewe-eens hoog aangeslaan en die berekende steun wat hy gekry het,¹⁵¹ was 'n bemoedigende teken. Die indruk is verkry¹⁵² dat die Swartes eerder die duidelike uiteensetting van die Nasionale Party se segregasiebeleid sou aanvaar as die "weifelagtige en teenstrydige politiek" wat die S.A.P.-ondersteuners aan hom verkondig. Uit Queenstown is 'n dringende waarskuwing die land ingestuur:

"Die naturel is aan ontwaak. Hy het tot selfbewussyn gekom, en hoe die witman dit ook al mag wil teenhou, die naturel self is beslis om op te staan uit die minderwaardige posisie waarin hy vandag verkeer. Hy kyk egter na die witman vir leiding, en dit hang van ons af of ons hom eerlik en pad-langs gaan lei en also sy vertrouwe wen, dan of ons hom wil mislei met wanvoorstellings."¹⁵³

Ook Charlie Malan het gevoel dat die uitslag die behoefte aan "versigtigheid, matigheid en oordeelkundigheid in die bespreking van rasse- en natuurlike kwessies", asook die behoefte aan 'n

149. Die Burger, 12 en 14.12.1921.

150. Die Burger, 21.12.1921.

151. C.W. Malan se berekening was dat 1 000 Nasionale, 140 Engelse, 270 natuurlike en kleurlinge, 25 Engelse arbeiders en 26 Sappe en Engelse vir Louw gestem het. Kyk Die Burger, 21.12.1921.

152. Die Burger, 21.12.1921: "Nabetragtings van ons spesiale verteenwoordiger.

153. Die Burger, 16.12.1921.

Engelstalige Nasionale weekblad, onderstreep het.¹⁵⁴

In die nabetragting is verder aangevoer dat Louw se nederlaag veral te wyte was aan vlagswaaiery en uitbuiting van Britse sentiment, onbekendheid van die kiesers met die Nasionale beginsels en die "twyfelagtige taktiek" van "persoonlike en onbillike aanvalle op die kandidaat en die verdraaiing van sy woorde"; ook nog die druk wat deur werkgewers op werknemers uitgeoefen is en die "hopelose volgsaamheid van baie Hollandssprekende Sappe."¹⁵⁵

Die opposisie-pers was redelik in hul skik, al moes die plaaslike blad erken dat Louw goed geveg het. Daar was baie faktore teen die S.A.P., soos nominasiestryd, depressie, die Bulhoek-episode en die houding van die "NURAHS". Ook die Daily Dispatch en die Friend was onder omstandighede tevrede, en laasgenoemde was van mening dat die "onheilige verbond" tussen Nasionale, werkers (NURAHS) en 'n deel van die naturelle nie eens 'n morele oorwinning kon behaal nie.¹⁵⁶

Eric Louw se dapper stryd in Queenstown het nie ongesiens by sy eie mense verby gegaan nie en in 'n spesiale mosie het sy tak hul dank uitgespreek vir die ywer en volharding wat hy aan die dag gelê het. Sy "grote dienste om ons Nasionale saak so te bevorder" is te boek gestel¹⁵⁷ en dit was duidelik dat hy die agting van baie mense, veral in sy tuisdorp, verwerf het. Sy indringende kennis van land- en wêreldsake en sy dinamiese organisasie-

154. Die Burger, 21.12.1921.

155. Die Burger, 21.12.1921: C.W. Malan se ontleding.

156. Die Burger, 22.12.1921: "Persmening"; Queenstown Daily Rep., 16.12.1921.

157. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 22.12.1921.

vermoë en dryfkrag het onbewus vir hom 'n plek in die warm harte van baie Nasionaliste in dié Karoodorp verwerf.

Louw se gewoonte om kontensieuse sake op taksvergaderings te laat bespreek het groot byval gevind. So het hy sy mense op hoogte gebring met die Ierse kwessie,¹⁵⁸ en toe genl. De Wet vroeg in 1922 oorlede is, het hy, na 'n huldemosie, die lewensrol van die Generaal op 'n baie bekwame wyse uiteengesit.¹⁵⁹ Die Randse Staking, wat in Maart 1922 sy hoogtepunt bereik het, het ook ter sprake gekom op partyvergaderings.¹⁶⁰ Ver al op die platteland is die behoefte aan inligting baie sterk aangevoel, want baie Nasionaliste lees nie gereeld Die Burger nie, die Sappe wil hom nie lees nie en die Engelse en arbeiders kan hom nie lees nie; hulle lees net die Cape Times, met sy "verkeerde voorstellings".¹⁶¹

Om verder in hierdie behoefte te voorsien, is daar teen die middel van 1922 in Beaufort-Wes 'n Parlementêre Debatsvereniging gestig, grootliks op inisiatief van Louw.¹⁶² Hierdie vereniging

158. Kyk bo, p. 120.

159. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 10.2.1922. Verslag ook in Die Burger, 16.2.1922. Hy het De Wet se lewe in 4 fases verdeel, nl. as Gewone Boer, Boere-Generaal, Minister van Landbou in die Vrystaat en Volksman/Volksleier.

160. Die Burger, 13.4.1922: Distriksbestuursvergadering gehou op 1.4.1922. Die Bestuur was ten gunste van 'n onpartydige kommissie na die gebeure op die Rand. Kyk ook Die Burger, 1.5.1922, waar vermeld word dat die Staking o.a. ook op jongste vergadering van die plaaslike tak bespreek is.

161. Die Burger, 1.5.1922: berig "Van ons Korrespondent".

162. Die stigtingsdatum en -besonderhede kon nie vasgestel word nie. Die eerste berig hieroor het op 14 Junie 1922 in Die Kourier verskyn, waarin gemeld word dat dié vereniging sy sitting die vorige Maandagaand voortgesit het.

was 'n opwindende nuwigheid vir die inwoners van die dorp, 'n soort sosiale geleentheid, en dit is besonder goed bygewoon.¹⁶³

Sake wat deur die plaaslike "Parlement" bespreek is, het in noue verband gestaan met die landspolitiek. Hieronder tel "wetsontwerpe" soos 'n verbod op die ontvangs van ere-titels van ander lande (deur Louw as "leier van die Opposisie" ondersteun),¹⁶⁴ vroue-stemreg (deur Louw geopponeer),¹⁶⁵ die Unie se verdedigingstelsel,¹⁶⁶ drankverskaffing (Louw het doeltreffender kontrole bepleit)¹⁶⁷ en die beoogde inlywing van Rhodesië (Louw daarteen).¹⁶⁸ Oor laasgenoemde kwessie het Louw by geleentheid 35 minute gepraat, "confining his remarks chiefly to the financial aspects of the terms which he characterized as constituting a very bad bargain indeed for the Union."¹⁶⁹

Grootliks vanweë die optrede van die energieke "Opposisie-leier" is die regering se "wetsontwerp" verwerp, en het dit gelei tot die bedanking van die regering. Nie Eric Louw nie, maar die leier van die "dwarsbank-party" het nou oorgeneem.¹⁷⁰ Louw het skynbaar daarvan gehou om te opponeer!

163. Op die byeenkoms van 26 Junie (Die Kourier, 28.6.1922) was daar in die "galery" 15 dames aanwesig; op die vergadering van 10 Julie (Die Kourier, 12.7.1922) was daar ongeveer 70 persone, waaronder baie dames. In 'n onderhoud met mev. Dolly Jooste, in 1973, het sy vertel dat "die jong klomp vreeslik erg oor dié debatte" was.

164. Die Kourier, 14.6.1922.

165. Die Kourier, 14.6.1922.

166. Die Kourier, 28.6.1922 en 5.7.1922.

167. Die Kourier, 12.7.1922.

168. Die Kourier, 26.7.1922 en 16.8.1922.

169. Die Kourier, 16.8.1922; Die Burger, 21.8.1922.

170. Die Kourier, 27.9.1922.

Na n "vigorous and instructive career" het die Parlementêre Debatsvereniging op 19 September verdaag. Hul laaste besluit was om n gesellige eetmaal te hou;¹⁷¹ sedertdien word nie weer daarvan gehoor nie. Dit ly egter geen twyfel nie dat hierdie organisasie veel gedoen het om die politieke bewussyn van die inwoners van Beaufort-Wes op te skerp. Die "Parlement" het uit Nasionaliste en S.A.P.-lede bestaan, wat miskien die rede was waarom dit so spoedig tot niet gegaan het.

Verder het die verrigtinge van dié vereniging ongetwyfeld daartoe bygedra om Eric Louw se reeds gunstige politieke beeld net verder te versterk. Hy het met groot oorgawe, oorrעדingskrag en beslistheid standpunte ingeneem en sy kragtige redevoerings het hom ongetwyfeld as n politieke leier van die toekoms onder sy mense se aandag gebring. Die temas onder bespreking en Louw se deelname aan spesifieke debatte, het onmiskenbaar getoon wáár sy belangstellings gelê het.

Teen die helfte van 1922 het daar n brief van Louw in Die Burger verskyn,¹⁷² waarin hy beswaar gemaak het teen die vasgestelde datums vir die komende N.P.-kongres, t.w. 31 Oktober en 1 - 2 November. Ter wille van die wolboere van die Karoo, wat meestal dan "in die hitte van die skeertyd" is, het hy gevra of die kongres nie n maand vroeër gehou kan word nie. n Ander Nasionalis, J.G. du Toit van Clanwilliam, het na aanleiding hiervan die wolboere verkwalik dat hulle net na persoonlike belange kyk.¹⁷³ En so tussen die lyne deur het hy ook na Eric Louw gekap: "Die minste wat van n opregte Nasionalis kan verwag word,

171. Die Kourier, 27.9.1922.

172. Die Burger, 3.8.1922: brief dd. 26.7.1922.

173. Die Burger, 23.8.1922: brief dd. 9.8.1922.

is dat hy altyd bereid sal wees om op te offer vir die heil en welvaart van land en volk ..."

Louw het baie besadigd in 'n briefie hierop gereageer en aangetoon dat hy, net soos Du Toit, deur sy skrywe bloot net 'n vol kongres beoog het.¹⁷⁴ Du Toit se bedekte vermaning was beslis nie aan die regte adres gerig nie, want reeds op hierdie stadium het Eric Louw bewys dat hy homself nie in diens van sy party sou spaar nie. Sy verdere politieke loopbaan sou oorvloediglike bewyse van "n lewe in diens van sy volk"¹⁷⁵ oplewer.

In elk geval het die Sentrale Komitee van die Party dit nie wenslik geag om op daardie stadium die reëlings te wysig nie. Dat Louw se betoog nie sonder grond en sonder uitwerking was nie, blyk daaruit dat die kongres die volgende jaar wel aan die einde van September gehou is.¹⁷⁶ Sedertdien het laasgenoemde gebruik feitlik 'n tradisie geword.

Skygbaar het Louw om een of ander rede nie die kongres te Middelburg bygewoon nie al is hy daar as sekunde vir die Regskommissie ('n vaste komitee) aangewys.¹⁷⁷ Desondanks sou hy nie

174. Die Burger, 1.9.1922: brief dd. 25.8.1922.

175. Hierdie uitdrukking is ontleen uit 'n brief van mev. Betsie Verwoerd aan mev. Anna Louw, dd. 24.8.1968, waarin simpatie met die oorlye van dr. Eric Louw betuig word. Kyk Persoonlike korrespondensie.

176. Nie dat hierdie reëling juis die gewenste resultate gehad het nie! Sommer op die volgende kongres het dieselfde klagtes weer na vore getree. Kyk p. 156, onder.

177. Sy naam kom nêrens voor in die verslag van kongresverrigtinge, wat vanaf 1.11.1922 in Die Burger verskyn het nie. Ook is daar nêrens sprake dat hy, soos die gewoonte was, aan die distriksbestuur of aan sy tak van dié kongresverrigtinge verslag gedoen het nie.

in sy verpligtinge as leier in die gemeenskap verslap nie, maar het hy sy mense steeds tot groter waaksaamheid en doeltreffender organisasie aangespoor.

Trouens, aan die begin van 1922 reeds het Eric Louw gevoel dat die Smuts-regering tot 'n val gebring kon word en het hy sy mense dit nog sterker as voorheen op die hart gedruk om te organiseer en gereed te wees.¹⁷⁸ In sy jaarverslag vir 1921, as voorsitter van die plaaslike party-tak, het hy gepleit vir meer praktiese toepassing van Nasionale beginsels en gewaarsku dat teoretiese Nasionaleisme alte maklik kon oorgaan tot blote lippe-Nasionalisme. Lede moes wakker wees, het hy gesê, aangesien 'n verkiesing enige dag verwag kon word. En teen "dooie lede" van die tak moes opgetree word.

Uit dié jaarverslag het dit verder geblyk dat die tak 186 lede gehad het, dog baie daarvan was onaktief. Hy het ook aangetoon dat daar 730 Nie-Blankes op die kieserslys in die kiesafdeling was, maar feitlik almal vyandiggesind teen die Nasionale Party. Hy het lede opgeskerp om te help om onbevoegdes se name by die aanstaande registrasie te laat skrap.¹⁷⁹

Teen die einde van 1922 het Louw sy beroep dat die publiek hulle as kiesers moes registreer, herhaal.¹⁸⁰ Daar was vir hom verskeie bemoedigende tekens in die lug: die weiering van Rhodesië om by die Unie aan te sluit, kon as 'n mosie van wantroue in die regering beskou word, terwyl die staking en die doodvonnisse wat op Stassen, Hull, Lewis en Long (lg. drie was Engelse) gelê is,

178. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 10.2.1922. Sy jaarverslag vir 1921 is op hierdie vergadering bespreek. Kyk ook Die Burger, 16.2.1922.

179. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 10.2.1922, met Jaarverslag as bylae.

180. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 23.11.1922. Kyk ook Die Burger, 30.11.1922.

die onthullings in die lewensbeskrywing van sir Leander Starr Jameson¹⁸¹ en minister Burton se pessimisme oor die land se finansiële situasie¹⁸² alles faktore was wat tot die ongewildheid van die Smuts-regering bygedra het.

Boonop kon hy dié boodskap bring, gebaseer op sy ervarings by die kongres van die koopliede, dat daar in Engelse handelskringe groot ontevreidenheid met die regering was en dat 'n toegeneemtheid tot genl. Hertzog besig was om te ontwikkel. Baie van die "rooiste Engelse handelaars" het hom op die kongres meegedeel hoe graag hulle vir Hertzog persoonlik wou ontmoet.¹⁸³

Ten spyte van al die aanmoediging en organisasie, het die 1922-jaarverslag van Louw maar 'n sombere prentjie geskets.¹⁸⁴ Daarin het hy aangedui hoe moeilik dit vir die leiers was om entoesiasme of bedrywigheid binne die party op te wek. Daar was algehele gebrek aan belangstelling in party-aktiwiteite, selfs tekens van agteruitgang. Hy het veral twee groepe vir kritiek uitgesonder,

181. Hier word verwys na I.D. Colvin se biografie van Jameson, wat in hierdie tyd die lig gesien het en groot opspraak onder Nasionaliste gemaak het. Die onderhandelings tussen genl. Botha en Jameson op die vooraand van Uniewording met die oog op moontlike koalisie asook sekere opmerkinge in die boek wat daarop dui dat Smuts dit as sy taak beskou het om die oogmerk van Botha, nl. nuwe samewerking met die Unionistestenuitvoer te bring, het talle vrae laat ontstaan oor die goeie trou van dié twee politieke leiers. Dr. Malan het op 'n byeenkoms in die Koffiehuis in Kaapstad in 'n uitvoerige ontleding die aandag pertinent op die boek se inhoud gevestig. Kyk Die Burger, 29.11.1922.

182. Hier word verwys na minister Burton se begrotingstoespraak in April 1922. Vir 'n bespreking, kyk Marais: Die Nasionale Opposisie, 1921 - 1924, pp. 210 - 211.

183. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 23.11.1922. Kyk ook Die Burger, 30.11.1922.

184. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 19.1.1923, Jaarverslag van Voorsitter, 1922.

nl. die ouere lede wat dinge maar liefds aan die jongeres wou oor-
laat, en dan die jongeres self:

"Hierdie gebrek aan belangstelling aan die kant van ons jong manne is m.i. 'n sorgwekkende verskynsel. Die Nasionale Party staan bekend as 'n jong en lewende party - ons hoor gedurig van die invloed en opbouwende werk van jong Suid-Afrika - maar as ek moet oordeel naer die opkoms van die jong manne naer ons vergaderings dan is ek verplig om te sê dat baie van ons jong Nasionale nie genoeg geesdrif en ywer besit nie om eenkeer in twee maande hul vermoëlikhede ons te wil opoffer nie, ten einde ons groot volks en nasionale saak te bevorder."

Die gebrek aan belangstelling het o.a. tot etlike bedankings uit die party gelei. "Daar is manne wat ook graag wil deel in die vrugte wat gepluk word van die Nasionale boom, maar wat self niks wil bydra tot die bearbeiding en bemesting van die boom nie", het die ywerige voorsitter sy tak gekapittel.¹⁸⁵

Die sleutel tot politieke sukses het vir Eric Louw opgesluit gelê in een woord, nl. "praktiese nasionalisme". In die 1922-jaarverslag haal hy dié kwessie weer op:¹⁸⁶

"In die algemeen slotwoord meen ek dat ek nie beter kan doen dan om (soos in my laaste jaarverslag) te wys op die nood-sakelikheid en belangrikheid van praktiese nasionalisme - waarmee ek bedoel die toepassing van nasionale beginsels in die dagelike lewe, en veral ook die bereidwilligheid om opofferings te maak vir die nasionale saak. Ek hoor soms 'n man spog op die feit dat hy "nasionaal gebore" is - en ek is jammer om te sê dat soms hierdie persoon ook nooit verder gekom het dan 'n "Nasionale geboorte" nie, en dat sy buurman wat miskien baie later deur oortuiging Nasionaal geword het, bereid is om baie meer persoonlike opofferings te maak vir die saak. Die eersgenoemde is 'n blote lippe nasionalis - en is maar bitter min vir sy party werd. Laasgenoemde is 'n praktiese nasionalis op wie die Party altyd kan reken veral op 'n kritieke tyd. Ek meen dat hierdie opheldering vir 'n

185. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 19.1.1923, Jaarverslag van Voorsitter, 1922.

186. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 19.1.1923.

ieder van u die onsekerheid in 'n duidelike lig stel, en ek
hoef niks daarby te voeg nie behalwe die hoop uit te spreek
dat elke lid van ons tak gedurende 1923 praktiese bewys sal
lewer van sy belydenis van ons beginsels, en van sy gehegt-
heid aan ons Party."

In hierdie tyd het Louw hom ook sterk beywer vir die noodsaaklik-
heid om die vrou in die politiek te betrek. Hy was persoonlik
gekant teen die stigting van 'n aparte vroue-party,¹⁸⁷ in elk
geval tot tyd en wyl hulle die stemreg verkry het. En kry sou
hulle dit wel, daarvan was hy oortuig, "wat ook my eie opinie
mag wees oor die kwessie van vroue stemreg."¹⁸⁸

Louw het dit ook nodig gevind om 'n woord van waarskuwing tot
Nasionaalgesinde ouers te rig teen die pasgestigde "Girl
Guides"-beweging, wat nogal "n tamelike groot aantal van
Afrikaner dogters" plaaslik daarby betrek het. Die doelwit van
die beweging, sê hy, is "die kweking van Imperialisme"; dit
is saam met "haar broer beweging die 'Boy Scouts' kleine dog
belangrike radde in die groot en uitgebreide Imperiale
Masien."¹⁸⁹

Vroeg in 1923 was Eric Louw baie optimisties oor die moontlik-
heid dat die regering tot 'n val sou kom, want die groot oor-
winning van die Nasionale Party in Oudtshoorn¹⁹⁰ (waar oud-
studentemaat Stephen Le Roux die setel in 'n tussenverkiesing

187. 'n Nasionale Vroue-Party het alreeds sedert Oktober 1915
in Transvaal bestaan. Kyk M.P.A. Malan: Die Nasionale
Party van Suid-Afrika, 1914 - 1964, pp. 83 - 84, asook
H. Reitz en H. Oost (red.): Die Nasionale Boek, p. 337 e.v.

188. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 19.1.1923,
Jaarverslag.

189. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 19.1.1923,
Jaarverslag.

190. Vir besonderhede, kyk Marais: Die Nasionale Opposisie,
1921 - 1924, p. 377 e.v.

verower het) en die swak vertoning van die S.A.P. in Albanië¹⁹¹
is deur hom as mosies van wantroue in die regering beskou.¹⁹²

Hierdie boodskap van hoopvolle verwagting is ook deur dr. Malan gebring toe hy die Kaaplandse Nasionale Party-kongres op 26 September 1923 te Oudtshoorn geopen het.¹⁹³ Maar voordat aan oorwinning gedink kon word, moes die hand eers in eie boesem gesteek word. Dit is op die laaste dag van die verrigtinge gedoen, toe 'n uitgedunde kongres groot kommer by die handjievol oorblywendes gewek het. Hierdie ongeërgde houding is deur Eric Louw vergelyk met die ongeërgde gesindheid van parlamentslede, soos geopenbaar in die verdelingslyste van die Volksraad. Dit bemoeilik net die organiseerders se werk, was die mening van die man wat so onwrikbaar in deeglike organisasie en intense meelewing en belangstelling in sake van die dag geglo het.¹⁹⁴ Ook dr. Malan het die standpunt gehuldig "dat verkiesings by die registrasie en deur tussentydse organisasie gewen word."¹⁹⁵

Louw, wat op hierdie kongres lid was van 'n kommissie wat 'n appél teen 'n bevinding van die Regskommissie moes aanhoor en weer as lid van die Sentrale Bestuur genomineer is, het ook oor die armblanke-kwessie en die vraagstuk van sterk drank gepraat. 'n Voorstel van hom, dat staatsondersteuning vir die bekamping van dié vraagstukke voorsien word, is deur etlike ander afgevaardigdes ondersteun en ook deur die kongres aanvaar.¹⁹⁶

191. Marais: Die Nasionale Opposisie, 1921 - 1924, p. 379.

192. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 27.3.1923.

193. Die Burger, 27.9.1923.

194. Die Burger, 29.9.1923. Ook 'n afgevaardigde vir die Paarl, mnr. Paul du Toit, het hom skerp hieroor uitgelaat.

195. Die Burger, 5.10.1921. Dié opmerking is gemaak op die Nasionale Party-kongres te Cradock, vroeg in Oktober 1921.

196. Die Burger, 27.9.1923.

n Ander saak waarvoor Louw hom beywer het, was n Nasionaalgesinde Engelse nuusblad. Reeds in Julie 1923 het hy op n taksvergadering voorgestel, as n beskrywingspunt vir die komende kongres, dat so n Engelse Nasionale blad in die lewe geroep word.¹⁹⁷ Hierdie behoefte aan n medium waarmee met Engelstaliges kontak gemaak kon word, was ook by ander Nasionaliste aanwesig en op die kongres is gevolglik besluit om uitvoering aan die gedagte te gee.¹⁹⁸ As uitvloeisel hiervan het die blad South African Nation in April 1924 die lig gesien.¹⁹⁹ Die waarde en noodsaaklikheid van samewerking tussen die twee taalgroepe, wat hierdie voorstel ten grondslag gelê het, sou steeds hoog deur Eric Louw aangeslaan word.

In die veldtog wat die provinsiale raadsverkiesing aan die einde van 1923 voorafgegaan het, het Louw aan die hoof gestaan van n puik verkiesingskomitee en saam met die Nasionale Party-kandidaat mnr. P.N. Basson, die kiesafdeling deurreis en vergaderings toe-gesprek.²⁰⁰ Die Baxter-verslag oor die situasie met betrekking tot provinsiale finansies en veral die besnoeiing wat dit ten opsigte van die onderwys voortgestaan het,²⁰¹ het in hierdie ver-kiesing n groot rol gespeel. Louw het sy sieninge hieromtrent, soos hy dit op die kongres van die Kamers van Koophandel onom-wonde gestel het,²⁰² van platform tot platform verkondig.

197. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 6.7.1923.

198. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 30.10.1923.

199. Die Burger, 14.4.1924: hoofartikel. Die eerste nommer is op Saterdag 12 April 1924 vrygestel, met T.E. Dönges as redakteur.

200. Kyk Die Burger, 2, 3, 6, 8, 9 en 14.11.1922.

201. Kyk bo, p. 91.

202. Kyk bo, p. 92.

Sy optrede op een van so 'n vergadering te Beaufort-Wes het die verslaggewer van Die Burger in ekstase gehad:²⁰³ "Sy toespraak wat in Engels gelewer was, is vanoggend op almal se lippe en voorstander en teenstander praat van die genot waarmee hulle na die meesterstuk geluister het ... Adv. Louw gaan sit onder uitbundige toejuigings van alle seksies van die groot en veelvormige gehoor." In sy bedankingswoord het mnr. Basson die Nasionaliste van Beaufort-Wes gelukkiggewens "dat hulle so 'n uitstekende man as leier het", en het hy Louw se "marmoedige houding" insake die Baxter-verslag by die Kongres van die Kamers van Koophandel hoog aangeprys.²⁰⁴

Maar daar was ook 'n vels noot. Vanuit Prins Albert het die beskuldiging gekom dat Louw hom op 'n vergadering van aspirant-kandidate aan partydigheid skuldig gemaak het.²⁰⁵ Later sou ook kwaadwillig beweer word dat hy die kiesafdeling saam met Basson deurreis het net om homself te adverteer.²⁰⁶

Die Nasionale Party het landswyd goeie vordering gemaak, al het hulle nie juis veel ekstra setels kon inpalm nie. In Beaufort-Wes was daar groot uitbundigheid toe die Nasionaliste 'n kort rukkie later ook die provinsiale setel kon inpalm, met 'n meerderheid van byna 400 stemme.²⁰⁷ Swaar reëns in die distrik, wat groot vreugde in die harte van die boeregemeenskap gebring het, het weliswaar 'n invloed op die stempersentasie gehad, dog

203. Die Burger, 17.11.1923.

204. Die Burger, 17.11.1923.

205. Die Burger, 3.11.1923. Die beskuldiging is gemaak deur die koerantjie Prins Albert Vriend, ged. 17.10.1923.

206. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 30.4.1924.

207. Vir uitslae, kyk Die Burger en Cape Times, 16.11.1923. Basson het 1318 en Truter 914 stemme behaal.

dit was vir die oomblik van minder belang.

Gedurende 1923 het sake op Beaufort-Wes vir die Nasionale Party begin verbeter, nuwe lede het in groot getalle begin aansluit en daar was blyke van groot belangstelling in die vergaderings en doen en late van die party. Onder andere is interessante en aktuele onderwerpe tydens die vergaderings bespreek, wat groot byval gevind het. Gevolglik kon Eric Louw vroeg in 1924 met "genoë" sy jaarverslag indien en die hoop uitspreek dat die toestande sou voortduur.²⁰⁸ Hy het gewonder of sy ongunstige rapport van die vorige jaar dalk iets met die herlewering te doen gehad het en het weer sterk klem gelê op die noodsaaklikheid van aktiewe deelname aan party-aksies: "Een van die eerste tekens van agteruitgang is die versuim in die hou van die gewone taksvergaderings, wat tog maar die uiterlike tekens van die Partylewe is. In hierdie verband lewer die S.A.P. vir ons 'n baie heilsame en waarskuwende les op."

Met 'n mate van trots het Louw daarop gewys dat sy advies aan die plaaslike vroue om taksvergaderings by te woon, ook in ander dele van Kaapland nagevolg is en uiteindelik tot die totstandkoming van die Nasionale Vroue-party gelei het. Hierdie aanspraak van hom was egter heeltemal oordrewe, daar dié vroue-organisasie reeds voor die jaarverslag waarin hy sy oproep op die dames gedoen het, sy beslag gekry het.²⁰⁹ Reëlings is

208. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 15.2.1924, Jaarverslag 1923-24.

209. Louw se advies aan die plaaslike dames is vervat in die jaarverslag vir 1922, wat op 19 Januarie 1923 ter tafel was. Inmiddels was daar reeds elders roeringe op dié gebied. Takke van die Nasionale Vroue-Party is reeds in die loop van 1922 in Kaapland gestig, volgens Malan: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p. 84. Dit blyk boonop uit die betrokke jaarverslag dat Louw inderdaad gekant was teen die totstandkoming van 'n aparte organisasie vir vroue. Kyk ook p. 155, bo.

getref dat 'n tak van die vroue-organisasie ook te Beaufort-Wes gestig word. Eric Louw het die hoop uitgespreek dat dit goed ondersteun sou word, sodat dit "in 'n gees van susterlike liefde en belang sal saamwerk met die broeder tak, tot heil en seën van ons volk, en ter bevordering van ons groot saak."²¹⁰

Louw het in sy jaarverslag ook die hoop uitgespreek dat lede hom nie kwalik sou neem nie as hy vir die derde agtereenvolgende jaar moes wys op "die noodsaaklikheid van, en gebrek aan Praktiese Nasionalisme". As hy tydens sy voorsitterskap niks anders bereik het nie as dat lede beweeg is om hul beginsels prakties toe te pas, was sy standpunt, dan het hy genoeg gedoen. Hy het vervolg:

"Ek vertrou dat u dit in die regte gees sal ontvang wanneer ek sê dat daar nog te min bewyse van praktiese nasionalisme onder ons is. Daar is nog te veel blote lippe nasionalisme - waardeur ek bedoel te groot 'n geneigdheid om slegs opinies uit te spreek, om steeds te kritiseer (soms onnodig) - om planne aan die hand te gee - en te min bereidwilligheid om self handelend op te tree, en om persoonlike opofferings te maak. Daar is baie maniere waarin ons beginsels prakties kan toegepas word - deur gereelde bywoning van vergaderings - deur aanwerving van nuwe lede - deur getroue betaling van subskripsiegelde - deur ywerige optreding gedurende registrasie en eleksie tye - deur lojale en getroue bystand van Voorsitter en Bestuur - deur gedurige oortuigingswerk onder andersdenkende persone - veral onder gekleurdes. Dan kan die saak ook in 'n wyer sin beskou word - soos bv. die getroue handhawing van ons taalregte in publieke kantore ens. - die ondersteuning van Suid-Afrikaanse nywerhede en besighede - die aankweking en aanmoediging by ons kinders en jong mense van 'n suiwer Suid-Afrikaanse gees, en waardering van, en vasklemmen aan, ons volksgewoontes en sedes. Al hierdie dinge sluit in die toepassing van ons Nasionale beginsels in die dagelike lewe - m.a.w. dit is praktiese nasionalisme. Sonder dit sal ons Party 'n blote eleksie masien word - sonder siel - sonder gees - sonder inspirasie - en tot geen nut vir land en volk! Laat ons leuse steeds wees "Praktiese Nasio-

210. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 15.2.1924, Jaarverslag.

nalisme" - en dan hoef ons nie te vrees vir die toekoms nie."²¹¹

"Praktiese Nasionalisme" was teen hierdie tyd die politieke geloofsbelydenis van die jeugdige Eric Louw, wie se aansien onder die Nasionaliste in Beaufort-Wes steeds hoër en hoër gestyg het.

Daar is met groot ywer en belangstelling uitgesien na die volgende algemene verkiesing en oral in die land het die Nasionale Party sy masjinerie vir dié doel opgeknep. Ook is 'n verkiesings-ooreenkoms met die Arbeidersparty gesluit met een groot en gemeenskaplike mikpunt die omverwerping van die Smuts-regering.

Die S.A.P. het intussen 'n aantal terugslae gekry in tussenverkiesings sedert die 1921-verkiesing, en in die proses het die Nasionale Party Rustenburg (1921) en Oudtshoorn (1923) ingespan, terwyl S.A.P.-meerderhede kwaai deur Nasionaliste afgebring is in Uitenhage (1923) en Umvoti (1922). Hierbenewens moes die S.A.P. ook vier setels aan die Arbeiders en een aan 'n Onafhanklike afgee.²¹² Die skok van die verlies van Wakkerstroom vroeg in April 1924 aan die Nasionale Party, het genl. Smuts hals-oorkop laat besluit om 'n nuwe verkiesing uit te skryf, wat op 17 Junie gehou sou word. Die spreekwoordelike vet was in die vuur.

Wat sou Eric Louw se posisie wees, te midde van hierdie nuwe verwickelinge?

211. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 15.2.1924, Jaarverslag.

212. Van Rooyen: Die Nasionale Party, pp. 108 - 111.

IN DIE PARLEMENT, 1923 - 1925

Eric Louw vertel self:¹

"In 1923 is ek deur 'n groep vooraanstaande Nasionaliste genader om my verkiesbaar te stel vir die Beaufort-Wes setel by die volgende algemene verkiesing. Mnr. P.W. Le Roux van Uitsyde, Prins Albert was die sittende lid, en dit was al 'n geruime tyd duidelik dat 'n seksie van die Party 'n verandering wou hê. Hy was al bejaard, en die gevoel was dat 'n jonger man gekies moet word. Dit was vir al die spoorweg-manne wat teen mnr. Le Roux beswaar gemaak het.

Ek was eers nie geneig om my verkiesbaar te stel nie, behalwe as ek verseker kon wees dat daar nie 'n 'benoemingstryd' sou wees nie. Ek het aan die hand gedoen dat my vriende moet probeer om mnr. Le Roux oor te haal om nie weer te staan nie, en dat ons dan weer oor die saak kan gesels. Dinge het toe vir 'n tyd 'in die lug gehang'. Blykbaar het niemand die moed gehad om mnr. Le Roux te nader nie. My houding was dat ek nie onwillig sou wees om my verkiesbaar te stel nie, maar dat ek nie graag 'n benoemingstryd sou wil voer nie.

So het dinge toe gebly - 'n toestand van onsekerheid - totdat op 'n goeie namiddag op 7 April 1924 die bom skielik bars, nl. dat genl. Smuts, as gevolg van die Wakkerstroom verkiesing, skielik en heeltemal onverwag, besluit het om die Parlement te ontbind, en 'n verkiesing uit te skrywe. Binne 'n halfuur was etlike van ons Partyvoormanne by my, en hulle eis dat ek dadelik moet besluit of ek my gaan verkiesbaar stel, of nie. So nie, dan was hulle van plan om 'n ander kandidaat te soek, en daar sou dus in elk geval 'n benoemingstryd wees. Ek het hulle gevra om my 'n bietjie tyd te gee, ten einde die saak met my vrou te bespreek, en ook met my swaer mnr. Snyman wat toe by my in die besigheid was.

As gevolg van hierdie besprekings het ek besluit dat ek my verkiesbaar sou stel, maar ek het gevra dat ek eers gevra moet word deur die plaaslike tak. Ek het ook (genoem dat) die benoemingstryd 'n taai geveg sou wees vir al aangesien ek die sittende lid sou opponeer, en dat my ondersteuners bereid sou moet wees om saam met my die stryd te voer."

1. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 52 - 55.

Op 29 April het Louw 'n lewendige vergadering op Prins Albert toegesprek om hom te verdedig teen beskuldigings wat deur sy teenstaander teen hom ingebring is. Blykbaar het dié beskuldigings in verband gestaan met lidmaatskap van die Kamer van Koophandel, want hy het in sy toespraak daarop gewys dat daar 'n verskil was tussen Kamers in die stede en Kamers op die plateland; laasgenoemde beskerm die belange van die boer. Met vraetyd wou iemand weet of hy dan so 'n goeie Nasionalis is daar hy aan die Suidwes-veldtog deelgeneem het, en of hy vooraf genl. Hertzog daaromtrent geraadpleeg het.²

'n Spesiale vergadering van die Beaufort-Wes-dorptak is gehou om die twee aspirant-kandidate aan te hoor.³ Mnr. Le Roux was eerste aan die woord en nadat hy breedvoerig oor die regeringskrisis uitgewei en 'n algemene oorsig gegee het "van in hoe 'n ellende die Smuts-regering ons land gedompel het", het hy 'n beroep op die lede gedoen om nog dié keer hul stem vir hom uit te bring omdat die nuwe parlement uiteraars nog 'n jaar "op die kussings" sou bly; daarna sou hy nie weer die kiesers lastig val om hom parlement-toe te stuur nie.

Toe het Louw aan die woord gekom, "onder applous". Hy het dit nie nodig geag om sy politieke sienswyse te openbaar nie, maar het tog gevoel om sekere beskuldigings teen hom te weerlê. Dit het hy toe, volgens die notulehouer "op meesterlike wyse" gedoen. Een van die beskuldigings was dat hy voor die laaste provinsiale verkiesing saam met die suksesvolle kandidaat (mnr. Basson) rondgery het "om homself te adverteer", dog verskeie lede het

2. Die Burger, 30.4.1924, Cape Times 30.4.1924. Dié vraesteller was mnr. Jan Luttig, voorsitter van die Prins Albert-tak van die Nasionale Party. Die verslag meld niks van Louw se antwoord nie.

3. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 30.4.1924.

daarop gewys dat dit "op aandrang en versoek" van mnr. Basson geskied het. Albei aspirante het onderneem om by die uitslag van die benoeming te berus en die suksesvolle kandidaat te steun. Op die takbenoemingsvergadering 'n paar dae later is Eric Louw met 143 teenoor 4 stemme bo mnr. Le Roux as kandidaat benoem.⁴ By die algemene benoeming op 10 Mei het hy 506 stemme op hom verenig, teenoor mnr. Le Roux se 273.⁵ Op amptelike nominasiedag (22 Mei) het Louw namens die Nasionaliste dank uitgespreek teenoor die voormalige volksraadslid en gesê dat die keuse van 'n jonger lid vertolk moes word as synde die eis van veranderlike tye en omstandighede.⁶ In sy herinneringe skryf hy later só van die stryd tussen hom en mnr. Le Roux:⁷

"Oor die benoemingstryd wil ek nie uitwy nie. Ek van my kant het vermy om na mnr. Le Roux te verwys, en het my bepaal by die stryd teen die S.A.Party. So 'n benoemingstryd is egter altyd 'n onplesierige besigheid, en wel omdat (dit) 'n stryd tussen twee persone is, en nie oor beginsels of politieke sake gaan nie...

Ek wil hier egter getuig dat alhoewel mnr. Le Roux, soos verstaan word, ontevrede gevoel het oor wat gebeur het, sy houding daarna absoluut korrek was, en hy en sy familie-betrekkinge het my sterk by die daaropvolgende verkiesing ondersteun. Ek het hom vir etlike maande nie weer gesien, maar toe ek hom later raak geloop het, was hy vriendlik en goedgesind. Daaroor was ek baie bly, want hy was 'n baie groot Nasionalis, en 'n man vir wie ek 'n groot respek gekoester het."

Eric Louw se pad parlement-toe was nou oop. Sy opgang in die

4. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 3.5.1924. Volgens Die Burger, 5.5.1924 was die stemme in ses takke te Beaufort-Wes 256 teen 10 ten gunste van Eric Louw.

5. Die Burger, 12.5.1924.

6. Die Burger, 23.5.1924. Sy opponent, mnr. W. van der Byl, was nie teenwoordig nie.

7. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 55 - 56.

politiek was fenomenaal. Hy het die plaaslike politieke toneel so oorheers dat dit 'n uitgemaakte saak was dat hy die setel sou kon behou; die vraag was net hoe groot die meerderheid sou wees. Louw was nie iemand wat op sy eie of sy party se louere kon rus nie; daar was ook die kwessie van prestige, veral waar die opspraakwekkende Nasionale oorwinning in die kiesafdeling in 1920 getemper is deur die verminderde meerderheid in die 1921-verkiesing. Sou hy dié neiging kon omkeer?

In Beaufort-Wes het die verkiesingsveldtog, vir sover dit Eric Louw aanbetref, reeds voor nominasiedag nie-amptelik 'n aanvang geneem. Pas enkele dae voordat die Wakkerstroom-nuus die kaarte van die Smuts-regering so drasties omgekrap het, het hy in 'n afgeleë deel van sy kiesafdeling die regering se posisie as "uiters kritiek" aan sy gehoor geskets.⁸ Die S.A.P. is met sy rug teen die muur en wag op die genadeslag, was sy byna profetiese woorde, en daarna het hy die regering gekritiseer oor finansiële tekorte, werkloosheid, nywerheidsbeleid en ander vraagstukke. Die insender van die beriggie was baie beïndruk: "Die advokaat het vir ons baie goed vertel van die politiek van die Smuts-regering."⁹ By 'n ander geleentheid tydens die benoemingstryd het Louw weer sy indringende kennis en insig van politieke toestande in die land geopenbaar, en as kommentaar ontlok: "... maar soe dit het darem naar gelyk toe die spreker die sondes van die Smuts-regering so een na die ander opnoem."¹⁰

'n Opwindende, vinnige en meedoënlose verkiesingsveldtog is in

8. Die Burger, 8.4.1924: vergadering te Hutchinson op 2 April.

9. Die Burger, 8.4.1924.

10. Die Burger, 30.4.1924: vergadering te Merweville, op 26 April.

die vooruitsig gestel,¹¹ en al sou dit nie openlik erken word nie, was 'n groot deel van die verwagte opwinding juis geleë in die kandidatuur van Eric Louw. Sy voorganger was 'n rustige, bedaarde mens, sonder die dinamiek en skouspelagtigheid van die jonger man. Eric Louw se snelle opgang in die politiek, die absolute lojaliteit van sy aanhangers en ook sy betrokkenheid by talle plaaslike aangeleenthede die voorafgaande paar jaar het 'n klimaat van gespanne afwagting geskep. Die versugting van die plaaslike koerantredakteur, dat die veldtog slegs op party-basis gevoer moes word,¹² was meer op optimisme as op 'n besef van begrip van die werklike situasie gegrond. Het die nominasieveldtog dan nie immers klaar getoon dat "persoonlik-hede" ook maar weer hier 'n rol sou speel nie?

Terwyl genl. Smuts se son besig was om onder te gaan,¹³ het Eric Louw, in navolging van sy leiers, die regering met harde houe gegêsel. Veral die ongunstige ekonomiese toestande in die land is vierkantig op rekening van die regering geplaas, op 'n vergadering voor veral Engelssprekendes op Beaufort-Wes.¹⁴

"Wat anders kan 'n mens verwag wanneer ons 'n Eerste Minister het wat bekend is as die 'handyman of the Empire'? Daar lê die fout: genl. Smuts is te groot vir ons klein moeilikhede van armlankedom, werkloosheid, opgehoopte tekorte, nywerheidsontwikkeling, naturellevraagstukke. Hy voel meer tuis in Europa waar hy grootman kan speel."

Die Nasionale Party, aan die ander kant, is deur Louw aan sy

11. Die Kourier, 7.5.1925: "Gossip's Diary".

12. Die Kourier, 7.5.1924.

13. Dié beeld is gebaseer op 'n spotprent van Boonzaaiër in Die Burger, getiteld "Sonsondergang". Dit toon Smuts in 'n Napoleontiese uniform op 'n verlate eiland, besig om na 'n half-verdwene son te staar, 'n verdwaasde uitdrukking op die gesig. Kyk Die Burger, 31.5.1924.

14. Die Burger, 16.6.1924.

Engelssprekende kiesers voorgelou as die party wat die belange van alle seksies behartig en wat besiel is met die gees van Suid-Afrika eerste. Die komende verkiesing, sê hy, gaan vir die Nasionale Party om die voortbestaan van demokratiese regering in Suid-Afrika en om die ekonomiese lewe van die land en volk, wat "gewurg" word deur kapitalisme en groot besigheidsbelange. Vir Smuts is dit "n saak van politieke lewe of dood."

Louw het spoedig besef dat sy politieke opponente "deur verspreiding van leuens en verdraaiing van feite" 'n persoonlike gevoel teen hom wou opwek.¹⁵ Op 'n vergadering voor die spoorwegwerkers van Beaufort-Wes het hy hierna verwys en enigeen uitgedaag om daarvoor bespreking te voer.¹⁶ Niemand het gereageer nie, en Louw het die beskuldigings teen hom later in pamfletvorm weerspreek.¹⁷

Nie dat dit juis gehelp het nie. Op 'n S.A.P.-vergadering voor die Kleurlinge het dr. A. Abdurahman, bekende kleurlingleier, glo na Eric Louw as "n donkie" verwys, terwyl die kandidaat die Nasionale en Arbeidersparty vergelyk het met "vuil water en morsige olie wat probeer meng."¹⁸ Een van sy kwaaieste plaaslike opponente, mnr. A.R. Truter, het op Louw se vergadering voor Engelssprekende kiesers etlike persoonlike vrae gevra.¹⁹ Hy het ook op die gemelde S.A.P.-vergadering voor die Kleurlinge, toe

15. Die Burger, 31.5.1924.

16. Die Burger, 31.5.1924.

17. Die Burger, 31.5.1924. Die aard van dié aangeleentheid is nie bekend nie, en die pamflet kon nie opgespoor word nie.

18. Die Burger, 11.6.1924.

19. Die Burger, 16.6.1924. Waaroor die vrae gehandel het, word nie vermeld nie.

hy as voorsitter opgetree het, vir Louw skerp aangeval.²⁰

Ook op die breëre politieke terrein het die leiers mekaar nie gespaar nie en daar is telkens ou koeie uit die sloot gegrawe. Die Botha-Hertzog-krisis in 1912,²¹ Hertzog se houding in die Rebelle,²² die tweestroom-beleid,²³ Botha se begeerte om kort voor sy dood 'n nuwe politieke verdeling en samewerking tussen Afrikaners en Engelse te bewerkstellig²⁴ en ook die sesessie-kwessie,²⁵ is alles sake wat vir politieke gewin aangeroer is. Hoofsaak was egter die ekonomiese nood waarin die land verkeer het, gepaard met 'n algemene ontevredenheid onder werkersklasse oor die behandeling wat van die S.A.P.-regering ontvang is.²⁶

En so het Dinsdag 17 Junie 1924 aangebreek, een van die opwindendste verkiesingsdae ooit in Suid-Afrika.

20. Die Burger, 11.6.1924.

21. Cape Times, 17.5.1924; Die Burger, 3.6.1924. Vgl. ook Die Burger, 4.6.1924: hoofartikel.

22. Die Burger, 21.5.1924: hoofartikel.

23. Die Burger, 29.5.1924. Hertzog het gesê dat hy dié beleid vir die eerste keer ses maande voor die kabinetskrisis op 'n eetmaal van regters, advokate en ander persone te Grahamstad uiteengesit het en toe daarvoor toegejuig is.

24. Smuts sou op 'n vergadering te Bathurst op 25 Mei hierna verwys het, en het glo gesê dat dit as gevolg van Botha se skielike dood, sy verantwoordelikheid was om dit deur te voer. Maar dan was Smuts mos oneerlik en het hy sy volgende in die herenigingspogings mislei, was Die Burger se afleiding. Kyk Die Burger, 30.5.1924.

25. Van Nasionale kant is die strewe na die losmaking van die Britse Ryk tydelik getemper, o.a. vanweë 'n ooreenkoms met die Arbeidersparty. Kyk in hierdie verband Marais: Die Nasionale Opposisie, 1921 - 1924, p. 436.

26. D.W. Krüger: The Making of a Nation, p. 134.

"Praattyd is verby"²⁷ en "Vandag is die dag",²⁸ was die optimisme wat Die Burger namens die Nasionaliste geopenbaar het. Dat dit nie misplaaste optimisme was nie, het gou geblyk uit die eerste uitslae, waaronder veral Smuts se neerlaag 'n rigting-wyser was.²⁹ Die Pakt het 'n groot sege behaal en na veertien jaar was daar 'n nuwe regering aan die roer van sake.³⁰

Naas genl. Smuts self, wat in Pretoria-Wes teen 'n obskure Arbeidersparty-lid G.A. Hay uitgeval het, het ook ministers F.S. Malan, H. Mentz en H. Burton neerlae gely.³¹ Die betekenis van die uitslag van die verkiesing word mooi saamgevat in die woorde van die Cape Times:

"We shall make no attempt to explain this wave of hostility to General Smuts... It has come in overwhelming force and has changed the whole face of politics in South Africa."³²

Onder hierdie besondere omstandighede het Eric Louw sy buiging in die parlement gemaak.

In Beaufort-Wes het Louw 'n klinkende oorwinning vir die Nasionale Party behaal en die vorige meerderheid met 401 stemme opgestoot.³³ Die aankondiging van die verwagte uitslag met die

27. Die Burger, 17.6.1924: inleidende sin van hoofartikel.

28. Die Burger, 17.6.1924: groot opskrif van berigte oor verkiesing.

29. Die Burger, 18.6.1924.

30. Vir uitslae, kyk Die Burger, 19 en 20.6.1924.

31. Vir besonderhede, kyk Marais: Die Nasionale Opposisie, 1921 - 1924, pp. 452 - 454.

32. Cape Times, 19.6.1924: hoofartikel.

33. Louw het 1727 en Van der Byl 1046 stemme getrek, met stempersentasie van vier-en-tagtig. In vergelyking met die vorige verkiesing, het Louw se aantal stemme met byna 200 vermeerder, terwyl sy opponent s'n met meer as 200 verminder het. Inagnemende dat Willowmore, 'n sterk Nasionale vesting met die afbakening afgesny is, was Louw se vertoning merkwaardig en het hy blykbaar selfs stemme van die opposisie op hom verenig. Kyk Die Burger, 20.6.1924.

onverwagse groot meerderheid is met oorverdowende gejuig deur 'n groot skare belangstellendes begroet en Louw is skouerhoog rondgedra en met gelukwense oorval. In die gebruikelike bedankingswoord het Louw veral gewag gemaak van die mate van steun wat hy van Engelssprekendes, veral dié in diens van die spoorwêë, en van die klompie Kleurlinge ontvang het. Laasgenoemde het daardeur getoon dat hulle hul nie meer aan hul neuse laat lei nie, was die ietwat twyfelagtige kompliment wat hy hulle gemaak het.³⁴

Na sy verkiesing tot volksraadslid, wou Louw die voorsitterskap van die plaaslike N.P.-tak neerlê omdat hy vir lang tye afwesig sou wees, dog daarvan wou sy ondersteuners nie hoor nie.³⁵ As nuwe volksraadslid het hy sy mense by herhaling gemaak dat hulle nie alles in een dag of "hemel op aarde" moes verwag noudat die Nasionale Party aan bewind was nie. Hy het ook 'n ernstige woord van waarskuwing laat hoor dat lede nie nou gerus moes word nie maar steeds meer "praktiese Nasionaisme" aan die dag moes lê, waarsonder die party 'n blote elektrie-masjien sou word, "sonder siel, sonder gees, sonder inspirasie."³⁶

Voor sy vertrek om die parlamentsitting by te woon, het die Nasionale Vroue-party 'n groot geselligheid ter viering van die Nasionale oorwinning in die stadsaal aangebied. Aan sprekers het dit nie ontbreek nie,³⁷ so ook nie aan eetgoed en musiek nie. Die "hoofdis" was natuurlik Eric Louw:

34. Die Burger, 20.6.1924.

35. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 8.7.1924.

36. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 8.7.1924.

37. Daar was ook vier ander sprekers aan die woord, nl. mrs. C. Hoogendyk, Jannie Vivier en F. de Beer, en n dr. Welsh.

"Spreker het nadruk daarop gelê dat sy sukses alleen te danke is aan die feit dat die party steeds gebou het op die fondament van suiwer nasionalisme en demokratiese beginsels. Wat betref die toekoms het hy ernstig gewaarsku dat ons beginsels suiwer bewaar moet word, anders loop ons gevaar van nuwe partygroepe en -rigtings. Wat betref die Regering het hy gesê dat die volk geduldig moet wees en nie dadelik die hemel op aarde moet verwag nie. Die vernaamste vraagstukke wat aangepak moet word, is die segregasie-politiek, die arm-blanke-vraagstuk, werkloosheid en nywerheids-ontwikkeling. Hy het tenslotte, 'n beroep gedoen vir die aankweek van 'n suiwer Suid-Afrikaanse gees onder alle seksies van die bevolking."³⁸

Die bedagsame Louw het daarna die gehoor in Engels toegesprek en 'n beroep op die Engelssprekendes gedoen om rassebeskouings by die bespreking van landsake te vermy: "Die Nasionale Party stry vir eenheid in volksake en volksgevoel en verwelkom alle persone na Suid-Afrika wat bereid is om ons land ook sy land te maak."

Ook sy mede-handelaars en verteenwoordigers van openbare instellings op die dorp het op 'n gesellige onthaal van Louw afskeid geneem.³⁹ By dié geleentheid het hy veral die waarde van boerdery, fabriekswese en handel in die landseksonomie beklemtoon en gewys op die noodsaaklikheid om steeds in harmonie en raadpleging met mekaar te verkeer. Grondstowwe moes op groter skaal voorsien word terwyl boere steeds daarna moes strewe om die beste produkte te lewer.

In sy siening oor nywerheidsontwikkeling het Eric Louw verrassende vergesigte geopenbaar. Soos sy partygenote het hy ook groot moontlikhede vir nywerheidsontwikkeling voorsien, allereers om in die behoefte van Suid-Afrikaanse verbruikers te voor-

38. Die Burger, 18.7.1924.

39. Die Burger, 25.7.1924; Die Kourier, 30.7.1924.

sien; daarna is daar egter nog "die ganse vasteland van Afrika wat snel ontwikkel word en ons voorsien van 'n pragtige merk."⁴⁰ Hy het voorspel dat daar onder die nuwe regering in hierdie opsig verbetering sou kom, dog het steeds gewys op die belangrike rol wat deur plaaslike handelaars in dié saak gespeel kon word deur soveel doenlik die plaaslik vervaardigde artikel aan te hou en klandisie aan te moedig om Suid-Afrikaanse produkte te koop. Dit, het hy gesê, was altyd sy beginsel in sy eie besigheid.⁴¹

As nuut-verkose volksraadslid en lid van die party wat aan bewind gestel is, sou Eric Louw in 'n besondere gunstige posisie wees om hierdie opvattinge van hom in die praktyk verwesenlik te sien, veral omdat daar steeds die grootste harmonie tussen sy opvattinge en dié van sy leiers was. Hy het hom tot dusver rotsvas agter sy party en partybeleid geskaar en in die proses veel daartoe bygedra om die beginsels van die Nasionale Party na die publiek uit te dra. Groter geleenthede daartoe het nou op hom gewag.

Voordat hy sy eerste volksraadsitting sou bywoon, het Louw eers 'n rondte by die meeste plaaslike openbare liggame en verenigings gedoen om hul behoeftes te peil.⁴² Hy en 'n paar vriende het ook 'n vlugtige besoek aan Kaapstad gebring om die Britse rugbyspan in aksie te sien.⁴³ In die voorlaaste week van Julie het hy

40. Die Burger, 25.7.1924; Die Kourier, 30.7.1924.

41. Die Burger, 26.7.1924.

42. Die Kourier, 23.7.1924.

43. Die Kourier, 23.7.1924. Skynbaar het hulle een of albei die wedstryde van die Leeus teen W.P. Stad en Platteland (12 Julie) en W.P. Universiteite (15 Julie) gaan sien. Kyk D.H. Craven: Springbok Annale, 1891 - 1958, p. 157.

afgesit Kaap-toe,⁴⁴ vasbeslote om daar 'n bydrae te gaan lewer en veral goed gewapen om die belange van sy kiesers en kies-afdeling te beskerm.

Op Vrydag 25 Julie 1924 het die parlement vir sy eerste sitting onder die bewindstydperk van die Pakt-regering byeengekom. Dit was 'n besondere sitting: na veertien jaar van S.A.P.-bewind moes Smuts en sy kollegas nou na die Opposisie-banke oorskuif, terwyl Hertzog en sy volgelinge met trots en onder ongehoorde, ongeoorloofde toejuiging en handegeklap die regeringsbanke beset het. Veral genl. Hertzog en die kreupel mnr. A.S. Naudé, held van Wakkerstroom, het groot applous ontvang.⁴⁵

In 'n gemoedelike trant berig Die Burger verder oor die proses van inhuldiging, toe die lede groepsgewys deur die hoofregter ingesweer is:

"Weer volg daar 'n interessante klompie, uit 'n ander oogpunt beskou: die klompie jongseuns van die Volksraad, die babetjies, bestaande uit die here Swart, Eric Louw, adv. Te Water, S.P. Le Roux, Werth en Colin Steyn. Dis 'n algemene kenmerk van die Regeringskant: die meeste is jongmense, in die bloei van hul lewe. Dis 'n goeie teken: die toekoms is in die hande van die jonggeslag: hulle het nog tyd om te werk en dinge reg te ruk."⁴⁶

Ook die koerant se gereelde rubrieksrywer, "Mossie", het die verjongingskuur in die parlement opgemerk. Eric Louw en 'n paar ander "wat, op die oog altans van 'n afstand beskou, lyk na bloedjong seuns", het die oog gevang.⁴⁷ Dog ten spyte van sy

44. Die Kourier, 30.7.1924. Eric het op Donderdag 24 Julie na Kaapstad vertrek.

45. Die Burger, 26.7.1924.

46. Die Burger, 26.7.1924.

47. Die Burger, 29.7.1924: "Kykies in die Volksraad."

jeugdige voorkoms, wat hom in die verlede ietwat in die verleentheid gehad het,⁴⁸ het Eric Louw teen hierdie tyd reeds sy politieke spore met groot vaardigheid en entoesiasme vir die Nasionale saak verdien. Daar is met gretigheid uitgesien na die optrede van hierdie jeugdiges waaronder Eric Louw hom bevind het.

Aan Louw se benadering van sy nuwe taak het daar weinig geskeel:

"Soos met elke nuwe L.V. - en viral n jong lid - was my eerste Parlementsitting vir my n baie groot, en ook n interessante ondervinding. My eerste sitplek in die Volksraad was in die tweede ry van agter. In daardie dae was dit drie-sitplek banke, en ek het tussen "Blackie" Swart en Stephen Le Roux gesit.

Ek het na die Volksraad gegaan indagtig synde aan die raad wat John X. Merriman aan n jong parlamentslid gegee het: "Moenie opstaan om te praat as jy nie iets besonders het om te sê nie, en moenie praat oor n saak waaromtrent jy nie op hoogte is, of ten minste iets van weet nie."⁴⁹

Sommer met die intrapslag in die parlement het Louw die seeklig skerp op hom laat val. Sy nooiens toespraak het saamgeval met dié van ander nuwelinge soos dr. Hjalmar Reitz (N.P.; Noord-Oos-Rand), adv. Charles de Water (N.P., Pretoria-sentraal), mnr. G.C. van Heerden (S.A.P., Cradock), wat almal hoë lof ingeoes en die spesiale korrespondent van n koerant genoep het om dié besondere dag as "Day of Young Men" te bestempel: "it has been impossible not to notice, admire, and grow hopeful about the easy, eager, but in no case rabid assurance with which they have spoken."⁵⁰

48. Kyk hoofstuk 4, p. 126.

49. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 60 - 61.

50. Cape Argus, 12.8.1924.

Louw het na die aandete op 11 Augustus aan die woord gekom,⁵¹ "speaking with even more assurance than any of the new members who had spoken during the afternoon."⁵² Hy het eers in die bresse getree vir die ministers van Finansies (Havenga) en Spoorweë (C.W. Malan), wat syns insiens ongeregverdig gekritiseer is omdat hulle nie binne 'n maand kon doen wat die vorige regering nie in veertien jaar kon doen nie. Wat het dan geword van die versekering van die Opposisieleier, om die regering 'n billike kans te gee, het hy aan hierdie kritici gevra.⁵³

Soos ander Nasionaliste, het hy ook na die vrylating van Maritz verwys⁵⁴ en wel na aanleiding van 'n opmerking deur die amptelike lyfblad van die British Empire Service League. Hy het die mening as voorbeeld vir die vuurvreter-lid van Oos-Londen-Stad, eerw. Wilkinson Rider (wat op daardie oomblik afwesig was) voor-gehou: "Here in the past few years", het Eric uit die blad voorgelees, "South Africa has been marching away from strife and hatred to cooperation. It is undergoing a refining process in the crucible of time. The hearts of men are changing..." "Hoe wens ek nie", het die jong lid gesê en na die vakante stoel van eerw. Wilkinson Rider aan die oorkant gekyk, "dat die lid van Oos-Londen vanaand hier was om dit aan te hoor!"⁵⁵

51. Debatte van die Volksraad, vol. 2 (1924): kol. 346 - 349.

52. Cape Argus, 12.8.1924.

53. Debatte van die Volksraad, vol. 2 (1924): kol 347.

54. Na vele omswerwinge in die buiteland, het Rebelle-leier genl. Manie Maritz teen die einde van 1923 weer na Suid-Afrika teruggekeer, waar hy dadelik in hegtenis geneem is op aanklag van hoogverraad in die Rebelle van 1914-15. Na 'n opspraakwekkende verhoor is hy skuldig bevind en tot drie jaar gevangenisstraf veroordeel. Met die bewindsaamvaarding van die Pakt-regering in 1924 is aan hom amnestie verleen. Hy is in 1940 in 'n motorongeluk oorlede. Kyk Die Burger, 20.12.1940.

55. Cape Argus, 12.8.1924. (Skrywer se eie vertaling in Afrikaans. Kyk ook Debatte van die Volksraad, vol. 2 (1924): kol. 348.

In sy nooiens toespraak het Eric Louw o.a. ook aanspraak gemaak op groot steun van Engelssprekendes in sy kiesafdeling (volgens hom, was 300 stemme dié van Engelse) terwyl hy die vervaardiging van klerasie te Worcester as 'n bate vir die land aangeprys het. Hy het hom as 'n sterk voorstander van die beskerming van die eie nywerhede geopenbaar en byna in soveel woorde gepleit: Koop Suid-Afrikaans. Suid-Afrikaners moes net eers geleer word om tuis-vervaardigde produkte te waardeer, en hierin kon die regering 'n groot rol speel. Wat nodig was, en dit was die kern van sy pleidooi, was doeltreffende reklame (propaganda) waarin almal, die boer, die fabrikant, die handelaar, die koper en die regering moes saamwerk. Hy het verder meer aandag vir nywerheidsontwikkeling bepleit en die regering gevolglik versoek om oor te gaan tot die "onontbeerlike stap om ons eie handelsagente in Amerika en elders in die buiteland aan te stel."⁵⁶

'n Voormalige Beaufort-Wester wat in Kaapstad gewoon het, het die volgende kommentaar op Louw se nooiens toespraak gelewer:⁵⁷

"I had the pleasure of hearing your new M.L.A. make his maiden speech in the House last night, and without doubt his first attempt was very successful.

He commenced by twitting the two East London members, and the Opposition generally, in connection with the Government's action in releasing Maritz. Quoting extensively from the official organ of the British Empire Service League he scored clearly for his Party. When he did touch on the Budget (which was under discussion) he declared himself an out and out protectionist of all South African industries, and later discoursed freely on the merits of S.A. and Overseas made boots and shoes.

Mr. Louw was given an attentive hearing, but whilst General

56. Debatte, vol. 2 (1924): kol. 346 - 349. Kyk Bylae 1.

57. Die Kourier, 20.8.1924: brief van "an ex-Beaufort Wester in Cape Town."

Hertzog was not in his seat at the time, those Ministers who were present were well satisfied with the new member judging by the expressions of pleasure during his address.

When your member rose and caught the Speaker's eye, shortly after dinner, he 'got into his stride' right away, and never once faltered for a word or phrase. He has a pleasant address, but, when well into his subject is inclined to talk too quickly. Anyone not knowing the occasion would not have thought that the member for Beaufort-West was making his first speech in Parliament, so cool and collected was the speaker.

Although not of the same political faith as Eric, I was glad of his successful debut and no doubt your readers will hear of your member again before long. During the course of a short chat with him I learnt Beaufort West matters were kept well in view and he has already approached Minister in regard to various items of local interest."

Die Cape Times se rubriekskrywer was van opinie dat Louw sy parlementêre "ys" gebreek het met die selfvertroue van iemand wat dikwels in die openbaar optree.⁵⁸ Ook "Mossie" van Die Burger was beïndruk met die optrede van die jongelinge in die politiek, van wie Te Water, Louw en Reitz hul toesprake in Engels gehou het.⁵⁹ Hulle optrede was gemaklik "en veral adv. Louw is baie vloeiend en vertrouwd met die rooitaal." Maar daar was tog by "Mossie" bedenkinge oor die psigologiese effekte van dié Engelspraterij.⁶⁰ Hy weet nie of hy dit mis had nie - andere het dit ook opgemerk - maar dit het gelyk of die Opposisie meestal aandagtig luister na 'n Nasionalis, veral 'n nuwe lid, wanneer hy Engels praat. Durf hy dit egter om Afrikaans te praat, het hulle byna nie notisie van hom geneem

58. Cape Times, 12.8.1924: "Notes in the House."

59. Die Burger, 12.8.1924: "Kykies in die Volksraad."

60. "Mossie" was ook beswaard omdat min. Havenga (Finansies) en ook min. C.W. Malan (Spoorweë) hul begrotingsredes in Engels voorgedra het. Kyk Die Burger, 31.7.1924 en 1.8.1924.

nie. Hy het hardop gewonder of dit nie dalk 'n opsetlik houding was om lede te verlei "om sy eie taal te verlogten." Nie alleen het so 'n houding die optrede van die "enkel Afrikaanssprekende lede" bemoeilik nie, maar dit doen ook af aan die status van die moedertaal.⁶¹

Eric Louw het ook, wat kiesafdelingsake aanbetref, 'n goeie debuut gemaak. Uittreksels uit Hansard met betrekking tot optredes en deelnames is gereeld in Die Kourier geplaas, terwyl vordering met onderhandelinge oor spesifieke sake periodiek gerapporteer en selfs die tekste van korrespondensie met hoër instansies op dié wyse onder die aandag van die kiesers gebring is.⁶²

Dit was met groot selfversekerdheid dat Eric Louw vroeg in 1925 aan sy kiesers verslag kon doen oor die afloop van die sitting: enersyds omdat dit landswyd op ekonomiese gebied goed gegaan het, Blanke arbeid doeltreffend beskerm is en 'n begin gemaak is om die rassevraagstuk op te los; andersyds omdat plaaslike belange heelwat van sy tyd en aandag in beslag geneem het en daar goeie reaksie van owerheidsweë waarneembaar was.⁶³ Hy het bv. direkte spoorverbinding van die Westelike

61. Die Burger, 12.8.1924.

62. Kyk Die Kourier, 6.8.1924, 13.8.1924, 20.8.1924, 27.8.1924, 10.9.1924 en 8.10.1924.

63. Dit het geskied op 'n groot saamtrek van kiesers in die stadsaal op Beaufort-Wes op Woensdag 27 Januarie. Vir 'n uitvoerige verslag hieroor, kyk Die Kourier, 4.2.1925. Verslag ook in Die Burger, 4.2.1925. Eric het ook nog verslagvergaderings toegesprek te Mynhardtskraal (Die Burger, 12.11.1924), Posplaas (Die Burger 5.2.1925) en Dunnedin (Die Burger, 18.2.1925).

Karoo met Port Elizabeth bepleit⁶⁴ en ook die aandag daarop gevestig "dat die Karoo-distrikte misdadig verwaarloos is wat betref telefoonuitbreiding."⁶⁵ Die topswaar en omslagtige polisie diens en voorsiening van polisie honde om die oormaat inbrake op Beaufort-Wes te voorkom;⁶⁶ onvoldoende passasiers-dienste na of vanaf kleiner spoorwegstasies en die vertraging van posaflewering⁶⁷ was ander kiesafdelingsake wat hy in die parlement geopper het. In belang van die spoorwegwerkers in die algemeen (Beaufort-Wes was natuurlik 'n sterk spoorweg-sentrum) het hy beter pensioene en oordeelkundige verplasings versoek.⁶⁸

In breër verband het Eric Louw sy stem laat hoor oor die kwessie van apartheid op treine en gesê dat die Kleurlinge dit so wou hê, want daar is altyd onaangenaamhede wanneer hulle saam met Blankes ry.⁶⁹ Ook die aanstelling van Swartes as skoonmakers op treine is gekritiseer omdat dit, as eerste stap tot treindrywer, opleidingsgeleenthede van blanke jongmans ontnem het.⁷⁰ Hy het ook hardop gewonder of daar darem nie te veel private spoorwaens tot die beskikking van departements-hoofde gestel word nie.⁷¹

In die tweede lesing van die Wetsontwerp op die Raad van Handel

64. Debatte van die Volksraad, vol. 2 (1924): kol. 55.

65. Debatte van die Volksraad, vol. 2 (1924): kol. 1214.

66. Debatte van die Volksraad, vol. 2 (1924): kol. 648 - 649.

67. Debatte van die Volksraad, vol. 2 (1924): kol. 1203 - 1204.

68. Debatte van die Volksraad, vol. 2 (1924): kol. 1214.

69. Debatte van die Volksraad, vol. 2 (1924): kol. 1204.

70. Debatte van die Volksraad, vol. 2 (1924): kol. 1205, 1214.

71. Debatte van die Volksraad, vol. 2 (1924): kol. 1214.

en Nywerhede, om die bestaande raad en sy funksies te wysig, het Louw gewys op ongehoorde en buitensporige winste wat deur kleinhandelaars gemaak word en pleit hy vir doeltreffende kontrole deur die Raad van Handel en ondersteuning van plaaslike industrieë. Selfs al sou dit 'n spesiale aanstelling verg, behoort daar syns insiens propaganda gemaak te word vir Suid-Afrikaans vervaardigde goedere.⁷²

Minister Beyers het in sy antwoord ten volle met die lid vir Beaufort-Wes saamgestem, die uitbuiting as 'n skande veroordeel en die gebrek aan vertroue in die eie produkte, wat feitlik op 'n stilswyende veragting neerkom, as die vloek van die land bestempel.⁷³

Eric Louw kon nie help om op sy verslagvergadering die draak te steek met genl. Smuts nie. Groot somme geld stroom die land in, voorspoed word oral ondervind, belastings is verminder en ook werkloosheid het afgeneem. Op die spoorweë, wat weer winste wys, is meer as 3000 Blankes in diens geneem, en dit terwyl die vorige regering goedkoper arbeid bepleit het. Van rebellie, Bolsjevisme en verdeeldheid onder die taalgroepe, wat voorspel is, is daar geen teken nie. In al hierdie sake was Smuts dus niks anders as 'n "valse profeet" nie!⁷⁴

Inderdaad was die vooruitsigte vir die nuwe regering baie rooskleurig en het die eerste sitting duidelik getoon dat 'n

72. Debatte van die Volksraad, vol. 2 (1924): kol. 950. Hy het bv. die geval genoem van 'n kleinhandelaar in Kaapstad wat 'n paar skoene, in Port Elizabeth vervaardig, met 140% wins verkoop het.

73. Debatte van die Volksraad, vol. 2 (1924): kol. 953.

74. Die Kourier, 4.2.1925. Kyk ook D.W. Krüger: The Making of a Nation, p. 138.

nuwe benadering in velerlei opsigte niks anders as voorspoed en vooruitgang vir die land en sy mense ingehou het nie. Ook Eric Louw het sy merk gemaak, en wel deur goeddeurdragte toesprake oor sake wat ten nouste in verband gestaan het met die regering se toekomsbeplanning.

Op 7 Oktober 1924 het die Kaapse Nasionaliste in De Aar vir hul jaarlikse kongres byeengekom.⁷⁵ Eric Louw, wat hier tot lid van die Sentrale Komitee van die Party verkies is,⁷⁶ het sy stem oor etlike kardinale vraagstukke laat hoor.

Toe die kwessie van segregasie opgehaal is, was Louw gou op die been en het hy dit as "die belangrikste vraagstuk vandag voor die Kongres" bestempel.⁷⁷ Die vorige regering was bang om dit aan te pak en het inderdaad geen "naturelle-politiek" gehad nie. Die nuwe regering moes dadelik daarvan werk maak. Hy het voorgelêes uit die jongste sensus-verslag, wat vir hom veral onrusbarende statistieke bevat het oor die verwagte bevolkingsaanwas. Na aanleiding daarvan het hy gewaarsku: "Ons moet nou sorg vir die nageslag. Stel ons dit langer uit dan is dit te laat." Hy het egter duidelik laat blyk dat hy immigrasie nie as oplossing beskou nie; dat dit, intendeel, net die situasie sou vererger.⁷⁸

Louw het ook 'n suksesvolle voorstel ingedien dat meer aandag

75. Vir verslae van die verrigtinge, kyk Die Burger, 8 - 10. 10.1924 en Cape Times, 8.10.1924.

76. Die Burger, 9.10.1924; Cape Times, 9.10.1924. Saam met hom het gedien mnr. O. Vermooten, C.J. Langenhoven, A. Fourie, Grové, W.A. Hofmeyr, dr. A.J. Stals, C. Geldenhuys en W.B. De Villiers.

77. Die Burger, 9.10.1924.

78. Die Burger, 9.10.1924; Cape Times, 9.10.1924. Louw het 'n mosie van mnr. Vosloo (Bedford) gesekondeer.

aan nywerheidsontwikkeling en die oplossing van die armblanke-vraagstuk gegee moes word. Hy het gepleit vir beskerming van die eie nywerhede, veral dié wat "beskaafde arbeid" gebruik.⁷⁹ In laasgenoemde saak was Eric op dieselfde golflengte as die betrokke minister. Mnr. Beyers het die bespreking verwelkom en was verheug "omdat adv. Louw, wat self 'n handelaar is, flink gepraat het." Hy het verder laat blyk dat hyself ook ten gunste was van die oordeelkundige beskerming van nywerhede wat Blanke of beskaafde arbeid gebruik en het verdere nywerheidsontwikkeling voorgestaan, iets wat die Smuts-regering nagelaat het en wat mede-verantwoordelik was vir hul val. Volgens Beyers was daar genoeg markte in die wêreld vir Suid-Afrika se produkte; die regering se beleid sal wees om in alle lande na markte te soek en nie altyd net op Engeland aangewys te wees nie.⁸⁰

Vir Eric Louw moes hierdie antwoord van minister Beyers soetklinkend in die oor gewees het. Hoe lank reeds en by hoeveel geleenthede in die verlede het hy nie juis hiervoor gepleit nie? Veral die kwessie van Ryksvoorkeur in die handel het hom tot dusver dwars in die krop gestee. Die bewindsverandering het meteens die praktiese verwesenliking van baie van sy eie ideale en denkbeelde soos ook dié van sy leiers en ander Nasionaliste moontlik gemaak. Die bevordering van die land se industriële ontwikkeling en die beskerming van blanke arbeid was juis twee van die onmiddellike doelstellings wat die nuwe Fakt-bewind nagestreef het.⁸¹

79. Die Burger, 10.10.1924; Cape Times, 10.10.1924.

80. Die Burger, 10.10.1924.

81. Vgl. D.W. Krüger: The Making of a Nation, p. 138.

Die jaarlikse kongres van die Kamers van Koophandel het teen hierdie tyd feitlik 'n parlement-in-die-kleine geword, in soverre dit aangeleenthede betreffende handel en nywerheid geraak het. Hiervan getuig die verrigtinge op die kongres van 1924, wat vanaf 14 Oktober 1924 te Harrismith in die Vrystaat byeengekom het, oorvloediglik.⁸² Die erns van die aangeleenthede wat hier bespreek is, word miskien die beste geïllustreer in die openingsrede-pleidooi van die president van die Kamer vir 'n afsonderlike ministerie vir Handel en Nywerheid: "He claimed that had there been a Minister of Trade there would have been no Medicine Tax, no Tobacco Tax, no Wakkerstroom Awakening and no change of Government (Prolonged laughter)."⁸³

Sommer met die intrapslag was daar 'n voorstel dat die magte van die provinsiale rade ingekort word, dog Louw het in die bresse getree en gevra dat die nuwe regering 'n billike kans gegun moes word. Omdat dit die algemene gevoel by kongresgangers was, is die voorstel teruggetrek.⁸⁴ Vervolgens is kritiek op die regering en die volksraad uitgespreek omdat hulle nie die provinsiale rade in ooreenstemming met die Baxter-aanbevelinge wou hervorm nie. Weer eens moes Louw tot die verdediging van die regering kom en het hy 'n amendement aanvaar gekry dat die regering die hele provinsiale stelsel moes ondersoek met die oog op verbetering en die uitskakeling van ongerymdhede.⁸⁵

82. Uitvoerige verslae oor die verrigtinge verskyn in Die Burger, 15 - 18.10.1924.

83. Natal Mercury, 15.10.1924.

84. Die Burger, 15.10.1924; Natal Mercury, 17.10.1924; Cape Times, 17.10.1924.

85. Die Burger, 15.10.1924; Cape Times, 18.10.1924. Die verslag van die Natal Mercury, 18.10.1924, meld nie dat die voorstel van hom afkomstig was nie.

Soos op die Kaaplandse Nasionale Party se kongres die vorige week is die beskerming en ontwikkeling van Suid-Afrikaanse nywerhede deur talle sprekers op die kongres van die Kamers van Koophandel bepleit. Louw het sterk standpunt ingeneem teen 'n voorstel van die Johannesburgse Kamer dat die spoorweë op besigheidsgrondslag bestuur moes word, omdat dit sou indruis teen 'n besluit wat die vorige dag geneem is om Blanke arbeiders teen Swart medediging te beskerm. Hierdie amendement van Louw is met 'n meerderheid van een stem aanvaar, met 'n hele aantal afgevaardigdes buite stemming.⁸⁶

En toe Durban se afgevaardigde met die voorstel kom vir verhoogde voorkeurtariewe vir Brittanje en die Dominiums, het Louw geamendeer dat dit geskrap en voorkeur verleen word aan elke land wat aan Suid-Afrika voorkeur verleen. Hy het gemaak dat 'n handelskongres volgens besigheidsbeginsels en nie volgens sentiment alleen nie behoort te handel, dog slegs vier van die 97 afgevaardigdes het vir sy amendement gestem.⁸⁷

Maar hy het volgehou, met 'n tweede amendement: dan moes die kongres die artikel oor verhoogde voorkeur aan Engeland alleen skrap, want dit was puur en alleen op sentiment gebaseer. Slegs enkele Suid-Afrikaanse produkte kry in Engeland voorkeur, terwyl alle Engelse produkte in Suid-Afrika voorkeur geniet. Boonop is voorkeur 'n duur transaksie, dit kos die land reeds £700 000 - en dit terwyl die kongres die regering reeds versoek het om te besuinig. Die tyd is verby, het hy bygevoeg, dat 'n Afrikaner beskuldig kon word van dislojaal te wees as hy

86. Die Burger, 17.10.1924; Natal Mercury, 16.10.1924.

87. Die Burger, 18.10.1924; Natal Mercury, 18.10.1924.

hom teen Ryksvoorkeur sou uitspreek.⁸⁸ Al sy argumente het egter niks vermag nie. Ook hierdie amendement is verwerp, met slegs vier stemme ten gunste daarvan.⁸⁹

Die kwessie van lisensieverskaffing aan handelaars, waaroor Eric Louw hom by vorige geleenthede uitgelaat het, is ook op hierdie kongres bespreek en daar is veral gewys op die groot aantal insolvenskappe wat die onbeperkte uitgee van lisensies aan Indiër-handelaars tot gevolg gehad het. Toe die kongres ook lisensies aan Indiër-handelaars wou inperk en oud-volksraads-lid J.W. Mushet dié voorstel wou afwater, het Louw met hom swaarde gekruis: dis 'n ernstige vraagstuk, sê hy, wat 'n sterk houding genoodsaak - sterker as die "melk-en-water-affêre" van die Asiate-kommissie van 1921.⁹⁰ Dié verslag, wat te veel "permissiewe aanbevelings" bevat, is al drie jaar na mekaar deur die kongres aanvaar, sonder dat daar iets van gekom het. Louw het dit onomwonde gestel dat die gevoel van selfbehoud by hom in 'n groter mate aanwesig was as dié van regverdigheid. Mushet se amendement, wat eventueel verwerp is, het definitief nie met Eric Louw se lewensfilosofie wat hy nou weer verkondig het,

88. Die Burger, 18.10.1924; Natal Mercury, 18.10.1924.

89. Die Burger, 18.10.1924.

90. Die Burger, 15.10.1924 en 17.10.1924; Natal Mercury, 15.10.1924. Hy verwys hier na die Asiatiese Kommissie van Onderzoek wat teen die einde van 1919 deur genl. Smuts aangestel is om bestaande geriewe van Indiërs te ondersoek. Regter sir John Lange was voorsitter van dié kommissie, wat verpligte repatriasie en segregasie as oplossing verwerp en vrywillige repatriasie en skeiding aanbeveel het. Die verslag is kwaai gekritiseer in die parlement, uit Smuts se eie party-geledere asook deur die Arbeiders en die Nasionaliste. Laasgenoemde was, by monde van C.G. Fichardt, ten gunste van algehele repatriasie ter wille van selfbehoud. Vir 'n saaklike oorsig oor die Indiër-kwessie in hierdie tyd, kyk W.K. Hancock: Smuts II, pp. 139 - 149.

gestrook nie:

"Daar is te veel 'n neiging om moeilike sake op die agtergrond te skuif en te laat ontwikkel.⁹¹ Die tyd het gekom om meer definitief op te tree... ons moet ook na die toekoms kyk en na die belange van ons kinders en nie aan hulle 'n soortgelyke erfenis nalaat as wat ons van ons vaders in hierdie saak ontvang het nie."⁹²

Toe Mushet onmiddellik hierna voorstel dat die regering die moontlike terugkeer na die goudstandaard na 'n kommissie verwys, het Eric Louw dit gesekondeer en is die voorstel eenparig aanvaar.⁹³ So tussen die kongresverrigtinge deur het Eric Louw tyd gehad om 'n blommeskou op die dorp te open.⁹⁴ Na afsluiting van die kongres is hy terug na Beaufort-Wes, om daár feitlik onmiddellik weer in 'n nuwe stryd betrokke te raak, hierdie keer oor skoolraadsaangeleenthede.

Sommer vroeg in 1924 het daar gespanne gevoelens in die skoolraad van Beaufort-Wes geheers. Op 6 Maart is 'n gekombineerde vergadering van die munisipale- en afdelingsraadskoolrade gehou, waar die finansiële posisie van die provinsiale raade na aanleiding van die Baxter-verslag bespreek is. 'n Lid van die uitvoerende komitee van die Kaapse provinsiale raad het die afskaffing van skoolrade 'n metode van besparing genoem, dog dit

91. Die uitdrukking, om toestande te laat ontwikkel, is in hierdie jare vryelik gebruik om 'n laizez-faire-houding van die vorige Smuts-regering aan te dui. Dit slaan op dié gebruik van die term deur Smuts self en wel in die Volksraadsdebat midde-in die woelinge wat die 1922-Staking, as motivering vir die regering se tydsame optrede. Dit is agterna met dodelike effektiwiteit deur Hertzog uitgebuit en was die aanleiding tot 'n propagandaveldtog wat tot 'n groot mate Smuts se val in 1924 aangehelp het. Kyk Hancock: Smuts II, pp. 85 - 88 en Marais: Die Nasionale Opposisie, 1921 - 1924, pp. 81 e.v.

92. Die Burger, 17.10.1924.

93. Die Burger, 17.10.1924.

94. Die Kourier, 15.10.1924.

het heftige teenstand en indringende bespreking uitgelok.

Op voorstel van Louw, gesekondeer deur dr. Symington, is ernstig teen dié gedagte geprotesteer en dit as hul oortuiging gekonstateer "that such a step would be a retrograde one and very detrimental to the interests of education."⁹⁵

Op 'n volgende vergadering is besluit dat die voorsitter 'n spesiale vergadering sou belê sodra dié saak in die provinsiale raad te berde gebring word,⁹⁶ dog dit is toe nooit gedoen nie. Op 10 April het daar 'n krisis in die skoolraad ontstaan toe Eric Louw en andere verantwoording van mnr. Truter geëis en laasgenoemde met bedanking gedreig het.⁹⁷ Deur bemiddeling van eerw. Baron Moore is die vrede tog tot 'n mate herstel⁹⁸ en het daar weer rustigheid ingetree, alhoewel Eric Louw en dr. Symington steeds sou waak oor die voortbestaan van skoolrade.⁹⁹

Na die skoolraadsverkiesing het die nuwe raad op 6 November byeengekom.¹⁰⁰ Sommer met die intrapslag het Eric Louw voorgestel dat die notules beurtelings in Engels en Afrikaans gehou moes word. Mnr. J.H.E. Vivier se voorstel, dat die voorstel

-
95. Beaufort West School Board, Minute Book: notule 6.3.1924.
96. Beaufort West School Board, Minute Book: notule 13.3.1924.
97. Beaufort West School Board, Minute Book: notule 10.4.1924.
98. Beaufort West School Board, Minute Book: notule 8.5.1924.
99. Beaufort West School Board, Minute Book: notule 10.7.1924.
100. Beaufort West School Board, Minute Book: notule 6.11.1924.
Die volgende persone was lede van die skoolraad: eerw. Creed, ds. C.H. Kruger, P.W.J. Le Roux, E.H. Louw, J.P. Pienaar, ds. J. Rabie (Voorsitter), A.P. de V. Theron, A.R. Truter, J.P. Verster, J.H.E. Vivier, J.R. Jackson, V. Stanbridge, D.G. de Villiers, dr. Charles Symington en eerw. Baron Moore.

onbepaald uitgestel word, is met 9 stemme teen 2 aanvaar, die teenstemme synde dié van Louw en dr. Symington, wat aanvanklik sy voorstel gesekondeer het.

Na aanleiding van 'n beriggie hieroor in Die Burger¹⁰¹ het daar 'n pennestryd in dié koerant se briewekolomme¹⁰² ontstaan, waarby ook Eric Louw betrek is. 'n Bekende in Nasionale kringe op Beaufort-Wes, mnr. C. van Niekerk, het die houding van die ander Afrikaanssprekende lede in die Raad gekritiseer en vir Louw as "n stoere vegter vir die regmatige plek wat Afrikaans as 'n offisiële landstaal behoort in te neem", geprys. Dis goed om 'n man soos Eric Louw in openbare liggame te hê, het hy verder gesê en ook die "rou Engelsman", dr. Symington, vir sy ondersteuning van Louw geloof.¹⁰³ Vir geruime tyd hierna sou hierdie kwessie baie prominensie in Die Burger geniet, onder die geëelde opskriffie "Die Taalstryd op Beaufort-Wes."

J.P. Verster, 'n stadsraadslid, het vir Van Niekerk van "politieke propaganda" beskuldig¹⁰⁴ en gewys op die onbillikheid van Louw se versoek,¹⁰⁵ dog die stadsraad en in die besonder die Afrikaanssprekende lede daarvan moes dit hierna deeglik ontgeld.¹⁰⁶ Selfs vanuit Barberton het groot lof vir adv. Louw

101. Die Burger, 10.11.1924.

102. Vir sover daar sprake kan wees van "briewekolomme". In die destydse uitgawes van Die Burger het korrespondensie wyd verspreid voorgekom.

103. Die Burger, 1924: brief gedateer 18.11.1924.

104. Die Burger, 22.11.1924: brief van Verster.

105. Dit was, volgens Verster, onbillik omdat die Engelse en Weslyaanse predikante nie Afrikaans kon verstaan nie. Kyk brief in Die Burger, 22.11.1924.

106. Briewe waarin die stadsraad se besluit skerp veroordeel is, is geskryf deur J. Ras (Die Burger, 27.11.1924), C. van Niekerk en G.C. Kotzé (Die Burger, 28.11.1924) en J. Kotzé van Parow (Die Burger, 8.12.1924).

gekom: die "manmoedige wyse" waarop hy opgetree het, het nie ongesiens gebly nie en "die Afrikaanssprekendes deur die ganse Unie sal u altoos dankbaar bly vir die wyse waarop u vir hulle regte geveg en geseëvier het."¹⁰⁷

Die Burger het in 'n hoofartikel ook meer as sydelingse aandag aan die verwickelinge in Beaufort-Wes gegee. Dis werklik griewend, volgens die blad, dat so 'n stryd in elk geval gevoer moes word. Na aanleiding van die argumente van die teenstanders van die voorstel, het die koerant tot dié siniese gevolgtrekking geraak: "Dit is dan ridderlik en hoflik om jou taalregte prys te gee ten gunste van die eentalige... en iemand wat hierdie sienswyse nie huldig nie, so word verder geredeneer, moet beskou word as 'n twissoeker en rusverstoorder." Adv. Louw is geloof vir sy standvastigheid en moedigheid: "As jy vir beginsels stry, spreek dit vanself dat jy andersdenkendes in die harnas ja, maar as die stryd verby is en reg het geseëvier, dan is dit vir albei partye die beste."¹⁰⁸

'n Tweede skoolraadslid, mnr. J.H.E. Vivier, het tot die polemieks toegetree en skerp teen adv. Louw se metodes en optrede op die betrokke vergaderings en daarna te velde getrek. Hy het baie sarkasties verwys na die "adverteer" van Louw deur Die Burger se korrespondent en aan die hand gedoen dat verdere korrespondensie onder die hofie "Advertensiestryd in Beaufort-Wes" geplaas moes word. Hy het Louw se skielike haastigheid met die taalkwessie bevraagteken en smalenderwys na Louw se beter gebruik van Engels as Afrikaans verwys.¹⁰⁹

107. Die Burger, 29.12.1924: 'n berig vanuit Barberton in die rubriek "Nuus uit die Binneland".

108. Die Burger, 16.12.1924: hoofartikel.

109. Die Burger, 6.1.1924: brief.

Eric Louw het vinnig hierop gereageer, Vivier se versekerings oor sy erns met taalgelykheid aanvaar en die "venynige, persoonlike aanmerkings" en "slegmaak" met veragting verwerp. Moenie vergeet nie, het hy Vivier gemaak, dat konsiliatie nie in die weg van die toepassing van 'n beginsel mag staan nie.¹¹⁰

Kort hierna het 'n identiese stryd in die stadsraad ontbrand. 'n Voorstel van mnr. Abraham Verster, gesteun deur dr. Symington, dat die notule beurtelings in die ander taal gehou word, is met sewe teen twee stemme verwerp.¹¹¹ Die Burger het dadelik 'n vraegteken laat hang oor daardie vier stadsraadslede wat alreeds dié stryd in die skoolraad aan eie lyf ervaar het en wat, volgens Vivier in sy briefwisseling, nie teen gelykberegtiging van Afrikaans gekant was nie.¹¹²

Die houding van die stadsraad, wat op latere vergaderings bevestig en gehandhaaf is, het o.a. daartoe gelei dat Verster uit die raad bedank het.¹¹³ Uit Beaufort-Wes self is daar ook stemme van verontwaardiging en protes laat hoor.¹¹⁴ Op 'n vergadering van sy tak op 5 Februarie het Eric Louw na die stryd om taalregte in die skool- en stadsraad verwys en die noodsaaklikheid beklemtoon om gedurig 'n wakende oog oor plaaslike liggame te hou, sodat volks- en taalbelange nie benadeel of verontagsaam sou word nie. Daar moes syns insiens, ernstig besin word of die party nie groter aandag aan verkiesings vir plaaslike liggame moes gee nie:

110. Die Burger, 10.1.1925: brief.

111. Die Burger, 7.2.1925 en 16.2.1925.

112. Die Burger, 16.2.1925: hoofartikel.

113. Die Burger, 3.3.1925 en 7.3.1925.

114. Onder andere dié van J. Ras, in 'n brief in Die Burger, 16.3.1925.

"Ons mag nie hierdie toestand van sake stilswyend aanskou nie - ons moet ons regte handhaaf - en indien nodig moet ons dit doen deur middel van die stembus by plaaslike verkiesings, en also sorg dat die regte klas man op die plaaslike liggame dien - die man wat (afgesien van politieke gevoelens) bereid is om reg te laat geskied."¹¹⁵

Op Vrydag die dertiende Februarie 1925 is die tweede sitting van die Vyfde Parlement met die gewone swier en formaliteite geopen. Skynbaar nie 'n bygelowige regering hierdie nie, het C.R. Swart, een van Eric Louw se bankmaats, in sy gereelde rubriek in die Engelstalige Nasionale weekblad opgemerk.¹¹⁶

Tereg kon die Goewerneur-generaal in sy openingsrede wys op die gunstiger vooruitsigte vir die toekoms en sou talle maatreëls ter bestendiging van die vrede en welvaart van die land in die komende sitting aan die parlement voorgelê word.¹¹⁷

Ook vir Eric Louw sou dit 'n besondere sitting wees, al het hy voorasnog dit self nie beseef nie. 'n Paar dae voor die opening het hy en sy gesin na Kaapstad vertrek en hulleself in 'n huurhuis in Seepunt tuisgemaak.¹¹⁸ Vir die eerste keer kon sy gade aan sy sy wees tydens die deftige en waardige openingsplegtigheid wat sedertdien so 'n belangrike plek in hul lewens sou inneem.

Vir Louw het die sitting nie juis op 'n hoë noot afgesit

115. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 5.2.1925, met Jaarverslag. Verslag ook in Die Burger, 5.2.1925.

116. Hier word verwys na C.R. Swart, wat as "Blackie" gereelde bydraes in die nuwe Nasionale weekblad, "South African Nation" gelewer het. Kyk S.A. Nation, 21.2.1925.

117. Debatte van die Volksraad, vol. 3 (1925): kol. 5 - 6.

118. Die Kourier, 11.3.1925.

nie. Vroeg reeds het hy en die Speaker, adv. E.G. Jansen, gebots toe Louw op verkeerde tydstip die kwessie van pensioene wat deur Suid-Afrikaners oorsee getrek word, wou bespreek.¹¹⁹ By 'n latere geleentheid en oor dieselfde aangeleentheid het die voorsitter van komitees, mnr. J.H.H. de Waal, hom weer buite orde gese.¹²⁰

Onder die besprekingspos Begroting het Louw op 4 Maart sy eerste werklike toetrede tot die debatte gemaak. 'n Omstrede omsendbrief van die minister van Justisie om tweetaligheid in die polisie diens in die praktyk deur te voer, het druk bespreking uitgelok.¹²¹ Omdat hy dit as 'n "essensiële tweetalige debat" beskou het, het Louw, as Hollandssprekende lid, die raad in Engels toegesprek.¹²²

Hy het dit betreur dat die Opposisie politieke munt wou slaan uit die tweetaligheidskwessie, die "hoeksteen" van die Unie. Hierdie houding kon net argwaan opwek en tweetaligheid strem, en dit terwyl tweetaligheid onontbeerlik was vir die samewerking tussen die twee rasse.¹²³

Weer eens, soos kort tevore in die taalstryd in die skoolraad van Beaufort-Wes, het Louw getoon dat dit vir hom hier om die beginsel van tweetaligheid gegaan het. Deur die daad by die

119. Debatte van die Volksraad, vol. 3 (1925): kol. 449 - 450 (2.3.1925)

120. Debatte van die Volksraad, vol. 3 (1925): kol. 600 - 601 (4.3.1925)

121. Die saak is op 2 Maart 1925 deur sir Thomas Watt opgehaal, wat die talle bedankings uit die Polisie aan die uitwerking van hierdie omsendbrief toeskryf. Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 3, 1925: kol. 453 e.v.

122. Debatte van die Volksraad, vol. 3 (1925): kol. 605.

123. Debatte van die Volksraad, vol. 3 (1925): kol. 605.

woord te voeg en die raad in sy perfekte Engels toe te spreek, moes hy ongetwyfeld 'n groot indruk gemaak het. "Mossie" was hierdie keer stil.¹²⁴

Met sy volgende optrede, op 6 Mei, het Eric Louw duidelike tekens getoon van waar sy belangstelling in die politiek eintlik gelê het. Onder die begrotingspos van die Eerste Minister het hy bedenkinge geopper oor die wenslikheid om die jaarlikse bydrae van £25 000 tot die instandhouding van die Volkebond te handhaaf:

"Ek spreek hier as een van die jongere manne en dis seker dié jongere seksie hier en in ander lande van die wêreld wat met groot verwagtings uitgesien het na die werk van die Volkebond, maar ek meen nie alleen te staan nie as ek sê dat ons en andere diep teleurgestel is wat die optrede van die Volkebond tot hiertoe betref... Daar is verskillende geleenthede gewees in sy ses- of sewejarige bestaan en die feit is daar dat in alle ernstige gevalle die Volkebond getoon het absoluut magteloos te wees vir die doel waarvoor hy geskep is."¹²⁵

Hy het die ontleedmes dieper laat inkerf: Amerika het op dié tydstip nog nie by die wêreldliggaam aangesluit nie en ook Duitsland het nog buite gestaan, terwyl dit vir die vrede van die wêreld absoluut noodsaaklik was dat dié land ook sou aansluit. Die Volkebond was op daardie stadium dus bloot 'n arbitrasiehof sonder 'n georganiseerde mag agter hom, en gevolglik magteloos. En terwyl in Suid-Afrika groot vraagstukke vanweë 'n gebrek aan geld onopgelos moes bly, word geld gespandeer vir 'n instelling wat 'n mislukking is. By 'n vorige geleentheid, toe hy ter ondersteuning van die idealistiese Schwarzplan vir die bekamping van droogtes in die Kalahari

124. Kyk bo, p. 177 vir "Mossie" se kritiek op die gebruik van Engels as voertaal.

125. Debatte van die Volksraad, vol. 4 (1925): kol. 3254 - 3256.

gepraat het,¹²⁶ het Louw na die bydrae aan die Volkebond verwys as ondersteuning van "n teoretiese saak om oorloë te voorkom", teenoor die Schwarzplan wat "n teoretiese saak om droogte te voorkom" was.¹²⁷

Vir Louw was daar slegs een praktiese beswaar teen die onttrekking van steun aan die Volkebond en dit was die posisie van Duits-Suidwes-Afrika. Wat homself aanbetref, sou hy geen beswaar hê as Suidwes onder regstreekse Britse administrasie geplaas word nie.¹²⁸

Die belange van Suid-Afrika en sy inwoners het reeds op hierdie stadium van sy lewe swaar geweeg by Eric Louw. Dit blyk duidelik uit sy besware teen die betaling van pensioene ter waarde van ongeveer £240 000 aan persone wat hulle na aftrede in die buiteland gevestig het.¹²⁹ Afgesien van die baie geld wat so

126. Debatte van die Volksraad, vol. 3 (1925): kol. 2238 - 2241. (7.4.1925)

127. Debatte van die Volksraad, vol. 3 (1925): kol. 2241. Hierdie Kalahariplan of -skema was die breinkind van n Duitse geleerde, prof. E.H.L. Schwarz, wat hom in Suid-Afrika gevestig en n diepgaande studie van droogtetoestande gemaak het. Sy skema, om die steeds naderkruipende woestyn die hoof te bied, het neergekom op die sogenaamde herstel van die loop van sekere groot riviere, wat dan weer die eertydse groot mere in die binneland sou voed. So sou nie alleen die algemene reënval in die land vanweë die verhoging van die voggehalte in die lug verhoog word nie, maar is selfs voorsien dat die Kalahari as landbougebied geweldig sou opbloei. Vir n kritiese bespreking van die skema, kyk Natal Mercury, 13.8.1970; artikel deur dr. D.F. Kokot.

128. Debatte van die Volksraad, vol. 4 (1925): kol. 3254 - 3256.

129. Debatte van die Volksraad, vol. 4 (1925): kol. 3326 - 3327 (7.5.1925). Hierdie bespreking was die uitvloeisel van vrae wat op 27 Februarie in hierdie verband deur Eric Louw aan die minister van Finansies gevra is. Uit die antwoorde het geblyk dat 2365 persone onder hierdie kategorie pensioen ontvang. Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 3 (1925): kol. 384 (29.2.1925).

die land uitvloei, was daar die vraagstuk van die instandhouding van die blanke bevolking; so maklik kon die beskuldiging gemaak word dat "ons besig is om die blanke bevolking van Suid-Afrika te verminder om toe te laat dat hierdie mense die land verlaat en die pensioen oor die see verteer."

In die loop van sy toespraak is Louw verskeie kere deur die voorsitter daarop gewys dat hy besig was om, teen die reëls in, wetgewing aan die hand te doen, totdat hy finaal die swye opgelê is. Pas na hom het dieselfde lot ook mnr. J.H. Munnik (Vredefort), wat oor die verskille in pensioen van deelnemers aan die Tweede Vryheidsoorlog en die Eerste Wêreldoorlog gepraat het, getref. Mnr. C.J. Krige (S.A.P., Caledon) het hierop die voorsitter gevra of hy darem nie nou die saak oordryf nie.¹³⁰

n Rukkie later in die sitting het Eric Louw sterk na vore getree as kampvegter vir gelyke taalregte en wel na aanleiding van die optrede van die "Kaapstadse draadlose uitsaaistase".¹³¹ Kaapstad het kort tevore sy eie uitsaaistase gekry, en by die instelling van dié diens is in die vooruitsig gestel dat die twee amptelike tale gelyke behandeling sou ontvang.¹³² Hiervan het egter niks tereg gekom nie. In statistieke is aangetoon dat slegs drie uit 167 nommers in n spesifieke week in Afrikaans uitgesaai is. "Is dit nie hemeltergend nie?", moes selfs Die Burger vra.¹³³

130. Debatte van die Volksraad, vol. 4 (1925): kol. 3329 (7.5.1925).

131. Debatte van die Volksraad, vol. 5 (1925): kol. 6221 (6.7.1925).

132. Die Burger, 6.12.1924: hoofartikel.

133. Die Burger, 8.12.1924; Vgl. ook Die Burger, 23.3.1925: hoofartikel.

Eric Louw het die saak op 6 Julie in die Volksraad geopper en terwyl hy toegegee het dat daar probleme kon wees om geskikte Hollandse programme te verkry, wou hy nie die versuim om aankondigings in beide tale te doen, goedpraat nie. Dit was vir hom 'n saak van die grootste erns:

"As ons enige gelykheid in hierdie land wil hê, moet dit op elke moontlike manier en op elke gebied uitgevoer word. Sover dit hier die intekenaars betref, is dit 'n saak van reg en hoflikheid waarop hulle geregtig is. As ek die Raad op die gewone wyse toespreek, doen ek dit altyd in my eie taal, behalwe as daar 'n besondere rede voor mag bestaan. As ek die Minister van Poswese en Telegrafie toespreek, wat Engels beter verstaan, dan spreek ek hom in sy eie taal toe."¹³⁴

Stuurman

In sy toespraak by hierdie geleentheid het hy ook gewag gemaak van die sogenaamde hoër status van Suid-Afrika en die Dominiums, waarvan in die praktyk maar min tereg gekom het. Hy het egter met hoë lof gepraat van die houding en optrede van Suid-Afrika se posmeester-generaal, kol. Sturman, wat op die jongsghehoue internasionale posteryekonferensie die Kanadese afgevaardigde gehelp het om afsonderlike verteenwoordiging in die Dominiums te bewerkstellig, elk met 'n eie stem. Vroeër het hulle almal saamgesit as "aanhangsels van die Britse delegasie", en die sekere mate van teenstand aan die kant van die Britse regering het getoon dat die teorie van hoër status nie by hulle soveel tel soos dit die geval behoort te wees nie. Kol. Sturman, aan die ander kant, "het getoon dat hy een van die Engelssprekende Afrikaners is wat Suid-Afrika sy tuiste gemaak het, en gereed is om te staan by die leuse, 'Suid-Afrika Eerste.'"¹³⁵

134. Debatte van die Volksraad, vol. 5 (1925): kol. 6222.

135. Debatte van die Volksraad, vol. 5 (1925): kol. 6223.

Min het Eric op hierdie tydstip besef hoe dikwels hy in sy latere loopbaan weer met die statusprobleem te doen sou kry.

Die kwessie van die aanstelling van 'n handelskommissaris in Amerika het reeds op 5 Junie ter sprake gekom na aanleiding van 'n item hiervoor op die begrotingspos Mynwese en Nywerheid. Mnr. J.W. Jagger, eertydse minister van Finansies, wou van minister Beyers weet of die aanstelling al gedoen is, en het dit nie die moeite werd geag nie vanweë die afsydige houding van die Amerikaanse regering.¹³⁶ Min. Beyers se mening was egter dat die begrote bedrag (£4 000) "eerder hopeloos onvoldoende as te groot" was. Al was dit 'n proefneming en ten spyte van die beweerde Amerikaanse beleid van uitsluiting en selfgenoegsaamheid, sou daarmee voortgegaan word. Op hierdie stadium was daar nog geen aanstelling gemaak nie, het hy Jagger meegedeel.¹³⁷

Op 8 Junie het Louw weer tot die debat toegetree en 'n skeiding tussen die departemente van Mynwese en dié van Handel en Nywerheid bepleit, aangesien laasgenoemde fasette nie genoeg aandag gekry het nie. Hy was oortuig dat die belangrikheid van Suid-Afrika se handel vir die ontwikkeling van die landbou nie voldoende besef is nie, veral nie insoverre dit handelsbetrekkinge met oorsese lande aanbetref nie. Hy het 'n sterk pleidooi ten gunste van die instelling van handelskommissarisse gelewer.¹³⁸

In 'n volgende spreekbeurt op dieselfde dag het hy daarop gewys

136. Debatte van die Volksraad, vol. 4 (1925): kol. 4610.

137. Debatte van die Volksraad, vol. 4 (1925): kol. 4636 - 4637.

138. Debatte van die Volksraad, vol. 4 (1925): kol. 4649 - 4651. Op 8 Augustus 1925 het in S.A. Nation (pp. 14 - 15) 'n artikel uit die pen van Louw verskyn waarin afsonderlike departement vir handel en nywerheid bepleit word.

dat die meeste besprekinge in die betrokke begrotingsdebat net oor mynweese gehandel het, wat ter stawing vir sy betoog van skeiding kon dien.¹³⁹ Hy het weer 'n vurige pleidooi vir die verbetering van Suid-Afrika se handelsbetrekkinge gelewer, in navolging van die belangrike rol wat oorsese handel in alle voorste lande ter wêreld inneem. So het hy by die pos van handelskommissaris uitgekom. Hul taak was nie bloot net om markte te probeer vind nie, maar hul kantore moes as 'n soort buro van informasie in die bepaalde lande fungeer.¹⁴⁰ Hy het Kanada, die leidende moondheid op hierdie gebied, as voorbeeld geneem: dié land se aantal handelskommissarisse het van vier tot ses-en-dertig uitgebrei. Hy het ook aan die hand gedoen dat die persoon wat as handelskommissaris in Amerika aangestel word, terselfdertyd sy aandag aan Kanada sou gee, al het die handel met Amerika alleen reeds die instelling van die pos geregverdig. "Ek hoop", het hy sy toespraak afgesluit, "dat die aanstelling van die handelskommissaris in Amerika nie lank sal uitgestel word nie."¹⁴¹

Die nuus dat so 'n pos wel ingestel is, is op 31 Julie deur die minister van Spoorweë, mnr. C.W. Malan, op 'n funksie van die Riversdale Landbougenootskap bekend bemaak. Daarmee, het Malan gesê, wou sy regering die goeie werk wat die vorige regering gedoen het om markte in Europa te soek, 'n stap verder voer deur markte in Amerika te probeer verkry. Die naam van

139. Debatte van die Volksraad, vol. 4, 1925: kol. 4663 - 4665.

140. Hierdie siening stem baie ooreen met dié van mnr. Karl Spilhaus, Suid-Afrika se eerste handelskommissaris op die Europese Vasteland, soos uitgespreek toe hy deur mnr. C. Pienaar in dié hoedanigheid opgevolg is. Kyk Die Burger, 15.11.1924.

141. Debatte van die Volksraad, vol. 4 (1925): kol. 4665.

die nuwe handelskommissaris sou binne afsienbare tyd aangekondig word, dog hy het die gehoor verseker dat die aanstelling algemene goedkeuring sou wegdra.¹⁴²

Twee dae later word berig dat Eric Louw in die pos aangestel is.¹⁴³

142. Die Burger, 3.8.1925.

143. Die Burger, 5.8.1925. Vgl. ook K. Anderson: "... And So They Talked", p. 176.

Aankoms in Amerika, 1925 (S.A. Nation, 25.8.1925)



HANDS ACROSS THE SEA.

BROTHER JONATHAN: "Happy to meet you, friend Louw, and right glad you're going to do business with me too."

OUR NEW TRADES COMMISSIONER (Mr. E. Louw): "Thank you, Sir! It's my Government's policy to find markets all over the world."

HANDELSKOMMISSARIS IN AMERIKA (EN KANADA)

Een van die uitvloeisels van die onafhanklikheidstrewe van die Nasionale Party, wat in 1919 'n hoogtepunt bereik het met die stuur van die sogenaamde Vryheids- of Onafhanklikheidsdeputasie na die vredesamesprekinge te Versailles, was die steeds groter aandrang op ekonomiese onafhanklikheid en die losmaking van daardie ekonomiese bande wat enigsins die onafhanklikheidskonsep kon aantas. Die handel en handelsbetrekkinge met Brittanje, die Britse Ryk en ander moondhede sou gevolglik skerp onder die soeklig kom.

Aan die begin van die twintigerjare is vanuit Nasionale gelede sterk voorbrand gemaak vir die stuur van handelskommissarisse na Europese en ander lande. Reeds in September 1921 het die Burger, met dr. D.F. Malan as redakteur, 'n pleidooi in dier voege gelewer,¹ nadat dr. Malan en C.W. Malan die saak vroeër in die volksraad aanhangig gemaak het.² Op die kongres van die Kaaplandse Nasionale Party in Oktober 1921 het C.W. Malan weer op die saak teruggekom en daarop gewys dat Suid-Afrika met sy "imperialistiese regering" net één handelskommissaris het, teenoor 'n land soos Kanada se sestig

1. Die Burger, 14.9.1921: hoofartikel.

2. Debates of the House of Assembly of the Union of South Africa, as reported in the Cape Times: Reprints/ Herdrukke, vol. VI, (12.3.1921 - 14.7.1921), pp. 211-212.

op deardie stadium.³ In Desember 1921 het die Amerikaanse handelskommissaris in die Unie, mnr. P.J. Stevenson, dit as "gesonde handelspolitiek" verklaar dat die Unie n eweknie-pos in die Verenigde State sou skep.⁴ Nog byna vier jaar sou egter verloop voordat hierdie voorstel in die praktyk verwesenlik is.

Op die vooraand van die 1924-verkiesing het die eerste minister, Genl. Smuts, dit in die vooruitsig gestel dat n handelskommissaris in Amerika aangestel sou word - n aankondiging wat deur die Nasionaliste as n blote verkiesingsbelofte bestempel is.⁵ Aan die einde van 1924 en met genl. Hertzog en die Pakt-kabinet aan bewind, het mnr. Stevenson weer die aandag op die gunstige vooruitsigte vir die uitbreiding van die Unie se handel met Amerika gevestig.⁶ Dit was duidelik dat die klimaat gunstig was om tot aksie oor te gaan en die handelsnet veel wyer te span as waartoe die Smuts-regering bereid was.

Gekniehalter deur n vorige regering se begroting waarin nie vir sodanige uitbreiding voorsiening gemaak is nie, is dié saak tog by die eerste die beste geleentheid reggestel en is daar in die 1925-26 begroting voorsiening gemaak vir die in-

3. Die Burger, 7.10.1921. Die handelskommissaris waarna verwys is, was mnr. Karl Spilhaus, wat teen die einde van 1921 as sulks op die vasteland van Europa aangestel is. Kyk Die Burger, 23 en 24.11.1921.

4. Die Burger, 12.12.1921.

5. Die Burger, 3.5.1924.

6. Die Burger, 8.12.1924.

stelling van handelskommissarisposte in Amerika en in Kenia.⁷
Vroeg in Augustus 1925 het die minister van Spoorweë, mnr.
C.W. Malan, bekend gemaak dat die pos in Amerika wel ingestel
is en 'n paar dae later het die aankondiging gekom dat adv.
Eric Louw dié betrekking sou vul.⁸

Van sy aanstelling het Louw self só vertel:⁹

"Dit was gedurende April van die tweede sitting dat Adv.
Willie Beyers, Minister van Mynwese en Nywerhede (soos
dit toe was) my een namiddag in die Wandelgang raakloop.
Op sy ietwat norske manier, sê hy aan my: 'Eric, ek wil
jou spreek oor 'n seker saak, kom ons gaan 'n koppie tee
drink'. Op weg na die teekamer het ek gewonder waarom
hy my wou spreek. Sy houding het selfs die indruk geskep
dat hy my wou aanspreek oor iets wat ek gesê het, of nie
moes gesê het nie. Nadat die tee bedien was, sê hy
skielik: 'Hoe lyk dit, wil jy nie na New York gaan nie?'
Verbaasd vra ek: 'Vir wat mnr. Beyers?' Daarop antwoord
hy: 'Die Regering het besluit om 'n handelskantoor daar
te open en ek wil hê jy moet die werk onderneem en die
Unie se eerste Handelskommissaris in die Verenigde State
word.'

"Ek hoef skaars te sê dat ek verstom was om so 'n aanbod
te kry, en vir 'n minuut of twee was ek letterlik spraak-
loos! Toe ek my spraakvermoë terugkry, het ek my diepe
waardering uitgespreek vir die aanbod, en toe gevra dat
hy my 'n bietjie tyd moet gee om dit te oorweeg. Ek het
daarop gewys dat ek 'n groot besigheid op Beaufort-Wes
gehad het, en dat ek dus nie vry was om so 'n aanbod te
aanvaar voordat ek nie 'n plan met die besigheid gemaak
het nie. Mnr. Beyers het my moeilikheid begryp, maar

7. South African Nation, 27.12.1924 en 14.3.1925.

8. Kyk hoofstuk 5, pp. 198-199.

9. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 62 - 65.

gevra dat ek asb. nie met die saak moet sloer nie. Ek het belowe om hom binne tien dae my antwoord te laat kry.

"Ek het dadelik my vrou na Beaufort-Wes gebel om haar van die aanbod te vertel, en dieselfde aand het ek per trein na Beaufort-Wes vertrek.

"En toe vind ek myself weer in dieselfde posisie soos in 1918 toe ek op Grahamstown moes besluit of ek met my praktyk as Advokaat sou voortgaan - of my vader se besigheid sou oorneem. Die destydse besluit het 'n algehele verandering in my loopbaan en lewenswyse gebring, en ek het besef dat indien ek hierdie aanbod sou aanvaar dit 'n nog groter verandering sou meebring.

"My vrou en ek het die saak grondig bespreek. Soos in die verlede was haar houding dat ek moet besluit, en dat sy haar sou neerlê daarby. In hierdie geval sou dit nie alleen 'n algehele verandering in ons lewe meebring nie, maar dit sou beteken 'n verhuising na 'n vreemde land, en dat ek 'n heeltemal nuwe en vir my, onbekende werk sou moet onderneem. Verder was daar die oorweging van ons twee seuns wat toe nog maar 6 jaar, en 18 maande onderskeidelik, oud was. En eindelik die groot en moeilike probleem van die besigheid."

Die aanbod het hom slapelose nagte besorg: aan die een kant het sy politieke loopbaan maar pas begin, maar aan die ander kant was dit "n roeping tot volkswerk". Hy het ook manne soos genl. Hertzog, Charlie Malan en Willie Hofmeyr om advies gevra.¹⁰ Na 'n paar dae het Louw vir minister Beyers laat weet

10. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 4.8.1925. Vgl. ook sy toespraak voor die jaarkongres van die Kamers van Koophandel te Durban, waar hy ook na dié moeilike besluit verwys het. Kyk Die Burger, 23.9.1925.

dat hy die pos aanvaar. Die sake-onderneming is binne veertien dae teen 'n goeie prys verkoop¹¹ en gevolglik kon hy sy onverdeelde aandag aan die voorbereiding vir sy nuwe taak gee.¹²

Louw se aanstelling in die nuwe pos het oor die algemeen baie gunstige kommentaar uitgelok.¹³ Selfs die president van die Geassosieerde Kamers van Koophandel, mnr. F.C. Sturrock, het hom dié groot kompliment gemaak dat hulle waarskynlik dieselfde keuse sou gemaak het, indien die minister die keuse aan die kommersiële liggame sou oorlaat.¹⁴ Daar was tevredenheid in handelskringe oor die hele land:

"The Government have made a wise choice. We are sure that Mr. Louw will do well for his country, and in occupying so important a position he will have plenty of scope for the development of his energy and ability."¹⁵

Voor sy vertrek het Louw in opdrag van minister Beyers 'n deeglike ondersoek van handelstoestande in die Unie gedoen. Hy het onder andere die jaarkongres van die Kamers van Koop-

11. Die koper was die firma Mortimer en Hill, van Wellington. In 1949 het die Merino-Koöperasie oorgeneem en vandag is dit steeds een van die grootste sake-ondernemings op die dorp. Kyk ook Vivier: Hooyvlakte, pp. 72-73.

12. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 65-66.

13. Die Burger, 7,8.1925.

14. Die Kourier, 23.9.1925; Die Burger, 19 en 23.9.1925.

15. The African Trade Organizer, Sept. 1925, p. 18.

handel in Durban bygewoon en ook met die Amerikaanse handel-
sending in Johannesburg en die Kanadese sending in Kaapstad
kontak gemaak.¹⁶

Dat daar by hom geen illusies was oor die moeilike taak wat
op hom gewag het nie, blyk duidelik uit opmerkinge van Louw
op die kongres van die Kamers van Koophandel. Onder die besef
dat pionierswerk nooit maklik is nie, maar lastige, harde en
dikwels ondankbare werk, sou hy maar sy weg moes voel in 'n
land waar toestande heeltemal verskil van dié in Suid-Afrika.
Hy was egter vol vertroue dat nuwe velde geopen kon word en
oortuig dat Suid-Afrika se potensiaal groter was as wat baie
mense besef.¹⁷

Op 'n onthaal van die Pretoriase Kamer van Koophandel het die
voorsitter, mnr. Pocock, daarop gewys dat reklame en adver-
tensie die lewensaar van alle handel is. Wat betref die
verhouding met Amerika, bestaan daar in hierdie opsig 'n groot
behoefte en word van die handelskommissaris verwag om die
prentjie reg te stel.¹⁸

Die noodsaaklikheid van doeltreffende en doelgerigte reklame
vir sy nuwe taak is inderdaad vanuit die staanspoor deur Louw
besef; hy sou trouens dwarsdeur sy latere loopbaan en ook

16. Die Burger, 22.9.1925. Kyk ook E.H. Louw: Ek Kyk
Terug (ms.), pp. 66-67.

17. Die Burger, 23.9.1925; Die Kourier, 23.9.1925.

18. E.H. Louw-vers., band 133: knipsel, s.d., s.n.

in die nastrewe van ideale en die vervulling van take besondere klem hierop laat val. Hy was bewus daarvan dat daar 'n groot mate van onkunde met betrekking tot Suid-Afrika in Amerika bestaan en hy sou poog om die korrekte inligting te voorsien.¹⁹ Sy aanstelling was vir hom ook 'n teken dat die regering die handel nie meer so individualisties as voorheen benader nie, maar dit nou as 'n nasionale saak sien: die handel word bevorder in die algemene belang van die land. Dog daar is ook die internasionale aspek wat nie uit die oog verloor moes word nie, sake soos die sluit van handelsverdrae en die hou van handelskonferensies, wat meehelp om wrywing tussen lande uit die weg te ruim en in belang van wêreldvrede en goeie verhoudinge tussen volke is. Hy het dit as sy taak beskou om al drie aspekte te bevorder, nl. die individualistiese, die nasionale en die internasionale.²⁰

Met hierdie optimistiese dog prakties-nugtere gesindheid het Eric Louw sy nuwe roeping in belang van Suid-Afrika tegemoet gegaan en sy voet geplaas op 'n lang pad van diens aan sy land en volk. Deeglike kennis van alle aspekte van die op hande synde taak en doeltreffende beplanning sou in die vervulling van hierdie taak 'n baie belangrike rol speel. Die ervaring en skoling uit die dae toe hy as prokureursklerk en registrator van regters gedien het, sy wetsopleiding, sy bedreweheid in die Engelse taal en die ondervinding wat hy as sakeman

19. Die Burger, 6.8.1925.

20. E.H. Louw-vers., band 133: knipsel, s.d., s.n.

en politikus opgedoen het, was alles aspekte wat van groot betekenis sou wees in die uitoefening van sy ampte.

Vir die Nasionale Party was Eric Louw se vertrek miskien nie so heilsaam as wat dit vir die land as 'n geheel was nie. In die voorafgaande aantal jare het Louw homself baie deeglik in die vernaamste politieke vraagstukke van die tyd ingegrawe en was hy 'n simbool van dryfkrag en besieling vir baie.

Miskien vertolk dr. D.F. Malan die gevoel van verlies die beste waar hy in 'n brief aan Louw in 1926 die volgende skryf:

"Ek het maar met 'n halwe hart daarvoor gewees dat jy na Amerika sou gaan. Ek wou baie graag dat jy promosie sou kry maar aan die ander kant wou ek jou nie graag in die Parlement mis nie. Ons het jou alte nodig. Ek hoop dus dat jy na ons sal terugkom so gou as die grondslae van ons verteenwoordiging in Amerika heg en goed gelê sal wees, en dat dit gou sal wees."²¹

Reeds op sy pos in die verre Amerika, het die distriksbestuur van die Nasionale Party van Beaufort-Wes op sy eerste vergadering vroeg in 1926 by wyse van 'n adres hul dank en waardering teenoor hulle voormalige verteenwoordiger uitgespreek. Daarin loof hulle

"die uitmuntende leiding van vergaderings van hierdie bestuur onder u voorsitterskap ... die uitmuntende werk, wat u as voorman vir die Nasionale Party in hierdie kiesafdeling verrig het tot bevordering van die beste belange van land en volk in ooreenstemming met die beginsels waarop ons Party gebou is ... U onvermoeide arbeid in die belang van die party gepaard met die bekwaamheid in

21. E.H. Louw-vers., band 1: DFM/EHL, 25.6.1926.

die toepassing van u organiserende talent ... U onbevreesde optree tot verdediging en handhawing van die Nasionale beginsels in die publieke lewe ... die hoogs eervolle en bekwaam wyse waarop u ons kiesafdeling in die Volksraad verteenwoordig het."

En alhoewel hulle die feit betreur dat hy nie meer hulle verteenwoordiger in die volksraad is nie, voel hulle geëerd "dat die Regering u bekwaamhede erkennende, daarvan wens gebruik te maak", naamlik as handelskommissaris in Amerika en Kanada.²²

Vroeg in November 1925 het Eric Louw en sy gesin met die Kelderman Castle vanuit Kaapstad vertrek, op pad na "n vreemde land, na 'n nuwe lewe, en na nuwe onbekende werk."²³ Vir die volgende jaar sou hy hom besig hou met die verkryging van handelskontakte en die bevordering van die Suid-Afrikaanse handel in die algemeen en in die besonder, asook met die verskaffing van algemene inligting omtrent Suid-Afrika en sy mense aan die Amerikaners.

Op weg na Amerika het Louw te Londen aangedoen, waar hy by die Unie se handelskantoor gaan kers opsteek het. Hy het ook 'n besoek aan die kantoor te Milaan gebring voordat hulle op 21 November, sy verjaardag, die Noord-Atlantiese Oseaan in die *Coronia* aangedurf het.²⁴ By die eerste aanblik van New

22. E.H. Louw-vers., band 234: Adres van distriksbestuur van Beaufort-Wes Nasionale Party, 9.4.1926.

23. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 67.

24. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 67-68.

York met sy Empire State-gebou en talle ander wolkekrabbers wat asof uit die see verrys, het Eric Louw maar klein en eensaam gevoel, byna oorweldig deur die gedagte "dat ek as 'n vreemdeling na hierdie reuse stad, met sy tien miljoen inwoners kom, om daar die eerste verteenwoordiging van Suid-Afrika te stig."²⁵

Met hul aankoms in die hawe is die Louws ontmoet deur dr. Kalie van der Merwe, 'n ou studentemaat wat op daardie stadium professor aan die Yale Kollege in New York was, en mnr. Willem Bührman, 'n jong Suid-Afrikaanse student wat al drie jaar in Amerika was en as Louw se assistent aangewys is. Die eerste paar dae is bestee om geskikte huisvesting en kantoor-ruimte te vind, aangesien geen reëlings vooraf getref is nie. Naas hyself, Bührman en twee tiksters, sou ook mnr. G.S. Oettle, die publisiteitsbeampte van die Spoorweë, in die kantoor in No. 11 Broadway gehuisves wees.²⁶

Louw het spoedig kontak gesoek met Amerikaanse regerings-amptenare, die handelskommissarisse van die ander dominiums en 'n aantal Amerikaanse sakemanne. Hierna is hy na Washington om amptelik aan te meld en lede van die Amerikaanse regering te ontmoet. Deur bemiddeling van sir Esme Howard, die Britse ambassadeur, het Louw die minister van Handel, mnr. Herbert

25. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 71-72.

26. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 75-77 en 88. Die aanstelling van mnr. Oettle is gelyktydig met dié van Louw bekendgemaak. Kyk Die Burger, 4.8.1925.

Hoover en die president van die V.S.A., mnr. Calvin Coolidge ontmoet.²⁷

Nadat sy eerste ampspligte in Amerika afgehandel was, het Louw ook 'n besoek aan Kanada gebring om handelstoestande daar van naderby te beskou. In Ottawa, die Kanadese hoofstad, het hy die Kanadese minister van Handel asook die eerste minister, mnr. MacKenzie King ontmoet. Met laasgenoemde is daar 'n interessante gesprek gevoer oor die dominiums se stryd om 'n groter mate van onafhanklikheid. Na sy terugkeer het King 'n aantal brosjures en toesprake van hom, handelende oor hierdie kwessie wat vir hulle albei so na aan die hart gelê het, aan Louw gestuur.²⁸

Daarmee was die ys gebreek en kon Louw voortaan sy taak in alle erns voortsit. Aan die een kant sou hy hom beywer vir die verkryging van allerlei markte vir Suid-Afrikaanse produkte, terwyl hy hom aan die ander kant daarop toegespits het om inligting omtrent Suid-Afrika en sy mense aan die Amerikaners en Kanadese oor te dra.

27. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 92-94. Kyk ook E.H. Louw-vers., band 72: My Herinneringe aan genl. Hertzog, en E.H. Louw: Die Totstandkoming van die Diplomatieke Diens van die Unie van Suid-Afrika.

28. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 104-105. Kyk ook Handel- en Nywerheidsblad, vol. 1 no. 1 (Mei 1926), p. 20 e.v. vir uittreksels uit verslag van Louw aan Raad van Handel en Nywerheid.

Wat die handelsaspek aanbetref, het Louw spoedig baie waardevolle kontakte opgebou, soos bv. met die voorsitter van die Tariewe-kommissie van die V.S.A., mnr. Martin,²⁹ en met mnr. James A. Farrell, op daardie stadium president van die United States Steel Corporation asook van die Foreign Trade Convention, 'n liggaam wat hom vir die uitbreiding van die V.S.A. se buitelandse handel beywer het. Daar het spoedig 'n hegte vriendskapsband tussen Louw en Farrell ontstaan en dit was deur laasgenoemde se bemiddeling dat Louw in staat gestel is om die jaarlikse kongres van die Foreign Trade Convention in Charlston, Suid-Carolina, oor Suid-Afrika toe te spreek.³⁰

Ook die Kanadese handelskommissaris, mnr. Frederick Hudd, het aan Louw waardevolle hulp en leiding verskaf.³¹ Die twee sou later 'n stewige front vorm teen pogings om, volgens hulle, die bande tussen Brittanje en die dominiums stewig te heg.

Op die reeds genoemde kongres van die Foreign Trade Convention het Louw se toespraak groot belangstelling gaande gemaak.³² Van die room van Amerika se handelslui was daar teenwoordig en voortaan sou Louw oorlaai word met uitnodigings om voor

29. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 94-95.

30. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 97-98.

31. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.) p. 89.

32. Louw het hierdie organisasie weer tydens hul 1927-kongres toegesprek. Sy toespraak is deur die Foreign Trade Council in pamfletvorm versprei en in handeldydskrifte gepubliseer. Kyk ook E.H. Louw-vers., band 87: Second Annual Report - Trade Commissioner, New York, U.S.A.

handels- en ander organisasies op te tree. Van groot waarde was veral kontak wat gemaak is met die Export Managers Club, Kamers van Koophandel, die Rotariër-beweging, die Standard en die Barclays Bank en die Cunard Line maatskappy, van mnr. Jim Farrell.³³

"The more you buy from us the more we can buy from you", was die tema van Louw se beroepe op Amerikaanse handelslui, om sodoende hulle aandag pertinent op Suid-Afrika te vestig.³⁴ Die prentjie wat hy kon skilder, lyk nie te onindrukwekkend nie: Suid-Afrika is die rykste minerale land ter wêreld, wat onderskeidelik 45-50% van die wêreld se goud en 60-70% van die wêreld se diamantopbrengste lewer. Fabriekes neem geweldig toe en veral die sitrusbedryf gaan 'n bloeiende toekoms tege- moet. Dit behoort veral vir die Amerikaners lonend te wees om fabriekes in Suid-Afrika op te rig, want daardeur kan die beperkende tariewe vrygespring word en kon van laer vervoer- tariewe gebruik gemaak word; boonop word grondstowwe be- lastingsvry in Suid-Afrika binnegelaat en is arbeid in die reël baie goedkoop. Die skouspelagtige vooruitgang van die staatsbeheerde Suid-Afrikaanse spoorweë en die rol wat die spoorweë in die bevordering van die handel en nywerheids- ontwikkeling speel, is ook baie sterk in sy toesprake be-

33. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 138.

34. E.H. Louw-dokumente, knipsel, Public Ledger (Philadelphia), 28.3.1926.

Louw het sy Amerikaanse toehoorders daarop gewys dat internasionale handel nie soos New York se strate, 'n "eenrigting-verkeer" is nie,³⁶ soos blyk uit die feit dat hulle land jaarliks slegs 9 miljoen dollar se goedere van Suid-Afrika koop, teenoor Suid-Afrika se 46 miljoen dollar aankope van die V.S.A. Laasgenoemde syfer is egter nog ver benede die 115 miljoen dollar van Engeland se verkope in Suid-Afrika, met die onuitgesproke advies dat Amerika hier 'n groot agterstand het om in te haal.³⁷

'n Kenmerk van Louw se optrede as handelskommissaris was dat hy nie juis veel trek gehad het vir tentoonstellings nie,³⁸ maar veel meer waarde aan persoonlike besoeke, samesprekings

35. Kyk ook in dié verband die volgende: Eric H. Louw: The Union of South Africa and its Trade (toespraak voor die veertiende nasionale kongres van die Foreign Trade Convention, Mei 1927); Die Burger, 25.3.1926 (toespraak voor Canadian Club) en 'n aantal ongeïdentifiseerde uitknipsels in E.H. Louw-vers., band 134 en onder E.H. Louw-dokumente.

36. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 138-139.

37. E.H. Louw-dokumente: knipsel, Public Ledger, 28.3.1926.

38. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 139; E.H. Louw-vers., band 87: Second Annual Report - Trade Commissioner, New York, U.S.A. Teen die einde van Mei 1926 het Louw in 'n polemiekie betrokke geraak met dr. W.P. Steenkamp, L.V., toe lg. dit "n skade en 'n skande" genoem het dat Suid-Afrika nie op 'n tentoonstelling te Philadelphia verteenwoordig was nie. Louw het skerp gereageer en sy siening omtrent tentoonstellings in die algemeen en die betrokke tentoonstelling in die besonder duidelik uiteengesit. Kyk Die Burger, 14.9.1926 en 24.11.1926.

en die hou van toesprake geheg het.³⁹ Hy het byvoorbeeld by geleentheid daarin geslaag om die minister van Handel en Nywerheid, mnr. Beyers, te oorreed om nie aan 'n groot tentoonstelling deel te neem nie, maar eerder die fondse wat daaraan bestee sou word, vir reklame beskikbaar te stel.⁴⁰ Dié reklame-veldtog het, volgens Louw, "uitstekende" resultate opgelewer.⁴¹

Een van die sake wat Louw die meeste hoofbrekens besorg het in die uitoefening van sy pligte was die swak kwaliteit van sekere produkte en die ongereelde aflewering van produkte waarvoor daar kontrakte gesluit is.⁴² Hierin het hy verbetering probeer bring, terwyl hy ook daarin geslaag het om vooroordeel teen die Unie se vrugte in die V.S.A. grootliks uit te skakel.⁴³

39. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 140.

40. Tog was Louw baie in sy skik met die Suid-Afrikaanse uitstalling by 'n tentoonstelling in Toronto aan die einde van Augustus 1928; dit het, volgens hom, baie meer aandag as dié van Australië langsaan getrek. Ook het Oetle daár baie kontakpunte verkry. Kyk Handels- en Nywerheidsblad, vol. 3 no. 30 (Oktober 1928), p. 283.

41. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 140-141.

42. Dié aangeleentheid is reeds in een van sy vroegste verslae aangeroe, nl. die verslag wat in Junie 1926 in die amptelike handelsblad verskyn het. In die Maart-uitgawe het hy weer daarna verwys. Kyk Handels- en Nywerheidsblad, vol 2 no. 2 (Junie 1926) p. 53, en vol. 2 no. 11 (Maart 1927), p. 52.

43. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 143-144.

Teen 1928 was Louw reeds stewig ingegrawe in sy werk en het sy ywerige pogings om Suid-Afrika bekend te stel, vrugte begin afwerp. Aan N.C. Havenga, die minister van Finansies van die Unie-regering, skryf hy in 'n persoonlike brief hoedat hy "deur verskeie van die grootste finansiële organisasies in New York" en deur die hoofde van drie banke genader is met die oog op beleggings en buitelandse lenings. Sy indrukke uit die samesprekings was "dat hulle diep geïntereeserd is in Suid-Afrika, en skynbaar baie begerig om besigheid te doen ... Ek het ook gevind dat daar taamlike groot belang is in die voorgestelde oprigting van 'n staalnywerheid in Suid-Afrika."⁴⁴

Louw het dit baie duidelik aan Havenga gestel dat hy sy regering hoegenaamd nie verbind het nie en slegs sy persoonlike menings gelug het, dat die besprekinge "in camera" was en dat hy die hele kwessie "as strik vertroulik beskou en behandel" het. Hy het egter, steeds op dié basis, die sogenaamde "vriende" gepols omtrent die moontlike oprigting van takke van 'n Amerikaanse bank in 'n paar van Suid-Afrika se vernaamste handelsentra. Sy persoonlike mening was dat die aangaan van 'n Amerikaanse lening die handelsbetrekkinge met die V.S.A. sou bevorder.

In 'n latere brief verskaf hy besonderhede omtrent 'n finanshuis, Guarantee Company of New York, wat wel positief gereageer het; hy noem ook 'n paar van die ander instellings

44. E.H. Louw-vers., band 1: EHL/NCH, 1.1.1928. Dié brief is gemerk "Persoonlik en Vertraulik".

wat met hom in verbinding was, nl. Chase National Bank, Blair and Co., Equitable Trust Co. en Bankers Trust Co.⁴⁵

Die verskaffing van algemene inligting omtrent Suid-Afrika en sy mense is deur Louw self as "immers een van my belangrikste pligte" beskou⁴⁶ en dit lei geen twyfel nie dat hy sy Amerikaanse toehoorders se belangstelling gaande gemaak het. Hiervan getuig 'n omsendskrywe van die Cincinnati Chamber of Commerce, wat Louw se optrede voor dié liggaam met onder andere die volgende woorde geadverteer het: "Mr Louw is a very attractive and impressive speaker, and has 'n large store of information of South Africa and presents it in a most delightful manner."⁴⁷ Nadat hy die American Exporters and Importers Association toegesprek het, lui dit in die bedankingsbrief: "All those present who had the privilege of listening to your remarks were most complementary in their comments."⁴⁸ Sy deelname aan die jaarlikse Harris Foundation-lesings by die Universiteit van Chicago het 'n soortgelyke reaksie uitgelok: "I have heard a great deal of favourable

45. E.H. Louw-vers., band 1: EHL/NCH, 11.1.1928 („Persoonlik en Vertoulik”).

46. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 98. Kyk ook E.H. Louw: Die Totstandkoming van die Diplomatieke Diens, p. 2.

47. E.H. Louw-vers., band 1: omsendbrief ged. 31.1927.

48. E.H. Louw-vers., band 1: Mr. Parker/EHL, 20.5.1927.

comment and feel that your presence with us this summer has made a deep impression."⁴⁹

By feitlik elk van die talle geleenthede waar Louw in die openbaar opgetree het of waar aan hom die geleentheid gegee is om by wyse van publikasie sy land bekend te stel, het hy nie alleen die heersende politieke, maatskaplike en ekonomiese tendense behandel nie, maar ook aan sy toehoorders 'n kykie in sy land se komplekse historiese samestelling gegee.⁵⁰

"Daar was min van die middeljarige en ouere Amerikaners wat nie geweet het, of gehoor het, van die 'Anglo-Boere-oorlog' nie, en ek het nooit nagelaat om met trots te meld dat ek 'one of the Boer people' is nie. Dit het altyd groot belangstelling verwek - en baie van hulle was verbaas dat ek Engels kon praat. By een van die geleenthede is ek gevra of die ander "Boers" ook beskafte mense is, soos ek!"

Louw het dit ook duidelik aan sy toehoorders gestel dat daar in Suid-Afrika nie 'n mark is vir leeu-nette of tier-wippe nie; en dié mense wat dink dat leeus en tiers so maklik in Kaapstad geskiet word as kassiers en juweliers in New York, het dit ver mis gehad. Hulle kon gerus 'n besoek aan Suid-Afrika bring, was sy advies, en sodende besigheid met groot genot kombineer.⁵¹

In sy toesprake het Louw gewoonlik die konstitusionele raamwerk van die Unie, die bevolkingsamestelling en rasseverhou-

49. E.H. Louw-vers., band 1: President, University of Chicago/EHL, 7.7.1927.

50. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 100 - 101.

51. E.H. Louw-dokumente: Knipsel, s.d., s.n.

dinge behandel. Laasgenoemde aspek veral het groot belangstelling uitgelok. Louw het oop kaarte met die Amerikaners gespeel en die getalle-oorwig van die Nie-Blankes as die crux van die saak beskryf. Gelyke politieke, industriële en ekonomiese regte sou syns insiens die ondergang van die Blankes binne vyftig jaar tot gevolg hê; daarteenoor het hy die alternatief gestel:⁵²

"The only solution of the problem is segregation, in separate areas where the non-Europeans will have their own schools, industries and political institutions and where Europeans would have no rights as against the natives."

Aan publisiteit en propaganda, van welke aard ook al, het Louw groot waarde geheg. Die moontlikhede van toerisme het hom kort na sy aankoms in Amerika sterk opgeval, soos blyk uit 'n brief van hom aan minister F.W. Beyers in verband met die voorgename besoek van 350 Amerikaners aan die Unie vroeg in 1926:

"In this country publicity is a very great factor and for that reason I think that advantage should be taken of the visit of these tourists to make South Africa better known over here. The average American is always very keenly interested in the doings of his fellow countrymen elsewhere, even as regards the smallest details which may to us appear ridiculous, and I would therefore, suggest that the Government should specially ask Reuters and other press agencies to keep the American papers fully informed of the movements and doings of the tourists in South Africa."

Sodanige reklame sou syns insiens sy taak in Amerika baie ver-

52. E.H. Louw-dokumente: Knipsel, Public Ledger, 28.3.1926.

gemaklik. En hy wou darem net seker maak dat die Amerikaanse toeriste genooi word om 'n besoek aan die Parlement te bring.⁵³

In een van sy vroegste verslae omtrent sy werksaamhede het hy 'n uiteensetting gegee van wat genoem is "Informasie Propaganda": twee artikels van hom het reeds in handelstydskrifte en 'n derde in die New York Times verskyn, en op al drie stukke was die reaksie goed. Hy meld verder dat hy ook 'n "uitsaai-gesprek" oor Suid-Afrika oor die grootste plaaslike uitsaaidiens gevoer het en dat hy maandeliks bydraes oor sake- en landbouthoestande aan twee plaaslike "krante" lewer.⁵⁴

In die praktyk was Louw se taak in Amerika veel wyer as dié van 'n handelskommissaris en het hy inderdaad as algemene verteenwoordiger van die Unie opgetree.⁵⁵

"My kantoor moes aan Amerikaners inligting verskaf oor allerhande sake, en ons is van tyd tot tyd ook deur die Unie-Regeringsdepartemente gevra om informasie te kry, en om allerhande sake vir hulle te reël. Op 'n baie kleiner skaal was die werksaamhede van die New Yorkse kantoor van dieselfde aard as dié van die Hoë Kommissaris

53. E.H. Louw-vers., band 1: EHL/FWB, 8.1.1926. Vgl. ook Die Burger, 25.12.1926: "Briewe van 'n Koopman", waarin die toeristemoontlikhede van Suid-Afrika vir Amerikaners geskets word. Louw het ook in sy eerste vorderingsverslag klem gelê op die onkunde m.b.t. Suid-Afrika in Amerika en groter reklame bepleit. Kyk Industrial and Commercial South Africa, April 1926, p. 186.

54. Handels- en Nywerheidsblad, vol. 3 no. 3 (Julie 1926), p. 75.

55. E.H. Louw: Die Totstandkoming van die Diplomatieke Diens, p. 2.

se kantoor te Londen. Ook het geblyk dat die werksaamhede hierbo genoem, sou meebring die rig van vertoë aan die Amerikaanse outoriteite, in verband met kwessies soos invoerregte, invoerregulasies, immigrasie, belange van Unie besoekers, en dergelike sake."

Die kwessie van 'n ampsbenaming wat nie met die ampsuitoefening in die praktyk tred gehou het nie, was een van die grootste probleme waarvoor Louw in sy nuwe loopbaan te staan sou kom. Grondliggend hieraan was die ou-ou statusvraagstuk waarmee hy as Nasionalis reeds vroeg in sy politieke loopbaan te doen gekry het. Toe en destyds was dit bloot net teoretiese beredenering en standpuntinname; nou in Amerika sou hy die praktiese implikasies daarvan aan eie lyf ervaar.

Suid-Afrika en die ander dominiumstate se verhouding tot Brittanje en die Britse Ryk was in die jare onmiddellik na afloop van die Eerste Wêreldoorlog een van die brandendste vraagstukke in die Suid-Afrikaanse politiek. Aan die sogenaamde "verhoogde status"-motto van genl. Smuts na die Unie se aparte ondertekening van die vredesverdrag van Versailles en die Volkebond-akte het die Nasionaliste van genl. Hertzog geen erg gehad nie. Hulle wou nie weet hoe hoog Suid-Afrika se status was nie, maar hoe groot sy vryheid. Die antwoord wat hulle self hierop verskaf het, was naamlik dat volkome onafhanklikheid as hoogste status die reg tot afskeiding van die Britse Kroon moes insluit.⁵⁶

56. M.C.E. Van Schoor: Die Stryd om die behoud van die Republikeinse Onafhanklikheid (F.A. van Jaarsveld en G.D. Scholtz (red.): Die Republiek van Suid-Afrika, pp. 160-161).

Ten spyte van goedbedoelde dog versluisde pogings van Smuts om die praktyk van Suid-Afrika se status in lyn te bring met die teorie,⁵⁷ was dit genl. Hertzog wat vir die eerste keer daarin geslaag het om orde uit die chaos van imperiale verhoudinge te skep. Kort na sy bewindsoorname onder die Paktbedeling in 1924 het Hertzog hom naamlik teenoor die destydse staatsekretaris vir Dominiale Aangeleenthede, kol. J.S. Amery, uitgespreek oor die onbevredigende wyse waarop die status van die dominiums in die praktyk uitgeleef en deur vreemde moont-hede geag word.⁵⁸

57. In hierdie verband kan verwys word na korrespondensie van genls. Botha en Smuts met Lloyd George in Mei 1919, oor die Unie se reg om in 'n oorlog neutraal te bly (kyk Hancock: Smuts II, pp. 4-5 en 201); na 'n memorandum, tydens die Vredeskonferensie in 1919 deur Botha en Smuts opgestel en aan Lloyd George oorhandig, betreffende die wenslikheid om 'n Suid-Afrikaner as goewerneur-generaal aan te stel (C.T. te Water-vers., band 14: bylae aangeheg by brief van L.C. Christie, van die Kanadese departement van Buitelandse Sake, aan Te Water, ged. 20.9.1937); en na 'n memorandum wat Smuts in 1921 oor dominiale status opgestel en aan die Rykskonferensie van daardie jaar voorgelê het, dog nie aanvaar is nie. Hierdie memorandum het die basis gevorm vir Hertzog se optrede tydens die Rykskonferensie in 1926 (Hancock: Smuts II, pp. 44-49; J.B.M. Hertzog-versameling, band 48: JBMH/Amery, 26.9.1 26.9.1926).

58. J.B.M. Hertzog-vers., band 48: Amery/JBMH, 19.3.1925. Amery verwys na dié standpunt van Hertzog, soos geopenbaar in 'n brief aan hom ged. 20 Januarie 1925, en 'n vertroulike verslag no. 63.

In Julie 1926, pas drie maande voor die Rykskonferensie, het Hertzog weer met Amery in verbinding getree en daarop aangedring dat die "atmosphere of constitutional fog" opgeklaar en 'n einde aan dié onbevredigende toestand gebring word. Ter motivering meld hy dat ondervindinge die voorafgaande agtien maande 'n duidelike standpuntinname noodsaaklik maak.⁵⁹ Hoewel hy nie verdere besonderhede verskaf het nie, het Hertzog seker ook Eric Louw se probleme in gedagte gehad toe hy hierdie opmerking gemaak het.

Sommer met die intrapslag het Louw te doen gekry met die statuskwessie en wel toe hy deur sy gas-owerhede daarop attent gemaak is dat hy slegs via die Britse ambassade met die Amerikaanse regeringsdepartemente kon skakel. Sy eerste gewaardwordinge, dat dié maar 'n minderwaardige status was, is verder versterk in gesprekke met sy Kanadese en Australiese ampsgenote.⁶⁰ Nie te lank nie of hy het persoonlik te doen gekry met probleme veroorsaak deur die onbevredigende toestand. In antwoord op 'n direkte versoek van hom aan die Amerikaanse ootroriteite het die Britse ambassade hom meegedeel dat hierdie en alle ander toekomstige versoeke van hom via dié ambassade moes geskied. Louw, wat vir minister Beyers op hoogte gehou het van al sy probleme, het weer gerapporteer, waarop minister Beyers om 'n "beredeneerde opinie" van Louw gevra het.⁶¹

59. J.B.M. Hertzog-vers., band 48: JBMH/Amery, 26.7.1926.

60. E.H. Louw: Die Totstandkoming van die Diplomatieke Diens, pp. 3-4. Vgl. ook J.B.M. Hertzog-vers., band 76: J.S. Smit/JBMH, 8.2.1928.

61. E.H. Louw: Die Totstandkoming van die Diplomatieke Diens, pp. 4-5.

Louw het hierop 'n memorandum opgestel en dit aan Beyers sowel as genl. Hertzog gestuur. Hy het ook die Unie se hoëkommissaris in Londen, mnr. J.S. Smit, versoek om die saak met minister Beyers, wat op daardie tydstip in Londen was, op te neem.⁶² Grootliks op aandrang van Louw is besluit dat daar 'n samespreking oor die statusprobleem gehou sou word tydens genl. Hertzog se besoek aan Londen met die oog op die aanstaande Rykskonferensie. Ook die kollega op die Europese vasteland, mnr. Charles Pienaar, is op versoek van Louw na Londen gecoel.⁶³

Dit was teen hierdie tyd glashelder dat die groot probleem die ampsbenaming was. Na indringende bespreking op die byeenkoms in Londen het genl. Hertzog opdrag gegee dat die saak verder met hooggeplaaste Britse amptenare opgeneem word, dog in hierdie samesprekinge kon daar nie juis vordering gemaak word nie. Louw het nl. sterk gestaan op die praktiese uitlewing van die dominiums se onafhanklike status, terwyl die Britse regeringsamptenare weer daarvan weggeskram het. Louw het uitvoerig aan genl. Hertzog verslag gelewer van die samesprekinge en ook sy eie sieninge uiteengesit, met sekere aanbevelinge. Op 'n daaropvolgende wenk van Hertzog het Louw informeel met Amerikaanse amptenare geskakel en kon hy verdere informasie omtrent die verwagte Amerikaanse houding aan Hertzog rapporteer. Op hier-

62. E.H. Louw: Die Totstandkoming van die Diplomatieke Diens, p. 6. Louw noem dat Smit besonder baie belang gestel en hom sterk bygestaan het in sy vertoë aan die Unie-regering.

63. E.H. Louw: Die Totstandkoming van die Diplomatieke Diens, p. 9. Kyk ook South Africa, 19.11.1926, p. 359; Die Burger, 18.10.1926, 1.11.1926 en 11.11.1926.

die stadium het die regering besluit om die hele kwessie van buitelandse verteenwoordiging grondig te ondersoek. Enkele maande later het die departement van Buitelandse Sake formeel sy beslag gekry.⁶⁴

Dit het egter nog 'n tydjie geduur voordat die spesifieke probleme met betrekking tot Louw en sy kollegas se ampsbetiteling uit die weg geruim kon word. As gevolg van al die probleme is aanvanklik besluit om die empte van handelskommissaris in dié van charge d' affairs en konsul-generaal te omskep. Toe hy hierdie besluit vroeg in die 1928-sitting aangekondig het, het genl. Hertzog daarop gewys dat die tekortkominge van die bestaande ampsbenaminge duidelik deur die betrokke amptenare aan hom geskets is, "en na ondersoek voel ek oortuig dat dit die enigste wyse is om hulle in die posisie te plaas om hulle werk na behore te doen."⁶⁵ Genl. Smuts, die leier van die Opposisie, was egter skepties en het dit betwyfel of dit bevorderlik vir handelsbelange sou wees "om diplomatieke status aan blote handelsvertenwoordigers te verleen." Hy het die benaming konsuls verkies.⁶⁶

Na verdere onderhandelinge, waarin veral J.S. Smit 'n rol gespeel het,⁶⁷ is besluit om oor te gaan tot die aanwys van ge-

64. E.H. Louw: Die Totstandkoming van die Diplomatieke Diens, pp. 9 - 14; E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 147 - 153.

65. Debatte van die Volksraad, vol. 11 (1928): kol. 3735-3736.

66. Debatte van die Volksraad, vol. 11 (1928): kol. 3730.

67. J.B.M./Hertzog-vers., band 76 : JSS/JBMH, 8,2,1928 en 25.4.1928.

volmagtigde ministers. Slegs op hierdie wyse sou verseker word dat die Unie se verteenwoordigers op diplomatieke gebied hul volwaardige status inneem. Selfs nie eens besware van die kant van goewerneur-generaal Athlone teen dié stappe kon voorkom dat die regering uitvoering aan hierdie beleid gee nie.⁶⁸ Nou moes daar nog net met die onderskeie lande se regerings onderhandel word oor die aanvaarbaarheid al dan nie van die persone wat deur die Unie in hierdie poste aangestel sou word.

Die kwessie van Louw se status het selfs in politieke kringe in Suid-Afrika weerklank gevind; by sy opponente was dit ter sprake in pogings om hom en/of sy pos in diskrediet te bring, terwyl sy eertydse kollegas in die regeringsparty weer alles in hul vermoë gedoen het om hom teen beskuldigings te verdedig en terselfdertyd sy status te probeer verbeter.

In die 1926-sitting van die Unie-volksraad het mnr. Stuttaford baie bedenkinge geopper oor die nut van die handelskommissarispos in Amerika, en onder andere dié opmerking gemaak: "Dit lyk asof ons 'n soort kantoor van buitelandse sake in Amerika

68. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: Athlone/JEMH, 20.11.1928. Athlone het die saak só gesien: "I am not very much in favour of Ministers as the financial cost will be too much at the present time and, as I have said to you before, men must be trained for the work. I think one should be content to profit by the existing arrangement of making use of the existing Embassies and Legations until the training of recruits is in working order."

oprig."⁶⁹ Toe hierdie aangeleentheid weer in die 1927-sitting onder bespreking gekom het,⁷⁰ het Arthur Barlow met kenmerkende bytende sarkasme 'n direkte aanval op Louw gedoen. "As ons handelskommissaris klaar is met rond te ry met die Ierse Minister,⁷¹ as hy politiek laat staan en meer aan die handel dink", het hy gesê, dan kon hy miskien meer doen om die handel te bevorder. Dit was syns insiens 'n fout om 'n politikus in dié pos aan te stel, in plaas van "n man met die slag van 'n handelsreisiger ... iemand wat iets van besigheid verstaan." Hy het ook die hoop uitgespreek dat hy

69. Debatte van die Volksraad, vol. (1926): kol. 3925 (11 Mei 1926). Stuttaford het veral na Louw se salaris en toelaes, wat vir hom buite verhouding groot was tot dié van die hoëkommissaris in Londen, verwys. Dis insiggewend dat Louw pas ses maande na sy aankoms in Amerika 'n lywige memorandum oor die hoë lewenskoste in Amerika opgestel het, waarin vergelykende syfers met die lewenskoste in Suid-Afrika, Engeland en ander lande opgeneem is. Kyk E.H. Louw-vers., band 87: Special Report - Cost of Living in New York.

70. Die direkte aanleiding vir die besprekinge was 'n Amerikaanse verbod op vrugte uit Suid-Afrika, vanweë beweerde aanwesigheid van insekte in dié vrugtesoorte. Die bespreking is op 11 Mei 1926 deur mnr. C.B. Heatlie, die lid vir Worcester ingelei. Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 11 (1928): kol. 3905. Vir Louw se verdere hantering van die aangeleentheid, kyk E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 143-147.

71. Hy het waarskynlik verwys na mnr. T.A. Smiddy, die Ierse gesant.

die toekomstige aanwys van handelskommissaris die leuse "baantjies vir boeties" nie sal geld nie en bygevoeg dat politici in die reël "taamlik slegte besigheidsmense" is.⁷²

In dieselfde asem het Barlow meer geld vir publisiteit in Amerika gevra en die werk wat in hierdie verband deur die betrokke amptenaar van die Spoorweë, mnr. Oettle, gedoen word, hoog aangeprys. Hy het 'n beroep op die eerste minister gedoen om Oettle as handelskommissaris na Kanada te stuur en in feitlik soveel woorde die ontslag van Eric Louw gevra: "Laat ons die polietisie terugroep en manne van die soort van mnr. Oettle as handelskommissaris stuur."⁷³

Voormalige Nasionale kollegas het tot Louw se verdediging gekom. Reeds in die 1926-sitting het C.R. Swart gewys op die groot vertroue wat handelslui in Louw gestel het en het hy om 'n billike kans vir hom gevra: "Hy is 'n man van groot bekwaamheid wat sy uiterste bes doen."⁷⁴ Teen 1927 was daar vir hom tog tekens van groei in die handelsverkeer tussen die Unie en Amerika, en pleit hy vir die verbetering van Louw se status.⁷⁵

72. Debatte van die Volksraad, vol. 9 (1927): kol. 3916-3917.

73. Debatte van die Volksraad, vol. 9 (1927): kol. 3918. Kyk ook p. 235.

74. Debatte van die Volksraad, vol. 7 (1926): kol. 3929-3931 (11 Mei 1926).

75. Debatte van die Volksraad, vol. 9 (1927): kol. 3919. Swart en Louw het in hierdie tyd skynbaar gereeld met mekaar gekorrespondeer, soos blyk uit 'n dagboekinskrywing deur Louw op 18.8.1927 en die feit dat Swart in die debat 'n uitknipsel uit 'n Amerikaanse koerant ter verdediging van Louw aangehaal het.

Ook dr. A.J. Stals het sterk beswaar gemaak teen wat hy genoem het ongegronde en kwaadwillige aanvalle op Louw. Hoewel hy "n sieraad vir die Raad op politieke gebied" was, is hy in sy pos aangestel op grond daarvan dat hy 'n sakeman was, asook 'n regsgeleerde en "n fyn beskaafde mens". 'n Beter man kon nie vir dié pos gekies gewees het nie, het Stals gesê.⁷⁶

In sy repliek het minister Beyers sy verbasing uitgespreek oor die aanvalle op Louw, want volgens hom het hy "uitstekende" en "pragtige" werk gelewer⁷⁷ - 'n mening wat ook deur die minister van Finansies, Havenga, gedeel is.⁷⁸ Die minister kon nie heeltemal met Barlow se beskuldigings van politiekery teen Louw saamstem nie, al moes hy toegee dat daar moontlik 'n bietjie vooroordeel kon ingesluip het wanneer Louw sy gehore omtrent Suid-Afrikaanse aangeleenthede ingelig het. Gee hom 'n billike kans, was al wat Beyers van die kritici gevra het.⁷⁹

Jagger⁸⁰ en Stuttaford⁸¹ het volgehou dat hulle nie kritiek op die persoon van Louw uitgespreek het nie, maar dat die toestand ongunstig was om handel met Amerika te dryf. Louw se aanwesigheid in Amerika het Stuttaford-insiens geen verskil aan die bestaande handelsbalans gemaak nie.

76. Debatte van die Volksraad, vol. 9 (1927): kol. 3922.

77. Debatte van die Volksraad, vol. 9 (1927): kol. 3957.

78. Debatte van die Volksraad, vol. 9 (1927): kol. 3958.

79. Debatte van die Volksraad, vol. 9 (1927): kol. 3958.

80. Debatte van die Volksraad, vol. 9 (1927): kol. 3966.

81. Debatte van die Volksraad, vol. 9 (1927): kol. 3971.

In die 1928-sitting van die parlement is die pos van handelskommissaris in die V.S.A. weer eens druk bespreek, en wel onder die begrotingsposte Eerste Minister en Buitelandse Sake (op 25 April) en dié van Mynwese en Nywerheid (op 11 Mei).

Genl. Smuts het die bespreking hieroor ingelei en was veral verontrus oor die hoë uitgewas en steeds-stygende onkoste verbonde aan dié pos.⁸² Ook Jagger was baie skepties oor die nut van hierdie amp en was van mening dat dit vanuit handels-oogpunt beter en boonop goedkoper sou wees indien die verteenwoordiger liever in Montreal, Kanada gevestig word.⁸³ Mnr. G.A. Hay, die Arbeider-lid vir Pretoria-Wes, het ook die bedenkinge oor uitbreiding van die handel met Amerika geopper en het 'n pleidooi gelewer dat die toeriste-verkeer uit Amerika eerder gestimuleer word.⁸⁴ Mnr. G. Heaton Nicholls (S.A.P., Zoeloeland) het syfers aangehaal om aan te toon dat Suid-Afrika se uitvoere na Amerika staties bly. Die handelskommissaris in New York, sê hy, "is in staat om Amerikaanse fabrikante inligtings oor moontlike markte vir hul artikels in Suid-Afrika te versterk, maar hy kan nie marke vir ons goedere in die Verenigde State verkry nie ... Ons Handelskommissaris in New York vorm 'n gesellige middelpunt vir

82. Debatte van die Volksraad, vol. 11 (1928): kol. 3730. Smuts het hom ook uitgespreek oor die voorgestelde ampsbenamingswysigings. Vir 'n bespreking hiervan, kyk p. 225.

83. Debatte van die Volksraad, vol. 11 (1928): kol 3737 en 4622-4623.

84. Debatte van die Volksraad, vol. 11 (1928): kol. 3739-3740.

Suid-Afrikaners wat Amerika besoek." Hy het aan die hand gedoen dat die regering veel eerder sy handel met Afrika op 'n beter grondslag plaas.⁸⁵

Die lid vir Pietermaritzburg-Suid, mnr. O'Brien,⁸⁶ wat na Louw verwys as die "baie agtenswaardige jongman" wat almal in die Raad ken, was op sy beurt baie skepties oor die baie voorlesings waarmee Louw sy tyd verwyd. Soos Nicholls, het ook hy die aandag op die swak uitvoere na Amerika gevestig,⁸⁷ terwyl Jagger dit as 'n verdere mening uitgespreek het dat die Amerikaanse beskermingsbeleid dit nutteloos maak om met dié land handel te dryf.⁸⁸

Genl. Hertzog was van mening dat dit, na drie jaar, nog te gou was om te oordeel, dog "daar is ongetwyfeld uitslae". Daar moes ver in die toekoms gekyk word, en daarom behoort die regering 'n houvas op die handel van Afrika te probeer verkry. Hy het sterk tot die verdediging van die handelskommissaris gekom:

"Natuurlik kan ons nie alles sien wat gedoen word nie. Daar is baie dinge wat nooit aan die lig sal kom nie, maar as hulle verwaarloos word, sal hulle op die ou end baie teen ons land tel. Ek dink dat as die Britse of enige ander Regering vra wat hul gesantskap in hierdie of daardie land doen en wat daardeur teweeggebring is,

85. Debatte van die Volksraad, vol. 11 (1928): kol. 3739-3740.

86. Debatte van die Volksraad, vol. 11 (1928): kol. 3743.

87. Debatte van die Volksraad, vol. 11 (1928): kol. 4620.

88. Debatte van die Volksraad, vol. 11 (1928): kol. 3736.

dat hulle hul koppe sal skud en sê dat hulle jou nie kan vertel nie. Alles en alles is dit 'n baie nodige instelling om hierdie mense orals in die wêreld te hê, of hulle handelskommissarisse of gesante is. 'n Mens kan nie regstreekse, tasbare uitslae verwag nie. As gevolg van die invloed wat hierdie mense uitoefen op handels- en ander betrekkinge twyfel ek nie in die minste daaraan dat ons hulle moet hê nie. Ek stem saam daarmee en besef dat agb. lede en die Raad hierdie dinge altyd noukeurig moet volg want ek dink dat dit baie maklik is om slegs figure van hulle te maak net om die sentiment te bevredig; maar tog op 'n sekere hoogte het ons hulle nodig en ons sal hulle moet aanhou. Amerika en Europa is twee plekke waar ons hulle moet hê."⁸⁹

Ook minister Beyers, wat gedurende Augustus-September 1927 'n persoonlike besoek aan Amerika gebring en ook die handelskantoor in New York besoek het,⁹⁰ het weer vir Louw in die bresse getree en hom beroep op die siening van mnr. Percy Stevenson, Amerikaanse handelskommissaris in die Unie, soos uitgespreek in 1925. Stevenson het naemlik destyds, nadat bekend gemaak is dat Louw in Amerika aangestel is, by voorbaat gewaarsku dat syfers en opgawes vanweë die veelsydige bedrywigheide van die bekleër van so 'n pos nie deurslaggewend kan wees nie; hy is eerder 'n handelsbaanbreker en 'n sendeling, en resultate kon dalk vir vyf of tien jaar afwesig wees. Stevenson het dit veral op Louw se pos van toepassing gemaak, vanweë die "ontsaglike hoeveelheid padmaakwerk" wat op hom gewag het. Die regering sien die saak ook sê, het Beyers gesê, en is tevrede dat Louw "uiters goeie werk" doen en dat

89. Debatte van die Volksraad, vol. 11 (1928): kol. 3736.

90. E.H. Louw: Dagboek, Augustus - September 1927. Kyk ook South Africa, 16.9.1927, p. 514 en 23.9.1927, p. 559.

hy in Amerika en nie in Kanada nie, soos sommige kritici dit wou hê, gestasioneer behoort te wees.⁹¹

Ook van die sekretaris van Landbou het Louw komplimente en gelukwense ontvang,⁹² terwyl die voorsitter van die Raad van Handel en Nywerheid hom groot lof toegeswaai het vir sy deeglike werk.⁹³

Vir Louw moes die houding van sy eertydse kollegas maar veral dié van sy minister en die amptenare wat ten nouste met sy doen en late gemoeid was, 'n riem onder die hart gewees het. Inderdaad het hy homself nie gespaar nie, maar feitlik geen steen onaangeroer gelaat nie in die proses om sy land se produkte asook sy land self en sy mense te adverteer en bekend te stel. Dikwels is tot laat-aand en selfs oor naweke gewerk, terwyl dringende werk saans by die huis afgehandel is. Daarby het nog gekom al die sosiale funksies en verpligtinge wat so 'n groot deel van 'n diplomaat se lewe beslaan.⁹⁴

Louw, trou aan sy eie-aard, het hom nie onbetuig gelaat oor die kritiek op sy doen en late en op die meriete van sy pos

91. Debatte van die Volksraad, vol. 9 (1927): kol. 4621 en 4625.

92. E.H. Louw-vers., band 1: Sekr./EHL, 19.4.1928.

93. E.H. Louw-vers., band 1: Voórs./EHL, 12.4.1928. Dié amptenaar was dr. A.J. Bruwer.

94. Dagboeke wat die Louws in 1927 en 1928 gehou het, dui oorvloediglik op dié lewenswyse. Kyk ook E.H. Louw: Die Totstandkoming van die Diplomatieke Diens, p. 2.

vanuit Suid-Afrika nie. Uit sy dagboek blyk dit dat hy intens teleurgesteld was in die aftakelingskritiek van 'n man soos Arthur Barlow.⁹⁵ In 'n brief aan N.J. van der Merwe het hy sy vraagstukke met betrekking tot die handel uiteengesit en o.a. daarop gewys dat sy grootste probleem vanuit Suid-Afrika kom. Oor "Stuttaford c.s.", wat verwag het dat hy 'n verbeterde handelsbalans binne 'n jaar of twee moes aantoon, was hy skerp krities en het hy hulle beskuldig van onkunde aangaande die ekonomiese omstandighede wat handelsyfers beïnvloed. Hy het die saak só saamgevat:

"Daar is natuurlik 'n georganiseerde politieke verset teen my hier - dit het duidelik uitgekom verlede jaar toen my pos bespreek is. Ek het ook uit betroubare bron informasie gehad dat die Sap kouskus besluit het om my aan te val. Daar is ook sekere ander invloede (van persoonlike en politieke aard) wat teen my werk in gebruik word. Daar is maar baie moeilikhede."⁹⁶

Die feit dat daar vroeg in 1927 klagtes was van Engelssprekendes van sy kantoor, omdat hulle dan nie daar tuis kon voel nie, was waarskynlik een van hierdie probleme waarna Louw verwys het. Op navraag het dit geblyk dat die oorsaak van die ontevredenheid geleë was in die speel van die ou Transvaalse volkslied, Kent Gij dat Volk, tydens die Uniedagverrigtinge die vorige jaar. Louw het dié houding as "Jingo-nougesetheid" bestempel en die beswaarde onder vier oë gespreek, met waar-

95. E.H. Louw: Dagboek, 9.6.1927.

96. N.J. van der Merwe-vers., band 2: EHL/NJvdm, 29.1.1928.

neembare goeie gevolge.⁹⁷

Meer onverkwiklik van aard was egter die gespanne verhoudings tussen Louw en Oettle, hoof van die publisiteitsburo van die Suid-Afrikaanse Spoorweë in Amerika. Dit wil voorkom asof 'n besoek van Oettle aan Suid-Afrika vroeg in 1927 heelwat met die onmin tussen die twee amptenare wat van dieselfde kantoor-geriewe gebruik gemaak het, te doen gehad het.⁹⁸ Arthur Barlow se aanval op Louw in die parlement het gepaard gegaan met 'n uitermate aanprysing van die bekwaamhede en karakter van Oettle: "Mnr. Oettle is die dryfveer van die hele beweging (bedoelende die publisiteit in Amerika). Hy is Suid-Afrikaner en 'n beste man, een van die beste wat ons ooit voortgebring het ...", ens.⁹⁹ Wat egter die wenkbroue laat lig, is die byna ongevraagde apologetiese woorde wat Barlow hierop laat volg het, toe hy die eerste minister versoek het om vir Oettle as handelskommissaris na Kanada te stuur: "Ek kan sê dat mnr. Oettle my natuurlik nie gevra het om dit te doen nie; ek ken hom amper nie."

Ook Barlow se sarkastiese verwysing na Louw se sogenaamde rondryery saam met die Ierse ambassadeur en sy politieke op-

97. E.H. Louw: Dagboek, 3.1.1927 en Die Burger, 30.6.1926. Dié persoon was mnr. W. MacPhail, 'n Pretorianer in diens van die American Express Co., 'n toeristemaatskappy wat skynbaar ook in dieselfde kantoor-kompleks as Louw gewerk het. Kyk Die Burger, 21.10.1926: "Afrikaner-nuus uit Amerika".

98. By sy vertrek het Louw Oettle se pligte oorgeneem. Kyk E.H. Louw: Dagboek, 7.2.1927.

99. Debatte van die Volksraad, vol. 9 (1927): kol. 3917.

trede, wek die indruk dat dit deur iemand na aan Louw geïnspireer moes gewees het. Hierdie siening word versterk deur die feit dat Louw pas enkele dae nadat hy van Barlow se kritiek verneem het, 'n kabelgram in verband met Oettle se posisie aan die regering gestuur het: "My geduld raak nou op - en ek dring aan op sentrale kontrole in my kantoor", het hy in sy dagboek aangeteken.¹⁰⁰

Barlow se kritiek dui ook die moontlikheid aan van onenigheid oor afbakening van terreine, 'n moontlikheid wat versterk word deur Louw se aandrang op "sentrale kontrole" in sy kantoor. Louw het naamlik sterk meninge daarop nagehou oor die kwessie van publisiteit en reklame as noodsaaklike hulpmiddel om sy taak te volvoer en het dit o.a. as sy taak beskou om ook korrekte inligting aangaande Suid-Afrika in die algemeen te verskaf. As publisiteitsbeampte om veral toerisme na Suid-Afrika te bevorder, het Oettle hom ook daarop toegelê om deur middel van advertensies, geïllustreerde artikels en veral openbare toesprake voor sake-ondernemings en ander organisasies die beeld van Suid-Afrika te bevorder.¹⁰¹ Was Barlow se "teregwysing", dat Louw hom by die handel moes bepaal, nie dalk deur Oettle geïnspireer nie?

In 'n uiteensetting van sy werksaamhede in 'n onderhoud met die Londense blad "South Africa" het Oettle 'n stekie teen Louw ingekry. Hoewel Louw reeds vroeg in Januarie die genoemde

100. E.H. Louw: Dagboek, 15.6.1927.

101. Die Burger, 30.6.1926; Die Burger, 1.11.1926: hoofartikel; Die Burger, 25.12.1926: "Briewe van 'n Koopman"; South Africa, 8.7.1927.

blad, vanweë "venynige wanvoorstellings omtrent Suid-Afrika en die huidige Regering" daarin vervat¹⁰² uit sy kantoor se leeskamer geweer het, het Oettle die betrokke blad hoog aangeprys: "It is the first paper Mr. Louw and I grab from the mail, and I should like to see it on the library tables of many American Chambers of Commerce."¹⁰³ Nie alleen hou hierdie verklaring 'n indirekte repudiëring van Louw in nie, maar dui ook op 'n moontlike verskil in politieke uitkyk tussen Oettle en Louw; indien dit wel die geval was, en indien Barlow se aanval in die volksraad deur Oettle geïnspireer was kan laasgenoemde se eksepsie teen Louw se uitvoerige uiteensetting van Suid-Afrikaanse toestande goed begryp word.

Toe Louw kort hierna moes verneem dat Oettle besig was om "stories" omtrent hom in diplomatieke kringe te versprei,¹⁰⁴ is dinge tot 'n spits gedryf en het hy vir Oettle trompop geloop.¹⁰⁵ Kort hierna, in Augustus 1927, het minister Beyers 'n besoek aan New York gebring en het hy aandag aan die geskil tussen die twee Suid-Afrikaanse amptenare gegee.¹⁰⁶ In Januarie 1928 het Louw, saam met die goeie nuus van die verhoging van sy pos, verneem dat Oettle voortaan direk onder

102. E.H. Louw: Dagboek, 4.1.1927. Louw se onderstreping.

103. South Africa, 8.7.1927. Dié blad was taemlik anti-Nasionaal.

104. Louw is deur sy Kanadese ampsgenoot, mnr. Hudd, hieromtrent ingelig. Kyk Dagboek, 22.7.1927.

105. E.H. Louw: Dagboek, 22 en 26.7.1927.

106. E.H. Louw: Dagboek, 6 en 7.9.1927.

sy gesag sou ressorteer.¹⁰⁷ Daarmee is dié moeilikheid skynbaar uit die weg geruim.

By verskeie ander geleenthede moes Louw homself teen perskritiek verdedig. By geleentheid het 'n Amerikaner, op besoek in Suid-Afrika, kritiek uitgespreek op die ligging van die Unie-kantoor in New York. Louw het die spesiale verteenwoordiger van Die Burger na sy kantoorvenster geneem en aan hom die strategiese ligging getoon: regoor die doeanekantoor, naby die Nasionale en die Standard Bank van Suid-Afrika, vlakby die hoofkantore van die groot skeepvaartmaatskappye, die kantore van die buitelandse konsuls en handelskommissarisse, die groot Amerikaanse banke en 'n groot verskeidenheid handelsfirmas. Die verspreider van dié storie is "of onnosel of gek", het Louw die saak afgemaak.¹⁰⁸

Sy uitlatinge oor die nalatigheid van Suid-Afrikaanse uitvoerders het ook baie diskussie tot gevolg gehad. Die Kaapse verteenwoordiger van die Londense blad South Africa het dit as bewys beskou dat die regering die kar voor die perd gespan het; daar moes vooraf toegesien gewees het dat Suid-Afrika in staat kon wees om in die aanvraag te voorsien. Daar is ook aangevoer dat Louw te haastig was en dat die vrugte-industrieë nog nie voldoende ontwikkel was nie.¹⁰⁹ Toe Louw in sy ge-

107. E.H. Louw: Dagboek, 11.1.1928.

108. Die Burger, 19.8.1926.

109. South Africa, 24.9.1926, p. 552. Louw se eerste opmerkinge hieroor het in die Junie-uitgawe van Handels- en Nywerheidsblad (vol. 2 no. 2, p. 53) verskyn.

reelde verslag in die amptelike handelsblad by herhaling die aandag op die gebrekkige handelsmetodes en -beginsels van Suid-Afrikaanse uitvoerders vestig en boonop verklaar dat hy weier om name van uitvoerders aan Amerikaanse invoerders te verskaf indien hy nie oor betroubare en bevredigende inligting aangaande die uitvoerders beskik nie,¹¹⁰ het die handelsredakteur van The Star hom voor stok gekry. Louw se "burokratiese beleid van diskriminasie" en sy "doktrinêre en dogmatiese" kritiek op handelstoestande in Suid-Afrika is afgekeur en bestempel as oorskreiding van die funksies van 'n handelskommissaris, terwyl hy gewaarsku is dat hy gevaarlike terrein betree wanneer hy tussen firmas wil diskrimineer.¹¹¹

Louw het in 'n sterkbewoorde brief gereageer, die insinuasies wat die joernalis gemaak het, verwerp en gesê dat die eise wat hy stel, grondliggend aan enige sake-onderneming is. Daarbenewens verwag die Amerikaanse handelaars van hom dat hy sodanige besonderhede aan hulle sal verskaf. Ten slotte het hy die waarskuwing van die joernalis, dat hy deur sy optrede nie die vertroue van die handelsgemeenskap sou wen nie, in die wind geslaan: "I am quite prepared to leave the issue in the hands of right-minded and unprejudiced business men in the Union."¹¹² 'n Rukkie later het 'n rubriekskrywer van

110. Handels- en Nywerheidsblad, vol. 2 no. 9 (11 Maart 1927), p. 52.

111. South Africa, 6.5.1927. Skrywer se vertaling van aangehaalde uitdrukkinge.

112. South Africa, 3.6.1927, p. 477.

Die Burger ondersoek ingestel na die klagtes van Louw, wat toevallig ook 'n probleem van die handelskommissaris op die Vasteland, mnr. Pienaar, was. Die bevinding was dat dié klagtes "jammer genoeg, maar alte juis" was.¹¹³

Spoedig na hul aankoms in New York het Louw begin beseef hoe baie Suid-Afrikaners in en om New York saamgetrek was. Dit het hom geïnspireer om hulle op Uniedag 1926 gesellig byeen te bring, 'n gebruik wat sedertdien 'n jaarlikse instelling geword het en waarby ook "Dingaansdag" spoedig betrek is.¹¹⁴ Pas met die eerste Uniedag-viering het Louw egter in die oë van die kritiese Engelse pers "oortree". Hy het naamlik in 'n toespraak verwys na verdraaide beriggewing oor die Unie se kleurbeleid en ook sy misnoeë uitgespreek oor die verskynsel dat so baie opgeleide Suid-Afrikaners ten opsigte van beroepsuitoefening in hul eie land misken word. Volgens hom word daar te dikwels aan vreemdelinge en nie-Suid-Afrikaners voorkeur gegee.¹¹⁵

113. Die Burger, 8.7.1926: "Briewe van 'n Koopman".

114. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 117. Kyk ook E.H. Louw: Dagboek, 31.5.1927, 16.12.1927 en 31.5.1928. Kyk ook Die Burger, 12.6.1927, vir 'n berig oor byeenkoms van sestien jong Suid-Afrikaners wat op 25 Mei in Detroit bymekaar gekom het en deur Louw toegesprek is. Die term "Dingaansdag" is destyds nog vryelik gebruik ten opsigte van die latere Geloftedag, 16 Desember.

115. Die Burger, 3.6.1926; The Star, 3.6.1926; Cape Times, 3.6.1926. Op 30 Junie 1926 het 'n volledige berig oor dié byeenkoms in Die Burger verskyn, met name van die Suid-Afrikaners wat teenwoordig was.

Koerante van die Argus-groep het eksepsie geneem teen Louw se uitlatinge en daarop gewys dat om sake in 'n ander lig as Louw en die regering te beskou, nie noodwendig 'n verdraaiing van feite hoef te beteken nie. Die koerante het ook 'n lamsie gebreek vir daardie persone wat van elders gekom het en 'n hydrae tot die ontwikkeling van die land gedoen het. Hoe kon hulle dan nou sommer-so uit die land geskop word?¹¹⁶

Soos die kontras tussen Beaufort-Wes en New York, so ingrypend het die hele lewenspatroon van die Louws verander.¹¹⁷ Hul woonkwartiere¹¹⁸ was 'n gewilde samekomsplek waar Suid-Afrikaners in New York mekaar se geselskap ywerig opgesoek het. Oor naweke is oor en weer maar veral by die Louws gekuier, pieknieks gehou en uitstappies onderneem. Daar is verder gereeld met mekaar "ge-lunch" of "ge-supper", teaters besoek of konserte, kuns-uitstallings en vertonings van kunstenaars by-

116. Cape Times, 3.6.1926: hoofartikel ("Mr. Louw's Cheap Sneers"); The Star, 3.6.1926: hoofartikel ("The Indiscretions of Mr. Louw"). The Star se hoofartikel is oorgedruk in South Africa, 9.7.1926, p. 51.

117. Die besonderhede omtrent die Louws se lewenswyse in New York is, tensy waar anders vermeld, uit die dagboek van Eric en mev. Louw verkry. In sy opgetekende herinneringe, die manuskrip getiteld Ek Kyk Terug, word daar ook een en ander vertel oor die lewe in New York.

118. Onder die talle besoekers wat in die jare 1927-1928 by die Louws aangedoen het, tel persone soos dr. en mev. H.F. Verwoerd, mnr. Izak le Grange, mnr. D. de Villiers (Vrystaatse L.U.K. en oud-studentemaat), regter F.E.T. Krause, prof. Edgar Brookes en volksraadslede E.G. Jansen, Joel Krige, Pen Wessels, W.R. Collins en Tom Naude.

gewoon. Die Louws veral was baie lief vir sang- en musiek-uitvoerings en mev. Louw self het by meer private geleenthede viooluitvoerings gelewer. Dit, asook die wyse waarop sy vrou onthaal het en haar elegante voorkoms op resepsies het vir Eric Louw geweldig baie beteken. Inderdaad was die band tussen hulle baie heg en het hulle mekaar baie goed aangevul in die opwindende dag veeleisende semi-diplomatiese beroep.

Ook besoekers uit Suid-Afrika het gereeld hul opwagting by die Louws gemaak en is deur hulle onthaal, op besigtigings-toere geneem en gehelp om hulle weg in die vreemde te vind.¹¹⁹ Hierbenewens het die ontvangs van pos uit Suid-Afrika, briewe skryf en die lees van Suid-Afrikaanse koerante 'n vaste deel van die lewenspatroon in New York uitgemaak. Daar is altyd met groot verwagting uitgesien na pos uit Suid-Afrika: van Anna se ouers, Eric se weduwee-moeder, van vriende op Beaufort-Wes en van oud-kollegas van Eric in die politiek. Groot kommer het geheers wanneer tyding van langdurige droogtes in die ou Karoo ontvang is - en dit terwyl hulle daar in New York feitlik dag na dag gietende reëns ondervind het en die binnelande met die talle riviere en mere lowergroen vertoon het.¹²⁰

119. Aanvanklik het hulle in 'n woonstel te Riverside Road 780 gewoon, maar in die loop van 1926 het hulle na die St. George hotel en ten middel-Maart 1927 na die Ansonia hotel verhuis.

120. E.H. Louw: Dagboek, 4 en 24.5.1927.

Oor politieke verwickelinge in verre Suid-Afrika is daar gereeld kopstukke gesels. In die loop van 1927 was dit veral die vlagkwessie en die moontlikheid van nouer samewerking tussen politieke opponente wat hul aandag gevange gehou het, soos onder andere blyk uit die Louws se dagboek. Op 5 Januarie 1927 lui dit byvoorbeeld:¹²¹

"Ons gesels oor die politieke toestand in Suid-Afrika. Ons voel altwee bang vir te veel konsiliasie. Ons het groot vertroue in Hertzog - maar ons vrees ander invloede. Ons spreek weer oor die vlag - en oor die gerug dat die "Royal Standard" daarin sal opgeneem word. Ons is albei sterk daarteen - die Kroon is die meeste wat ons bereid is om toe te gee. Ons hoop op 'n bevredigende oplossing."

En op Saterdag 19 Februarie:¹²²

"Ons lees die hele namiddag Suid-Afrikaanse koerante. Ons sien uit na aanstaande week se nuusblaai wat parlementsnuus sal bevat. Ons voel baie angstig oor hierdie sessie. Ongelukkig skyn dit of ons Party ook maar taamlik verdeeld is - die Transvalers trek nie mooi saam nie. Ons sal moet pasop vir verslapping - en vir 'n skyn hereniging."

Twee dae later lees Louw in die Kanadese nuusblaai van die swak vertoning van die Arbeiders-party in die Provinsiale verkiesings:¹²³ "Dit blyk maar sleg vir die "Pact" - en ek vrees die vlag wet is ook nou na die maan! Ons moes ons los gehou het van die verbrande Arbeiders."

121. E.H. Louw: Dagboek, 5.1.1927.

122. E.H. Louw: Dagboek, 19.2.1927.

123. E.H. Louw: Dagboek, 21.2.1927.

Met die herdenking van Washington se verjaardag, op 22 Februarie, besigtig hulle die militêre parade en val dit op hoe baie "Stars en Stripes" daar wapper:¹²⁴

"Die Amerikaners is baie lief vir hul vlag - en is m.i. geneig tot vlagswaaiery. Hier beseef 'n mens die waarde van 'n eie vlag as 'n faktor in die opbou van 'n gesonde nasionalisme - waar kry jy 'n sterker nasionale gevoel dan in hierdie land van vele rasse?"

Ten die middel van Mei 1927 lees hulle in die Suid-Afrikaanse koerante "dat die 'Flag Committee' feitelik erken het dat 'n vlag sonder die Union Jack aanneemlik sou wees. "As die Regering nie nou die saak deurdruk nie, dan is hulle uiters swak," was Louw se gevoelens oor die saak.¹²⁵ Maar op 15 Junie kom daar weer 'n verwysing voor na "Smuts se huigelagtige toespraak".¹²⁶

En toe, op 'n "benoude, warm en drukkende dag" in New York word die "treurige nuus" ontvang dat die afgewaterde Vlagwetsontwerp van dr. Malan in die volksraad deurgeloods

124. E.H. Louw: Dagboek, 22.2.1927. Kyk ook Die Burger, 19.19.1926. Die "Amerikaanse korrespondent" vertel hoe die Afrikaners in Amerika oor die kwessie van 'n eie vlag en 'n eie status voel. Die taal en styl van die berig dui sterk daarop dat Louw of self die korrespondent was of die berig geïnspireer het. Navrae by Die Burger kon nie aan die lig bring wie die korrespondent was nie hoewel die vermoede bestaan dat hierdie briewe wat van Louw en ook Eugene van Wyk, 'n ander Suid-Afrikaner wat hom in New York bevind het, gebaseer was.

125. E.H. Louw: Dagboek, 13.5.1927.

126. E.H. Louw: Dagboek, 15.6.1927.

is.¹²⁷ Malan, wat dié wetsonwerp ingedien het, het 'n verbete stryd gevoer, dog die houding van die Arbeiderbondgenote en ook Tielman Roos se opportunisme het die verweseningliking van die "skoon vlag"-ideaal, wat ook die ideaal van Eric Louw daár in die vreemde was, vooras nog op die lange baan geskuif.¹²⁸ Eric se oordeel oor hierdie verwikkeling was skerp en krities: "Die Sappe het ons geklop - dit help nou nie om doekies daarom te draai nie. Ons Regering het hom uiters swak betoon - en ek is diep diep teleurgestel!"¹²⁹

Die vlagkwessie was nog 'n rukkie hangende in afwagting van die gesamentlike sitting van die volksraad en senaat in November 1927,¹³⁰ en sou nog periodiek deur Louw, vriend Kalie van der Merwe en ander Afrikaners in Amerika bespreek word.¹³¹ Einde Oktober 1927 gons dit soos die vriende met verontwaardiging die jongste verwikkeling in die vlagstryd op 'n gesellige byeenkoms by die Van der Merwes aan huis bespreek, naamlik dat daar direkte onderhandelinge tussen genl. Hertzog en genl. Smuts oor die saak gevoer word. Mev. Louw, wat by tye die inskrywings in die Louw-dagboek gemaak het, skryf só

127. E.H. Louw: Dagboek, 23.6.1927.

128. Vir 'n uiteensetting van die vlagstryd, kyk D.F. Malan: Afrikanervolkseenheid en My Ervarings op die Pad Daarheen, pp. 102-145.

129 E.H. Louw: Dagboek, 23.6.1927.

130. Hoewel die wetsonwerp in die volksraad aanvaar is, is dit deur die senaat verwerp. Dit is toe na 'n gesamentlike sitting verwys. Kyk D.F. Malan: Afrikanervolkseenheid, p. 128 en Hancock: Smuts II, pp. 204-205.

131. E.H. Louw: Dagboek, 9.7.1927, 13 en 19.10.1927.

daarvan:¹³²

"Ons gesels omtrent die hele aand van die vlag, want die nuus het vandag deurgekom van die nuwe reeling. Ons is almal bitter teleurgesteld dat die Nasionale Regering alweer ingeggee het."

Louw het sy bedenkinge oor die finale vlagreëling aan dr. N.J. van der Merwe te kenne gegee¹³³ en die standpunt gehuldig dat die sg. "Senaatsvlag"¹³⁴ bloot net 'n rookskerm was. Sy besware teen die aanvaarde vlagwet was dat die Union Jack eerste genoem word en dus wetlik voorrang kry, dat die Union Jack voor buitelandse kantore moet waai, "waardeur die hele effek van die Imp. Konferensie besluite verydel word", en derdens die opening aan toekomstige regerings om die Union Jack in elke dorp te laat waai, indien hulle so wou doen. Hy het ook aan Van der Merwe vertel van die reaksie wat die Unievlag op 'n groot eetmaal van die Canadian Society van een van die gaste ontlok het. Die saal was versier met die vlae van al die dominiums, ook dié van Suid-Afrika, wat spesiaal laat maak is:

"Langs my aan die tafel sit 'n man wat toen die volgende aanmerking omtrent ons sg. nasionale vlag maak: 'What

132. E.H. Louw: Dagboek, 26.10.1927.

133. N.J. van der Merwe-vers., band 2: EHL/NJvdm, 29.1.1928.

134. Dit was 'n ontwerp wat deur Smuts voorgestel en later deur die V.P.-beheerde senaat goedgekeur is en het bestaan uit 'n kombinasie van die Union Jack en die twee voormalige republieke se vlae, met vier sterre op die doek versprei. Dr. Malan beskryf dit as "n vlag veelkleuriger nog as Josef se rok - 'n ware afgrysliekheid..." Kyk Malan : Afrikanervolkseenheid, pp. 123-124; Vgl. o. Die Burger, 28.6.1927.

is that b....y awful-looking flag over there?' Dit was die 'debuut' van ons vlag in die Verenigde State van Amerika!"

Ten spyte van sy skeptisisme oor die voorkoms van die Unie-vlag, was dit tog met 'n mate van trots dat Eric Louw op 31 Maart 1928, twee maande voor die amptelike ingebruikname daarvan in Suid-Afrika, hierdie vlag vir die eerste keer in die geskiedenis formeel sien wapper het. Dit was naamlik tydens 'n internasionale konferensie in Havana, Kuba. Om te verhoed dat Suid-Afrika dalk onder die Union Jack sou moes vaar, het hy op eie koste en gebaseer op afbeeldinge van die goedgekeurde vlagontwerp, 'n vlag laat maak en dit saamgeneem na die konferensie, waar dit tussen die vlae van die ander lande wat die konferensie bygewoon het, gewapper het.¹³⁵

Destyds, en by latere geleenthede, was Louw baie trots op hierdie gebeurtenis. In sy dagboek, bygehou tydens die vermelde konferensie, verwys hy ook na die Nasionale Vlag wat "pronk", met dié insiggewende opmerking daarby: "Jammer dat die vlag so lelik is - en dat die Union Jack daarin is."¹³⁶

135. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 153-156. Kyk ook E.H. Louw-dokumente: brief EHL/Geagte Vriend (waarskynlik B. van Rensburg, van Die Volksblad - PFvds), 20.5.1966, bevattende beskrywing van dié gebeure. 'n Weergawe van dié verhaal het in 1966 in Die Volksblad verskyn (presiese datum nie beskikbaar nie), terwyl 'n weergawe daarvan ook in Tydskrif-Beeld, 27.9.1970 gepubliseer is. Drie fotos ("kiekies") wat deur Louw self geneem is, het dié historiese gebeurtenis in beeld vasgelê. Ongelukkig het Louw - tot sy latere spyt - nage-laat om die vlag ná die konferensie op te eis.

136. E.H. Louw-Dagboek, 31.3.1928.

137 Naas die vlagkwessie, was dit veral 'n toenemende neiging tot toenadering tussen ondersteuners van die Nasionale en die Verenigde Party wat angsvallig deur Louw vanuit Amerika dopgehou is. In verskeie kringe het die gedagte na vore gekom om nuwer samewerking te bewerkstellig, veral nadat die konstitusionele mistigheid grootliks deur die Balfour-verklaring opgeklaar is.¹³⁷ Tot sy groot verligting het dr. N.J. van der Merwe hom vroeg in Januarie 1928 gerus gestel wat betref die gerugte van 'n nuwe, sentrale party. Hierop het Louw sy standpunt kort en kragtig gestel: "n Party wat baseer is op 'n konsiliërende prysgewing van beginsels kan ons Afrikaner volk tot geen nut wees nie. Die 'give and take' politiek het nog maar altyd beteken dat ons moet 'gee' en die opposisie 'neem'."¹³⁸

Die gedagte aan eventuele terugkeer na die Unie was maar altyd sluimerend. Op Nuwejaarsdag 1927 was dit weer, soos gewoonlik, die groepie Suid-Afrikaanse vriende wat saam die tyd verwyd het met 'n eetmaal in die Palais d'Or en daarna

137. Gys Hofmeyr, voormalige administrateur van Suidwes-Afrika, sowel as J.H. Hofmeyr, administrateur van Transvaal, was in hierdie verband baie sterk op die voorgrond. Kyk Hancock: Smuts II, pp. 239-241. Ook Tielman Roos se naam is dikwels genoem in verband met die moontlike realliansie van partye. Kyk South Africa, 10.12.1926 en 11.11.1927. Dr. Malan is aanvanklik hierby betrek, dog hy het hom later skerp daarteen uitgespreek. Kyk South Africa, 9.9.1927 en 25.11.1927.

138. N.J. v.d. Merwe-vers., band 2: EHL/NLvdM, 29.1.1928.

n besoek aan die Flovi Sirkus, waar hulle op n egte Boesman uit Suid-Afrika afgekom het;¹³⁹

"Hy is baie bly om ons te sien - en ons is net so bly om n egte 'Afrikander' te sien. Hy noem my 'baas' - dit klink mooi om dit weer te hoor. Ons is getref deur die feit dat hy ons met veel meer eerbied behandel dan wat hy aan die Amerikaners betoon."

Toe hulle boonop in Maart 1927 n sanguitvoering van die beroende sangeres Galli-Curci bywoon en sy "Home Sweet Home" met gevoel sing, was hulle alteveel bewus van die groot afstand wat hulle van hulle land en mense geskei het.¹⁴⁰ Gedurende siektes in die huis en probleme met die skoolopleiding van die kinders het nie juis die situasie verbeter nie. Terwyl Anna planne beraam het vir groot kuiers by die vriende en familie, het Eric haar weer aangemoedig om te leer tik ingeval sy dalk moes "uithelp" terwyl hy nog n nuwe heenkome in Suid-Afrika soek.¹⁴¹

Aan die einde van Februarie 1928 het Louw n brief van genl. Hertzog ontvang, waarin hy versoek is om na verstryking van sy ampstermyn van drie jaar in Oktober 1928, langer in sy pos aan te bly.¹⁴² Dié versoek is ernstig deur hom oorweeg en met sy vrou bespreek.¹⁴³ Die feit dat hy van gevoele was dat die fondamente van die Unie se verteenwoordiging in

139. E.H. Louw: Dagboek, 1.1.1927.

140. E.H. Louw: Dagboek, 6.3.1927.

141. E.H. Louw: Dagboek, 17 en 20.2.1927.

142. E.H. Louw: Dagboek, 29.2.1928; E.H. Louw-vers., band 81: JBMH/EHL, 2.2.1928.

143. E.H. Louw: Dagboek, 1.3.1928. Kyk ook E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 29.2.1928.

Amerika maar pas gelê was en dat hy graag daarop sou wou voortbou, het uiteindelik die deurslag gegee. Na twee weke het hy dus instemmend geantwoord, maar die voorwaarde gestel dat die kwessie van sy status opgelos word en hy verlof sou kry om met vakansie na Suid-Afrika te gaan.¹⁴⁴ Teen die helfte van April het hy verneem dat die regering sy voorwaardes aanvaar het.¹⁴⁵ Van toe af is daar met groot opgewondenheid uitgesien na die voorgename besoek aan Suid-Afrika.¹⁴⁶

Teen middel-Oktober het hulle vanuit New York na Londen vertrek en na 'n kort besoek aan dié stad, die reis na Kaapstad met die Windsor Castle voortgesit. Die hoofdoel van hierdie besoek aan die Unie was om vakansie te gaan hou en te rus. In 'n onderhoud voor die skip se vertrek uit Londen het Louw gemeld dat hy weer vroeg in die nuwe jaar aandag aan die kwessie van die handel met Amerika sou gee en samesprekinge met die regering en uitvoerders sou voer.¹⁴⁷

Sake sou egter anders verloop as wat hy hom op daardie stadium voorgestel het.

144. E.H. Louw: Dagboek, 14.3.1928. Kyk ook E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 168-169. In sy herinneringe het Louw foutief opgeteken dat hierdie oorweging eers geskied het toe hulle al met verlof terug in Suid-Afrika was.

145. E.H. Louw: Dagboek, 14.4.1928.

146. E.H. Louw: Dagboek, 30.4.1928. Heelwat latere inskrywings getuig ook hiervan.

147. South Africa, 26.10.1928, p. 140.

TUSSENSPEL IN LONDEN, 1929

Vroeg in 1928 was daar gerugte dat die Unie se hoëkommissaris in Londen, mnr. J.S. Smit en die Transvaalse administrateur, mnr. J.H. Hofmeyr, ampte sou omruil.¹ Einde Oktober het die gerug van Smit se uittrede weer die ronde gedoen dog Hofmeyr het nie belang gestel nie.² Smit het nog onkunde geveins,³ dog 'n week later het die aankondiging gekom dat hy wel as die nuwe administrateur van Transvaal aangestel is.⁴ In die hieropvolgende bespiegelings oor die nuwe hoëkommissaris is die name genoem van mnr. B.J. Pienaar, L.V. vir Wonderboom, en Eric Louw, wat op daardie tydstip nog ter see op weg na Suid-Afrika was. Sodra hy arriveer, sou die saak skynbaar met hom bespreek word.⁵

-
1. Cape Times, 9.1.1928. So 'n voorstel is inderdaad later in 1928 deur Hertzog aan Hofmeyr gemaak, as alternatief tot die behoud van Hofmeyr se administrateurskap. Hofmeyr het egter nie belang gestel nie. Kyk A. Paton: Hofmeyr, p. 150. Vgl. ook 'n verklaring van Smit, dat Hertzog hom reeds in Mei 1928 oor 'n moontlike verandering gepols het. Kyk Cape Times, 5.11.1928.
 2. Cape Times, 26.10.1938.
 3. Cape Times, 26.10.1938.
 4. Cape Times, 3.11.1928. Op 30 Oktober is aangekondig dat Hofmeyr 'n tweede termyn as administrateur van die hand gewys het. Kyk Paton: Hofmeyr, p. 152.
 5. Cape Times, 3.11.1928. Die berig verwys daarna dat Louw 'n groot sukses van die kantoor in Amerika gemaak het.

Aan die einde van November het Louw hom in Pretoria bevind⁶ en enkele dae later is aangekondig dat hy tydelik as hoë-kommissaris in Londen sou waarneem, tot tyd en wyl 'n opvolger vir Smit aangewys kon word.⁷ Dit was duidelik net 'n tydelike maatregel en ook as sodanig openbaar gemaak,⁸ heel waarskynlik op aandrang van Louw self. Daar was op hierdie tydstip by hom geen twyfel daardoor nie dat hy sy werk in Amerika sou gaan voortsit en wel onder 'n nuwe, beter bedeling. Die opgradering van sy pos was feitlik 'n voldonge feit en daar is bloot net gewag op amptelike erkenning daarvan deur die Amerikaanse owerhede.⁹ Intussen is 'n kontrak vir 'n voortgesette diens-termyn van twee jaar as handelskommissaris gefinaliseer en op

6. Cape Times, 29.11.1928.

7. Cape Times, 5.12.1928. Kyk ook E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 177-179.

8. South Africa, 7.12.1928 en 1.2.1929; E.H. Louw-vers., band 72: My Herinneringe aan Genl. Hertzog. Toe Louw se aanstelling in Maart 1929 in die volksraad bespreek is en min. Havenga laat blyk het dat Louw nie langer as 'n jaar in Londen wou bly nie, was Stuttaford se reaksie: "Ek begryp dit nie. Dit lyk my dat aan mnr. Louw oorge- laat is om te doen wat hy wil." Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 12 (1929): kol. 1190.

9. Terwyl hy al in sy nuwe amp gestaan het, het Louw in Maart 1929 vir Hertzog gevra of daar vordering met die saak was. En op 3 Augustus het hy nog nie geweet of hy "persona grata" by die Amerikaanse regering was nie. Kyk E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JEM, 7.3.1929 en 3.8.1929.

6 Februarie 1929 formeel in Kaapstad onderteken.¹⁰

Met al hierdie verwikkelinge spreek dit vanself dat daar van die kommersvrye lang vakansie wat Eric Louw vir homself in die vooruitsig gestel het, nie veel gekom het nie.¹¹ Naas besoeke aan die ouerhuise, familie en vriende, is heelwat van sy tyd deurgebring met die toespraak van vergaderings en amptelike besoeke aan en samesprekings met sakemanne, personeel van betrokke staatsdepartemente en met minister Beyers en genl. Hertzog.¹² Hierdie deel van sy verlof was vir Louw 'n waardevolle opknappingskursus-in-die-kleine.¹³

Op 9 Februarie het Louw en sy gesin met die Balmoral Castle vanuit Tafelbaai vertrek, met minister Beyers en C.W. Malan asook etlike ander volksraadslede onder diegene wat hulle op die kaai kom afsien het. Die besef was wel by Louw aanwesig dat die nuwe betrekking 'n waardevolle ondervinding sou wees,

10. E.H. Louw-vers., band 1: Articles of Agreement, ged. 6.2.1929. Kyk ook in dieselfde band: nota van sekretaris van Buitelandse Sake aan Hertzog, ged. 20.11.1928 (i.s. terme van kontrak) en brief Sekretaris/EHL, 27.12.1928.

11. By sy vertrek het hy gragsgewys daarop gewys dat sy nuwe pos hom van 'n maand se verlof beroof het, en dat die res van sy vakansie soveel voller was met amptelike werk. Kyk Cape Times, 15.1.1929.

12. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 173-174. Hy het o.a. die Kamer van Koophandel en die University Club op 15 en 16 Januarie in Kaapstad toegesprek. Kyk Cape Times, 15 en 16.1.1929.

13. Cape Times, 15.1.1929.

dog hy het vooruitgesien na die hervatting van sy pligte in Amerika. Hy het nou, na sy samesprekings met veral sakelui, die satisfaksie gehad dat die verset teen die handhawing van die kantoor in Amerika aan't afneem was.¹⁴

Aan die begin van Maart 1929 het Louw gevolglik sy nuwe pos aanvaar.¹⁵ In vele opsigte was toestande nuut en vreemd; dit was veral 'n ervaring om beheer te moes oorneem oor 'n "kantoor" van so 'n geweldige omvang en met meer as honderd personeel-lede.¹⁶ Andersins was dit maar weer die gewone prosedure, hierdie keer net 'n bietjie erger as in Amerika: talle hof-likheidsbesoeke wat by Britse ministers en ampsgenote van ander lande afgelê moes word en 'n aanhoudende stroom besoekers wat in die hoofkwartier kom kennis maak het.¹⁷

Louw is vroeg reeds deur sy Kanadese ampsgenoot en die "doyen" van die hoëkommissarisse in Londen, mnr. Peter Larkin, ingelig omtrent die "minderwaardige plek" wat die hoëkommissarisse van die dominiums in die Britse protokol beklee het.¹⁸ Te midde van al die aanvanklike uitnodigings en onthale en veral uit die daarmee gepaard gaande gesprekke het dit vir Louw

14. Cape Times, 9.2.1929. Kyk ook Cape Times, 15.1.1929.

15. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 7.3.1929.

16. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 185.

17. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 197-180.

18. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 192 en 226. Kyk ook E.H. Louw-vers., band 81: P. Larkin/EHL, 11.6.1929, aanhangsel by EHL/JBMH, 12.6.1929; J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/Farrell, 3.12.1929.

duidelik begin word dat hy met 'n besondere aspek van die Britse diplomatie te doen gehad het, nl. doelbewuste pogings om hom lojaal te stem teenoor Britse ideale. Dit was al vir hom asof hy, 'n verteenwoordiger van 'n regering wat die verbreking van die Britse konneksie voorgestaan het, ekstra aandag gekry het. Maar hy sou hom nie laat vang nie:¹⁹

"Ek was vir hierdie taktiek voorberei! Gedurende die volle tydperk van my verblyf in Londen het ek dit altyd duidelik laat blyk (1) dat ek 'n Afrikaner is met 'n sterk gevoel vir my volk, sy traditiesies, geskiedenis en taal; (2) dat ek 'n Nasionalis is en dat in die uitoefening van my pligte as Hoë Kommissaris ek altyd ooreenkomstig die beginsel van Suid-Afrika, en sy belange, eerste sou optree, en (3) dat ek 'n Republikein is, met alles wat daardie geloofsbetuiging inhou. Ek het in my kontakte, en in besprekings, nooit enige twyfel gelaat omtrent waar ek staan nie."

Hierdie eerlike en opregte, amper onverbiddelike houding was egter nie die enigste riglyn vir Louw in sy nuwe rol as diplomaat nie:²⁰

Terselfdertyd het ek my bereidwilligheid getoon om saam te werk i.v.m. sake van gemeenskaplike belang tussen die V.K. en die Unie - maar altyd met die voorbehoud dat die belange van Suid-Afrika by my eerste sal tel, veral indien die Unie se belange in botsing sou wees met die belange van die Britse Statebond of Ryk, maar ook onder alle omstandighede."

19. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 194-195. Die woord "konneksie" is destyds vry algemeen gebruik om die konstitusionele verbintenis met Brittanje aan te dui. Dit word gevolglik ook, waar paslik, in hierdie werk gebruik.

20. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 195-196.

Inderdaad het Louw nie lank op hom laat wag om hierdie standpunt in die openbaar te stel nie. Op 'n groot en deftige verwelkomingsfunksie van die South African Luncheon Club vroeg in April het hy hom onomwonde op die beginsel van "South Africa's interests first and foremost" gestel, dog sonder om selfsugtig of onsimpatiek te wil wees; hy het die versekering gegee dat hy, sover dit in sy vermoë was, sou saamwerk met die regering en met die sake- en handelsgemeenskap in Brittanje. Ter ondersteuning van sy standpunt het hy lord Amery aangehaal, wat op sy toer in Suid-Afrika kort tevore gesê het dat die beste diens aan die Statebond in die eerste plek lojaliteit jeens Suid-Afrika was.²¹

Op Empire-dag, 24 Mei 1929, het Louw as gas van die uitgelese Empire Day Society en te midde van 'n stortvloed imperialistiese huldebetuigings, op die heildronk geantwoord "as 'n representative of 'n Dominion who was a British subject not by birth or adoption, but by conquest, and as 'n representative of a Dominion in which the major portion of the whites were not of British birth, but were British subjects by conquest." Hy het dit duidelik gestel dat begeertes na eenheid en samewerking binne Statebondsverband by Hollandsprekende Afrikaners nie op sentiment gebaseer kan wees nie, maar wel op die aanvaarding en uitlewing van die beginsels soos in 1926

21. The African World, 13.4.1929, p. 520; South Africa, 12.4.1929, p. 53.

deur die Rykskonferensie aanvaar.²² Die uitnodigings na "Empire"-georiënteerde funksies het alhoewel drasties begin afneem, namate Eric Louw sy opvattinge en oortuiginge so onomwonde gestel het.²³

In Londen het Louw hom in die brandpunt van Imperiale denke bevind. Terwyl dominium-lande soos Suid-Afrika en Kanada sedert 1926 angsvallig probeer waak het teen enigiets wat afbreuk kon doen aan hul erkende onafhanklike status, is daar veral van Britse kant kragtige pogings aangewend om die bande wat Brittanje en lidlande van die Statebond gebind het, te verstewig. Dit was onvermydelik dat Louw, as eertydse nasionalis en verteenwoordiger van 'n Nasionaal-georiënteerde regering, hom nie met hierdie strewe sou vereenselwig nie indien dit, na sy mening, in stryd was met die uitoefening van die onafhanklikheidskonsep.²⁴ En byna elke stap in die rigting van nuwer eenheid is deur Louw in die lig beskou.

22. Cape Argus, 25.5.1929. Kyk ook Die Burger en Cape Times, 25.5.1929. Mnr. Smiddy, die Ierse hoëkommissaris, het van hierdie toespraak gesê: "It is really admirable and ought, on account of its frankness and truth, restrained the forces best which are making for mischief in inter-Imperial relations. Heartly congratulations!" Kyk E.H. Louw-vers., band 1: T.A. Smiddy/EHL, 28.5.1929.

23. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 197; Persoonlike Herinneringe, mev. A. Louw.

24. Dis interessant om daarop te let dat sy voorganger, mnr. Smit, ook by meer as een geleentheid hom op 'n soortgelyke standpunt gestel en telkens heelwat kritiek uitgelok het. Kyk South Africa, 15.1.1926, p. 116; 19.1.1926, p. 204 en 18.1.1929, p. 93.

Een van die eerste organisasies wat die effek van Louw se vasberade handhawing van die beginsel van Suid-Afrika eerste ervaar het, was die South African Students' Club, wat hom beywer het om goedgesindheid jeens Engeland en lojaliteit aan die Britse Kroon by besoekende studente te bevorder.²⁵ Vanuit die steanspoor, na sy oorname in Londen, was Louw baie gekant teen dié organisasie wat in dieselfde gebou as die Suid-Afrikaanse verteenwoordigers was, dog hy het diplomatiek sy kans afgewag.²⁶ Die publikasie van 'n brief van 'n Afrikaanstalige student wat as Nasionalis na Engeland gekom het maar met ander insigte na sy vaderland teruggekeer het, was vir Louw net mooi genoeg. Die organisasie is taktvol aangesê om liever 'n ander onderdak te vind aangesien hulle hul seker nie sou kon tuis voel onder 'n Nasionale regering nie.²⁷

Die stelsel van Ryksvoorkeur op handelsgebied het in 1929 skerp onder die soeklig gekom, veral nadat die Unie-volksraad die sluit van 'n handelsooreenkoms met Duitsland goedgekeur

25. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 199-202. Louw noem nie die naam van die organisasie nie, maar meld dat lady Frances Ryder aan die hoof daarvan gestaan het. 'n Verwysing na die S.A. Students' Club verskyn in South Africa, 12.8.1927, p. 290.

26. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 9.5.1929; E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 202. Sy standpunt was dat oorhaastige optrede sonder voldoende motivering net water op die andersdenkendes se meul sou wees. Hy het gevolglik die brief wat hy aanvanklik aan lady Ryder wou stuur, vereers teruggehou.

27. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 203-207.

het. Dit is in Opposisie-kringe in Suid-Afrika asook in Brittanje as 'n bedreiging vir die voorkeurstelsel beskou.²⁸ Louw het op die eetmaal van die S.A. Luncheon Club ook hierna verwys, omdat dit in baie kringe as anti-Brits beskryf is en selfs tot dreigemente van 'n Britse boikot teen Suid-Afrikaanse goedere gelei het. Die beskuldigings is deur hom as "sheer nonsense, besides being untrue", en die dreigemente as afkeurenswaardig in die lig van die verkryging van volle outonomie met die Rykskonferensie van 1926 beskryf.²⁹

Louw het die reaksie in Engeland op die sluiting van die Unie-Duitse handels verdrag fyn dopgehou en tot die gevolgtrekking gekom dat die Britse opinies inderwaarheid grootliks vanuit Suid-Afrika geïnspireer word, en wel deur die Engelse pers en verteenwoordigers van Engelse koerante in Suid-Afrika.³⁰ Hy moes seker met ewe groot onrus gemerk het hoe J.H. Hofmeyr, eertydse administrateur van Transvaal, op besoek aan Brittanje hom teen dié verdrag uitgespreek, sy geëloof in Ryksvoorkeur ondubbelsinnig verkondig en as teenvoeter teen die Unie-Duitse verdrag 'n verdrag tussen Brittanje

28. Die Britse blad, The Morning Post, het dit beskryf as "literally selling her birthright for a mess of potage", terwyl die Argus-koerantgroep in Suid-Afrika 'n spesiale bylae oor Brittanje as handels- en toeristeoord die lig laat sien het. Kyk South Africa, 4.1.1929.

29. The African World, 13.4.1929, p. 520; South Africa, 12.4.1929, p. 53.

30. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 7.3.1929

en die Unie voorgestel het.³¹

Ook teenoor ander Ryksondernemings het Louw in die loop van sy Londense ampstermyn heel skepties gestaan. 'n Voorgestelde konferensie oor standardisasie het vir hom die gevaar ingehou dat sekere buitelandse markte vir masjinerie vir Suid-Afrika gesluit sal bly; hy beskou dit dus as 'n onekonomiese proposisie wat die sluit van toekomstige handelsverdrae kan belemmer, het hy genl. Hertzog meegedeel.³²

'n Ander instansie wat in die gedrang gekom het, was die Empire Marketing Board, 'n liggaam wat geldelik bygedra het tot bevordering van die handel in die dominiums. Toe 'n aantal Britse parlamentslede in die Londen Times op dié voordele vir die dominiums gewys en dit betreur het dat sekere dominiums nie meer aanmoediging gee aan die "Buy British"-beginsel nie, het Louw die skimp gevang. Hy sou eerder sien dat Suid-Afrika self die koste van reklame vir sy produkte in Engeland dra, dog daar steek vir hom nog meer

31. South Africa, 31.5.1929, p. 361. Kyk ook Paton: Hofmeyr, p. 159. Louw het sy meninge oor Hofmeyr in 'n brief aan dr. Malan uiteengesit, dog die inhoud daarvan is nie bekend nie. Uit dr. Malan se antwoord aan Louw, wat wel ter insae is, kon geen afleiding van Louw se gevoelens gemaak word nie. Kyk E.H. Louw-vers., band 1: DFM/EHL, 10.7.1929.

32. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 5.6.1929.

in die hele aangeleentheid:³³

"En dan - apart van wat ek reeds gesê het, kom die eindelike en belangrike vraag, n.l. wat is die onsigbare en morele effek van dit alles op die kwessie van ons ekonomiese onafhanklikheid - nie vandag of morre nie - maar wel in latere jare, wanneer deur gedurige navolging van 'n Empire Marketing Board beleid, ons 'so diep daarin sit' dat ons nie weer daaruit kan kom nie - om nie eens te praat nie van die morele verpligting wat altyd gaan met 'benefits received'."

Toe Hertzog hierop 'n skynbare verdedigende opvatting ten opsigte van die Empire Marketing Board laat hoor het,³⁴ het Louw nogtans volhard en politieke motiewe in dié liggaam se optrede gesien. Daarvan getuig vir hom die weeklikse "E.M.B. News", wat die vorige paar maande "n stelselmatige propaganda gevoer het teen die Unie-Duitse Handelsverdrag, deur elke week te kwoteer uit die inleidingsartiekels van die opposisie pers in die Unie - en deur tydens die debat

33. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 11.4.1929.

Volgens Louw is inderdaad openlik gesê dat Suid-Afrika, deur die sluiting van die handelsverdrag met Duitsland, "growwe ondankbaarheid" (Louw se woordgebruik) jeens dié organisasie geopenbaar het.

34. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 12.6.1929. Genl. Hertzog het sy sieninge via dr. Bodenstern aan Louw gestel. Dié brief kon nie opgespoor word nie, maar uit Louw se antwoord daarop blyk dit dat Hertzog skynbaar 'n lansie vir die organisasie gebreek het. Louw het gemeen dat Hertzog se sieninge gebaseer is op verklarings van die Raad self en van Britse ministers, en dit was vir hom geensins "die hele waarheid" nie.

in die Huis alleen die argumente van die opposisie te noem." Hy het steeds gevrees dat 'n ekonomiese Ryksband as teen-prestasie vir die "biesondere voordeel" wat die dominiums van dié liggaam kry, kon ontstaan.³⁵

Met die hou van die Internasionale Rooikruis- en Krygsgevangene konferensie aan die begin van Julie 1927 was dit maar weer so: "... moes ek, tesame met die Verteenwoordigers van Kanada en Ierland, optree om te sorg dat ons identiteit as Dominiale Verteenwoordigers nie versmoor word deur die Britse verteenwoordiging nie." Die groot probleem was dat alle dominiale voorstelle by die Britse voorstelle ingelyf en as 'n eenheid "Empire"-voorstelle beskou is, maar tog as Britse voorstelle ingedien is.³⁷ Van ongekwalifiseerde eenheidsoptrede op internasionale konferensies saam met die ander dominiumlande wou Louw niks weet nie, veral nie wat betref kleiner besonderhede of "sy-kwessies" nie, daar dit die indruk kon wek dat die dominiums tog nie selfstandig kan optree nie.³⁸ Louw het dit vir Hertzog op die hart gedruk om dié dinge tog gned deur

35. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 12.6.1929. Kyk ook EHL/JBMH, 12.2.1930, in dieselfde band, waarin Louw vir Hertzog aan sy standpunte en sieninge omtrent die organisasie herinner, met die oog op die aanstaande Rykskonferensie.

36. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 7.7.1929.

37. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 7.7.1929, 29.4.1930 en 12.2.1930.

38. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 29.8.1929. In die brief teken Louw 'n aantal sake aan wat hom tydens sy dienstermyn in Londen opgeval het en wat moontlik op die volgende Rykskonferensie, wat op hande was, bespreek kon word.

sy opvolger te laat dophou:³⁹ "As ons outonomie in die oë van Vreemde moondhede iets moet beteken dan moet ons sorg dat ons optree in internasionale vergaderings op die regte basis is."

Ook die aanhef tot die nuwe Geneefse Konvensie het vir hom 'n probleem verskaf, waar die woord "Territoires" (Frans) i.p.v. "Dominiums" in die titel van die koning gebruik word. Omdat die Franse term normaalweg gebruik word vir kolonies of protektorate, hinder dit hom, al is hy deur 'n Britse afgevaardigde verseker dat die woord dominiums in die Balfour-verklaring geen politieke betekenis het nie. Dit lyk vir Louw of dié saak 'n bietjie aandag verdien, want dit lei net tot verwarring.⁴⁰

In Augustus 1929 het Louw dit nodig gevind om die regering dit ernstig ter oorweging te gee om nie 'n beplande Ekonomiese konferensie by te woon nie. Hy sien dit as net nog 'n poging om ekonomiese eenheid binne Ryksverband te bewerkstellig, wat die Unie se markte sal beperk en tot ekonomiese afhanklikheid sal lei, waarna die sogenaamde politieke onafhanklikheid ook niks werd sal wees nie.⁴¹

39. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 7.7.1929.

40. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 23.7.1929. In 'n vroeëre brief aan Hertzog het Louw die uitdrukking "Colonial Empire", soos dit deur lord Amery in navolging van genl Hertzog gebruik is om Britse gebiede anders as die dominiums aan te dui, aangeprys. Kyk E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 9.5.1929.

41. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 3.8.1929.

Louw het by verskeie geleenthede 'n appeltjie te skil gehad met die pers. Op die geselligheid van die S.A. Luncheon Club was dit veral die koerante en joernaliste wat gedurig wou voorgee dat daar rassehaat tussen Afrikaans- en Engels-sprekendes in Suid-Afrika vaardig was, met hul "highly partisan and pretorted ideas of South African conditions and problems", wat moes deurloop. Hy het spesifiek ook na Suid-Afrikaanse koerante en Suid-Afrikaanse korrespondente van Britse koerante verwys.⁴² Tydens die "Empire Day Dinner" het hy 'n paar vooraanstaande Britse koerante voor stok gekry deurdat hulle minagtend na Suid-Afrika verwys en doelbewus valse informasie gepubliseer het.⁴³

Louw was werklik ontstig oor wat hy as wanvoorstellings van Suid-Afrika in die Britse asook in die Engelstalige Suid-Afrikaanse pers bestempel het. Afgesien daarvan dat hy in die openbaar daarteen te velde getrek het, het hy ook aan genl. Hertzog van hierdie "opsweping" geskryf. Wat die verset teen die Duitse verdrag aanbetref, het hy Hertzog meegedeel, was dit opmerklik dat die Britse pers maar taamlik afsydig daaroor was en dat die "opsweping van gevoel" grootliks uit die Unie en wel van die betrokke koerante se verteenwoordigers in Suid-Afrika afkomstig was. Hy het met voorbeelde aangetoon hoedat sekere feite verswyg word om bepaalde indrukke te laat posvat. Ook Hertzog se hantering van die Naturellelvraagstuk en die uitslae van die 1929-verkieping was syne insiens onderhewig aan hierdie skewe voorstellings, en het bloot net

42. South Africa, 12.4.1929, p. 53; The African World, 13.4.1929, p. 520.

43. Die Burger, 25.5.1929.

daartoe bygedra om gespanne gevoelens tussen die blanke
taalgroepe aan te wakker.⁴⁴

Maar dat Eric Louw "goeis" reklame kon waardeer, val nie te
betwyfel nie. Daarvan spreek bv. die publisiteit wat verleen
is aan sy amptelike besoek aan Hull, die vernaamste hawe op
die Britse ooskus, met die oog op die verbetering van handels-
betrekkings. Louw het die geleentheid benut om oor Ryks-
handel te praat en daarop gewys dat te veel waarde aan senti-
ment en te min aan die fundamentele beginsels van navraag en
voorraad, prys en kwaliteit geheg word. Tog het hy ook ge-
wys op die gunstige posisie waarin Brittanje se handel met
Suid-Afrika op daardie stadium verkeer het.⁴⁵ Aan Hertzog
lewer hy verslag:⁴⁶

"Die besoek was 'n volslae sukses. Suid-Afrika het daar-
deur baie publisiteit gekry, wat vir ons veel werd is.
Ons in Suid-Afrika (en die mense hier) besef nie genoeg
die waarde van algemene publisiteit nie. In Amerika word
dit wel besef ... Die Handelskommissaris het met my mee-
gegaan na Hull, maar ek het hom instruksies gegee dat hy
binne twee of drie weke 'n tweede besoek moet maak; ten
einde die volle voordeel te kan trek uit die belang wat
deur my besoek verwek is."

44. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 7.3.1929 en
20.3.1929.

45. South Africa, 26.4.1929, p. 156. Kyk ook E.H. Louw-
vers., band 81: EHL/JBMH, 25.4.1929.

46. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 25.4.1929

13/11 Soos vroeër in Amerika, het Louw se dienstermyn in Londen grootliks in die teken gestaan van die stryd om status. Die ontevreidenheid met die status van dominiumlande se hoëkommissarisse het van ver af gekom en was reeds vroeg in die twintigerjare 'n onderwerp van druk bespreking.⁴⁷ Kort na sy aankoms het Louw hierdie onbevredigende toestand aan eie lyf ervaar, en wel tydens die jaarlikse koninklike onthaal ("Royal April Court") aan Buckinghampaleis. Terwyl die diplomatieke korps op sitplekke plaasgeneem het en hulle aan die vorste-paar voorgestel is, moes die klompie hoëkommissarisse be-teuterend eenkant staan en toekyk;⁴⁸ soos "poor relations", het Kanadese amptsgenoot Peter Larkin die toneel beskryf.⁴⁹

Louw het daar en dan protes aangeteken, dog die hofamptenaar was beslis dat daar niks aan die saak gedoen kon word nie. Terug by sy groepie kollegas, het Louw sy misnoeë te kenne gegee, dog weer sonder noemenswaardige reaksie.⁵⁰ Sy Kanadese

47. Kyk Die Burger, 17.12.1924, vir verklaring van lord Amery, staatssekretaris van Dominiums, oor hoëkommissarisse se status, asook Die Burger, 4.6.1926, vir hoofartikelkommentaar oor die status van Suid-Afrika se verteenwoordiger.

48. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 217-221. Kyk ook J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/Farrell, 3.12.1929.

49. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: P. Larkin/EHL, 11.6.1929, as aanhangsel by EHL/Farrell, 3.12.1929. In dié skrywe aan Farrell sê Louw dat hy sou verkies om lief's nie hierdie geleenthede by te woon nie, dog as hy dan daartoe verplig word, wil hy die erkenning en konsiderasie ontvang wat sy amptelike betrekking toekom.

50. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 220.

kollega was afwesig - soos later sou blyk, juis uit protes teen hierdie soort optrede, waarteen ook hy hom in die verlede tevergeefs verset het.⁵¹

Na aanleiding van hierdie voorval, het Louw in 'n sterkbeoordeelde brief by die staatssekretaris vir Dominiums, lord Passfield, protes aangeteken. Na sy neerlegging van die hoëkommissarispos en reeds in sy nuwe betrekking in Amerika het Louw in November 1929 van vriend Larkin verneem dat dié kwessie deur die Britse regering in die reine gebring is - danksy Louw se protes.⁵²

Op 10 Oktober het Eric Louw die pos van hoëkommissaris te Londen amptelik ontruim en het adv. Charles te Water hom opgevolg. Op die verwelkomingsdinee van die S.A. Luncheon

51. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 220.

52. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/Farrell, 3.12.1929, met bylae n Canadian Press Cable, ged. 10 November. Kyk ook E.H. Louw-vers., band 2: kopie van brief lord Chamberlain/High Commissioner, 7.11.1929, aangeheg by brief CTW/EHL, 12.11.1929. Te Water meld dat Larkin hom gebel het en vir Louw volle krediet gee "for a change which he describes as absolutely satisfactory". Toe Louw in 1948 die Statebondskonferensie as verteenwoordiger van die nuwe Nasionale bewind bygewoon het, het hy die stryd om die status van die hoë kommissaris "met sukses gekroon" deur voor te stel dat hoëkommissarisse dieselfde status as ambassadeurs sou besit en dat die titel "Ek-sellensie" op hulle van toepassing gemaak word. Dié voorstelle is aanvaar. Kyk E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), p. 221.

Club ter ere van Te Water, waar terselfdertyd van Louw afskeid geneem is, het Te Water 'n heel gematigde toespraak gehou,⁵³ onder andere op advies van Louw.⁵⁴ Louw self het egter aan die einde van sy toespraak kaalvuus ingeklim en prontuit verklaar dat die status van die hoëkommissaris nie bevredigend was nie, 'n geval van "neither fish nor fowl nor good red herring." Hy het dit as sy plig teenoor sy land en sy opvolger beskou om die saak aan te roer, in die hoop dat die probleem spoedig opgelos sou word en dat die hoëkommissaris in Londen dieselfde status sou beklee as sy kollegas in die V.S.A., Nederland en Italië.⁵⁵

Louw het ook kortliks en vir oulaas verwys na die gebrek aan begrip vir Suid-Afrikaanse probleme in Engeland, veral met betrekking tot Suid-Afrika se wettige strewe om in teorie sowel as in die praktyk die bepalinge van die Rykskonferensie van 1926 deur te voer:⁵⁶

"Full co-operation between Great Britain and South Africa is essential and desirable, but such co-operation will never be secured in an atmosphere of misunderstanding.

53. Vir teks, kyk South Africa, 18.10.1929, p. 106. Kyk ook The Star, 12.10.1929.

54. C.T. te Water-vers., band 14: CTW/JBMH, 9.10.1929. Louw het reeds aan die einde van Augustus vir Te Water aangeraai om ietwat "konserwatief" te wees in sy aanvanklike toesprake: "You will have to bear in mind that you will be closely 'watched' at the start - more than you perhaps realise. I certainly did not realise it." Kyk C.T. te Water-vers., band 13: EHL/CTW. 29.8.1929.

55. E.H. Louw-vers., band 2: "Chief Points in speech ..., October 10th 1929", p. 7.

56. E.H. Louw-vers., band : "Chief Points in speech ..., October 10th 1929", p. 5.

May I appeal tonight for a better understanding - for a more impartial view of South African affairs and problems - and I direct that appeal particularly to the Press of this Country which can do so much to assist in clearing away the clouds of doubt and misunderstanding."

Oor hierdie opmerkinge van Louw, veral dié met betrekking tot die status van die hoëkommissaris, was daar 'n groot geskarrel. Lord Passfield, Britse staatssekretaris vir Dominiale Aangeleenthede, het sommer nog op die dinee ter antwoord aan Louw die saak as bloot akademiese beredenering probeer afmaak en inteendeel gewys op die feit dat lidmaatskap van die Statebond iets groters, iets meer was as onafhanklikheid.⁵⁷ Waarop Louw vinnig en kordaat in 'n verklaring aan Reuter teruggekap het, dat dit des te meer rede vir die verlening van groter voorregte aan ledelande was.⁵⁸

Ook in Suid-Afrika het Louw se uitlatinge baie aandag getrek. Soos gewoonlik, het Die Burger vierkantig agter Louw gestaan,⁵⁹ maar in die Engelse pers moes hy kwaai deurloop. Die Cape Times, The Star en die Cape Argus het almal die standpunt ingeneem dat daar nie met die bestaande verhoudinge getorring behoort te word nie.⁶⁰ Die Star, verwysende na die

57. South Africa, 18.10.1929, p. 106.

58. South Africa, 18.10.1929, p. 108. Kyk E.H. Louw-vers., band 27: "Statement to Reuters". Louw se reaksie is ook in die Irish Independent, 16.10.1929 gepubliseer, by wyse van 'n spesiale onderhoud met dié blad se Londense korrespondent.

59. Die Burger, 24.10.1930.

60. The Star, 12.10.1929; Cape Argus, 11.10.1929, 12.10.1929 en 14.10.1929 (hoofartikel: "Looking for Trouble"); Cape Times, 21.10.1929.

unieke geleentheid dat op so 'n vlak en by so 'n geleentheid diskussie gevoer is oor die verhouding tussen die Unie en Brittanje, het gevra waarom Louw en sy geesgenote nooit die klem laat val op dié deel van die Balfour-verklaring wat meld van 'n gemeenskaplike trou aan die Kroon nie.⁶¹ Die Cape Argus het gevra vir "a little more generosity, a little more willingness to co-operate in making the new status a success, instead of perpetually seeking for causes of offence." Louw sou spoedig sy fout uitvind, naamlik dat die status van sy nuwe pos nie hoër is as dié in Londen nie, het die koerant 'n motief vir Louw se optrede gesoek.⁶²

Vroeg in November het Louw 'n brief van die departement van Buitelandse Sake ontvang waarin hy om 'n verduideliking van sy uitlatinge gevra is, veral met die oog op moontlike vrae daaroor in die parlement. Louw het heeltemal geredelik sy optrede verduidelik. Eerstens was hy nie meer 'n gas van die Britse regering nie, want Te Water het pas die oggend amptelik oorgeneem. Boonop was dit 'n unieke geleentheid, dat 'n uit-tredende hoëkommissaris steeds in Engeland is met die oornamende van sy opvolger. Om hierdie redes het hy die tyd ryp geag om sy sê te sê.⁶³

Hoewel dit bloot om formaliteite op formele en seremoniële geleenthede gegaan het, was dit in die oë van oorsese diplomate 'n belangrike saak: "... the foreign diplomat in London will

61. The Star, 14.10.1929: hoofartikel.

62. Cape Argus, 14.10.1929: hoofartikel.

63. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/Farrell, 3.12.1929. Louw het verwys na 'n "personal note" van Farrell, ged. 30.10.1929, met aangehegte uitknipsels.

judge or measure the status of the Union by the treatment accorded to the Union's representative by the British Government." Met groot trots kon Louw wys op die resultate van vroeëre optrede van hom in dieselfde verband: sy besware teen die behandeling van hoëkommissarisse op koninklike funksies het vrugte afgewerp en die anomalie is deur die Britse regering uitgeskakel.⁶⁴ Louw het ook genl. Hertzog persoonlik omtrent sy standpunt en verweer ingelig.⁶⁵

Die kwaai protes van die opposisiepers tuis in Suid-Afrika het nie onopgemerk by Louw verby gegaan nie:⁶⁶

"That does not worry me. I know that the ultimate effect will be good - provided of course that the General stick to his guns, and does not allow Downing St. to satisfy him with a few sops thrown out to keep him quiet ..."

Die Nuwe-effek van Louw se Londen-toespraak en die reaksie daarop was dat hy van owerheidsweë daarop attent gemaak is dat hy kragtens regulasies nie persoonderhoude oor beleidsake kon toestaan nie.⁶⁷ Louw het geantwoord dat dit, veral in die publisiteitsbewuste Amerika, onmoontlik sou wees om by dié reël te hou. Dit sou hom ook geheel-en-al lam lê in die uitoefening van sy pligte om Suid-Afrika se saak te stel en te verdedig en om reklame vir die land te maak. Louw se advies was dat die betrokke instruksie heroorweeg en gewysig word en

64. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/Farrell, 3.12.1929.

65. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 5.12.1929.

66. C.T. de Water-vers., band 14: EHL/CTW, 5.12.1929.

dat dit aan die gesante oorgelaat word om hul eie diskresie te gebruik.⁶⁸ Vir Louw was dit egter geensins die einde van die stryd om status nie. Inderdaad het hierdie laaste sarsie van hom weer nuwe probleme na vore gebring, wat hom bygebly het toe hy van Londen na Washington verhuis het.⁶⁹

In die loop van die jaar het genl. Hertzog hom gepols oor die moontlikheid dat hy vir die volle termyn van vyf jaar as hoëkommissaris aanbly, dog hiervoor het Louw nie kans gesien nie. Verskeie redes vir die weiering is deur hom aangevoer.⁷⁰ Eerstens was daar, wat hy as hoofrede genoem het, sy gesondheid, wat nie te goed was nie en waarvoor die lewenswyse van 'n hoëkommissaris nie juis bevorderlik was nie.⁷¹ Boonop het

67. J.B.M. Hertzog-vers., band 14: EHL/Farrell, 3.12.1929.

68. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/Farrell, 3.12.1929. In die kantlyn teenoor die "aanbeveling" van Louw het genl. Hertzog aangeteken: "I want to discuss with Bodenstein." Skynbaar is Louw se wenk opgevolg, want hy het voortgegaan en telkens besonderhoude toegestaan.

69. Kyk hoofstuk 8, p. 304.

70. Dié redes is uiteengesit in private briefwisseling met sy voorganger, mnr. J.S. Smit, en met sy opvolger, mnr. Charles te Water. Kyk C.T. te Water-vers., band 13: EHL/CTW, 2.8.1929 en 29.8.1929, asook band 14: EHL/JSM (uittreksel), aangeheg by JSS/CTW, s.d.

71. Aan sy opvolger, Te Water, het hy dit só gestel: "You will find the work very interesting - but you will find that the job has its difficulties and drawbacks. The 'social' side of it is the very devil - and this was one of the chief 'contributing causes' ...". Kyk C.T. te Water-vers., band 13: EHL/CTW, 29.8.1929.

hy die pos van gevolmagtigde minister, wat hy in Washington sou beklee, as aantrekliker en hoër in rangorde beskou. Daar was egter ook ander, bydraende faktore:⁷²

"Vir 'n Nasionalis wat vas by sy beginsels wil staan, is die pos van H.K. 'n uiters moeilike een ... Die Britte wil gedurig hê die H.K. moet 'saamspeel' in die een of ander Empire gedoente - en doen hy dit nie, dan is hulle vies ... Dan weer word die H.K. gevra om toesprake te lewer en dit word verwag dat hy in 'n sekere rigting moet praat ... Nouja wanneer ek die uitnodigings aanneem dan wil ek nie my Nasionale beginsels verkrag nie en ek praat padlanks en reguit sonder om hulle seer te maak - maar dit wil hul ook nie hê nie. Die gevolg is dus dat vir al die bowegemelde redes die Nasionale H.K. wat sy man wil staan, gou in onguns raak by die ultra-Britte - en selfs by die gros van die gewone Britte ... Ek gee dus liever pad - want ek sal maar altyd handel soos in die afgelope 5 maande."

Louw was ietwat bekommerd dat die Engelse pers in Suid-Afrika dalk die indruk sou skep dat sy oorplasing te wyte was aan ontevredenheid met sy werk, en hy wou graag dat die werklike situasie openbaar gemaak word.⁷³ En ten besluite van sy kortstondige dienstermyn was sy samevattende bevinding:

"Daar sal nie veel transe gestort word deur die Britte wanneer ek vertrek nie. Ek is egter baie bly dat ek die ondervinding gehad het en ek moet erken dat ek die werk interessant gevind het ..."⁷⁴

72. Dié faktore is net genoem in die brief aan Smit.

73. C.T. te Water-vers., band 14: uittreksel EHL/JJS, aangeheg by JSS/CTW, s.d. Daar het dan ook sodanige verklarings in die pers verskyn. Kyk South Africa, 16.8.1929, p. 257.

74. C.T. te Water-vers., band 14: uittreksel EHL/JSS., aangeheg by JSS/CTW, s.d.

July 19 1929

THE SJAMBOK

CELEBRITIES FORTUNATE AND UNFORTUNATE (by Nemo).



No. 16,—Mr. Eric Louw, unfortunate in having to leave to his successor, Mr. Charles te Water, the superb official suit of the Union Ambassador in London

Nog voordat Te Water in Londen gearriveer het, het Louw toegesien dat die reëlings vir sy oorname vlot sou verloop. Daar was sake soos die voortgesette huur al dan nie van die huis met sy baie "antiques" waarvan Louw nie juis gehou het nie, asook die posisie van die bediendes: die kok, die "parlour maid", die "house maid" en die "kitchen maid". Van die personeel in Suid-Afrikahuis sal hy baie hou want hulle is lojaal en bekwaam, het hy Te Water gerus gestel.⁷⁵ Hy het verder gereël dat een van die senior personeellede die Te Waters te Southampton ontmoet, terwyl hyself hom te Waterloo sou inwag. Louw het hom ook van 'n bietjie advies bedien oor hoe om teenoor die pers op te tree, en hom een en ander vertel van die verteenwoordiger van Reuter, wat waarskynlik ook op Southampton sou wees en uiteraard 'n verklaring van Te Water sou wou hê: "I have had these experiences before - and I would therefore suggest that you have a 'statement' ready - 'on tap', as it were! You know: the usual thing about looking forward to the new work etc. etc."⁷⁶

Met sy vertrek op 16 Oktober het Louw, soos gewoonlik, sy verklaring gereed gehad en aan die pers oorhandig.⁷⁷ Daarin praat hy met groot lof van die samewerking wat hy van sy personeel ontvang het en van die goeie gees wat daar in Suid-

75. C.T. te Water-vers., band 13: EHL/CTW, 2.8.1929.

76. C.T. te Water-vers., band 13: EHL/CTW, 29.8.1929.

77. E.H. Louw-vers., band 27: Verslag, s.d., "interviewed by Reuter's Representative".

Afrikahuis⁷⁸ geheers het. Sy verhouding met die vorige staatssekretaris van Dominiums, lord Amery, was uitstekend, terwyl hy sy opvolger, lord Passfield, baie behulpzaam gevind het. En hoewel hy hierdie keer nie na die omstrede statuskwessie verwys het nie, was daar tog n ander krapperigheid aanwesig. Hy het by die algemene publiek groot belangstelling in Suid-Afrika en Suid-Afrikaanse aangeleenthede gevind, net jammer van die eensydige informasie waaraan hulle onderhewig was. Dit geld veral vir die Nie-Blanke vraagstuk:⁷⁹

"It is a great pity that the British Public does not understand or appreciate that there are two sides to every big issue in south Africa. This state of affairs can only lead to misunderstanding and lack of co-operation between the two countries."

Op hierdie kritiese noot het hy van Londen afskeid geneem.

78. Suid-Afrika se verteenwoordigers in Londen was tot dusver in die Morley-hotel tuis. In Louw se tyd is begin met die onderhandelings wat uitgeloop het op die oprigting van Suid-Afrika huis. Kyk o.a. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 17.4.1929 en Rand Daily Mail, 29.8.1929.

79. E.H. Louw-vers., band 27: Verslag, s.d., "interviewed by Reuter's Representative".

BUITENGEWONE GESANT EN GEVOLMAGTIGDE MINISTER, 1929-1937

WASHINGTON

Terwyl die rammelings oor sy omstrede toespraak by sy uittrede as hoëkommissaris al wyer gekring het, het Louw na die Verenigde State teruggekeer om in Washington die eerste gesantskap van die Unie te stig. Vanweë sy intieme kennis van die land en sy mense, opgedoen gedurende sy dienstermyn as handelskommissaris, sou dit hierdie keer nie so vreemd en moeilik soos in 1925 wees nie, alhoewel die gesantskap ook vanuit die grond opgebou moes word. "n Ruim en gerieflike huurhuis het tegelykertyd as gesantskapskantoor en woning vir die Louws gedien, en vir die eerste paar weke was dit veral roetine-werkies om die kantoororganisasie op vaste voet te plaas wat sy aandag in beslag geneem het. Hiervan het hy soos volg aan Te Water geskryf:¹

"Here I had to take up a new job with not a single soul to help me - and in addition had actually to establish the Legation: secure premises, buy furniture, have office printing done, etc. etc. To crown everything there are three times more formalities to be observed here than in London. I had no idea that it was such a formal business. I have first to write to, and then to call upon about 55 different Ambassadors and Ministers, and on about a dozen American high officials."

1. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 6.11.1929. Kyk ook EHL/CTW, 1.11.1929, en E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 5.12.1929

Aan die begin van Februarie 1930 het sake normaal begin verloop, veral nadat sy tikster en sekretaris hul pligte aanvaar het, en kon gevolglik meer aandag aan die groot verskeidenheid take gegee word.²

Gesantskapswerk was opwindend maar baie uiteenlopend van aard. Afgesien van die skakeling met die departemente van Buitelandse Sake van die twee betrokke regerings, het hy gereeld sake van belang vir enige ander departement onder hul aandag gebring, onder andere deur die voorsiening van koerantuitknipsels. Daar was verder ook die meer algemene navrae waaraan aandag gegee moes word, soos dié ten opsigte van familiebetrekkings, erfporsies, immigrasie, patente, tariewe, uitbetaling van beurse aan Suid-Afrikaanse studente en van pensioene aan militêre pensionarisse wat hulle in Amerika gevestig het, probleme in verband met deportasies en repatriasies, ensovoort.

Louw was veral op die uitkyk vir enige wanvoorstellings met betrekking tot Suid-Afrika en het uit sy pad gegaan om sodanige beelde reg te stel. In dié verband is met groot vrug gebruik gemaak van uitknipseldienste. Hy het ook baie hulp verleen aan die handelsekretaris, dr. P. Botha, en met toesprake en voorlesings dwarsoor Amerika opgetree.³ Hierbenewens was daar

2. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 30.1.1930. Mnr. Scallen was die eerste sekretaris van die gesantskap, met 'n mej. Cook as tikster.

3. Op 3 September 1931 het Louw op 'n vergadering in sy tuisdorp, Beaufort-Wes, 'n uiteensetting gegee van die aktiwiteite van 'n gesant. Kyk Bylae: , uittreksel The Courier, 9.9.1931. Vgl. ook Die Burger, 21.10.1930, Cape Argus 5.9.1931, Die Burger, Junie 1931; Die Burger, 11.9.1931.

die sosiale verpligtinge, wat besonder straf was.⁴

Seker die belangrikste aspek van Louw se aktiwiteite as gesant was sy waarneminge met betrekking tot binnelandse en buitelandse beleid en aktiwiteite van sy gasheer-land.

Feitlik week na week het lywige dog sistematiese verslae hul weg na Pretoria gevind, waardeur genl. Hertzog as eerste minister en die departement van Buitelandse Sake op hoogte gehou is met verwickelinge in die Verenigde State, veral op ekonomiese en politieke terrein.⁵ Die verloop van die ekono-

4. Louw het telkens hierna verwys. Kyk C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 21.2.1930 en JBM Hertzog-vers., band 64: EHL/Dr. Bodenstein, 13.2.1930.

5. Afskrifte van hierdie verslae bevind hulle, saam met dié wat oor sy hoëkommissaristeryn handel, op lêers 81-84 van Louw se private dokumenteversameling. Die meeste van hierdie briewe is as "vertroulik" aangestip, andere weer as "persoonlik" terwyl die res bloot net aan genl. Hertzog as eerste minister of minister van Buitelandse Sake geadresseer is. In 'n naskrif tot 'n brief aan Hertzog, ged. 2.5.1929 (band 81) skryf Louw: "Ek neem aan dat my briewe aan u as persoonlik beskou word en nie in u offisiële lêers geplaas word nie", sy motivering synde die moontlikhede van 'n bewindsverandering in die volgende verkiesing. Sommige van hierdie briewe bevind hulle saam met briewe van 'n meer persoonlike aard op lêer 64 van genl. Hertzog se private versameling, in 'n lêer getiteld "Vertroulike korrespondensie ...". Dat genl. Hertzog dieselfde gedragsglyn as Louw gevolg het, blyk uit 'n nota t.o.v. 'n brief van 'n ander gesant, Dan J. de Villiers. Op 'n "Aide Memoire" in sy eie handskrif n.a.v. gemelde brief kom dié woorde voor: "Bêre brief aub. onder private korrespondensie en hierdie memo op betreffende lêers." (band 64: DJdeV/JBMH, 9.4.1930). Op 'n brief van Louw aan die eerste minister het die sekretaris van Buitelandse Sake aangeteken: "Bêre by vertroue en private korrespondensie" (band 64: EHL/JBMH, 24.1.1931).

miëse ineenstorting na die insinking op die Wallstraatse aandelebeurs in Oktober 1929, met die vasberade handhawing van die goudstandaard deur die Amerikaanse regering; die aanloop, verloop en afloop van die Amerikaanse presidentsverkieëing in 1932 waaruit Theodore Roosevelt as oorwinnaar te voorskyn getree het; die nuwe president se ekonomiese rekonstruksieprogram; die V.S.A. se gemoëidheid by die konflik tussen Japan en Sjina in Mantsjoerye en Shanghai; Amerika se averse houding jeens die Volkebond; die omstrede prohibisie-wetgewing en toenemende omkopery en wetteloosheid; soos gesimboliseer in die ontvoering van vliegheld Lindberg se baba: dit en nog baie meer vorm die temas van Louw se verslae. Die oorheersende kenmerk van hierdie verslae is die fyn waarnemingsvermoë en die logiese, sistematiese uiteensetting van gebeure en standpunte. Louw het ook nie geskroom om sy eie meninge oor dië sake te lug nie, veral indien dit op een of ander wyse met Suid-Afrika in verband gebring kon word.⁶

Die kwessie van Suid-Afrika se internasionale status was steeds een van die sake wat vir Louw die meeste probleme gegee het. Afgesien van die beginsel daarvan dat dit Suid-Afrika se goeie reg was om te verwag dat dië status erken en in die praktyk uitgeleef en toegepas moes word, het hy gevoel dat sy optrede as gesant aan bande gelê word deur die in-

6. n Juiste en finale oordeel oor Louw as diplomaat impliseer n deeglike studie van o.a. hierdie aspek van sy werk. Dit word in n hieropvolgende projek aangepak.

gebreke-bly om die konsep van onafhanklikheid tot sy volle konsekwensies deur te voer.⁷

Louw het dus die stryd om status in Amerika voortgesit. Dié stryd wat vir hom in hoofsaak gerig was teen pogings en simbole om Suid-Afrika se onderhorigheid aan Brittanje en die Britse Ryk te bevestig, is op verskillende terreine gevoer. Meestal was dit die Unie se departement van Buitelandse Sake wat in die gedrang gekom het; uit vooraangaande en ook uit latere gevalle blyk dit immers baie duidelik dat dié departement, volgens Louw se sieninge, nie daadwerklik genoeg opgetree of vinnig genoeg gevorder het nie. Of was dit moontlik 'n geval dat hy te haastig was?⁸

Vroeg in 1930 het Louw die wenslikheid van die verhoging van die status van die hoëkommissaris in Londen aangevoer sodat die Unie-regering direk en nie via die Dominiale Kantoor nie met hom kon skakel. Die bestaande situasie het syns insiens

7. Dit blyk uit talle briewe aan Hertzog. Kyk o.a. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 9.4.1930, 22.4.1930, 29.4.1930 en 7.5.1930.

8. Dié vraag het Louw homself afgevra toe hy teen die helfte van 1930 vir die soveelste keer genl. Hertzog se aandag op die miskenning van die dominiums se onafhanklike status gevestig het. Knipsels wat hy ter insae aan genl. Hertzog gestuur het, het vir Louw afdoende bewys gelewer dat dit nie die geval was nie. Naas dié brief (ongedateerd), het hy ook 'n brief aan dr. Bodenstein gerig met die versoek om Hertzog se kommentaar te verkry, dog Hertzog het geweier om sy opinie te lug. Kyk JBM Hertzog-vers., band 64: Wnde. sekr./EHL, 29.11.1930, met bylaes EHL/Bodenstein, 11.6.1930, en EHL/JBMH, s.d.

nie alleen die betrokke amptenaar in 'n vernederende posisie teenoor die Engelse regering geplaas nie, maar ook afbreuk aan die onafhanklike status van die Unie gedoen.⁹ Voordat hierdie brief nog sy bestemming bereik het, is die skok-aankondiging in Pretoria gepos: volgens 'n departementele omsendskrywe is duidelik gestel dat die regering die pos van hoëkommissaris in Londen van hoër rangorde as dié van gesante beskou.¹⁰

Eric Louw was bitter. Hy het blitssnel gereageer met 'n sterk-bewoorde kabel, só sterk dat hy later vir genl. Hertzog daarvoor om verskoning gevra het.¹¹ Dit is opgevolg met 'n uitvoerige, goedberedeneerde brief waarin hy talle argumente en bewysplase aanvoer waarom die beskouing van die departement nie steek hou nie.¹²

In sy beredenering van die saak het Louw verskeie besware teen die rangskikking van die regering ingebring: dat die Britse regering nie die hoëkommissaris as diplomatieke ver-

9. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 12.2.1930.

10. Dié dokument bevind hom nie onder Louw se stukke nie. In 'n brief van D.J. de Villiers aan genl. Hertzog word daarna verwys as "brief No. PM 10/45 d.d. 15 Februarie 1.1. van die Sekretaris van Buitelandse Sake aan my". Kyk J.B.M. Hertzog-vers., band 64: DJdeV/JBMH, 9.4.1930.

11. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/JBMH, 7.5.1930. Die inhoud van die kabel is nie bekend nie.

12. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 9.4.1930.

teenwoordiging beskou nie;¹³ dat hy ook nie deur die Unie-regering as sulks beskou word nie;¹⁴ dat sy pligte en funksies uiteraard nie dié van 'n buitelandse verteenwoordiger is nie; dat die hoëkommissaris 'n amptenaar van die Tesourie en nie van Buitelandse Sake is nie en dat 'n vergelyking van die status van die Unie se verteenwoordigers by die regerings waar hulle geakkrediteer is, aantoon dat gesante 'n hoër status as hoëkommissarisse beklee. In al hierdie argumente van hom kon hy òf sterk leun op eie ervarings òf op verklarings en ondervindinge van sy Kanadese en Ierse kollegas, mnr. Larkin en Smiddy onderskeidelik.

Louw het ook op 22 en 29 April van hom laat hoor oor hierdie kwessie en nog meer bewyse vir sy sienings na vore gebring.¹⁵ Sou die regering dieselfde doen t.o.v. buitelandse verteenwoordigers in die Unie, het hy gevra, en daarop gewys dat in

13. Hy het daarop gewys dat tydens sy hoëkommissarisskap in Londen genl. Hertzog versoek het dat hy as 'n gesant behandel sou word, waarop Amery laat blyk het dat dit nie gedoen kon word nie.

14. In hierdie geval het hy daarna verwys dat genl. Hertzog geweier het om hom, die hoëkommissaris, as enigste kanaal van kommunikasie met die Britse regering te beskou.

15. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 22.4.1930 en 29.4.1930.

die Unie¹⁶ maar ook in die buiteland¹⁷ reeds minagtend van die Unie se gesante gepraat word; hoe erg sou dit nie wees indien die nuwe verwikkeling bekend word nie?

Louw het vir Hertzog herhaaldelik gerus gestel omtrent sy motiewe:¹⁸

"Een versekering wil ek u egter gee, nl. dat my houding oor hierdie kwessie van rangorde nie deur persoonlike konsiderasie beïnvloed is nie. My hart en siel is in hierdie diplomatieke werk - die uiterlike bewys van ons onafhanklike status - en ek wil graag sien dat ons Diplomatieke Diens van die begin af in hoër aansien moet wees by die res van die wêreld. Dit was (en is) vir my 'n bitter teleurstelling dat die Gesante 'n ondergeskikte posisie moet neem in vergelyking met die Hoër Kom., wie, op sy beste genome, nie die internasionale status van 'n Gesant het nie."

Of dit blote toeval of die resultaat van voorafberaadslagings was, kon nie vasgestel word nie, maar op presies dieselfde datum waarop Louw se protesbrief geskryf is, het ook die gesant in Den Haag, Dan J. de Villiers, beswaar teen die nuwe

16. Louw het verwys na 'n opmerking van kol. D. Reitz in die Unie-volksraad, wat na die gesante verwys het as "verheerlikde agterryers". Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 15 (1930): kol. 3222.

17. In hierdie verband het Louw sy ervarings in Londen opgehaal, toe daar "op half skimpende wyse" verwys is na die Unie se voorneme om gesante te benoem.

18. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/JBMH, 7.5.1930. Kyk ook E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 9.4.1930 en 22.4.1930.

reëling aangeteken. Soos Louw, het ook hy die oplossing van die nuwe probleem in die opgradering van die pos van hoëkommissaris beskou. De Villiers het dit uiters belangrik geag dat die heersende idee van Suid-Afrika se ondergeskiktheid aan Engeland uit die weg geruim sou word.¹⁹

Teen die helfte van 1930 het Louw die vrug op sy protes tydens die "Passfield-dinner" aanskou, toe 'n vraag oor die status van die hoëkommissaris in die Britse laerhuis gevra is en die eerste minister beloof het dat die saak op die aanstaande Imperiale konferensie bespreek sou word. Dit, tesame met die aankondiging in November die vorige jaar dat groter erkenning voortaan by amptelike funksies aan hoëkommissaris gegee sou word,³⁰ was vir hom iets om op trots te wees. Sy diplomاسie was geslaagd, het hy by Te Water gespog:²¹

"So my protests were not in vain. I knew that Bodenstein (and you yourself!) were doubtful as to whether I had done the right thing - but I am convinced that in dealing with Downing Street, it is best 'to take the bull by the horns' - om padlangs te praat."

Die op hande synde Imperiale konferensie was vir Louw die aangewese tyd om die stryd om die status van die hoëkommissaris tot voltoëring te bring en hy het sterk by Te Water daarop

19. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: DJdeV/JBMH, 9.4.1930.
Die saak is ook deur hom aangeroer in briewe gedateer 29.4.1920 en 19.6.1930.

20. Kyk hoofstuk 7, p. 271.

21. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 8.7.1930.

aangedring dat hy Hertzog se arm moes draai. Sy pos moes ten alle koste diplomatieke status kry omdat dit in die praktyk en in die oë van vreemde lande van 'n laer rang as dié van die gesante beskou word:²²

"Your status in London is determined not by what the Union Government may decide, but by the status accorded to you by the Government to which you are accredited, viz. G. Britain ... I want to see your status raised and I have fought for that in London - and also since I have been back in die U.S.A. I would be the first to congratulate you if you are given actual diplomatic status, and to acknowledge that under such circumstances the H.C. is the 'ranking' Union Representative abroad."

'n Ander aangeleentheid waaroor Louw nie gelukkig gevoel het nie, was die weiering van die regering dat hy as gesant visas en paspoorte kon uitreik - iets wat wel deur sy Kanadese en Ierse ampsgenote gedoen is. Hy kon die praktiese situasie, waarvolgens sodanige aansoeke deur die Britse ambassade gehanteer moes word, nie met sy geloofsbriewe rym nie, waar dié aan hom die bevoegdheid verleen het om alle Suid-Afrikaanse aangeleenthede te hanteer. Boonop het dit syns insiens 'n baie swak indruk geskep van die sogenaamde onafhanklikheid van die Unie.²³

In 'n brief aan dr. Malan het Louw hierdie optrede van die regering daaraan toegeskryf dat hulle eers met Downingstraat in verbinding was en dat laasgenoemde se antwoord vermoedelik

22. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 8.7.1930.

23. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 30.1.1930.

Kyk ook band 72: My Herinneringe aan genl. Hertzog, p. 3.

ongunstig was - soos verwag kon word:²⁴

"Natuurlik, sal hul hul bes doen om dit te verhinder, en te probeer vermy dat 'n Doeminium gesant internasionale funksies uitoefen. Dit is hul doel en hul strewe. Die eenheid van die Empire moet bewaar word - Doeminiale politieke diplomatieke verteenwoordiging moet maar van die 'speel-speel' soort wees, sodat dit kan daal in die estimasie van Amerika en ander nasies. En ons speel reguit in hulle hande! Wat het dan geword van ons beginsels waarvoor ons so lang geveg het? ... Waar gaan dit alles heen? Ek is al vyf jaar uit die land, en die Nasionale beginsels wat ek huldig is die van 1925. Het daar dan tydens my afwesigheid 'n verandering gekom - en indien so, waarom?

Dr. Malan se antwoord op Louw se beswaardheid was dat Brittanje wel daartoe bereid was, dog dan moes die Unie alle konsulêre werk oorneem. Hiervoor het die Unie nog nie die nodige personeel gehad nie.²⁵ Met hierdie "ultimatum" van die Britse regering sou Louw seker 'n plan kon gemaak het, want hy het vas geglo dat die regering en sy verteenwoordigers alles in hul vermoë moes doen om Britse pogings om van die Ryk 'n politieke eenheid te maak, teen te gaan.²⁶

Teen die einde van 1930 het Louw weer eens vertoë in hierdie verband tot genl. Hertzog gerig,²⁷ en met sy besoek aan die Unie teen die helfte van 1931 het hy die saak persoonlik verder gevoer. Die saak is geskik en Louw kon voortaan pas-

24. E.H. Louw-vers., band 2: EHL/DFM, 9.6.1930.

25. E.H. Louw-vers., band 2: DFM/EHL, 10.6.1930.

26. E.H. Louw-vers., band 2: EHL/DFM, 9.6.1930.

27. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 19.11.1930.

poorte en visas uitreik.²⁸

13

Kort na sy diensaanvaarding het Louw ook te doen gekry met die praktiese toepassing van die vlagwet, waaroor hy en sy vriende destyds in New York so ontstig was.²⁹ Die dualiteit van 'n nasionale vlag en die Union Jack as simbole van Suid-Afrika het, soos talle ander verskynsels, die gevoel by Amerikaners laat posvat dat Suid-Afrika tog maar aan Brittanje onderhorig en sy gesante blote verteenwoordigers van die Britse Ryk was. In Februarie 1930 het Louw dienaangaande aan genl. Hertzog geskryf en om 'n wysiging in die vlagwet gevra. Hy was oortuig dat die Opposisie daarvoor te vinde sou wees.³⁰

In Maart 1931 het die departement van Buitelandse Sake ontwerpinstruksies vir die hys van vlae by buitelandse gesant-

28. E.H. Louw-vers., band 72: My Herinneringe aan genl. Hertzog, pp. 5-6. Louw vertel dat Hertzog die sekretaris van Buitelandse Sake ingeroep het en hom opdrag gegee het om toe te sien dat dié magte aan Louw verleen word. Louw meen egter verkeerdelik, in hierdie dokument, dat Hertzog nie deur sy amptenare van sy vertoë verwittig is nie. Naas briewe aan die departement gerig, het Louw tog ook etlike kere die saak direk aan Hertzog genoem, soos blyk uit die voorafgaande bespreking. Boonop het dr. Malan reeds vroeër as minister van Binnelandse Sake aan hom die reg verleen om visas wat onder Malan se departement ressorteer, uit te reik. Kyk E.H. Louw-vers., band 2: DFM/EHL. 9.6.1930.

29. Kyk hoofstuk 6, p. 243 e.v.

30. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 24.2.1930.

skappe opgestel en is dit o.a. aan Louw voorgelê.³¹ Louw kon hom nie daarmee vereenselwig nie. Nie net was dit teen alle diplomatieke gebruike in dat die vlae elke dag gehys moes word nie, maar dit was ook ongehoord dat 'n ander land se vlag voor die kantoor van die Unie-gesant sou wapper. So-iets sou net die idee van onderthorigheid aan Brittanje verder onderstreep, het hy gevoel. Buitendien het sy legasie nie oor 'n vlagpaal beskik nie en het hy tot dusver, op amptelike Amerikaanse of Suid-Afrikaanse dae, die Unie-vlag in die venster van sy woonstel op die boonste vloer laat wapper. Vir die Union Jack sien hy werklik nie kans nie.³²

Soos dikwels die geval was, het Louw sy standpunt hieromtrent ook teenoor dr. Malan verdedig. Hy was vasberade om, indien die regeringswetsadviseur se interpretasie met syne verskil, die kwessie tot in die parlement te probeer voer: "Ons land neem sy eerste skrede in die diplomatiek, en dit is baie wenslik dat ons niks moet doen wat in stryd is met erkende internasionale en diplomatieke praktyk nie."³³

Op 'n besoek aan Suid-Afrika teen die middel van 1931 het Louw die saak met genl. Hertzog bespreek. Van dié besprekinge is niks bekend nie, behalwe dat Hertzog aan Louw die groen lig

31. E.H. Louw-vers., band 2: EHL/Sekr. Buit. Sake, 20.4.1931. In dié brief verwys Louw na die instruksies sonder om dit van nader te omskryf.

32. E.H. Louw-vers., band 2: EHL/Sekr. Buit. Sake, 20.4.1931.

33. E.H. Louw-vers., band 2: EHL/DFM, 23.4.1931.

gegee het om na eie goeddunke te handel. Hy het toe net een vlagpaal voor sy gesantskapskantoor opgerig en die Unievlag daaraan laat wapper.³⁴ Voorlopig was daar vrede oor hierdie aangeleentheid.

Soos tydens sy termyn as handelskommissaris, het Louw in sy nuwe pos as gesant met hernude ywer en durf Suid-Afrika se status as onafhanklike en soewereine staat, in 'n vry en vrywillige verhouding saamgebind in die Britse Statebond, aan Amerikaners voorgehou. Die Amerikaanse siening van die Unie en die ander dominiums, soos Louw dit in sy briewe en verslae geskilder en telkens met voorbeelde en gevalle geïllustreer het, was dat die sogenaamde dominiale status van minderwaardige aard was en dat Suid-Afrika inderwaarheid nog maar onder Britse gesag geressorteer het.³⁵ Die groot vlieg in die self was, volgens Louw, die term "Empire" of Ryk en die ongelukkige gebruik daarvan in die Balfour-verklaring van 1926, wat die indruk skep dat die Ryk 'n politieke en internasionale eenheid was. Ook het Britse verteenwoordigers maar te geredelik dié term in plaas van Statebond gebruik, en so die verwarring

34. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/Sekr. Buit. Sake, 15.4.1935, as bylae tot EHL/CTW, 17.5.1935.

35. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/JBMH, s.d. (Junie 1930). Dis in hierdie brief waar hy die vraag gestel het of hy dan te haastig was, en dit beantwoord het met 'n verwysing na 'n hoofartikel in die New York Evening Post (uitknipsel aangeheg by brief aan Hertzog); waarin o.a. gesê word: "The Dominions, so to speak, has been swallowed up in the Commonwealth." Vgl. ook voetnoot 8, bo.

doelbewus aangehelp.³⁶ In 'n radiorede op 28 Desember 1929 het Louw sy siening van die Ryk en die Statebond as twee afsonderlike entiteite verkondig,³⁷ terwyl 'n dergelike standpuntinname in 'n toespraak op Springfield, Illinois, groot belangstelling uitgelok het.³⁸

Hoewel Die Burger net in 'n klein beriggie daarna verwys³⁹ en die Cape Times skynbaar geen publisiteit aan Louw se toespraak verleen het nie, het koerante van die Argus-groep baie aandag daaraan gegee. Die Cape Argus se hoofartikelopskrif, "Diplomat or Politician?", spreek vir sigself; as Louw dan nie instaat is om politikus van die diplomaat te skei nie, kan hy gerus maar weer sy plek in die parlement kom inneem.⁴⁰ Ook The Star het Louw se oordeelsvermoë bevraagteken en gemeen "it is quite time the Union Government blew their whistle and gave this venturesome emissary the warning he deserves."⁴¹

In teenstelling met Louw, wat in sy toespraak die hoop uitgespreek het dat die komende Rykskonferensie die uitstaande konstitusionele

36. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 30.7.1930.

37. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: "Radio Address ... Columbia Broadcasting System", aangeheg by EHL/JBMH, 2.1.1930. In hierdie uitsending het Louw ook 'n kort woord in Afrikaans tot luisteraars in die Unie gerig en o.a. gemeld dat hy versoek is om die musiek van die Unie se volkslied te verskaf, sodat dit met die uitsending gespeel kan word. Omdat die Unie nie 'n volkslied gehad het nie, het Louw dit toe maar goed gedink om Die Stem se melodie aan te beveel.

38. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/JBMH, 20.10.1930, met bylae, 'n gedeelte van sy toespraak.

39. Die Burger, 24.10.1930.

40. Cape Argus, 24.10.1930: hoofartikel.

41. The Star, 25.10.1930: hoofartikel. Berig in 23.10.1930.

beperkinge uit die weg sou ruim,⁴² het Smuts 'n ander siening openbaar: "This conference should pull us together as nothing else would." Só kon verhoed word dat "this great Empire - the greatest power for good we have", uitmekaar sou spat.⁴³ In hierdie teenstrydige uitsprake is die twee teenpole in die Suid-Afrikaanse politiek sedert 1912 baie duidelik afgeëts.

Oor die reaksie op sy toespraak skryf hy aan Te Water, en openbaars terselfdertyd 'n baie interessante aspek van sy diplomatieke siening wyse:⁴⁴

"I see the Argus, Star, etc. etc. are giving me blazes because I dared to tell an American audience that the British Empire and the British Commonwealth are two separate conceptions - and that the British Commonwealth is not an international unit - which its member-states are. I thought even the Saps were in agreement with that! It just shows that the old idea of an Empire super state is still always present in their minds - subordination of S. Africa's interests to that of the great and glorious Empire! I tell you Charles - its not good trying to beat the Englishman with conciliation and fine words. we are then using his own pet weapons with which he is a past master - and he will beat us every time. Straight talk and an uncompromising attitude are the only weapons to use - and don't lay them aside even if you think the victory is won. Thats my policy!"

Die Rykskonferensie van 1930 kon, volgens Louw, veel doen om die verkeerde opvattinge met betrekking tot die terme Ryk en Stateboord uit te skakel. Hy het gevolglik ernstig by genl. Hertzog daarop aangedring dat 'n duidelike skeidslyn getrek moes word, terwyl Brusse verteenwoordigers in die buiteland versoek moes word om verske-

42. The Star, 23.10.1930.

43. The Star, 23.10.1930: te Pretoria.

44. C.T. de Water-vers., band 14: EHL/CTW, 4.12.1930.

tiger te wees met die gebruik van die term "Empire".⁴⁵

Hoewel die Rykskonferensie vir hom op die ou end maar 'n mislukking was, omdat daar van sy beoogde duidelike verklaring aangaande die dominiums se status niks gekom het nie,⁴⁶ het Louw ywerig volhard in sy pogings om die Unie se status aan die Amerikamers te verduidelik. Resultate het nie uitgebly nie: 'n jaar na sy toespraak te Springfield het 'n amptenaar van die Amerikaanse departement van Buitelandse Sake presies dieselfde sieninge oor die Britse Ryk en die Statebond op 'n openbare vergadering verkondig. Dit was die uitvloeisel van sy Springfield-toespraak, 'n kopie waarvan destyds aan die betrokke departement verskaf is, het hy trots aan Hertzog berig; dit dien darem as bewys van die waarde van die gesantskap in Amerika, veral waar dié sieninge nou op amptelike vlak verkondig is.⁴⁷

Louw het ook aan Hertzog verslag gedoen oor twee interessante gesprekke wat hy in verband met die Unie se verhouding tot die Statebond gevoer het, te wete met die Britse vors tydens 'n besoek aan Londen kort na sy aanstelling as gesant in Washington, en met sir William Jowitt, die Britse prokureur-generaal, op 'n amptelike funksie van die Britse Ambassade. Die koning was, volgens Louw se verbatim-verslag aan Hertzog van hul gesprek, nie baie gelukkig met die aanstelling van Suid-Afrika

45. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/JBMH, 30.7.1930.
Vgl. ook E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 12.2.1930,
vir sy ondervindinge in dié verband tydens sy ampstermyn
in Londen.

46. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 4.12.1930.

47. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 21.12.1931.
Die toespraak van die Amerikaanse amptenaar is ook gepubliseer.

se diplomatieke verteenwoordigers nie, terwyl Louw dit uitdruklik op sy hart gedruk het dat die Unie heeltemal onafhanklik is en dat hy Suid-Afrika se belange eerste stel.⁴⁸ Jowitt weer was intens bekommerd oor en gekant teen enige opvatting dat die reg tot afskeiding van die dominiums erken sou word. Hieroor het Louw intens met hom verskil, en sy standpunt as volg gestel:⁴⁹

"We accepted the 1926 Resolutions. General Hertzog has loyally abided by those resolutions. He persuaded his people to accept them because they gave to the Union the status of sovereign independence. He told them that the association was described as voluntary - that we have the right to secede. If you now deny that right then you strike at the root of the arrangement arrived at in 1926, and many people in South Africa will regard it as a breach of trust - and the fight will start all over again."

Toe Jowitt hom daarop attent maak dat sy party nooit die reg tot afskeiding sou erken nie, het Louw gereageer deur daarop te wys dat Hertzog ook sý volgelinge se houding in gedagte moes hou. Daar was juis 'n groep wat sterk oor hierdie saak voel, en enige demper wat nou op die opvatting van die reg

48. E.H. Louw-vers., band 82: "Bespreking met Koning George V". Hierdie dokument was kennelik 'n bylae tot 'n brief aan genl. Hertzog, dog dié ontbreek. Op Louw se verslag is die datum 13.1.1932 asook die woorde "Gestempel 'Vertroulik'" deur minister Beyers aangebring, dog laasgenoemde inskripsie is deurgehaal.

49. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/JBMH, 26.8.1930. Louw het duidelik laat blyk dat hy slegs sy persoonlike menings uitgespreek het - bloot 'n gebaar om nie vir Hertzog in verleentheid te laat beland nie. 'n Kopie van die verslag van sy gesprek met Jowitt is ook aan Te Water gestuur. Kyk C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 4.12.1930.

tot afskeiding geplaas mog word, sou slegs hul hande sterk en die republikeinse strewe aanhelp.⁵⁰

Van meet af aan gekant teen enige aksie wat selfs net die skyn van gebondenheid aan Brittanje kon gee, verbaas dit nie dat Louw sterk gekant was teen die hou van die Rykskonferensie in 1930 nie. Aan Te Water het hy sy bedenkinge so gemotiveer:⁵¹

"Tremendous pressure will be brought to bear upon the General and Havenga - it is the last chance of the Imperialists to effect what they call the 'Unity of the Empire', politically and especially economically. It is the second aspect about which I have qualms. If they succeed, then our struggle since 1912 have been in vain."

Louw, wat nie 'n geleentheid laat verbygaan het om die erns van die hele status-kwessie onder genl. Hertzog se aandag te bring nie, het reeds in Februarie 1930, met die oog op die aanstaande konferensie, uitvoerig verslag gelewer van die probleme wat hy in Londen ondervind het. Hieronder het getel sake soos die internasionale siening van die verhouding tussen Brittanje en die dominiums, die betekenis van die term "dominiums" self, die noodsaaklikheid om interstaatlike onderhandelings via hoë-

50. Hoewel Hertzog na die Balfour-verklaring nie ten gunste was van uittrede uit die Statebond nie, en hom ook teen 'n republiek uitgespreek het, wil dit uit hierdie vertolking van sy houding voorkom asof hy tog wel die reg tot afskeiding erken het. Kyk ook M.C.E. van Schoor: Die Herlewing van die Republikeinse Ideaal, 1902-1961 (Van Jaarsveld en Scholtz (red.): Die Republiek van Suid-Afrika, p. 165).

51. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 8.7.1930.

kommissarisse te voer, die ongewenstheid van gemeenskaplike optrede tydens konferensies en die oogmerke van die Empire Marketing Board.⁵²

Afgesien van sy teleurstelling oor die silswye met betrekking tot diplomatieke status tydens die konferensie, was Louw, saam met die Amerikaners, sigbaar verlig toe die konferensie skynbaar nie daarin kon slaag om die beoogde ekonomiese "ringmuur" rondom die Britse Ryk te bou nie.⁵³ Maar daar was groot teleurstelling oor die konferensie se stilswe met betrekking tot die statuskwessie, soos blyk uit 'n skrywe van Louw aan Te Water:⁵⁴

"Call it academic, or idealistic, or merely political - or what you will, but what we in S.A. are interested in at the present time is a clear and unequivocal statement about our political status - and in that respect the conference has "fallen down" hopelessly ... One has only to read the foreign press to realise that - I think I told you of the comments of the American Press. These were decidedly uncomplimentary to 'Dominion Status' and to S.A. aspirations in particular. In the mind of the foreigners the Dominions lost - and lost badly. The failure to raise the secession and Privy Council questions was commented upon very sarcastically by some of the leading papers here. In the minds of the people over here it has now been definitely settled that (1) the Br. Commonwealth is a unit, (2) that the Kingship is indivisible and (3) that 'loyal' secession is impossible.

52. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 12.2.1930. Kyk ook hoofstuk 7, pp. 260 - 262.

53. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 4 en 19.11.1930.

54. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 4.12.1930.

I have sent the General a whole bunch of cuttings, some of which will probably annoy him very much."

Daar was by Louw veral ook baie bedenkinge oor die houding ten opsigte van die vraagstukke van sesessie en deelbaarheid van die Kroon:⁵⁵

"I tell you Charles, the more I study the 'secession and the Throne' clause, the less I like it. For once in my life I am inclined to agree with Jannie Smuts - or rather, with his interpretation. There is 'more than meets the eye' in that 'Common Crown', 'Common allegiance' business especially when taken in conjunction with the proviso that no alteration to the succession would be made without the consent 'of all the Dominions'. Note the word 'all'. If the Kingship were divisible then the position would be very difficult. 'Ons is vas!'"

Louw het ook baie skepties gestaan teenoor die Ottowakonferensie, wat in Julie-Augustus 1932 met die oog op nuwer ekonomiese samewerking van die Gemenebes-lande gehou is. "Business becomes before sentiment!", was sy slagkreet al in Desember 1930 in 'n vooruitbeskouing van dié konferensie. En dan was daar nog die kompromiterende situasies wat gewoonlik met sodanige ooreenkomste gepaard gaan en wat hom nie aangestaan het nie.⁵⁶ Teenoor dr. Bodenstern het hy in 'n persoonlike brief self die mening uitgespreek dat die Unie nie eens die moeite

55. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 4.12.1930. Kyk ook J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/JBMH 26.8.1930 en 30.9.1930. Louw het toe al laat blyk dat die reg tot afskeiding syns insiens nie op die komende konferensie erken sou word nie.

56. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 4.12.1930.

moes doen om 'n spesiale afvaardiging na Ottawa te stuur nie,⁵⁷ terwyl hy sy teenstand teen deelname aan Hertzog gemotiveer het deur te sê dat die Unie nie moes deel in enige besluite wat aan die onafhanklikheid van die dominiums afbreuk sou doen nie. 'n Stelsel van wedersydse handelsooreenkomste was syns insiens verkiesliker.⁵⁸

Die uitslag van die Ottawa-konferensie was vir Louw bemoeidigend, omdat die idee van Rykseenheid syns insiens daar "die bodem ingeslaan" is en die Amerikaners nou begrip gekry het dat die dominiums werklik onafhanklik is.⁵⁹ Hy het egter in sy standpunt volhard dat bywoning van die konferensie, veral in die lig van die heersende ekonomiese nood, nie nodig was nie; die sluit van 'n aantal bilaterale verdrae, soos wel gebeur het, kon baie maklik deur wedersydse onderhandelinge geskied het.⁶⁰

57. E.H. Louw-vers., band 2: EHL/Bodenstein, 9.3.1931.

Louw het self nie die moeite gedoen om die konferensie by te woon nie daar dit sy somervakansieplanne in die wiese sou ry.

58. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 24.11.1931.

59. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 1.9.1932.

60. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 27.8.1932.

Minister Havenga weer het van die standpunt uitgegaan dat die weg tot die sluit van sodanige verdrae vir die eerste keer by hierdie konferensie geopen is, en het bewerings van "n Imperiale ringmuur politiek", die term waarvoor Eric Louw so lief was, as ongegrond bestempel.

Kyk N.J. van der Merwe-vers., band 2: NCH/NJvdm, 2.11.1932.

In Louw se volgehoue stryd om die status van Suid-Afrika ook in die praktyk erken te kry, was daar vir hom darem hierdie ligpunt vroeg in die dertigerjare, naamlik dat genl. Smuts sy kritiese standpunt ten opsigte van gesantskappe gewysig het.⁶¹ En dit, na 'n besoek aan Amerika waartydens hy ook by Louw se kantoor aangedoen het en deur laasgenoemde onthaal en rondgewys is.⁶² Hiervan skryf Louw onder andere soos volg aan te Water:⁶³

"Smuts is over here and is receiving a very big reception. There is no doubt that he enjoys a tremendous reputation in the United States. His visit is treated as 'front page stuff' by the press, which means quite a lot in this country. He arrives in Washington on Monday afternoon, and on Tuesday I am giving a luncheon in his honour, to which I have invited about 30 leading men from the diplomatic, political and official circles. On Tuesday I have to present him to the President. In view of Smuts' attitude towards the establishment of Legations, the situation is somewhat amusing."

Generaal Smuts was skynbaar baie beïndruk met die wyse waarop Louw sy werk verrig het⁶⁴ en het sedertdien 'n heeltemal ander houding jeens die gesantskappe ingeneem. Dié verandering is

61. Vgl. hoofstuk 6, p. 225.

62. Smuts was 'n gas van die Volkebond en sou etlike plekke in die V.S.A. en in Kanada besoek. Op 14 en 15 Januarie 1930 het hy by die gesantskap te Washington besoek afgelê, waar Louw vir hom as "vooraanstaande burger van Suidafrika" 'n amptelike noenmaal aangebied het. Kyk E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 5.12.1929.

63. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 8.1.1930.

64. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 21.1.1930 en CTW/EHL, 3.2.1930.

deur Louw toegeskryf aan dit wat Smuts aanskou het en aan gesprekke wat tussen hom en Smuts en ook tussen Smuts en die Kanadese verteenwoordiger gevoer is.⁶⁵

Die bekende sir Herbert Baker, wat in hierdie tyd as argitek van die beoogde Suid-Afrikahuis in Londen aangewys is, het genl. Smuts op sy besoek vergesel. Sy indrukke van die optrede van Smuts en Louw is interessant. Smuts, sê hy,⁶⁶

"harped a little much to American audiences - as does young Louw eventually - on the Boers fight for freedom; I felt the other side was left unsaid ... But that was natural and it caught the audience and proved impartiality when he went on to talk of the 'magnanimity of the British Empire unparalleled in history'..."

Dat Smuts in Louw se teenwoordigheid wel na die Anglo-Boereoorlog verwys het, is 'n vasstaande feit,⁶⁷ dog dis hoogs te betwyfel of Louw enige uitlating van die aard van "magnanimity of the British Empire unparalleled in history" ongenoemd sou laat deurgaan. Miskien het Smuts ook al teen hierdie tyd 'n goeie prentjie van die energieke jong diplomaat se sieninge ten opsigte van die Britse Ryk gehad en het hy dié soort uitsprake vir ander geleenthede gebêre.

65. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 10.5.1930.

66. Patrick Duncan-vers., band 94: HB/P. Duncan, 21.1.1930. Louw weer het gemeen dat Smuts darem te ver gegaan het in sy lofuitinge oor die Amerikaners en alles wat Amerikaans is. Kyk C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 21.1.1930.

67. C.T. Water-vers., band 14: CTW/EHL, 28.3.1930.

Ook oor Louw het Baker iets te sê gehad:⁶⁸

"Louw entertained us well. He held his head very high at first: would accept no help from the British Embassy or Canadian legations; but he will settle down into his place, they think."

Vriend Te Water het vanuit Londen laat weet dat Louw se ont-
haal van Smuts en die gelewerde toesprake die tema van 'n
"despatch" in Britse regeringslêers was: "In other words,
your diplomatic work is being watched over there and reports
made on it." Hy sou in elk geval sy oë oophou vir verdere
sodanige rapporte, het hy beloof.⁶⁹

Eric Louw het sy pos as gesant in Washington 'n dag voor die
ineenstorting van die Wallstraatse aandelemark aanvaar.⁷⁰
Hy het gevolglik die Amerikaanse ekonomiese depressie met al
sy paniek en die altyd wyer-kringende effek daarvan totdat
dit wêreldwyd invloed uitgeoefen het, van naderby beskou en
self deurleef. Aan die begin van 1930 het hy berig dat die
toestand baie erger was as wat algemeen beseef is,⁷¹ dog teen
die helfte van die daaropvolgende jaar het hy, op besoek aan
Suid-Afrika, 'n boodskap van hoop op geleidelike ekonomiese
herstel gebring.⁷² Aan die einde van 1931 was die toestand

68. Patrick Duncan-vers., band 94: HB/PD, 21.1.1930.

69. C.T. te Water-vers., band 14: CTW/EHL, 28.3.1930.

70. Washington Post, knipsel s.d.: rubriekskrywer George
Abell se onderhoud met Louw voor sy vertrek na Rome.

71. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 15.12.1930.

72. Die Burger, 6.1931. Kyk ook E.H. Louw-vers., band 81:
EHL/JBMH, 13.3.1931.

egter weer sorgwekkend, het hy gerapporteer nadat hy met 'n aantal vise-presidente van twee groot Amerikaanse banke gepraat het.⁷³

Sedert Engeland in September 1931 van die goudstandaard gestap het, het die Unie Amerika se voorbeeld gevolg en vasberade op goud probeer bly. Vir dié doel is onder andere gepoog om 'n groot finansiële lening van Amerika te verkry. Ten spyte van ywerige pogings van Louw, kon hierdie lening nie realiseer nie. Volgens Louw het 'n taktiese flater deur een van sy amp-tenare en op advies van die Unie se departement van Finansies, om naamlik eers met 'n bank wat sterk affiliasies in Brittanje gehad het, te skakel, 'n groot rol in die mislukking van die aansoek gespeel. Die grootste faktor was egter die finansiële nood waarin die Amerikaanse bankwese vanself verkeer het.⁷⁴

Terwyl genl. Hertzog, minister Havenga en die regering hard probeer het om, te midde van verbete pogings van Smuts en die Opposisie-pers tot die teendeel, die goudstandaard te handhaaf, het Louw dár in Amerika sy hande vol gehad om Suid-Afrika se saak in die regte lig te stel. Misleidende berigte, of wat hy ook "Reuter propaganda" genoem het, het die Unie se kredietwaardigheid geaffekteer en hy het dit nodig

73. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JEMH, 18.12.1931.

74. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 23.11.1931.
Kyk ook E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JEMH, 5.11.1931.

gevind om dit teen te werk.⁷⁵ Nog voordat hy aangevraagde inligting vanuit Suid-Afrika ontvang het, het hy op eie verantwoordelikheid die Unie se standpunt voor Amerikaanse leeshoorders en die pers uiteengesit en verdedig. "U sal oplet", het hy aan genl. Hertzog in dié verband geskryf,⁷⁶

"dat ek 'n taamlike sterke verklaring gemaak het aan die United Press korrespondent. Ek beskou dit noodsaaklik dat, viral hier, waar so baie propaganda reeds gemaak is, ons nie 'doekies moet omdraai nie'. Die houding van Suid-Afrika oor hierdie sake moet duidelik en reguit verklaar word. Dit bevorder ons 'saak' - en verder dien dit om die Amerikaners nou reeds bekend te stel met al die dinge wat op die spel is - indien Suid-Afrika miskien gedwing word om die goudstandaard te verlaat. Indien dit nou gebeur dan weet hul dadelik wat daartoe gelei het, en die skok vir ons krediet is dan nie so groot nie."

Die verklaring aan United Press, waarna Louw in sy brief aan Hertzog verwys het, het só begin:⁷⁷

"The Union of South Africa is fighting for its economic independence ... Powerful interests in Great Britain, working in connection with certain interests in South Africa, are, for financial and political reasons, trying to push South Africa off the gold standard ..."

-
75. E.H. Louw-vers., band 82: EHL/JBMH, 12.1.1932 en 27.1.1932. Vgl. ook, in dieselfde band, EHL/JBMH, 24.10.1932 en 10.1.1933.
76. E.H. Louw-vers., band 82: EHL/JBMH, 12.1.1932. Die oorspronklike brief is in J.B.M. Hertzog-vers., band 64.
77. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: aanhangsel by brief EHL/JBMH, 12.1.1932. Hy het ook 'n uitknipsel uit die Washington Post betreffende dié verklaring aan Te Water gestuur, met die opmerking dat kollegas by die Britse ambassade nie daarvan sal hou nie, maar dat dit nie verhelp kon word nie. Kyk C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 11.1.1932.

Soos Louw voorsien het, het sy uitlatinge nie ongesiens in Britse regeringskringe verby gegaan nie en is daar via die Suid-Afrikaanse goewerneur-generaal navraag daaromtrent gedoen. Generaal Hertzog het skynbaar by voorbaat al tot Louw se verdediging gekom, wat baie deur laasgenoemde op prys gestel is. Dit het Louw egter nie verhoed om 'n verdere lang motivering vir sy optrede aan Hertzog deur te stuur nie, met die versoek om dit onder die aandag van die goewerneur-generaal te bring.⁷⁸

In 'n brief aan Te Water het Louw laat deurskemer dat die posisie van die boeregemeenskap op die ou end tog die regering van die goudstandaard sou dwing. Indien dit gebeur, hoop hy nie dat die regering so dwaas sou wees om vir Smuts die geleentheid te gee om aan bewind te kom nie. Die huidige reaksie teen die regering is van tydelike aard en sou verbygaan sodra die ekonomiese situasie verbeter.⁷⁹

Die handhawing van die goudstandaard en die Unie se konstitusionele status was vir die Nasionale regering en vir Louw onlosmaaklik aan mekaar verbonde: eersgenoemde 'n praktiese bewys van laasgenoemde. Gelyktydig met sy pogings om hierdie situasie aan die Amerikaners te verduidelik het Louw geen geleentheid laat verby gaan waar hy die Unie se dominiale status in die regte lig kon stel nie, veral aangesien "allerhande verkeerde begrippe" in verband met die statuut van Westminster

78. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/Farrell, 14.2.1932 en 16.3.1932.

79. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 11.1.1932.

in die Amerikaanse pers gepubliseer is. Hy het genl. Hertzog op hoogte gehou van die inhoud van sy toesprake en gevra of sy sieninge in ooreenstemming is met dié van die regering.⁸⁰ Die reaksie hierop was baie positief.⁸¹

"Ek kan u die versekering gee dat, sover dit my betref, die houding wat u ingeneem het en die verklaring wat u gemaak het insake die konstitusionele posisie van die Unie, heeltemal juis en korrek is, en my volle goedkeuring wegdra."

Nadat Louw ongevraagd verdere motivering vir die standpunte wat hy ingeneem het, verskaf het,⁸² is hierdie versekering van volle vertroue in hom herhaal, hierdie keer in naam van Hertzog en sy kollegas. Louw moes darem nie dink dat hy hom teengegaan het nie, was Hertzog se boodskap aan hom nadat hy Louw se verduidelikende brief ontvang het.⁸³ Vir Louw, wat nie altyd geweet het of hy nog ooreenkomstig regeringsbeleid opgetree het nie en vir wie genl. Hertzog se versuim om gereed en paraat briewe te beantwoord, enigsins embarraserend was,⁸⁴ moes hierdie onderskraging ten opsigte van sy sieninge oor die Unie se konstitusionele posisie besielend gewees het.

80. E.H. Louw-vers., band 82: EHL/JBMH, 12.1.1932.

81. E.H. Louw-vers., band 82: JBM/EHL, 11.2.1932.

82. E.H. Louw-vers., band 82: EHL/Farrell, 14.2.1932.

83. E.H. Louw-vers., band 82: Bodenstein/EHL, 16.3.1932.

84. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/Bodenstein, 7.6.1930. In dié brief kla Louw dat hy herhaalde kere kwessies aan Hertzog genoem het, "maar deurdát hy nooit antwoord nie, weet ek nie wat sy houding of opinie is nie - en ek tas dus, as't ware, in die duister rond!"

As uitvloeisel van 'n grootskaalse besparingsbeleid te midde van die drukkende ekonomiese toestande in die vroeë dertiger jare, is die Unie se toeristeburo in Amerika vroeg in 1931 gesluit.⁸⁵ Vir Louw was dit 'n baie groot teleurstelling. Hy was wel bewus van die haglike ekonomiese toestande, maar het gemeen dat die aankondiging van summiere sluiting 'n te drastiese stap was, "wat slegs 'n ongewenste psigologiese effek sal hê op publieke opinie, beide in Suid-Afrika en in Amerika." Hy het verder ook beswaard gevoel omdat hy, vanweë sy noue kontak met die betrokke afdeling, nie in die saak geken is nie en omdat dié stap ook invloed op sy gesantskap se werk sou hê, daar die twee instansies mekaar wedersyds aangevul het. Syns insiens sou 'n tydelike vermindering van personeel tot tyd en wyl omstandighede verbeter het, die aangewese weg gewees het; as die depressie verby is, sou dié diens weer benodig word.⁸⁶

Louw het verwys na 'n onlangsgehoue publisiteitskonferensie wat moontlik tot die besluit van die Spoorwegraad aanleiding gegee het. Die werklike motief vir die sluiting moes syns insiens egter gesoek word by daardie groepie persone in Suid-Afrika, en hul pers, "wat bitter gekant is teen Amerika, en

85. Dié kantoor se werk sou voortaan deur Thomas Cook and Son en die American Express Company voortgesit word. *Kyk South Africa*, 1.5.1931, p. 174.

86. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 28.1.1931. In sy toesprake het Louw gereeld die toeriste-atraksies van sy land sterk beklemtoon. *Kyk J.B.M. Hertzog-vers.*, band 64: Teks van "Radio Address ... Columbia Broadcasting System", 28.10.1930, as bylae tot EHL/JBMH, 2.1.1930.

teen enige Unie bedrywigheid hier, hetsy op diplomatieke, handels- of toeristegebied." Hy het terugverwys na sy eie ervarings toe hy nog handelskommissaris was en gesê dat hy sy bewerings met talle koerantuitknipsels kon staaf.⁸⁷

In sy volgehoue stryd om die status van die Unie in die regte lig te stel, was daar vir Louw, naas die volgehoue pogings tot verwarring van Britse kant, nog 'n ander vlieg in die self, nl. die pers. "Reuter is the biggest asset that the Imperialists have and the sooner our people realise it, the better", het hy in Desember 1932 midde-in die goudstandaardkrisis aan Te Water geskryf.⁸⁸ Daar was nou 'n uitstekende geleentheid om die Reuter-monopolie te verbreek, en hy het besonderhede hieromtrent aan genl. Hertzog verskaf: die United Press Association stel belang in die uitbreiding van hul nuusdiens na die Unie en soek ondersteuning van Suid-Afrikaanse koerante. Kon die generaal dalk vasstel hoe sekere koerante oor die saak voel? Hy kon 'n positiewe aanbeveling doen, naamlik dat dié nuwe persgroep onverbonde was, in teenstelling met Reuter wat, volgens sy informasie, in oorlegpleging met die Britse departement van Buitelandse Sake opereer.⁸⁹

87. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 28.1.1931. Met sy aankoms in Suid-Afrika in Junie 1931, op 'n vakansie- en sakebesoek, het Louw in persoonlike sy kritiek op die sluiting van die betrokke kantoor herhaal. Kyk ook Cape Argus, 23.6.1931 en Die Burger, 23.6.1931.

88. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 29.12.1931.

89. C.T. te Water-vers., band 14: Telegram EHL/JBMH, 28.12.1931, aanhangsel by EHL/CTW, 29.12.1931.

Louw het sy kabelvoorstel aan Hertzog opgevolg met 'n brief waarin die posisie uitvoerig uiteengesit is, en sy slotadvies was:⁹⁰

"Ons behoort hierdie kans nie te laat verby gaan nie. Politieke en ekonomiese onafhanklikheid kan baie van sy waarde verloor as die volk van die land deur middel van die magtige pers slegs eensydig informasie kry. So ook kan ons onafhanklikheid in vreemde lande verkleineer word deur die publikasie daar van eensydige berigte."

Soos gewoonlik, het Louw ook voelers in ander rigtings uitgesteek. W.A. Hofmeyr, grootbaas van die Nasionale Pers, het van Louw self sowel as van Hertzog van die voorstel verneem. Hofmeyr was heeltemal insiklik ("Dit sal 'n seën wees want ons vind hom maar baie onbevredigend"), mits dit in die praktyk verwesenlik kon word en United Press ook binelandse nuusdekking kon verskaf.⁹¹ Ook Hertzog het goeie moed gehad dat United Press 'n vaskopplek sou kry.⁹²

Met besparing as wagwoord het die Unie-kabinet in 1932 vrywilliglik 'n persentasie van hul salarisse in die staatskas teruggeploeg, dog daar is aangekondig dat dié besluit nie die oorsese gesante sou raak nie. Louw het uit sy eie voorgestel

90. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/JBMH, 29.12.1931, aanhangsel by EHL/CTW, 29.12.1931.

91. E.H. Louw-vers., band 2: WAH/EHL, 26.1.1932.

92. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: JBMH/EHL, 12.2.1932. Navrae by Nasionale Pers kon ongelukkig geen aanduiding verskaf of en, indien wel, wanneer dié persgroep by die betrokke nuusdiens ingeskakel het nie.

dat sy salaris met £150 ($7\frac{1}{2}\%$) verminder word; hy sou graag meer wou aanbied, dog die hoë lewenskoste en "die biesondere mate van sosiale verpligtings viral in hierdie hoofstad" het dit nie moontlik gemaak nie. Die regering moet asseblief net nie aan die salarisse van sy personeel snoei nie, het hy gevra, want hulle trek maar noustrop.⁹³

Alle pogings was egter tevergeefs. 'n Skok-oorwinning vir die Suid-Afrikaanse Party in die Germiston-tussenverkiesing vroeg in Desember 1932 is opgevolg deur Tielman Roos se opspraakwekkende terugkeer tot die politieke arena met oogmerke die afdwing van die regering van die goudstandaard en die daarstel van 'n koalisie-regering. Die wankelende Hertzog-regering moes die handdoek ingooi en van goud afstap. Naas skouspelagtige ekonomiese herstel sou enorme politieke verwikkelinge hulle binne die volgende paar maande voltrek.

93. E.H. Louw-vers., band 82: EHL/JBMH, 8.3.1932. Louw het goed na sy personeel omgesien. By 'n ander geleentheid het hy om 'n groter toelae vir een van sy amptenare gevra op grond daarvan dat hy (Louw) vanweë hoë lewenskoste 'n hoër toelae toegestaan is. Die hoër lewenskoste tref ook sy personeel, het hy gesê, en opmerkinge van Smuts te dien effekte dat die gesantskappe op stewige grondslag gevestig moes wees, ter ondersteuning van sy aansoek opgehaal. Kyk J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/Bodenstein, 13.2.1930.

Die vraag was wat sou Eric Louw doen?

Saam met Kersgroete, verseker hy Hertzog van sy steun,⁹⁴ en volg dit op met 'n persoonlike briefie:⁹⁵ al sit hy ver en al is sy ondersteuning nie van veel praktiese waarde nie, wil hy darem graag vir Hertzog en die party van sy lojaliteit en getrouheid verseker ingeval 'n splitsing deur Tielman Roos veroorsaak word. En hy praat Hertzog moed in: al is dinge nou onaangenaam en ongerieflik, kan dit op die duur dalk 'n goeie ding wees "dat daar 'n suiweringsproses plaasvind. Sekere ongewenste elemente binne die Party doen veel meer kwaad as die openbare vyand."⁹⁶

Vroeg in 1933 en te midde van die Tielman Roos-woelinge skryf hy aan minister Havenga dat dit vir hom as "veglustige Nasionalis" frustrerend is om op so 'n kritieke tyd tien duisend myl ver te wees.⁹⁷ Getroue vriend dr. Malan het Louw op hoogtghehou van politieke verwickelinge en verneem of Louw dan nie nou wou terugkeer om hulle in die politieke stryd by te staan nie.⁹⁸ Louw het dit skynbaar ernstig oorweeg, dog uiteindelik daarteen besluit.⁹⁹

94. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/JBMH, 27.12.1932.
Hy verwys in hierdie brief na 'n vorige skrywe van die inhoud.

95. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/JBMH, 27.12.1932.

96. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/JBMH, 27.12.1932.

97. E.H. Louw-vers., band 2: EHL/NCH, 13.1.1933.

98. E.H. Louw-vers., band 2: DFM/EHL, 12.1.1933.

99. E.H. Louw-vers., band 2: DFM/EHL, 13.7.1933.

Van al Louw se baie interessante waarnemings en ervarings tydens sy gesantskapstydperk, was daar veral twee sake wat eventueel van groot betekenis sou word in soverre dit sy latere politieke loopbaan in Suid-Afrika aanbetref. Albei hierdie aangeleenthede het te doen gehad met kommuniste en met Jode.

Toe Mexico aan die begin van 1930 uit protes teen Russiese (kommunistiese) propaganda binne dié staat se grense sy diplomatieke verteenwoordiger uit Rusland herroep, het Eric Louw dié gebeure aan genl. Hertzog genoem "omdat hierdie 'n kwessie is, wat in my beskeie opinie, ook van groot belang is vir Suid-Afrika." Hy het daarop gewys dat hy tydens sy hoëkommissarisskap baie aandag gewy het aan emigrasie vanuit die noord-oostelike lande van Europa na die Unie en dat hy onaangenaam getref is deur die jaarlikse vermeerdering daarvan. Baie Amerikaanse state het eenvoudig daardie tipe immigrasie belemmer en selfs verbied, dié van Jode ingesluit.

Hy meld ook dat hy uitgevra is omtrent die Jode in Suid-Afrika, en dat die Amerikaners dit as 'n groot probleem beskou. In New York is feitlik al die groot besigheid in Joodse hande en word hulle in groot getalle in verskillende beroepe aangetref, en is hulle gewoonlik by allerlei knoeipraktyke betrokke. "Die egte en reg-dinkende Amerikaner is oor hierdie verskynsel baie bekommerd", het hy aan genl. Hertzog berig.¹⁰⁰

100. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 19.11.1930.

In Mei 1933 het Louw weer vertel van 'n ontmoeting met die nuwe Duitse ambassadeur in Suid-Afrika, dr. Luther, wat glo 'n sterk Hitler-man was. Volgens Luther was die gebeure in Duitsland nie maar net 'n revolusie nie, maar 'n "her-geboorte" van die Duitse volk en van 'n suiwer Duitse nasionale gees. Luther het hom ook ingelig met betrekking tot die anti-Semitiese beweging en die anti-Duitse gevoel in Duitsland, wat veral veroorsaak is deur Joodse indringing in die handel en beroepslewe. Hy het boonop aangetoon dat kommunisme sedert die Eerste Wêreldoorlog geweldig baie toegeneem het en dat die rol wat die Jode hierin speel, verder bydra tot die anti-Joodse gevoel.¹⁰¹

Vroeg in 1931 het Louw "begin voel na 'n verandering" en genl. Hertzog daaromtrent gepols. Nie net was hy op daardie stadium al meer as vyf jaar in Amerika nie, maar die gezondheidstoestand van sy vrou was nie na wense nie, toe te skryf aan die "verskrikkelike koue winters hier" asook die sosiale bedrywig-hede. Ook die hoë lewenskoste, veral vanweë die noodsaaklike deelname aan die sosiale lewe, is as 'n "faktor" genoem. Verwysende na gerugte oor die instelling van gesantskapsposte te Berlyn en Parys het Louw gewonder of hy nie 'n verplasing kon kry nie. Hy het veral sy oog op Parys gehad en genl. Hertzog meegedeel dat hy die voorafgaande ses-maande al besig was om Frans te leer, ten einde hom meer bekwaam te maak vir diplo-

101. E.H. Louw-vers., band 82: EHL/JBMH, 29.5.1933.

Genl. Hertzog was sy versoek goedgesind en sou dit in simpatieke oorweging neem, dog het Louw meegedeel dat die uitbreidingsplanne vanweë die depressie tydelik op die lange baan geskuif is. Hy het 'n spesiale woord van waardering teenoor mev. Louw uitgespreek vir haar pogings om Suid-Afrika se naam hoog te hou.¹⁰³

Teen die einde van 1933 het Louw sy verplasing gekry en wel om die gesantskap te Rome te gaan stig.

ROME

Te midde van "n toestand van politieke spanning in Europa" het Louw op 1 Januarie 1934 met sy werksaamhede in Rome begin. Kantoorangeleenthede en reorganisasie het eerste aandag gekry, waarna hy, met die oog op samesprekings met belanghebbende persone en amptenare, 'n vlugtige besoek aan Genoa (Italië), Parys en Londen gebring het. In Londen het hy met Te Water

102. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/JBMH, s.d. Uit die inhoud blyk dit dat dié brief voor Oktober 1931 geskryf is. Uit 'n ander dokument (kyk voetnoot hieropvolgend) is dit duidelik dat sy brief in Januarie 1931 geskryf is.

103. J.B.M. Hertzog-vers., band 64: Dr. Bodenstein/EHL, 4.2.1931 (konsep).

en ander gesante oor hul werk gekonfereer.¹⁰⁴

Vanuit die staanspoor was dit veral handelsbetrokkings met Italië en Frankryk wat die meeste van sy aandag in beslag geneem het.¹⁰⁵ Louw het veral tot die besef gekom van die waarde van die handel met Frankryk en tot die konklusie geraak dat die sluit van 'n handelsverdrag met Frankryk onontbeerlik was. In sy eerste verslag aan Hertzog het Louw die noodsaaklikheid van permanente verteenwoordiging in Parys onderstreep; indien Hertzog nog nie bereid was om 'n gesant aan te stel nie, behoort 'n konsul onder toesig van Rome wel benoem te word.¹⁰⁶

Die belangrikste aspek van Louw se dienstermyn in Rome was die bywoning van die Volkebondsvergadering vanaf 10 tot 17 September 1934. In die loop van die verrigtinge het hy gewaarsku dat die Volkebond besig was om sy prestige in te boet vanweë swak optrede in internasionale geskille.¹⁰⁷ En toe

104. E.H. Louw-vers., band 83: EHL/JBMH, 23.1.1934. Kyk ook Die Burger, 18.1.1934.

105. E.H. Louw-vers., band 83: EHL/JBMH, 23.1.1934, 14.2.1934 en 22.2.1934.

106. E.H. Louw-vers., band 83: EHL/JBMH, 23.1.1934.

107. Louw het reeds op Dinsdagsdag (16 Desember) 1931 skerp kritiek op die Volkebond uitgespreek. Hoewel hy baie daarvoor gekritiseer is, het genl. Hertzog, in 'n brief aan Louw, hom gelyk gegee. Kyk C.T. de Water-vers., band 14: EHL/CTW, 17.3.1932.

daar vooraf gepoog is om 'n "koukus"-byeenkoms van Britse en dominiale verteenwoordigers te hou met die oog op bespreking van die Volkebond se agenda, het Louw hom daarvan gedistansieër, sy motief synde dat so-iets die indruk skep dat die betrokke lande as 'n politieke eenheid optree. Dit sou afbreuk doen aan die onafhanklikheid van die dominiums, en hy het sy voorbeeld as 'n reël vir toekomstige byeenkomste voorgehou.¹⁰⁸

In die byeenkoms van die Mandaatskommissie is Louw veral gekruisvra oor die insypeling van Nazi-propaganda in Suidwes-Afrika en oor 'n besluit van die Wetgewende Vergadering van dié gebied waarvolgens inlywing by die Unie voorgestaan is. Op 'n punt van orde het hy geweier om die Unie-regering se amptelike beleid ten opsigte van laasgenoemde aangeleentheid te bespreek omdat dit buite bestek van die 1933-verslag, wat onder bespreking was, geval het. Hy het hom ook nie laat insleep in enige bespreking van die implikasies van moontlike inlywing by die Unie nie¹⁰⁹ en het, in opdrag van genl. Hertzog, ondersoek laat instel met betrekking tot 'n berig in 'n Suid-Afrikaanse koerant oor die moontlike inlywing van Suidwes. Hy het dié berig amptelik teenoor die Volkebond ontken, maar wou dit nie teenoor die pers doen nie.¹¹⁰

"Ek voel oortuig dat 'Die Vaderland'-berig van Berlyn afkomstig was, en dat dit nie in ander koerante verskyn

108. E.H. Louw-vers., band 83: EHL/JBMH, 9.11.1934.

109. E.H. Louw-vers., band 83: EHL/JBMH, 12.11.1934.

110. E.H. Louw-vers., band 83: EHL/JBMH, 14.11.1934.

het nie. Om nou iets te ontken wat nie wêreldkundig is nie, sal miskien die effek hê 'om slapende honde wakker te maak' - en dit kan ook 'n nadelige effek hê op 'n toekomstige inlywingsbeleid wat die Unie Regering mag voorstaan".

Toe daar in Augustus 1935 deur die Cape Argus 'n parallel getrek is tussen Louw se optrede in 1934 en dié van Te Water en die Suidwes-administrateur, dr. D.G. Conradie in 1935, is Louw gekritiseer oor sy "blunt refusal to answer certain questions ..."¹¹¹ Louw het dié suggesties as onregverdig en ongegrond bestempel en die feite van die saak gegee, onder andere die redes waarom hy nie beleidsaspekte ten opsigte van gebeure in 1934 wou bespreek nie:¹¹²

"Had I done so, a precedent would have been laid down which might prove very embarrassing in the future. There was no 'blunt refusal' on my part, and the 'point of order' was discussed calmly and amicably, as you will observe from the concluding paragraph of the Commissions' published Report (Minutes of the 26th Session, page 64) which states: 'The Chairman thanked Mr. LOUW for the information which he had given. He congratulated him on the skill he had displayed in upholding a standpoint which was not that of the Commission. He hoped that Mr. LOUW would not fail to inform his Government of the spirit by which the discussion had been animated'."

Op 'n buitengewone sitting van die Volkebond in November 1934 is Louw veral getref deur die toenemende neiging van state om in groepe op te tree, 'n neiging wat oral in Europa waarneem-

111. Cape Argus, 15.8.1935: hoofartikel.

112. E.H. Louw-vers., band 2: EHL/Editor CA, 23.9.1935.

baar was. Dit hou die gevaar in "dat die organisasie later kan ontaard tot 'n politieke masien", was sy waarneming.¹¹³

In Maart 1933 het Louw weer 'n besoek aan Suid-Afrika gebring. Die dag voordat hy aan wal gestap het, het genl. Hertzog aangekondig dat gesantskappe in Berlyn en Parys gestig gaan word.¹¹⁴ In 'n onderhoud by sy aankoms het Louw na die aanwesigheid van "n nuwe gees van ekonomiese nasionalisme" in Europa verwys en uitbreiding van die Unie se handel met dié wêrelddeel bepleit, om te voorkom dat sy handel benadeel word. Louw het die volgende dag na Beaufort-Wes vertrek en sou eers 'n tydlang vakansie hou, daarna amptelike samesprekinge in Kaapstad voer en dan, einde Mei, na Italië terugkeer.¹¹⁵

Op Donderdag 31 Mei 1934 het die Louws weer na Europa vertrek.¹¹⁶ In 'n onderhoud het hy sy verbasing te kenne gegee oor die groot vooruitgang op kulturele en taalgebied die voorafgaande agt-en-n-half jaar, met die verkryging van die Bybel in Afrikaans uitgesonder as die grootste gebeurtenis. Tog het hy 'n agteruitgang in die handhawing van Afrikaans bespeur, geoordeel volgens waarneminge op sy treinreise in die Unie.

113. E.H. Louw-vers., band 83: EHL/JBMH, 3.12.1934.

114. Die Burger, 22.3.1934.

115. Die Burger, 23.3.1934.

116. Die Burger, 31.5.1934: "Persoonlik".

S. E. ERIC LOUW TRASFERITO A PARIGI

UN MESSAGGIO DI CONGEDO

L'apertura delle relazioni diplomatiche fra l'Italia e il Sudafrica, ha indubbiamente favorito le relazioni amichevoli fra le due nazioni, maggiormente accostandosi. Queste amichevoli relazioni continueranno a progredire, e che ci sarà uguale ritorno

- 7 -

divamente raccomandando l'ottimo lavoro che sta svolgendo la Camera di Commercio Italo-Africana, per lo sviluppo dei rapporti commerciali fra i nostri rispettivi paesi. Arrivederci!

Eric M. Louw.

Roma

1 Sett. 1934.

Verwysende na die dempers wat deur invoer- en voorkeurtariewe op die Suid-Afrikaanse handel geplaas word, het hy weer die aandag op die wêreldtendens van "bargaining" gevestig en sy lot bekla: "In hierdie nuwe internasionale handel-spel het ek geen kaarte om te speel nie!"¹¹⁷

Enkele dae na Louw se vertrek op 4 Junie, is amptelik aangekondig dat Eric Louw die nuwe pos in Parys sou beman. Dr. S.F.N. Gie, sekretaris van Onderwys, is in Berlyn en dr. G.M.A. Heymans in Louw se plek te Rome aangestel.¹¹⁸ Die Burger was baie ingenome met die feit dat die regering weggebreek het van die gewoonte om politici in sodanige poste te benoem; en wat Louw aanbetref, was dit paslik dat hy voortaan die pos sou beklee wat in "diplomatiese weiveld" as die hoogste beskou word, daar hy reeds bewys gelewer het dat hy een van die Unie se "gelukkigste aanstellings" was.¹¹⁹

117. Die Burger, 31.5.1934.

118. Die Burger, 4.6.1934. Dr. Gie was voorheen professor in geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch en het in 1927 Sekretaris van Onderwys geword. Dr. Heymans, 'n Belg van geboorte wat sewe tale magtig was, was vroeër lyfarts van president Kruger en het voor hierdie jongste aanstelling as handelssekretaris te Rome diens gedoen.

119. Die Burger, 5.6.1934.

Na sy terugkeer in Rome het Louw verslag gedoen omtrent die ontmoeting tussen Hitler en Mussolini¹²⁰ en versleggende verhoudinge tussen Oostenryk-Italië en Duitsland na die moord op kanselier Dolfuss.¹²¹ Hy het breedvoerig gespekuleer en beredeneer oor wat in dié deel van Europa staan te gebeur en Nazisme en fascisme van naderby ontleed en teen mekaar opgeveeg, as moontlike beleidsrigting vir aanvaarding in Oostenryk. Syns insiens was die balans ten gunste van eersgenoemde met sy sterk klem op die rasse-faktor, alhoewel die Oostenrykers nie sou toelaat dat Duitsland hulle onafhanklikheid vernietig nie.

Louw het ook onderhoude met Mussolini en die Italiaanse minister van Buitelandse Sake, Suvich, gevoer en veral handelsbetrekkinge bespreek.¹²² Na 'n bietjie gekrabbel oor die voorwaardes vir aanstelling en wel met betrekking tot die kwessie van betaalbare toelae¹²³ en met tussenspel die buitengewone Volkebondsvergadering in Genève in September, het Louw aan dr. Heymans oorhandig en na Parys vertrek.

120. E.H. Louw-vers., band 83: EHL/JBMH, 12.7.1934.
Kyk ook band 72: My Herinneringe van genl. Hertzog, p. 5.

121. E.H. Louw-vers., band 83: EHL/JBMH, 2.8.1934.

122. E.H. Louw-vers., band 83: EHL/JBMH, 12.7.1934.

123. E.H. Louw-vers., band 83: EHL/JBMH, 8.8.1934.

PARYS (en Lissabon)

In Oktober 1934 het Louw nog 'n nuwe gesantskapskantoor vir die Unie van Suid-Afrika in Parys gestig, en daarmee is terselfdertyd 'n lank-gekoesterde persoonlike ideaal van hom verwesenlik, naamlik om in Parys gestasioneer te wees. Ten aanvang moes hy feitlik dag en nag werk om alles in orde te kry¹²⁴ en het hy spoedig ondervind dat dit beslis die bedrywigste setel was wat hy nog beman het.¹²⁵

Louw het hom nou in die kookpot van gespanne Europese verhoudinge bevind. Die Duitse uitbreidingsdrang en Hitler se opkoms en strewe, Frans-Duitse verhoudinge, die ongekende wedloop om bondgenote, die opkoms van fascistiese Italië onder Mussolini en die Italo-Abessinië kwessie, die Spaanse burgeroorlog onder rebelleleier Franco en die toenadering tussen Duitsland en Italië is alles van naderby beskou.¹²⁶ Hierbenewens het Louw ook 'n informele gesprek met die Portugese minister van Buitelandse Sake, dr. Monteiro, gevoer oor die handhawing van die status quo in Afrika, in die lig van die Italiaanse inmenging in Abessinië.¹²⁷ Wat Louw veral bekommerd gestem het, was die rol van die kommunisme in die gespanne wêreldtoestande. Veral in Frankryk was dit verantwoordelik vir baie interne onrus en woelinge en het dit sterk toege-

124. E.H. Louw-vers., band 83: EHL/JBMH, 12.11.1934.

125. E.H. Louw-vers., band 83: EHL/JBMH, 29.1.1935.

126. Verslae hiervan bevind hulle in band 83 van die E.H. Louw-versameling.

127. E.H. Louw-vers., band 83: EHL/JBMH, 8.7.1935.

neem,¹²⁸ terwyl hy ook in Portugal¹²⁹ en Spanje¹³⁰ onrusbarende kommunistiese invloede bespeur het.

Die behoefte aan detail-besonderhede oor regeringsbeleid het vir Louw al hoe dringender geword, veral omdat hy dikwels in posisies beland het waar hy sy regering se standpunt oor bepaalde aangeleenthede moes vertolk. Dit was 'n saak wat hy reeds vroeg tydens sy gesantskapsperiode in Washington by die regering aanhangig gemaak¹³¹ en periodiek daarna herhaal het.¹³² Dit was juis die gesprek met dr. Monteiro wat weer aanleiding gegee het tot 'n hernude pleidooi dat hy as gesant - en ook sy medegesante - darem op hoogte gehou moes word van regeringsbeleid en standpunte.¹³³ Hierdie keer is aan sy versoek gehoor gegee, want toe hy 'n jaar of wat later weer met dr. Monteiro asook met eerste minister Salazar samesprekinge gevoer het, kon hy steun op instruksies wat hy van genl. Hertzog ontvang het.¹³⁴

128. E.H. Louw-vers., band 84: EHL/JBMH, 20.1.1936, 27.5.1936, 5.6.1936, 25.6.1936, 8.7.1936, 9.9.1936, 25.9.1936, 1.10.1936, 9.10.1936, 26.10.1936, 12.4.1937 en 26.4.1937.

129. E.H. Louw-vers., band 84: EHL/JBMH, 26.10.1936.

130. E.H. Louw-vers., band 84: EHL/JBMH, 4.11.1936.

131. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 30.10.1930.

132. E.H. Louw-vers., band 81: EHL/JBMH, 27.11.1931.
'n Afskrif hiervan ook in C.T. te Water-vers., band 14.

133. E.H. Louw-vers., band 83: EHL/JBMH, 8.7.1935.

134. E.H. Louw-vers., band 84: EHL/JBMH, 26.10.1936.

Die verhoudinge tussen Louw en lede van die departement van Buitelandse Sake was teen hierdie tyd ietwat gespanne. In Mei 1935 het die Suid-Afrikaanse gesante vir 'n samespreking in teenwoordigheid van generaal Hertzog, wat Britanje met die oog op die Jubileumvieringe besoek het, in Londen byeengekom.¹³⁵ Die voorgestelde datum het Louw nie gepas nie; sy gesondheid was nie na wense nie en dit sou beteken dat hy 'n uitgestelde besoek aan Portugal nog langer sou moes uitstel. Boonop was hy nie juis entoesiasies daaroor nie: "The only matter that I can think of is the disorganisation and laxity of the Department of External Affairs."¹³⁶

Vanweë ongesteldheid het Louw uiteindelik tog nie die byeenkoms bygewoon nie. Hy was egter gretig dat die vertragings en gebrek aan organisasie in die departement van Buitelandse Sake onder Hertzog se aandag gebring sou word. En hy was definitief gekant teen 'n voorstel van Van Broekhuizen vir 'n diplomatieke uniform.¹³⁷ Oor die algemeen was Louw egter tevrede met die besluite van die konferensie, soos vervat in 'n verslag wat deur Te Water aan hom gestuur is.¹³⁸ Hy was jammer dat hulle nie sy aanbevelings oor die verhouding tussen die Departement en sy amptenare goedgekeur het nie, veral nie

135. Dit is interessant om daarop te let dat die eerste sodanige byeenkoms juis op inisiatief van Louw plaasgevind het. Kyk J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/JBMH, 16.8.1930.

136. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 16.3.1935.

137. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 19.4.1935.

138. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 15.5.1935.

daardie aanbevelings wat die amptenare wou herinner dat hulle met persone in verantwoordelike en belangrike poste te doen het nie.¹³⁹

Die "stryd" tussen Louw en sy departement het in April-Mei 1935 'n hoogtepunt bereik oor die kwessie van die vertoon van vlag voor die Suid-Afrikaanse gesantskappe. Louw het naamlik aan die sekretaris van die gesantskap te Lissabon opdrag gegee dat slegs die Unievlag tydens Suid-Afrikaanse en Portugese nasionale dae gehys moes word, in lyn met sy eie optredes by die gesantskappe in die V.S.A., Italië en Frankryk. Toe dit onder die aandag van Buitelandse Sake gekom het, is Louw se aandag kortaf gevestig op art. 7 van die Vlagwet van 1927, waarvolgens beide vlag vertoon moes word.¹⁴⁰ Louw het in 'n goedberedeneerde brief daarop gewys dat so 'n stap in stryd sou wees met erkende diplomatieke en internasionale praktyke, dat dit die Uniegesantskap in die oë van hul mede-diplomate belaglik sou maak en dat dit afbreuk sou doen aan die onafhanklike status van die Unie. In 'n slotparagraaf het hy sy troefkaart gespeel:¹⁴¹

"Verder is daar die feit dat ek die outorisasie van die Edelaagbare die Eerste Minister gekry het om te handel soos

-
139. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 12.7.1935.
Louw het verwys na die bewoording en toon van briewe aan Te Water, aan "old man Heymans" en aan homself. Hy het ook 'n protesbrief aan die departement geskryf.
140. E.H. Louw-vers., band 2: Bodenstein/EHL, 15.4.1935.
141. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/Sekretaris Buit. Sake, 15.4.1935, bylae tot EHL/CTW, 17.5.1935.

ek goeddink. U sal onthou dat ek na afloop van my gesprek met die Eerste Minister, aan u meegedeel het wat hy aan my gesê het."

Aan Te Water het hy sy misnoeë uitgespreek oor die ongemotiveerde ophaal van die saak deur Bodenstein, daar niemand gekla het nie. Hy was egter tevrede dat sy interpretasie korrek was en sou daarby staan of val.¹⁴²

Aan kollega dr. Gie het hy dit duidelik gestel dat dit syns insiens bloot net 'n kwessie was van interpretasie, omdat die Unie in 1927 nog nie oor gesantskappe besluit het nie. Die "bedoeling van die Wetgewer" en die feit dat landswette rekening moes hou met internasionale wette en praktyke was vir hom deurslaggewend. Vir 'n voorgestelde kompromis van Gie ten opsigte van sekere geleenthede soos Koningsverjaardag en Empiredag het hy geen trek gehad nie - veral nie vir laasgenoemde nie.¹⁴³

In Augustus 1936 het Louw, met somervakansie in Kitzbühel, Oostenryk, dit nodig gevind om formeel by genl. Hertzog protes aan te teken teen die optrede van die sekretaris van Buitelandse Sake, wat nie gereageer het nie op drie versoeke van hom om meer inligting ten einde samesprekinge met die Portugese owerhede op bevredigende vlak te kon voer. Dit het maar weer

142. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 17.5.1935.

143. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/Dr. Gie (afskrif), 24.6.1935.

op die ou-ou probleem neerkom:¹⁴⁴

"Mag ek, na aanleiding van hierdie saak nogeens wys op die noodsaaklikheid dat daar nuere voeling behoort te wees tussen die Departement van Buitelandse Sake en die Unie Gesante - dat die Gesante op hoogte gehou word, en indien nodig, geraadpleeg word oor kwessies van buitelandse politiek en beleid. By geleentheid van die onlangse konferensie van Unie Gesante het elk een gekla oor hierdie gebrek aan inligting en koöperasie. Dit is dus nie alleen my klagte nie. Daar moet m.i. gewaak word dat ons Gesantskappe nie ontaard tot blote handelskantore en informasieburo's nie."

Soos reeds vermeld, is die instruksies aan Louw gestuur en was hy by die volgende ontmoeting in staat om die Portugese staatsmanne van gesaghebbende advies te bedien en om die Unie se begeerte tot samewerking in sake van gemeenskaplike belang oor te dra.¹⁴⁵

Dat Louw se dienste as diplomaat wel na waarde geskat is, blyk uit die regering se voorneme aan die begin van 1936 om 'n Jubileum-medalje as erkenning vir diens aan die gemeenskap aan Louw toe te ken. Louw het die gebaar en die woorde van waardering baie op prys gestel, dog kon nie sy weg oopsien om dit te aanvaar nie daar dit in stryd was met 'n besluit van die Unie-volksraad. Hy het pas tevore ook 'n eerbewys van die

144. E.H. Louw-vers., band 2: EHL/JBMH, 7.8.1936.

145. E.H. Louw-vers., band 84: EHL/JBMH, 26.10.1936.

Fransé Legion d'Honneur van die hand gewys.¹⁴⁶

Toe Louw se naam in 1937 ingesluit is in die lys van persone wat die Kroningsmedalje van die regering sou ontvang, het hy na die vorige geval terugverwys:¹⁴⁷ "My gevoelens en sienswyse oor die saak is nog dieselfde as destyds, en onder die omstandighede moet ek vra dat my naam liewer nie in die lys ingesluit word nie."

Kort voor sy uittrede uit die diplomatieke diens was Louw diep onder die indruk van die ernstige internasionale toestand. In September 1936 het hy weer, soos vroeër, losmaking van die Volkebond as enigste uitweg beskou:¹⁴⁸

"I 'll never feel happy or satisfied untill I hear that the Union has cut itself adrift from all the European intrigue and dishonesty. Membership of the League is a waste of time, a waste of money, and - damned dangerous. Let Europe stirr in its own juice!"

By n ander geleentheid weer, was sy advies dat Suid-Afrika nie moes meedoen aan sanksie-voorstelle nie, omdat hy besef het dat die Unie en kleiner nasies bloot net as pionne gebruik word. Sy aanbeveling is in die wind geslaan; gebeure agterna

146. E.H. Louw-vers., band 2: EHL/Sekr. 11.4.1935. Louw het hom reeds in 1930 teen ere-toekennings uitgespreek, toe daar sprake was dat die regering weer dié gebruik in ere wou herstel. Kyk J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/Dr. B., 13.2.1930.

147. E.H. Louw-vers., band 2: EHL/Sekr. Buit. Sake, 7.4.1937.

148. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, s.d. (± Sept. 1936).

het vir Louw die bewys gelewer dat sy standpunt die korrekte was.¹⁴⁹

In n brief waarin Louw vir Te Water meegedeel het dat hy weer n operasie moes ondergaan en dat sy moeder se gesondheid veel te wense oorlaat, het hy weer sy bedenkinge oor die internasionale situasie gelug: "I don't like the looks of the international situation. There's big trouble brewing. It may start between Germany and Checkoslovakia."¹⁵⁰ Selfs n persoon soos genl. Smuts, met sy wydberesenheid en legio kontakte in veral Engeland, het nie dié insig gehad nie, want toe moeilikhede wel dár uitgebreek het, het dit vir hom as n groot verrassing gekom.¹⁵¹

Louw het sy sterk standpunt ten opsigte van dominiale status tot met sy uittrede behou, soos getuig sy reaksie op n uitnodiging om n Coronation Fête van die Britse gemeenskap in Parys by te woon. Hy was jammer, het hy laat weet, maar hy kon nie die uitnodiging aanneem nie.¹⁵²

"The gathering will be one of the British 'colony' in the international or diplomatic sense of that term,

149. Louw het verwys na die Volkebond se sanksies teen Italië na lg. land se aggressie teen Abessinië, wat teen sy advies in ook deur die Unie-regering ondersteun is. Dié sanksies was n mislukking en moes later herroep word. Kyk C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 10.7.1936. Vgl. ook Hancock: Smuts II, pp. 272-275.

150. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 27.11.1936.

151. Kyk Hancock: Smuts II, pp. 309-310.

152. E.H. Louw-vers., band 2: EHL/Mr. Haggard, 19.5.1937.

i.e. British nationals who are under the jurisdiction of the British Embassy, and in view of the somewhat confused ideas prevailing in foreign countries as to the relationship between Great Britain and the Dominions, I am reluctant to do anything which might adversely affect the status of this Legation as an Independent Diplomatic Mission."

Teen die einde van 1936 het Louw besluit om sy diplomatieke loopbaan te beëindig. Die verlange om weer permanent in sy land en onder sy mense te wees, het te groot geword, terwyl sy ou ideaal om weer na die politiek terug te keer, geensins verwater het nie.¹⁵³ Mev. Louw het reeds in Januarie na Suid-Afrika teruggekeer,¹⁵⁴ terwyl Louw, pas uit die hospitaal na 'n operasie, afrondingswerk by die gesantskap gedoen het. Hieronder was daar veral die groot internasionale tentoonstelling in Parys, wat hy suksesvol deurgesien het.¹⁵⁵

In sy laaste verslag aan genl. Hertzog het Louw 'n oorsig gegee oor die werksaamhede van die gesantskap en was hy tevrede dat die fundamente goed gelê is. Hy het veral klem gelê op die belangrikheid van handelsbetrekkinge en gewaarsku dat meer van Frankryk aangekoop moes word. Hy het ook daarop gewys dat die nuwe Vreemdelingwet van die Unie die konsulêre aktiwiteite van sy kantoor laat toeneem het, terwyl die

153. Kyk hoofstuk 9, pp. 331 e.v.

154. C.I. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 27.11.1936.

155. C.I. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 23.6.1937.
Ministers Havenga en Fourie het dié tentoonstelling bygewoon. Kyk ook Die Burger, 25.5.1937.

stigting van 'n gesantskap in Lissabon, vanweë die belangrikhe¹⁵⁶ van die verhoudinge met Portugal, noodsaaklik geword het. Daarmee was sy taak as gesant afgehandel en het hy na Suid-Afrika teruggekeer.

Vir Eric Louw was dit die einde van 'n belangrike fase in sy openbare loopbaan. Twaalf gebeurtenisvolle en opwindende jare wat aan hom rypheid en ervaring gegee het waaroor weinig politici in Suid-Afrika beskik het, was agter die rug. Dat hy as admiraliteit uiters bekwaam was en groot organisasietalent en -aanvoeling aan die dag gelê het, staan bo alle twyfel. Aan entoesiasme vir en toewyding aan sy taak het dit hom geensins ontbreek nie. In en deur alles was sy enigste en hoofoorweging steeds hoe hy sy land en sy mense kon dien. Oor hoedanig hier volksdiens sou geskied, was daar by hom nooit enige twyfel nie. nl. volgens die Nasionale beginsels waarvoor hy so onvermoeid voorspraak gedoen het. Sy manier van doen het nie altyd in aanse smaak geval nie, maar dit het hom weinig geskeel, solank hy oortuig was dat hy in belang van die saak opgetree het. 'n Man vir konsiliësie was hy beslis nie, en daarby het hy sy eie besondere opvattinge oor diplomatie ontwikkel en toegepas.

Die twee fasette van sy diplomatieke dienstermyn wat vir hom seker die meeste waarde gehad het, was sy kontak met die internasionale politiek en sy verbete stryd om die handhawing en uitbou van sy land se status in die ry van volkere. Eersgenoemde geskied in een van die interessantste periodes in die geskiedenis van die twintigste eeu, nl. die tydperk van wêrelddepressie en

156. E.H. Louw-vers., band 84: EHL/JBMH, 30.6.1937.

die jare van gespanne Europese verhoudinge wat kort na Louw se uittrede in 'n wêreldkatastrofe ontbrand het. Hy kon van naderby aanskou en waarneem, hy het met konings, presidente, staatsmanne en amptenare van alle range verkeer en gedagtes gewissel. Inderdaad 'n onoortreflike leerskool in die diplomatiek.¹⁵⁷

Wat die stryd om status betref, het Louw in die posisie verkeer om praktiese ervaring op te doen van daardie teoretiese vraagstukke waarmee hy vroeër en sy partygenote nog steeds in die Unie geworstel het. In Eric Louw het genl. Hertzog se welbekende motto, "Suid-Afrika Eerste", seker sy grootste en eerlikste aanhanger ooit gevind – tot die ergernis van vele. Louw het hom daarop toegelê om die praktyk in lyn te bring met die teorie van onafhanklikheid, soos dit veral in die Balfour-verklaring van 1926 beliggaam is. Dat hy in die proses op Britse tone getrap het, juis vanweë 'n skynbare onwilligheid¹⁵⁸ of selfs 'n koppige

157. Dié tema kon uiteraard slegs ligtelik in hierdie proefskrif aangeraak word.

158. C.T. de Water-vers., band 14: Ramsay MacDonald/CTW, 13.2.1930. In hierdie brief skryf die Britse premier: "The present organisation of the Commonwealth of Nations is a very awkward one, and may at any time lead to a disunity, which would be disastrous to us all ... While we have nationhood amply recognised and enforced, we shall also have to discover how to give the Commonwealth an organic existence, and that is to be a very difficult job to settle." Kyk ook C.T. de Water-vers., band 13: CTW/EHL, 17.10.1929, waarin Te Water, pas in sy pos bevestig, Louw se optrede tydens die omstrede noenmaal onderskryf en insiggewend byvoeg: "The English seem to regard rapid movement, at any rate in constitutional issues, much as the devil does holy water."

onvermoed¹⁵⁹ by Britse staatslui en amptenare om toestande te verander, was onvermydelik. Hoewel hy wel deeglik kennis geneet het van die kritiek wat as gevolg van sy optrede uitgespreek is, het hy hom nie juis daaraan gesteur nie; intendeel, dit het hom net nog meer vasberade gemaak om sy doelwitte te bereik. Skynbaar het genl. Hertzog as sy hoof die saak ook s6 gesien, want te midde van al die ongunstige kritiek in Suid-Afrika en oorsee is geen geval bekend waar Louw se sieninge drasties deur Hertzog gerepudieer is nie. By verskeie geleenthede het Hertzog laat blyk dat hy heeltemal tevrede was met Louw se werk en opt

Louw se voortdurende haaksheid met die departement van Buitelandsake kan aan die een kant grootliks aan die relatiewe onervarenheid van dié departement¹⁶⁰ toegeskryf word, hoewel dit seker nie vir Louw enigsins 'n geldige verskoning sou wees nie. Daar teenoor moet ook in gedagte gehou word Louw se ervaring en sy

159. Volgens Te Water het die Britse kabinet, op uitsonderings van prokureur-generaal Jowitt en lord Passfield na, maar 'n baie oppervlakkige kennis van konstitusionele sake gehad; het hulle gevolglik sterk onder die invloed van sekere personele amptenare verkeer. Kyk C.W. te Water-vers., band 1: CTW/EHL, 13.2.1930. In 'n gesprek van Louw met Jowitt het hy daarop gewys dat die Britse publiek en ook die meeste van die Britse parlamentslede nie juis 'n begrip van dominions sake het nie (J.B.M. Hertzog-vers., band 64: EHL/JBMH, 26.8.1930), terwyl ook die Britse vors, na Louw se mening "maar 'n baie vage idee het van Dominiale status." (E.H. L. vers., band 82: "Bespreking met koning George V").

160. Terwyl Louw dikwels in briewe aan Te Water die onbevoegdheid van die departement bekla, skryf Te Water aan Van Broekhuizen gesant in Berlyn: "Bodenstein and his Department are generally attempting to assist our Legations in every way, though they think they are still hampered by not having behind them an experienced machine. These things, of course, must improve as time goes on."

selfversekerde en dinamiese persoonlikheid. Hy het 'n onbegrense vertroue in homself gehad en dit ook geopenbaar, 'n selfvertroue gefundeer juis in daardie deeglikheid en dissipline wat so vroeg in sy lewe reeds kenmerkend van sy doen en late was. Vir halfgebakte en ondeurdagte optredes en houdinge het hy nie trek gehad nie. Wie in sy weg gestaan het, is net eenvoudig meegesleur - soos amptenare in die departement kon getuig. Net by één geleentheid was hy jammer, en dit nadat hy, pas uit 'n siekbed, 'n sterkbewoorde kabel in verband met die rangorde van diplomatieke amptenare aan genl. Hertzog gestuur het. Maar sy spyt het net die bewoording van sy kabel betref en het geensins die standpunt was hy ingeneem en daarna met herhaling by Hertzog wou indril, geraak nie.

En deurentyd was daar tekens van 'n vasberadenheid om eendag na sy land terug te keer, net so 'n groot Afrikaner as wat hy by sy vertrek na Amerika in 1925 was.¹⁶¹ Insoverre dit sy land se status aanbetref, en gemeet aan die maatstawwe van Nasionale Afrikaners, het hy inderdaad 'n groter Afrikaner teruggekeer.

161. E.H. Louw: Ek Kyk Terug (ms.), pp. 2 - 3.

TERUG IN DIE POLITIEK, 1937-1938

Eric Louw se terugkeer na Suid-Afrika in 1937 was nie onverwags of net die gevolg van die verskille tussen hom en die regering nie. Sedert dr. D.F. Malan in 1926 by Louw se vertrek al die wens uitgespreek het dat Louw spoedig weer sou terugkeer,¹ was dié twee persone voortdurend in briefwisseling met mekaar en het die moontlike terugkeer van Louw na die Suid-Afrikaanse politiek telkens weer ter sprake gekom.²

In 'n brief aan Louw na afloop van die 1929-verkieping het Malan die noodsaaklikheid om kontak te behou, sterk beklemtoon, want dit was vir hom 'n uitgemaakte saak dat Louw weer sy plek in die Unie-parlement sou kom inneem.³ Voorasnog het Louw egter geen onmiddellike planne in dié rigting gehad nie, ten spyte van baie persoonlike opofferings wat die bekleding van die pos geverg het. Sy diplomatieke skoling was nog nie voltooi nie: "Die werk is baie interessant, en dit gee my 'n ondervinding wat my in die toekoms in Suid-Afrika tot groot nut sal wees."⁴

1. Kyk hoofstuk 6, p. 208.

2. Insae in die D.F. Malan-versameling sou ongetwyfeld veel meer lig op die skakeling tussen Louw en Malan gewerp het, dog toestemming daartoe kon nie verkry word nie. Louw het gewoonlik afskrifte van getikte korrespondensie gehou, maar nie van meer persoonlike en handgeskrewe stukke nie.

3. E.H. Louw-vers., band 1: DFM/EHL, 10.7.1929.

4. E.H. LOUW-vers., band 2: EHL/DFM, 9.6.1930.

In die onsekere koalisieperiode het Malan se oproep weer gekom: "Niks sal vir my meer welkom wees nie as om jou weer in die parlement te sien. Ons het jou nodig." Malan het wel deeglik besef dat Louw se terugkeer op daardie stadium groot opoffering sou verg, veral omdat hy moontlik saam met sy vriende in die opposisiebanke sou beland, dog die vraag was "of jy onder 'n Sap-regering in ieder geval dit behaagliker sal vind in die gesantskapstoel as op die Opposisie-banke." Wat 'n setel vir Louw aanbetref, het dr. Malan die moontlikhede van Aliwal-Noord en Caledon genoem, met Beaufort-Wes om "in die laaste instansie" op terug te val. As dit dan nie anders kon nie, moes Louw maar as aspirant teen die sittende volksraadslid, mnr. Piet Basson, in die veld tree. Laasgenoemde het, volgens Malan, nie juis meer reg as Louw op die setel gehad nie "aangesien dit oorspronklik tog joue was, en by tye was hy nie so bevredigend as hy moes nie."⁵ Malan het vir Louw aangeraai om die nodige voorbereidings vir sy terugkeer tot die politiek te tref, naamlik om met die kiesers kontak te probeer verkry en om genl. Hertzog van sy planne te verwittig.⁶

5. Volgens Malan het Basson op daardie tydstip by hulle gestaan in die verset teen Roos, maar in die vlagstryd 'n paar jaar tevore was hy en Louw Steytler die "werktuie en agente" van Roos in die Kaapprovinsie. Met samesmelting 'n jaar of wat na hierdie skrywe van Malan het Basson toe inderdaad saam met Hertzog gegaan, terwyl Malan en 'n aantal ander Volksraadslede, hoofsaaklik Kapenaars, die Nasionale Party laat voortleef het.

6. E.H. Louw-vers., band 2: DFM/EHL, 12.1.1933.

Aan minister N.C. Havenga het Louw sy eie gevoel aangaande gebeure in die Unie geopenbaar: "Ek kry maar die skrale (en bevooroordeelde) Reuter berigte hier, en vir 'n veglustige Nasionalis is dit swaar om op so 'n kritieke tyd 10 000 myl ver te wees!"⁷ En tog het Louw op die ou end afgesien van sy planne om 'n hertoetrede tot die politiek te probeer maak. Daarvan het Malan in Julie 1933, na afloop van die verkiesing, só geskryf:

"Om te begin, ek dink dat daar voor die eleksie 'n bietjie intimidasie teenoor jou gebruik geword is om jou uit die politiek te hou. Die voorstelling dat jy deur die Koolies geopponeer sou word as jy jou op ons standpunt sou kom plaas, was nie korrek nie. Ek het geen die minste twyfel dat as jy jou in Beaufort verkiesbaar gestel het, jy maklik die party-nominasie sou gekry het, selfs in jou afwesigheid ... Sover as ek gehoor het was Beaufort baie begerig dat jy jou verkiesbaar sou stel."

In Malan se oë was Basson nie baie gewild nie en het sy benoeming te danke gehad aan 'n swak opponent en aan 'n ooreenkoms met Vivier dat hulle mekaar ten opsigte van volksraads- en raadssetels sou help. Malan was bly dat Louw hom op hoogte gebring het van sy standpunte en sy probleme:

"Ek het jou posisie dan ook heeltemal goed verstaan, en hoewel ek, en baie met my, baie teleurgestel was dat jy nie na die Parlement gekom het nie, het ons jou besluit jou nie kwalik geneem nie ... Ek wens dat met die miskien moeiliker tyd wat voorlê, ons jou hier kon gehad het, maar terwyl dit nie kan nie, moet ons maar voeling met mekaar probeer hou en mekaar steun waar ons kan."⁸

7. E.H. Louw-vers., band 2: EHL/NCH, 13.1.1933.

8. E.H. Louw-vers., band 2: DFM/EHL, 13.7.1933.

Dit ly geen twyfel nie dat Eric Louw se simpatie in die politieke reoriëntasie wat hom in hierdie tyd in Suid-Afrika voltrek het en wat uiteindelik op koalisie en samesmelting uitgeloop het, by daardie groepie gelê het wat aan die einde van 1934 as die "Gesuiwerde" Nasionaliste die stryd teen die oormag van die Hertzog-Smuts bondgenootskap sou voortsit. By sy finale terugkeer na Suid-Afrika in Augustus 1937 het hy self verklaar dat sy besluit om tot dié stap oor te gaan, juis in daardie tydperk van politieke woeling en gisting geneem is.⁹ Die briefwisseling met Malan, waardeur Louw breedvoerige besonderhede betreffende gebeure agter die skerms gekry het, het ongetwyfeld die geestelike bondgenootskap tussen Eric Louw en Malan-hulle verder verstewig en sodoende Louw se finale besluit makliker gemaak.

Teen die einde van 1935 het Louw sy voorneme om na Suid-Afrika terug te keer, in duidelike taal in 'n brief aan dr. A.L. Geyer, hoofredakteur van Die Burger geopenbaar.¹⁰ Enersyds was daar die verlange na "ons eie land", wat na tien jaar in die buitenland baie sterk geword het. Maar ook sy amptsposisie het kommer begin wek:

"Ek voel my nie meer gelukkig onder teenwoordige omstandighede nie, en het rede om te glo dat ek ook nie meer persona grata is by Pretoria nie. Hulle weet waar ek staan, en in my briewe en rapporte aan die Eerste Minister straal my gevoelens ook deur."

In hierdie verband het hy veral gedink aan die vlagkwessie,

9. Die Burger, 16.8.1937.

10. E.H. Louw-dokumente: EHL/ALG, 23.11.1935.

"toen ek die posiesie 'forseer' het, en die Regering feitlik gedwing het om my standpunt goed te keur." Hierdie voorval het skynbaar nie tot sy gewildheid bygedra nie, veral nie in die geval van die amptenaar wat verplig was om sy instruksie terug te trek nie, was Louw se ontleding van die situasie waarin hy hom bevind het.¹¹

Hy deel Geyer mee dat hy besluit het om uit die diplomatieke diens te bedank, dog hy was nog nie seker op watter stadium dit sou geskied nie. Afgesien van die verpligte vier maande kennisgewing, wou hy nog om 'n sekere periode verlof met volle salaris vra: "Dit kom my toe na meer as tien jaar getroue diens, veral aangesien ek geen pensioen kry nie", was sy uitgesproke gevoel daaroor.¹²

En wat dan, as hy sy pos bedank? Ook hieroor het Louw nog nie presiese helderheid gehad nie. Daar was enersyds die op-hande-synde universiteitsloopbaan van die twee seuns wat in gedagte gehou moes word, "en ons moet darem ordentlik

11. Hy het hier verwys na dr. H.J. Bodenstein, die sekretaris van Buitelandse Sake. Kyk ook pp. 288-290 en 324-325.

12. Daar is eventueel deur die departement van Buitelandse Sake aanbeveel dat Louw 'n aftree-bonus van een maand se salaris vir elke jaar in diens van die regering moes kry. Dit is egter deur die Tesourie geweier en hy is slegs 180 dae verlof met salaris toegestaan. Kyk C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW 13.7.1937. In 1967 is by wyse van 'n aanbeveling van die volksraad se Gekose Komitee oor Pensioene 'n ekstra pensioen van £3 000 p.j. aan hom bewillig vir sy diplomatieke dienstermy. 'n Jaar later is hy egter oorlede. Kyk Die Burger, 28.5.1967.

leef! Maar al sou my persoonlike inkomste voldoende wees, dan is ek nog nie die soort mens wat kan leeg loop nie. Ek sou diep ongelukkig wees as ek nie besig is nie."

Daar was vir hom twee weë oop. Die een was om terug te keer na die sakewêreld; trouens, hy het alreeds 'n aanbod gekry en kon van Rome direk na Amerika gaan om daar besigheidskontrakte te kry wat aan hom 'n mooi inkomste sou besorg.¹³ Maar dit sou beteken dat hy die politiek vaarwel sou moes toeroep, want "besigheid en politiek gaan nie saam nie." Hy het nog altyd gehoop om na die politiek terug te keer en hy sou baie teleurgesteld wees indien hy nie hierdie tweede weg kon volg nie.

Dit blyk verder uit Louw se brief aan Geyer dat die redakteurskap van die te-stigte Nasionale koerant, Die Oosterlig, aan Louw aangebied is, dog hy het dit van die hand gewys: "Ofskoon ek nog altyd die neiging gehad het vir joernalisme, het ek nie die temperament vir 'n koerant editeur nie", was sy bekentenis.¹⁴ Ook Geyer het nie veel van dié voorstel

13. Volgens 'n mededeling van mev. Louw, is dié aanbod gemaak deur mnr. James Farrell, hoof van een van die grootste sake-ondernemings in Amerika, nl. 'n skeepvaartmaatskappy. Daar het hegte vriendskapsbande tussen Louw en Farrell ontwikkel sedert Louw in 1925 as handelskommissaris in Amerika aangestel is. Toe Farrell in 1930 vir Louw voorgestel het met die oog op 'n radiopraatjie deur laasgenoemde, het hy gesê dat hy altyd Louw se bekwaamheid as sakeman, as ambassadeur en optimis bewonder het. Kyk J.B.M. Hertzog-vers., band 64: teksnotas, as bylae tot brief EHL/JBMH, 2.1.1930.

14. E.H. Louw-dokumente: EHL/ALG, 23.11.1935.

gedink nie, daar mens nie gelyktydig redakteur van 'n koerant en politikus kan wees nie; as hy werklik hoof van sy redaksie wil wees, het 'n redakteur nie tyd om in die openbaar op te tree nie, was sy filosofie.¹⁵

Vir 'n aanbod van Louw om op die Amerikaanse "columnist"-model, "free-lancing" vir Die Burger en suster-koerante te doen, het die ervare koerantredakteur ook nie juis trek gehad nie, al was Louw ook in sy jeugdigste en onervare jare 'n tyd lank assistent-redakteur van die Nasionale Engelstalige blad, South African Nation.¹⁶ Vereers was daar, volgens Geyer se mening te veel politiek in die koerant en in die tweede plek word Die Burger, vanweë die rol wat dit met koalisie en "die Valse Vrede" (samesmelting) gespeel het, meer as ooit tevore met die Nasionale Party vereenselwig. Dit geld ook vir die direksie, waarvan die meerderheid politici is;¹⁷ sodra 'n medewerker op die politici se toneel trap, kon daar 'n storm losbars.¹⁸

15. E.H. Louw-dokumente: ALG/EHL, 25.12.1935.

16. Dié aanbod is gedoen in Louw se brief aan Geyer, ged. 23.11.1935.

17. Die direksie van Nasionale Pers, Beperk het op daardie stadium bestaan uit sen. W.B. de Villiers (voorsitter), sen. W.A. Hofmeyr, dr. D.F. Malan, mnr. P.A. Malan, mnr. C.R. Louw, dr. J.S. du Toit, adv. J.H.H. de Waal, sen. C.A. van Niekerk en dr. N.J. van der Merwe. Dié gegewens is ontleen aan die notuleboek van Nasionale Pers en is op navraag deur die redakteur van Die Burger verskaf, as aanhangsel tot 'n brief aan skrywer, ged. 31.12.1973.

18. E.H. Louw-dokumente: ALG/EHL, 25.12.1935.

Met waardering vir Geyer se padlangse, eerlike opinie, het Eric Louw "ewe openhartig" gereageer:¹⁹

"Wat betref die eerste beswaar wat jy noem, is my antwoord dat my kolom nie bloot oor politieke sake sou gegaan het nie. Dit sou ook komentaar bevat het oor internasionale, ekonomiese en maatskaplike sake en vraagstukke.

"Maar mag ek my die vryheid veroorloof om daarop te wys dat Die Burger omtrent vier dae uit die ses albei sy inleidingsartikels wy aan die politiek - m.a.w. julle kan self die "oorvloed van politiek" verminder deur die tweede inleidingsartikel, of selfs 'n derde te wy aan ekonomiese en dergelyke sake, maar jul maak van die kans nie gebruik nie.

"Die tweede rede wat jy noem nl. die houding van jou direksie is, erken ek, iets waaroor jy geen beheer het nie. Wat jy my vertel is egter interessant, en ook onrusbarend, omdat dit in die lig stel een van die ernstigste swakhede van die ou Nasionale Party, en 'n mens laat vrees vir die toekoms van die Nasionale Party vandag. As jy 'n terugblik werp op die geskiedenis van die Nasionale Party sedert 1926 dan is jy verplig om te erken dat daar 'n toenemende beperking was van 'n partylid se vryheid van optree, van sy reg om openhartig sy opinies uit te spreek. Meer en meer was sy vryheid aan bande gelê. Parlementslede, Nasionale koerante, en ook gewone partylede was verwag om almal eeners te dink en presies dieselfde deuntjie te sing - die deuntjie wat voorgeskryf was deur die leier van die Party. Hy, die leier, het geen kritiek geduld of toegelaat nie, hoe welgemeend en opbouend dit ook mag gewees het. Selfs die redakteur van Die Burger moes sy verskyning op die tapyt maak! Die effek van hierdie soort politiek het hom gou geopenbaar.

19. E.H. Louw-dokumente: EHL/ALG, 22.1.1936. Dié brief word feitlik in sy geheel opgeneem omdat dit, naas al die besonderhede daarin varvat, ook 'n mooi voorbeeld gee van Eric Louw se uitvoerige manier van argumentasie in korrespondensie.

Die Party organisasie het begin kwyn en verslap - net soos 'n mens wat nie oefening en vars lug kry nie. Inisiatief en entoesiasme het begin verdwyn - soos in die geval van 'n kind wat onder stringe dissipline gehou word, en nie toegelaat word om aan sy gevoelens en idees lug te gee nie. Hulle moes almal dieselfde rympie opsê, en die handelswyse van die Regering moes goedgepraat word, of dit nou goed was of nie. En as die partyman nie wou goedpraat nie, dan moes hy sy bek hou. Onder geen omstandighede moes gekritiseer word nie. Julle sal vandag seker nie kan glo dat julle al daardie lofuitingte oor Kemp en Attie Fourie geskryf het nie. Hertzog en Havenga het aangeja, en die skape moes gehoorzaam. Ek het van 'n afstand hierdie dinge gesien - uit 'n ander perspektief as julle wat maar net die kraak van die sweep gehoor het. Ek was dus nie verwonderd toen ek in Washington 'n brief ontvang het van een van ons Nasionale Party voormanne op Beaufort-West, 'n man aan wie se oordeel ek waarde heg, en toen ek die volgende lees: 'Ek is bekommerd oor die loop van sake. Verkeerde dinge word deur die Regering gedoen, maar ons Nasionale Party Parlementslede mag nie kritiseer nie, en Die Burger 'praatgoed' alles wat die Regering doen.

"Hierop sê ek, soos die Fransman: "Voilà!" Ek weet dat julle nie alles wou "goed praat" nie, maar - daar was die direksie, en die direksie was op sy beurt bang vir die Leier. Ek sê dus in alle vriendelikheid dat Die Burger bygedra het tot die sielsdodende en verslappende proses wat aan die gang was. Dit is miskien 'n ernstige beskuldiging - maar dit is waar! Weliswaar julle het protesteer toen koalisie gekom het - dit was daareen te groot 'n pil om te sluk. Goddank dat daar 'n man soos jy daar was - maar dit kon Fagan of Bodenstein gewees het! En dit alles bring my tot hierdie aanmerking, n.l. dat indien jou direksie jou 'n groter mate van vryheid toegelaat het - jou vanaf 1926 toegelaat het om die Regering op 'n mooi manier te kritiseer wanneer jy geag het dat dit in die belang van die Party was om sulks te doen, sou ons nooit daardie uiteindelijke debacel gesien het nie. Die Party sou sterk, lewendig en gesond gebly het, want Die Burger sou die regte leiding gegee het, en opinie binne die Party gevorm het - en die Regering sou verplig gewees het om daarmee rekening te hou. En dit bring my terug tot die punt waarmee ek begin het n.l.

jou beswaar dat my voorstel onuitvoerbaar is omdat jou direksie nie sal duld dat daar op politieke tone getrap word nie. Wel, jy ken jou direksie beter as ek, en as hulle daarop sou staan dat 'n medewerker van Die Burger, wat die belange van die Party op die hart dra, en nooit daardie belange sou beskadig nie - dat hy maar net moet "goedpraat" en "napraat", dan sou ek vir die beste besoldiging nie 'n medewerker van die blad wil wees nie. Dan kan ek mos maar net so goed in die Regeringsdiens bly, en my gewete daar laat smoor, en wel vir 'n baie hoër besoldiging! Tussen haakies - ek is verwonderd dat jou direksie toelaat dat julle briewe plaas wat van kritiese aard is, en dat hul nie die plasing van briewe beperk tot die van die Gideon J. Burger tiepe nie.²⁰

Nou ja - ek het nou gesê hoe ek oor die saak voel, en daarmee is dit afgehandel. Soos die Amerikaners sê: "Forget about it." Ek is dankbaar vir jou vriendlike en openhartige brief. Die eerste rede wat jy genoem het, nl. dat daar alreeds te veel politiek in Die Burger geskryf word - is m.i. nie 'n ernstige beswaar teen my voorstel nie, viral aangesien ek nie van plan was om my tot politieke beskouings te beperk nie. Met jou tweede rede is dit anders gesteld. Ek kan geredelik insien dat met die soort van direksie wat jy het, my plan onuitvoerbaar sou wees. My plan was om (wat betref die politieke deel van my kolom) die belange van die Nasionale Party te bevorder na die beste van my vermoë, maar ek wou die reg voorbehou om my eerlike opinies uitte spreek. Daardie 'maar' is blykbaar die doodsteek - soos dit die doodsteek was van die ou Nasionale Party. Laat ons hoop dat die versmoring van eerlike opinies nie ook dieselfde uitwerking sal hê op die lotgevalle van die nuwe Nasionale Party nie."

20. Gideon J. Burger was 'n inwoner van Beaufort-Wes van wie daar gereeld briewe in Die Burger verskyn het, meestal ter ondersteuning van die regering.

Sigbaar teleurgesteld, het Louw hom begin voorberei vir sy "Amerikaanse planne", en dit vir oulaas op Geyer se hart gedruk dat hy nie na Suid-Afrika kon terugkeer net met die vooruitsigte van 'n inkomste as volksraadslid nie: "Dit sou 'n baie onbevredigende soort van bestaan wees. In elk geval het die idee van 'n beroepspolitikus my nooit aangestaan nie. Dit smoor ook die gewete."²¹

Teen die einde van 1936 was die verlange na Suid-Afrika en die politiek egter te sterk en het hy dr. Malan verwittig dat hy van plan was om terug te keer en sy gewig by hulle in te gooi. Hieroor was Malan baie verheug. Hy het hom geadviseer om dit reeds by die eersvolgende verkiesing te doen: "Ons het jou nodig en met die ondervinding wat jy gehad het, kan jy in seker rigtings ons help soos geen ander dit kan doen nie". Dit was belangrik dat hy so gou as moontlik sou terugkeer, het Doktor vervolg, want

"langer afwesigheid uit die land sal maak dat jy vergeet raak en self nie genoegsaam in voeling met die gedurig wisselende situasie en met persone bly om jou gemaklik in te pas nie. Bowendien moet jy om te kan presteer by die volk jou aandeel aan die stryd hê voordat die oorwinning daar is. Hul is teenswoordig na die Hertzog-bolmakiesie baie wantrouig en beoordeel 'n man graag na die bydrae wat hy tot die stryd gelewer het. En nou weet ek en jou ander vriende baie goed wat jou houding altyd deur van die begin af was en wat jy vir ons volksaak in jou teenswoordige betrekking beteken en beteken het, maar vir die volk is en bly dit noodwendig onbekend."

21. E.H. Louw-dokumente: EHL/ALG, 22.1.1936.

Wat 'n setel vir Louw aanbetref, het dr. Malan eerstens aan sy ou kiesafdeling gedink, maar hom tog gemaan om nie te talm nie omdat daar reeds sprake was dat prokureur Louw van Frazerburg hom beskikbaar sou stel. Sy raad aan Eric was om met sy baie invloedryke vriende in die kiesafdeling in verbinding te tree, dog informeel en konfidensieel om nie die regering te affronteer nie.²²

Op 'n navraag van Louw in verband met 'n moontlike buite-parlementêre inkomste, het Malan geantwoord dat dit nie so maklik verkrygbaar was nie en dat so min van Louw se vriende oor die nodige "konneksies" beskik het. Malan het verder hieroor gespekuleer:

"As jy ergens 'n goedbetaalde direkteurskap of direkteurskappe kan kry, sou dit nog die verkieslikste wees, maar teenswoordig, vrees ek, moet jy 'n Piet van der Byl wees om daar te kom. Dit vereis gevestigdheid in die land, geld en propaganda. Jou idee van 'n onafhanklike politieke kolom in Die Burger of een van ons ander blaaië, beskou ek saam met Geyer, as onuitvoerbaar te wees. Ons koerante is deur Nasionaliste opgerig vir N.P. doeleindes en word veronderstel die stryd vir 'n groot volksaak te voer in ooreenstemming met die beleid neergelê deur die verteenwoordigende en offisiele liggame van die Party. 'n Tweeslagtigheid in die leiding van die koerant sal dadelik opgemerk word, as 'n swaakteit beskou word, en deur vyande tot die uiterste uitgebuit word. Maar moontlik is medewerking op ander maniere nie uitgesluit nie."

22. E.H. Louw-vers., band 2: DFM/EHL, 9.12.1936.

Volgens dié brief van Malan het Eric Louw "enige maande gelede" en ook kort tevore van hom laat hoor. Dié briewe kon nie opgespoor word nie.

Samevattend was Malan se siening dat Louw met spoedige en taktvolle optrede van 'n setel verseker kon word, dog wat ekstra inkomste aanbetref, was daar 'n sekere mate van risiko aan verbonde. Op politieke gebied was die vooruitsigte egter goed:

"Ons vorder met ons volksaak biesonder goed. Wat ons daarin baie help is Hertzog met sy bitterheid, Hofmeyr met sy liberalisme, die Jode met hul bestorming van ons land en die Koning met sy kaskenades."²³

Kort hierna het Louw sy voorneme om terug te keer aan dr. Malan bevestig dog met die versoek om dit vereers as vertroulik en geheim te beskou. "Vir ons en ons volksaak", was dr. Malan se reaksie hierop, "sal dit baie beteken en vir jou hoop ek sal hierdie belangrike stap een wees waarop jy altyd met trots en dankbaarheid sal terugkyk."²⁴ Die bal kon nou aan die rol gesit word om Louw van 'n setel te verseker, hoewel dit lankal reeds duidelik was dat sy ou kiesafdeling hom met ope arms sou verwelkom.²⁵

Teen Maart 1937 was die nuus van sy terugkeer reeds wyd bekend, nadat 'n berig op 22 Februarie in die Burger verskyn het as gevolg van deursyfering uit regeringsbronne.²⁶ Hierop was dr. Malan nie min trots nie: "Jy sien dus dat ons die

23. E.H. Louw-vers., band 2: DFM/EHL, 9.12.1936. Die verwysing na die koning slaan op Edward VII se romanse met mev. Simpson wat uiteindelik tot sy abdikasie gelei het.

24. E.H. Louw-vers., band 2: DFM/EHL, 4.1.1937.

25. Persoonlike Herinneringe, mnr. Nicky Beukes.
Vgl. ook E.H. Louw-vers., band 2: DFM/EHL, 4.1.1937.

26. Die Burger, 22.2.1937.

geheim aan ons toevertrou beter kon bewaar ten opsigte van ons vriende as die Regering ten opsigte van hul vyande."²⁷

Die betrokke berig het 'n kort oorsig oor Louw se diplomatieke loopbaan gegee en gewys op sy konsekwente handhawing van die beginsel van "Suid-Afrika Eerste" en sy beklemtoning van die Unie se soewereine onafhanklikheid. Ook mev. Louw, op wie "n belangrike verantwoordelike deel van diplomatieke verteenwoordiging", nl. die sosiale pligte geval het, is lof toegeswaai vir die wyse waarop sy haar man bygestaan het.

Daardie selfde middag het The Star 'n kort beriggie oor Louw se beweerde terugkeer bevat²⁸ en die volgende oggend het ook Die Volksblad hieroor geskryf.²⁹ Albei laasgenoemde koerante het die sekretaris van Buitelandse Sake om kommentaar genader, dog sonder sukses. Eric Louw het oorsee ook niks te sê gehad teenoor 'n Reuter-agent nie en het die berigte nóg bevestig nóg ontken.³⁰

Terwyl Louw vanweë die uitlek van sy voorneme om uit die diplomatieke diens te tree ietwat in die verleentheid geplaas is en hy gevolglik die Portugese owerheid informeel van die situasie in kennis moes stel,³¹ het dr. Malan weer van hom laat hoor,

27. E.H. Louw-vers., band 2: DFM/EHL, 11.3.1937.

28. The Star, 22.2.1937.

29. Die Volksblad, 23.2.1937.

30. Die Volksblad, 23.2.1937.

31. E.H. Louw-vers., band: EHL/Sec.-gen. of Foreign Affairs, Lisbon, 27.2.1937.

"Net om jou te verseker dat Nasionaliste oorals die berig omtrent jou terugkeer met gejuig ontvang het. Wat jy hieruit kan aflei is ook 'n feit: hul het eenvoudig veronderstel dat jy Nasionaal gebly het en dat jy weer parlement toe kom as Volksraadslid vir Beaufort-Wes. Die Opposisie-blaaie weerspreek dit nie en Piet Basson se gesig bevestig dit."

Malan het verder groot vordering vir die Nasionale Party in die vooruitsig gestel, veral in Transvaal. Met versterking van manne soos Werth en Louw sou daar baie uitgerig kon word.³² Ook Willie Hofmeyr was optimisties oor die toekoms en bly oor Louw se terugkeer: "Met jou uitgebreide kennis en ervaring behoort jy land en volk nuttige dienste te kan verskaf." Skynbaar het Louw in sy brief aan Hofmeyr ook die kwessie van 'n privaat inkomste opgehaal, want Hofmeyr het geantwoord dat hy sy "verlangens" in gedagte sou hou. Hy het veronderstel dat Louw sou verkies om, indien moontlik, in Kaapstad te woon en dat sy ondersteuners in Beaufort-Wes nie daarteen beswaar sou hê nie.³³ Ook aan sy opvolger in Londen en groot vriend Charles te Water het Louw kort voor sy vertrek 'n versoek gerig om te probeer bemiddel dat hy een of ander betrekking in die bemarkingsveld kon vind, ter aanvulling van sy inkomste maar ook omdat hy graag kontak wou behou met daardie aspek van sy werk waarmee hy vir byna twaalf jaar doenig was.³⁴

32. E.H. Louw-vers., band 2: DFM/EGL, 11.2.1937.

33. E.H. Louw-vers., band 2: WAH/EHL, 30.3.1937.
Die brief waarna Hofmeyr verwys, kon nie opgespoor word nie. Hofmeyr het geen dokumente bewaar nie.

34. C.T. de Water-vers., band 14: EHL/CTW, 26.6.1937.

Sy uitdienstreding het hom met gemengde gevoelens vervul, het hy teenoor Te Water opgemerk:³⁵

"On the one hand I am keenly looking forward to my return, and to a reunited family, and on the other hand I shall be really sorry to break my connection with the work which I have been doing for almost 12 years..."

Ook in 'n volgende brief het hy daarna verwys:³⁶

"I have enjoyed my 12 years service overseas, in spite of its trouble and often disappointments, and it is not so easy to sever one's connection with work to which you are genuinely interested. But I feel that I have to go back - and Anna feels the same way about it."

Op Sondag 1 Augustus het die vermaarde diplomaat aan boord van die Duillio in Tafelbaai voet aan wal gesit, na twaalf vol maar veeleisende jare in sy land se diplomatieke diens. Oombliklik het hy skerp in die kalklig getree met 'n ernstige waarskuwing op die voorblad van Die Burger:³⁷

"Daar is 'n atmosfeer van onrus, agterdog en vrees in Europa. Daar word baie gepraat van oorlog; al die groot-moondhede en ook hul kleiner bondgenote is besig om met koorsagtige haas te bewapen. Daar is meer diplomatieke geknoei en geheime onderhandelings as wat daar voor 1914 was ... 'n Klein vonkie kan die vuur laat ontvlam."

35. Hy het gereageer op Te Water se reaksie op sy planne. Hierdie brief, of die afskrif daarvan, kon nie in een van die betrokke twee persone se private versamelings opgespoor word nie.

36. C.T. te Water-vers., band 14: EHL/CTW, 7.7.1937.

37. Die Burger, 2.8.1937.

Gepaard met hierdie sombere dog, soos later sou blyk, profetiese vooruitsig, en gegrond op eerstehandse kennis en ervaring opgedoen tydens sy dienstermyn wat hom na baie vreemde lande gevoer en hom met staatsmanne en politici vanoor die hele wêreld in aanraking gebring het, het die ervare diplomaat twee baie ernstige waarskuwings gerig: die Unie moet sy neus uit die geknoei, intrige en moeilikheid van Europa hou, en tweedens, die kommunisme in die Unie beveg en met wortel en tak uitgeroei word - en daar "moet ook nie mee gesloer word nie."

In 'n eksklusiewe onderhoud met Die Burger³⁸ het Louw inmenging in Europese sake, "ditsy afsonderlik, ditsy in geselskap van ander" sterk afgekeur, hoewel hy steeds die nodigheid ingesien het om op politieke sowel as ekonomiese gebied in voeling met die res van die wêreld te bly.

38. Die Burger, 2.8.1937. Die betrokke joernalis was Schalk Pienaar, wat later bekende parlementêre rubriekskrywer van Die Burger sou word; later was hy redakteur van Die Beeld en eventueel rubriekskrywer van Rapport, en tans (in 1974) is hy redakteur van die dagblad Beeld. Van sy eerste onderhoud met Eric Louw vertel hy die volgende: "As jong koerantman het ek hom op die skip in Tafelbaai gaan groet. My simpele ou paar vragies het ek op die perskonferensie ingekry, en toe ons almal loop, gryp hy my arm: Wag, sê hy, vir Die Burger het ek iets meer, en hy stop my in die hand 'n geskrewe onderhoud wat hy op die reis voorberei het. Dit staan die volgende môre hoofberig op bladsy 1. My base moet gedink het hierdie jong verslaggewer is goed. Intens persbewys en berekend in die keuse van koerante tot wie hy hom rig, dit was Eric Louw sy lewe lank." Kyk Die Beeld (Tweede Beeld), 30.6.1968 en Korrespondensie: S.W. Pienaar/PFvdS, 29.1.1971, met bylae.

Hy het veral die toestande in Spanje, waar 100 000 Russe, Franse, Duitsers en Italianers aan die Spaanse burgeroorlog deelneem, as gevaarpunt beskou, juis vanweë hierdie inmenging in Spanje se binnelandse aangeleenthede. Louw het ook kortliks na toestande in Frankryk verwys, waarvan 'n soortgelyke situasie as in Spanje kon ontwikkel.

Daar was tog by hom 'n sprankie hoop, weliswaar voorwaardelik:

"Persoonlik is ek nie geneig om te pessimisties te wees oor die nabye toekoms nie. Wat oor twee of drie jaar kan gebeur, is 'n ander saak. Maar die gevaar van oorlog moet nie uitgesluit word nie."

Waar daar in Spanje skending van "neutraliteit in die internasionale sin van die woord" plaasgevind het, dui hy vir die Unie die weg van neutraliteit aan, indien dinge in Europa tot 'n braukspul ontwikkel:

"Goddank Suid-Afrika lê ver van hierdie opeenhoping van moeilikhede. Die vliegtuig het ons weliswaar nader aan Europa gebring, maar daar is 'n neiging by mense in Suid-Afrika om die afstand te verkleineer en om 'n oordrewe belangrikheid te heg aan die moontlikheid van 'n lugaanval uit Europa of Asië."

Die Burger het Eric Louw se siening van die internasionale situasie heelhartig gesteun:³⁹

"Geen Minister het al ooit met hierdie beslistheid gepraat nie ... Ons weet dat 'n deel van die Kabinet, 'n deel van die Verenigde Party en feitlik die hele Smelterspers die teenoorgestelde standpunt inneem ..."

In skrilte teenstelling tot Louw se sienswyse, was daar 'n toespraak van generaal Smuts die vorige Saterdag, soos gerap-

39. Die Burger, 2.8.1937: hoofartikel.

porteer in dieselfde uitgawe waarin Louw se terugkeer aangekondig is:

"Hoe meer ek die huidige vraagstukke bestudeer, die vraagstukke waarmee die mensdom te kampe het, die wrywing en misverstand wat oral bestaan, hoe sterker kom ek onder die indruk dat ons nie nodig het om te vrees dat die mensdom weer 'n vuurproef sal moet deurmaak soos ons ondervind het nie."

Smuts het wel gemaan dat almal gereed moes wees om hul land en die saak wat vir hul dierbaar is, te verdedig, dog het nie geglo dat die toestand tot 'n uitbarsting in sy lewe sou kom nie.⁴⁰

In dieselfde uitgawe van Die Burger en ook op die voorblad is daar verslag gedoen van 'n reis wat dr. Malan deur die Vrystaat onderneem het. Sy bevinding was dat die hart van die Vrystaat Nasionaal klop en dat die terugslag weens same-smelting net tydelik was: "Dis die laaste skof wat ons volk gaan bring by sy uiteindelijke bestemming. Die Nasionale Party wen."⁴¹ Vir Louw moes dit soetklinkende woorde gewees het, waar hy op die drumpel van 'n hervatte politieke loopbaan gestaan het.

Eric Louw was vir goed terug in sy vaderland. Oor sy toekomsplanne wou hy hom nie dadelik teenoor die pers uitlaat nie en sy eerste wens was om so spoedig moontlik sy bejaarde

40. Die Burger, 2.8.1937. Vir 'n uiteensetting van Smuts se siening t.o.v. die internasionale toestande, kyk ook Hancock: Smuts II, hfst. 15.

41. Die Burger, 2.8.1937.

moeder te Beaufort-Wes te gaan besoek. Hy was bly om terug te wees en gaan 'n bietjie rus, het hy die nuuskierige persman meegedeel,⁴² en dadelik afgesit Port Elizabeth-toe, waar sy vrou, wat reeds etlike maande tevore na Suid-Afrika teruggekeer en by haar ouers gekuier het, hom ingewag het. Die weersiens was innig, veral onder die besef dat die tuis-koms hierdie keer blywend was.

Van hier is hulle na hul tuisdorp, Beaufort-Wes, waar hulle op 5 Augustus gulhartig deur familie, vriende en ondersteuners verwelkom is.⁴³ Vir 'n paar dae lank sou daar net gerus word. Oor sy toekomsplanne het Louw die nuuskierige pers steeds in die duister gehou.⁴⁴

Daar sou egter nie baie lank gewag hoef te word op 'n aanduiding van hoe die wind waai nie. Op 'n gesellige verwelkomingsonthaal deur sy ou Nasionale Partytak te Beaufort-Wes op 12 Augustus, waartydens groot hulde aan hierdie beroemde seun van die dorp gebring is,⁴⁵ het Eric Louw sy hart uitgepraat:

"Dit is moeilik om die gewaarwordings te beskryf van weer terug te wees in my eie land, tussen my eie volk en my eie mense in die ou Karroo-dorp Beaufort-Wes ... ek is bly dat dit nog dieselfde Nasionale Party is wat ons weer hier in dieselfde saal verwelkom.

42. Die Burger, 2.8.1937.

43. Die Burger, 9.8.1937; Die Kourier, 11.8.1937.

44. Die Burger, 9.8.1937.

45. Verslae hieroor in die Burger 17.8.1937 en Die Kourier, 18.8.1937.

"Ek is bly om hierdie funksie by te woon wat 'n politieke kleur het en nog meer omdat dit die ou Nasionale Party is. Die versoeking was vir my baie groot maar ek het my in die afgelope 12 jaar streng onthou van politiek.

"Maar nou is ek weer "los voël" en kan daaroor praat na hartelus. Ek het terug gekom na Suid-Afrika met dieselfde politieke sienswyse en beginsels van die Nasionale Party wat die regte is, daarom wil ek volmondig sê dat ek nog Nasionalis is. Groot is my teleurstelling om te sien dat daar so baie van ons ou Party genote is wat nou aan 'n ander party behoort ... omdat ek altyd in voeling gebly het met my land sal dit vir my makliker wees om te help om my volk weer bymekaar te bring en die afgedwaalde skape terug te bring na die Nasionale Party, meer bepaald was ek ook nie hier met die bitter tyd van skeuring en verwyd nie.

"Dit is nie alleen die Afrikaanssprekende maar ook die Engelssprekende Afrikaner wat bymekaar moet kom en die skouer aan die wiel moet sit vir sy land en volk, in die Party wat Suid-Afrika en haar belange bo ander lande EERSTE moet hou."⁴⁶

Die stadsaal was volgepak, dié betrokke Woensdagaand, en dit was duidelik dat Beaufort-Wes nie vir Eric Louw vergeet het nie. Louw se getroue ou vriend en voorsitter van die plaaslike Nasionale Party-distriksbestuur, oom Soppie Hattingh, het met trots die welkomswoord gespreek en al die entoesiasiese bewonderaars en vriende se gevoel vertolk deur te sê "dat ons die Beaufort seun met oop arms terug ontvang".⁴⁷

Verwelkomingstoesprake deur oom Soppie Hattingh, ds. Rabie, mnr. J.J. Minnie, L.P.R., en mnr. J.H.E. Vivier is afgewissel met klaviersolo's, 'n voordrag en sangsolo's. Ds. Rabie het

46. Die Kourier, 18.8.1937.

47. Die Burger, 17.8.1937.

sy teleurstelling uitgespreek dat die stadsraad nie die geselligheid aangebied het nie, want daar was min dorpe wat op "so 'n bekwaam seun" soos adv. Louw kon staatmaak.⁴⁸

Op 14 Augustus 1937 is Louw feestelik op Prins Albert verwelkom, waar hy 'n Nasionale Party-basaar geopen en dieselfde middag 'n groot vergadering toegesprek het.⁴⁹ Hy kon nie sy teleurstelling verberg met die feit dat oud-kollegas nou "die vyande se handlangers" was nie, en het vas geglo dat hulle nog sou terugkeer, want hulle sou hulle onmoontlik tuisvoel in die Verenigde Party: "Hulle sal besef dat die Alexanders, Nicholls en Stuttafords nie die regte mense is nie." Hy het verder daarop gewys dat die leuse "Suid-Afrika Eerste" steeds geldig was, dog dit beteken ook die Afrikaner eerste in Suid-Afrika; die "indringers", die "vreemdelinge" moet nie wegloop met die room van die land nie.


Louw het by hierdie geleentheid weer op die gespanne internasionale toestande gewys en die Nasionale Party gemaan om saam te staan. Die Verenigde Party, daarenteen, praat bont: "Die een sê jy sal op die end die weg van eer en plig moet volg, terwyl die ander weer glad iets anders sê."⁵⁰ Louw het beloof dat hy die afvalliges na die party sou probeer terugbring en het aangekondig dat hy op versoek van vooraanstaande persone in die kiesafdeling hom by die eersvolgende verkiesing as kandidaat beskikbaar sou stel. Aan die einde

48. Die Burger, 17.8.1937.

49. Die Burger, 17.8.1937.

50. Hy het hiermee veral verwys na die vraagstuk oor wat Suid-Afrika se houding sou wees ingeval 'n groot oorlog in Europa sou uitbreek.

Politieke Trekvoëls.



(Now that the general election is approaching we find the political birds looking for nests: Mr. Louis left Paris for Beaufort West, Mr. Werth is deserting the Free State for George, etc.)

(Nou dat die algemene verkiesing naderkom, ring ons dat die politieke voëls begin om nes te soek: Mr. Louis het Parys verlaat vir Beaufort-Wes, Mr. Werth verlaat die Vrystaat vir George, etc.)

van die vergadering is 'n mosie van volle vertroue in Louw as aspirant-kandidaat eenparig aanvaar.⁵¹

Louw se optrede en opmerkings tydens die verwelkomingsfunksies in sy ou kiesafdeling het geen twyfel meer gelaat nie: hy het sy diplomatieke kleed verruil vir die wapenrusting van die politikus, hierdie keer egter in opposisie en onder 'n politieke bedeling wat ingrypend verskil het van die situasie toe hy in 1925 sy diplomatieke loopbaan begin het. Ook wat betref sy politieke sienswyses en simpatieë kon daar nou geen twyfel meer wees nie: hy het gekom om dr. Malan en die Nasionale Party te help om te wen en om sy volk by sy uiteindelijke bestemming te help bring. Wat hierdie bestemming sins insiens was, sou in die komende maande en jare baie duidelik na vore tree.

Skaars twee weke terug in Suid-Afrika, of daar het uit Louw se pen 'n reeks van vyf artikels oor internasionale verhoudinge in Die Burger verskyn.⁵² En toe die Nasionale Party van Kaapland vanaf 18 Augustus te Uitenhage vir hul jaarlikse kongres

51. Die Burger, 17.8.1937.

52. Die artikels het verskyn onder die opskrifte Geknoei en intrige onder dekmantel van Volkebond (Die Burger, 16.8.1937), Spil in Genève gelei en gedirigeer deur Grootmoondhede (Die Burger, 17.8.1937), Ryksverdediging en die Volkebond: dubbele gevaar (Die Burger, 18.8.1937), Frans-Duitse betrekkings spil van Wes-Europese Diplomatiek (Die Burger, 19.8.1937) en Internasionale kant van Spaanse Burgeroorlog (Die Burger, 20.8.1937).

byeengekom het, was Louw as lid van die Beaufort-Wes afvaardiging aanwesig en het hy saam met 'n groot skare geluister na dr. Malan se boodskap van hoop en groei vir die Nasionale Party. Hy moes met groot genoegdoening gehoor het hoe sy leier teen die "skrikwekkende toename van kommunisme in Suid-Afrika" te velde getrek het; vroeër die dag reeds het Louw sy siening hieroor aan die kongresgangers oorgedra.⁵³ Die kongres het later 'n voorstel, ingedien deur mnr. P.W. Botha en waarin die regering se aandag op die kommunistiese gevaar gevestig en metodes aan die hand gedoen is om dit te bestry, aanvaar.⁵⁴ Van Louw se kiesafdeling het daar ook 'n beskrywingspunt teen Joodse gevaar op die agenda gedien.⁵⁵

By dié kongres is Louw met ope arms in die partygeledere verwelkom. Hy en A.J. Werth is formeel aan die kongres voorgestel en te midde van groot entoesiasme genooi om op die verhoog plekke in te neem. Louw se eerste optrede voor die kongres het groot belangstelling ontlok: "There was a stir when Mr. Eric Louw rose to speak for the first time during the Congress" en "Mr. Louw sat down amid great applause..."⁵⁶ Hy is verkies tot lid van die Kaaplandse hoofbestuur van die Party, as een van die twee verteenwoordigers vir Middelande, en as 'n sekunde vir die

53. Die Burger, 19.8.1937.

54. Die Burger, 20.8.1937.

55. Die Burger, 20.8.1937.

56. Cape Times, 19.8.1937.

Pas na afloop van die kongresverrigtinge het Louw 'n hof-
likheidsbesoek aan die eerste minister, genl. Hertzog
gebring. Wat presies tydens die ontmoeting tussen Louw
en Hertzog plaasgevind het, is nie bekend nie; die inhoud
van die beriggie (’n "Eie berig" vanuit Bloemfontein) gee
egter klaar ’n aanduiding, veral waar dit die volgende meld:
"Mnr. Louw het daarmee sy verband met die hoof van die re-
gering en die diplomatieke diens finaal afgesny, en gaan
hom nou hart en siel beywer in belang van sy ou party, die
Nasionale Party."⁵⁸ Dié woorde is kennelik deur Louw self
geïnspireer.

Na alle waarskynlikheid is die kwessie van die heroorweging
van Louw se besluit tot uittrede deur Hertzog geopper. Reeds
by ’n vroeëre geleentheid, terwyl Louw nog in die diplomatieke
diens was, het die regering aan hom ’n aanbod gemaak om tot
die permanente personeel van die departement van Buitelandse
Sake toe te tree, dog Louw was nie daarvoor te vinde nie.⁵⁹
Hierdie aanbod sou in elk geval geldig wees tot sy vyftigste
verjaardag en dit was duidelik dat genl. Hertzog graag vir

57. Die Burger, 21.8.1937. Die Kaapse lede van die Federale
Raad was dr. Malan, adv. F.C. Erasmus, dr. Karl Bremer
mev. (dr.) J.S. du Toit en mev. E. Sauer. Die ander
sekundi, naas Louw, was dr. J.H.H. de Waal, sen.
W.A. Jofmeyr en mnr. A.J. Werth.

58. Die Burger, 27.8.1937.

59. Kyk onder, p. 366.

Louw in sy diens wou behou.⁶⁰

Wat ookal tussen Hertzog en Louw plaasgevind het, moes dit vir Hertzog duidelik geword het dat Louw nie van plan was om tot die diplomatieke diens terug te keer nie. Op 21 September 1937 het hy die volgende skrywe aan Louw gerig:⁶¹

"Hooggeagte mnr. Louw,

Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om u, ook namens die regering, hartlik te bedank vir die waardevolle dienste wat u aan die Staat bewys het gedurende die aantal jare wat u aan die behartiging van die belange van die Unie gewy het in ons buitelandse diens. U ywer, bekwaamheid en toewyding in die vervulling van u plig as verteenwoordiger van die Unie in verskillende lande het ek altyd baie hoog op prys gestel.

Ek mag dan ook hieraan toevoeg dat ek met leedwese u uit ons buitelandse diens sien tree het.

Met die meeste hoogagting,
U Dienswillige dienaar,
J.B.M. Hertzog."

Hierdie hoë lof van genl. Hertzog het die kroon gespan op 'n veelbewoë, veeleisende maar tog baie interessante en leer-same loopbaan. Terselfdertyd sou dit ook die einde beteken van 'n goeie verstandhouding wat daar dwarsdeur Louw se diplomatieke dienstydsperk tussen hom en genl. Hertzog geheers het, die moeilikhede met die sekretaris van Buitelandse Sake ten spyt! Louw het dan ook agterna getuig dat Hertzog as minister van Buitelandse Sake hom altyd in sy werk bygestaan en aange-

60. Vgl. bv. Hertzog se brief aan Louw, ged. 21.9.1937, die teks waarvan in die volgende paragraaf opgeneem word.

61. Dié brief verskyn in die E.M. Louw-vers., band 87.

moedig het.⁶² Louw se toetrede tot die politiek en veral die atmosfeer wat indertyd op hierdie terrein vaardig was, sou dié goeie verstandhouding aan geweldige stremminge onderwerp.

Na afloop van sy besoek aan Pretoria is Louw terug na Beaufort-Wes en is die masjinerie om hom weer volksraad toe te stuur, in werking gestel. Op 24 September het hy Fraserburg, wat nie in 1924 deel van sy kiesafdeling uitgemaak het nie, besoek en in sy toespraak veral klem gelê op die noodsaaklikheid dat die Afrikanervolk 'n eenheidsfront moes openbaar, ten einde die groot maatskaplike en ekonomiese probleme te kon oplos. Die hoofdoel moes wees "om ons ou Nasionale Party-vriende tans in verkeerde geselskap van hul dwaling te oortuig." Hy het sy toehoorders gerus gestel: hulle hoef nie bang te wees dat hy oorsee "gif ingekry het nie; nee, hy's terug, "n getrouer Nasionalis as ooit tevore."⁶³

Op 'n vergadering van die Beaufort-Wes Nasionale Party-tak op 7 Oktober 1937 is eenparig besluit om Eric Louw as aspirant-kandidaat vir die kiesafdeling te benoem.⁶⁴ Daar-

62. E.H. Louw-vers., band 72: My herinneringe aan genl. Hertzog (ms.).

63. Die Burger, 29.9.1937.

64. Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule, 7.10.1937. Verslag hiervan in Die Burger, 11.10.1937. Daar was sprake dat mnr. J. Minnie, L.P.R. hom ook verkiesbaar wou stel, dog deur die nuwe afbakening is sy tuisdorp, Prins Albert, afgesny van die kiesafdeling Beaufort-Wes.

mee is die eerste skrede op die weg tot volledige heropname in die politiek gebaan, naamlik om as volksraadslid verkies te word. Op hierdie stadium het daar iets gebeur wat byna-byna Eric Louw se "herleefde" politieke loopbaan kortgeknip het.

Vroeg in Oktober het Louw hom naamlik weer in Pretoria bevind, dog hierdie keer is daar vooraf geen publisiteit aan sy besoek verleen nie. Totdat die Johannesburgse middagblad The Star, op Woensdag 13 Oktober met die aankondiging gekom het dat Eric Louw van plan was om by die Verenigde Party aan te sluit en dat hy moontlik 'n belangrike pos aangebied sou word.⁶⁵

Dit was blote toeval dat Louw se besoek aan Hertzog op die lappe gekom het. 'n Joernalis van die betrokke koerant⁶⁶ het toevallig 'n geselsie gevoer met genl. Hertzog se private sekretaris, Donald Spies, toe die deur van Hertzog se kantoor oopgegaan het. Tot die persman se grootste verbasing het Eric Louw en Oswald Pirow tevoorskyn gekom en vinnig die gang afgestap, op pad na min. Pirow se kantoor. Vraag oor hierdie vreemde situasie het die nuuskierige persman nie verder gebring nie, dog hy het spoedig ook in die rigting van Pirow

65. The Star, 13.10.1937.

66. Dié joernalis was W.A. Bellwood. In 1969 het daar uit sy pen verskyn die boek South African Backdrop, bevatende "tales of well-known people, ... behind-the-scenes incidents and encounters to do with events which made news, and here and there history ... Die verhaal hoe hy aan hierdie storie oor Eric Louw gekom het, word op pp. 151-152 vertel.

se kantoor begin drentel.

In die gang het die joernalis een van die minister van Verdediging (Pirow) se senior personeellede teengekom. Op 'n vraag of hy dalk weet wat Louw daarbinne maak, het die amptenaar ewe ongeërg geantwoord dat hy skynbaar oor 'n kabinetspos onderhandel. Maar hoekom dan met Pirow, wou die joernalis verder weet. Hierop het die voortvarende amptenaar geantwoord dat sy minister daárdie soort onderhandelings namens die eerste minister voer.

Gewapen met hierdie bespiegelende informasie en met die oortuiging dat dit al die elemente vir 'n goeie berig besit, het die persman afgesit kantoor toe en die gewraakte berig die wêreld ingestuur.⁶⁷ Ook die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie het van hierdie sappige nuusbrokkie gebruik gemaak.⁶⁸

Louw het onmiddellik in 'n sterkbewoorde verklaring aan Reuter gereageer en sy posisie bo alle twyfel gestel:

"I wish to deny most emphatically the rumour published in a Johannesburg paper to the effect that I am considering joining the United Party. No such idea has ever entered my mind. I am one of the aspirant candidates for the Nationalist Party for the Beaufort-West Constituency and I hope to have the honour of being the Nationalist

67. Die berig het op Woensdag 13 Oktober 1937 in The Star verskyn. Kyk ook W.A. Bellwood: South African Backdrop, p. 151.

68. Die Volksblad, 14.10.1937; Die Transvaler, 15.10.1937.

Party's candidate at the forthcoming election."⁶⁹

Ook in onderhoude met die Nasionale pers het Louw die berigten sterkste ontken.⁷⁰ Die Burger het dadelik tot Louw se verdediging gekom deur die "wilde bewering" van die Argus-koerante en die Uitaaikorporasie as 'n "allergrafste belediging" te bestempel. Die koerant het daarop gewys dat Louw alles behalwe 'n ryk man was en dat hy vrywillig 'n goedbetaalde en belangrike pos neergelê het om sy mede-Nasionaliste in hul stryd te kom bystaan:

"Teen groot persoonlike opoffering het hy gekom omdat hy tereg glo dat hy, deur te kom deelneem aan die stryd van nasionalisme, sy volk beter kan dien as in die gesamenskapsgebou oorsee. Dat die huidige Regering hom maar alte onskadelik sou wil maak deur hom een of ander goedbetaalde betrekking te gee, kan ons goed begryp ... maar hoe enige mens die gedagte in sy kop kon gekry het dat 'n man wat pas 'n goedbetaalde betrekking neergelê het om vir nasionalisme te kom veg, bv. daaraan kan dink om nou weer die Nasionale Party te verlaat en 'n "job" uit die hand van die Regering te neem, is eenvoudig 'n raaisel."⁷¹

Hierdie "raaisel", wat onbewustelik en onbedoeld 'n refleksie op Eric Louw se goeie trou teenoor die Nasionale Party gewerp het, sou voorlopig nog, vanweë 'n gebrek aan meer besonderhede,

69. The Star, 14.10.1937. Hoewel die ontkenningsberig ook in ander koerante verskyn het, word die teks van The Star aangehaal omdat dit die presiese bewoording van die verklaring bevat.

70. Die Burger, 14.10.1937; Die Transvaler, 14.10.1937; Die Volksblad, 14.10.1937.

71. Die Burger, 15.10.1937: hoofartikel.

n raaisel bly. Louw het, naas sy ontkennende verklaring, dadelik aan dr. Malan 'n verklaring gestuur met die oog op publikasie deur Reuter.⁷²

Van die verdere verwickelinge het Louw by 'n latere geleentheid die volgende te sê gehad:

"Dr. Malan het dadelik geantwoord dat ek sy volle vertroue geniet. Aangaande die voorgestelde persverklaring het hy gesê dat aangesien genl. Hertzog en ek ooreengekom het om die besprekings as vertroulik te beskou, ek my sou bloot lê vir 'n beskuldiging van troubreuk indien ek die verklaring sou publiseer ten spyte van die blykbaar geïnspireerde Star-berig. Ek het dus besluit om sake te laat rus en verdere ontwikkelings af te wag."⁷³

Wat het presies daár in die Uniegebou plaasgevind, in die kantoor van die Eerste Minister asook in dié van minister Pirow? Dié antwoord sou vyf maande later verskaf word, toe Eric Louw op 'n politieke vergadering te Harrismith deur die plaaslike Smelterskandidaat met hierdie episode gekonfronteer is.

Op die betrokke vergadering, gehou op Donderdagaand 10 Maart 1938, wou die Smelterskandidaat, mnr. D. de Jager in vraetyd van hom weet of hy na sy terugkeer in Suid-Afrika 'n betrekking by genl. Hertzog gaan vra het. Hierop het Louw met die sak patats na vore gekom en die "vals berig", wat deur die Randse blad die wêreld ingestuur en daardie selfde aand oor die radio

72. Die Volksblad, 12.3.1938; Die Burger, 12.3.1938.

73. Die Volksblad, 12.3.1938; Die Burger, 12.3.1938.

uitgesaai is, as "een van die uiterste politieke streke wat nog ooit in Suid-Afrika aangerig is", bestempel. Na sy mening is die berig vanuit die Uniegebou geïnspireer.⁷⁴

Die volgende dag het Louw aan Die Volksblad 'n volledige verklaring van die destydse gebeure gegee.⁷⁵ Daarin het hy ten aanvang verwys na die ope aanbod van die regering aan hom om tot die permanente staatsiens toe te tree. Hy het vervolg:

"In Oktober van verlede jaar het ek om redes van 'n persoonlike aard besluit om genl. Hertzog te nader en hom te vra of ek nog van die aanbod kon gebruik maak en my in die toekoms wy aan die buitelandse diens. Genl. Hertzog het geen beswaar gehad nie, veral met die oog op die twaalf jaar diens reeds voltooi. In hierdie en daaropvolgende besprekings is die kwessie van my politieke sienswyse nooit geopper nie.

"Die volgende dag het genl. Hertzog verwys na 'n pers-artikel wat ek geskryf het, maar bygevoeg dat dit nie sy besluit van die vorige dag sou affekteer nie, maar aangesien min. Pirow deur my genoem was, het genl. Hertzog aan die hand gegee dat ek min. Pirow sien; verder dat dit nodig sou wees dat ek 'n persverklaring uitvaardig aangaande my terugkeer na die diens, waaruit duidelik sou blyk dat die inisiatief in die saak van my gekom het. Dit was ek heeltemal bereid om te doen. Genl. Hertzog het gesê dat ek intussen verder met dr. H.D.J. Bodenstein kon reël omtrent hervatting van my werk. Ook het hy gesê dat ek met min. Pirow moet reël omtrent die bewoording van die persverklaring. Daar ek sy persoonlike verteenwoordiger sou wees in Frankryk,

74. Die Volksblad, 11.3.1938. 'n Kort beriggie hieroor het ook in die "Laat Berigte"-kolom in Die Burger van 11.3.1938 verskyn.

75. Die Volksblad, 12.3.1938; Die Burger, 12.3.1938.

moes daar iets in my verklaring wees omtrent uitvoering van sy beleid in my pos.

"Ek het 'n verklaring opgestel, waarin voorgekom het dat ek tevrede is dat ek die Eerste Minister se beleid sou kon uitvoer ooreenkomstig die beginsels waarby ek nog altyd gestaan het. Min. Pirow was nie tevrede met die bewoording nie en het my gevra om hom later te kom sien.

"By die volgende onderhoud het hy aan my oorhandig sy voorgestelde bewoording in sy eie handskrif, ten effekte dat ek erken dat my opinies omtrent die Eerste Minister se beleid soos uiteengesit in 'n persartikel op 'n wanopvatting gebaseer was. Ek het dadelik geweier om so 'n verklaring te onderteken en aan min. Pirow gesê dat dit in die omstandighede die beste sou wees om die besprekings te staak. Min. Pirow het aangedring dat ek daardie formule maar moes aanvaar, dog ek het geweier. Ek het toe vir dr. Bodenstein en Genl. Hertzog gaan sien en hulle verwittig van my besluit. Ek het kort voor eenuur die Uniegebou verlaat. Daardie selfde middag omtrent vieruur het die Johannesburgse Star verskyn met 'n valse berig as sou ek geneig wees om by die Verenigde Party aan te sluit. Die Cape Argus se berig het bygevoeg dat ek moontlik 'n belangrike pos sou aangebied word.

"Dit is helder duidelik dat die berig van uit die Uniegebou geïnspireer was met die doel om my te benadeel of om my te dwing om terug te keer om die verklaring te teken, wat later vir politieke doeleindes sou kon gebruik word.

"In hierdie stadium onthou ek my van verdere kommentaar behalwe om te sê dat ek nie glo dat genl. Hertzog iets met die Star-berig te doen gehad het nie."

Louw het verder vermeld dat hy dr. Malan in die saak geken het en op laasgenoemde se aanbeveling die saak voorlopig daar-gelaat het. Dat hy egter so half-en-half voorbereid was op die vraag, blyk uit die feit dat hy in sy verklaring verwys na gesprekke wat kort tevore op Beaufort-Wes tussen die plaaslike L.V., mnr. Piet Basson, en sommige van sy onder-

steuners gevoer is.

Van regeringskant was daar gou reaksie. In 'n verklaring wat 'n paar dae later deur die departement van Buitelandse Sake uitgereik is,⁷⁶ is bevestig dat Louw vir Hertzog genader het. Waar hy sy pos moes bedank vanweë familie-omstandighede, het hy by sy terugkeer gevind dat omstandighede heelwat verbeter het en was hy bereid om terug te keer na die diplomatieke diens indien hy sy pos in Parys kon behou. Hierop het die Eerste Minister geantwoord dat die pos nie gevul is nie, dat hy altyd tevrede was met die wyse waarop Louw sy pligte uitgevoer het en dat sy versoek simpatiek oorweeg sou word.

Toe Hertzog hierna die saak met die sekretaris van Buitelandse Sake, dr. Bodenstein, gaan bespreek het, het laasgenoemde die aandag van genl. Hertzog gevestig op 'n artikel van Louw in die eerste uitgawe van Die Transvaler, waarin ernstige kritiek op die regering se buitelandse beleid uitgespreek is.⁷⁷ Volgens dr. Bodenstein was dié artikel gebaseer op foutiewe inligting en het Louw boonop, met betrekking tot dié sake waarop hy regeringsbeleid gekritiseer het, nie oor meer kennis as die man in die straat beskik nie.

76. Die Burger, 17.3.1938; Cape Times, 17.3.1938.

77. Die artikel het onder die opskrifte "Uitlewing van Unie se Soewereine Status - Stryd teen Britse Diplomatie en die Lamsakke in die midde - Ontleding van die Regering se Imperialistiese Buitelandse Beleid verskyn. Kyk Die Transvaler, 1.10.1937.

Hierop het Hertzog vir Louw meegedeel dat sy heraanstelling moontlik probleme by die kabinet kon ondervind. Genl. Hertzog het hom aangeraai om met minister Pirow te gaan gesels, veral waar Pirow se beleid in die betrokke artikel aangeval is. Hy moes die korrekte feite by Pirow en Bodenstein kry; indien hy dan tevrede gestel word, moes hy 'n ontwerpverklaring vir die pers opstel waarin hy sou meld dat hy om heraanstelling gevra het en dat sy kritiesk op regeringsbeleid op foutiewe inligting gebaseer was.

Volgens die departement se verklaring het Louw toe vir Pirow en Bodenstein gaan sien en die ter sake inligting gekry. Teyrede dat sy aanvanklike inligting verkeerd was, het Louw toe 'n konsepverklaring opgestel en dié met Pirow bespreek. Pirow was nie daarmee gediend nie, dog sy minimum vereiste het weer nie vir Louw tevrede gestel nie, waarop laasgenoemde Hertzog meegedeel het dat hy onder die omstandighede liewer sy versoek sou terugtrek.

Oor die meriete van die verskillende partye se standpunte, sê die verklaring die volgende:

"Gekonstateer mag word dat die opstelling van die verklaring moeilik was, nie omdat aan mnr. Louw gevra was om enige beginsel prys te gee nie, want uit die besprekings het geblyk dat daar geen verskil omtrent beleid bestaan het nie, maar omdat mnr. Louw van sy kant homself soveel moontlik wou spaar, terwyl van regeringskant daarop aangedring is dat mnr. Louw in ondubbelsinnige terme verklaar dat hy op onjuiste gewens sy oordeel gevel het.

"Die enkele feit dat mnr. Louw, nadat hy ingelig was, bereid was om weer in diens te tree, is 'n afdoende bewys dat hy nie in beginsel van die regeringsbeleid verskil het nie."

Die verklaring lui voorts dat hierdie onderhandelinge etlike dae geduur het, wat ongetwyfeld aanleiding gegee het tot allerlei gissings en die onjuiste gevolgtrekking van 'n joernalis. Die idee dat die eerste minister, minister Pirow en die paar amptenare wat op hoogte was met die doel van die samesprekings, as bron van inspirasie vir die foutiewe berig gedien het, was Louw onwaardig, het die verklaring afgesluit.⁷⁸

Eric Louw het dadelik gereageer op "wat wil voorgee om 'n weergawe van die samesprekings met die Eerste Minister en Min. Pirow te wees."⁷⁹ Die samesprekings is, volgens hom, altyd onder vier oë gevoer en dit is dus 'n kwessie van woord teen woord van die betrokke persone. Hy het by sy verklaring volstaan en dit punt vir punt herbevestig. Dit was sy vaste oortuiging dat die berig vanuit die Uniegebou geïnspireer en nie blote raaiwerk van 'n joernalis was nie. Hy het volgehou dat hy van mening was dat Hertzog niks daarmee te doen gehad het nie, maar dit het nie die moontlikheid uitgesluit dat die blad uit "ander regeringsbronne" op die gedagte gebring is nie.

Louw het verder "met die grootste nadruk" verklaar dat dit onwaar is dat daar geen beleidsverkille was nie:

78. Billikheidshalwe het die verklaring tog genoem dat Louw in sy latere verklaring vir genl. Hertzog van alle moontlike blaam onthef het.

79. Die Burger, 18.3.1938; Cape Times, 18.3.1938.

"Die onpartydige toeskouer sal, meen ek, saamstem dat my weiering om die menings wat ek in die artikel in Die Transvaler uitgespreek het, terug te trek, aandui dat daar nie alleen in werklikheid meningsverskil was nie, maar dat my weiering ook afdoende bewys daarvoor is dat ek verkies het om by my beginsels te bly en dat ek nie bereid was om daardie beginsels vir 'n aanstelling in die Staatsdiens op te offer nie.

Laat my daarby voeg dat die aanstellingsbrief tot die betrekking in Parys inderdaad opgestel was en aan my voorgelees is. Dr. Bodenstein sou dit onderteken sodra ek die formule Pirow aanvaar. As daar "geen meningsverskil oor die beleid" was nie, sou ek klaarblyklik nie die samesprekings beëindig het nie. En die departementele verklaring erken dat ek dit beëindig het."⁸⁰

Waarom dan al die geredekawel, verklarings en teenverklarings?

Een van 'n aantal diepte-artikels in die eerste uitgawe van Die Transvaler, wat op 1 Oktober 1937 verskyn het, was dié van Eric Louw wat onder die titel "Uitlewing van Unie se Soewereine Status" die soeklig op die regering se buitelandse beleid gewerp het.⁸¹ Hy het veral te velde getrek teen wat hy genoem het die dubbelslagtigheid in hierdie beleid: aan die een kant word die

80. Die Burger, 18.3.1938.

81. Subtitels was: "Stryd teen Britse Diplomatie en die Lamsakke in eie midde" - "n Ontleding van die Regering se Imperialistiese Buitelandse Beleid". Mnr. J.J.J. Scholtz, tans assistent-redakteur van Die Burger en destyds op die redaksie van die Transvaler, het in 'n gesprek met skrywer vertel dat Eric Louw op die vooraand van publikasie van die artikel sy uiterste bes probeer het om dit van publikasie te onttrek, dog op daardie stadium kon dit nie meer teruggehou word nie. Hierdie mededeling dui daarop dat sy besluit om tot die diplomatieke diens terug te keer, enkele dae voor 1 Oktober geneem moes gewees het.

volk verseker dat die regering geen ekstra verpligtinge ten opsigte van oorlog op hom geneem het nie, dat dit aan die parlement oorgelaat sou word om oor deelname aan 'n oorlog waarin Eerland betrokke is, te besluit; aan die ander kant word met ewe veel nadruk verklaar dat die Unie onder sulke omstandighede nie neutraal kan bly nie en dat die Britse regering weer, soos in 1914, op die steun van Suid-Afrika kon reken.

Dieselfde geld ook vir ander fasette van die buitelandse beleid soos deelbaarheid van die Kroon en Britse onderdaanskap. Uit die skatkis van sy eie ervaring het hy verder aangetoon hoe Br diplomate agter die skerms probeer om eenheidsoptrede binne di Britse Ryk te verseker en onafhanklike optrede van die dominia aan bande te lê. Die onsigbare band van sentiment en dié van handel, asook die vrees vir moontlike aanvalle van buite is vir hom niks anders nie as pogings om die dominiums as deel van di Ryk te behou. Hy het ook die pas-afgelope Rykskonferensie en die optrede van die minister van Verdediging, mnr. Pirow, in d argument betrek en die afleiding gemaak dat Suid-Afrika deur s optrede en samesprekings gekompromitteer is om Engeland in 'n volgende oorlog by te staan. Die slotsom, na diepgaande ontle ding, was dat daar geen sprake kon wees van 'n selfstandige bui landse beleid nie: "Die Unie-regering loop blindelings saam, soos die Botha-regering gedoen het, op die pad wat lei na die slagvelde van Europa en na ernstige moeilikhede in Suid-Afrika

Die nuwe onthullings oor wat in Oktober 1937 dáár in die Unie- gebou plaasgevind het, het heelwat koerantkommentaar ontlok. Burger het beweer dat "Smelterspolitiek" oral in die land gebr sou maak van 'n deur-Louw-ondertekende verklaring ter bevorderi

van die kandidatuur van Verenigde Party-kandidate.⁸² Die Transvaler het veral Louw se omstrede artikel in dié blad se eerste uitgawe sterk verdedig en die reaksie daarop só verklaar:

"Hier was nou 'n man wat kans gehad het om 'n kykie agter die gordyne te neem en dit kan begryp word dat sy onthullings 'n onaangename verrassing vir die imperialiste was. Vandaar die aanvalle op hom. Mnr. Louw is vir hulle te gevaarlik."⁸³

In teenstelling met die Nasionale koerante, wat sterk tot die verdediging van Louw na vore getree het, was daar 'n mate van skeptisisme by koerante soos die Cape Times en Die Suiderstem. In 'n hoofartikel onder die opskrif: "Mr. Eric Louw and his Principles" het die Cape Times daarop gewys dat Louw sy hernude lidmaatskap van die Nasionale Party ietwat vervelig gevind en weer na die vleispotte van Egipte begin terugverlang het. Indien Louw dan sy Nasionale beginsels so hoog ag en as hy dan so oortuig was van die meriete van sy aanval op die regering se buitenlandse beleid, waarom het hy dan in die eerste plek die eerste minister genader? Die blad het dit ietwat moeilik gevind "to see from the rather complicated contradictions of the documents in question where Mr. Eric Louw's 'principles' began and where they ended. On the whole, we think that Mr. Louw will be a dubious asset to the Party with which he is now associating."⁸⁴ Die Suiderstem se kritiek was basies dieselfde as dié van die Cape Times, dit het Louw van dubbelsinnigheid beskuldig en Die Burger voor stok gekry oor sy interpretasie van die gebeure.⁸⁵

82. Die Burger, 18.3.1938: sub-hoofartikel.

83. Die Transvaler, 24.3.1938: hoofartikel.

84. Cape Times, 18.3.1937: hoofartikel.

85. Die Suiderstem, 18.3.1937: hoofartikel.

Soos Louw se aansluiting by die lëer gedurende die Eerste Wêreldoorlog, word ook hierdie episode in sy lewe deur 'n waas van geheimsinnigheid omhul. Die hooffigure van die toneel wat hom by die kantore in die Uniegebou afgespeel het, is nie meer daar meer terwyl die persman wat vir die "storie" verantwoordelik was, ook nie veel kon oplewer om die wanindruk wat hy destyds geskep het uit die weg te ruim nie.⁸⁶ Die enigste moontlike dokumentêre getuigenis hieromtrent lê dalk nog agter slot en grendel.⁸⁷

Daar is veral twee vrae wat pertinent na vore tree, naamlik waarom Louw weer na die diplomatieke diens wou terugkeer en of beleidsverskille verantwoordelik was vir die afspring van die Pretoriase onderhandelings.

Betreffende die rede vir Louw se optrede, moet in gedagte gehou word dat hy in die vooraangaande jare telkens sy voorneme te keer gegee het om na die politiek terug te keer. Verder was daar ook verlanke na sy vaderland, die opleiding van die kinders, sy bejaarde moeder op Beaufort-Wes: alles faktore wat sy terugkeer na Suid-Afrika in 1937 sinvol gemaak het. In die relletjie tussen

86. Die betrokke joernalis volhard, by implikasie, met die stelling dat Louw in 'n Kabinetspos belang gestel het; ook beweër verkeerdelik dat Louw ontken het dat hy ooit by die Uniegebou was. Kyk Bellwood: *South African Back-drop*, p. 152.

87. Hier word verwys na die dokumente van die departement van Buitelandse Sake en dié van dr. D.F. Malan, wat nie vir my oorsig beskikbaar was nie. Pirow sowel as Bodenstein het geskryf dat skynbaar geen nalatenskap in hierdie verband gehad nie, alhoewel die Hertzog-versameling ook niks opgelewer het nie. Dit is veral jammer dat die Malan-versameling gesluit is; dit is baie interessant wees om te sien of Louw se uiteensetting van gebeure aan Malan hulle onder Dokter se stukke bevind. Dit is baie sleutel tot die oplossing van talle vrae kan dalk daarin gevind word.

hom en die departement van Buitelandse Sake oor die vertolking van die gebeure, het Louw aangedui dat sy optrede deur "rede van 'n persoonlike aard" gemotiveer is, terwyl die departement se verklaring weer melding maak van familie-omstandighede wat heelwat sou verbeter het. Of laasgenoemde motivering, wat tog sekerlik deur Louw so aan die departement voorgehou is, dalk op die opleiding van die kinders of die gesondheidstoestand van sy moeder geslaan het, kon nie vasgestel word nie.

Of Louw se stap deur finansiële oorwegings gemotiveer is, is hoogs onwaarskynlik; hy is immers vooraf gewaarsku dat die vooruitsigte op 'n buite-parlementêre inkomste nie te rooskleurig was nie.⁸⁸ Buitendien was sy verblyf in die Unie te kort om substansie te verleen aan 'n moontlike opvatting dat hy om finansiële redes na sy ou beroep wou terugkeer.

Was daar dalk politieke oorwegings? Weliswaar is die indruk geskep dat Louw sy oog op 'n kabinetspos gehad het, dog hierdie stelling, gebaseer op 'n onvoorwaardelike en ongemotiveerde uitlating van 'n staatsamptenaar, is in elk geval onmiddellik deur Louw en later ook deur die departement van Buitelandse Sake as van alle waarheid ontbloot bewys.⁸⁹ Dat hy teleurgesteld was in die politieke situasie wat hy hier aangetref het en veral die posisie waarin die Nasionale Party verkeer het, kan ook nie juis as 'n geldige opvatting beskou word nie; sy volgehoue en intense be-

88. Kyk pp. 338-340 en 345.

89. Dis tog eienaardig dat juis hierdie beweerde motief skynbaar inslag gevind het. In my navorsing het ek gevind dat dit steeds die gangbare opvatting by baie persone en veral by persmense is. Dat dit 'n handige propaganda-wapen en vir sommige 'n stok was om Louw mee te slaan, is tot 'n mate voor-die-hand-liggend.

langstelling in plaaslike politieke aangeleenthede tydens sy sesese dienstermyn kon hom beswaarlik onder 'n wanindruk laat beliet het oor wat hom hier te wagte was. Op die oog af kon selfs nie eens die feit dat hy skynbaar by die volgende verkiesing geoptre sou word, 'n rol gespeel het nie, daar dr. Malan hom vooraf da omtrent ingelig het.

Miskien lê die oplossing tot hierdie vraag tog wel in Fraserburg die dorpie wat in 1924 nie deel van die kiesafdeling uitgemaak nie en wat nou 'n Nasionale opponent teen hom in die veld wou stoot. Louw het op 24 September 'n vergadering aldaar toegespreken o.a. die interessante opmerking gemaak dat die kiesers nie vrees moes wees dat hy oorsee "gif" ingekry het nie, maar wel getrouer Nasionalis as ooit tevore" teruggekeer het.⁹⁰ In hierdie dae moes hy ook genl. Hertzog se brief van dank en waardering, waarin hy meld dat hy Louw "met leedwese" uit die diens sien ontvang het.⁹¹ Gedagtig aan die feit dat hy kort hierna despotogings aangewend het om sy artikel-bydrae tot die eerste uitg van Die Transvaler te herroep,⁹² is dit duidelik dat sy besluit reeds in die laaste week van September geformuleer moes gewees het. Voorasnog, en miskien vir altyd, sal die werklike rede van Louw se optrede nie opgeklaar kan word nie.

Wat betref die kwessie of daar beleidsverskille tussen Louw en die regering was, is daar die twee standpunte van Louw en die departementele verklaring onderskeidelik. Dat daar wel sodanige verskille was, soos Louw beweer het, spreek nie alleen duidelik uit

90. Kyk p. 361.

91. Kyk p. 360.

92. Vgl. voetnoot 81.

die omstrede artikel nie, maar blyk ook duidelik uit veral die laaste jare van Louw se diplomatieke dienstryd. En hierdie verskil- le het juis gewentel om die vraagstuk van Suid-Afrika se status en sy verhouding tot Brittanje, wat die tema van sy Transvaler-artikel was. Louw se bereidwilligheid om die buitelandse beleid uit te voer ooreenkomstig die beginsels waarby hy nog altyd ge- staan het, moet dan ook in hierdie lig beskou word. Hy het dit voorheen gedoen, al het dit hom soms ten opsigte van beleidskwes- sies in botsing met sy departement gebring; nooit het dinge egter só ontwikkel dat hy gevoel het dat hy sy beginsels sou verkrag indien hy langer in diens van die regering bly nie.

Dat Louw homself "wou spaar" in die proses om weer in sy pos herstel te word, spreek vanself. Die vraag wat hier ter sprake kom, is welke inligting Pirow tot Louw se beskikking gestel het en hoe daardie inligting deur Louw geïnterpreteer is. Daarvan sou die bewoording van die ophelderende verklaring grootliks af- hang. Op die oog af was dit juis die bewoording van die verklaring en nie die kritiek wat Louw uitgespreek het nie, wat die crux van die hele saak was. Die antwoord op hierdie vraag sal waarskynlik nooit gevind word nie, tensy die konsep-verklaring wat deur Pirow opgestel is, op 'n wonderbaarlike wyse teruggevind word. Louw se konsep bevind hom in elk geval nie onder sy private dokumente nie.

Met sy omstrede artikel in Die Transvaler het Louw nie alleen uiting gegee aan die opgekropte gevoelens wat hy vir meer as 'n dekade in hom moes ronddra nie, maar het sy hertoetreding tot die politieke stryd in Suid-Afrika onafwendbaar geword. Omdraaikans was daar nie meer nie; die enigste geleentheid daartoe - 'n ge- leentheid wat om "persoonlike redes" - deur hom aangegryp is - is deur die publikasie van die betrokke artikel en die gesindheid wat dit by persone soos dr. Bodenstein en minister Pirow opgewek

het, finaal die nek ingeslaan.

Of genl. Hertzog juis baie in sy skik was met die verloop van die gebeure daar in die Uniegebou, val te betwyfel. Dat dr. Bodenstein hom in soete wraak kon verlustig indien hy wou, was seker, gedagtig aan al die probleme wat hierdie eertydse dipl. hom en sy departement in die verlede verskaf het. En Louw? Hy sou eers die lug by sy eie mense suiwer, om hom daarna met hart en siel ter bevordering van die Nasionale saak in die pot te werp.

KANDIDAAT, L.V. EN VOORBANKER, 1938

Op die amptelike nominasiedag van die Nasionale Party, 29 November 1937, is Eric Louw as aspirant-kandidaat vir Beaufort-Wes benoem.¹ Soos dr. Malan dit vroeër in die vooruitsig gestel het, is prokureur J.E. Louw van Fraserburg ook genomineer, dog dit sou nie nodig word om die stryd in der minne uit te spook nie, want laasgenoemde het hom feitlik onmiddellik aan die stryd onttrek.² Hierna het die hoofraad van die Kaaplandse Nasionale Party vir Eric Louw as amptelike kandidaat verklaar.³

'n Besondere druk program het op Louw gewag. Afgesien van sy eie kiesafdeling wat hy moes bearbei, was sy teenwoordigheid 'n baie gesogte item op die agendas van partyfunksies in baie dele van die land. Vroeg in Februarie het hy 'n besoek aan die Vrystaat gebring en in die bestek van twee weke nie minder nie as tien byeenkomste toegesprek.⁴ Hy

1. Die Burger, 30.11.1937.

2. Die Kourier, 1.10.1937. Die rede waarom hy hom onttrek het, is nie bekend nie.

3. Die Kourier, 1.12.1937. In Die Burger 18.12.1937 verskyn die lys van benoemings soos deur die hoofkantoor van die Nasionale Party aangekondig, dog dié van Beaufort-Wes ontbreek. Op 3.2.1938 is sy benoeming egter in Die Burger bevestig.

4. Hy het op 3 Maart vertrek en was op 19 Maart weer terug in sy kiesafdeling. Kyk Die Burger, 7.3.1938 en 21.3.1938.

het gereeld vol sale getrek en die Nasionaliste baie geesdriftig gevind.⁵ Dit het hom oortuig dat, wat ookal die uitslag van die komende verkiesing, eventuele oorwinning net 'n kwessie van tyd was.

Sommer vroeg op sy Vrystaatse toer het hy in 'n penarie belang toe 'n lastige Verenigde Party-organiseerder hom met 'n paar detail-vrae onkant gevang het. Hoewel hy dwarsdeur sy dienstermyn in die buiteland belangstelling en meelewing in die groot landsvraagstukke getoon het, het hy tog nie oor al die fyner besonderhede van die politieke vraagstukke beskik nie. Gelukkig vir hom, het die vraesteller nie sy ontwykende antwoorde aan verdere toetsing onderwerp nie. 'n Plan moes egter gemaak word.

Terug in sy hotel ná die betrokke vergadering, het Louw 'n lys gemaak van die vrae wat aan hom probleme verskaf het en die volgende oggend vir dr. A.J. van Rhijn, redakteur van Die Volksblad laat weet om hom op die Bloemfonteinse stasie te ontmoet. Gewapen met antwoorde van die joviale redakteur, kon Louw op sy volgende vergaderings wel deeglik

-
5. Die Burger, 22.3.1938. In 'n brief in Die Volksblad, 14.3.1938 is Eric deur 'n mej. Joubert lof toegeswaai vir sy "besadigde" optrede, in teenstelling met die "galbrakery en uitskellery" van die Smelters.
 6. Die Burger, 22.3.1938: 'n onderhoud, na sy terugkeer op Beaufort-Wes, oor sy indrukke van die toer deur die Vrystaat.

sy man staan.⁷

Aan die einde van Maart het Louw 'n reeks vergaderings in Wes-Kaapland toegesprek,⁸ vroeg in April voor 'n studente-gehoor op Stellenbosch opgetree⁹ en aan die einde van dieselfde maand hulp verleen in die Queenstown-kiesafdeling,¹⁰ waar hy baie jare tevore by twee geleenthede so dapper geveg

7. E.H. Louw-dokumente: E.H. Louw/Mnr. Van As, 23.3.1966: "Persoonlike herinneringe". 'n Voorbeeld van die ontwykende taktiek van Louw word gevind in die verslag van sy toespraak te Springfontein, in Die Volksblad, 7.3.1938. In antwoord op 'n vraag wat aangevul is met 'n voorlesing uit 'n koerantuitknipsel, het hy gevra om die uitknipsel te sien. Dit blyk toe dat dié verslag, wat as Die Burger s'n aan hom voorgehou is, inderdaad 'n hoofartikel van 'n ander koerant is wat na 'n opmerking van dr. Malan in 1927 oor die besondere saak verwys. "Mnr. Steyn (die vraesteller) is hartlike uitgelag..." Die opsigtelik lojale "Eie Korrespondent" van Die Volksblad berig verder: "Nog verskeie vrae is gestel oor die Nasionale Party se beleid en boerehulp, wat gepas geantwoord is". Dit is waarskynlik t.o.v. sommige hiervan wat Louw nie so goed ingestudeer was nie.

8. Die Burger, 28.3.1938 (te Villiersdorp en te Caledon) en 30.3.1938 (te Paarl); Cape Times, 28.3.1938 (te Caledon) en 29.3.1938: hoofartikel. Laasgenoemde hoofartikel verwys na Louw "...whose diplomatic experience has taught him neither consistency nor tact", n.a.v. sy uitlatinge oor Engelssprekendes.

9. Die Burger, 6.4.1938.

10. Die Burger, 21.4.1938

het. Hy het ook nog 'n draai in die Vryburg-kiesafdeling gaan maak en 'n paar vergaderings daar toegesprek. Hy was veral getref deur die groot geesdrif en die optimisme wat deur Nasionaliste daar aan die dag gelê is. In Betsjoeanaland het die mense lang afstande in hul "motorwielkarre" afgelê om die vergaderings by te woon, en op Stella het ongeveer driehonderd mense vir drie ure lank staande na die toesprake geluister.¹¹

Hy het darem nie sy eie kiesafdeling afgeskeep nie. Na die gebeure op Harrismith en die daaropvolgende publisiteit wat aan sy samesprekinge te Pretoria verleen is,¹² het hy dit nodig gevind om sy eie mense verder hieromtrent in te lig. Dit is gedoen op 'n byeenkoms van voorsitters en sekretarisse van takke en lede van die distriksbestuur op 19 Maart, toe die organisasie met betrekking tot die verkiesing bespreek is. Hy het sy kant van die saak gestel en versoek dat openhartig gepraat en vrae gevra moes word. Daar was egter geen probleme nie; die aanwesiges het hulle heelhartig agter Louw geskaar en 'n mosie van "hernude vertroue in mnr. Louw as Nasionalis en as kandidaat" is eenparig aanvaar.¹³ Gerugsteun deur hierdie blyke van lojaliteit kon Eric Louw hom gereed maak om die verkiesingstryd te voer.

11. Die Burger, 27.4.1938.

12. Kyk hoofstuk 9, p. 362 e.v.

13. Die Burger, 21.3.1938.

Die jare na koalisie en samesmelting word op politieke gebied gekenmerk deur die verbete stryd tussen eertydse bandgenote in Afrikanergeleeders, nl. die sogenaamde Smelters en die groepie wat hulleself as "Gesuiwerde" Nasionaliste beskou het. Van Nasionale kant is alles in werking gestel om aan te toon dat genl. Hertzog die pad van Afrikaner-nasionalisme verlaat het en hom nou in die kamp van die imperialistiese genl. Smuts en die oud-Unioniste bevind het. Soos n Hertzog van ouds het Eric Louw die Nasionale standpunt, soos dit meermale in die verkiesingsveldtog deur veral dr. Malan maar ook deur ander Nasionale leiers verkondig sou word, voor n studentegehoor op Stellenbosch gestel;

"Op 18 Mei sal die volk moet besluit op watter wyse sake in die toekoms bestuur sal word; of ons pad sal wees die pad wat lei tot nouer samewerking met die Britse Ryk, die pad van kapitalisme en liberalisme, en of dit die pad sal wees wat lei tot die stipte handhawing van ons huidige soewerein onafhanklike status, die pad waarop die belange van alle seksies van die bevolking behartig sal word, en waarop suiwere nasionalisme beskerm sal word teen vreemde invloede."¹⁴

Terwyl die Nasionale Party enige moontlike argument probeer eksploiteer het om sy eie saak te bevorder, kon die Verenigde Party die verkiesing met groot vertroue en gerustheid tegemoet gaan. Op ekonomiese gebied het dit baie goed

14. Die Burger, 6.4.1938. Dr. Malan het sy en sy party se beleidspunte die duidelikste gestel op groot vergaderings te Porterville (4 April), Heilbron (2 Mei, voor 5 000 mense) en Dordrecht (6 Mei, voor 4 500 mense), naas n spesiale boodskap aan die kiesers in Die Burger, 12.5.1938.

gegaan; daadwerklike aandag is aan die naturrelevraagstuk gegee; deur die status-wette en die aanstelling van 'n Suid-Afrikaner as goewerneur-generaal is verdere stappe geneem op die weg van soewereine onafhanklikheid en, les bes, is daar getoon dat Afrikaans- en Engelssprekendes tog in een politieke party kon saamwerk.¹⁵ So het dit altans op die oog af voorgekom.

Met die algemene nominasie op 26 April is Louw deur die Nasionale Party en mnr. Victor de Villiers deur die Verenigde Party as kandidate vir die algemene verkiesing in Beaufort-Wes benoem.¹⁶ Die sittende V.P.-volksraadslid, mnr. Piet Basson, is kort tevore oorlede en het in elk geval voor sy dood verklaar dat hy nie weer beskikbaar sou wees nie.¹⁷ Voortaan kon Louw weer meer aandag aan sy eie kiesers gee en het hy en 'n ou vriend, Dom Soppie Hattingh, voorsitter van die distriksbestuur, 'n uitgebreide toer deur sy kiesafdeling onderneem.¹⁸

Afgesien van kleiner byeenkomste op sentrale plekke in die distrikte, het Louw groot saamtrekke op Sutherland, Fraserburg en Beaufort-Wes toegesprek.¹⁹ Sy sentrale temas op hierdie en vorige byeenkomste elders in die land was die

15. Kyk D.W. Krüger: *The Making of a Nation*, p. 185.

16. *Die Burger*, 27.4.1938. Reeds einde-Maart was dit al bekend dat mnr. De Villiers die Verenigde Party-kandidaat sou wees. Vgl. *Cape Times*, 24.3.1939.

17. *Die Burger*, 21.4.1938. Vgl. ook *Cape Times*, 13.4.1938.

18. *Die Burger*, 4.5.1938.

19. *Die Burger*, 4,7,9 en 10.5.1938; ook *Die Kourier*, 11.5.1938.

"samesmelting-proefneming" en die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes. Samesmelting is deur hom as 'n mislukking en die Verenigde Party as niks anders nie as "n vermoede Sap-Unioniste Party" bestempel, waarin die oud-Nasionaliste se monde gesnoer is. Hy het ook telkemale verwys na die verwatering van Nasionale beginsels, die saak waaroor hy hom so veel in die buiteland gekwel het.²⁰ Sy boodskap was dus dat oud-Nasionaliste moes terugkeer en dat regdenkende Engelssprekendes by die Nasionale Party moes aansluit op 'n grondslag van "onverdeelde lojaliteit aan Suid-Afrika en wedersydse eerbied vir die taal en tradisies van die twee bevolkingsgroepe."²¹

Ook die ekonomiese beleid van die regering het dikwels in Louw se toesprake aftrek gekry.²² Hy het gevra dat die bemarkingstelsel ondersoek en dat desnoods prysbeheer ingestel word, ten einde die belange van sowel produsent as verbruiker te beskerm. Hy het ook gewaarsku teen 'n belangebotsing tussen die stad en die platteland omdat die regering geneig was om net "die kapitalistiese seksie en daardie groot besighede wat deur enkeles beheer word en wat 'big business' maak", se belange te bevorder.²³ Die aspirant-kandidaat van

20. Kyk hoofstuk 8, p. 287.

21. Die Burger, 6.4.1938: te Stellenbosch.

22. Bv. te Paarl, Stellenbosch, Queenstown, Wadehouse, Sutherland, Fraserburg en Beaufort-Wes.

23. Die Burger, 30.3.1938: te Paarl. Hierdie siening stem in hooftrekke ooreen met punt VI en VIII van die verkiesingsmanifes van die Nasionale Party, onder opskrifte "Algemene Ekonomiese Hervorming" en "Landbou" onderskeidelik. Kyk Die Burger, 5.4.1938.

n oorwegend boeregemeenskap het ook gepleit dat meer vir die boere gedoen moes word.²⁴

Soos in die twintigerjare, het Louw die noodsaaklikheid dat Suid-Afrika ekonomies selfstandig word, onderstreep en vir dié doel die oprigting van plaaslike nywerhede en 'n eie bank- en kredietstelsel bepleit. Die waarde van die Britse vloot vir Suid-Afrika is, na sy mening, heeltemal oorskakel; intendeel was dit hoofsaaklik gerig op die beskerming van Engeland se handelsbelange.²⁵

Die ekonomiese probleme en Suid-Afrika se jarelange statusvraagstuk was vir hom onafskeidbaar; om dus die Unie se ekonomiese belange te beskerm, moes neutraliteit gehandhaaf word. En om te verseker dat Suid-Afrika nie in 'n Europese oorlog ingesleep word nie, moes ontslae geraak word van 'n regering met 'n Unionistiese invloed, was die slotsom waar-toe hy geraak het.²⁶

24. Die Burger, 4.5.1938: te Sutherland. Hy sou dit ongetwyfeld ook op ander vergaderings in sy kiesafdeling gedoen het, dog dit word nie in die baie verkorte weergawes in die pers vermeld nie. Vgl. punt VIII: "Landbou" van Nasionale Party-verkiesingsmanifest, in Die Burger, 5.4.1938.

25. Die Burger, 30.3.1938, 4.5.1938.

26. Die Burger, 30.3.1938: te Paarl en Die Burger, 4.5.1938: te Sutherland. Punt I van die Nasionale Party se verkiesingsmanifest handel oor "Buitelandse Beleid en Verdediging" en lê neer 'n "beleid van nie-intervensie in buitelandse twistes en oorloë, suiwer met die oog op ons eie veiligheid en die beskerming van ons neutraliteit". Punt III handel oor "Politieke en Ekonomiese Selfstandigheid", verwysende na die appél na die Geheime Raad, nasionaliteit en 'n eie skeepvaart. Kyk Die Burger, 5.4.1938.

Louw was in sy element wanneer hy oor hierdie aangeleentheid gepraat het: in Europa het hy aan eie lyf ervaar hoe kompleks die statuskwessie by tye kon word.²⁷ Op die verwyte dat die Nasionaliste vroeër die Balfour-verklaring en die Statuut van Westminster aanvaar het maar nou nie meer daarmee tevrede is nie, het hy ondubbelsinnig laat hoor:

"My antwoord hierop is dat daar sedertdien sekere dinge plaasgevind het wat die posisie verander het. Ons het ook geleer dat die mense in Engeland die Balfour-verklaring en die Statuut van Westminster in 'n ander lig beskou as ons in Suid-Afrika... Ons het uitgevind dat daar 'n verskil is tussen 'n status op papier en die toepassing daarvan in die praktyk. Die houding van die Engelse staatsmanne en die Engelse pers was nog altyd om die indruk te skep dat die Britse Statebond sowel 'n politieke as 'n diplomatieke eenheid is."²⁸

Ander vraagstukke wat deur Louw op sy vergaderings buite en binne sy kiesafdeling aangeroer is, was die instroming van Nie-Blankes na die stede,²⁹ die verwatering van die Naturelle-wetsontwerpe³⁰ en die omstrede kwessie van gemengde huwe-

27. Kyk hoofstukke 6 - 8.

28. Die Burger, 6.4.1938: te Stellenbosch.

29. Die Burger, 30.3.1938: te Paarl.

30. Die Volksblad, 7.3.1938: te Springfontein.

like,³¹ die kommunisme en die Joodse kwessie.³²

Dit was egter nie altyd net maanskyn en rose vir Eric Louw nie. Mnr. Blaar Coetzee en ander Verenigde Party-organiseerders het knaend op sy spoor gebly en hom soveel as moontlik verleentheid probeer besorg deur allerlei vrae, wat soms na die persoonlike kant toe geneig het, aan hom te stel. So bv. is vertel dat die regering ontevrede was met Louw se werk en dat hy inderdaad ontslaan is; dat hy sonder 'n verdienste sou sit en dus op 'n parlementêre salaris aangewys was.³³

Op hierdie insinuasie kon Eric met groot selftevreedenheid antwoord deur die bedankingsbrief van genl. Hertzog aan hom³⁴

31. Die Burger, 4.5.1938: te Sutherland. Hierdie sake word grootliks gedek in punt V, "Kleurvraagstukke", van die Nasionale Party se verkiesingsmanifes. Kyk ook Die Burger 5.4.1938. Van Nasionale kant is herhaaldelik aangedring dat wetgewing teen gemengde huwelike aanvaar moet word, en vroeg in Mei het die Nasionale Party van Transvaal die later berugte "Swart Plakkaat" die lig laat sien, waarin 'n gemengde huwelikspaar met hul kinders onder armoedige omstandighede uitgebeeld word, met die verwyf dat die Verenigde Party dit nie wil belet nie. Gemoedere het hoog geloop oor hierdie plakkaat, 'n afbeelding waarvan in Die Burger van 10 Mei 1938 verskyn het.

32. Die Burger, 21.4.1938: te Queenstown. Vgl. punt IV, "Immigrasie en Joodse Vraagstuk" van Nasionale Party se verkiesingsmanifes, in Die Burger, 5.4.1938.

33. Die Burger, 9.5.1938 en 10.5.1938.

34. Kyk hoofstuk 9, p. 360.

woordeliks voor te lees en te verklaar dat hy finansieël onafhanklik was.

Volgens die spesiale beriggewer vanuit Beaufort-Wes,³⁵ het die "reisende Smelteragent", mnr. Coetzee, met sy lang lys gewone en "holruggeryde" Smeltervrae nie alte goed gevaar teen Louw nie: "... hy het daar maar skraal van afgekom" en "... moes tot groot vermaak van die gehoor telkens met die kous oor die kop daarvan afkom. Die antwoorde was vir hom so verpletterend dat hy sommer onmiddellik daarna die vergadering verlaat het."³⁶

In 'n spesiale reeks agtergrondartikels oor besondere kiesafdelings het 'n Kaapse Engelstalige dagblad heel eerste by Beaufort-Wes stilgestaan en dit bestempel as

"likely to be one of the principal focal points of the election campaign in the Cape Province. It is here that a former Minister Plenipotentiary of the Union, Mr. Eric Louw, who's regarded by his own party as one of its biggest guns, will be opposed by a prominent local farmer."

Die blad het geglo dat die skaal in die guns was van die baie populêre en gerespekteerde mnr. De Villiers, veral vanweë Louw se "rondvallery" oor 'n regeringsaanstelling kort tenvore. Dit moes sy aansien selfs onder Nasionaliste baie geknou het. Hierby het nog gekom die feit dat Prins Albert met ongeveer 200 Nasionaliste by die jongste afbakening van die kiesafdeling afgesny is. Terwyl die Nasionale Party kon staatmaak

35. Ene M. le Grange.

36. Verslae oor die vergadering op 6 Mei verskyn in Die Burger, 9 en 10.5.1938 en in Die Kourier, 11.5.1938.

op die stemme van die spoorwegwerkers, is bereken dat die Verenigde Party feitlik al die kleurlinge se stemme sou trek. n Wegbreek van die tradisionele traagheid en beter organisasie kon baie maklik daartoe lei dat die V.P. hierdie oorwegend boere-kiesafdeling behou.³⁷

Terwyl Louw van verhoog tot verhoog gegaan het om sy en sy party se standpunte te stel, was sy opponent maar bra stil en het hy hom hoofsaaklik op huisbesoek toegelê. Op sy eerste openbare vergadering te Merweville op Saterdag 7 Mei het hy n oorweldigende mosie van wantroue op die lyf geloop.³⁸ Op die oog af en geoordeel aan die entoesiasme wat Eric Louw by sy talle byeenkomste opgewek het, was die optimisme van die Kaapse dagblad skynbaar ietwat misplaas.

Die uitslag van die 1938-verkieping was n klinkende oorwinning vir die Verenigde Party, wat 111 setels teenoor die 27 van die Nasionale Party, die verneamste opposisiegroep, behaal het.³⁹ Terwyl die Verenigde Party altesaam n verlies van agt setels getoon het, kon die Nasionale Party spog met n vermeerdering van sewe. Hoewel daar tog n mate van te-

37. Cape Times, 13.4.1938: "Round the Constituencies (1) - Beaufort-West". Spesiale verteenwoordigers het besoeke aan die kiesafdelings gebring en die vooruitsigte aldaar probeer bepaal.

38. Die Burger, 9.5.1938.

39. Vir uitslae, kyk Die Burger, 21.5.1938. Vgl. ook Krüger: *The Making of a Nation*, p. 158 en Hancock: *Smuts II*, p. 295.

leurstelling by dr. Malan te bespeur was omdat die party nie meer setels verower het nie⁴⁰ en 'n aantal staatmakers soos Brückner de Villiers, J.F. van G. Bekker, C.R. Swart en ds. C.W.M. du Toit uitgeval het, kon die Nasionale Party tevrede wees met 'n baie goeie stemmonstering.⁴¹ En dan was daar ook vertroosting te put uit die aanwins van "beproefde stryders" soos Eric Louw en A.J. Werth. Die hoop is steeds op die toekoms geplaas: "Die stroom van nasionalisme groei aan. Die toekoms hoort aan die Nasionale Party."⁴²

In Beaufort-Wes het Eric Louw 'n groot oorwinning behaal,⁴³ en met 'n meerderheid van 1 474 onomstootlik bewys gelever dat die kiesafdeling nie die eksperiment van samesmelting aanvaar het nie. Louw se terugkeer na die politiek en die heelhartige wyse waarop hy hom weer aan die kant van die Nasionale Party geskaar het, het ongetwyfeld weer koers in die denke van baie plaaslike kiesers gebring. Basson se oorlye en die feit dat hy hom in elk geval nie weer verkiesbaar sou stel nie, het verdere moontlike verdeelde

40. Die Burger, 21.5.1938. Vgl. ook Die Burger, 20.5.1938: hoofartikel, waarin die getal setels as "beslis 'n te-leurstelling" bestempel is.

41. Die N.P. het 247 000 stemme getrek, teenoor die V.P. se 448 000. Kyk Malan: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p. 183.

42. Die Burger, 20.5.1938.

43. Die Burger, 20.5.1938: Die Transvaler, 20.5.1938. Van die altesaam 6 255 kiesers het Louw 3 347 en sy opponent 1 873 stemme behaal.

lojaliteite uitgeskakel. Die Uniegebou-episode het op die oog af nie eens 'n rimpeltjie op die gewildheidsleer van die eertydse diplomaat veroorsaak nie.

Wat die uitslag in die algemeen aanbetref, het Louw 'n baie nugtere siening daarop nagehou en selfs aangevoer dat van sy kollegas ooroptimisties was. Die oormag was te groot: die aanhang wat die twee generaals by die kieserspubliek gehad het, die samewerking tussen baie Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes binne die V.P., die teenstand van Jode en Kleurlinge en les bes, "die groot geldmag". Hy het ook teen oorhaastigheid gewaarsku:

"Die Nasionale gebou was met Koalisie afgebreek tot byna op sy fundamente. Dit kan nie sommer met die eerste verkiesing weer voltooi word nie. Dit is ook nie in die belang van die Party om te vinnig te vorder nie. Ons moet nie weer die foute van die verlede herhaal nie."⁴⁴

Tonele van uitbundige geesdrif het dié Donderdagaand daár in die Karoodorp voor die magistraatskantoor afgespeel. Die aankondiging van die uitslag is met groot gejuig begroet en Louw is skouerhoog in die straat rondgedra en met gelukwense oorval. Daarna is baie van sy ondersteuners saam met hom na sy huis, waar Die Stem, volgens die plaaslike korrespondent van die Kaapse Nasionale dagblad, gesing is "soos nog nooit tevore op Beaufort-Wes nie." Eers lank na middernag het dinge tot bedaring gekom.⁴⁵

44. Die Burger, 24.5.1937.

45. Die Burger, 24.5.1937.

Maand later is daar in 'n tot-oorloopenstoe-vol stadsaal oorwinningsfees gevier, kompleet met 'n aantal toesprake, voordragte, sang- en klavieritems en egte, opgewekte Boere-musiek verskaf deur die Koup Boere-orkeste. Louw se kernboodskap aan sy mense, tussen wie hy so gesellig kon verkeer, was dat Suid-Afrika op ekonomiese gebied sterk moes staan om te kan stry vir sy taalregte en vir die bereiking van sy vryheidsideaal. Hy het weer, soos so dikwels in die verlede, wedyersyds ondersteuning aangemoedig. Wat die toekoms aanbetref, het hy gehoop dat die verdeeldheid binne die Verenigde Party spoedig tot 'n nuwe verkiesing sou lei. Omdat deeglike en doeltreffende organisasie nog steeds, soos twee dekades gelede, vir hom die sleutel tot sukses was, het hy gemaak dat almal se name op die kieserslys moes kom.⁴⁶

Op Vrydag 22 Julie 1938 het die parlement byeengekom en het die tweede vyfjaartermyn onder die samesmelting-bedeling 'n aanvang geneem. Na setel-getalle geoordeel, was die regerende Verenigde Party stewig in die saal. En tog was daar op dié Vrydag 'n ondertoon van kommer te bespeur: "...behind the panoply of this great ceremonial occasion lay dark shadows of impending bitterness and strife."⁴⁷ Toe die volksraad pas na die openingseremonie formeel met sy werksaamhede 'n aanvang geneem het, is aan Eric Louw 'n voorbank toegeken, saam met mede-nuwelinge A.J. Werth en At Badenhorst. Die ander Nasionale voorbankers was dr. Malan,

46. Die Burger, 22.6.1938; Die Kourier, 22.6.1938.

47. Rand Daily Mail, 23.7.1938.

dr. N.J. van der Merwe, adv. J.G. Strydom en dr. K. Bremer.⁴⁸

Woensdag 27 Julie was "Nuwelinge se dag in die Volksraad".⁴⁹ Te midde van meer as die gewone belangstelling, het Eric Louw vir die eerste keer sedert 1925 weer sy stem in die hoogste vergadersaal van sy land laat hoor en wel in die debat oor die Tweede Gedeeltelike Begroting.

Hy het as tema gekies die regering se handelsbeleid, met klem veral op die buitelandse bemarkingsbeleid. Skerp kritiek is uitgespreek op die Sitrus- en Sagtevrugtebeurs omdat hulle die herhaalde advies van die Unie se verteenwoordigers en handelskommissaris oorsee nie opgevolg het nie, maar net by die Britse markte gehou het. Hy het ook baie tyd aan die handelsbande met Frankryk gewy, op die gebreke in die bestaande verhouding gewys en wenke aan die hand gedoen hoe handelsbetrekkinge met dié land verbeter kon word. Daar was vir hom gevaartekens dat die Franse nie die ongunstige handelsbalans met die Unie sou duld nie en dat, by gebrek aan daadwerklike optrede soos byvoorbeeld die sluiting van 'n handelsverdrag, waardevolle markte in die buiteland verlore sou gaan. Hy het ook aangetoon hoedat Frankryk alhoemeer wol van Australië koop, ten koste van Suid-Afrika, en dat 'n kwotastelsel op wol moontlik van Franse kant ingestel

48. Die Burger, 22.7.1938; Cape Times, 23.7.1938. Werth het Brückner de Villiers se ou plek ingeneem, en Louw en Badenhorst het 'n nuwe bank wat aan die N.P. toegeken is, gedeel.

49. Die Burger, 28.7.1938: opskrif bo berig.

sou word.⁵⁰

Louw se "debuut" het gunstige kommentaar ontlok. Afgesien van die prominensie deur Die Burger daaraan verleen, het ook die regeringsondersteunende koerant, Die Suiderstem, gewys op die groot belangstelling wat daar vir sy optrede geheers het. Ten spyte van kleiner, aanvegbare stellings deur hom gemaak, meen dié blad tog dat Louw se toespraak bo dié van die ander nuwelinge uitblink het.⁵¹ Die Cape Times het sy toespraak as beslis die beste aan Nasionale kant bestempel: "Mr. Louw spoke forcefully, if rather pompously, and made out as good a case as one can imagine for increased Government purchases from France."⁵²

Op 18 Augustus het Louw aan die Begrotingsdebat deelgeneem en hersiening van die tariefstelsel as teenwig teen die delende uitvoerhandel bepleit. Hy het verwys na die minister van Finansies se begrotingsrede, wat 'n afplatting op ekonomiese gebied voorspel het, en gesê dat die "depressie-kompleks" deur die minister self geskep is daar hy versuim

50. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 191 - 196.

51. Kyk Die Burger, 28.7.1938 en Die Suiderstem, 28.7.1938. Eersgenoemde koerant het verwys na sy "intieme, persoonlike kennis van buitelandse bemerking", terwyl Die Suiderstem weer 'n vraagteken oor sy kennis van die Unie se handelsake geplaas het.

52. Cape Times, 28.7.1938: "Notes in the House".

om betyds die nodige teenmaatreëls te tref.⁵³ Hy het die ekonomiese tendense in die Unie vergelyk met dié wat in 1929 in Amerika vaardig was, net voor die groot depressie. As Havenga sy waarskuwings vóór die verkiesing laat hoor het, sou die regeringsparty syns insiens n veel kleiner meerderheid behaal het.⁵⁴

Minister Havenga het in sy repliek verwys na die maatreëls wat in die voorafgaande jare getref is om die maatskaplike en ekonomiese toestande te verbeter en Louw toegevoeg "dat hy n vreemdeling is in Jerusalem, dat hy te lank weg was uit die land en dat hy nie genoeg rekening gehou het met die groot opbouingswerk in die laaste jare nie."⁵⁵

Die persdekking van hierdie optrede van Louw was weer eens goed en veral die Nasionale koerante het heelwat publisiteit daaraan verleen. Sy toespraak is onder nie minder nie as

53. Op 28 Julie het sowel Havenga as Pirow, die minister van Spoorweë, waarskuwings laat hoor te dien effekte dat die groeitempo van die voorafgaande paar jaar nie gehandhaaf sou kon word nie. In n hoofartikel in Die Transvaler, 29.7.1938, is die ministers daarvan beskuldig dat hulle self n depressie-toestand skep. Tydens besprekings op n vergadering van die Loonraad is gewag gemaak van n handelslapte aan die Rand, wat egter bestempel is as n blote terugkeer na normale toestande. Kyk Die Transvaler, 29.7.1938.

54. Debatte van die Volksraad, vol 32 (1938): kol. 1238-1239.

55. Debatte van die Volksraad, vol 32 (1938): kol. 1487. Ook mnre. Pocock (kol. 1245) en Bezuidenhout (kol. 1261) het Louw van onkunde bestempel.

vyf opskrifte bo die gewone parlementêre verslag van Die Burger aangebied⁵⁶ terwyl dit ook in Die Transvaler hoofopskrifte gehaal het.⁵⁷ Die Suiderstem het gewag gemaak van die "besadigde wyse" waarop Louw gepleit het vir die uitbreiding van die uitvoerhandel en die hersiening van invoertariewe,⁵⁸ terwyl ook die Cape Times gereserveerde lof uitgespreek het:

"Today's big Malanite gun was Mr. Eric Louw. Like those that boomed before him, he vainly sought to do justice to an assortment of subjects in a short space of time, but in spite of that his speech was polished and to the point."⁵⁹

Ook kon dié blad nie help om daarop te wys dat Louw en 'n ander Nasionale voorbanker, A.J. Werth, mekaar oor die erns van die sogenaamde depressie-toestande weerspreek het nie. Terwyl Louw dit met die voor-depressie toestande in Amerika teen 1929 vergelyk het, het Werth gemeen dat die minister onnodig pessimisties was; na die koersagtige bedrywighede van die voorafgaande aantal jare was dit syns insiens 'n normale toestand.⁶⁰

56. Die Burger, 19.8.1938. Dié opskrifte het só gelui:
 "Skepping van 'n depressie-kompleks - Beskuldigings teen Minister van Finansies - Waarom nie in Februarie al gewaarsku - Deurtastende rede oor ons handel deur adv. Louw - Krediet en Bankwese eis aandag."

57. Die Transvaler, 19.8.1938.

58. Die Suiderstem, 19.8.1938.

59. Cape Times, 19.8.1938: "Notes in the House".

60. Die Transvaler, 18.8.1938.

Op 13 September was dit weer so: Eric Louw wat, volgens sy eie pers, die belangrikste bydrae gelewer het tot die debat oor die begrotingspos Handel.⁶¹ Hy was eerste aan die woord met 'n vloeiende, detail-belaaiende maar tog logies-beredeneerde oorsig oor handelstoestande⁶² en het reg aan die begin die pos Handel en Nywerheid, wat onder die "herskape" minister Fourie⁶³ ressorteer, as een van die belangrikste staatsdepartemente bestempel,

"n Departement wat toesig moet hou oor kwessies van ons buitelandse handelsverhoudings, n departement wat ook moet toesig hou oor kwessies van binnelandse handel, n departement waaronder ressorteer die Raad van Handel en Nywerheid en wat die Regering met advies moet bedien insake kwessies rakende ons tariewe, en uiteindelik n departement wat verantwoordelik is vir die aanmoediging en uitbreiding van nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika... Saam met die Departement van Finansies het hierdie departement te doen met die ekonomiese struktuur van die land, en daarom is dit n baie belangrike departement."

61. Die Burger, 14.9.1938; Die Transvaler, 14.9.1938.

62. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): Kol. 2625 - 2631.

63. Die Burger, 28.7.1938. Mnr. A.P.J. Fourie het in die 1938-verkieëing uitgeval, dog genl. Hertzog wou hom ten alle koste terughê in die parlement. Verskeie pogings om n setel vir hom te verkry, het misluk en daar is bespiegel dat Hertzog hom n senatorskap sou aanbied. Dit is toe wel op die ou end gedoen, dog oor die meriete van die aanstelling het daar toe n hewige storm om die hoof van Hertzog losgebars. Kyk A. Paton: Hofmeyr, pp. 284 - 292 vir n uitvoerige beskrywing van die krisis wat deur Hertzog se optrede veroorsaak is.

Hy het ook weer lank by handelsverhoudinge met die buite-land stilgestaan en die groot daling in uitvoere aan buite-landse handels- en ekonomiese toestande sowel as aan die waarde van die Unie se betaalmiddel en regeringsbeleid toegeskryf. Hoewel daar met die Ottawa-konferensie in 1930 van die wederkerigheidsbeginsel (quod pro quo) uitgegaan is, het dit in die praktyk geblyk dat hierdie ooreenkoms meer in Brittanje as in die Unie se voordeel was. Gestaaft deur verklarings van premier Chamberlain van Brittanje, het hy ook aangedui dat die Britse afgevaardigdes by Ottawa 'n ringmuur om die Ryk wou bou en gevolglik hegte ekonomiese skakeling probeer bewerkstellig het. By homself moes Louw ongetwyfeld teruggedink het aan sy skeptisisme jeens daardie konferensie, destyds toe hy nog in die diplomatieke diens so 'n verbete stryd om die status van die Unie gevoer het.⁶⁴

Sonder om die waarde van Britse markte te wou ontken, het hy tog gemeen dat regeringslede die potensiaal van dié markte oorskat, met die gevolg dat ander markte verwaarloos is. Vanweë die Unie se grootskaalse bevordering van Britse uitvoere, het hy bygevoeg, "het ons die reg om te vra of in Engeland ook dieselfde goeie gesindheid en lojaliteit op ekonomiese gebied betoon word aan Suid-Afrika." Hy het self die antwoord verskaf en aangetoon dat dit by die Britse publiek sowel as hul regering nie om sentiment gaan nie, maar om gehalte (by eersgenoemde) en om die bevordering van die

64. Kyk hoofstuk 6, p. 295 - 297.

eie en daarna die Ryk se belange (by laasgenoemde). En om te toon dat hy nie alleen staan nie, het hy daarna verwys dat ook die hoë kommissaris in Londen, adv. Te Water, en die handelskommissaris, mnr. F.J. du Toit, in hul toesprake en rapporte laat blyk het dat Suid-Afrika 'n groter afset van Brittanje kon verwag.⁶⁵

Sentiment as basis vir handelsverhoudinge was vir hom taboe, verwysende na die "Buy British"-veldtog en die Joodse boikot teen "een van ons beste klante op die vasteland van Europa" (bedoelende Duitsland):

Die dae van uitgebreide voorkeur is verby ... Vandag ... moet daar gehandel word op die toonbank van wederkerige regte en voorkeur ... Die dae van alle eiers in een mandjie is ook verby, en dit is tyd dat Suid-Afrika ook na ander lande moet kyk vir 'n afsetgebied vir sy produkte."

Tariefhersiening en die instelling van 'n afsonderlike afdeling vir buitelandse handel binne die departement van Handel en Nywerheid is as stappe ter verbetering aan die hand gedoen.⁶⁶

In 'n tweede spreekbeurt in die debat⁶⁷ het Louw uitbreiding van Suid-Afrikaanse nywerhede en 'n verhoogde loonstruktuur voorgestel, alles ter verhoging van die lewensstandaard. Deur tarief-beskerming en staatsondersteuning kon plaaslike bedrywe soos die inmaak van voedselsoorte wat op landbou-

65. 'n Berig oor Du Toit se kritiek in The Star, 19.2.1937.

66. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 2631.

67. Debatte van die Volksraad, vol 32 (1938): kol. 2635 - 2637.

produksie aangewys is (byvoorbeeld konfyt, vrugte, vleis en gekondenseerde melk) aangehelp word, en hy wou veral sien dat sodanige nywerhede op die platteland opgerig word.

Ander sake wat hy kortliks in die debat aangeroei het, was die moontlike afsondering van sekere nywerhede net vir Blankes, die stigting van 'n nywerheidsbank en die lisensiering van nywerhede, om onbillike kompetisie uit te skakel. Ter stawing van laasgenoemde versoek het hy na "n sekere klas mense wat onbillike kompetisie veroorsaak" verwys. Voordat hy meer hieroor kon sê, was sy tyd verstreke. Hy sou egter spoedig hierna die geleentheid kry om verder daaroor uit te wy.

Ook mnr. At Badenhorst en adv. S.P. le Roux het na die Jode verwys en was veral krities oor die invloed wat die Joodse boikot van Duitse goedere op die handelsbalans tussen Duitsland en Suid-Afrika gehad het, veral insoverre dit wolverkope raak.⁶⁸ Een van die Joodse lede van die volksraad, mnr. Morris Alexander, het heftig ontken dat daar 'n georganiseerde Joodse boikotbeweging bestaan. Hy het veral vir Eric Louw geroskam en die wens uitgespreek dat hy eerder sy "ongetwyfelde bekwaamheid en welsprekendheid" moes aanwend om die handel na Amerika aan te moedig, "as om die beste vriende wat die Boere het te beskimp, naamlik die Joodse winkeliers in Suid-Afrika."⁶⁹

⁶⁸. Debatte van die Volksraad, vol 32 (1938): kol 2640 (Le Roux) en kol. 2648 (Badenhorst).

⁶⁹. Debatte van die Volksraad, vol 32 (1938): kol. 2641-52.

In sy repliek het die minister van Handel en Nywerheid, mnr. Fourie, toegegee dat die regering met Louw se algemene stelling oor die handelsbeleid akkoord gaan, naamlik dat di n beleid van wederkerigheid is.⁷⁰ Hy het egter op die voor dele van n versekerde mark in Engeland gewys, teenoor die kwotas waaraan Suid-Afrikaanse goedere in byvoorbeeld Frankryk onderhewig was. Hy het ook verwys na die onbevredigende toestand met betrekking tot Amerika en het vir Louw, met sy kennis van die Amerikaners, gevra of hy dan meen dat hulle bereid sou wees om die kwotastelsel ten opsigte van byvoorbeeld motors en boerderyimplimente te aanvaar.⁷¹

Op 14 September het Louw op Alexander se toespraak gereagee en gevra of hy werklik "so n vreemdeling in die Suid-Afrikaanse Jerusalem" is as wat hy wou voorgee. Hy het verskei bewyse van die bestaan van so n boikot aangehaal en het ook beweer dat daar in die regeringsparty baie lede was wat net soos die Nasionaliste oor die vraagstuk gevoel het, maar wat in die jongste verkiesing op die Joodse stem, Joodse motors en Joodse kapitaal gesteun het. Op hierdie stadium wou die voorsitter vir Louw die swye oplê, dog nadat Madeley tussen beide getree het, kon hy voortgaan en het hy die Joodse verteenwoordigers gewaarsku dat hulle met vuur speel "as hulle hier in Suid-Afrika, soos gedoen is in die Verenigde State van Amerika en elders, gebruik maak van hulle ongetwyfeld

70. Debatte van die Volksraad, vol.32 (1938): kol. 2661-62.

71. Debatte van die Volksraad, vol.32 (1938): kol. 2717.

ekonomiese mag om dit te gebruik as 'n politieke en ekonomiese knopkierie."⁷²

Die debat het nou ontaard in 'n debat oor die Joodse vraagstuk en of Suid-Afrika van Duitsland of van Engeland moes koop. Van regeringskant is die Nasionaliste van onverdraagsaamheid beskuldig⁷³ en die Jode sterk verdedig.⁷⁴

'n Rukkie later het Louw vir die derde keer tot die debat toegetree en oor binnelandse handel en die "groeïende konsentrasie van ekonomiese magte in hande van sekere groot maatskappye en groepe en selfs van individue" gepraat. Hy het verwys na die vleisbedryf,⁷⁵ tabak, sterk drank en

-
72. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 2707 - 2709. Die Rand Daily Mail het by 'n verslag van die verrigtinge in die Volksraad, 'n foto van Louw geplaas, met opskrif: "Warning to Jews". In die byskrif word Louw aangehaal: "I warn the Jews...they are playing with fire if they use commercial ability as 'n bludgeon." Kyk Rand Daily Mail, 15.9.1938.
73. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 2712-13. (deur B.K. Long).
74. Debatte van die Volksraad, Vol. 32 (1938): deur dr. H. Gluckman (kol. 2721-22) en W. Madeley (kol. 2714).
75. Later in die debat verwys hy na die ontevredenheid met die vleismark by skaapboere in sy distrik en elders in die Karoo. Die beheerde mark, sê hy, strek tot nadeel van sowel die boer as die verbruiker; die verskil tussen die verkoopprijs (van eg.) en die kooprijs (van lg.) is sins insiens te groot. Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 2800-01.

vermaaklikhede, terwyl hy veral skakelwinkels uitgesonder het as "n slegte ding wat ons van Amerika gekry het" en wat dringend ondersoek moes word. En hy kon dit ook nie verhelp om sy teleurstelling uit te spreek oor die reaksie van die minister op sy eie en op andere se vrae nie.⁷⁶

Met die bespreking van n wetsontwerp waarin voorsiening gemaak word vir die instelling van n publisiteitskorporasie, het Louw onverwags en vanuit onverwagte oord lof gekry vir sy pogings om Suid-Afrika as toeristeland bekend te maak, en wel toe mnr. Madeley, hoewel gekant teen die wetsontwerp, daarop gewys het dat "die gesamentlike pogings van my agbare jong vriend van Beaufort-Wes (mnr. Louw) en van die publisiteitsdepartement van Spoorweë uitgeloop (het) op enorme vermeerdering van die getal besoekers wat ons sedert daardie tyd in Suid-Afrika gekry het."⁷⁷ Louw was op sy beurt erkentlik en het Madeley se woorde op prys gestel. Sy eie ervaring het hom die waarde van toerisme vir n land soos Suid-Afrika, met sy pragtige en verskeidenheid natuurskoon, laat besef, en hy noem dit "onsigbare uitvoer, geld wat in die land kom en in die land bly." Hy het die beoogde korporasie verwelkom, om meer kontinuïteit met betrekking tot personeel te kry en ook omdat skakeling met die departement van Spoorweë sekere beperkings op werksaam-

76. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938):
kol. 2743 - 2745.

77. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938):
kol. 2554.

hede in dié verband gelê het. Hy het verder bepleit dat toerisme op sakegrondslag aangepak moet word en dat "ge-oefende manne" die publisiteit daaraan verbonde moes behartig. Hy het ook gemeen dat Suid-Afrikaanse hotelle verbeter behoort te word, want dit was een aspek van toerisme in Suid-Afrika waaroor toeriste dikwels by hom gekla het terwyl hy nog in die diplomatieke diens was.⁷⁸

Vanweë die ongunstige betekenis wat die term "publisiteit" in Amerika verkry het, is die naam Publisiteitskorporasie gewysig tot Korporasie vir die Uitbreiding van Toeristeverkeer. Louw het hierdie verandering gestaan, verwysende na die feit dat hy om dieselfde rede vroeër die naam van die publisiteitsburo tot reisburo moes verander.⁷⁹

Na aanleiding van 'n aantal vrae van dr. P.J. van Nierop,⁸⁰ het Louw, verwysende na die Vreemdelingwet van 1937, die uitgebreide magte wat aan die Keurraad toegeken is bevraagteken en bedenkinge oor hul werk uitgespreek, veral vanweë die feit dat die vorige jaar byna duisend Joodse vlugtlinge die land binnegelaat is. Soos dr. Van Nierop, wat daarin 'n bedreiging vir "ons kinders" gesien het,⁸¹ het ook Louw die

78. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 2561-62.

79. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 2566-67.
Vir meer besonderhede oor Louw se betrokkenheid by dié saak, kyk pp. 235 e.v. en 306-307.

80. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 597.

81. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 3281.

erns van die situasie beklemtoon. Vir hom was dit 'n ope vraag of al diene wat die land binnegelaat is, aan die vereistes van assimileerbaarheid voldoen het. En in alle redelikheid wou hy ook weet of daar dan nie genoeg Jode in die land was nie. Daar was baie Jode wat saam met hom geglo het dat dit wel die geval was, dog hy voel "senuweeagtig" as hy merk dat genl. Smuts voor die Sionistiese vereniging voorspel het dat lande wat Joodse immigrasie belemmer het, hul deure wyer sou moes oopgooi.

Die swaakteit van die bestaande stelsel was, volgens Louw, daarin geleë dat die Keurraad nie aan die parlement verslag doen nie en ook omdat mense met tydelike permitte tog daarin slaag om hulle permanent in die Unie te vestig. Dit behoort syns insiens nie moontlik te wees om tydelike permitte in permanente permitte om te sit nie. En op een of ander wyse behoort daar kontrole oor die bewegings van die houe van tydelike permitte gehou te word.⁸²

Louw se hoop om nie weer van onverdraagsaamheid of rassehaat beskuldig te word nie, is deur mnr. Morris Alexander beskaam. Dié het dadelik tot die verdediging van die Keurraad gekom en terloops gevra of Louw by sy ontvangs deur die destydse Franse eerste minister, mnr. Blum, wat 'n Jood was, enige onassimileerbaarheid by hom opgemerk het. Verklarings oor onassimileerbaarheid strek die agbare lid nie tot eer nie, het 'n sensitiewe Alexander hom gekapittel.⁸³ 'n Ander

82. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 2566-67.

83. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 3256-58.

Joodse lid van die Raad, mnr. Morris Kentridge, het egter die toon van Louw se toespraak as "onberispelik" bestempel, wat bewys gelewer het dat hy nie gevoelens in die Raad wou opwek nie.⁸⁴

Toe ds. S.W. Naude by geleentheid die opmerking gemaak het dat Louw nie op hoogte was van toestande in die land nie en dat hy "n vreemdeling in Jerusalem" is, het Louw hom ietwat vererg, dit as 'n ou storie afgemaak en daarop gewys dat hy die toestande in Suid-Afrika baie noukeurig in die koerante gevolg het.⁸⁵

Die minister van Binnelandse Sake, mnr. Stuttaford, het Louw se hoflikheid en takt om sy toesprake in Engels te hou, aangeprys. Op sy beurt het hy hom in Afrikaans probeer behelp, met verskoning vir sy krom gebruik van dié taal. Verslaggewing deur die Keurraad sou syns insiens gereeld tot politieke haarklowery lei; en oor wie en wat 'n Jood is, het hy hom nie bekommer nie terwyl hy nog minder sou saamjag op Jode; dit gaan bloot net daarom of 'n immigrant vir die land van nut is of nie. Vir registrasie van vreemdelinge het hy ook nie kans gesien nie, omdat dit 'n "luukse" was en nie bekostig kon word nie.⁸⁶

Die debat oor immigrasie, wat teen die einde so 'n sterk "Joodse" kleur gekry het, is kort hierna beëindig. Dog

84. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 3273.

85. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 3270.

86. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 3301-03.

voordat die pos Binnelandse Sake goedgekeur is, het Louw weer van hom laat hoor, hierdie keer oor die uitreiking van paspoorte.

Op 21 September het Louw in die volksraad verwys na persberigte oor die moontlike stuur van 'n Kleurlingvoetbalspan na Engeland en gesê dat 'n ernstige situasie geskep sou word indien die minister die voetbalspelers sou toelaat om die besoek af te lê, "om daar onthaal en as die gelykes van die blankes behandel te word, waarna hulle sal terugkom met ideë wat hulle daar anderkant opgetel het..."⁸⁷ Tegelykertyd het hy sy instemming betuig met die weiering van 'n paspoort aan 'n Swartman wat 'n kommunistiese kongres in Amerika wou gaan bywoon. Hy het die hoop uitgespreek dat die minister 'n einde sal maak aan dié soort dinge, sodat die sosiale kleurslagboom in die Unie gehandhaaf en voorkom sal word dat Suid-Afrika die lot van sommige Suid-Amerikaanse republieke deel, waar dit on-

87. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 3269. 'n Berig oor die Kleurlingvoetbalspan het op 15 September 1938 in Die Burger verskyn.

moontlik is om n Blanke van n Kleurling te onderskei.⁸⁸

Ter ondersteuning van Louw het mnr. R.A.T. van der Merwe aan die Raad n foto getoon van n Kleurling met n Blanke vrou, met wie hy oorsê in die huwelik getree het.⁸⁹ Die Burger het ook heelhartig met Louw saamgestem en gesê dat die stuur van die span teen die "volksgevoel" indruis en dat die blanke publiek die gevare verbonde aan so n stap insien, "waar die lede van die geselskap gereeld teen blankes sal speel, deur blankes onthaal en met blankes op maatskaplike gebied sal omgaan asof daar hoegenaamd geen skeidslyn bestaan nie."⁹⁰

Mev. Margaret Ballinger het haar egter verset teen die weiering van paspoorte in die aangehaalde gevalle en gesê dat dit die Unie belaglik maak in die oë van die wêreld.⁹¹

88. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 3269. Volgens D.B. Molteno, een van die naturelle-verteenwoordigers in die Volksraad, wou hy n Internasionale Jeugkonferensie in New York bywoon, wat onder beskerming van vooraanstaande persone gestaan het. Kyk Debatte van die Volksraad, 32 (1938): kol. 3305. Dié saak het in November ook ter sprake gekom in die sitting van die Naturelle Verteenwoordigende Raad, waar die voorsitter verklaar het dat dit raadsaam was om nie die paspoort toe te staan nie. Die versekering is gegee dat geen onnodige diskriminasie toegepas is nie. Kyk Cape Times, 30.11.1938.

89. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 3286.

90. Die Burger, 23.9.1938: tweede hoofartikel.

91. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 3275-3277.

Louw het weer die volgende dag die kwessie opgehaal en nog 'n sodanige aangeleentheid onder die minister se aandag gebring, naamlik van drie afgevaardigdes van die kleremakersvakbond na 'n kongres in Rusland. Omdat Suid-Afrika geen diplomatieke of konsulêre verteenwoordiging in Rusland het nie en ook vanweë kommunistiese propaganda in Suid-Afrika het hy versoek dat paspoorte geweier word, om te voorkom dat hulle as kommunistiese agitators terugkeer.⁹² Die minister het sy optrede teenoor die Swartman verduidelik, as synde in sy eie belang; en wanneer dit ter sprake kom, sou die ander gevalle op "suiwer administratiewe grondslag" behandel word.⁹³ Daarmee is van die saak afgestap.

Die ondertoon van kommer wat daar by die opening van die parlement teen die einde van Julie geheers het, is grootliks veroorsaak deur woelinge met betrekking tot die speel van Die Stem van Suid-Afrika by amptelike geleenthede. Hierdie getoonsette gedig van C.J. Langenhoven, wat toevallig reeds in 1929 deur Eric Louw as 'n potensiële volkslied beskou is,⁹⁴ het met die loop van jare by Afrikaners in gewildheid toegeneem en inderdaad die plek van 'n eie volkslied begin inneem. Dit het groot misnoë by talle Engelssprekendes, wat

92. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 3301.

Die organisasie waarna verwys is, was die Garment Worker's Union.

93. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 3304.

94. J.B.M. Hertzog vers., band 64: Teks van radiopraatjie, as bylae tot brief EHL/JBMH, 2.1.1930. Kyk hoofstuk 6, p. 291 voetnoot 37.

daarin 'n bedreiging vir die tradisioneel-ingeburgerde God Save the King gesien het, tot gevolg gehad.

Met die parlamentsopening vroeg in 1938 is van die bestaande gebruik afgewyk en is Die Stem naas die Britse volkslied gespeel, tot groot konsternasie van baie Engelssprekendes. Toe hy in die parlement gekonfronteer is met die vraag of dit nou beteken dat Die Stem volksliedstatus verkry het, het Hertzog duidelik laat blyk dat hy dit wel as die toekomstige volkslied beskou.⁹⁵

Op Uniedag, 31 Mei 1938, was dit weer so: net Die Stem word gespeel tydens die militêre parade te Robertshoogte, en om die kroon te span, word met die vlaghysingseremonie net die Unie-vlag ontplooi. God save the King en die Union Jack is hier en elders in die land heeltemal genegeer, in teenstelling met die algemene praktyk in die verlede. Hierdie gebeure het reeds gespanne verhoudinge binne die Verenigde Party feitlik tot breekpunt gevoer. 'n Voorlopige reëling is getref dat beide liedere in die toekoms by formele geleenthede gespeel sou word.⁹⁶

95. Vir besonderhede, kyk Hancock: Smuts II, pp. 293-294; A. Barlow: Almost in Confidence, pp. 236-239; L. Blackwell: Farewell to Parliament, pp. 5 - 32; D.W. Krüger: The Making of a Nation, pp. 192-193. Vgl. ook kontemporêre koerante.

96. Hierdie reëling is beliggaam in 'n verklaring wat op 2 Junie deur die eerste minister uitgereik is en wat op 26 Julie deur genl. Hertzog as 'n voorstel by die volksraad ingedien is. Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938) : kol. 111.

Die geskarrel rondom die speel van slegs Die Stem op Uniedag het 'n neerslag gevind in die parlementêre verrigtinge enkele maande na die voorval. Sommer met die aanvang van die sitting het die saak ter sprake gekom toe dr. Malan op 26 Julie 'n voorstel indien wat "een enkel, eg Suid-Afrikaanse en of-fisieel-erkende volkslied" behels.⁹⁷ Vir die volgende paar weke het hierdie kwessie die verrigtinge in die volksraad oorheers en het die voor- en teenstaanders daarvan mekaar harde woorde toegevoeg.⁹⁸

Op Maandag 8 Augustus het Eric Louw ook tot die debat toegetree.⁹⁹ Pas tevore het H.A. Fagan in 'n beheersde toespraak gemeen dat nasionale eenheid eers verkry moes word voordat 'n volkslied aanvaar kon word.¹⁰⁰ In aansluiting by genl. Hertzog se verklaring dat The King 'n gebed vir die koning is, het G. Heaton Nicholls op sy beurt verklaar dat Suid-

97. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 88.
Dr. Malan se rede het een uur en twintig minute geduur en het van Hertzog, toe hy net na Malan die woord geneem die opmerking ontlok dat hy die Raad die versekering gee dat hy moeg is en dat dit ook die gevoel van die lede aan sy kant van die Raad is.

98. Die debat is op 29 Julie en weer op 8, 11, 12 en 24 Augustus voortgesit. Die laaste bespreking het dwarsdeur die nag geduur en die Raad het eers om 6.25 die volgende oggend verdaag, nadat Malan se voorstel verwerp en dié van Hertzog aanvaar is. Vgl. die ooreenstemmende Debatte.

99. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 688-694.

100. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 652-659.

Afrika dié lied as simbool van sy getrouheid aan die koning geërf het, net soos die geval was met sy parlementêre instellings.¹⁰¹

Volgens Louw is daar in die voorafgaande debatvoering nie voldoende aandag geskenk aan die basis van dr. Malan se voorstel nie, nl. dat die volkslied simbool is van die land se soewereine onafhanklikheid. Hy meen ook dat daar selfs nie eens meer in regeringskringe twyfel bestaan oor die Unie se soewereine status nie.¹⁰² Om egter 'n volkslied met 'n ander volk te deel, sou afdoen aan daardie status:

"Dit is tog een van die karakteristieke eienskappe van 'n onafhanklike staat dat hy 'n eie nasionale volkslied besit waarin uiting gegee word aan die vaderlandsliefde van die inwoners van die land - 'n lied van die volk, uit die volk ..."

As die regering dit werklik erns meen met soewereine onafhanklikheid, moes hy die konsekwensies daarvan aanvaar. Werklike samewerking tussen die taalgroepe kon slegs geskied op die basis van onverdeelde lojaliteit teenoor Suid-Afrika, iets wat nie moontlik is met twee volksliedere nie. As verdere blyk van verdeelde lojaliteite het hy gewys na iets wat hom die voorafgaande twee weke opgeval het, naamlik dat sommige van die Engelssprekende lede van die Volksraad geneig was om van "this country" in plaas van "our country" te praat.

101. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 664-666.

102. Louw het gewys op die anomalie dat Afrikaanstalige V.P.-pamflette die Unie se soewereine status erken, dog dat dieselfde pamflette in Engels niks daarvan meld nie. Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 688-694.

Louw se toespraak het weer indruk gemaak. Die Burger het dit n "treffende toespraak" genoem en groot prominensie daaraan verleen,¹⁰³ soos trouens ook Die Transvaler gedoen het.¹⁰⁴ Laasgenoemde blad het daarop gewys dat eers met Louw se toetrede daar nuwe punte in die debat na vore gebring is. Naas die toesprake van Fagan, Nicholls en dr. W.P. Steenkamp, was Louw se uitvoerige uiteensetting al wat vir die Cape Times noemenswaardig was,¹⁰⁵ dog die politieke korrespondent van die Rand Daily Mail het dit as "somewhat tediously constitutional" beskryf.¹⁰⁶

Aan die einde van die debatvoering oor sy mosie het dr. Malan sy dank betuig vir die tyd wat aan bespreking daarvan afgestaan is en dat die Raad "met die verskuldigde aandag en belangstelling hierdie debat van soveel kante en met soveel belangstelling gevoer het." Sy mosie is egter met 82 stemme teen 23 verwerp.¹⁰⁷

Louw het ook nog aan die debat oor die begrotingspos Verdediging deelgeneem en n sterk verdedigingsmag bepleit, wat die Unie se neutraliteit kon beskerm. Hy het sterk standpunt

103. Die Burger, 9.8.1938.

104. Die Transvaler, 9.8.1938.

105. Cape Times, 9.8.1938: "Notes in the House".

106. Rand Daily Mail, 9.8.1938. By die verslag van verrigtinge in die volksraad is n foto van Eric Louw, met byskrif: 'God Save the King' has been given an official position it never had before" - mr. Eric Louw."

107. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 1646.

ten gunste van neutraliteit ingeneem, dog dit was vir hom baie duidelik dat die Unie in 'n volgende oorlog waarby Engeland betrek sou word, nie afsydig sou staan nie. Daarvoor sou Smuts sorg.¹⁰⁸ Oor hierdie kwessie sou daar, net soos oor die Joodse vraagstuk, in die nabye toekoms nog baie hare gekloof word.¹⁰⁹

Tussen al die groot landsvraagstukke deur, het Eric Louw nogtans nie sy kiesafdeling afgeskeep nie. Telefoonuitbreiding in die distrikte Sutherland en Fraserburg is deur hom bepleit, en 'n antwoord van minister D.F. Clarkson dat daar ander aansoeke van meer dringende aard was,¹¹⁰ het hom geensins verhoed om 'n rukkie later die saak weer vir "besondere konsiderasie" na die minister te verwys nie.¹¹¹ Die minister kon maar net met hom en andere wat met dieselfde vertoë gekom het, simpatiseer omdat daar nie meer vir hulle gedoen kon word nie.¹¹²

Louw het verder die aandag van die Raad daarop gevestig dat Beaufort-Wes swaar gebuk gaan onder die reputasie wat dit as hersteloorlog vir tuberkulose-leiers verkry het. Tydelike inwoners

108. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 1755-1757.

109. Hierdie aangeleentheid word breedvoerig in hoofstuk 12 bespreek.

110. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 2204: vrae.

111. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 3182.

112. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 3204-05.

wat by die Nelspoortse sanatorium¹¹³ behandeling ontvang, bek
 nie 'n uitgawe-las vir die plaaslike stadsraad te wees nie; c
 moes daar elders nog 'n sanatorium opgerig word, terwyl 'n klir
 vir na-behandeling van die siekte op Beaufort-Wes gesetel bek
 te wees.¹¹⁴ Die antwoord van die minister hierop het die ste
 raad nie bevredig nie en hulle het Louw gevra om die saak wee
 op te neem. Hierdie keer het Louw ook gepleit vir 'n inrigting
 waar ongeneeslike persone opgeneem kon word, want waar hulle
 lik op die dorp gewoon het, het hulle 'n gevaar vir die ander
 woners geskep. Die versoek vir die oprigting van 'n sentrum t
 Beaufort-Wes vir na-behandeling van persone wat opsigtelik ge
 is, is by herhaling gestel.¹¹⁵ Die minister se antwoord dat
 oor die woonplek van 'n pasiënt kon beslis en dat 'n kliniek be
 gunstige oorweging sou geniet, het darem 'n sprankie hoop beve

Ook die werksomstandighede en bevorderingsmoontlikhede van sp
 wegpersoneel, die vervanging van Blanke kombuisjongens deur
 Kleurlinge (volgens Louw, 'n afwyking van die Blanke arbeidsbe
 van die vorige regering), die herbou van die stasie op Prins

113. Dié inrigting was die eerste van sy soort in Suid-Afrika
 is op 5 Mei 1924 amptelik geopen. Kyk Vivier: Hooyvlak
 p. 58.

114. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 2543-44
 Vgl. ook Die Kourier, 6.7.1938: notule van stadsraadsve
 dering.

115. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 3327-28

116. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 3332-33
 Louw het hom steeds vir die saak beywer en grootliks deu
 sy toedoen is ; teringhospitaal in 1946 op die dorp opge
 Kyk Die Kourier, 4.1.1939; 21.6.1939; 1.5.1940; 4.6.1
 en 27.8.1947. Vgl. ook Vivier: Hooyvlakte, pp. 58 - 59

Albertweg en die verbetering van dié te Fraserburg (veral ten opsigte van die aanbring van aparte geriewe in die wagkamer) is ander aangeleenthede wat deur Louw in die Raad aanhangig gemaak is.¹¹⁷ Ten opsigte van die eerste twee kwessies het die minister bevredigende antwoorde gegee, dog die reparasies aan die stasies moes hul beurt af wag. Die wagkamer te Fraserburg sou egter voortaan alleen vir Blankes beskikbaar gestel word.¹¹⁸

Tydens die duur van die Sitting het Eric Louw by etlike geleenthede in die openbaar opgetree en daartydens verdere blyke gegee van sy politieke sieninge. Reeds die aand pas na die opening van die parlement was hy die gas van die Oranjeklub van Kaapstad, waar hy die gehoor oor die doel van buitelandse gesantskappe en die diplomatieke diens toegesprek het.¹¹⁹ Hy het 'n lansie gebreek vir dié vertakking van die staatsdiens waardeur die onafhanklikheid van die Unie sigbare gestalte gekry het en ook van die geleentheid gebruik gemaak om die algemene bewerings dat dit slegs 'n "luilekker lewe oor see" of 'n vermorsing van geld was, te weer spreek. Hy het terloops daarop gewys dat 'n goeie kennis van die Franse taal onontbeerlik was vir jong manne wat tot die diens wou toetree.¹²⁰

Die vriend dr. A.L. Geyer, wat hom bedank het, was trots daarop dat Eric Louw as eerste gesant van Suid-Afrika die simbool was

117. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 3536-3538.

118. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 3542-3544.

119. Die Burger, 23.7.1938.

120. Louw was natuurlik self baie bedrewe in dié taal, wat hy aangeleer het terwyl hy as gesant in Washington gestasioneer was. Kyk hoofstuk 8, p. 312.

van die amptelike erkenning van die Unie se soewereine onafhanklikheid.¹²¹

Op Vrydag 19 Augustus was hy weer dr. Malan se gas op 'n groot Nasionale Party-basaar te Porterville, in Malan se kiesafdeling. Op die vergadering na die geselligheid het die voorsitter, mnr. Bertie van Zyl, vir Louw aangeprys

"omdat hy 'n hoë betrekking prysgegee het om 'n nederige wapendraer van die Nasionale Party te word, en omdat daar gehoop kan word dat onder meer deur sy toedoen die Afrikaner sy regmatige plek in die ekonomiese wêreld sal kry."

Hierna was dit dr. Malan se beurt om hoë hulde aan sy ou vriend te bring:

"As daar een ding is wat vandag in die politieke lewe diep te betreur is, dan is dit dat daar so baie mense in die politieke lewe is wat hul volk, hul oortuiging en hul gewete prysgee vir 'n baantjie."

Dr. Malan het veral na koalisie en samesmelting verwys, wat uit aard dié verskynsel teweeggebring en bevorder het, en het dit sy toehoorders tuisgebring dat Eric Louw juis net die teenoorgestelde gedoen het: 'n loopbaan prysgegee vir sy volk, sy oortuiging en sy gewete, om met harde stryd sy volk te probeer dien.

"As ons maar meer mense van sy soort in ons politieke lewe het was Malan se versugting, "dan is daar hoop vir die toekoms van ons volk."

Volgens eie verklaring verheug om saam met "die gevierde Nasionaleier" op die verhoog te wees, het Louw op sy beurt hulde aan dr. Malan betuig en daarna 'n kort toespraakie gehou. Soos sy

121. Geyer het verwys na die feit van Louw se aanstelling as Buitengewone Gesant en Gevolmagtigde Minister in die Verenigde State in 1939.

122. Die Burger, 20.8.1938.

"noodienstoespraak" kort tevore in die volksraad, het dit hoofsaaklik oor ekonomiese aangeleenthede gegaan, met klem op die strewe om Suid-Afrika onafhanklik te maak.

Die volgende Woensdagaand het Louw hom weer heeltemal in 'n ander kraal bevind, nl. tussen die Engelssprekendes in Souttrivier en op 'n vergadering wat uitsluitlik aan die kwessie van aparte woonbuurte gewy is. Hy het die agtergrond en noodsaaklikheid van dié beleid geskets en aangetoon dat Suid-Afrika daarsonder in die posisie van sekere Suid-Amerikaanse state sou gewees het, waar moeilik tussen blank en gekleur onderskei kan word. Vandag is dit die Kleurlinge en in die nabye toekoms sou dit dalk die Swartes wees wat probleme sou verskaf, het hy die situasie opgesom. As oplossing het hy die ontwikkeling van die gekleurde seksie na sy eie aard bepleit, met aparte verteenwoordiging in die parlement.¹²³

Intussen het die simboliese ossewatrek ter herdenking van die Groot Trek 'n aanvang geneem. Toe die ossewa genaamd Magrieta Prinsloo op Donderdag 6 Oktober te Fraserburg ontvang is, het Louw in 'n toespraak die hede met die verlede vergelyk en weer sterk gepleit vir die beskerming van die Blanke, veral op ekonomiese terrein.¹²⁴ Die huidige stryd was, volgens hom, drieledig van aard. Eerstens op ekonomiese terrein, waar die 300 000 arm-blankes bewys lewer dat die stryd reeds sy slagoffers geveg het. As die Blanke nie beskerm word nie, sien hy "n donker toekoms vir die blanke ras". Tweedens is dit 'n stryd om die bloed van die Blanke suiwer te hou, en in die derde plek is dit 'n politieke stryd tussen Blank en Nie-Blank. Wetgewing is nie voldoende nie

123. Die Burger, 25.8.1938; Cape Times, 25.8.1938.

124. Die Burger, 7.10.1938.

en vanweë kommunistiese propaganda lyk dit vir hom of 'n poli
Bloedrivier onafwendbaar is. Hy sluit af:

"Ek wil nie by hierdie feesviering 'n pessimistiese sienin
skep nie, maar voel ook dat dit dwaas sou wees om ons oë
te sluit vir die neigings en gevare wat reeds sigbaar is.
Ek voel dat dit my plig is om 'n woord van waarskuwing te
uit dat die slag van Bloedrivier nie die stryd tussen die
blanke en gekleurde rasse beëindig het nie. Soos die Voo
trekkers, wie se nagedagtenis ons vandag vier, moet ons o
n laer trek en wakker staan. Die nodige maatreëls moet g
tref word om die belange van die blanke ras te beskerm en
om sy heerskappy in Suid-Afrika op politieke, ekonomiese
maatskaplike terreine te verseker."

Toe die ossewa op Saterdag 8 Oktober 1938 sy tuisdorp bereik
praat hy oor die groot nasietrots en nasieliefde wat hy in
Europa aangetref het en vra waarom dit nie ook die geval kan
in Suid-Afrika nie.¹²⁵ Hy skenk veral weer aandag aan die "
stuk van die sinkende deel van ons volk", soos teweeggebring
die trek na die stede en die armblankevraagstuk en waarby so
Afrikaners betrokke is. Hy waarsku en wys die weg aan:

"Dit help nie dat ons praat van volksideale nie, en dat
ons roem op ons geskiedenis nie, terwyl daar 'n kanker aan
ons volkslewe vreet nie... 'n Volk wat net op sy verlede
leef kan niks beteken nie. Ons moet ook ag slaan op die
huidige toestand van 'n groot deel van ons Afrikanervolk,
en ons moet vooruitkyk na die toekoms... Vrome besluite
by konferensies sal ook niks help nie. Daar moet kragdad
opgetree word, en daar moet die nouste samewerking wees
tussen Afrikaner-verenigings en kerkgenootskappe aan die
een kant, en die Regering aan die ander kant."

Hy het ook die Kerk, "in alle liefde, maar in alle erns", ve
dat hy in sy ywer vir buitelandse sending nie die steeds gro

125. E.H. Louw-dokumente: getikte toespraak "Ossewatrek, Be
Wes". Louw was ook op die reëlingskomitee vir die ontv
van die ossewa en het saam met ander ere-gaste die dorp
die wa binnegery. Kyk Die Kourier, 5 en 12.10.1938.

arbeidsveld in die agterbuurtes moes verwaarloos nie.

Louw se optrede binne en buite die parlement het in Nasionale geleedere groot indruk gemaak. As spreker was hy skouspelagtig en het hy die vermoë besit om sy gehore te boei soos min andere. Sy ervaring in die diplomatieke diens het hom nie alleen handig te pas gekom by besprekings oor handelsaangeleenthede en buitelandse verhoudings nie, maar het op sigself groot reklamewaarde besit. Geen wonder dus dat sy hulp in aanvraag was toe 'n tussen-verkiezing kort na afloop van die Sitting in Marico gehou moes word nie.

Die Marico-setel het vakant geraak toe genl. J.J. Piensar as administrateur van Transvaal aangewys is. Die Nasionale Party se kandidaat was ds. C.W.M. du Toit, wat in die verkiesing in Mei 1938 in Colesberg uitgeval het. Die Nasionale Party was vasberade om hierdie eertydse voorbanker weer terug te kry in die parlement. Eric Louw was een van diegene wat die stryd ten behoeve van Du Toit moes kom aanknoop, 'n stryd waarin "groot kanonne" van weerskante deel gehad het: aan regeringskant drie ministers, nl. Smuts, Kemp en Fagan, asook talle volksraadslede en senatore; aan Nasionale Party-kant manne soos Strydom, Louw, Sauer, Erasmus en Serfontein.¹²⁶

'n Verenigde Party-meerderheid van 354 stemme, gebaseer op 'n stem-persentasie van twee-en-negentig in Mei 1938, sou moes uitgewis word om aan Du Toit die oorwinning te besorg.¹²⁷ Albei partye

126. Die Transvaler, 10.10.1938 en 11.10.1938.

127. Malan en Van Rensburg: Verkiesingsuitslae 1910 - 1943, p. 45; Die Transvaler, 21.5.1938.

het die erns van die situasie besef en veral die Nasionale P
het sy organisasie op 'n puik grondslag gebring. Die algemen
gevoel was dat die meerderheid, na welke kant ookal, klein s
wees.¹²⁸

Vanuit die staanspoor het gevoelens hoog geloop. 'n Warm ver
ring is gehou toe twee "politieke predikante", ds. Du Toit e
ds. S.W. Naude, mekaar op die verhoog gepak het.¹²⁹ En toe
Kemp 'n vergadering in die Zeerust-distrik hou en daar gerugt
dat die Nasionaliste die byeenkoms wou opbreek, het die Vere
Party-ondersteuners hulleself met tuinslange bewapen.¹³⁰ Di
Verenigde Party-pers het enkele dae voor die verkiesing gevo
dat die uiters sensitiewe skaal in die guns van die Verenigd
Party geswaai het, dog was tog versigtig: "The result can s
be influenced by the work done to-day and to-morrow".¹³¹ To
dinge hand-uit.

Nadat Eric Louw en ander Nasionale leiers die vorige aand 'n
gadering toegesprek het, het hulle die oggend van 11 Oktobe
opelug-vergadering van genl. Smuts te Marico bygewoon.¹³² A
die begin van sy toespraak, wat gehandel het oor plaaslike v
stukke soos die armblanke-kwessie en dié van grondverskaffing

128. Rand Daily Mail, 7.10.1938 en 11.10.1938; Cape Times, 11.10.1938 en 12.10.1938. Reeds op 8 September het die Rand Daily Mail 'n "bitter campaign" in die vooruitsig g

129. Cape Times, 8.10.1938.

130. Cape Times, 6.10.1938.

131. Rand Daily Mail, 10.10.1938; Cape Times, 11.10.1938. (Albei berigte deur T.C. Robertson, die Politieke Korrespondent van die Rand Daily Mail).

132. Die Transvaler, 12.10.1938.

Swartes sowel as die groter vraagstuk van Suid-Afrika se houding in 'n oorsese oorlog, het Smuts 'n beroep op die kiesers gedoen om soos Afrikaners en met waardigheid op te tree: "Let the battle be clean..."¹³³

Toe Eric Louw na afloop van Smuts se toespraak vrae wou stel, is hy op die verhoog vlakby Smuts hardhandig te lyf gegaan, van die tydelike verhoog ('n vragmotor se bak) afgestamp en "links en regs geskop" tot hy op die grond val. Slegs die tydige hulpverlening van mnr. J.J. Serfontein, ds. Du Toit en andere het voorkom dat hy ernstig beseer is.¹³⁴

Die Cape Times se korrespondent het "frayed election tempers" en "aggressive questioning from a young Malanite M.P." (bedoelende J.J. Serfontein) as aanleidende oorsaak vir die aaklige skouspel bestempel, en was van mening dat dié uitbarsting die Verenigde Party die setel kon kos. Die berig meld verder dat Serfontein hom die gramskap van die gehoor op die hals gehaal het vanweë sekere vrae met betrekking tot die Verenigde Party se beleid teenoor die Kleurlinge. Dié vrae is deur V.P.-ondersteuners as beledigend vir Smuts vertolk. Voordat hulle 'n dreigement om Serfontein van die platform te verwyder, kon uitvoer, het hy sy vrae gestaak en het Eric Louw die mikrofoon geneem. Toe Van der Spuy, die Verenigde Party-kandidaat, hierop uitroep dat Louw die man was wat hom nie die vorige aand wou toelaat om vrae te vra nie, het 'n klomp jong manne die vragmotor bestorm, Louw gegryp en hom afgeruk:

"A few seconds later there was the unedifying spectacle

133. Rand Daily Mail, 12.10.1938. Die opskrif van 'n Sapa-berig het gelui: "Gen. Smuts defends 'Stand by England' Policy".

134. Die Transvaler, 12.10.1938.

of the Union's former High Commissioner in Paris lying in the dust of the Zeerust football field while young farmers kicked him in the ribs."

Smuts was sigbaar omgekrap en wou Louw terugroep, dog die onstuimigheid het voortgeduur, en gevegte het vir ten minste 'n kwartier lank aangehou. Toe het die polisie ingegryp.¹³⁵

Die Transvaler het die oorsaak van hierdie gevoel teen adv. I gesoek in die feit dat die regeringskandidaat, maj. S.J. van Spuy, die vorige aand daarop aangedring het om op 'n vergadering van die Nasionaliste ook 'n spreekbeurt te kry, soos hy glo g was om in Prieska saam met die Nasionale kandidaat aldaar te sy versoek is deur die voorsitter geweier. Hier op Marico h Van der Spuy op sy beurt vir Eric Louw teengegaan toe laasge noemde vrae wou stel en het hy Louw beskuldig dat hy hom nie die vorige aand wou laat praat het nie.¹³⁶ By 'n latere geleheid het Louw verklaar dat die aanval op hom georganiseerd w terwyl dit duidelik was dat genl. Smuts nie genoë met die ge geneem het nie. Volgens hom was die heftigste aanhitters vr "Nog nooit het ek sulke onbetaamlike taal uit die mond van v gehoor nie."¹³⁷

Ten spyte daarvan dat hy "grasgroen geskop" was,¹³⁸ het Louw dieselfde aand nog 'n geesdriftige vergadering op die nabygel Zeerust toegesprek en teen taalverontregting, die imperiali koppeling aan Engeland, die bevoorregting van die kapitalism en veral die kommunisme te velde getrek. By dié geleentheid

135. Cape Times, 12.10.1938.

136. Die Transvaler, 12.10.1938.

137. Die Burger, 15.10.1938.

138. Volgens mnr. Joynt, L.P.R. Kyk Die Burger, 12.10.1938.

die plaaslike provinsiale raadslid, mnr. P.W. Joynt, onder groot toejuiging bekend gemaak dat hy, na aanleiding van die vorige aand se gebeure, uit die Verenigde Party bedank het en die volgende dag sy stem op ds. Du Toit sou uitbring.¹³⁹

Die Nasionale Party het "een van die taaiste tussenverkiesings in die geskiedenis van Suid-Afrika" met 'n skrale meerderheid van net 49 stemme gewen.¹⁴⁰ Naas goeie organisasie en ander faktore, is gevoel dat selfs die aanval op Eric Louw die uitslag kon beïnvloed het.¹⁴¹ Die neerlaag is van Verenigde Party-kant beskryf as 'n natuurlike tendens so kort na 'n verkiesing, terwyl die onervarendeheid van die Verenigde Party-kandidaat, Joynt se oorstappery en die aanval op Louw as verdere bydraende faktore bestempel is.¹⁴² Die Rand Daily Mail het die Nasionale oorwinning as 'n treffende huldeblyk van deeglike organisasiewerk aangeprys.¹⁴³

139. Die Burger, 12.10.1938.

140. Die Burger, 14.10.1938. Vgl. ook Die Transvaler, 14.10.1938; Rand Daily Mail, 14.10.1938; Cape Times, 14.10.1938.

141. Die Burger, 13.10.1938 meld in 'n berig dat die Nasionale Party baie stemme gewen het in die dele waar mnr. Joynt groot steun gehad het. In 'n hoofartikel, 14.10.1938, sê Die Burger dat die Nasionale Party dalk juis gewen het omdat die Verenigde Party sy verkiesingstryd op so 'n wyse gevoer het dat dit die vraag laat ontstaan het of volkseenheid dan só lyk, met verwysing na die "skandelige tonele" op Zeerust. In sy bedankingsbrief, in Die Burger, 24.11.1938, het ds. Du Toit ook hierna verwys.

142. Cape Times, 14.10.1938: hoofartikel. Vgl. ook Rand Daily Mail, 14.10.1938: hoofartikel, wat o.a. sê: "... there can be no possible excuse for scenes of physical violence such as those witnessed at Marico. It is possible to conduct politics, even in South Africa, without these unhappy and senseless episodes."

143. Rand Daily Mail, 14.10.1938: hoofartikel.

Eric Louw persoonlik was baie optimisties oor die uitslag. I
sy terugkeer in Kaapstad het hy in 'n onderhoud met Die Burger
onder andere die volgende daaroor te sê gehad:

"Die pakkende en selfs ontstuihmige geesdrif wat ek daar
aangetref het, was vir my 'n openbaring. 'n Nuwe gees het
posgevat, en ek is oortuig daarvan dat die uitslag van
hierdie verkiesing 'n groot morele uitwerking sal hê, nie
slegs in Transvaal nie, maar ook in ander provinsies."¹⁴⁴

Sy eie mense in Beaufort-Wes was baie verontwaardig oor die
op hul gewilde volksraadslid. Die plaaslike tak van die Nasionale
Party het hul "strengste afkeuring en diepe leedwese" per brief
in Die Burger uitgespreek,¹⁴⁵ terwyl die gemeenskap se misnoë
met die voorval by monde van mnr. Hattingh en Vivier op 'n op-
bare vergadering op 5 November betuig is.¹⁴⁶ In teenwoordig-
van kollegas Paul Sauer en dr. K. Bremer het Louw die uitslag
Marico as "die handskrif aan die muur" wat betref die verdere
verval van die Verenigde Party bestempel. Wat homself aanbet
was sy standpunt oor dié ongelukkige voorval kort en saaklik:
wil liever geskop word deur Smelters as geprys en gelei."¹⁴⁷

'n Vol en gebeurtenisvolle jaar op politieke gebied is deur Er-
Louw afgesluit met die bywoning van die Uniale kongres van die
Nasionale Party wat vanaf 8 November 1938 te Bloemfontein geh-
is en waar dr. Malan se "Wekroep aan die Blanke Afrikanerdom"

144. Die Burger, 15.10.1938.

145. Die Burger, 17.10.1938: brief in opdrag van taksvergadering
wat op 13 Oktober gehou is.

146. Die Burger, 8.11.1938.

147. Die Burger, 8.11.1938. Toe ds. Du Toit met die aanvang van
die 1939-Sitting amptelik as volksraadslid ingehuldig is,
was Louw en Serfontein sy twee begeleiers. Kyk Debatte van
die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 2.

die kongres se "Eis vir 'n Witmansland" hoofopskrifte gehaal het.¹⁴⁸ Louw was op die kongres die hoofwoordvoerder oor die party se neutraliteitsbeleid,¹⁴⁹ terwyl hy op die afsonderlike kongres van die Kaapse Nasionale Party oor die verwaarloosde handel met Frankryk en oor die kommunisme, met spesifieke verwy-sing na die opsweping op die Kaapse Parade, gepraat het.¹⁵⁰

Op 16 Desember 1938 het die oplewing in Afrikaner-nasionalisme 'n hoogtepunt bereik met die hoeksteenlegging van die Voortrekker-monument digby Pretoria. Enersyds was daar die belowende voor-uitsigte dat ook die politieke eenheid onder Afrikaners in die geesdrif van hierdie ontwaakte nasionale bewussyn herstel sou word. Daarteenoor kon nie weggeredeneer word nie dat daar in die voorafgaande aantal jare diep wonde geslaan is en groot ver-wydering plaasgevind het tussen "smelters" en "gesuiwerdes" en tussen leiers van weerskante, wat mekaar en mekaar se karakters nie gespaar het nie.

In 'n tyd toe ernstig besin is oor samewerking en eenheid in die geleedere van die Afrikanerdom, het Louw aan eie lyf ervaar hoe sterk die gevoel van verbittering en tweespalt in werklikheid onder die Afrikaners aanwesig was. Na dese sou hy verkies om eerder deur 'n smelter geskop as geprys te word. Die na-effekte van hierdie episode sou hulle duidelik laat geld in sy toekomstige houding ten opsigte van die verkryging van eenheid en samewerking.

Inmiddels kon Louw terugkyk op 'n baie suksesvolle hertoetrede

148. Die Burger, 9.11.1938.

149. Die Burger, 10.11.1938. In hoofstuk 12 word vollediger hierop ingegaan.

150. Die Burger, 10.11.1938.

tot die politieke arena. Hy is vanuit die staanspoor deur sy kollegas en die Nasionale Pers op die hande gedra, as spreker was hy oral in aanvraag en waar hy ook al opgetree het, is hy telkens baie geesdriftig ontvang. Dat hy inderdaad een van die "groot kanonne" van die Nasionale Party was, ly geen twyfel nie. Hy het met gesag gepraat oor die ekonomie, die handel, Suid-Afrika se status en die kommunisme, en dit was duidelik dat sy wye ervaring en ondervinding as een van die Unie se verteenwoordigers oorsee, hom baie goed te pas gekom het. Die pers, Nasionaal- en regeringsgesind, het meer as die gewone belangstelling in Louw se doen en late getoon en so bewustelik en onbewustelik meegehelp om sy beeld as een van die Nasionale leiers in die oë van die publiek te bevestig.

Of Louw onder hierdie omstandighede nog na Parys terugverlang het, is te betwyfel.¹⁵¹

151. Kyk ook Bylae 3.

"VREEMDELINGE IN ONS POORTE"¹

Gedurende die parlamentsitting van 1938 is telkens deur politieke opponente daarop gewys dat Eric Louw vir 'n lang tydperk uit die land afwesig was en dus nie gesaghebbend oor landstoestande en veral nie oor politieke kwessies kon praat nie. Die etiket van "vreemdeling in Jerusalem" te wees, is dan ook by ten minste twee geleenthede in die Volksraad om sy nek gehang, naamlik deur minister N.C. Havanga² en ds. S.W. Naude.³ Louw het hom nie veel daaraan gesteur nie, want hy het immers homself gereeld deur middel van leeswerk en uitgebreide korrespondensie op hoogte gehou van verwikkelinge tuis.⁴

Spoedig het Louw self die wapen teen "vreemdelinge in ons poorte" opgeneem. Dit was veral die Jode en in 'n mindere mate die kommuniste wat onder die spervuur van sy tong sou deurloop, terwyl hy ook geen voorliefde getoon het nie vir

1. Dié titel is ontleen aan die opskrif van 'n berig op bladsy 1 van Die Burger, 4.5.1939, wat handel oor die besprekinge in die debat oor die Wetsontwerp op die Registrasie van Vreemdelinge. Blykbaar is dié opskrif geïnspireer deur Louw se verwysing na die noodsaaklikheid van beter bewaking van "ons poorte". Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 4029.

2. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 1487.

3. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 3270.

4. Kyk hoofstuk 9, pp. 243 e.v.

die oud-Unioniste of, soos hy hulle by geleentheid genoem het "Jingo Englishmen",⁵ wat met "verdeelde lojaliteit" deurtrek was.⁶ Sy stryd teen laasgenoemde het ten nouste saamgehang met sy sieninge oor die kwessie van volkseenheid en neutraliteit en word gevolglik in 'n volgende hoofstuk behandel. In hierdie hoofstuk gaan dit om die Jode en die kommuniste.

JODE

Reeds in die eerste sitting na sy hertoetrede tot die politiek het Eric Louw blyke gegee van meer as die gewone belangstelling in die vraagstuk van die verhouding tussen die gevestigde Blanke bevolking en immigrante, meer in besonder die sogenaamde Joodse vraagstuk, wat teen hierdie tyd in 'n wêreldvraagstuk ontwikkel het. Die parlamentsitting vroeg in 1939 sou tot 'n groot mate deur hierdie aktuele aangeleentheid oorheers word met Louw deurentyd in die kalklig.

Die nuwe jaar was pas enkele dae oud toe 'n private wetsontwerp van Louw om die Vreemdelingwet van 1937 te wysig, in die Staatskoerant gepubliseer is.⁷ Dit was 'n "politieke bom".

5. Cape Times, 30.3.1938: te Paarl.

6. Die Burger, 6.4.1938: te Stellenbosch.

7. Buitengewone Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika, vol. CXV, no. 2596, 6 Januarie 1939: Vreemdelingewysigings- en Immigrasiewetsontwerp.

In die wetsontwerp is voorsiening gemaak vir die registrasie van alle vreemdelinge in die Unie, vir die registrasie en openbaarmaking van besigheidsname, en talle ander bepalinge ten opsigte van vreemdelinge wat die land wou besoek of hulle hier wou kom vestig. Hy het die Jode in die wetsontwerp by die naam genoem deur te bepaal dat die Jood nie assimileerbaar is en dus nie deur die Keurraad die land binnege laat moes word nie. Ook kommuniste en voorstanders van dié leer is as ongewens beskou, terwyl gestipuleer is dat Britse onderdane wat onder laasgenoemde twee bepalinge ressorteer, ook as vreemdelinge beskou sou word.⁸

Hoewel miskien ietwat onverwags, was Louw se voorstelle tog nie iets nuuts nie. Die Joodse kwessie – want dit was per slot van rekening waarop dit neergekom het – was lank reeds 'n spook in die politieke opset van daardie tyd. By die aanvang van die parlamentsitting vroeg in Januarie 1937 het dr. Malan, by wyse van kennisgewing van 'n mosie, kritiek op die regering uitgeoefen oor sy versuim "om die verdere instroming van Joodse immigrante en in sonderheid van die sogenaamde Duitse 'refugees' te belet, en om verder sekere beperkinge te lê op vreemdelinge."⁹ Gelyktydig hiermee het die regering 'n Vreemdelingwetsontwerp by die volksraad ingedien,¹⁰ wat

8. Buitengewone Staatskoerant, 6.1.1935.

9. Die Burger, 9.1.1937.

10. Debatte van die Volksraad, vol. 28 (1937): kol. 9-10; Die Burger, 13.1.1937.

onder andere voorsiening gemaak het vir die instelling van 'n Keurraad aan wie die keuse van immigrante oorgelaat is. Een van die bepalings waaraan die Keurraad hom moes hou, was om nie mededinging deur immigrante toe te laat in beroepe of bedrywe wat reeds voldoende beman was nie. Vir die binnekom van vreemdelinge, Britse onderdane uitgesluit, sou permitte vir tydelike verblyf of vir permanente vestiging uitgereik word.

Dr. Malan se voorstelle is eerste bespreek en hy het in sy toeligting veral die aandag gevestig op die "ernstige Joodse probleem" waarmee Suid-Afrika te kampe gehad het.¹¹ Daarmee was die vet in die vuur.

Veral J.H. Hofmeyr, het skerp teen Malan te velde getrek en hom as "die erkende leier van die anti-semitisme in al sy onverdraagsaamheid en al sy kinderagtigheid ... die apostel van onverdraagsaamheid" bestempel.¹² Ook die Joodse volksraadslid, Morris Alexander, het Malan as leier van die anti-Semitisme gebrandmerk¹³ terwyl C.W.A. Coulter van die Dominion Party dr. Malan se pleidooi 'n "anti-Semitiese agitasi genoem het."¹⁴ Vir genl. Smuts was Malan se beleid "verfoeil

11. Debatte van die Volksraad, vol. 28, (1937): kol. 33-52. Die Burger, 13.1.1937.

12. Debatte van die Volksraad, vol. 28 (1937): kol. 63-64.

13. Debatte van die Volksraad, vol. 28 (1937): kol. 84-85.

14. Debatte van die Volksraad, vol. 28 (1937): kol. 76.

en afskuwelik.¹⁵

In die debat oor die Vreemdelingwetsontwerp het die Nasionaliste die regering gekonfronteer om te sê teen wie die beperkende bepalings spesifiek gerig sou wees.¹⁶ Genl. Smuts, min. Stuttaford en ander woordvoerders het openlik verklaar dat dit nie teen die Jood gerig was nie,¹⁷ dog toe Hertzog uiteindelik tot die debat toegetree en openlik erken het dat die buitengewone Joodse instroming aanleiding tot die wetsontwerp gegee het,¹⁸ het dit die Nasionaliste met groot genoegdoening vervul.¹⁹

Naas die Joodse instroming, het Hertzog gesê, was die waarskuwing van Suid-Afrika se gesante in Europa dat die land oorstroom kon word deur revolusionêre ongewenste 'n tweede faktor wat tot die indiening van die wetsontwerp gelei het.²⁰ Hy moes egter ruiterslik erken dat dit ook bereken was om Joodse immigrasie te beperk en het dit betwyfel of die Jode assimileerbaar was in die sin dat daar nie op daardie tydstip 'n "assimileerbare vermoë" in Suid-Afrika bestaan het nie. Die

15. Debatte van die Volksraad, vol. 28 (1937): kol. 157.

16. Kyk Ds. C.W.M. du Toit se toespraak, in Debatte van die Volksraad, vol. 28 (1937): kol. 262-267.

17. Debatte van die Volksraad, vol. 28 (1937): kol. 157.

18. Debatte van die Volksraad, vol. 28 (1937): kol. 267.

19. Die Burger, 19.1.1937.

20. Debatte van die Volksraad, vol. 28 (1937): kol. 267.
Hertzog het ongetwyfeld ook Louw se waarskuwing in gedagte gehad. Kyk hoofstuk 8, p. 322.

wetsontwerp was in belang van die Suid-Afrikaanse Jood sowel as die nie-Jood, het Hertzog getroos, en laat blyk dat hy die Suid-Afrikaanse Jode in hierdie saak geken het.²¹

Dr. Malan het tevergeefs probeer om sy sieninge deur middel van amendemente in die wetsontwerp opgeneem te kry. In Nasionale kringe is gevoel dat die regering na die pype van die "Joodse vleuel" van die Raad, mnre. Alexander, Kentridge en Robinson moes dans, en dat dit aan "Jode-verheerlikende ministers" Smuts en Hofmeyr oorgelaat moes word om Joodse immigrante tot 'n assimileerbare klas te verklaar.²² Die saak sou egter nie daar gelaat word nie: "Die volk verlang stopsittin van Joodse immigrasie - nie beheer daarvan nie", het Die Burger die Nasionale gevoel verder vertolk; omdat die Nasionale amendemente verwerp is, "het die taak van die Nasionale Part om teen ongewenste immigrasie te waak, nog nie tot 'n end gekom nie."²³

Dit was Eric Louw, die "aanwins" uit die diplomatieke diens en op daardie tydstip een van die mees prominente en dinamiese figure in die "gesuiwerde" Nasionale Party, wat in 1939 die stryd verder sou voer.

21. Debatte van die Volksraad, vol. 28, (1937): kol. 268.

22. Die Burger, 28.1.1937: hoofartikel.

23. Die Burger, 28.1.1937: hoofartikel.

Die nuus van Louw se beoogde wetsontwerp is met groot geskandale deur die pers aangekondig, in hoofartikels is uitvoerig daarop uitgewei terwyl ook die briewekolomme van die koerante vol was met meningsuitinge daaromtrent. Soos gewoonlik, was daar baie wat Louw se standpunte gesteun het, dog uit die geleedere van sy politieke opponente sou daar heftig teen hom te velde getrek word.

Louw se wetsontwerp was vir die volgende paar weke die verheerlikte besprekingspunt in politieke kringe, veral nadat hy uitroeg in Januarie as hoofspreker op die jaarlikse Nasionale Jaarvee saamtrek in die Strand opgetree en meer besonderhede verskaf het.²⁴ Regeringsgesinde koerante het die wetsontwerp feitlik aanparig en in krasse taal verwerp en Louw se motiewe met die diensterdiens daarvan skerp bevraagteken. Daar is gepraat van nazistiese,²⁵ fascistiese²⁶ en anti-Semitistiese²⁷ beïnvloeding en die wetsontwerp is bestempel as absurd, veragtelik en verwerplik,²⁸ onliberaal, ongewens en on-Suid-Afrikaans,²⁹ en 'n opportunistiese poging om oningeligte kiesers se gevoelens op te sweep en so hul stemme te wen.³⁰ Een koerant het dit selfs

24. Die Burger, 10.1.1939; Cape Times, 10.1.1939.

25. Cape Argus, 9.1.1939: hoofartikel en berig oor "Cape Town opinion"; Die Suiderstem, 12.1.1929: hoofartikel; The Forum, vol. 1 no. 50, 11.3.1939, p. 4.

26. Cape Argus, 9.1.1939: berig oor "Cape Town opinion".

27. Rand Daily Mail, 11.1.1939: hoofartikel.

28. Cape Argus, 9.1.1939: hoofartikel.

29. Rand Daily Mail, 12.1.1939: hoofartikel.

30. Cape Argus, 9.1.1939: hoofartikel; The Forum, vol. 1 no. 42, 14.1.1939, p. 3.

bestempel as "a Bill which might have been drafted by Herr Streicher himself",³¹ terwyl 'n ander dit weer as "n toonbeeld van die naakste Jode-haat" beskryf het.³² Vir nog 'n kritikus was dit 'n selfgeskepte probleem,³³ terwyl 'n bekende Joodse skrywer dit as 'n voorloper van 'n diktatorskap op model van die Rome-Berlyn-spil beskou het.³⁴

Louw is bestempel as "die Suid-Afrikaanse Streicher"³⁵ en die "nuwe ster ... wat lange jare in die buiteland vertoef het en meer gedrenk is in die uitheemse Europese ideologieë",³⁶ 'n "Nazi-indoctrinated aspirant to high office".³⁷ Daar is selfs teruggegryp na sy waarskuwing teen kommunisme toe hy in 1937 in Suid-Afrika teruggekeer het, as synde "presies die metode ... wat die Europese diktators in hul eie lande gevolg het".³⁸

31. The Star, 10.1.1939: hoofartikel.

32. Die Suiderstem, 12.1.1939: hoofartikel. Daarna is ook verwys as 'n "onafrikaanse beleid ... 'n aanvaarding van die uitheemse Nazi-beginsel van rasse-onderskeid tussen blankes ..."

33. The Forum, vol. 1 no. 42, 14.1.1939, p. 3.

34. Independent, 1.2.1939, pp. 15-16. Dié skrywer was Bernard Sachs.

35. Die Suiderstem, 21.3.1939: hoofartikel; Sunday Times, 5.2.1939. Streicher was o.a. redakteur van die anti-Joodse blad Der Stürmer.

36. Die Suiderstem, 12.1.1939; tweede hoofartikel met opskrif "Nuwe Leier".

37. The Forum, vol. 1 no. 52, 25.3.1939, p. 3.

38. Die Suiderstem, 12.1.1939: hoofartikel.

Ook genl. Smuts,³⁹ genl. Conroy⁴⁰ en mnr. J.H. Hofmeyr het nazi-invloede agter die wetsontwerp gesoek. Laasgenoemde, wat spoedig as groot kampvegter vir die Jode na vore getree het⁴¹ en by wie daar geen "politieke liefde" vir Eric Louw was nie,⁴² het dit selfs as "Nazism at its crudest" bestempel.⁴³

Ook oor die betekenis van die wetsontwerp is uiteenlopende menings gehuldig. Enersyds is gesê dat dit nie ernstig opgeneem hoef te word nie daar dit nie veel steun sou kry nie en, soos die meeste private wetsontwerpe, 'n vroeë dood sou sterf;⁴⁴ andersyds, dat dit nie te ligtelik opgevat moes word nie, omdat Louw immers 'n voorbanker van die amptelike Opposisie was. Daar is gewaarsku: "Hitler also started with the Jews and Communists, continued with Socialists and Liberals, and finally mopped up the lot."⁴⁵

'n Opvallende kenmerk van die reaksie op Louw se wetsontwerp was die koppeling daarvan met die Nasionale Party en met dr. D.F. Malan, leier van dié party. Vanuit sekere oorde is dit beskou as net nog 'n stap in die beleid van rassediskrimi-

39. Die Vaderland, Die Burger, Cape Times, 18.1.1939.

40. Cape Times, 19.1.1939.

41. A. Paton: Hofmeyr, p. 315.

42. T. MacDonald: Jan Hofmeyr, Heir to Smuts, p. 100.

43. Sunday Tribune, 5.2.1939, aangehaal in Paton: Hofmeyr, p. 315.

44. Cape Argus, 9.1.1939: hoofartikel.

45. Independent, 1.2.1939, pp. 15-16.

nasie,⁴⁶ 'n bewys van die "narrow nationalism and extreme intolerance" van Malan en sy volgelinge.⁴⁷ Dit is ook ge-etiket as "Malanite ante-Semitism"⁴⁸ 'n bewys dat dié party "bollemakiesie" geslaan het in sy beleid teenoor die Jode.⁴⁹

Vir die Afrikaanstalige regeringsmondstuk in die Kaap, Die Suiderstem, was die feit dat Louw en nie dr. Malan nie die wetsontwerp ingedien het, 'n teken dat Louw sy leier na die kroon wou steek. Louw was die "nuwe aspirantleier", die "nuwe ster" wat dr. Malan se plek as leier in die Nasionale Party sou inneem.⁵⁰ Dit was nie die eerste keer dat dié koerant hierdie siening openbaar het nie, en dit sou ook nie die laaste keer wees nie.

Op die reeds genoemde Nasionale vergadering in die Strand het Louw teruggekap op die kritici wat op daardie stadium reeds van hulle laat hoor het, veral die Cape Argus en die Kommunistiese Party. 'n Mens kan die Argus aan sy vriende herken, en die klip in die bos het getref, was die afleidings wat hy gemaak het. Hy het dit terselfdertyd onomwonde gestel dat die wetsontwerp dr. Malan se volle goedkeuring weggedra het, en

46. Cape Argus 9.1.1939: hoofartikel; Die Suiderstem, 12.1.1939: hoofartikel.

47. The Forum, vol. 1 no. 45, 4.2.1939.

48. Rand Daily Mail, 11.1.1939: hoofartikel.

49. Die Suiderstem, 12.1.1939: hoofartikel. Daar is spesifiek verwys na 'n toespraak van Malan in die Volksraad, op 16 Junie 1936.

50. Die Suiderstem, 12.1.1939: tweede hoofartikel.

dat die tyd meer as ryp was om openlik oor die kwessie te praat en die probleem by die naam te noem.⁵¹

So fel soos sy kritici hom veroordeel het, so hartlik het sy eie ondersteuners Louw op die hande gedra. Op die vergadering in die Strand, op verslagvergaderings in sy kiesafdeling⁵² en ook elders in die land⁵³ was daar groot ondersteuning vir sy wetsontwerp.

Met die parlamentsopening teen die einde van Januarie was dit duidelik dat die voorspelling dat Louw se wetsontwerp nie juis aandag sou trek nie, heeltemal verkeerd was.⁵⁴ 'n Aantal vrae van Louw en kollegas met betrekking tot Jode en vreemdelinge, wat op die parlementêre vraelys vir Dinsdag 7 Februarie verskyn het,⁵⁵ het die belangstelling net verder geprikkel.

"Tuesdays order paper looks like the agenda of a Nazi conference", was die indruk wat dit op die politieke korrespondent van 'n Engelstalige weekblad gemaak het.⁵⁶

51. Die Burger, 10.1.1939.

52. Onder andere te Beaufort-Wes (Die Kourier, 1.2.1939 en Die Burger, 31.1.1939), Fraserburgweg (Die Burger 17.1.1939) en Sutherland (Die Burger, 23.1.1939).

53. Op 'n vergadering van hom te Heilbron (Die Burger 26.1.1939) en ook op 'n vergadering van die N.P.-tak van Laingsburg (Die Burger, 27.1.1939) is steun aan Louw toegesê.

54. Die Burger, 21.1.1939.

55. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 23-28.

56. Sunday Times, 5.2.1939.

Die vrae van Louw het gehandel oor die keuring van immigrante, naamsveranderinge van Jode, politieke propaganda deur middel van nuusrolprente, die kommunistiesgesinde Left Book Club statistieke met betrekking tot Joodse immigrasie, die toelating van Jode as advokate en prokureurs, en die aanval van 'n plaaslike kommunistiese blad op die Britse premier. Die doel met hierdie vrae, later aangevul met nog ander vrae deur homself⁵⁷ en ook deur dr. P.J. van Nierop⁵⁸ en mnr. P.O. Sauer, was enersyds bedoel om ter sake inligting te verkry met die oog op die bespreking van die wetsontwerp, maar moes ongetwyfeld ook dien om die regering in die verleentheid te probeer bring. Die antwoorde wat gegee is en die gebruik wat Louw van sommige daarvan gemaak het, toon dat albei oogmerke grootliks verwesenlik is.

Toe die Tweedeleesingsdebat oor Louw se Vreemdelingwetsontwerp gevolglik op 24 Februarie in die volksraad aan die orde gekom het, was die openbare galerye gepak met belangstellendes en nuuskieriges; ook die groen banke van die Raad het feitlik nie 'n leë plek vertoon nie. 'n Parlementêre verslaggewer het gemeen dat die belangstelling selfs dié vir die Begrotingsdebat oortref het.⁶⁰

57. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 455-456.

58. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 1364, 1970 en 1978, 2128-2129 en vol. 34 (1939): kol. 2929, 2931, 3320, 4672.

59. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 2131.

60. Die Transvaler, 25.2.1939.

Die gespanne afwagting was voelbaar toe Eric Louw op dié betrokke Vrydag op die been gekom en, te midde van luide toejuging van sy kollegas,⁶¹ in Engels weggeval het.⁶² Ten aanvang het hy die menings wat vooraf oor die wetsontwerp uitgespreek is, van naderby ontleed en sydelings gekap na die pers en nuusagentskappe wat onder Joodse invloed staan. Sy motief met die indiening van die wetsontwerp, het Louw vervolgt, was liefde vir sy eie land en nie fascisme of fascistiese oorgewings nie. Dit was buitendien ook in belang van die Jode self, anders sou gebeure in ander Europese lande hulle dalk eventueel hier in Suid-Afrika herhaal. Daarna het hy 'n uitvoerige uiteensetting van die oogmerke van die wetsontwerp gegee, onder andere hoe dit skuiwergate in die Vreemdelingwet van 1937 toestop. Die basiese uitgangspunt was die onassimileerbaarheid van die Jood en dat die Immigrasie-Keurraad dit as voldonge feit sou aanvaar.

Oor kommunisme, wat ook in die wetsontwerp ter sprake gekom het, was sy siening dat die Jode oor die algemeen baie agetrokke daartoe voel en wel vanweë hul internasionale karakter. Hy het talle voorbeelde aangehaal van die rol wat Jode in kommunistiese bewegings gespeel het en nog steeds speel, ook in

61. Die Burger, 25.2.1939.

62. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 837-364. Hierdie toespraak is herdruk en versprei onder die titel: "Die Jodevraagstuk in Suid-Afrika. Toespraak gelewer deur Eric H. Louw, L.V., in die Volksraad op 24 Februarie 1939". Dit is later ook in Amerika gedruk en versprei: Kyk Trek, 21.11.1940, p.3.

Suid-Afrika.⁶³ Tu-quoque-gewys,⁶⁴ het hy aangetoon hoedat sy kritici self teenoor die Jode diskrimineer en wel op sosiale gebied, byvoorbeeld weiering tot selektiewe klubs en die gebruik van die skelwoord "Yids" (Jode-hater).

Louw het weer, soos met die vergadering in die Strand, gemeld dat hy die volle steun van die Nasionale Party vir sy wetsontwerp gehad het. Hy het boonop sir Abe Bailey aangehaal ter ondersteuning van sy standpunt dat daar genoeg Jode in die land was en beweer dat daar "n baie aanmerklike meningsverskil" in die geledere van die Verenigde Party oor hierdie saak bestaan het.

Na 'n skitterende vertoning van debattering, wat ongeveer twee uur geduur het en waartydens hy deurentyd die aandag gevange gehou het, het Louw onder toejuiging van sy kollegas sy rede, wat in perfekte Engels gelewer is, afgesluit. Sy leier, dr. Malan, het hom opsigtelik 'n handdruk gegee, wat "wilverdiende hulde" as kommentaar van Die Burger ontlok het. Dié blad se verslag, onder nie minder nie as vyf groot opskrifte op die voorblad, het die volgende inleidingsparagrafe bevat:⁶⁵

"Aan weinig sprekers in die Unie-Parlement het nog die onderskeiding te beurt geval dat die hele Raad in gespanne aandag luister tot oor half-vyf, sonder om vir 'n verposing na buite te gaan. Weinige slaag daarin om die openbare galerye so vol te lok soos hulle vanmiddag was. Dit is gedoen deur die man en die onderwerp - adv. Eric Louw en

63. Dié saak word later in hierdie hoofstuk bespreek. Kyk p. 471 e.v.

64. Paton: Hofmeyr, p. 314.

65. Die Burger, 25.2.1939.

die Joodse vraagstuk. Nog nooit tevore is hierdie vraagstuk in die Unie-Volksraad so reguit, so onverskrokke en so helder gestel soos vanmiddag nie, Van Regeringskant het ook 'n meester onder redenaars gepraat - mnr. Jan Hofmeyr. Op hierdie betekenisvolle dag in die Unie se politieke geskiedenis het die debatspeil 'n imponerende hoogte gehandhaaf ..."

Inderdaad het Louw se optrede groot indruk gemaak en is hy hoë lof toegeswaai, selfs deur sy politieke opponente. Dr. Colin Steyn het "die gees van daardie toespraak, en die bedwang waarmee hy gespreek het", gewaardeer, al het dit syns insiens diep gekwes.⁶⁶ Ook mnr. Walter Madeley, Arbeiderlid vir Benoni, kon nie met die inhoud van die toespraak akkoord gaan nie, maar het tog vir Louw gelukgewens met die "kalme, betuëlde en matige" toonaard van sy toespraak.⁶⁷ Selfs minister Stuttaford het sy waardering uitgespreek vir die billike wyse waarop Louw sy saak gestel het.⁶⁸

Hoewel die Engelse pers deurgaans die inhoud van Louw se toespraak verwerp en betreur het, was daar tog gereserveerde lof vir sy hantering van die saak. Die Cape Argus was net so onder die indruk van die grootse oomblikke daár in die Raad as Die Burger:

"The Bill provide a lively afternoon for the House and the public ... the crowded galleries heard a sustained flow of oratory such as it has not heard for many a long day."

66. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 2003

67. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 2942-2943.

68. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 864,

Deels die tema en deels Louw se uitstekende redevoering was daarvoor verantwoordelik.⁶⁹ Ook die Cape Times het Louw se optrede in die debat oor die Nasionaliste se "cause célèbre" van die Sitting, lof toegeswaai. Die Raad het volgepak gebly, berig dié blad se korrespondent,⁷⁰

"despite the fact that tea-time came and went, and that Mr. Louw continued as though a two-hour address were quite a common feature of the present age ... Mr. Louw himself was probably not insensitive to this extraordinary compliment which, as Mr. Stuttaford subsequently admitted, he rightly deserved ... he caught and held interest ..."

Maar by al die lofuitinge, is vlae van kritiek op sy hoof losgelaat en wel oor die inhoud van die wetsontwerp en oor sy daaropvolgende toeligting. "If there was any merit in the speech ... it was its frankness. It revealed him, naked and unashamed, as a racist with all the intolerance of the racial extremist", was die veroordeling van die Cape Times.⁷¹ Sy maatreël is ook as "Jew-baiting ... Jew-persecution ... unworthy ... mean ... un-Christian and destructive" bestempel,⁷² gebaseer op die beginsel van rassediskriminasie en in wese reaksionêr, in konflik met elke beginsel van vryheid en regverdigheid.⁷³

69. Cape Argus, 25.2.1939: "Parliament Day by Day".

70. Cape Argus, 25.2.1939: "Notes in the House".

71. Cape Times, 25.2.1939: hoofartikel.

72. Cape Argus, 25.2.1939: hoofartikel.

73. Cape Times, 25.2.1939: hoofartikel.

Die Rand Daily Mail sowel as The Forum, 'n weekblad, het die toespraak as opportunisties met die oog op stemwerwing afge-
maak; vir eersgenoemde was dit blatante rassediskriminasie⁷⁴
en vir laasgenoemde 'n "sadistic game of Jew-baiting".⁷⁵

Die Suiderstem het wel 'n goeie woord vir Louw se voordrag gehad, dog het in kenmerkende bitsige trant die inhoud daarvan bestempel as "niks meer nie as 'n sameflansing van die bekende Gryshemp- en Nazi-tirades teen die Jode as ras, met kwasie-argumente wat uitsluitlik berus op halwe waarhede, onwaarhede en rasseverbittering." Die blad vind dit jammer dat hierdie toespraak ooit in Suid-Afrika gelewer is, want dit was die begin van rassevervolgung soos dit in Duitsland en baie ander lande posgevat het.⁷⁶

Die beskuldiging van anti-Semitisme, wat voor die deur van die Nasionale Party as geheel gelê is, is selfs gekoppel aan die Ekonomiese Instituut⁷⁷ se motto "koop Afrikaans", wat veral op die platteland glo die betekenis gekry het om nie van die Jood te koop nie, en aan die oogmerke en funksionering van die Ossewa-Brandwag.⁷⁸ Die besluit van L.T. Weichardt en sy Grys-
hede om hulle steun by die Nasionale Party in te gooi was

74. Rand Daily Mail, 27.2.1939: hoofartikel.

75. The Forum, vol. 1 no. 49, 4.3.1939: "Editorial Opinion".

76. Die Suiderstem, 27.2.1939: hoofartikel.

77. Vir besonderhede oor die Afrikaner se opkoms op ekonomiese gebied, kyk E.P. du Plessis: 'n Volk staan op - Die Ekonomiese Volkskongres en daarna.

78. Berig deur G. Heard in Knipsel, s.n., s.d.

verdere water op die meul van die kritici.⁷⁹

Louw se verweer tydens die debat, dat hy nòg 'n rassis nòg 'n fascis was, is deur 'n Engelstalige beriggewer as 'n "pose of calm rationalism" en sy toespraak as "one of the most formidable anti-Semitic speeches that has ever been made in the Parliament bestempel. Niemand sou dit beter kon gestel het nie:⁸⁰

"The young Malanite is in the front rank of present-day parliamentarians. His rivals for the leadership of the Nationalist Party watched him enviously and suspiciously as he spoke this afternoon."

Die minister van Binnelandse Sake, mnr. Stuttaford, het onmiddellik na Eric Louw aan die debat deelgeneem. Sy lof vir die billike wyse waarop Louw sy saak gestel het ten spyt, kon hy nie deur Louw se argumente oortuig word nie: sy maatreël is reaksionêr en berus op rassediskriminasie, wat Jodevervolging impliseer. Daarteen was hy ten enemale gekant, en hy het verder probeer aantoon dat die Keurraad heeltemal by magte was om alle ongewenste immigrante uit die land te weer.⁸¹

Dit was egter J.H. Hofmeyr wat die werklike offensief teen Louw sou lei. Waar Louw die Raad in perfekte Engels toesprek het, het Hofmeyr Afrikaans as medium gekies, met resultaat "another oratorical treat for the House and the still crowded public galleries."⁸² Hy het Louw se wetsontwerp be-

79. Veral Die Suiderster het baie daarop gehamer. Kyk bv. uitgawes van 17 en 18.1.1939 en 27.2.1939.

80. The Star, 25.2.1939.

81. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 864-867.

82. Cape Argus, 25.2.1939.

stempel as "onwaardig" en "verfoeilik", iets wat "n klad en n skandvlek op die naam van Suid-Afrika laat rus". Hy het ook dr. Malan nie gespaar nie en hom van frontverandering bloot ter wille van politieke gewin beskuldig.⁸³

Die vierde voorbanker wat die woord gevoer het, was A.J. Werth. Hy het aangetoon dat die wetsontwerp nie anti-Semities was nie, maar bloot net beoog het wat reeds in Brittanje en die V.S.A. by wyse van wetgewing vasgelê is.⁸⁴

Toe die debat op 17 Maart te midde van "oorstroomde openbare galerye"⁸⁵ hervat is, het minister Conroy dadelik n wig in Nasionale geledere probeer indryf deur te beweer dat "die nuwe en energieke lid vir Beaufort-Wes" met sy wetsontwerp "dwarsoor die kop" van dr. Malan gegaan het en die teuels in die hande wou neem ten opsigte van hierdie nuwe beleid.⁸⁶ Ook W.P. Steenkamp, wat na die wetsontwerp verwys het as "growwe Naziisme",⁸⁷ het die aandag gevestig op die skynbare

83. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 868-877.

84. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 877-881.

85. Die Burger, 18.3.1939; Cape Times, 18.3.1939: "Notes in the House".

86. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 1987-1994. Steyn het verwys na uitsprake van dr. Malan tussen die jare 1925 en 1936, waarvolgens Malan nie teen Jode sou diskrimineer nie.

87. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 2963.

verskille tussen Louw en dr. Malan.⁸⁸

Hierdie beskuldiging van tweespalt tussen Louw en sy leier gaan nie op nie, veral in die lig van Hofmeyr se toespraak op 24 Februarie, toe hy gewys het op die teenstrydigheid tussen Louw se wetsontwerp en dr. Malan se houding toe laasgenoemde hom in Junie 1936 in die volksraad teen diskriminasi teen die Jood uitgespreek het. Sy ontleding was dat Malan 'n frontverandering ondergaan het en wel omdat hy gesien het hoe anti-Semitisme in oorsese lande gebruik is om groepe aan bewind te bring wat andersins nooit aan bewind sou kom nie; boonop het dit ook aan hom die politieke steun van die verskillende hempbewegings⁸⁹ in Suid-Afrika gegee.⁹⁰

Conroy se volharding met die storie van tweespalt tussen Louw en Malan het waarskynlik sy oorsprong gehad in die redaksiekantore van Die Suiderstem, waarvan hy die voorsitter was. Hierdie koerant het naamlik reeds sedert Mei 1938 met bewerings vorendag gekom waarvolgens Eric Louw 'n aspirant om die Kaapse hoofleierskap was; as gevolg hiervan sou daar van die kant van die "Keeromstraatse persgroep", soos Die Suiderstem volhardend na Die Burger verwys het, glo 'n mate van koudheid teenoor Louw ingetree het.⁹¹ Louw se betrok-

88. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 2968.

89. In hierdie verband is veral verwys na die anti-Joodse Gryshemp-beweging van L.T. Weichardt.

90. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 871.

91. Die Suiderstem, 16.5.1938. Daar was besondere venynigheid by hierdie blad jeens die Kaapse Nasionale blad.

kenheid by die omstrede Joodse wetsontwerp en die feit dat dr. Malan aanvanklik op die agtergrond gebly het, het tot verdere spekulasie oor die stryd om leierskap in die Nasionale Party gelei.⁹²

Dit was dr. Malan self wat op 17 Maart 'n einde aan hierdie wilde bewerings gemaak het deur in 'n beredeneerde toespraak⁹³ sy gewig agter Louw in te gooi en sy steun "in sy geheel en van harte" aan die wetsontwerp toe te sê. Wat betref die beskuldigings van frontveranderings deur homself en sy kollegas, het dr. Malan gevra of dit dan verkeerd was om, indien geblyk het dat 'n besondere metode om 'n vraagstuk op te los nie suksesvol was nie, dit op 'n ander wyse te probeer doen? Hy het gewys op die ernstige afmetinge wat die vraagstuk in die jongste tyd begin aanneem het en dit as rede voorgehou waarom die voorgestelde wetgewing op rassegrondslag en nie meer, soos in die verlede, op grondslag van die land van herkoms berus nie. Syns insiens was die wet van selfbehoud hoër as die wet van barmhartigheid: "Dit is goed vir 'n huisgesin om barmhartigheid te beoefen, maar jy kan nie die brood van die kinderkins uit hul mond neem en hulle laat hongerly en dit gee aan andere nie."⁹⁴

92. Kyk ook p. 450.

93. Cape Times, 18.3.1939: "Notes in the House".

94. Malan se toespraak is opgeneem in Debats van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 1996-2003.

Wat betref Malan se steun aan Louw se wetsontwerp, het Louw in latere jare opgeteken dat hy vooraf die wetsontwerp met dr. Malan in Seepunt gaan bespreek het, dat dr. Malan alles goedgekeur het "maar hy het selfs een of twee voorstelle gemaak om dit te versterk." Die wetsontwerp is later ook deur die kouskus goedgekeur.⁹⁵

Ten spyte van Malan se duidelike verklaring op 17 Maart sowel as sy opsigtelike tevredenheid met Louw se optrede op 24 Februarie, toe hy hom 'n handdruk gegee het na die voltooiing van toespraak, en afgesien van Hofmeyr se motivering vir die skynbare frontverandering van Malan, sou die storie van verdeeldheid tussen Louw en Malan nie daar eindig nie. Die politieke korrespondent van Die Suiderstem, Blaar Coetzee, het halsstarrig volgehou: "Daar is nie die minste twyfel daaraan dat dr. Malan nie sterk voel vir adv. Louw se mosie nie ..."⁹⁶

So tussen die parlementêre verrigtinge deur, was Louw behulpzaam in tussenverkiesingsveldtogte in Pretoria-Stad⁹⁷ en Paarl.⁹⁸ Op vergaderings in albei kiesafdelings het hy sy standpunt teenoor die Jode onder groot applous gestel en verdedig. In die Paarl het hy die besoekende lid van die Britse Hoërhuis en 'n voormalige adjunk-speaker, lord Harley,

95. E.H. Louw-vers., band 72 no. 7: "n Minder bekende aspek van die Nasionale Stryd".

96. Die Suiderstem, 18.3.1939: "Kykies in die Volksraad".

97. Die Burger, 7 en 9.3.1939.

98. Die Burger, 15.3.1939.

skerp gekritiseer oor aanvalle op Duitsland en Italië, met wie Suid-Afrika vriendskaplike verhoudinge en handelsbande gehad het.⁹⁹

Teen die helfte van April is Louw se wetsontwerp vir oulaas druk in die volksraad bespreek, weer eens te midde van gepakte openbare galerye.¹⁰⁰ Harm Oost, wat in 'n emosiebelaaide toespraak weer na die anti-Semitiese karakter van die wetsontwerp verwys en dit ten opsigte van sommige punte as "meer Hitleriet as Hitler" bestempel het, het sy spyt uitgespreek dat Louw, "n talentvolle politikus", sy naam nou so sleg gemaak het.¹⁰¹ Louw het dit egter kort en kragtig met 'n tussenwerpsel afge- maak: "Spaar jouself dit."¹⁰²

In sy repliek¹⁰³ het Louw gesê dat die groot en volgehoue belangstelling in die debat die erns van die vraagstuk onder- streep het. Hy het die regering se beleid om sake maar te laat ontwikkel, soos vertolk deur minister Stuttaford, ge- kritiseer, en het ontken dat Jodevervolging die hoofdoel van die wetsontwerp was.¹⁰⁴ Net soos dr. Malan vroeër in die

99. Die Burger, 15.3.1939; Cape Times, 15.3.1939.

100. Die Burger, 15.4.1939; Cape Times, 15.4.1939: "Notes in the House".

101. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 2938-2942.

102. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 2942.

103. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 2991-3005.

104. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 2992-2993.

debat,¹⁰⁵ het Louw daarop gewys dat daar niemand in die Raad was wat nie die vervolging van die Jode in Duitsland betreur nie.¹⁰⁶

Louw het verder sy spyt uitgespreek dat so min van die spreker op die meriete van die saak en veral op die assimileerbaarheid aspek ingegaan het, en dat meestal bloot by algemeenhede gebly is. Ontleed hy die kritiek van die kant van die liberale seksie, by monde van J.H. Hofmeyr, dan was sy bevinding dat dié aanval n mislukking was. n Paar ander lede het hul bes gedoen om die debat op n lae peil te bring, en aan hulle gee hy nie eens aandag nie. Louw het tog sekere standpunte van hom herbevestig en indringende kommentaar op onder andere dr. Colin Steyn se ontkenkende bewerings oor die verband tussen kommunisme en Jode gelever.¹⁰⁷ Aan die einde van sy toespraak het hy n beroep gedoen op daardie lede van die Verenigde Party wat soos die Nasionaliste gevoel het, om volgens die moed van hul oortuiging en in belang van hul kinders hul stemme uit te bring.¹⁰⁸

105. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 2003.
Dit was op 17 Maart.

106. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 3002.

107. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 2997 e.v.

108. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 3004.
Hy het beweer dat hy name kon noem, dog dit nie sou doen nie omdat hy tugstappe van die koukus teen hulle wou voorkom.

Weer eens het Louw groot lof met sy optrede ingesoes. Die Cape Times het sy repliek n goeie toespraak genoem en daaraan toegevoeg:

"Altogether Mr. Louw's speech in reply confirmed the impression that if the case for the Bill had been stated by him alone, and not, to some extent, by an assortment of fellow Nationalists, the discussion would generally have been much more sober and dignified, not to say relevant, than in fact it was."¹⁰⁹

Die Burger se politieke beriggewer was weer beïndruk deur Louw se optrede: "Indrukwekkend en gematigd, getemper met die verantwoordelikeheidsin in wat n delikate saak soos die Joodse vraagstuk vereis ... uniek in sy volledigheid en paraatheid om elke argument van betekenis wat deur die teenparty aangehaal is, te behandel."¹¹⁰ In n latere samevatting van die werksaamhede van die sitting het dieselfde koerant Louw se wetsontwerp as die uitstaande gebeurtenis van die sitting bestempel, " ... en sy gepolyste en onverbeterlik gestelde saak tel onder die beste prestasies van die sitting."¹¹¹

Al was sy maatregel verwerp, was Louw heeltemal tevrede. Die "gevaar" is onder die aandag van die volk gebring, die onus vir die verwydering daarvan op die skouers van die regering gelê.¹¹²

109. Cape Times, 15.4.1939: "Notes in the House".

110. Die Burger, 15.4.1939. Die verslaggewer was V.G. Hiemstra.

111. Die Burger, 17.6.1939.

112. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 2992.

Minder opspraakwekkend maar tog ook belangrik was die regering se Wetsontwerp op die Registrasie van Vreemdelinge. By die indiening daarvan op Woensdag 3 Mei 1939 het die minister van Binnelandse Sake, mnr. Stuttaford daarop gewys dat die bestaande toestande met betrekking tot die binnekoms van vreemdelinge baie onbevredigend was en dat baie persone hulle onwettiglik permanent in die land vestig.¹¹³

Daar was groot eensgesindheid in die Raad oor hierdie wetsontwerp en die noodsaaklikheid van so 'n wet is deur die bank erken, met hier en daar 'n kleiner detail-verskil.¹¹⁴ Van Opposisiekant was dit Eric Louw, "die vreemdelinge-deskundige van die Gesuiwerdes"¹¹⁵ en "n gesaghebbende op die gebied van vreemdelingebeheer",¹¹⁶ wat die wetsontwerp namens sy party verwelkom het.¹¹⁷ Met 'n mate van trots het hy daarop gewys dat 'n groot gedeelte van die minister se toespraak "feitlik 'n herhaling" van sy toespraak oor dieselfde kwessie die vorige sitting was en dat die huidige maatregel destyds presies so deur hom bepleit is. Hy het ook gemeen dat sy Vreemdelings-

113. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 4023.

114. Vgl. Die Burger, 4.5.1939; Die Vaderland, 4.5.1939; Cape Times, 4.5.1939 en die betrokke toesprake in Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 4923 e.v.

115. Die Vaderland, 4.5.1939.

116. Die Burger, 4.5.1939. Ook die Cape Times bestempel hom as "the Nationalist authority on matters of this sort". Kyk Cape Times, 4.5.1939: "Notes in the House".

117. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 4027 e.v.

wetsontwerp vroeër die sitting as stimilus vir die indiening van die wetsontwerp gedien het, maar eis nie al die eer net vir homself op nie:

"... hier het ons weer 'n sprekende voorbeeld van wat 'n opposisie kan verrig, want ek is daarvan oortuig dat as ons in hierdie saak nie so geroer het soos ons in die verlede gedoen het nie, en ek gaan selfs sover om te sê dat as ek nie met die Vreemdelingswetsontwerp gekom het nie, sou ons hierdie wetsontwerp nie voor ons gehad het nie."¹¹⁸

Nadat hy "maar terloops" op die voorafgaande gewys het, het Louw die wetsontwerp behandel en gesê dat dit uitgaan van die beginsel "dat elke land, elke volk baas is in sy eie huis"; verder dat vreemdelinge wel die land binnegelaat kon word, dog hulle mog nie misbruik maak van die gasvryheid wat aan hulle betoon word nie.¹¹⁹ Hy het ook gewys op die rol van vreemdelinge in die bevordering van kommunistiese propaganda en ondermyning van die staatsgesag, opsweping van die gekleurde rasse teen die Blankes en ook ongewenste praktyke in die besigheidswêreld. Om dit te bekamp, het hy die instelling van 'n bevolkingsregister as moontlike oplossing voorgestel en saam met die minister die noodsaak aangevoel van "n beter bewaking van ons poorte", veral dár waar die paaie oor die grens gaan en vreemdelinge maklik die land kon insypel.¹²⁰ Waar sy party die beginsel van die wetsontwerp "van harte" verwelkom, het hy die hoop uitgespreek dat minister Stuttaford sy amendemente, wat daarop gemik was om die wetsontwerp meer

118. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 4028.

119. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 4028.

120. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 4029.

doeltreffend te maak, in dié lig en nie in n "politieke lig" nie sou sien.¹²¹

Louw se toespraak is goed ontvang. Die Cape Times het daarna verwys as n "moderate, well-delivered speech",¹²² terwyl Die Suiderstem hom byna ook nie genoeg lof kon toeswaai nie vir die verkwiklike toon wat hy aangeslaan het: "Dit was voorwaar n plesier om na hierdie kalme, redelike en nie-politieke bespreking te luister."¹²³ Die hoop is uitgespreek dat "die Eric Louw-Paul Sauer-voorbeeld"¹²⁴ van sake op hul meriete te beskou", n heilsame invloed op die "Gesuiwerde" Party sou hê.¹²⁵

Minister Stuttaford was dankbaar vir die groot mate van eenstemmigheid in die Raad oor die noodsaaklikheid van die wetsontwerp en baie in sy skik met die "nuttige en helpende advies" wat hy veral van Louw ontvang het. Hy wou egter nie aan Louw die krediet gee dat hy die inspirasie agter die wetsont-

121. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 4030.

122. Cape Times, 4.5.1939: "Notes in the House".

123. Die Suiderstem, 4.5.1939: hoofartikel.

124. Hier is ook gesinspeel op n toespraak wat mnr. Paul Sauer in die debat oor die begrotingspos Verdediging gehou het. Vgl. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 3993 e.v. en 4020 e.v.

125. Die Suiderstem, 4.5.1939: hoofartikel.

werp was nie.¹²⁶

Net voordat die volksraad in komitee gegaan het oor die saak, het die minister 'n voorstel vir 'n instruksie aan die komitee gedoen met betrekking tot magte vir deportasie van vreemdelinge "wie se aanwesigheid in die Unie as nadelig vir die welsyn van die staat beskou word."¹²⁷ Hierop het Louw 'n amendement voorgestel wat die minister se bevoegdheid in hierdie verband nie tot "vreemdelinge" sou beperk nie, maar ook wel tot "persone, nie synde Unie-burgers nie" uitbrei. Louw het aangetoon dat die beginsel van sy voorgestelde wysiging reeds by wetgewing in 1930 vasgelê is, met die verskil dat die minister nou nie net op informasie van oorsese polisie kon optree nie, maar ook op inligting van die Suid-Afrikaanse polisie.¹²⁸

Die minister was aanvanklik nie geneë om Louw se amendement te aanvaar nie, dog na aanhoor van die daaropvolgende toespreke het hy besluit dat dit geen kwaad kon doen nie.¹²⁹ Louw se amendement is gevolglik aanvaar,¹³⁰ dog die "storm-

126. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 4952-4957. Volgens Stuttaford was die wetsontwerp reeds opgestel toe Louw syne ingedien het. Louw het in 'n tussenwerpsel verwys na sy toespraak die vorige sitting en sy aanspraak daarop gegrond (kol. 4052).

127. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5101.

128. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 4103-4104.

129. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5121-5122.

130. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5123. Die stembilling was 89 teen 10.

voël" in die Verenigde Party, J.H. Hofmeyr, het net voor die verdeling uitgestap¹³¹ nadat hy in die loop van die debat probeer aantoon het dat die minister nie Louw se amendement sou aanvaar nie.¹³²

In die komiteestadium is die wetsontwerp aan kwaai kritiek onderwerp, veral van die kant van die Arbeiders en die Dominioniete maar ook deur regeringslede soos Hofmeyr en Morris Alexander.¹³³ Wat veral aanstoot gegee het, was die feit dat Britse onderdane ook aan die ingrypende deportasie-bepaling onderhewig was,¹³⁴ al het minister Stuttaford aangetoon dat gebore Britse onderdane na slegs 'n proeftydperk van twee jaar vrygestel word van die bepalings.¹³⁵

'n Verdere amendement van Louw, ten opsigte van verpligte naams- en nasionaliteitsverskaffing by registrasie van vreemde linge wat kontrakte met werkgewers aangegaan het,¹³⁶ is ook deur die minister aanvaar.¹³⁷

131. Die Burger, 23.5.1939.

132. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5117.

133. Vgl. toesprake in Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5124 e.v.; Kyk ook Cape Times, 23.5.1939: "Notes in the House", waar na die tweede lesing verwys is as "a really hard nut to crack".

134. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5125 e.v. (mnr. Marwick), kol. 5127 (mev. Reitz) en kol. 5133 (mnr. Alexander).

135. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5122.

136. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5186.

137. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5188.

Naas die meriete van deportasie sonder verhoor, wat skerp onder skoot gekom het,¹³⁸ is daar toenemend krities verwys na Louw se aandeel in die wysiging van die wetsontwerp - al het Louw sowel as Stuttaford daarop gewys dat dit suiwer net oor die meriete van die saak gaan. Mev. L.A.B. Reitz het die minister daarop gewys dat Louw se amendement "verskriklik ver gaan" sover dit die vryheid van landsburgers aangaan, en het as kampvegter opgetree vir die Britse onderdane wat hierdeur geraak sou word. Sy was onrustig, het sy gesê, want sy het die gevoel gekry dat sy nie teen die minister geargumenteer het nie, maar teen Louw "wat bekend is as een van die grootste teenstaanders van Britse belange in ons land".¹³⁹

Eerw. C.F. Miles-Cadman het die minis ter daarvan beskuldig dat hy "lakeiwerk" vir die Opposisie doen; hy was verbaas oor die sukses wat hulle behaal het.¹⁴⁰ Ook W. Madeley¹⁴¹ en J.S. Marwick¹⁴² was bekommerd oor die gang van sake, en eersgenoemde het gesê dat die minister "totaal ingegee" het vir die Nasionaliste se siening. Die Arbeiderlid, M.J. van der Berg, het dit enersyds as 'n "skandvlek op die politieke ge-

138. Bv. deur mnr. D.C. Burnside, W. Madeley, L. Blackwell, M.J. van der Berg en mev. L.A.B. Reitz.

139. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5232-5233. Volgens Die Burger het sy haar weerspreek en gesê dat sy eintlik moes veg teen "die Minister van Beaufort-Wes"! Kyk Die Burger, 25.5.1939.

140. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5239.

141. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5220.

142. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5237.

skiedenis van Suid-Afrika" en andersyds as "bepaald 'n diplomatieke oorwinning vir die Opposisie" bestempel,¹⁴³ terwyl mnr. D.C. Burnside dit ingevryf het dat die Raad "in artikel na artikel" die amendemente van Louw aanvaar het.¹⁴⁴ 'n Rukkie later in die debat, het hy gepraat van "'n wetsontwerp wat tot die punt van boosaardigheid verbeter is deur die lid vir Beaufort Wes".¹⁴⁵

Toe die minister kort hierna wel 'n amendement van Louw verwerp het Madeley groot verbasing geveins: "Wat, weier u? U doen dit tog seker nie. Liewe hemel, watter brawe kêrel!"¹⁴⁶ Op 'n veel ernstiger toon het hy later verklaar dat Louw se hele anti-Joodse wetsontwerp in die onderhawige wetsontwerp vergestalt was.¹⁴⁷

Die Burger het hom openlik verheug in die sukses wat Louw met sy amendemente behaal het,¹⁴⁸ terwyl die Cape Times van mening was dat daar 'n mate van regverdiging was vir die idee "that

143. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5282.

144. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5276. Vgl. ook kol. 5253-5254.

145. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5305. Vgl. ook kol. 5333, waar Burnside die verlening van verder magte aan die minister teenstaan op grond daarvan dat die wetsontwerp, versterk deur Louw se amendemente, die minist in staat stel om "elke moontlike gebeurlikheid" te dek.

146. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5310.

147. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5313.

148. Die Burger, 23.5.1939 en 24.5.1939.

the Government was dancing to a tune calling by the Nationalists."¹⁴⁹ Ter staving daarvan het gedien die waarneming van laasgenoemde koerant se politieke korrespondent: "... that Mr. Louw's face was almost continually wreathed in a blissful smile, and that the Nationalist Party in general was unusually silent."¹⁵⁰

Die trant van die besprekinge van die wetsontwerp het aange-
toon dat daar binne die Verenigde Party nie algehele een-
stemmigheid oor die wetsontwerp en veral oor die wysiginge
daartoe was nie. Gerugte het die rondte gedoen dat 'n aantal
beswaarde lede 'n deputasie na die Minister gestuur het¹⁵¹ om
die "smet" op Britse onderdane uit die gewysigde wetsontwerp
verwyder te kry.¹⁵² Te midde hiervan het twee van dié lede
nl. Leslie Blackwell en J.H. Hofmeyr, oor die Asiate-kwessie
teen die V.P.-leiding in opstand gekom en uit die koukus be-
dank.¹⁵³

149. Cape Times, 24.5.1939: "Notes in the House".

150. Cape Times, 24.5.1939: "Notes in the House". Inderdaad
het slegs Louw van Nasionale kant aan die besprekinge op
23 en 24 Mei deelgeneem.

151. Die Burger, 26.5.1939.

152. Die Burger, 27.5.1939. Louw het op 31 Mei ook hierna
verwys, aan die hand van 'n uitknipsel uit die Cape Argus.
Vgl. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol.
5844. Ook Dr. Malan het hierna verwys (kol. 5873-74).

153. Die Vaderland, 25 en 26.5.1939. Kyk ook L. Blackwell:
Farewell to Parliament, pp. 48-54 en Paton: Hofmeyr,
pp. 305-408.

Enkele dae later, op 31 Mei, het minister Stuttaford in die Raad aangekondig dat hy vanweë besware van die kant van die departemente van Justisie en Buitelandse Sake en ook vanweë probleme wat dit vir die Keurraad kon oplewer, die omstrede deportasiebepaling in die wetsontwerp teruggetrek het. Hy het beloof om in die reses weer aandag aan die saak te gee.¹

Hierdie skielike frontverandering is skerp in die Raad gekritiseer. Madeley, wat geluister het na "die gebabbel van die koggelvoël daar buitekant", het prontuit beweer dat die regeringskookus bang geword het vir die uitwerking wat die aanname van die wetsontwerp op die kiesers sou hê.¹⁵⁵ Na Madeley het Louw die woord geneem: "Die minister en ek is in die posisie van medetreurendes aan die graf van ons amandemente. Maar ons het ook iets anders in gemeenskap, en dit is dat ons medeslagoffers is van politieke gerieflikheid." Hy het voortgegaan, gewys op al die gerugte in die wandelgange oor die sogenaamde ontevredenheid binne die V.P. en di gekoppel aan die krisis met Blackwell en Hofmeyr. Louw het verwys na 'n berig in die Cape Times waarvolgens die minister die kookus meegedeel het dat hy die wetsontwerp terugtrek vanweë vertoë wat deur Engelssprekende lede tot hom gerig is. Sy konklusie was dat die "oud-Unionistiese seksie", die "Rul Britannia-seksie" weer eens die botoon in die Verenigde Part gevoer het, iets waarvan die oud-Nasionaliste in dié party

154. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5839.
Vgl. ook Cape Times en Die Burger, 1.6.1939.

155. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5840.

kennis moes neem.¹⁵⁶

Ten spyte van Stuttaford se ontkenning,¹⁵⁷ het sowel Die Burger¹⁵⁸ as die Cape Times¹⁵⁹ gemeen dat die eintlike probleem wel geleë was in die feit dat Britse onderdane op gelyke voet met ander vreemdelinge behandel sou word.

In die volksraad is Stuttaford en Louw kwaai gekritiseer, eersgenoemde oor sy terugkrabbeling en die feit dat hy skynbaar nie die ware redes vir sy optrede verstrek het nie, en Louw oor sy kritiek wat hy op die minister en veral die sekere seksie binne die Verenigde Party uitgespreek het. Die Vaderland¹⁶⁰ het Louw beskuldig van opportunisme deur imperialisme en Afrikanerverraad in 'n "onskuldige en noodsaaklike" wysiging te sien, terwyl die Cape Times,¹⁶¹ weer verwys het na die "rusty sword of sarcasm" waarmee Louw vir Stuttaford aangeval het. Die Burger het simpatie betoon: "Die nasionalistiese plantjie wat skaam sy kop uitgesteek het ... is vandag weer wreed afgemaai. Die imperialistiese wind het daaroor gegaan ..." ¹⁶²

156. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5842-5845.

157. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5837-5838.

158. Die Burger, 1.6.1939: hoofartikel.

159. Cape Times, 1.6.1939: hoofartikel.

160. Die Vaderland, 1.6.1939.

161. Cape Times, 1.6.1939: "Notes in the House".

162. Die Burger, 1.6.1939.

Die Burger kon nie nalaat om die atmosfeer waaronder hierdie gebeure plaasgevind het, aan sy lesers te skets nie: "Luide en aanhoudende triomfgelag uit mnr. Madeley se bank (so luid dat dit byna die perke van hoflikheid oorskrei het) ...

Die gelag het harder geword toe mnr. Stuttaford in 'n verwysing na adv. Eric Louw per ongeluk praat van "die agbare Minister van Beaufort Wes."¹⁶³

Na baie harde woordewisselinge oor die saak, het ook dr. Malan tot die debat toegetree en die minister en die regering van swaakheid beskuldig. Ook hy het die terugtrekking van die maat reël aan "konsiderasies van 'n puur politieke aard" toegeskryf en was maar baie pessimisties oor die minister se belofte om die saak in die aanstaande sitting reg te stel.¹⁶⁴

Die koeël was egter deur die kerk, die amendement verwerp.¹⁶⁵ Hoewel in 'n mate teleurgesteld oor die wending wat die debat geneem het, kon Eric Louw tog met groot genoegdoening op sy doen en late in die voorafgaande paar weke terug kyk. Sy deeglike kennis van, asook sy intense belangstelling in die vreemdelingsvraagstuk het hom uitstekend te pas gekom, en hy het sy standpunte deurentyd goed gemotiveer en voorgedra.

163. Die Burger, 1.6.1939. Hierdie verwysing na Louw kom, net soos die een van mnr. Reitz (voetnoot 142), nie in die Volksraadsdebatte voor nie, wat waarskynlik toegeskryf kan word aan die feit dat die tekste van toesprake voor publikasie deur die sprekers nagesien word.

164. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5874-5876.

165. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 5886.

Feitlik man-alleen en op 'n waardige wyse het hy sy party in hierdie saak gedra, met opsigtelike resultate. Die stok in die speek was op die ou end maar weer die ou-ou probleem van Britse sentiment. Hoe lank nog, was ongetwyfeld die onuitgesproke versugting van Eric Louw.

Met die bespreking van die begrotingspos Binnelandse Sake op 16 Mei het Eric Louw weer eens van die geleentheid gebruik gemaak om sy sieninge omtrent die "vreemdelinge in ons poorte" te verkondig. Toe dié pos aan die orde gestel is, was hy dadelik op die been. Verwysende na die onlangse debat oor registrasie van vreemdelinge en die minister se erkenning dat registrasie nodig was, het hy die immigrasie-aspek van naderby beskou en oordeelkundige, selektiewe immigrasie bepleit. Hy het weer by die kwessie van assimilasie uitgekom: daar was te veel Jode in die land en deur die beginsel van assimilasie, soos vervat in die Wet van 1937, toe te pas, kon aan Joodse immigrasie 'n einde gemaak word. Soos tevore, dui hy aan dat dit ook in belang van die gevestigde Jode sou wees: "Noem dit diskriminasie of onverdraagsaamheid, ons sê dat ons in die eerste plek wil kyk na die belange van ons eie mense in ons land."¹⁶⁶

166. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 4877-4882. Die Cape Times ("Notes in the House", 17.5.1939) het dit as "nearly another 'Jew Debate'" bestempel.

Na aanleiding van vrae wat hy hieromtrent aan die minister gestel het, het Louw by hierdie geleentheid ook teen willekeurige naamsverandering te velde getrek. Syns insiens was dit nie geregverdig om name en vanne weens sosiale of besighheidsredes te laat verander nie - wat wel in die onderhawige gevalle deur 'n aantal Jode gedoen is.¹⁶⁷

Mnr. Morris Kentridge, wat weer nie beswaar gehad het teen die wyse waarop Louw sy standpunt gestel het nie,¹⁶⁸ het Louw se vrees vir Joodse immigrasie as ongegrond verklaar en intendeel op die ekonomiese voordele van sodanige immigrasie gewys. Louw se bedenking dat dit die rasseverhoudinge sou vertroebel, is ook nie deur hom gedeel nie omdat die werklike toets vir burgerskap syns insiens nie in 'n etniese verhouding nie, maar in 'n wesenlike begeerte tot dienslewering geleë was.¹⁶⁹ Mnr. Morris Alexander was op sy beurt dit eens met Louw oor die beginsel van optrede teen ongewenste vreemdelinge dog hy het gemeen dat Louw "heeltamal van die pad af is" deur 'n stigma op die Joodse volk te plaas: "Ons is net so trots op ons tradisies as die agb. lid op die van hom is en ons gaan stellig nie die stigma van minderwaardigheid op onself lê nie."¹⁷⁰ By 'n latere geleentheid het Alexander net driftig geword oor hierdie kwessie en gesê dat geen mens met self-

167. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 4883.

168. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 4893.

169. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 4894.

170. Debatte van die Volksraad, vol. 34 (1939): kol. 4915.

respek sy eie voorgeslag of ras sou brandmerk soos wat skynbaar van hulle verwag word nie.¹⁷¹

In die Begrotingsdebat het Louw weer 'n keer die Jode bygesleep toe hy aangetoon het dat hulle, saam met die "meer Imperialistiese Britse seksie" en die Arbeidersparty, vir propaganda teen die Unie se betalingsooreenkoms met Duitsland verantwoordelik was.¹⁷² Met verwysing na gebeure in Kanada het hy beweer dat daar in Suid-Afrika 'n beweging van die kant van die Jode was om die bevolking teen die handel met Duitsland op te sweep.¹⁷³ Mnr. Morris Alexander het maar weer swaarde gekruis en met vers en kapittel probeer aantoon dat daar nie so 'n georganiseerde boikot bestaan het nie.¹⁷⁴

171. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 4893.

172. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 6758. Dié ooreenkoms het veral die uitvoer van die Unie se wol geraak.

173. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 6760.

174. Debatte van die Volksraad, vol. 35 (1939): kol. 6768-6769. Hierdie soort oor-en-weer beskuldigings en ontkenning was 'n kenmerk van destydse politieke debatsvoering. Inderdaad lê op hierdie terrein, nl. die vernaamste politieke vraagstukke van die dertiger- en veertigerjare, baie braak veld wat deur beoefenaars van die eietydse geskiedenis ontgin kan word.

Wat die parlamentsitting van 1939 aanbetref, was die Joodse vraagstuk hiermee iets van die verlede. Voortaan sou enige verdere sieninge hieromtrent vanaf die openbare verhoog en deur middel van die pers gelug moes word, terwyl dit algaande duidelik begin word het dat die vraagstuk van Suid-Afrika se houding jeens die gespanne toestande in Europa alle ander aangeleenthede op die agtergrond begin druk het. Louw het egter nog vir gulaas van 'n geesdriftige maar rumoerige vergadering te Seepunt gebruik gemaak om sy sieninge omtrent hierdie kwessie aan die publiek te verkondig. In 'n uitvoerige uiteensetting van wat hoofsaaklik neergekom het op sy argumente in die volksraad, het hy daarna verwys as 'n ekonomiese en nie 'n rasse- of godsdienstige vraagstuk nie. Hy het nog eens herhaal dat dit ook in belang van die gevestigde Jood was dat Joodse immigrasie stopgesit sou word. Die alternatief was dat daar vervolging van Jode sou plaasvind, en dit wou hy nie graag sien nie.¹⁷⁵

Die Suiderstem was skerp en bitter: dat die "opperste Gesuiwerde Jodehater" en die "sterkste anti-Engelse Gesuiwerde" nou skielik 'n lamsie vir die Jode breek en ook die Britse Setlaars hoër roem toeswaai,¹⁷⁶ was vir die blad "afkeurenswaardig".¹⁷⁷ Wat die blad egter gerieflikheidshalwe vergeet

175. Die Burger, 18.8.1939.

176. Louw het in sy toespraak ook uitvoerig op sy party se beleid teenoor die Engelssprekendes ingegaan en hulle verkwalik omdat hulle by elke verkiesing aan die kreet "Vote British" gehoor gee.

177. Die Suiderstem, 21.8.1939: hoofartikel.

het, is dat Louw op hierdie vergadering inderdaad maar net herhaal het wat hy oor en oor in die volksraad verkondig het.

Waar dit voorheen dr. Malan en trouens die hele Nasionale Party was wat kwaai moes deurloop oor hul houding jeens die Jode, het Eric Louw sedert die openbaarmaking van sy omstrede wetsontwerp die skyf geword van diegene en dié koerante wat anti-Semitisme op Duitse model aan die adres van die Nasionale wou tuisbring. Louw is skerp gekritiseer nie soseer oor sy opvatting van die afwesigheid van 'n assimileerbare vermoë in die land nie, maar wel oor die eerlike verkondiging van sy bedenkinge oor die onassimileerbaarheid van die Jood. Soos blyk uit die besprekings in die volksraad, was dit veral die teer puntjie by 'n man soos Morris Alexander, wat in dié debatsvoering die grootste kampvegter vir die Jode was.

Afrikaanstalige regeringskoerante soos Die Vaderland (veral voor 4 September 1939) en Die Suiderstem (dwarsdeur die oorlog) het skerp teen Louw te velde getrek. Eersgenoemde koerant het kort-kort die draak met hom gesteeke deur hom in realistiese spotprente voor te stel as slawe-drywer van 'n swastika-las,¹⁷⁸ as "Führer Louw" vooraan 'n groep marsjerende Nasionale Arieërs,¹⁷⁹ ens.¹⁸⁰ Die Suiderstem het Die Vaderland selfs in verlyn oortref, veral by wyse van hoofartikelkommentaar wat soms na die onsmaklike geneig en die vorm van politieke dwepery aangeneem het.¹⁸¹ Ook

178. Die Vaderland, 17.4.1939.

179. Die Vaderland, 8.5.1939.

180. Kyk ook Die Vaderland, 4.5.1939, 23.6.1939, 31.7.1939, 18.8.1939 en 29.8.1939.

181. Die Suiderstem, 23.3.1939, 21.8.1939, 13.12.1939 en 14.12.1939. Die koerant openbaar veral sedert 1940 'n neiging in dié rigting.

n koerant soos die Cape Times sou, hoewel in n meer gematigde toon, aan hierdie etikettering van Louw en die Nasionale Party meedoen.¹⁸²

KOMMUNISTE

Naas sy waarskuwing oor die dreigende oorlogswolke in Europa, het Louw by sy terugkeer veral die kalklig gesteel met sy verwysings na die "kommunistiese gevaar".¹⁸³ En hoewel sy waarskuwing nie die eerste van sy soort was nie, het juis sy uitlatir daaroor meer gewig aan die vraagstuk verleen. Politieke geesnote sowel as andersdenkendes was bewus van die reklamewaarde wat Louw se sieninge oor hierdie en ander internasionale aangeleenthede kon hê. Enersyds sou dit tot die maksimum ontplooi en benut word, terwyl andersins alles in werking gestel sou word om die effek daarvan te versag en selfs te neutraliseer.

Ten tye van Louw se terugkeer in Suid-Afrika was die "kommunistiese gevaar" reeds n akute vraagstuk in Afrikanergeleedere en stryd teen hierdie ideologie wat besig was om homself in die land vas te anker,¹⁸⁴ is vanuit verskeie oorde aangeknoop. Die Nederduits Hervormde Kerk het reeds op n algemene vergadering in Mei 1937 n kommissie aangewys om die aanwesigheid van kommunisme in die vakunies te ondersoek,¹⁸⁵ terwyl die Kerkbode, amptelike

182. Kyk bv. Cape Times, 26.7.1940 en 7.7.1941: hoofartikels.

183. Die Burger, 2.8.1937. Kyk ook hoofstuk 9, p. 350.

194. Vir n kort uiteensetting van dié aangeleentheid, kyk D.J. Kotzé: Soeklig op die Kommunisme, pp. 25-35, asook Edward Roux: "Labour and the Black Worker (5): Hammer and Sick (Trek, 10.3.1944, pp. 13 - 14).

185. H.P. Wolmarans: Kommunisme en die Suid-Afrikaanse Vakunies, p. 2. In 1938 het nog n Hervormde predikant, ds. A.J.G. huizen, n pamflet getiteld Kommunisme in die Vakunies, dielig laat sien.

blad van die Nederduits Gereformeerde Kerk, in Julie gewaarsku het teen die "skrikwekkende feit" van die verspreiding van dié leer, ook onder Afrikaners. Daar is ernstig gewaarsku teen "die skrikwekkende moontlikhede wat ons hier in die gesig staan".¹⁸⁶ Vanuit Transvaal het dr. Albert Hertzog aan die spits gestaan van 'n landswye veldtog om kommunistiese invloede in arbeidersgeledere maar veral onder die verstedelike Afrikaanse mynwerkers te bestry,¹⁸⁷ terwyl ook dr. T.E. Dönges van verhoog tot verhoog gegaan het om hierdie bedreiging vir die Afrikaner die nek in te slaan.¹⁸⁸ Pas voor Louw se tuiskoms het dr. Malan op reis deur die Vrystaat sy bedenkinge oor kommunisme in geen onduidelike taal nie aan sy entoesiastiese toehoorders verkondig.¹⁸⁹

Verwysende na die Spaanse burgeroorlog en die onstabiele toestande in Frankryk as regstreekse gevolge van die groei van kommunisme in daardie lande, asook na die aanwesigheid van dieselfde verskynsel in Portugal en Engeland,¹⁹⁰ het Louw by sy aankoms in die Unie sy besorgdheid uitgespreek oor die feit dat die sukses van hierdie beweging nie soseer aan swak maatskaplike toestande nie, maar aan intensiewe propaganda toegeskryf kon word. Vir hom was die gevaarsones die ses miljoen Swartes in die Unie; daar was reeds tekens dat die kommunisme besig was om onder hulle

186. Die Kerkbode, 16.6.1937: hoofartikel.

187. L. Naude: Dr. A. Hertzog, die Nasionale Party en die Mynwerker, pp. 97 - 101.

188. Kyk p.a. Die Burger, 10.6.1937.

189. Die Burger, 2.8.1937 en The Star, 2.8.1937.

190. Dié verskynsels is uitvoerig deur hom bespreek in sy gereelde verslae aan genl. Hertzog (E.H. Louw-vers., band 84).

veld te wen en dat die werkende klas Blanke en die armblanke hierby betrek word.

Omdat hierdie ongewenste beweging in die Unie betreklik jonk wa moes daar daadwerklik opgetree word. "Die kommunisme moet in d Unie beveg en met wortel en tak uitgeroei word - en daar moet o nie mee gesloer word nie. Dit is ons plig teenoor ons nageslag Hy het sommer ook die riglyne vir optrede aangedui: strenge toepassing van immigrasiewette, deportasie van agitators en wei ing van burgerskap aan erkende kommuniste. Daar is geen plek vir "liberalisme" in die hantering van hierdie aangeleentheid nie.¹⁹¹

"Die kommunis is 'n outokraat van die ergste soort - hy het geen eerbied of ontsag vir die wet, godsdiens of persoonlike regte nie. Hy aarsel nie om misbruik te maak van die voor regte wat hy onder die demokratiese regerings geniet nie. Die Karroo-boer durf nie 'n "liberale houding aanneem teen onkruid of brandsiekte nie. As hy dit sou doen sou hy ðf blind ðf onnosel wees. So ook hy wat pleit vir 'liberalisme wat die bestryding van kommunistiese propaganda betref."

Louw se opmerkings oor die kommunistiese gevaar is vanuit versk oorde skerp gekritiseer. Die Arbeiders Party het by monde van sekretaris, mnr. C.L. Henderson, die bestaan van so 'n gevaar ontken omdat daar te min kommuniste in die land was. Terwyl hy sy party verontskuldig dat dit nie onder kommunistiese invloed staan nie, noem hy Louw se waarskuwing "curiously analogous to the doctrine Dr. Malan had been preaching to his Free State followers only a few days previously". Louw se siening het vir hom beslis 'n geur van politieke propaganda gehad.¹⁹² Mnr. Morr Kentridge, die V.P.-volksraadslid vir Troyeville, het in 'n ver-

191. Die Burger, 2.8.1937.

192. The Star, 2.8.1937.

klaring Louw se sieninge in twyfel getrek¹⁹³ terwyl die Cape Argus ook nie geneë was om dit ernstig op te neem nie.¹⁹⁴

Nasionale koerante, darenteen, het Louw heelhartig ondersteun. Die Volksblad was van mening dat almal gerus kennis kon neem van die uitlatinge en die woorde van "n kenner van Europese toestande ... iemand wat in die hoogste regeringskringe verkeer het, om die politieke ontwikkelings in Frankryk sowel as in gans Europa van naby te aanskou." Die reaksie op Louw se verklaring dui daarop dat sy klip in die bos getref het.¹⁹⁵ Die Burger weer het Louw se waarskuwing aangeknoop by meninge wat minister Oswald Pirow in Desember 1936 in 'n Duitse tydskrif gelug het, en het dit as 'n ondiens aan die land bestempel dat die bestryders van kommunisme kwalik geneem word omdat hulle die saak te berde bring en metodes aanbeveel waarvolgens die probleem opgelos kon word.¹⁹⁶

Die "kommunistiese gevaar" sou voortaan skerp onder die soeklig geplaas wees. Op die Kaaplandse kongres van die Nasionale Party aan die einde van Augustus 1937 te Uitenhage, het ^{die} partyleier, dr. Malan, in sy openingsrede verwys na "die skrikwekkende toename" van die kommunisme in Suid-Afrika.¹⁹⁷ Dit is egter aan Louw, wat vanweë sy diplomatieke agtergrond en ervaring in breë Nasionale kringe as kenner van uitnemendheid van internasionale toestande aanvaar is, oorgelaat om die offensief teen die kommunisme

193. Cape Argus, 3.8.1937.

194. Cape Argus, 3.5.1937: hoofartikel.

195. Die Volksblad, 3.8.1937: hoofartikel.

196. Die Burger, 4.8.1937: hoofartikel. Die tydskrif waarna verwys is, was die Desember-uitgawe van Europese Review.

197. Die Burger, 9.8.1937.

te lei.

In sy toespraak voor die kongres het Louw gewys op die belagheid van politieke opponente wat wou beweer dat daar slegs n paar kommuniste in die land was. Hy het weer gemaak dat dié versky "met wortel en tak" uitgeroei moes word, voordat dit sy ankers dieper in Suid-Afrikaanse bodem inslaan, en het sy partygenote aangemoedig: "Dit is die Nasionale Party se plig om daardie paar in ons land te verdag." ¹⁹⁸ Na druk bespreking is 'n voorstel van mnr. P.W. Botha, wat die regering se aandag op die gevaar vestig en metodes aan die hand gedoen het om dit te bestry, "e parig en met geesdrif" aanvaar. ¹⁹⁹

Wat was die metodes?

Waarskuwings teen die kommunistiese bedreiging het nou uit alle oorde opgeklank. Dr. John Dube, 'n vooraanstaande Swart leier, het gewaarsku teen "wydvertakte kommunistiese propaganda" ²⁰⁰ terwyl Die Burger teen die einde van Augustus onder prominente opskrif "Kommunisme slaan sy kloue in", berig het hoedat vooraanstaande Kaapse sakelui arbeidsprobleme in die Skiereiland aan "giftige kommunistiese invloede" toegeskryf het. ²⁰¹ Dr. Alber Hertzog het aktief gebly ²⁰² terwyl die Afrikaanse Nasionale Studentebond die vraagstuk dringend bespreek het op sy kongres te Potchefstroom vroeg in Oktober 1937. Dr. N. Diedericks, pr

198. Die Burger, 19.8.1937.

199. Die Burger, 20.8.1937.

200. Die Burger, 8.10.1937.

201. Die Burger, 30.8.1937.

202. Die Burger, 7.12.1937; Die Transvaler, 13.10.1937. Kyk ook Die Burger, 17.5.1938 en L. Naude: Dr. A. Hertzog, die Nasionale Party en die Mynwerker.

A.J.H. van der Walt en minister Oswald Pirow het almal na hierdie kwessie verwys en aan die einde van die kongres is 'n ondersoek na die verskynsel van kommunisme in die Unie aangevra.²⁰³ Ook die leier van die Nasionale Party, dr. Malan, het op die Transvaalse Nasionale Party-kongres en op latere vergaderings sterk te velde getrek teen kommunisme,²⁰⁴ terwyl protesvergaderings in Transvaal gehou is na aanleiding van misdade van Swartes, wat onder kommunistiese agitators se invloed sou gewees het.²⁰⁵ Die Vrystaatse N.P.-kongres het hom by hierdie koor van verzet teen die kommunisme aangesluit.²⁰⁶

In regeringskringe was daar min belangstelling vir en simpatie met die Nasionaliste se onophoudelike geroep om strenger optrede teen die kommunisme. Genl. Smuts het dit beskryf as "n gogge wat met partypolitieke oogmerke en bloot as eleksiepropaganda uitgebuit word"²⁰⁷ terwyl minister Pirow, wat dit op die A.N.S.-kongres beskryf het as "n kanker" wat meedoënloos uitgeroei behoort te word,

203. Berigte hieroor in Die Transvaler, 1 tot 4.10.1937. Dr. Diedericks het 'n tydjie later gewaarsku teen die "proses van kommunisering en bosjewisering" wat, volgens hom, besig was om "op ongeëwenaarde skaal" in die Unie pos te vat. Kyk Die Burger, 26.10.1937.

204. Die Transvaler, 6.10.1937 en 12.10.1937. Kyk ook Die Burger, 7.5.1937 en 12.10.1937, vir Malan se waarskuwings teen gemengde danspartye.

205. Die Transvaler, 1.10.1937 en 16.10.1937. In die hofsaak wat gevolg het op die aanranding van polisie by Vereeniging is o.a. gemengde eredienste in die Swart woonbuurte as bron van moeilikhede aangedui.

206. Die Transvaler, 15.10.1937: verslag van verrigtinge.

207. Die Transvaler, 15.10.1937: te Aliwal-Noord.

dié uitspraak later versag het deur te verduidelik dat dit in sy Suid-Afrikaanse vorm "niks meer nie as n seer" is en geen gevaar vir die Unie inhou nie.²⁰⁸ Die Nasionaliste het hulle eg nie hiaraan gesteur nie en voortgegaan om die aandag op die kommunistiese gevaar te vestig.

In die loop van die 1938-sitting van die parlement het Eric Louw die saak van kommunistiese beïnvloeding opgehaal tydens 'n kort polemieks oor die uitreiking van paspoorte aan Swartes wat kommunistiese byeenkomste in Amerika en in Sowjet-Rusland onderskeidelik wou gaan bywoon.²⁰⁹ Louw het sterk daarop aangedring dat paspoorte geweier word. In sy wetsontwerp oor die Jode en die besprekings daarvan in die parlement in 1939 het Louw sy stryd teen die kommuniste voortgesit.

"Wel, mnr. die Speaker, dit is miskien gepas dat hierdie vraagstuk van kommunisme behandel word in 'n wetsontwerp wat ook te doen het met 'n Joodse vraagstuk, want kommunisme is sedert sy vroegste dae vasgekoppel aan die Jodedom." Op hierdie noot het Louw op 24 Februarie 1939 die toeligtig van die beginsels van sy fel omstrede wetsontwerp ingelui, en toe daartoe oorgegaan die historiese verbintenis van die Jode met die kommunisme aan te toon.²¹⁰ Hy het dit teruggevoer tot by Karl Marx en die

208. Die Transvaler, 23.10.1937. Kyk ook Die Transvaler, 1.10.1937.

209. Kyk hoofstuk 10, pp. 408-410.

210. Vir Louw se toespraak, kyk Debatte van die Volksraad, vol 33 (1939): kol. 837 e.v. In 1943 is Louw se siening o die kommunisme onder titel Die Kommunistiese Gevaar, as publikasie no. 1 van die H.N.P. se nuwe Voorligtingsdiens uitgegee. 30 000 eksemplare van dié stuk is versprei. Kyk J.H.O. du Plessis-vers., band 2: telegram F.C. Erasmus JHODP, 22.5.1943.

Bolsjewistiese Revolusie in Rusland, wat volgens kenners deur Jode geïnspireer en beheer is. Hy het ook daarop gewys dat in die meeste lande waar kommunisme 'n inslag gevind het - ook in Suid-Afrika - dit onder aanvoering van Jode geskied het. Hierdie verskynsel was syns insiens toe te skryf aan die feit dat beide die Jood en die kommunist internasionaal in uitkyk is.

Sy stelling en bedenkinge het hy toegelig deur te verwys na sy persoonlike waarneminge en ervaring tydens sy diplomatieke diensjare. By een geleentheid het 'n Russiese afvaardiging by die Volkebond uit sewe Jode en een Rus bestaan. Louw het ook die geweldige groei van kommunisme in Parys gedurende sy drie jaar dienstermyn aldaar geskets en hul strategie fyn ontleed: om eers sleutelposisies te bekom, daarna liberale verenigings en genootskappe waardeur hul invloed verder gedra kon word, in die lewe te roep en dan eventueel onrus en geweldpleging aan te moedig en self te stig.²¹¹

Nadat hy die kommunistiese bewegings in die verskillende lande as blote takke van die Kommunistiese Internasionaal bestempel het, het hy daartoe oorgegaan om 'n aantal organisasies en klubs te noem wat syns insiens kommunisties of kommunisties-georiënteerd was: die Kommunistiese Party met mondstuk South African Worker, die Algemene Demokratiese Liga, die Internasionale Jeug-liga, die Liga teen Fascisme, die Werkersverdedigingsbond, die Left Book Club en die Friends of the Soviet Union. Hy het terugverwys na 'n hofsaak in 1934 wat duidelik aangetoon het wat die kommunistiese oogmerke in Suid-Afrika was en in dieselfde verband verwys na die

211. In sy verslae aan genl. Hertzog kom heelwat verwysings en besprekings hiervan voor. Kyk E.H. Louw-vers., band 83-84.

opruiende toesprake op die Kaapse Parade, wat vir hom bewys wa
van kommunistiese propaganda wat ongestoord toegelaat word.²¹²

Regeringswoordvoerders soos min. Stuttaford,²¹³ J.H. Hofmeyr²¹
en Colin Steyn²¹⁵ het Louw se beweringe aangaande die bestaan
n kommunistiese probleem in die land bevraagteken en/of ontken
maar Louw het voet by stuk gehou en net met nog meer bewyse ge
om die beweerde verband tussen Jode en kommuniste, oorsee en i
Suid-Afrika, aan te toon.²¹⁶

In die loop van die volgende paar maande het Louw telkens in

212. Die Burger het geruime tyd reeds by wyse van beriggies, w
naderhand die vorm van n rubriek "Op die Parade" aangenee
het, die aandag op hierdie toesprake, waaruit haat en ven
teen die blanke gestraal het, gevestig. n Klassieke voor
was een sodanige spreker se weergawe van die "wraakgeveg"
tussen die negerbokser Joe Louis en Max Schmeling, nadat
genoemde in die vorige geveg Louis se swaargewigkroon van
afgeneem het. In die herontmoeting het Louis vir Schmeli
na slegs twee minute in die eerste ronde uitgeslaan, tot
groot vreugde van die Swart spreker. Dit is as voorbeeld
Swart-Wit verhoudinge voorgelê. Kyk Die Burger, 25.6.19
Die Suiderstem het bra skepties teenoor hierdie "onthulli
van Die Burger gestaan en beweer dat laasgenoemde koerant
die seepkiesredenaars se saak bevorder, n gratis mondstuk
hulle idees geword het. Kyk Die Suiderstem, 17.7.1939 en
19.7.1939: hoofartikels.

213. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 866-867

214. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 874.
Hofmeyr het terloops daarna verwys dat daar ook onder Afr
kaners kommuniste was, en na n oud-leerling van hom, Edwa
Roux, verwys. Hy moes haastig byvoeg dat dit nie n verkl
ring bied vir Roux se opvattinge nie!

215. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 2005.

216. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 2997-
2998.

openbare optredes weer na hierdie aangeleentheid verwys.²¹⁷ Sy onrus oor die kommunistiese bedreiging is in kerklike kringe gedeel, soos blyk uit die feit dat die algemene sinode van die Gereformeerde Kerk in April 1939 'n sterkbewoorde manifest hieroor uitgereik het,²¹⁸ terwyl die Vrystaatse N.G. Kerk tot aktiewe bestryding van die kommunisme oorgegaan het.²¹⁹ Dr. Albert Hertzog het op sy beurt sy veldtog onvermoeid en onverpoosd voortgesit.²²⁰ Op die vooraand van die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het Louw na die Britse onderhandelinge met Rusland verwys en gewaarsku dat Brittanje 'n bondgenoot wou maak "van die land wie se erkende beleid die verspreiding van die kommunisme in alle lande en daarna die stigting van 'n wêreldrevolusie is."²²¹

Toe die Russies-Britse onderhandelings egter afspring en Rusland en Duitsland 'n verdrag sluit, is die hoop uitgespreek dat Louw en Malan se ondersteuners²²² se oë dalk sou oopgaan aangesien "hierdie twee onchristelike strominge ... nou openlik in hul naakte kleure voor ons staan."²²³ Met Louw is die draak gesteek: wie sou hy nou na-aap, Hitler of Stalin?²²⁴ Hy het hom nie van stryk laat bring nie en gewys op die "nuwe en ernstige faktor in die Europese toestand", wat voorkom kon gewees het indien die Unie neutraal gebly het.²²⁵

217. Die Burger, 5.7.1939 (te Beaufort-Wes); 9.8.1939 (te Springs) en 19.8.1939 (te Seepunt).

218. Die Burger, 5.4.1939.

219. Die Burger, 12.8.1939.

220. Die Burger, Augustus 1939.

221. Die Burger, 5.7.1939: te Beaufort-Wes.

222. Die rangorde is insiggewend.

223. Die Suiderstem, 28.8.1939.

224. Die Vaderland, 29.8.1939: spotprent.

225. Die Burger, 25.10.1939: te Oudtshoorn.

Word Louw se standpunte en sieninge oor hierdie twee vraagstukke van nader beskou, moet daar in die eerste plek rekening gehou word met die beleid van sy party. Die Nasionale Party se Jode-beleid was daarop gemik om vir die Afrikaner 'n plek in die handels- en beroepswêreld te verkry; die magsposisie, of die vermeende magsposisie, van die Jood en die moontlike verspreiding wat groter Jode-betrokkenheid in dié sektore sou meebring moes paal en perk gestel word. Ook moes voorkom word dat die Jood deur middel van 'n ekonomiese magsposisie 'n te groot en seker beslissende seggenskap in die regering van die land kry.²²⁶]

1930 het 'n Nasionaal-georiënteerde bewind deur middel van die Kwotawet 'n toestroming van Jode uit veral die Oos-Europese lande aan bande probeer lê; al was dit nie direk teen die Jode gerig nie. Oor hierdie wet, wat deur dr. Malan as minister van Binne-landse Sake deurgevoer is, het Malan nog in dieselfde jaar aan Louw geskryf dat Smuts en sy ondersteuners tydens die bespreking daarvan in die Raad weereens getoon het dat hulle nie Suid-Afrika se belange op die hart dra nie, en vervolg:²²⁷

"Party-voordeel sal dit ons nie bring nie en vir die res van my dalk sal ek vir die Kinders Israels wees soos die Kananiet en die Filistyn, maar daar is ten minste iets vir die volk gedoen waarvan sy lewe afhang en dis vir my heeltemal genoeg. Dis alleen jammer dat daar reeds soveel in ons land toegelaat geword is om handels-demoralisasie en uitbuiting 'n vreeslike en permanente werklikheid te maak."

226. Afgesien van die toesprake wat in die volksraad gelewer is word dié party se beleid duidelik uiteengesit in 'n artikeel van dr. Verwoerd in die eerste uitgawe van sy koerant, onder die opskrif "Die Joodse Vraagstuk besien vanuit die Nasionale Standpunt". Kyk Die Transvaler, 1.10.1937.

227. E.H. Louw-vers., band 2: OFM/EHL, 10.6.1930.

Sedert die middel-dertigerjare en vanweë gebeure in Duitsland het Joodse immigrante veral vanuit sentraal-Europa sterk druk op die Unie se doeanekantore uitgeoefen en was dit baie duidelik dat die Kwotawet nie meer in die behoefte voldoen het nie. Van-
daar gevolglik dr. Malan se Vreemdelingswetsontwerp in 1937, en
vandaar ook, twee jaar later, Eric Louw se "Jode-wetsontwerp",
soos dit in die algemeen bekend gestaan het. Voortaan sou dit
Eric Louw wees wat by die "Kindere Israels" as die "Kananiet en
Filistyn" of, in die destyds moderne en gewilde idioom, as Nazi
en fascis, bekend sou staan.

Louw se siening van die Jode-vraagstuk (met dié van kommunisme
onlosmaaklik daaraan verbonde), moet verder beskou word teen die
agtergrond van die destyds heersende omstandighede waaronder die
Afrikaner hom bevind het. Sy diplomatieke ervarings, veral
tydens die laaste aantal jare van sy dienstermyn, moet ook wel
deeglik in ag geneem word.

By die Afrikaner, en dan veral die Nasionale Afrikaner, het daar
in die vroeë dertigerjare 'n diepe besef bestaan van die geweldige
agterstand wat hy in die ekonomiese sektor en veral in die handel-
en nywerheidswêreld ingeneem het. Die onvermydelike trek van die
platteland na die stede het hierdie agterstand nog verder onder-
streep, sodat daar daadwerklike aandag gegee moes word aan die
opheffing van die Afrikaner om hom van armlankedom en verdringing
deur 'n Nie-Blanke arbeidsmag te vrywaar. In hierdie opheffings-
proses sou daar dikwels gestuit word teen Engelssprekendes en
later ook teen Jode wat lank reeds op ekonomiese gebied ingegrawe
was en daár die hef in die hand gehad het. Die Afrikaner het nou
'n regmatige plek en aandeel in die ekonomiese sektor begin na-

streef,²²⁸ soos hy dit sinds 1912 op politieke terrein gedoen het.

Soos dit die geval op konstitusionele gebied was, moes die Afrikaner in hierdie stryd om sy regmatige aandeel te verkry, al hoe meer inpalm, noodgedwonge ten koste van diegene in wie se hand daardie gedeelte van sy "regmatige" deel verkeer het. Soos op staatkundig-politieke gebied, sou wrywing ook hier nie uitbly, veral waar daar so 'n noue verband tussen ekonomiese mag en politieke seggenskap was. Boonop was daar by andersdenkendes nie juis trek vir die politieke ideale van die Afrikaner nie, terwyl diesulkes self ook in mindere of meerdere mate besiel was met 'n eie eenheidsgevoel wat nie altyd en onder alle omstandighede plek vir die Afrikaner ingeruim het nie. Voeg hierby nog die onvermydelike historiese, kulturele en godsdienstige verskille, en dit is duidelik dat al die elemente vir 'n belangebotsing hier aanwesig was.

Daar moet verder in gedagte gehou word dat die Joodse vraagstuk sterk op die voorgrond getree het op die tydstip toe daar so 'n ongeëwenaarde oplewing in Afrikanernasionalisme was, naamlik tydens die Voortrekkereëufeesvieringe gedurende 1938. "Liefde tot sy Volk" en "Liefde vir wat jou eie is", was weskroepe wat 'n sentrale plek in die politieke beskouing van die Nasionale Afrikanerpartij innem.

228. Vgl. bv. ds. Wm. Nicol se woorde in dié verband, in sy voorsittersrede by die Ekonomiese Volkskongres wat in Oktober 1939 te Bloemfontein gehou is. Kyk E.P. du Pless: (sames.).: 'n Volk Staen Op - Die ekonomiese Volkskongres en Daarna, p. 98.

kaner van destyds bekleë en hom tot optrede gemotiveer het.²²⁹
 Soos dr. Malan dit in die debat in 1939 gestel het: om toe te sien dat "die brood van die kinderkins" hulle toekom.²³⁰ Ook vir Eric Louw het dit in die eerste plek gegaan om "die belange van ons eie mense in ons land".²³¹ Of soos hy dit op sy vergadering in Januarie 1939 in die Strand gestel het: "Ons hier in Suid-Afrika begin al 'n bietjie moeg word oor die ewige geskreue van fascisme. Ons wil ons eie Suid-Afrikaanse belange beskerm."²³² Opmerklik is sy verwysing na "Suid-Afrikaanse" en nie bloot net Afrikanerbelange nie, wat duidelik aantoon dat by Louw dit tog nie bloot net om die Afrikaner gegaan het nie; dit ook, ja-wel en in die eerste plek, maar nie ten koste van die "Engelssprekende Afrikaner" ('n term waarvoor hy, in skynbare navolging van genl. Hertzog, groot aanvoeling gehad het) nie.

Louw se politieke sowel as sy diplomatieke skolingsperiodes moet ook in berekening gebring word wanneer sy optrede in hierdie vraagstukke ontleed word. So kan daar teruggegryp word na sy "winke-liers"-dae op Beaufort-Wes, toe hy so diep onder die indruk gekom het van die minderwaardige plek wat die Afrikaner in die handel bekleë het.²³³ Sy diplomatieke loopbaan het hom vir twaalf jaar

229. Hierdie uitdrukkings verskyn o.a. in die eerste uitgawe van Die Transvaler (1.10.1937), eg. om "Die Dryfkrag van die Nasionalis" te motiveer (p. 17) en lg. as verduideliking van hul beleid teenoor die Engelssprekendes (deur C.A. Swart, op p. 23: "Nie HAAT teenoor Engelse maar slegs LIEFDE vir wat jou eie is").

30. Kyk p. 449.

31. Kyk p. 441 asook p.452.

32. Kyk Die Burger, 10.1.1939.

33. Kyk p. 87.

weggevoer van sy land en sy mense, twaalf jaar waarin die ekonomiese nood van die Afrikaner skrikwekkende afmetings begin aanneem het. Deur korrespondensie met sy politieke vriende en ook vanweë sy wyd-belesenheid het dié dinge egter nie ongesiens by Louw verby gegaan nie, terwyl hy natuurlik aan die ander kant 'n posisie geplaas is om vraagstukke soos dié ten opsigte van die Jode en die kommuniste van naderby te beskou. By sy terugkoms hy dus met gesag hieroor kon praat, én waarsku.

Waarom dan, en vanwaar, al die opspraak, die beskuldigings en die etikettering?

Eensyds was Louw en die Nasionale Afrikaner se strewe om aan Afrikaner sy "regmatige" plek in veral die ekonomie maar daardie ook op die lange duur in die politiek en regering van sy land te gee, onversoenbaar met Morris Kentridge en sy vriende se siening dat die ware toets vir burgerskap in 'n werklike begeerte tot die lewering en nie in 'n etniese verhouding geleë was nie. Dat die onderliggend ook spore was van vrees vir Afrikaneroorheersing, deur middel van Afrikaner-blokvorming, spreek duidelik uit die woorde van die politici en die pers wat hulle nie met die strewe van die Afrikaner-Nasionalis kon of wou vereenselwig nie.²³⁴ In die laaste instansie kan nie weggeredeneer word nie dat die toespraak, berigging en kommentaar 'n beeld van Eric Louw en die Nasionale Party geskep is wat nie altyd en in alle opsigte aan die waarheid getrou was nie.

Die beeld wat daar by sy politieke teenstaanders van Louw in die besonder geskep is, is 'n baie interessante aspek van die verwi

234. Vgl. Die Suiderster, 30.6.1939: hoofartikel, asook toespraak van regeringslede in die betrokke debatte in die volksraad.

kelinge rondom die Joodse vraagstuk. Terwyl hy van Nasionale kant groot lof vir sy optrede toegeswaai is, is daar vanuit die geledere van die andersdenkende pers 'n veldtog van verdagmaking en aftakeling teen hom gevoer wat nie maklik oortref sou word nie. Afgesien van die konnotasies met Duitse Nazisme en alles wat dit ingehou het, het hierdie veldtog ook nog gepaard gegaan met pogings om 'n wig tussen Louw en sy leier, dr. Malan, in te dryf. Nie alleen is daarop gehamer - ten spyte van Louw en Malan se ontkenning tot die teendeel - dat Louw in hierdie aangeleentheid eintlik teen die wense van sy leier in opgetree het nie, maar daar is kort-kort bewerings gemaak as dat Louw self na leierskap in die party sou streef.²³⁵ Hierdie beweringe sou nie hier en met die Joodse vraagstuk eindig nie.

35. In realistiese spotprente is Louw gereeld afgebeeld as mede-beleidsmaker. Vir 'n aantal spotprente verteenwoordigend uit verskillende koerante, kyk The Forum, vol. 44-51 (Jan.- Maart 1939) e.v.

OOR VOLKSEENHEID EN NEUTRALITEIT

Ten spyte van groot prestasies, soos veral die maatreëls met betrekking tot Naturellegrondgebied en verteenwoordiging van Swartes, wat in 1936 deur die parlement geloods is, die algemene verbetering van maatskaplike en ekonomiese toestande en die verdere ontplooiing van die land se onafhanklike status,¹ het dit gaandeweg geblyk dat die eertydse politieke vyande wat in 1933-34 hul kragte saamgesnoer het, inderdaad nie die strydbyle diep begrawe het nie. Een na die ander wrywingspunt het ontstaan, wat ten nouste in verband gestaan het met die merkwaardige oplewing van Afrikaner-nasionalisme, ten opsigte waarvan die "gesuiwerde" Nasionaliste as die ware kampvegters geposeer het - en dit ook inderdaad was. Hieronder tel veral probleme met betrekking tot die volkslied en vlag, waar dit maar weer die ou teenstelling met die Britse volkslied en vlag was wat gemoedere laat ontvlam het, en die herdoping van verdedigingshoofkwartier Robertshoogte na

-
1. Krüger: *The Making of a Nation*, pp. 167-185; B.J. Liebenberg: *Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961* (C.F.J. Muller (red.): *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, pp. 376-378). Onder die statusmaatreëls het getel die aanvaarding van die Status-wette in 1934, waardeur wetlike status gegee is aan die situasie soos dit konstitusioneel in die praktyk ontwikkel het, die Abdikasie Wet en die Kroningseed Wet in 1937 en die aanstelling van die eerste Suid-Afrikaanse burger, in die persoon van sir Patrick Duncan, as goewerneur-generaal van die Unie.

Voortrekkerhoogte.² Die hooggeroemde samewerking tussen Engelssprekende en Afrikaanssprekende is hierdeur onder geweldige druk geplaas.

Terwyl die Nasionaliste onophoudelik op hierdie verskille in die Verenigde Party gehamer en sodoende 'n wig in die geleedere van daardie enigszins kunsmatige party probeer indryf het, het daar egter ook onvermydelik vervreemding ontstaan tussen hulle en die eertydse Nasionale seksie wat hulle in die Verenigde Party bevind het. Harde woorde en bittere verwyte is oor en weer geslinger, so asof dié twee groepe se paaië onherroeplik uiteengegaan het. Vir die Nasionalis het "gesuiwerde" 'n ere-titel, "smelter" 'n skeldnaam geword. Van die ander kant weer is minagtend na die klompie heethoofdige Nasionaliste verwys as "Malaniete" en "Gesuiwerdes". Die oor-en-weer beskuldigings en aftakeling van eertydse bondgenote in die stryd om die Nasionale Party aan bewind te kry het by tye net onsmaklik geword.³

Dit was die situasie toe Eric Louw hom weer in 1937 in die maalstroom van die Suid-Afrikaanse politiek gewerp het.

2. Krüger: *The Making of a Nation*, pp. 188, 192-193. In die dagboek van sir Patrick Duncan, wat in 1937 as eerste Suid-Afrikaner in die pos van goewerneur-generaal aangestel is, word meer van dié spanninge vertel. Kyk Patrick Duncan-vers., band 66. Kyk ook Blackwell: *Farewell to Parliament*, pp. 5-11, 19-32, 39-42 en Hancock: *Smuts II*, pp. 287-298.

3. J.H. le Roux: *Die "Gesuiwerde" Nasionale Party, 1934-1940* (M.A.-verhandeling).

Een van Louw se eerste gewaarwordinge ten opsigte van die politieke situasie was dié van spyt omdat baie van sy ou vriende in sy afwesigheid die party verlaat het. Op die eerste aantal byeenkomste wat hy toegesprek het, het hy baie klem laat val op die noodsaaklikheid om weer eenheid in die geledere van die Afrikaner te verkry. Hy het graag daarop gewys dat hy die gebeure rondom koalisie en samesmelting "van buite af" beskou het en dus in staat was om 'n objektiewe oordeel te vel.⁴

Die verenigde front wat Louw nagestreef het, was veral nodig met die oog op groot maatskaplike en ekonomiese hervorminge.⁵ Op 'n geesdriftige Afrikanerdagbyeenkoms te Beaufort-Wes op 12 November 1937 het hy hom uitsluitlik tot die Afrikaanssprekendes gerig, die aandag op die dreigende armlankedom gevestig en die nouste samewerking tussen kerk, staat en Afrikaner-instellings bepleit. Ook moes die Afrikaner-arbeider van die stede in sosiale sentra of klubs verenig word. Soos voor sy toetrede tot die diplomatieke diens, het hy steeds geywer vir groter deelname aan en belangstelling in die handel deur die Afrikaner. In die aangesig van die toestroming van Jode het hy sy pleidooi van die twintigerjare herhaal dat die Afrikaners mekaar in die handel moet ondersteun.⁶

4. Kyk hoofstuk 9, pp. 354-355.

5. Die Burger, 29.9.1937: toespraak te Fraserburg.

6. Die Burger, 16.11.1937.

Vanuit die staanspoor 'n opponent van koalisie en samesmelting,⁷ het Louw herhaaldelik gewys op die onnatuurlike verdeling wat daardeur teweeggebring is, soos blyk uit die uiteenlopende en botsende standpunte wat binne die Verenigde Party vaardig was. Oud-Nasionaliste het sins insiens tweede viol gespeel in 'n party wat oorheers is deur 'n sogenaamde liberalistiese seksie, asook Unioniste en kapitaliste.⁸ Op heel taktiese wyse het hy dit aan 'n jeugdige gehoor op Stellenbosch voorgehou dat baie oud-Nasionaliste vatbaar was vir oortuiging, dog nie durf praat nie uit vrees dat die Verenigde Party dan uitmekaar sou spat.⁹

Eric Louw het egter nie bloot net gepleit vir eksklusiewe Afrikanereenheid, soos dikwels deur sy opponente en die op-ponerende pers beweer is nie; ook het hy nie antagonisties gestaan teenoor alle Engelssprekendes nie, soos 'n berig oor sy optrede te Harrismith op 10 Maart 1938 wou voorgee. Volgens dié berig sou hy gesê het dat alle "Britte" in hul harte imperialiste was en eerder by die Dominion Party as by die Verenigde Party tuishoort.¹⁰

7. Kyk hoofstuk 9, p. 337.

8. Die Burger, 28.3.1938 (te Caledon); 30.3.1938 (te Paarl); Die Volksblad, 7.3.1938 (te Springfontein).

9. Die Burger, 6.4.1938; Cape Times, 5.4.1938. B.J. Vorster was voorsitter van dié studentevergadering.

10. Die Burger, 11.3.1938: berig afkomstig van Reuter in die kolom "Laat Berigte".

Op 25 Maart het Louw te Villiersdorp verdere aandag aan dié kwessie gegee en gesê dat Engelssprekendes wat ware Afrikaners is, in die Nasionale Party verwelkom sou word. Na 'n rassestry van 130 jaar, kon eenheid nie verkry word deur bloot net saam te smelt of deur die ondertekening van 'n dokument nie; nee, dit kon slegs geskied op die gesonde basis van wedersydse agting vir mekaar se gevoel, taal en tradisies. Ongelukkig was daar, volgens sy waarneming, nouliks sprake van só 'n gesindheid.¹¹ Die volgende aand, te Caledon, pleit hy dat Engelsprekende en Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners hul regmatige plek in die sake- en beroepswêreld moet inneem, as teenvoeter teen Joodse indringing. Hy het sy uitnodiging herhaal: "The English-speaking South African who respects our language has become a true South African and is welcome in the party."¹²

Die oënskynlik teenstrydige leerstellings omtrent die plek van die Engelssprekendes in Suid-Afrika het nie onopgemerk verby gegaan nie. Louw, "whose diplomatic experience has taught him neither consistency nor tact", is deur die Cape Times voor stok gekry omdat hy op sy jongste aantal vergaderings Engelssprekendes wat ware Afrikaners is, in die party verwelkom het, dog op Harrismith het hy dan gesê dat alle Britte in hul harte imperialiste is. Die koerant het voorsien dat Louw dalk hare sou kloof oor die woord "Britte", dog die

11. Die Burger, 28.3.1938.

12. Die Burger, 28.3.1938; Cape Times, 28.3.1938. In die berig word na Louw en A.J. Werth, wat saam met hom opgetree het, verwys as "two of the 'big guns' of the Nationalist Party".

gewone betekenis daarvan dui op Engelssprekendes; in 'n land soos Suid-Afrika sou hy sy woorde goed moes weeg, is Louw tereggewys. En aan dr. Malan is die advies gegee dat hy 'n ogie moes hou oor Louw, wat met sy dubbelpraterij besig was om die bietjie verantwoordelikeidsbesef wat sy party nog besit, te ruïneer.¹³

Dit was toe ook soos die Cape Times voorsien het. Louw, wat steeds sy koerante baie getrou en gereeld gelees het, het sommer die volgende aand op 'n groot vergadering in die Paarl op die beskuldiging gereageer en daarop gewys dat hy slegs na die "jingo"-element onder die Engelse verwys het.¹⁴ In 'n brief aan die koerant¹⁵ het hy die misverstand aan foutiewe berig-gewing toegeskryf en verduidelik dat hy op al sy vergaderings oor samewerking gepraat en die noodsaaklikheid van politieke samewerking bepleit het. In hierdie verband, sê hy, het hy verwys na

"the thousands of English-speaking South Africans who feel as we do in regard to the Union's main problems, and who have a feeling of genuine respect for the sentiments, traditions and language of their Afrikaans-speaking fellow-citizens. There are, however," I added, "the old Unionists who, though members of the United Party, are at heart in sympathy with the principles of the Dominion Party, where they belong."

13. Cape Times, 29.3.1938: hoofartikel. Naas Louw, is ook A.J. Werth by dr. Malan "gerapporteer" en wel oor uitlatings van hom oor wolverkope en Jode wat die handel met Duitsland benadeel.

14. Cape Times, 30.3.1938. Die Burger, 29.3.1938, se verslag meld niks van hierdie dispuut nie.

15. Cape Times, 30.3.1938.

Die Cape Times het Louw se uitleg verwelkom en daarop gewys dat Die Burger se verslag as bron vir die meningsuiting gedien het. Nogtans het die vraag gebly: wie is Louw dan om die motiewe en sentimente van die sogenaamde "old Unionists" te kan peil?¹⁶

Met die lug enigszins gesuiwer, het Louw sy veldtog vir samewerking met "regdenkende" Engelssprekendes voortgesit.¹⁷ Op Queenstown, voor 'n oorwegend Engelssprekende gehoor, het hy hierdie siening beklemtoon en by implikasie die Verenigde Party sy bestaansreg ontsê, deur te beweer dat lede van dié party ôf by die Dominium Party ôf by die Nasionale Party tuishoort.¹⁸ In die 1938-verkiesingsveldtog en daarna het Louw, net soos sy leier en ander Nasionale voormanne, by herhaling gewys op die verdeeldheid binne die geledere van die Verenigde Party.¹⁹ Met die toneelwisseling vanaf die politieke platform na die volksraad het daar ook 'n effense insinking gekom in hierdie strewe na samewerking. Dit was nou man teen man, met al die ou herinneringe van bitterheid en slegsêery tydens die vorige parlementstermyn en by tye ook in die 1938-verkiesing.

In die debat oor die volksliedkwessie het Louw die beskuldiging dat die Nasionale die verhoudinge tussen die twee taalgroepe wou vertroebel, verwerp en aangetoon dat hulle ook

16. Cape Times, 30.3.1938: voetnoot by Louw se brief.

17. Die Burger, 6.4.1938: voor studentevergadering te Stellenbosch.

18. Die Burger, 21.4.1938.

19. Die Burger, 10.5.1938: te Beaufort-Wes.

samewerking soek; die enigste basis vir sodanige samewerking was egter steeds 'n onverdeelde lojaliteit jeens Suid-Afrika. Verwysende veral na 'n bitter toespraak van Leslie Blackwell,²⁰ het Louw gemeen dat dié lojaliteit alteveel afwesig was by Engelssprekende vriende en dat daar inderdaad te veel verdeelde lojaliteite by hulle was.²¹

In die Marico-tussenverkiesing het Louw nog eens vir eenheid onder Afrikaners gepleit, dog nie ten koste van beginsels nie. Die volgende dag is hy op Zeerust van 'n vragmotor afgeruk en hardhandig deur politieke teenstanders - grotendeels Afrikaanssprekendes - behandel.²² Na aanleiding hiervan is sy entoesiasme vir samewerking ongetwyfeld ietwat gedemp. Toe daar boonop in hierdie tyd oor 'n taamlike wye front voelers uitgesteek is vir die verkryging van veral Afrikanereenheid, het Louw onrustig begin raak: word daar nie dalk nou politieke misbruik gemaak van die opwekking van die volksgevoel nie? Afrikanereenheid, ja; maar nie ten koste van beginsels nie ...

Met die Voortrekkereëufeesvieringe aan die einde van 1938 het die strewe na Afrikanereenheid weer nuwe momentum gekry. Vroeg in Desember het Hertzog en Malan ooreengekom om, met die oog

20. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 357 e.v.

21. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 692-694.

22. Die Burger, 12.10.1938; Cape Times, 12.10.1938. Kyk ook Cape Times, 7.11.1938 en Die Burger, 8.11.1938, vir Louw se kommentaar oor dié gebeure op 'n vergadering te Beaufort-Wes. Hierdie voorval is ook in hoofstuk 10, p. 421 e.v. bespreek.

op die herdenking van die grootse gebeure in die volksgeskiedenis, 'n politieke wapenstilstand te sluit.²³ Vir 'n kort rukkie was daar rus en vrede op politieke gebied.

In sy Nuwejaarsboodskap het dr. Malan die noodsaaklikheid van Afrikanereenheid hoog aangeslaan, daar dit "die ontsaglike moontlikheid van die oplossing van ons grootste volksprobleme en die bereiking van ons hoogste volksideale" binne trefafstar sou bring. Maar hoe noodsaaklik samewerking en eenheid ook al is, het dr. Malan bygevoeg, moes hy terselfdertyd ook daarteen waarsku "dat enigemand op die ossewa sal klim vir sy eie persoonlike voordeel of met die doel om die sweep in die hande te kry ten einde die wa sy bestemming te laat bereik." Hy het ook gemaak teen die stigting van nuwe partye en teen "uitoorlof politiek" in die nastrewing van "die gesonde en blywende rekonstruksie van ons verenigde Afrikanerdom."²⁴

Ook dr. Albert Hertzog, seun van die generaal, het in hierdie tyd namens 'n groep leidende persoonlikhede met 'n eie basis vir samewerking na vore getree, waarvolgens 'n ernstige beroep "op die volk as geheel en op die politieke leiers in die besonder" gedoen is om samewerking te bewerkstellig. As noodsaaklike

23. Die Vaderland, 7.12.1938; Die Transvaler, 8.12.1938.
Dr. E.G. Jansen, voorsitter van die Eeufeeskomitee, het as tussenganger opgetree. Die Transvaler, 8 en 9.11.1938, het maar bra skepties gestaan teenoor hierdie aangeleentheid.

24. Die Burger, 29.12.1939.

voorwaarde is gestel dat dit nie ten koste van Afrikanereenheid moes geskied nie.²⁵ Daar was ook 'n tweede vereiste, wat deur dr. Hertzog-hulle veronderstel is maar, volgens Die Burger, onderstreep behoort te word, naamlik "dat daar inderdaad eenheid van strewe, van ideale en beginsels moet wees." Soos Eric Louw tevore, het die blad opnuut gewaarsku teen "die gevaar van ongeduld en oorhaasting ... groot dinge word nie halsoorkop tot stand gebring nie, maar vereis geduld en staatsmanswysheid. Daar moet met die grootste omsigtigheid en stap vir stap opgetree word." Dr. Hertzog se voorstel het, volgens die blad, aan hierdie vereiste voldoen.²⁶ Vir Die Transvaler was dié formule "die enigste werklike grondslag waarop die Afrikanervolk sy heil kon bereik."²⁷

Dr. Malan het onmiddellik na publikasie daarvan, die Albert Hertzog-formule heelhartig aanvaar "as 'n getroue vertolking en toepassing van die ideale en beginsels van die Voortrekkers en van die innerlike oortuiging van die Afrikanervolk soos die Eeufeesvierings dit openbaar het."²⁸ Hy sou egter nie met die Verenigde Party as sodanig oor eenheid onderhandel nie, daar hy teen die stigting van 'n nuwe party was. Inteendeel het hy diegene wat nie in die Verenigde Party tuis gevoel het

25. Die Transvaler, 20.1.1939; Die Burger, 20.1.1939; Rand Daily Mail, 21.1.1939.

26. Die Burger, 23.1.1939: hoofartikel.

27. Die Transvaler, 23.1.1939: hoofartikel.

28. Die Burger, 21.1.1939; Die Transvaler, 21.1.1939.

nie, genooi om by die Nasionale Party aan te sluit of om as groep met die Nasionaliste saam te werk. Hy het dit ook skaamteloos gestel dat die Verenigde Party nie alleen die reg het om te skeur nie, maar ook die plig daartoe, om so-doende die Afrikanerdom te red. Hy het tog bygevoeg dat die Nasionale Party nie net die tuiste van Afrikaanssprekendes is nie, maar van almal wat nasionaal voel en nasionaal wil optree.²⁹

Tussen Eric Louw en partyleier dr. Malan was daar groot eenstemmigheid oor hoedanig samewerking en eenheid verkry moes word. Tydens die groot vergadering in die Strand pas na Nuwejaarsdag 1939 het Louw verwys na verskillende pogings wat in die jongste tyd aangewend is om samewerking te kry. Aansluitende by dr. Malan se waarskuwing dat niemand die wa mag bestyg om die sweep in die hande te kry nie, het hy die basis vir eenheid weer onomwonde gestel: "ons verwelkom toenadering alleen op die grondslag van gesonde nasionalisme. Wat betref die beginsels van die Nasionale Party, is daar geen plek vir kompromis nie." Hy het genl. Hertzog dit ten laste gelê dat hy van die Nasionale pad afgedwaal het en nou in die geselskap van imperialiste soos Leslie Blackwell en Abe Bailey verkeer. En hy het duidelik laat blyk dat hy in die voortbestaan van die Nasionale Party glo: "Laat ons by hernuwing trou sweer aan die beginsels van die Nasionale Party en opnuut besluit om koers te hou op die pad van suiwer en gesuiwerde

29. Die Burger, 25.1.1939: te Porterville.

nasionalisme."³⁰

Die Albert Hertzog-formule is gevolglik ook heelhartig deur hom onderskryf,³¹ met klemlegging op die basis vir samewerking met Engelssprekendes: eers moes die eie volk bymekaar gebring word voordat met Engelssprekende Suid-Afrikaners saamgewerk kon word. Sy waarskuwing aan Nasionaliste in 'n tyd van moontlike "politieke verwikkelings" het by herhaling en onomwonde laat blyk in watter lig hy en sy kollegas samewerking beskou het:³²

"Nuwe pogings sal aangewend word om ons te verdeel, om agterdog te saai en om 'n atmosfeer van onsekerheid te skep. Daar sal gepraat word van nuwe partye en van klein wysigings van beginsels. Ons aangaande is daar geen verandering aan te bring in die naam of in die beginsels van die Nasionale Party nie."

So heelhartig as wat die Nasionaliste hulle agter die Albert Hertzog-basis geskaar het, net so onomwonde het genl. Hertzog dit verwerp. Volgens hom het sy seun se basis ingehou "dat die Afrikaanssprekende deel van die Afrikanerdom die enigste deel van die Suid-Afrikaanse Bevolking sal wees wat sal geld as volk en dat die Engelssprekende deel van die Afrikanerdom

30. Die Burger, 10.1.1939.

31. Die Transvaler, 27.1.1939: te Heilbron.

32. Die Burger, 31.1.1939: te Beaufort-Wes. Vgl. ook hoofartikel. Kyk ook Die Kourier, 1.2.1939. Louw het die "dorpsmense" op Vrydag 27 en die boere op Saterdag 28 Januarie toegesprek. Hy het o.a. ook te Sutherland (Die Burger, 23.1.1939) en te Fraserburgweg (Die Burger, 21.1.1939) verslagvergaderings toegesprek.

nie sal geld as deel van die Afrikanervolk nie ... slegs as
n ondergeskikte minderwaardige iets sal beskou word ..."³³

In 1912 het Hertzog sy beroemde "Suid-Afrika Eerste"-slagspreuk
aangevul met die opvatting dat die Afrikaner baas moes wees in
Suid-Afrika; onder Afrikaner het hy verstaan die Hollands-
spreekende en die Engelssprekende Afrikaners. Sy terminologie
het nie inslag gevind nie en "Afrikaner" en "Afrikanerdom" sou
algaande slegs op die Afrikaanssprekende deel van die bevolking
slaan. Die Albert Hertzog-basis maak melding van "samenwerking
met ander bevolkingsgroepe, wat dieselfde strewe huldig", maar
 lê die hoofklem op die aparte bestaan en voortbestaan van die
Afrikaanssprekende Afrikanerdom - iets wat wel ook in die 1912
siening van die ouere Hertzog ingebou is. Die groot verskil
het hierin gelê dat genl. Hertzog skynbaar die stryd om die
opheffing en gelykberegtiging van die Afrikaanssprekende as
afgehandel beskou het, terwyl dié stryd vir die Nasionaliste
nog geensins iets van die verlede was nie. Die Afrikanervolk
het nog n stryd te stry gehad, en die begeerte na hereniging
was dus, in die woorde van Die Transvaler, "alleen n strewe
na gelykheid en vryheid van enige onderdrukking."³⁵

33. Die Transvaler, 30.1.1939.

34. Kyk o.a. A.E.G. Trollip: The First Phase of Hertzogism
(M.A.-verhandeling), pp. 58-75.

35. Die Transvaler, 30.11.1939: hoofartikel. Op 10 Februarie
het adv. J.G. Strydom te Bethal gesê dat hy met volkseen-
heid net die eenheid van die "Boerenasie" bedoel. Kyk
Die Transvaler, 11.2.1939.

Afgesien van die Albert Hertzog-basis vir volkseenheid, was die vernaamste ander voorstel tot reoriëntasie in hierdie tyd afkomstig van prof. A.C. Cilliers, van Stellenbosch. Vroeg in 1939 het hy 'n pamflet getiteld "Quo Vadis?" die lig laat sien, waarin die eenheidstrewe van naderby beskou en 'n oplossing aan die hand gedoen is, naamlik die ontbinding van die twee groot partye en aansluiting by 'n nuwe, Afrikaner party.³⁶

Cilliers is sterk deur prof. E.C. Pienaar van dieselfde universiteit ondersteun³⁷ en op 22 Februarie is op hulle inisiatief 'n Versoeningskomitee onder Stellenbosch dosente in die lewe geroep.³⁸ Volgens eie aanspraak het hulle ook steun gehad op die kampusse van Bloemfontein, Potchefstroom en Pretoria, en was hulle doel om eers Afrikanervolkseenheid en daarna 'n eenheidsfront bestaande uit Afrikaans- en Engels-sprekendes wat in belang van Suid-Afrika wou saamwerk, te bewerkstellig. Hoewel hulle huiwerig was om die weg tot "beter en meer doeltreffende samesnoering van ons nasionale kragte" aan te dui, is die hoop tog uitgespreek dat 'n nuwe politieke oriëntering verkry sou kon word. Hierdie laasgenoemde implikasie was vir die Nasionaliste net eenvoudig ondenkbaar.

36. A.C. Cilliers: Quo Vadis?, pp. 3 en 20.

37. Die Burger, 23.1.1939. In 'n latere pamflet het Cilliers vertel dat hy en Pienaar eers 'n uur lank met die redakteur van die Burger moes redekawl voor dat dié brief gepubliseer is. Kyk A.C. Cilliers: Die Stryd om Volkseenheid, p. 36.

38. Die Burger, 3.3.1939.

Op 'n vergadering van die Junior Nasionaliste van Kaapstad op 14 April het Louw baie aandag aan die eenheidsbeweging vanuit Stellenbosch gegee.³⁹ Net soos die dosente, het ook hy die noodsaaklikheid van eenheid beseef, dog hy het hulle metodes verwerp omdat dit noodwendig 'n kompromis en die prysgee van "heilige beginsels" soos die onafhanklikheidsideaal ingehou het. Die kompromis-basis was steeds en sal altyd onbevredigend bly, was sy standpunt, verwysende na die kwessies rondom die volkslied en die vernoeming van Robertshoogte na Voortrekkerhoogte, asook die regering se segregasiebeleid. Sy geloof in die Nasionale Party was onwrikbaar: anders as dié wat hereniging wou hê, "het ons wat die hand op die pols van die volk het, geen rede om pessimisties te wees oor die toekoms van die Nasionale Party nie." En hy het ewe groot vertroue in die jeug gestel: "Jong Suid-Afrika sal nie duld dat die Nasionale Party se bestaan beëindig word om plek te maak vir 'n nuwe party wat noodwendig gebaseer moet wees op 'n kompromis nie", het hy onder luide toejuiging van die jong Nasionaliste gesê.

Dat hy die Stellenboschse voorstel as in 'n mate aanmatigend beskou het, blyk uit 'n opmerking dat die Nasionale stryd nie gestaak moes word nie, selfs nie eens om onderhandelinge aan te knoop nie. En ook uit sy volgende woorde: "Ons kan ook nie buite rekening gelaat word wanneer daar sprake van re-oriëntering is nie." Hy en sy party was wel bereid om raad aan te neem, dog daar was vir hom 'n duidelike onderskeid

39. Die Burger, 15.4.1939.

tussen raadgewing en voorstelle wat die einde van die Nasionale Party en die stigting van 'n nuwe party sou meebring.

Louw het ook prof. Pienaar voor stok gekry oor sy uitlating dat die volk onder 'n "chroniese partykompleks" gebuk gaan.⁴⁰ Omdat dit klaarblyklik op die Nasionalistes geslaan het, het Louw die herinneringe verfris oor dié party se prestasies: die beskerming en erkenning van Afrikaans, die vordering met betrekking tot status ("onbeduidend, maar darem vooruitgang"), die mate van erkenning van die volkslied en die vlag ("nie die vlag wat dit moet wees nie, maar darem 'n vlag"), die wakkerskud van die volk ten opsigte van die regering se kleurbeleid en die Joodse vraagstuk.⁴¹

In die tussenverkiesingstryd in Pretoria-Stad vroeg in Maart het Louw, wat sy toespraak in Engels gehou het, lank by die verdeeldheid in die geledere van die Verenigde Party stilgestaan en onder andere verwys na "die oud-Nasionalistes wat genl. Hertzog blindelings volg en nog altyd dink dat hy en mnr. Pirow op die een of ander manier die Engelssprekendes gaan uitoorlê."⁴² Hy het hom ook weer "erg onvriendelik" oor die Stellenbosch-beweging uitgelaat.⁴³

40. Prof. Pienaar het dié opmerkings op 1 April op 'n herdenkingsbyeenkoms vir die Eeufees en die herdenking van die koms van die Hugenote te Bellville gemaak. Kyk Die Burger, 3.4.1939.

41. Die Burger, 15.4.1939.

42. Die Burger, 7.3.1939.

43. Die Vaderland, 7.3.1939: hoofartikel.

Die Nasionale Party het volhardend versoening probeer bewerkstellig, dog steeds op hulle wyse en onder hulle voorwaardes. Op 18 Maart het dr. Malan op 'n gesellige Nasionale Party-"piekniek"⁴⁴ op die plaas Lanserac naby Stellenbosch 'n kragtige wekroep gedoen "om bymekaar te kry wat deur innerlike oortuiging bymekaar hoort." Hy het die verskillende voorstel vir eenwording behandel en daarop gewys dat die twee basisse van Albert Hertzog en die professor noue ooreenkoms toon, dog dat laasgenoemde 'n nuwe party en 'n wysiging van die republikeinse ideaal impliseer. "Stel u volk bo u party", het hy dié weg aangewys, maar haastig en onomwonde getoon dat dié oproep nie op die Nasionale van toepassing was nie; die Nasionale Party moes bly voortbestaan en daar moes nie van beginsels afgewyk word nie. Die republikeinse ideaal van die Afrikaner hoef nie 'n struikelblok in die weg van samewerking te wees nie, soos die Pakt-eksperiment in die twintigerjare bewys het.⁴⁵

Eric Louw het by dieselfde geleentheid en voor dr. Malan se hoofrede in 'n kort toesprake daarop gewys dat hereniging net deur "natuurlike oortuiging" teweeggebring kon word, maar met die veronderstelling dat die Nasionale Party nie op sy padjie afdraai nie. Op Caledon het dr. N.J. van der Merwe en mnr. J.J. Serfontein op 'n soortgelyke funksie dieselfde sieninge

44. Dié geselligheid is gekenmerk deur Voortrekkeruitrustingsang, toesprake en musiek, met die Stellenboschse Boereorkester prominent.

45. Die Burger, 20.3.1939.

verkondig.⁴⁶

Soos genl. Hertzog, wat volgehou het om die verdeeldheid sedert samesmelting aan persoonlike motiewe by Nasionale leiers toe te skryf,⁴⁷ het die Verenigde Party se Afrikaans-talige pers die Nasionale se afwyking van die Cilliers-basis skerp gekritiseer. Die Vaderland het dit as "politieke geveinsdheid" bestempel: eers toe Pirow op 4 Maart sy steun daaraan toegesê het, het hulle dit begin kritiseer.⁴⁸ Die Suiderstem weer het Malan daarvan beskuldig dat hy besig was om 'n Afrikanerblok te vorm⁴⁹ en het sy oproep te Porterville as "n uitnodiging tot ewigdurende politieke bedrog en party-verraad" bestempel.⁵⁰

Hierdie kritiek het nie steek gehou nie. Dr. Malan het immers al op 24 Januarie te Porterville uitdruklik gesê dat hy teen die stigting van 'n nuwe party gekant was, terwyl Louw dieselfde standpunt ingeneem het op sy vergaderings in die Strand en te Beaufort-Wes aan die begin en teen die einde van Januarie onderskeidelik.

Vanweë hierdie basiese verskil dat van die Afrikaner-leiers in die Verenigde Party skynbaar die Quo Vadis-basis vir samewerking sou verwelkom, waardeur 'n nuwe politieke oriëntering

46. Die Burger, 20.3.1939.

47. Vgl. sy antwoord aan dr. A. Hertzog, in Die Transvaler, 30.1.1939.

48. Die Vaderland, 7.3.1939: hoofartikel.

49. Die Suiderstem, 20.3.1939: hoofartikel.

50. Die Suiderstem, 20.3.1939: hoofartikel.

veronderstel is, en dat die Nasionaliste daarenteen geensins wou afsien van die identiteit van hul party nie, het die herenigingspogings dus vroeg in 1939 al op 'n dooiepunt afge-
stuur. Hoewel dit geensins tot hegte eenheid binne die Verenigde Party gelei het nie, het die Nasionaliste se her-
haalde verwysings na Unionistiese oorheersing, na oud-Nasio-
naliste wat tweede viool in die Verenigde Party speel of wat genl. Hertzog blindelings volg, seer sekerlik nie juis die kanse op hereniging verbeter nie. Dit was darem te veel gev
van Hertzog en sy mense om na die "Gesuiwerde" Nasionale Par-
terug te "kruip". Hertzog was kennelik ook nie daartoe bere-
nie, vandaar die verwerping van sy seun se voorstelle. 'n
Prikkel van buite sou dié skaakmat-posisie ingrypend verande

① Telesing

Nie hoe hoog die Unie se status nie, maar wel hoe groot sy
vryheid: dit was van vroeg af reeds die uitgangspunt vanwaa
Nasionaliste die kwessie van Suid-Afrika se verhouding tot
Brittanje en die Britse Ryk benader het.⁵¹ Met die wrange
ervaring van Suid-Afrika se deelname aan die Eerste Wêreld-
oorlog as rigshoer en die praktiese vergestaltung van die
teoretiese opvatting van algehele selfstandigheid as mikpunt
was dit vir die "Gesuiwerde" Nasionale Party 'n sine qua non
dat Suid-Afrika in 'n toekomstige oorlog neutraal sou bly
indien die Unie nie direk daarby betrokke raak nie. Teen di
helfte van 1938 het oorlogswolke vinnig en dreigend in Europ
begin saampak en het die vraagstuk van Suid-Afrika se houdin

51. Kyk hoofstuk 4, p. 115 e.v.

in 'n toekomstige oorlog al hoe dringender op die voorgrond
begin tree.

2) Nasionale Party
Die Nasionale Party met sy verklaarde beleid van neutraliteit
het gaandeweg al hoe meer druk op die regering uitgeoefen om
standpunt in te neem, wat die reeds gespanne verhoudinge in
die Verenigde Party tot die uiterste sou beproef. Vir die
Nasionaliste was hierdie kwessie 'n belangrike beleidspunt
waarmee hy, deur 'n wig in die geledere van die Verenigde Party
in te dryf, Afrikanerstemme na dié party wou kanaliseer.⁵²

Reeds met die gespanne internasionale toestande in die lente
van 1938 het die Nasionaliste by monde van veral dr. N.J. van
der Merwe, dr. Malan, A.J. Werth en Eric Louw aangedring op 'n
neutraliteitsverklaring van die regering. By Malan⁵³ en Van
der Merwe⁵⁴ was daar onrus vanweë die standpunte wat deur
sekere ministers en veral deur Smuts oor dié kwessie ingeneem
is, terwyl Werth teen 'n herhaling van 1914 gewaarsku het.⁵⁵
Hoewel hy steeds sterk vir neutraliteit geywer het, het Louw
ook sy bedenkinge gehad en uitdruklik gesê dat Smuts sou toe-
sien dat Suid-Afrika in 'n volgende Europese oorlog betrek

52. V.G. Hiemstra: Die Gesuiwerde Jare (J.P. Scannell
(samest.): Keeromstraat 30, p. 173).

53. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 1111-1113.

54. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 964-966.

55. Debatte van die Volksraad, vol. 32 (1938): kol. 1169.

word.⁵⁶ Met Hertzog se semi-neutraliteitstandpunt ten opsigte van die moeilikhede tussen Duitsland en Tsjeggieslowakye is die gevaar tydelik afgewend en op 30 September 1938 is 'n "ewige vrede" tussen Engeland en Duitsland te München gesluit.⁵⁷ In Nasionale kringe is dié grootse poging om wêreldvrede te handhaaf verwelkom,⁵⁸ dog dit was spoedig duidelik dat dit maar 'n skynvrede was.⁵⁹ In Desember 1938 het minister Pirow voorspel dat die breekpunt in die aanstaande lente sou kom.⁶⁰

In November 1938, met die groot uniale kongres van die Nasionale Party te Bloemfontein, het dr. Malan in sy openingsrede ondubbelsinnig 'n neutraliteitsbeleid vir Suid-Afrika geformuleer. Na hom het Eric Louw oor die kwessie van neutraliteitsreg gepraat en gewys op die groot verskille onder politici en juriste oor hierdie kwessie. Verwysende na die verskynsel dat die Britse Ryk in baie kringe steeds as 'n diplomatieke eenheid beskou word, het hy gesê dat daar doelbewus na statusverandering gestreef behoort te word. In 'n nuwe grondwet moet 'n neutraliteitstandpunt bo alle twyfel gewaarborg word.

56. Byvoorbeeld te Stellenbosch (Die Burger, 5.9.1938) en op 7 September in die Volksraad.

57. Die Burger, 1.10.1938. Kyk ook Hancock: Smuts II, p. 285 en Krüger: The Making of a Nation, p. 194.

58. Die Burger, 1.10.1938 en 3.10.1938: verklarings deur dr. Malan.

59. Die Burger, 13.10.1938.

60. Die Burger, 6.12.1938.

Aan Smuts en Hertzog, wat Suid-Afrika se standpunt onderhewig maak aan lidmaatskap van die Volkebond, het hy 'n kort maar kragtige boodskap gehad, gegrond op eie ervaring en waarneming: "Die prestige van die Volkebond is na die maan ... het geword die speelbal van die Europese diplomatie."⁶¹ Sy skeptisisme oor die wêreldliggaam is op die kongres gedeel deur mnr. J.S. Smit, die eertydse hoëkommissaris in Londen.⁶²

Toe Hitler Praag in Maart 1939 binneval, het die kommer onder Nasionaliste toegeneem en is alhoemeer druk op die regering uitgeoefen. In 1914 het die oorlog soos 'n dief in die nag gekom - wat is nou die eerste minister se uitgangspunt en strewe in sy buitelandse beleid? Waarom word die volk hieromtrent in die duister gehou?⁶³

Die gespanne internasionale toestand het feitlik breekpunt bereik. Die eerste minister, genl. Hertzog, het Suid-Afrika van hierdie verwickelinge gedistansieer: tot tyd en wyl Suid-Afrika se belange bedreig word, sou die Unie afsydig bly, was sy spesiale boodskap aan die volk in 'n verklaring wat hy in die parlement gedoen het.⁶⁴

61. Die Burger, 10.11.1938.

62. Cape Times, 10.11.1938.

63. Die Burger, 17.3.1939: hoofartikel.

64. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 2271.
Kyk ook Die Burger, 24.3.1939.

Aan Opposisiekant het Eric Louw op Hertzog se verklaring gereageer, sy party se neutraliteitsbeleid herbevestig en weer vir Hertzog en Smuts teen mekaar afgespeel deur daarop te wys dat Smuts van die standpunt uitgeen dat Suid-Afrika bedreig word bloot net wanneer Engeland aangeval word.⁶⁵ Minister Pirow het in dieselfde debat 'n belangrike verklaring oor die Unie se verdediging gedoen, met Eric Louw prominent as vraesteller.⁶⁶

Nasionale leiers het nou op vergadering na vergadering en van verhoog na verhoog af begin aandring op duidelike en ondubbelsinnige standpuntinname deur die regering. Met die kernboodskap dat die imperialistiese pad die werklike oorsaak was "van daardie bloedspore wat oor die Afrikaner se tragiese geskiedenis deur Afrikaners self getrap is", en dat Suid-Afrika vrede en nie 'n herhaling van 1914 wil hê nie, het die provinsiale leiers van die Nasionale Party in Mei 1939 'n beroep op die volk gedoen om deur middel van protesvergaderings en petisies langs konstitusionele weg hulle gevoelens onder die regering se aandag te bring.⁶⁷

65. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 2275 e.v.

66. Debatte van die Volksraad, vol. 33 (1939): kol. 2322, 2323, 2326 en 2328. Kyk ook Cape Times, 24.3.1939: "Notes in the House".

67. Die Burger, 13.5.1939. Die "bloedspoor"-verwysing was 'n inspeling op genl. Smuts, wat in 1922 in die volksraad moes aanhoor dat sy voetspore van bloed gedrup het. Dié beskuldiging is deur genl. Hertzog gemaak n.a.v. Smuts se hatering van die Randse Staking dié jaar. Kyk C. Marais: Die Nasionale Opposisie, 1921-1924, p. 86 e.v.

Hierdie beroep van die Nasionale Party-leiers is deur minister Fourie, leier van die Verenigde Party in Kaapland, as 'n "kunsmatige skepping van 'n oorlogsmentaliteit", bestempel. Hy het die "roekelose wyse waarop 'n Opposisie 'n gevaarlike wapen hanteer vir partydoeleindes", skerp gekritiseer.⁶⁸ Van Verenigde Party-kant weer is talle vergaderings georganiseer om teen die "verdraaide" voorstellings van die "Gesuiwerde" Party protes aan te teken.⁶⁹

Protesbesluite dwarsoor die land was voortaan aan die orde van die dag, en een na die ander het dit na die kantoor van die Eerste Minister gestroom.⁷⁰ Op 7 Junie het dr. Malan op 'n groot vergadering te Malmesbury herhaal dat Suid-Afrika weer soos in 1914 voor 'n keuse te staan gebring word. Hy het gewaarsku dat Engeland se toenadering tot Rusland die wesentlike gevaar van kommunisme meebring, wat vir Suid-Afrika die uitwissing van die kleurgrens sou beteken.⁷¹

Eric Louw was baie prominent in hierdie veldtog om die regering tot 'n neutraliteitsverklaring te beweeg. Reeds teen middel-April het hy op die vergadering van Junior Nasionaliste van

68. Die Burger, 15.5.1939.

69. Die Suiderstem, 1.7.1939 en 8.7.1939.

70. J.B.M. Hertzog-vers., band 34.

71. Die Burger, 27.6.1939. Smuts self wou ook nie graag met Rusland betrokke raak nie, maar het gehoop dat 'n ooreenkoms tussen Rusland en Engeland die magsewewig sou bewaar. Kyk Hancock: Smuts II, p. 311-312.

Kaapstad die vrees uitgespreek dat Suid-Afrika in 'n buitelandse oorlog "geslinger" sou word, soos sake op daardie oomblik gestaan en soos die Verenigde Party daar uitgesien het.⁷² En op Burgersdorp (28 April),⁷³ Ceres (6 Mei),⁷⁴ Robertson (20 Mei),⁷⁵ Riversdal (27 Mei)⁷⁶ en Parow (vroeg in Junie)⁷⁷ was dit telkens maar weer die internasionale situasie wat, saam met die Joodse vraagstuk en in 'n mate ook die Kleurvraagstuk, met groot effek deur hom aangeroei is. Toe die regering in dié tyd skielik troepe na Suidwes gestuur en tot registrasie van reserviste oorgegaan het, was dit vir Louw die teken dat Suid-Afrika wel ingesleep sou word in 'n buitelandse oorlog.⁷⁸

Louw het ook sy eie mense in die saak geken en op 'n takvergadering vroeg in Julie is die neutraliteitsvraagstuk indringend bespreek. Namens sy tak het hy 'n beroep op Hertzog gedoen om die weg van neutraliteit te kies. Die heersende toestand van onrus in Europa het hy aan die gebrek aan wedsydse vertroue, die gebruik van verkeerde metodes en die opswepingspropaganda van die pers toegeskryf. Hy kon ook nie insien hoe gebeure in Pole enigsins Suid-Afrika of selfs

72. Die Burger, 15.4.1939.

73. Die Burger, 5.5.1939.

74. Die Burger, 8.5.1939.

75. Die Burger, 22.5.1939.

76. Die Burger, 29.5.1939.

77. Die Burger, 9.6.1939.

78. Die Burger, 29.5.1939: toespraak te Riversdal. Vgl. Piro General Hertzog, pp. 242-243.

Brittanje se belange raak nie, terwyl hy net so beslis was oor die Engels-Russiese onderhandelings: "Hulle wil 'n bondgenoot maak van die land wie se erkende beleid die verspreiding van die kommunisme in alle lande en daarna die stigting van 'n wêreldrevolusie is." Louw het verder beweer dat Hertzog se vae uitsprake en 'n "tipiese Smutsiaanse formule" soos "as Engeland aangeval word en in gevaar verkeer", aan die pro-oorlog groep alle aanmoediging gegee het om met hul opswepingspropaganda voort te gaan. In aansluiting by 'n opmerking wat hy reeds op 20 Mei te Robertson gemaak het, het Louw prontuit gesê dat die voorbeeld van Ierland gevolg moes word om Suid-Afrika se vryheid te verkry.⁷⁹

Reeds sedert sy toetrede tot die politiek in die vroeë twintigerjare het Eric Louw groot belangstelling in die Ierse Vryheidsstryd getoon.⁸⁰ Hierdie volgehoue meelewing met die Ierse Nasionaliste het uiteindelik gekulmineer in 'n goedberedeneerde lesing op 31 Julie 1939 voor die Afrikaanse Nasionale Studentebond te Stellenbosch.⁸¹

In dié lesing, wat in hoofsaak 'n historiese oorsig oor die Ierse stryd om die verkryging van volkome vryheid en onaf-

79. Die Burger, 5.7.1939. Kyk ook Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek: notule 4.7.1939.

80. Kyk hoofstuk 4, p. 120.

81. Die Burger, 1.8.1939; Die Transvaler, 1.8.1939. Dié toespraak is later in pamfletvorm gepubliseer, onder Louw se naam en met titel: Ierland toon die Weg aan. Konstitusionele Ontwikkeling sedert 1921.

hanklikheid was,⁸² het hy ook gewag gemaak van 'n lang en interessante gesprek wat hy in 1936 in Genève met Eamon de Valera gevoer het. By dié geleentheid het laasgenoemde opgemerk dat Ierland lankal 'n republiek sou gewees het indien dit, soos Suid-Afrika, 7 000 myl van Engeland verwyderd was. Hierc het Louw as volg gereageer: "Ja, meneer die President, en as Suid-Afrika 'n homogene bevolking had soos Ierland, dan was ons al lank gelede 'n republiek."⁸³

Die kern van Louw se boodskap by dié geleentheid het hierop neergekom:⁸⁴

"Die eeue-oue stryd van die Ierse volk teen vreemde oorheersing; sy strewe na selfbestuur, en later na volkome onafhanklikheid; die doelbewuste optrede van Eamon de Valera en sy volgelinge en die uiteindelijke oorwinning in 1937 - hierdie is 'n geskiedenis wat noodwendig 'n snaar moet roer in die hart van elke reggesinde en vryheidsliewende Afrikaner. Ook ons volk het gely onder vreemde oorheersing en ook hy het 'n lange en taaie stryd deurgemaak; ook by die Afrikaner was daar altyd, en is daar vandag nog, die drang en die sug na volkome vryheid - 'n drang wat sy uiting gevind het in die Volksliedere van beide die Transvaalse en die Vrystaatse Republieke."

82. Ter inleiding het Louw gesê dat hy hom sou probeer weerhou daarvan om die politieke terrein te betree, omdat dit nie by 'n A.N.S.-vergadering gepas is nie. Of hy daarin geslaag het, is te betwyfel. 'n Oordeel dienaangaande hang natuurlik saam met die betekenis wat aan die woord "politiek" geheg word.

83. E.H. Louw: Ierland toon die Weg aan, p. 13.

84. E.H. Louw: Ierland toon die Weg aan, p. 3.

"Geen wonder dat die Afrikaner nog altyd met groot belangstelling, maar ook met simpatie, gevolg het die gebeurtenisse en ontwikkeling wat in Ierland plaasgevind het, veral gedurende die afgelope 25 jaar. En geen wonder dat hy met 'n mate van begryplike en geoorloofde afguns, onlangs kennis geneem het van die feit dat Ierland sy einddoel nou feitlik bereik het, terwyl Suid-Afrika nog rondwaal en rondtas in 'n konstitusionele doolhof van teenstrydige interpretasies en van verwarde opvattinge."

Gedagtig aan die heersende situasie in Suid-Afrika, met die neutraliteitsvraagstuk so sterk op die voorgrond, het hy daarop gewys dat Ierland vryheid in die volste sin van die woord verkry het, "vryheid wat nie beperk is deur onsigbare bande nie, en wat nie onderhewig is aan die teenstrydige interpretasies van juriste en kabinets-ministers nie." Wat Ierland verkry het, het opoffering, lyding en moed van die volk en van sy leiers geverg:⁸⁵

"En onder die Ierse leiers was daar veral één wie se volharding en beginselvastheid die deurslag gegee het gedurende 'n tydperk toe sy volk onderling verdeeld was. Eamon de Valera het sy volk stap vir stap gelei op die pad wat uitgeloop het op volkome vryheid en onafhanklikheid. Nooit het hy afgedwaal op die sypaadjies van compromis en afwyking van beginsels nie. Hy het steeds die reguit pad gevolg.

"Die pad wat Ierland gevolg het lê vir Suid-Afrika ook oop. Ierland toon die weg aan."

Daar was egter nie juis 'n moontlikheid dat Suid-Afrika hierdie beproefde raad sou volg nie. Genl. Hertzog het vaagweg by sy verklaring van September 1938, tydens die München-krisis, bly

85. E.H. Louw: Ierland toon die Weg aan, p. 24.

staan en in elk geval volstaan by die stelling dat die posisi-
eers oorweeg sou word wanneer die Unie se belange en vryheid
bedreig word.⁸⁶ Daarenteen was genl. Smuts baie uitgesproke
daaroor dat van neutraliteit in 'n komende oorlog nie sprake
kon wees nie.⁸⁷ Vanuit dié oorde dus, sou daar nie op daardie
stadium aan die bestaande bande met Brittanje getorring word
nie.

Die Nasionaliste het al hoe ernstiger op 'n neutraliteitstand-
punt by die regering begin aandring. Die Hoofbestuur van die
Transvaalse Nasionale Party het gewaarsku teen die "imperia-
listiese neigings" van die regering⁸⁸ en op 21 Augustus het

86. Debatte van die Volksraad, vol 33 (1939): kol. 2229-2231.

87. Hancock: Smuts II, pp. 315-317. Hancock wys daarop dat
Smuts tussen 1 Oktober 1938 en 23 Augustus 1939 twintig
toesprake oor die internasionale situasie gemaak het,
waaruit hy baie duidelike blyke gegee het van die stand-
punt wat hy op 4 September 1939 ingeneem het. Daarmee
weerlê Hancock die bewering van Oswald Pirow (General
Hertzog, p. 242) dat Smuts deurentyd geswyg en vir Hertzog
onder die indruk laat kom het dat hy neutraliteit sou
steun. Inderdaad word Pirow se stelling ook weerspreek
deur die herhaalde verwysings van Nasionale politici,
waaronder Eric Louw, na die standpunte wat Smuts en ander
ministers ingeneem het en waaruit baie duidelik geblyk
het dat hulle nie ten gunste van neutraliteit was nie.
Kyk bv. Cape Times, 24.8.1939 en Die Burger, 24.8.1939,
vir sodanige uitsprake van Smuts en minister Clarkson
onderskeidelik.

88. Die Burger, 17.8.1939.

dr. Malan op Krugersdorp 'n beroep op die regering gedoen om die parlement te ontbind en 'n nuwe verkiesing uit te roep.⁸⁹

Ook Eric Louw het bly hamer op die noodsaaklikheid om 'n neutrale standpunt in te neem. 'n Oorlog in Europa sou slegs die gevolg wees van lapwerk by die Vrede van Versailles, het hy vroeg in Augustus op 'n groot Nasionale saamtrek in Johannesburg gesê. Engeland was slegs oor een ding bekommerd, naamlik die handhawing van die magsewewig in Europa, en dit was dus "belaglik" om te verwag dat die Unie Engeland hierin moes steun. Hy het ook die Jode hierby betrek: "In sy huigeltige houding word Engeland ondersteun deur die pers en die internasionale Jodedom wat daar op uit is om teen elke prys op Duitsland wraak te neem."⁹⁰

Louw het, met verwysing na die internasionale spanning, daarop gewys dat die verdeling in nasionale en onnasionale elemente in Suid-Afrika uit die tyd van die tweede Britse besetting van die Kaap in 1806 dateer. Dit was hierdie onnasionale elemente wat die aanstelling van Unie-gesante oorsee, die Statuut van Westminster en die verkryging van 'n eie vlag en volkslied in die verlede beveg het.

89. Die Burger, 22.8.1939.

90. Die Burger, Die Transvaler en Cape Times, 8.8.1939.

'n Sub-opskrif bo die berig van lg. koerant lui:

"Malanites' Enemies Listed".



MNR. ERIC LOUW, L.V. (terwyl hy portret van Dr. Goebbels admireer): „Ek het altyd gevoel dat ek soos daardie kêrel lyk!”

MR. ERIC LOUW, M.P. (admiring portrait of Dr. Goebbels): “I always had a sneaking feeling that I resembled that chap!”

(Independent, 15.2.1939).

Soos gewoonlik, is hy kwaai gekritiseer, veral waar hy in sy toespraak weer na die Joodse gevaar verwys het:

"That speech ought to have been delivered in Berlin, where it would have won sumultous applause as an expression of German aims. Dr. Goebbels might have written it, save for a few paragraphs of purely local interest."

Op Maandag 28 Augustus, terwyl die laaste sandjies in die uur-glas van Europese volksverhoudinge besig was om uit te loop, het Eric Louw nog eens sterk gepleit vir neutraliteit. "Die geknoei in verband met Danzig is nie een druppel Afrikanerbloed werd nie", sê hy nadat hy vir die soveelste keer op Smuts se definitiewe pro-oorlogse en Hertzog se weifelende houding dienaangaande gewys het:

"Ons leef in een van die kritiekste tydperke van die geskiedenis, en as daar ooit 'n tyd was dat die Afrikaners bymekaar moet staan om te verhoed dat Suid-Afrika in daardie Europese geknoei ingesleep word, is dit nou."

Hy het ook 'n beroep op oud-Nasionaliste gedoen om saam te staan en nie toe te laat dat daar weer geskeur word nie. Hy weet hoe geheg hulle aan hul leier is, maar "getrouheid aan 'n volk en 'n land is groter as getrouheid aan 'n persoon", het hy vermaan.⁹² Uit hierdie woorde en ook vroeëre uitlatings

91. Rand Daily Mail, 9.8.1939: hoofartikel. Die vergelyking met Goebbels kom ook voor in 'n spotprent in die blad Independent (15.2.1939, p. 18), terwyl die kommunist Solly Sachs ook op 'n vergadering dié vergelyking gemaak het. Kyk Louis Naude: Dr. A. Hertzog, die Nasionale Party en die Mynwerker, p. 89.

92. Die Volksblad, 30.8.1939: te Fauresmith. Kyk ook Die Transvaler, 31.8.1939, vir berig oor sy toespraak.

wil dit voorkom asof Louw hoop laat vaar het dat genl. Hertzog die "terugtog" na die Nasionale Party sou lei.

3. Oorlegssedert

Immiddels is reëlings getref vir 'n spesiale sitting van die parlement, met die uitsluitlike doel om die termyn van die senaat, wat op 5 Oktober sou verstryk, met die oog op die internasionale situasie te verleng. Teen die einde van die laaste week van Augustus het alle paaië van parlamentslede Kaap-toe gelei.

Die beklemming vanweë die internasionale situasie kon nie afgeskud word nie. Gespanne afwagting het in die gemoedere van die manne in die wandelgange en elders in en om die parlamentsgebou geheers. Buite het die lug grys en somber begin toetrek. Geen gelag of goedige geskerts, geen modevertoning van swierige gades en nuuskierige belangstellendes by hierdie sitting nie. Toe die koerantopskrifte Saterdagoggend in skreeuende letters aankondig dat Britse troepe Pole binnegeval het, was die Unie op die drumpel van 'n uur van waarheid soos selde tevore in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.⁹³

Om tienuur Saterdagoggend 2 September het die Goewerneur-generaal die spesiale parlamentsitting geopen. Op 'n vraag van dr. Malan en andere het Hertzog dit in die vooruitsig gestel dat hy wel, so gou doenlik, 'n verklaring sou maak om die

93. Dié beskrywing is gebaseer op berigte wat op 2 September 1939 in verskeie koerante verskyn het.

regering se standpunt te stel. Die res van die kort besprekings is aan die Senaatwet gewy, dog die kat was uit die mou: die parlement moes standpunt inneem oor die krisis wat oorsee besig was om tot 'n hoogtepunt op te werk.⁹⁴

Van Nasionale kant is daar nie geaarsel nie. Dr. Malan het dieselfde aand nog vir genl. Hertzog per brief laat weet dat hulle hom in 'n neutraliteitstandpunt sou ondersteun.⁹⁵ Toe Engeland en Frankryk op Sondag 3 September vir Duitsland die oorlog aansê, het die situasie ingrypend versleg. Wat sou Suid-Afrika doen? Bewus van die kabinetsvergadering wat dié agtermiddag by Groote Schuur gehou sou word, het die Nasionale leiers, wat by dr. Malan se huis in Seepunt byeen was, besluit om weer 'n brief ter ondersteuning aan genl. Hertzog te rig. Om Hertzog betyds voor die vergadering te bereik, het verskeie persone, waaronder Eric Louw, gehelp met die maak van 'n afskrif van die brief.

94. Naas Debatte van die Volksraad, is die verloop van die debat uitvoerig in koerante gerapporteer. Kyk ook D. Joubert: Oorlogsverklaring 1939 - Drama in die Volksraad (Brandpunte nr. 3).

95. Die optrede van dr. Malan en die Nasionalistes gedurende die volgende paar krisisdag is gegrond op die volgende: eerstens, 'n relaas van mnr. Paul Sauer, gerapporteer in Die Burger, 7.9.1939; in Die Burger, 4.9.1964 verskyn die herinneringe van mnr. Sauer en mnr. J.J. Serfontein van die gebeure vyf-en-twintig jaar tevore; en laastens, D.F. Malan: Afrikaner-volkseenheid en my Ervaring op die pad daarheen, pp. 174-179.

Sy hande op hierdie wyse gesterk deur sy eertydse bondgenote, kon Hertzog die krisis wat daardie middag in Groote Schuur ontstaan het, in die gesig staar: die kabinet was steeds hopeloos verdeeld oor welke koers om in te slaan. Moontlik het Hertzog geglo dat die Nasionaliste se steun hom deur die drif sou help.

Later dié Sondagmiddag het Malan op Hertzog se versoek 'n besoek aan Groote Schuur gebring en is daar ernstig oor die op-hande-synde krisis gesels. In Seepunt het dr. Malan se makkers ongeduldig op sy terugkeer gewag, om te hoor wat alles aan die gang was. Dié Sondag is daar bitter min geslaap. Ook elders in die andersins rustige ou Moederstad het parlementslede in kleiner of groter groepies byeengekom. In die Civil Service Club veral is koersagtig "koppe getel", terwyl politieke beriggewers van koerante elk op sy eie manier agter die kap van die byl probeer kom het.⁹⁶

"Die land wag angstig op die beloofde verklaring van die regering - dit oorskadu alles." Met dié woorde het dr. Malan op Maandagoggend 4 September die gevoelens van een en almal

96. Vir besonderhede vanuit genl. Hertzog se hoek besien, kyk C.M. van den Heever: *Generaal Hertzog*, pp. 697 - 706. *General Hertzog*, pp. 245-249. Mnr. Harry Lawrence, 'n medekabinetslid, se herinneringe aan dié epogmakende gebeure is opgeteken in die *Sunday Times*, 2.8.1964. Ander weergawes van dié gebeure is dié van joernaliste Vernon Barber (*Sunday Times*, 26.7.1964) en T.C. Robertson (*Dagbreek en Sondagnuus*, 6.9.1964). Die destydse politieke korrespondent van *Die Burger* gee ook 'n interessante nabetragting oor dié gebeure. Kyk E.A. Malga: *Die Dol Naweek van 1939* (J.P. Scannell (semest.): Keeromstraat 30, pp. 177-186).

binne maar ook buite die parlement raak opgesom.⁹⁷ Die Senaatwet is daarna sonder veel omhaal van woorde deurgeloods.

Toe staan generaal Hertzog op. Eers deel hy die Huis mee dat daar binne sy kabinet meningsverkille is oor die houding wat Suid-Afrika moet inneem. Inderdaad 'n onoorbrugbare verskil; die regering is verdeeld en sal verdeeld bly. Hy stel gevolglik voor dat Suid-Afrika 'n beleid van neutraliteit volg, met nakoming van bestaande verpligting en verhoudinge met Brittanje en ander Statebondslande.

Dit was ongetwyfeld met groot genoegdoening dat Eric Louw gehoor het hoe Hertzog in sy toespraak melding maak van "die gedrog van Versailles". En toe Hertzog daarop aanspraak maak dat hy "weet wat in die siel van Hitler omgaan, en in die siel van die hele Duitse volk", en hy sê dat hy weet wat dit is om "deur 'n toestand van vernedering en verkleinering en belediging gedryf te word" tot 'n punt waar dit nie verder kan nie,⁹⁸ moes Eric onwillekeurig instemmend aan Ierland en Eamon de Valera gedink het. Het hy die geleentheid gehad om te praat, sou hy ongetwyfeld daarna verwys het.

Genl. Smuts was dadelik na Hertzog op die been en het in 'n kragtige rede aangetoon dat dit fataal vir die belange van die Unie sou wees om Hertzog se voorstel te aanvaar. Suid-Afrika had 'n plig om te doen en dit sou boonop in almal se

97. Debatte van die Volksraad, vol. 36 (1939): kol. 16.

98. Vgl. in dié verband Trollip: The First Phase of Hertzogism, pp. 58-75.

belang wees om die bande met Duitsland te verbreek en defensie tot die stryd toe te tree.⁹⁹ Verskeie ander sprekers het hier na aan die debat deelgeneem, die meeste waarvan ter ondersteuning van Smuts gepraat het. Dr. Malan het sy en sy party se heelhartige steun aan die eerste minister beloof, terwyl die debat deur mnr. Harm Oost met 'n emosionele pleidooi ten gunste van neutraliteit afgesluit is.

Eric Louw se bydrae tot die beslissende debat was beperk tot enkele tussenwerpsels. Inderdaad het net dr. Malan van die kant van die Nasionale Party aan die bespreking deelgeneem, wat skynbaar opsigtelik vooraf so bepaal is. Onder normale omstandighede sou verwag kon word dat Louw, een van die "sterk manne" in Nasionale geleedere en in elk geval, naas Malan self, die vernaamste woordvoerder oor die neutraliteitsbeleid, aan veral só 'n debat sou deelneem. Hierdie modus operandi is waar skynlik gevolg om te verseker dat die belofde samewerking tussen Hertzog en Malan nie dalk deur een of ander kwetsende uitlating in gevaar gestel sou word nie, of om te verhoed dat persoonlike gevoelens opgewek word wat individuele neutraliteitsondersteuners dalk kon vervreem. Dat dit 'n wyse stap was, val nie te betwyfel nie. Selfs nie 'n kerner soos Eric Louw se deelname aan die debat sou op die lange duur 'n verskil gemaak het nie. Dit was grotendeels gevoel, en nie rede nie, wat by hierdie geleentheid die finale woord gesê het.

99. Smuts se mosie het veronderstel dat die regering nie troepe oorsee sou stuur nie, soos wel in die vorige oorlog gebeur het.

Daar is vervolgens tot stemming oorgegaan. Met die verdeling het Hertzog neffens Malan plaasgeneem, waarop hulle onderskeie volgelinge die voorbeeld gevolg het. Toe kom die skok-uitslag: Hertzog se voorstel word met 80 stemme teen 67 verwerp. Nadat die aanvanklike verdwaasdheid gewyk het, het die "Gesuiwerdes" om genl. Hertzog saangedrom en elk hom 'n handdruk gegee¹⁰⁰ - ook Eric Louw.¹⁰¹ Met Hertzog was dit omtrent soos in die geval van die verlore seun, uitgespoe deur die "imperialistiese", "kapitalistiese" en "Unionistiese" wêreld waarheen hy jare tevore weggedwaal het. Maar Hertzog het dit nie presies sê beskou nie; en, soos later sou blyk baie Nasionaliste ook nie.

Buite die parlamentsgebou het 'n toneel hom afgespeel wat die werklikheid van die gebeure daarbinne weer sterk tot die besef van Eric Louw en sy vergrote groep Nasionale vriende laat deurdring het. Terwyl hy en ds. C.W.M. du Toit sy-aan-sy met genl. Kemp die gebou verlaat het,¹⁰² het hulle oë geval op 'n groot groep jongmense wat uitbundig rondgestaan het terwyl uitroepe van "We want Smuts!" en die lustige sang van God Save the King en Rule Britannia die lug deurklief het. Teen-

100. Die Burger, 4.9.1964: herinneringe van P.O. Sauer en J.J. Serfontein.

101. Die Burger, 5.9.1939.

102. 'n Foto van dié drie, op die trappe van die parlamentsgebou, verskyn in Die Burger, 5.9.1939. Sou hulle dalk "vrede" gemaak het, na hulle betrokkenheid by die Marico-voorval 'n jaar tevore?

oor hulle, was daar 'n ander groep jongmense wagtende op Hertzog en sy vriende en singende Die Stem en Afrikaners Landgenote.¹⁰³ Selde, indien ooit tevore, het die kloof in die Suid-Afrikaanse politieke denkwysie oor die verhouding tot Brittanje en die Britse Ryk hom duideliker openbaar as wat hier die geval was. Dit geld ook die verwickelinge binne die parlamentsgebou, waar dit feitlik net Afrikaanssprekendes was wat vir neutraliteit gestem het teenoor 'n oorgrote meerderheid Engelssprekendes in die geledere van die voorstanders van Smuts se mosie.¹⁰⁴

Vir 'n wyle het emosies die oorhand gehad, was die belofte van herstelde Afrikanereenheid skynbaar besig om in vervulling te gaan. 'n Wanhopige eenheidsfront, ter elfder ure, tussen Malan en Hertzog en hul onderskeie volgelingen kon nie verhoed dat Suid-Afrika by die oorlog in Europa betrokke raak nie, dog emosioneel was die grootste deel van die Afrikaners pas na die oorlogsdebat saamgesnoer in 'n hegte eenheid. Wat goedbedoelde pogings vanuit verskillende oorde nie met pamflet, geskrif of toespraak kon regkry nie, is eensklaps deur 'n prikkel van buite teweeggebring. So wou dit aanvanklik voorkom.

103. Die Burger, 5.9.1939.

104. Ongeveer 'n kwart van Smuts se ondersteuners was Afrikaanssprekend, teenoor die feitlik honderd persent Afrikaanssprekende steun vir Hertzog. Op die oog af was slegs S.C. Quinlan onder 'n groep Engelssprekend. Dié ontleding is bloot net gebaseer op die verdelingslyste tydens die stemming.

Terwyl Londense koerante genl. Smuts as "die grootste imperialis van ons seu"¹⁰⁵ bewierook het, het die Nasionaliste nou net een doel voor oë gehad, naamlik 'n republiek, as enigste waarborg waaronder selfbeskikkingsreg verkry kon word.¹⁰⁶

Vir dr. H.F. Verwoerd, hoofredakteur van Die Transvaler, was die lug nou weer gesuiwer en was dit weer "Nasionalisme, of meer bepaald Republikenisme, en Imperialisme" wat in die politieke stryd lynreg teenoor mekaar stelling ingeneem het.¹⁰⁷

Selfs genl. Hertzog moes teenoor die Nasionaliste bieg dat "ons volksvryheid tot 'n nietigheid verlaag is."¹⁰⁸

Die teenstanders van die oorlogsbesluit het spontaan en landswyd protesstemme laat hoor,¹⁰⁹ terwyl 'n herenigingsplegtigheid inderhaas vir Saterdag 9 September te Monumentkoppie digby Pretoria belê is.¹¹⁰ Genl. Hertzog se treinrit vanaf Kaapstad na Pretoria het feitlik die karakter van 'n triomftog aangeneem. Die opwellende geesdrif vanweë die nuwe eensgesindheid onder die Afrikaners, wat tot 'n groot mate die feit van die neerlaag in die parlement verdoesel het, het sy hoogtepunt bereik toe

105. Die Vaderland, Die Transvaler, 6.9.1939.

106. Die Transvaler, 6.9.1939: verklaring van dr. Malan.

107. Die Transvaler, 6.9.1939: hoofartikel, deur dr. Verwoerd opgestel.

108. Die Transvaler, 8.9.1939: verklaring.

109. Kyk berigte hieroor in Die Transvaler, 6, 8, 9, 11-14 en 16 September 1939.

110. Dit is gereël deur die F.A.K. 'n Oproep in dié verband verskyn in Die Transvaler, 7.9.1939.

70 000 of meer mense¹¹¹ op die betrokke Saterdag hulde aan die twee leiers betoon en plegtig beloof het "dat ons mekaar se hand gryp op die Pad van Suid-Afrika om dit nooit weer los te laat nie."¹¹²

Nooit weer nie?

Terwyl die Nasionaliste, uitbundig in hul vreugde oor die morele oorwinning op 4 September, geen onduidelikheid gelaat het oor hul ideaal van Afrikanervolkseenheid en die verkryging van 'n republiek nie, was dit asof genl. Hertzog so tussen die lyne van sy verklarings deur 'n bietjie wou ram aandraai en wal gooi. Hy het gepraat van "vaderlandsliewende Afrikaners, Engels- sowel as Afrikaanssprekend" en van "die eensgesinde Afrikanerdom, Engels- en Afrikaanssprekend";¹¹³ die nuwe eenheid het ook vir hom verder gestrek as die Afrikaanssprekendes: "Die stemming in die Volksraad sê nog niks van die eenheid van hart wat Hollandsprekendes en Engelssprekendes in hulle harte voel nie. Dit is daar en sal toeneem totdat die hele Afrika-nerdom 'n eenheid sal wees."¹¹⁴ En, baie opsigtelik, vir die

111. Die Transvaler, 11.9.1939. 'n Blik op twee fotos van die byeenkoms, wat in Die Transvaler van 11 September verskyn het, toon dat 70 000 of selfs meer mense 'n realistiese skatting was.

112. Die Transvaler, 11.9.1939: volksverklaring deur Totius (prof. dr. J.D. du Toit).

113. Die Transvaler, 8.9.1939: verklaring.

114. Die Transvaler, 11.9.1939: toespraak te Monument-koppie.

geesdriftige skare vir wie die woord "republiek" towerwoord-betekenis verkry het, het Hertzog glad nie by Monumentkoppie daarvan melding gemaak nie.¹¹⁵

Ook Eric Louw was meegevoer deur die emosiebelaaide gebeure, hoewel hy skynbaar nie by Monumentkoppie teenwoordig was nie. Hy het egter op 'n reeks vergaderings in sy kiesafdeling teen Smuts se oorlogsbesluit ge protesteer en sy ondubbelsinnige ondersteuning aan Hertzog en Malan se neutraliteitsstandpunt gegee.¹¹⁶ Op 'n groot Nasionale saamtrek te Oudshoorn, as gas van kollega en studentemaat Stephan le Roux, het Louw op 21 Oktober gesê dat die weg tot Afrikanereenheid - "n kans soos ons nie weer sal kry nie" - gebaan was, dog dan moes dié eenwording op 'n gesonde nasionale basis geskied en gegrond wees op die tradisies en ideale van die Afrikaner. Die Britse konneksie se dae was syns insiens getel: die goewerneur-generaalskap moes weg, die eed van getrouheid afgeskaf en die naam van die koning uit die grondwet verwyder word.¹¹⁷

Die Kaaplandse kongres van die Nasionale Party, wat vroeg in November in die Paarl gehou is, het ook in die teken van die eenheidsdrang gestaan. Een van die besprekingspunte was die verkryging van eenheid op Nasionale grondslag, en om met

115. J.J.J. Scholtz: Drie maal by Monumentkoppie (J.P. Scannell (samest.): Keeromstraat 30, p. 219).

116. Kyk Die Burger, 16, 18, 23 en 25.9.1939: 3.10.1939.

117. Die Burger, 25.10.1939.

"dubbele ywer" na 'n republiek te streef. Louw het die voorstel dat die republikeinse doelstelling van die Nasionale Party opnuut bevestig en aktief gepropageer word, sterk ondersteun. Dit het syns insiens 'n saak van praktiese politiek geword om die skakels met die Britse Ryk te verbreek, omdat dit die enigste wyse was waarop die Unionistiese-Sap-seksie op hul plek gehou kon word. Met hulle "politieke oneerlikheid" was hulle gedurende die voorafgaande ses en 'n half jaar verantwoordelik vir "die onsmaklikste periode in ons politieke geskiedenis", het Louw gesê. Om "rassevrede" te verkry, was die verbreking van die bande met Brittanje 'n saak vir die onmiddellike toekoms, "in ons dag ... nie meer in die verre toekoms vir ons kinders nie, maar vir onself. Ons wat in hierdie saal sit, sal dit nog sien", het hy met stellige sekerheid verklaar.¹¹⁸

Om die gekoesterde eenheid in Afrikanergeleedere in die praktyk te bewerkstellig, was makliker gesê as gedoen. Hoe verder weg van Monumentkoppie beweeg is, hoe meer probleme het daar opgeduik. Soos die kwessie van leierskap en die republikeinse strewe. Hoewel Malan in die openbaar bereid was om vir Hertzog terug te staan, het dit spoedig duidelik geword dat nie almal binne die Nasionale Party daarmee geding sou wees nie. Boonop is die republikeinse strewe in die voorafgaande jare feitlik heeltemal deur die "Nasionale" vleuel van die Verenigde Party

118. Die Burger, 3.11.1939. Vgl. ook Die Burger, 2.12.1939, vir 'n toespraak van hom aan die einde van November te Somerset-Oos.

afgesweer.¹¹⁹ Reeds by Monumentkoppie het prof. J.C. van Rooy, wat die verrigtinge gelei het, gewaarsku dat die begeerde eenheid nie bloot net op "gevoelsopwelling" kon berus nie.¹²⁰ J.G. Strydom het dit ook vanuit die staanspoor duidelik gestel dat eenheid nie ten koste van beginsels verkry kon word nie, en die terme "Boerenasie", "Voortrekkerideale" en "Pad van Suid-Afrika" is gebruik om dié beginsels te identifiseer.¹²¹ Op die Transvaalse Nasionale Party-kongres teen die einde van September het dr. Malan hom ook ondubbelsinnig gestel op die standpunt van eenheid sonder die prysgawe van beginsels.¹²²

Hoewel Eric Louw van openbare verhoë af hereniging en samewerking tussen Afrikaners bepleit het, was daar tog agter die skerms by hom 'n ondertoon van kommer aanwesig. Volgens 'n brief van hom aan J.G. Strydom het sy entoesiasme vir eenwording ongeveer 'n week of so na 4 September al begin verflou en wel vanweë die "bewieroking" en "weghardlopery" met Hertzog

119. Van Schoor: Die Herlewing van die Republikeinse Ideaal (Van Jaarsveld en Scholtz (red.): Die Republiek van Suid-Afrika, pp. 141-184).

120. Die Transvaler, 11.9.1939.

121. Die Transvaler, 11.9.1939 (te Wolmaransstad); 15.9.1939 (te Brakpan); 18.9.1939 (te Nylstroom) en 21.9.1939 (te Rustenburg).

122. Die Transvaler, 27.9.1939.

en die "uitoorlêery" deur Pirow en andere.¹²³ n Te-versoener
houding het hom geensins aangestaan nie.

Weens die feit dat hy by n Nasionale dag op Sutherland in sy
kiesafdeling betrokke was, kon Louw nie die konferensie tussen
verteenwoordigers van die twee groepe op 23 November in Bloem-
fontein bywoon nie.¹²⁴ Dáár, op Bloemfontein, was die repub-
keins strewende tesame met die naam van die party waarin verenig-
sou word, die groot struikelblokke op die weg na eenwording.¹

-
123. J.G. Strydom-vers., band 51: EHL/JGS, 5.12.1939. Die
verwysing na Pirow e.a. slaan waarskynlik op die feit
dat Pirow, Havenga en Fourie, wat op 5 September as n
komitee van Hertzog-volgelingen met n Nasionale Party-
eweknie onderhandel het, laat blyk dat hulle ten
gunste van eenwording was en dat hulle met die oog
hierop net eers hul ondersteuners wou organiseer en
monster. Dit was spoedig duidelik dat hulle nog binne
die ou V.P.-verband wou voortbestaan, veral nadat die
Transvaalse V.P.-hoofbestuur hom agter Hertzog geskaar
het. Kyk Die Transvaler, 13.9.1939 (vir besluit van
V.P.-hoofbestuur) en Die Transvaler, 15.9.1939 (vir
verklaring van Strydom i.s. die veranderde houding van
die betrokke leiers). Op 20 September het Die Vaderland
berig dat n nuwe party moontlik gestig gaan word.
124. J.G. Strydom-vers., band 51: EHL/JGS, 5.12.1939.
Volgens n berig in Die Burger, 27.11.1939, het hy op
Maandag 25 November weer te Cradock opgetree.
125. Dit blyk o.a. baie duidelik uit die aantekeninge wat
F.C. Erasmus van dié konferensie gemaak het. Kyk
F.C. Erasmus-vers., band 1.c.1: notas van konferensie
te Pretoria, en C.R. Swart: "Verslag van Verrigtinge ...
23 November 1939."

Louw het saam met Strydom en Verwoerd die standpunt gehuldig dat aktief en doelbewus in die rigting van 'n republiek voortbeweeg moes word. Toe Havenga na afloop van die Pretoria-konferensie in 'n aantal toesprake standpunt teen 'n republiek en ten gunste van 'n party met 'n nuwe naam ingeneem het¹²⁶ en as kommentaar van Die Burger ontlok het dat 'n openbare bespreking van dié kwessies "voorbarig" was,¹²⁷ het Louw Die Burger se houding betreur en vir Strydom verseker dat hy sou voortgaan om sy sieninge te verkondig. Hy wou trouens selfs artikel 4 van die party se konstitusie sterker bewoord hê,¹²⁸ waardeur die jong mense na die party getrek sou word.¹²⁹

Waar die gebeure op 4 September enersyds die deure tot hegte samewerking tussen Afrikaanssprekendes geopen het, het dit andersyds die kloof tussen hierdie "verenigde Afrikanerdom" en daardie Afrikaners wat nog by Smuts gestaan het, verder vergroot.

126. Kyk Die Burger, 28 - 30.11.1939, vir verslae en kommentaar.

127. Die Burger, 28.11.1939: hoofartikel.

128. J.G. Strydom-vers., band 51: EHL/JGS, 5.12.1939.

129. Die betrokke artikel, wat in 1919 - 1920 in 'n sterk republikeins-gerigte klousule omskep is, is in 1927 gewysig sodat die einddoel van die party, nl. soewereine onafhanklikheid, nie noodwendig meer deur middel van 'n republiek verwesenlik hoef te word nie. Dié wysigings was in lyn met Hertzog se siening na die Balfour-verklaring van 1926. Kyk Van Schoor: Die Herlewing van die Republikeinse Ideaal, 1902 - 1961 (Van Jaarsveld en Scholtz (red.): Die Republiek van Suid-Afrika, pp. 164-165).

Eric Louw het hom met alle mag tot hierdie "loyal Dutch" of "papbroek-lamsak-Afrikaners" gewend:¹³⁰

"Daardie soort Afrikaanssprekende is ontrou aan sy eie land en aan sy eie volk, en ons moet hom in die toekoms behandel as 'n renegaat, want hy is niks anders nie ... Ons het hom in die verlede te sag behandel, en daarom het die Unioniste soveel sukses gehad met hul 'verdeel-en-heers' beleid."

By 'n ander geleentheid het hy dit nog sterker uitgedruk:¹³¹

"Laat daardie renegaat-Afrikaner nou maar die geselskap gaan soek van die jingo's, by wie hy inkruip en deur wie hy hom laat gebruik. Hy sal baie gou uitvind dat hulle sy politieke steun meer verwelkom as sy geselskap! Dit sal nie help om aan my te sê dat ek in liefde en vriendskap moet lewe met my naaste nie. Ek is nie bereid om in liefde en vriendskap te lewe met 'n Afrikaner-renegaat nie, en as ons almal so 'n houding inneem, sal daar minder lamsak-Afrikaners wees."

Hierdie skerp veroordeling van die "loyal Dutch" het vir Louw baie kritiek en groot onmin op die hals gehaal, veral vanuit die geleedere van die Engelse en Verenigde Party-gesinde pers.

130. Die term "loyal Dutch" kom dikwels in sy toesprake voor; die verwysing na "papbroek-lamsak-Afrikaners" is op die Kaapstadse N.P.-kongres gemaak. Kyk Die Burger, 3.11.19 Kyk ook hoofstuk 13, p. vir dissekering van dié groep Afrikaners deur Louw.

131. Te Merweville. Kyk Die Burger, 13.12.1939. Dis interessant om daarop te let dat daar vanuit Beaufort-Wes beswa by Smuts aangeteken is teen Louw se toespraak op dié dor net na die oorlogsbesluit. Die regering laat die Opposi te veel toe, was die gevoel, "and we had our hands full to keep our fellows from giving him what he deserved." Kyk Smuts Papers, band 221, nr. 33: J. Stroebel/Smuts, 14.9.1939.

Die Suiderstem veral was baie driftig. Dié blad het 'n verslag van sy Merweville-toespraak net so uit Die Burger oorge-
 neem "want enige welvoeglike mens sal daaruit self kan aflei
 hoe ver 'Gesuiwerde' eiweaan, haat, nyd en afguns hulle reeds
 gedryf het; hoe eie die Nazi-eksklusitiwiteitsleer hulle al
 geword het, hoe bekrompe, klein en afsigtelik valse politieke
 Nasionalisme kan word."¹³² Louw is bestempel as 'n "slagoffer
 van die Nazi-siekte"¹³³ en "Nazi in alle opsigte",¹³⁴ terwyl
 dit te verwelkom was dat "daardie kanker wat aan ons volk-
 siel vreet", kop uitgesteek het; nou kon daarmee afgereken
 word.¹³⁵ Ook Louis Esselen, Smuts se vertroueling en raad-
 gewer, het per brief kapsie gemaak teen Louw se uitlatinge
 en tot die konklusie gekom: "ons moet padgee om plek te maak
 vir die nuwe Suid-Afrikaanse Nazidom. Heil Eric Louw!"¹³⁶

Aan hierdie kritiek het Louw hom nie veel gesteur nie.
 Konsiliasie of toegewendheid was van oudsher af vir hom iets
 vreemds en 'n onding.

Toe daar egter vanuit eie geledere en nogal van die redakteur
 van Die Burger 'n stem van ontevredenheid oor sy uitlatinge
 opgegaan het, moes hy homself verdedig en verantwoord. Dr.
 Geyer, het naamlik Louw se voorgestelde sosiale boikot teen

132. Die Suiderstem, 14.13.1939: hoofartikel.

133. Die Suiderstem, 13.12.1939: hoofartikel.

134. Die Suiderstem, 14.12.1939: hoofartikel.

135. Die Suiderstem, 15.12.1939: hoofartikel.

136. Die Suiderstem, 22.12.1939. Kyk ook die uitgawes van
 22, 26 en 28.12.1939 en 22.1.1940, vir protesbriewe.

sekere Afrikaners as 'n "verreikende stap" bestempel, waarop Louw gereageer het deur dr. Malan aan te haal waar hy by twee voorafgaande geleenthede dieselfde standpunt ingeneem het. Hy het ook gemeld dat ander vooraenstaande Nasionaliste hom steun en was oortuig dat die oorgrote meerderheid moeg was vir die "mooipraat-en-paai"-beleid.¹³⁷

Louw het vir kollega Strydom verwittig van sy "onderonsie" met Geyer en ook gemeld dat J.J. Haywood en ds. C.W.M. du Toit skynbaar ook op 'n "dwaalspoor" was deur 'n te versoenende houding in te neem. Ook sou dr. Malan, wat aanvanklik in Hertzog se eerblikheid geglo het, voortaan versigtiger wees, het hy teenoor Strydom opgemerk. Hertzog se afsydige houding van die republikeinse strewe, gekoppel aan sy beïnvloeding deur Havanga, "wat 'n Sap is", het Louw niks aangestaan nie. Syns insiens sou die kanse op hereniging in die toekoms beter wees indien die Hertzog-groep liever intussen apart bly en saam veg: "Indien ons nou, sonder oortuiging, gaan herenig, dan is daar groot gevaar vir onenigheid en splitsing - en dan sal Smuts oes onder ons mense!"¹³⁸

137. J.G. Strydom-vers., band 51: EHL/ALG, 20.12.1939, aangeheg by EHL/JGS, 21.12.1939.

138. J.G. Strydom-vers., band 51: EHL/JGS, 21.12.1939. Dit blyk duidelik dat Louw dit gehad het teen die Afrikaners wat vir Smuts gevolg het, die sogenaamde "Loyal Dutch". Aan hulle was daar s.i. geen self te smeer nie.

Strydom was dit eens met Louw se opmerkings en het dit betreur dat Malan nie op sy waarskuwing, dat die organisasie van die Hertzogiete bloot net bedoel was om by die samesprekinge as party teen die Nasionale Party te staan te kom, ag geslaan het nie. Hy het Louw versoek om voor die eerste kookusvergadering van die aanstaande sitting met hom te kom gesels: "Daar is baie wat ek jou graag wil meedeel ..."¹³⁹

Vroeg in 1940 het die twee geesgenote, Strydom en Louw, hulle nog eens sterk oor die republikeinse strewe uitgelaat. Strydom het daarop gestaan dat daar geen verwatering van dié strewe moes wees nie,¹⁴⁰ terwyl Louw dit as die hoeksteen vir die beoogde eenheid beskou het. Hy het weer herhaal dat daar met die oog op 'n stewige fondament, liever 'n bietjie getalm moes word.¹⁴¹ In 'n hoofartikel in dieselfde uitgawe van Die Burger is gepleit dat die republikeinse doelstelling ondubbelsinnig as basis vir verdere onderhandelinge moes geld,¹⁴² waardeur Louw se vroeëre bedenkinge oor dié blad se houding as ietwat voorbarig en ongegrond bewys is.

139. J.G. Strydom-vers., band 51: JGS/EHL, 3.1.1940. Wat Strydom wel vir Louw te vertel gehad het, kon ongelukkig nie vasgestel word nie. Uit dié briewe blyk egter baie duidelik die wedersydse toegeneetheid van dié twee Nasionale leiers.

140. Die Burger, 9.1.1940.

141. Die Burger, 10.1.1940.

142. Die Burger, 10.1.1940: hoofartikel.

Ten spyte van die teenstand en bedenkinge van persone soos Strydom, Verwoerd en Louw, is die onderhandelinge tussen die Nasionale Party en die Hertzog-ondersteuners voortgesit. Op 29 Januarie 1940 is aangekondig dat 'n basis vir samewerking wel verkry is.¹⁴³ Wat die naam van die nuwe party aanbetref, is besluit op Herenigde Nasionale Party of Volksparty.¹⁴⁴ Ook ten opsigte van die republikeinse strewe is 'n kompromis-uitweg gevind: dit is wel as ideaal erken, dog daar sou nie teen andersvoelende lede gediskrimineer word nie. Met die oog op die oorgangstydperk totdat finale eenheid bereik kon word, is maatreëls neergelê waarvolgens kandidate vir volksraads- en provinsiale raadsverkiegings aangewys sou word.

Met die finale bespreking van die saak in die Nasionale konklus in Januarie 1940 het Eric Louw vir oulaas gegee om sekere standpunte van hom en Strydom, veral met betrekking tot setelverdeling, in die ooreenkomst opgeneem te kry, dog sonder sukses. Hoewel opsigtelik self baie teleurgesteld, het Louw vir Strydom gemaak om nie drasties op te tree nie: "Haastige optrede van jou kant kan miskien meer skade doen as goed. Neem liever 'n "wag en sien" houding in. Dit is veiliger. Ons moet maar

143. Die Burger, 29.1.1940: berig en verklaring van genl. Hertzog en dr. Malan. Kyk ook Roberts and Trollip: The South African Opposition, pp. 32-37.

144. Dr. Malan het die naam Nasionale Party voorgestel, met Herenigde Nasionale Party as alternatief. Die "of Volksparty" is op Hertzog se aandrang bygevoeg. Kyk J.B.M. Hertzog-vers., band 79: konsepstukke i.s. totstandkoming van H.N.P. of Volksparty.

later weer suiwerings aanbring."¹⁴⁵

Die vreugdebetoon wat op die aankondiging van samewerking gevolg het en die "vreugde-feeste" wat spoedig op talle plekke in die land gehou is,¹⁴⁶ was nie alte oortuigend nie. Vir Die Burger was die ooreenkoms 'n teken dat daar geen beginselverskille op die spel was nie,¹⁴⁷ terwyl Die Transvaler openlik erken het dat daar verskeie beginselsake was waaroor nog ooreengekom moes word.¹⁴⁸

Louw sou saam met mnr. Havenga só 'n vreugde-byeenkoms in die Paarl toespreek, dog uiteindelik kon nie een van die twee dit bywoon nie.¹⁴⁹ Vroeg in Maart was Louw wel saam met J.G. Strydom op die verhoog tydens feesvieringe in Pretoria. Strydom het weer hereniging op 'n hegte basis en die verbreking van die bande met Brittanje bepleit, terwyl Louw 'n hoë premie op die vrye onafhanklike status geplaas het. In die strewe na

145. J.G. Strydom-vers., band 51: EHL/JGS, s.d. Uit die brief blyk dit dat Strydom nie die kousbesprekings enduit kon bywoon nie.

146. Die eerste sodanige "fees" is deur parlamentslede in die parlementêre setsaal gehou, volgens berig in Die Burger, 30.1.1940. Vir berigte oor sodanige byeenkomste elders, kyk o.a. Die Burger, 7.2.1940 - 15.2.1940.

147. Die Burger, 30.1.1940.

148. Die Transvaler, 30.1.1940. Vgl. ook Die Suiderster, 29 en 30.1.1940, vir dié blad se skeptisisme oor die nuutverkreë eenheid in Nasionale gelede.

149. Die Burger, 15.2.1940.

politieke voordeel moes politieke beginsels nie versmoor nie, het hy gewaarsku en weer die "Gesuiwerde" Nasionale Party as model aan sy toehoorders voorgedou. Hy het nostalgies die hoo uitgespreek dat die "nuwe" party in dieselfde gees sou voortleef.¹⁵⁰

Die verskille in die geledere van die herenigdes was opsigtelik net tydelik toegesmeer. Louw en sy vriende het toegegee, dog nie sonder om hul sterk gevoelens duidelik te laat blyk nie. Aan die oppervlakte is 'n eenheidsfront vertoon, maar dié eenheid het geen vaste anker gehad nie. Die naamkwessie was wel uit die weg geruim, hoewel die lomp en omslagtige "Herenigde Nasionale Party of Volksparty" beswaarlik as 'n modelnaam beskryf kon word en in elk geval beslis nie vir Louw en sy vriende aangestaan het nie. Daar was egter nog steeds die onopgeloste vraagstuk van die republikeinse strewe, terwyl persoonlike gevoelens uit die voor-1939 tydperk ook geensins soos mis voor die son verdwyn het nie.

Die praktiese implimentering van die regering se oorlogsbeleid het intussen in toenemende mate die Nasionale Party se aandag in beslag geneem, veral na die Duitse invalle in Nederland, België en Luxemborg. In Julie 1940 het die republikeinse kwessie egter weer sterk na vore getree toe 'n aantal vurige republikeine 'n groot republikeinse demonstrasie te Bloemfontein

150. Die Burger, 4.3.1940. Op 13 April het Louw hierdie sienswyse van hom te Worcester herhaal. Kyk Die Burger, 15.4.1940.

belê het.¹⁵¹ Hertzog het hom hiervan gedistansieer en dit selfs veroordeel,¹⁵² terwyl ook dr. Malan bedenkinge oor die modus operandi en oor die tydstip waarop dit gehou is, gehad het.¹⁵³

Terwyl Eric Louw onophoudelik en gewoonlik onder "oorverdowende en langdurige applous" 'n republiek as plaasvervanger vir die Britse "konneksie aan sy toehoorders voorgehou het,¹⁵⁴ het Strydom indirek vir genl. Hertzog oor sy afsydige houding jeens dié aangeleentheid gestriem deur met nadruk te verklaar dat dit nie nou die tyd was om oor 'n republiek te swyg nie. Iemand wat nie met sy hele hart en siel 'n republikein is nie, het geen plek in die H.N.P. nie, het hy gesê.¹⁵⁵ Malan het die pas probeer markeer deur 'n groot volksvergadering in die vooruitsig te stel om oor stappe ter verwesenliking van die ideaal van 'n vrye en onafhanklike republiek te besin, dog by te voeg dat die tyd daarvoor nog nie ryp was nie maar op 'n verdere stadium in ontwikkeling van die oorlog gewag moes word.

151. Van Schoor: Die Herlewing van die Republikeinse Ideaal, 1902-1961 (Van Jaarsveld en Scholtz (red.): Die Republiek van Suid-Afrika, pp. 178-179). Kyk ook Harper Martins: Die Groot Republikeinse Volksbetoging van 1940 op Bloemfontein.

152. Die Burger, 17.7.1940.

153. Die Burger, 12.8.1940. Volgens hierdie verklaring, uitgereik na samesprekinge van die betrokke komitee met Malan, het lg. hom met die sentimente van die byeenkoms vereenselwig.

154. Te Beaufort-Wes (Die Burger, 19.7.1940), Wellington (Die Burger, 25.7.1940) en Merweville (Die Burger, 25.7.1940).

155. Die Burger, 18.7.1940: te Springs.

"As dit dan onbetwisbaar blyk dat daar binne die Britse Ryk geen veiligheid meer bestaan nie ...", kon daar, volgens hom, opgetree word.¹⁵⁶ Hierdie huiwerende houding het besluit nie in die kraam van manne soos Strydom, Verwoerd en Louw gepas nie.

Louw, wat in die hart van die winter 'n reeks vergaderings in Transvaal toegesprek het,¹⁵⁷ het intussen op aksie begin aandring: die program van beginsels en die aksieprogram van die party moes bepaal word, want die gesloer lei net tot onsekerheid en verwarring. Hy het 'n "beleefde versoek" tot die leiers gerig om tot daad oor te gaan.¹⁵⁸

Hierdie versoek kan moontlik in verband gebring word met die optrede van die "komitee van aksie" van die Bloemfonteinse protesvergadering, wat onder leiding van C.R. Swart met die hoofleiers en bestuursliggame van die twee groepe moes onderhandel en daarop aandring dat die H.N.P. "onmiddellik op die allere duidelikste en mees ondubbelsinnige wyse" namens die volk 'n republiek moes eis.¹⁵⁹

Malan het dadelik tot aksie oorgegaan en die weg aangetoon. Daar die republikeinse doelstelling "beslis en ondubbelsinnig" deur die H.N.P. aanvaar is, het hy hom van harte daarmee ver-

156. Die Burger, 26.7.1940.

157. Hy het vergaderings toegesprek te Wolmaransstad, Nelspruit, Braamfontein en Klerksdorp. Vir verslae, kyk Die Transvaler.

158. Die Transvaler, 29.7.1940: te Klerksdorp.

159. Die Burger, 12.8.1940: berig oor samesprekings tussen komitee en dr. Malan.

eenselwig en het hy geen beswaar daarteen dat "sodanige ooring en handeling op die regte en beste wyse nou sal geskied nie", dog hy het gevoel dat, veral onder die heersende toestande, die leiding van bo moes kom. Omdat die bestaande partymasjinerie nie vir daadwerklike en spoedige optrede geskik was nie, het hy aanbeveel dat 'n spesiale komitee aangewys word om in dié saak namens die party te handel.¹⁶⁰

Louw het sy insiklikheid met Malan se verklaring en sy voorgestelde optrede betoon en weer nadruklik verklaar: "Daar is geen plek in die Herenigde Nasionale Party vir iemand wat nie 'n oortuigde republikein is nie."¹⁶¹ Hy en Strydom het nie 'n geleentheid laat verbygaan om hul republikeinse ideaal te verkondig nie¹⁶² en daarmee onder andere die opmerking van Leslie Blackwell ontlok dat dié soort republiek 'n bloedbad in die land tot gevolg sou hê.¹⁶³

-
160. Die Burger, 12.8.1940. In sy opgetekende herinneringe gee dr. Malan egter 'n ander beeld van dié gebeure. Hy beweer foutiewelik dat die betrokkenes nie vir Hertzog in die saak geken het nie, en dat hy as gevolg daarvan hom nie met die saak wou vereenselwig nie. Hy noem ook die besluite wat daar geneem is, die "toppunt van onverstandigheid". Kyk Malan: Afrikanervolkseenheid en my Ervarings op die Pad Daarheen, pp. 192 - 193.
161. Die Burger, 15.8.1940: te Sutherland. Kyk oor vollediger verslag in Die Burger, 19.8.1940, asook hoofartikel.
162. Kyk Die Burger, 26.8.1940 (Louw te Clanwilliam), 31.8.1940 (Louw te Durbanville) en 19.8.1940 (Strydom te Linden).
163. Die Burger, 21.8.1940. Hy het verwys na die Linden-vergadering. Op Clanwilliam het Louw dié uitlating as uit-tarting van die Afrikaners bestempel. Kyk Die Burger, 26.8.1940.

Deur die volgehoue veldtog van veral persone soos Louw en Strydom ten gunste van 'n republiek, waaraan ook dr. Malan beg deelneem het,¹⁶⁴ is die skroef geleidelik al hoe stywer op genl. Hertzog aangedraai. Tog het die herenigde Nasionaliste in die parlamentsitting wat in die najaar gehou is, 'n sterk eenheidsfront openbaar en die regering onder voortdurende druk geplaas. Hertzog het in 'n sterkbewoorde mosie by die regering aangedring dat vrede gesluit moes word; Pirow het sterk teen Smuts en die "imperialiste" te velde getrek en sy republikein geloof bely, terwyl Havenga in 'n beheersde toespraak gewys he op die nadelige gevolge van oorlogsdeelname. Dr. Malan het s normale stewige bydrae tot die debat gelewer terwyl ook Eric Louw van hom laat hoor het:¹⁶⁵ "Daar is niemand in die Raad met beter effek die hele ongeurige poel van Britse huigelaars diplomاسie in die daglik kan stel as adv. Eric Louw nie", was Die Burger se kommentaar op Louw se deelname aan dié besprekinge.¹⁶⁶ Smuts het egter onbeweeglik gebly.¹⁶⁷

Terwyl die kloof tussen Afrikaans- en Engelssprekendes vanweë harde woorde wat gewissel is, "wyd en dreigend" gegaap het, was daar in Opposisiegeleedere skynbaar groot eensgesindheid: "Die republikeinse Afrikanerdom is op sy gemeenskaplike grond van verset teen die oorlog onbreekbaar verenig."¹⁶⁸ Die geesdrif

164. Die Burger, 26.7.1940 en 5.8.1940.

165. Vir die bydraes van genoemde persone tot die besprekinge in die volksraad, kyk Debatte van die Volksraad, vol. 40 (1940): kol. 77 - 87 en 402 - 411 (Hertzog); 102 - 109 (Pirow), Havenga (351 - 359), Malan (259 - 272) en Louw (378 - 388).

166. Die Burger, 2.9.1940: hoofartikel.

167. Debatte van die Volksraad, vol. 40 (1940): kol. 87 - 99. Kyk ook Die Burger, 30.8.1940: hoofartikel.

168. Die Burger, 16.9.1940: hoofartikel.

wat in hierdie tyd deur die Ossewa-Brandwag opgewek is, het dié solidariteitsgevoel verder verstewig.¹⁶⁹ Die vaandel waaronder dié Afrikaner-ontwaking sulke hoë vlugte geneem het, was die ideaal van 'n eie, vrye republiek.

Toe gebeur dit. Die drama op die Vrystaatse Nasionale Party-kongres vroeg in November spreek duidelik uit die opskrifte op die voorblad van Die Burger: "Generaal Hertzog verlaat N.P. - Treurspel op Kongres in die Vrystaat - Diepe droefheid onder die Afrikaners". 'n Persoonlike botsing tussen genl. Hertzog en C.R. Swart, oor die sogenaamde vrymesselaarsbriewe, is opgevolg met 'n dispuut oor wie se voorstelle as basis vir die bespreking sou dien: die van Hertzog of die van C.R. Swart, namens die tussentydse Federale Raad. Toe Hertzog se basis verwerp word, het hy die kongres verlaat met die beskuldiging dat die Nasionaliste die Engelssprekende van hul regmatige plek in die politiek wou ontnem.¹⁷⁰

Die koeël was deur die kerk. Hertzog met sy afsydige houding van die republikeinse strewe het self uitgestap en so 'n dreigende konfrontasie juis oor hierdie kwessie afgeweer, want dit was teen hierdie tyd baie duidelik dat spoedig van hom verwag sou word om te kies: of vir of teen 'n republiek.

J.G. Strydom het tot versigtigheid gemaak sodat die volk nie skade berokken sou word nie,¹⁷¹ terwyl Eric Louw optimisties was dat die Afrikanierdom hom nie sou laat skeur nie. Hy het ook

169. Kyk hoofstuk 13, p. 565.

170. Die Burger, 17.12.1940.

171. Die Burger, 23.11.1940.

tot kalmte en bedaardheid gemaak en weer daarop klem gelê dat die grondbeginsels stewig moes wees. Die mening wat hy tot dusver net vertroulik teenoor sy vriende gelug het, kon hy nou ook in die openbaar verkondig, nl. dat die parlementêre ooreenkoms nooit voldoende was nie. Syns insiens was daar geen beginselverskille in vraagstukke soos die republiek die beskerming van die blanke en die bestryding van Brits-Joodse kapitalisme nie. Hy het vas geglo dat eenheid volgens die Swart-basis wel verkry kon word.¹⁷²

Midde-in die krisis in Afrikanergeleedere het die posisie van Engelssprekendes weer in die gedrang gekom, eerstens deur 'n oproep van E.G. Jansen om groter samewerking tussen die twee taalgroepe¹⁷³ en in die tweede plek vanweë die bedanking van die Engelssprekende mnr. S.C. Quinlan uit die H.N.P., uit proteen hulle houding en optrede teenoor genl. Hertzog.¹⁷⁴ Louw het Jansen se oproep afgemaak as "soetsappige konsiliassie" waarvan die Afrikaner net mooi genoeg gehad het,¹⁷⁵ terwyl Quinlan se optrede "stof tot nadenking" verskaf het aan diege wat in die verlede "behep" was met die idee dat Engelsspreken ook Nasionaliste en republikeine sou word. Solank die Britse konneksie bly, sal dit nooit gebeur nie: "Eers nadat die Bri-

172. Die Burger, 16.11.1940: te Beaufort-Wes. Hy het dié sieninge ook op Willowmore en Fraserburg openbaar. Kyk Die Burger, 22 en 27.11.1940.

173. Die Burger, 12.11.1940.

174. Die Burger, 9.12.1940; Die Vaderland, 12.12.1940. Quinlan L.V. vir Germiston-Noord, was die leier van die Afrikaner Unie wat kort hierna deur Hertzog-ondersteuners gestig is. Kyk Roberts and Trollip: The South African Opposition, pp. 58 - 59.

175. Die Burger, 27.11.1940: te Fraserburg.

skakels gebreek is, sal die Engelssprekende 'n werklike nasionale gevoel begin ontwikkel - en dan sal dit ook maar stadig gaan."¹⁷⁶

Op Vrydag 13 Desember 1940 het daar drie nuusitems in die pers verskyn wat later van buitengewone belang vir die eenheidstrewe in Afrikanergeleedere sou blyk te wees. Twee klein beriggies het meegedeel dat J.C.C. Laas as komdt.-genl. van die Ossewa-Brandwag en dr. J.F.J. van Rensburg as administrateur van die Vrystaat bedank het. Heelwat meer prominent was 'n berig oor genl. Hertzog en mnr. Havenga se uittrede uit die politiek, met 'n gepaardgaande waarskuwing van Hertzog dat die Herenigde Party op 'n koers was wat noodwendig op die ondergang van die Afrikanerdom sou uitloop.¹⁷⁷

Dr. Verwoerd van Die Transvaler het openlik verklaar dat Hertzog die Afrikanerdom 'n groot diens bewys het deur uit te tree,¹⁷⁸ en het daarmee seker ook die gevoel van kollega Strydom en Louw vertolk. Die Burger het die omstandighede waaronder Hertzog uitgetree het, betreur, dog moedig volgehou dat 'n herenigde Afrikanerdom die stryd sou voortsit.¹⁷⁹ Dr. Malan het ook Hertzog se uittrede "onder pynlike omstandighede" diep betreur.¹⁸⁰ In die geleedere van die eertydse "gesuiwerde" vleuel

176. Die Burger, 11.12.1940: brief van Louw. Van Nasionale kant is alles in werking gestel om Quinlan se beweging dood te druk. Kyk Roberts and Trollip: The South African Opposition, p. 59.

177. Die Burger, 13.12.1940.

178. Die Transvaler, 12.12.1940: hoofartikel.

179. Die Burger, 13.12.1940: hoofartikel.

180. Die Burger, 13.12.1940.

van die H.N.P. sou daar egter nie juis lang trene oor Hertzog se uittrede gestort word nie.¹⁸¹

Alles het nou van die optrede van Hertzog se volgelinge afgehang. In sy Kers- en Nuwejaarsboodskap het dr. Malan gewag gemaak van "die uur van die Afrikanerdom se grootste gevaar en tegelyk ook die Afrikanerdom se grootste geleentheid, wanneer alles in sy verlede en alles in sy toekoms op hom roep om nou eenmaal sy geleedere te sluit." Tot die adres van die eertyds Hertzog-ondersteuners het hy 'n dringende oproep gerig: "Die lot van Hereniging en daarmee van die Afrikanervolk, is nou in hulle hande, meer as in dié van enig ander seksie."¹⁸²

Maar daar was nog Oswald Pirow om mee rekening te hou, wat op Lydenburg verklaar het: "Ek staan by die Party, maar ek wil met nadruk verklaar dat die gees wat genl. Hertzog genoodsaak het om die Party te verlaat, doodgemaak moet word. As ons daer die gees nie doodmaak nie, sal daar geen toekoms vir die Afrikanerdom wees nie."¹⁸³

En Hans van Rensburg? Op dié stadium het feitlik niemand geweet nie. In 'n verklaring oor die redes vir die neerlegging van die administrateursamp het hy laat blyk dat dit vanweë sy "sienswyse van sake oor die Afrikanerdom" geskied het, en "om myself in staat te stel om meer regstreeks en onbelemmerd my v

181. In Januarie 1942 het mnr. D.J. Potgieter 'n gesprek met drie lede van die Afrikaner Party gevoer, wat baie bitter was teen "die kliek wat genl. Hertzog uitgedryf het", bedoelende C.R. Swart, Strydom, Louw en dr. Verwoerd. Kyk D.J. Potgieter-vers., band 31: dagboekinskrywing, 10.1.1942.

182. Die Burger, 21.12.1940.

183. Die Burger, 14.12.1940: te Lydenburg.

te dien op watter wyse ek dit ook moontlik vind."¹⁸⁴ In werklikheid is Van Rensburg pas twee dae tevore deur die Grootraad van die O.B. tot nuwe kommandant-generaal verkies.¹⁸⁵

Die Hertzog-volgelinge asook Pirow en Van Rensburg sou kort voor lank sleutelfigure wees in die stryd om eenheid in Afrikanergeledere. Afrikanerdom het op die drumpel gestaan van die onverkwiklikste tydperk in sy geskiedenis ooit.

184. Die Burger, 14.12.1940. Kyk ook Hans van Rensburg: *Their Paths Crossed Mine*, pp. 164 - 167.

185. F.J. van Heerden: *Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933 - 1948*, p. 190; Van Rensburg: *Their Paths Crossed Mine*, p. 165.

HOOFSTUK 13

"STURM UND DRANG", 1940 - 1943

Die verbreking van die "Britse konneksie" en die verkryging v
n republiek was ná 4 September 1939 sinoniem in die terminolo
van veral dié deel van die skynbaar herenigde Afrikanerdom wa
vroeër as die "Gesuiwerdes" bekend gestaan het. Grootliks
vanweë daardie epogmakende gebeure het die Nasionaliste meer
duidelikheid betreffende die toekomsaak gekry: eers die ver
kryging van politieke mag, daarna die verbreking van die Brit
konneksie en dan die einddoel, n republiek. Om egter dáár uit
te kom, sou harde stryd en groot opofferinge vereis. Boonop
is die stryd oneindig verswaar deur twiste en verdeeldheid in
Afrikanergeledere op n tydstop toe eenheidsoptriede so dwingend
noodsaaklik was om sukses te behaal. Na binne sou daar spoed
n onverkwiklike stryd ontwikkel juis oor wie die "redder" van
die Afrikanerdom sou wees, die party of die O.B.¹ Na buite
was dit n voortsetting van die stryd teen Smuts en sy "bondge
note".

TEEN SMUTS EN SY BONDGENOTE

Die slagspreuke "neutraliteit" en "verbreking van die Britse
konneksie" was by uitstek die wapenrusting waarmee dr. Malan
en sy volgelinge gedurende die oorlogsjare die stryd teen genl
Smuts en die voorstanders van die oorlog sou voer. In Eric
Louw het die Nasionale Party een van die mees onverbiddelike

1. Dié aangeleentheid word later in hierdie hoofstuk bespreek

vegters vir daardie ideale gehad. Vir hom, wie in sy vroeë loopbaan so dikwels en so intens met die stryd om die status van die Unie te doen gehad het en vir wie die besluit tot oorlogsdeelname juis 'n ontkenning van gewaande status versinnebeeld het, was dit die laaste fase van die stryd van "nasionalisme" teen "imperialisme", 'n stryd waarvan die wortels tot by die koms van die Engelse na die Kaap in 1806 teruggevoer kon word.² En al het hy nie op 4 September 1939 geleentheid daartoe gekry nie, sou hy in die daaropvolgende aantal jare keer op keer sy standpunte hieroor met al die moed van sy oortuiging verkondig.

Louw het deurentyd die standpunt gehuldig dat die oorlog in Europa nie in belang van Suid-Afrika was nie, maar dat Engeland bloot net ter wille van die magsewig en ter wille van eie belange tot die stryd toetree het. Engelssprekendes kon maar aan die oorlog deelneem, dog dit moes nie van Afrikaanssprekendes verwag word nie.³ Hy het ook geglo dat juis die beslissing van 4 September 1939 'n groot struikelblok in die weg van samewerking tussen die twee taalgroepe was, en dat dit van verdeelde lojaliteit getuig het.⁴ Genl. Smuts en die "onnasionale elemente" was die oorsaak vir die "indompeling" in die oorlog, die struikelblok op die weg na "die einddoel, 'n onafhanklike republiek."⁵ In die pers, vanaf die openbare verhoog en ook in die

2. Die Burger, 8.8.1938 (te Johannesburg) en 15.4.1940 (te Worcester).

3. Die Burger, 29.4.1940.

4. Debates of the House of Assembly, vol. 41 (1940-41): kol. 2258.

5. Die Burger, 15.4.1940 (te Worcester) en 29.4.1940 (te Montagu).

vergadersale van die parlement sou die Nasionale krane gevolglik vol op Smuts en sy mense oopgedraai word, al was daar ty waarin die stryd in eie geledere hierdie offensief teen die oorlogvoerende elemente heeltemal op die agtergrond geskuif het.⁶

Hoewel Smuts as argitek van oorlogsdeelname gedurig onder die spervuur van die Nasionalistes verkeer het, is die stryd teen die oorlog oor 'n veel wyer front gevoer. Die "Weg met Smuts" kreet⁷ is gedurig aangevul met verwysings na die "dag van afrekening" wat sou kom, vir almal wat Smuts ondersteun en gehet.⁸ Eric Louw was een van die eerste Nasionalistes, indien nie die heel eerste nie, wat met hierdie "vergeldingsleer" nevore getree het; en wel skaars twee weke na die oorlogsbesluit. Terwyl hy op Sutherland in sy kiesafdeling tot kalmte gewaars het, het hy die versekering gegee dat die herenigde Afrikanerdom by die stembus met Smuts en die Unioniste, soos hy dikwel na veral die Engelssprekende volgelinge van Smuts verwys het, sou afreken.⁹ Dit was egter nie al nie: daar was ook nog die "jingo's (n alternatiewe aanspreekvorm vir die Unioniste) en die "jingo-pers", die Jode, die "geldmag", die "Loyal Dutch",

6. Die stryd in die geledere van die Afrikaners word later in hierdie hoofstuk bespreek.

7. Die Burger, 19.7.1940.

8. Dit was die temas van feitlik elke byeenkoms wat deur Nasionalistes toegesprek is. Naas Louw, was persone soos F.C. Erasmus, P.J. van Nierop en P.J. du Plessis in hierdie verband baie prominent. Kyk o.a. Die Burger, 19, 22, 24, 26, 27, 30, en 31 Julie, en latere uitgawes.

9. Die Burger, 18.9.1939. Volgens die blad Trek (4.1.1940) was die politieke atmosfeer "om van te stik", as gevolg van hierdie dreigemente.

die "kakieridders", die offisiere wat manskappe dwing om vir aktiewe diens aan te sluit - in kort, "almal wat die Afrikanerdom vervolg".¹⁰ Na Ausland se toetrede tot die geledere van die Geallieerdes is ook nog die kommuniste tot hierdie lys toegevoeg.¹¹ Aan die "dwinglandy van die Smutsregering en die uittarting van Nasionaalgesindes" moes paal en perk gestel word.¹²

Hierdie "dwinglandy" van regeringskant, waaronder veral die opkommandering van gewere en interneringsmaatreëls verstaan is, is heftig deur Louw gekritiseer.¹³ Dit is, saam met spioenasie op "onskuldige burgers"¹⁴ en die inkorting van debatsgeleenthede, bestempel as voorbeelde dat die volk en die Opposisie van hul regmatige vryhede ontnem en dat 'n toestand van diktatuur inderwaarheid geskep word, soortgelyk as wat in Nazi-Duitsland die geval was: "Ons wil nie in Suid-Afrika 'n Gestapo of 'n OGPU hê nie. Laat dinge in die openbaar geskied en laat ons weet waarom die mense in die kampe gaan", het Louw in Maart 1940

10. Die Burger, 19.7.1940; 25.7.1940; 27.11.1940.

11. Die Burger, 1.8.1941 (te Fraserburg).

12. Die Burger, 19.7.1940: te Beaufort-Wes. In die redaksiekantoor van die Cape Times is sekere gedeeltes van hierdie toespraak met 'n dik blou potlood onderstreep of in die kantlyn aangemerkt - veral die meer aggressiewe gedeeltes. Kyk Cape Times, 19.7.1940 (Cape Times Clipping Files: Speeches).

13. Debatte van die Volksraad, vol. 37 (1940): kol. 1067-1076 en kol. 2950-2952.

14. Debatte van die Volksraad, vol. 38 (1940): kol. 3871. Hy het as voorbeeld verwys na spioenasie op C.A. Swart. Vgl. ook Die Burger, 8.10.1940: toespraak te Beaufort-Wes.

in die Volksraad gepleit.¹⁵

Naas die gewerekwessie en die interneringsbeleid, het Louw reeds vroeg in die oorlogsjare ernstig gewaarsku teen voortdurende uittartinge waaraan Afrikaanssprekendes onderhewig was. Een vorm wat hy in gedagte gehad het, was beskuldigings deur die Engelse pers en deur regeringslede dat die Nasionaliste hulle godsdiens en Afrikanerskap vir politieke gewin uitbuit. 'n Direkte uitvloeisel van sodanige beskuldigings was 'n relletjie tussen kol. Jacob Wilkens en mnr. M.J. van der Berg in die volksraad, op 6 Maart 1940, waarvan die uiteinde was dat Wilkens uit die Raad geskors is.¹⁶ Die houding van die regeringslede in hierdie aangeleentheid was vir Louw bewys daarvan dat hulle die Afrikaner sy reg wou ontnem om sy geskiedenis te herdenk. Sy voorspraak vir die Afrikaner is deur Die Burger opgevolg deur "onvervalste Suid-Afrikaanse vaderlandsliefde" as teenstelling teenoor Empire-diens te stel.¹⁸

-
15. Debatte van die Volksraad, vol. 38 (1940): kol. 3872. Kyk ook Debatte van die Volksraad, vol. 37 (1940): kol. 2559 en vol. 38 (1940): kol. 2561 en 2950. Die Gestapo was die Duitse geheime polisie, OGPU sy Russiese eweknie.
 16. Debatte van die Volksraad, vol. 38 (1940): kol. 2914-2919. Wilkens het Van der Berg onophoudelik in die rede geval totdat hy deur die speaker die stilswye opgelê is. Toe hy weer 'n tussenwerpsel maak, is hy gevra om die Raad te verlaat, dog hy het geweier. Daarop is hy vir sewe dae van die parlementsterrein geskors. Kyk ook Die Burger, 7 en 8.3.1940.
 17. Debatte van die Volksraad, vol. 38, (1940): kol. 2952. Die aanleiding tot die relletjie was skynbaar 'n groot O.E. saamtrek, waartydens Majuba-dag herdenk is. Vir 'n foto en verslag van dié byeenkoms, kyk Die Burger, 28.2.1940.
 18. Die Burger, 8.3.1940: hoofartikel.

Inderdaad het gevoelens oor oorlogsdeelname by tye geweldig hoog geloop, veral namate beledigings en verwyte wedyersyds toegeneem het. Van regeringskant is beweer dat Nasionaliste skuldig was aan aanhitsing, terwyl Nasionaliste weer daarop gestaan het dat uittarting van die kant van regeringsondersteuners die oorsaak van die moeilikhede was.¹⁹ Sporadies het hierdie gespanne gevoelens tot uitbarsting gekom. Op Stellenbosch het studente en kleurlinge slaags geraak, die gebou van Die Burger in Keeromstraat is "aangeval" en heelwat skade berokken,²⁰ terwyl studente en soldate op Potchefstroom gebots en chaos op die kampus van die plaaslike universiteit ontketen is.²¹

In Kaapstad was die gebruiklike bidpouse van twee minute daaglik om twaalfuur, waartydens vir die koning en vir oorwinning in die oorlog gebed is, 'n bron van groot twis.²² Anti-oorlogsgesindes wou nie daaraan meedoen nie terwyl die teenparty eerbiediging daarvan weer met geweld wou afdwing. Die

19. Louw het bv. in die Raad verwys na 'n berig in 'n koerant waarvolgens 'n baie bekende persoon drie soldate "aangerand" het, sodat een glo in die hospitaal beland het. Wat verswyg is, was die feit dat twee van die soldate aan die betrokke persoon se baard gepluk het. Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 38, (1940): kol. 2248. Sou hy dalk na Johannes van der Walt, die beroemde stoeier, verwys het?

20. Die Burger, 30.7.1940.

21. Die Burger, 8.8.1940; Die Suiderstem, 8.8.1940.

22. Dié gebruik dateer uit die Eerste Wêreldoorlog en is op aanbeveling van sir Percy Fitzpatrick deur die Britse vors ingestel. Dokumente hieroor bevind hulle in die Percy Fitzpatrick-versameling te Amanzi, Uitenhage.

gevolg was vuilsgewegte en wanordelikhede.²³ Adderleystraat het spoedig op die middaguur vir groot skouspel gesorg, terwyl diegene wat nie die bidpouse wou eerbiedig nie, hulle lyf maar skaars moes hou – soos die geval ook by geleentheid met Louw was.²⁴

In die volksraad het Louw skerp te velde getrek teen dié toestand, wat syns insiens net in 'n soort "Roman Holiday" ontstaat; het waarheen sogenaamde Christene gaan om te sien hoe Nasionale en nasionaalgesindes geslaan word.²⁵ Hy het die voortgesette instandhouding van dié gebruik as "opperste huigelry en geveinsdheid" bestempel en Smuts dit ten laaste gelê dat hy net sy skouers optrek en dinge maar laat ontwikkel, soos hy ook in 1922 tydens die Randse stakings gedoen het.²⁶ Louw was veral krities oor die optrede van die soldate wat, volgens

-
23. Vir besonderhede en fotos, kyk Die Burger, 29.7.1940 en 5.8.1940; Die Suiderstem, 27.7.1940, 29.7.1940 (hoofartikel) en 3.8.1940. Volgens lg. blad was daar baie studente van Stellenbosch op die toneel en het die uitbarstings ontstaan as gevolg van "onbeskofte uittarting". Genl. Kemp het verwys na "Fariseër-streke om op hoeke van strate te bid – nee, nie te bid nie, maar om te staan en kyk of daar nie iemand is wat hom beweeg tydens die pouse nie" (Debate van die Volksraad, vol. 40 (1940): kol. 1093).
 24. Debate van die Volksraad, vol. 40 (1940): kol. 1624.
 25. Debate van die Volksraad, vol. 40 (1940): kol. 1623. In 'n vroeëre spreekbeurt, op 11 September, het Louw verwy na 'n verklaring van die N.G. Kerk dat hulle nie by die instelling van die gebruik geraadpleeg is nie. Dit is op voorstel van die Peninsula Church Council deur die stadsraad ingestel. Kyk Debate van die Volksraad, vol. 40 (1940): kol. 1462.
 26. Debate van die Volksraad, vol. 40 (1940): kol. 1624.

Smuts, n "heilige oorlog" ter wille van vryheid van spraak en gewete gevoer het.²⁷ Toe deur n regeringswoordvoerder daarop gewys is dat minister Conroy kort tevore deur Nasionaliste verhinder is om n vergadering toe te spreek,²⁸ kon Louw met n mate van leedvermaak wys op sy ondervinding te Marico twee jaar tevore. Toe was daar geen vervolging nie omdat sy aanvallers ondersteuners van die regering was, het hy kous water op dié argument gegooi. Syns insiens was al die bitterheid en die onrus net aan die besluit tot oorlogsdeelname toe te skryf.²⁹

Eric Louw sou kort hierna self ook deurloop. Tydens n besoek aan sy moeder op Beaufort-Wes is sy motor met eiers bestook,³⁰ dag n maand later was sy ondervinding veel erger, toe hy tydens n treinrit vanaf sy tuisdorp na Kaapstad onophoudelik deur soldate gemolesteer is. Die soldate het selfs die treinvenster gebreek in n poging om Louw in die hande te kry, en dit het geblyk dat hulle van plan was om hom van die trein af te gooi.³¹

27. Debatte van die Volksraad, vol. 40, (1940); Kol. 1623-1624; Debates of the House of Assembly, vol. 41, (1941): kol. 2249.

28. Debates of the House of Assembly, vol. 41, (1941): kol. 2245-2246. Die spreker was Leslie Blackwell, een van die verynigste opponente van Louw en n groot kampvegter vir die belange van die Engelssprekendes. Blackwell was n oud-Unionis.

29. Debates of the House of Assembly, vol. 41, (1941): kol. 2258.

30. Die Burger, 17.8.1940.

31. Debatte van die Volksraad, vol. 40, (1940): kol. 1089. Vgl. ook Die Burger, 10.9.1940, vir meer besonderhede hieromtrent. Die Suiderstem se rubriekskrywer het hiermee die spot gedryf en Louw daarvan beskuldig dat hy die publiek opgesweep het om die bidpouse te ignoreer en ook dreigemente teen Afrikaners gemaak het. Kyk Die Suiderstem, 7.1.1941: "Voorslag".

Vanweë sy persoonlike ervarings maar ook as gevolg van die wanordelikhede oor 'n breër terrein het Louw hierdie aangeleentheid by verskeie geleenthede in die Raad geopper en beroepe op Smuts gedoen om orde onder sy eie mense te handhaaf, sinspelend op en verwysende na Smuts se kommer oor onrus in die geleedere van die oorlogsteenstanders en sy vasberadenheid om deur middel van spesiale maatreëls daarteen op te tree.³² Sy eie ervaring is as "n besondere ernstige geval" onder Smuts se aandag gebring, omdat daar oral klagtes was oor die gedrag van soldate op treine. Sy voorstel vir die oplossing van die probleem was dat 'n passasierswa agter aan goederetreine gehaak word, waarmee die soldate dan vervoer kon word.³³

Van Nasionale kant is herhaaldelik aangevoer dat onbehoorlike druk op Afrikaners en anti-oorlogsgesindes uitgeoefen word om hulle vir aktiewe of non-aktiewe oorlogsdienste beskikbaar te stel. Dié aangeleentheid is verskeie kere in die Volksraad ter berde gebring en Eric Louw het ywerig aan die besprekinge deelgeneem.³⁴

In 'n debat oor ondermynende bedrywighede, op 4 September 1940, het Louw die geleentheid gebruik om die Nasionale se griewe te lug: internering sonder verhoor, uitoefening van dwang by

32. Louw het op 9, 11 en 13 September 1940 hieroor gepraat.

33. Debatte van die Volksraad, vol. 40, (1940): kol. 1089-1090. Ook genl. Kemp het oor die gedrag van soldate gekla. Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 40, (1940): kol. 1092-1094.

34. Kyk o.a. Debates of the House of Assembly, vol. 41, (1941) kol. 3638-3644.

die werwing van rekrute vir die leër, spioenasie deur "Waarheids-
ridders" (waarvan hy persoonlik ervaring gehad het), uitskel-
lery van Nasionaliste as Nazi's en die ontwapening van die
Afrikanervolk deur beslaglegging op gewere. Hy het nog eens
na die gebeure in Adderleystraat en op Potchefstroom verwys en
gevra hoe daar in die toekoms saamgeleef sal kan word, indien
dinge so aanhou.³⁵

In hierdie debat, waartydens van regeringskant veral bedenkinge
teen die O.B. uitgespreek is, het die Nasionaliste die aandag
pertinent op die Waarheidslegioen, wat ook op semi-militêre
lees geskoei was, gevestig. F.C. Erasmus het 'n memorandum as-
ook 'n begeleidente brief, waarin besonderhede omtrent die doel-
stellings en optrede van dié beweging vervat is, in die volke-
raad voorgelees. Uit dié stukke het geblyk dat dié beweging
gestig is as teenvoeter teen propaganda van die "Malan-Hertzog
pers" en die "politiekgesinde predikante en onderwysers" onder
Afrikaanssprekendes.³⁶

Vir Louw, wat hierdie "Waarheidsridders" dikwels van openbare
verhoë aangeval het, moes die beweging se verklaarde oogmerke
inderdaad teregend gewees het, naamlik fondsinsameling met die
doel om die "swakste skakel in die Britse Ryk" te onderskraag
en om republikenisme in die Unie te beveg. Des te meer so, van-
weë die beweerde aandeel van die Unie-gesant in Parys en die
Suid-Afrikaanse bestuurders van versekeringsmaatskappye in die

35. Debatten van die Volksraad, vol. 40, (1940): kol. 1456.

36. Kyk Debatten van die Volksraad, vol. 40, (1940): kol.
722-728. Vgl. ook Die Burger, 5.9.1940.

fondsinsamelingsveldtog.³⁷

Dan was daar ook nog die "Loyal Dutch", van wie Louw so graag gepraat het en oor wie hy en die redakteur van Die Burger kor-
tevore nog in 'n argument betrokke was.³⁸ Aan die einde van 1
het Louw laat blyk dat hulle darem nie almal so slegs was as
wat die term "papbroek-lamsak-Afrikaners" op die oog af wou
gee nie. Op 'n vergadering te Mosselbaai het hy die "Loyal Du-
in drie groepe geklassifiseer: eerstens, diegene wie se pa-
Sap was en wie self meer Engels as Afrikaans was; in die twe-
plek, dié wat dit as 'n eer beskou het om Engelsgesind te wees
en om Engelse vriende te hê - dis hulle wat hy sommer "lamsak
en "papbroeke" noem; en derdens, die "liewe, goeie Afrikaner
wat dikwels net hul eie taal magtig is, Die Kerkbode en selfs
Die Huisgenoot lees maar blindelings volgelingen van Botha en
Smuts bly.³⁹ Vir al hierdie mense maar ook vir die Engelsspr-
des, aan wie se steun hy op hierdie stadium begin wanhoop het
sou die verkryging van 'n republiek die enigste geneesmiddel
wees.⁴⁰

Die eintlike teiken van die Nasionaliste se "offensief" was
egter Smuts. Op 'n "Boeredag" te Brakpan op 24 Mei 1941 - tag-
lykertyd Empire-dag en Smuts se verjaardag - het Louw dié toe-

37. Debatte van die Volksraad, vol. 40, (1940): kol. 1458 e
Kyk ook Die Burger, 8.10.1940 (te Beaufort-Wes), 6.11.1940
(te Mosselbaai).

38. Kyk hoofstuk 12, pp. 533-534.

39. Die Burger, 6.11.1940.

40. Die Burger, 27.11.1940: te Fraserburg. As daar vir die
Engelssprekendes gewag moes word om 'n republiek te verkry
sou hulle moes wag "totdat die perde horings kry", het
hy o.a. gesê.

valligheid benut deur sy toehoorders daarop te wys dat hulle daar byeen is om die stryd teen imperialisme en teen Smuts as imperialis voort te sit.⁴¹ En toe die vooruitsigte vir die Geallieerdes teen die halfte van 1940 maar taamlik donker gelyk het, is vanuit Nasionale geleedere en veral by monde van dr. Malan sterk op onmiddellike vredesluiting met Duitsland aangedring.⁴² Hoewel hy dit betreur het dat Suid-Afrika nie Ierland se voorbeeld gevolg het nie, was daar vir Louw nog galeentheid oor om 'n eerbare vrede te sluit en het hy die hoop uitgespreek dat Smuts die land nie dieper in die oorlogsmoeras sou insleep nie. Gebeure op die oorlogsterrein het alte duidelik getoon dat veral Duitsland in beheer van die situasie was.⁴³

Met die Duitse invalle in Holland, België en Luxemborg het die Nasionale wel met hul stamvolk en sy bure gesimpatiseer en die Duitse optrede afgekeur, dog hulle het volgehou dat Suid-Afrika se posisie gans anders was as dié lande s'n.⁴⁴ En hoewel hulle steun aan die regering beloof het ten opsigte van versnelde werksaamhede van die parlement, het onder andere Louw laat blyk dat hulle verset teen die oorlog nog steeds so sterk soos tevore was.⁴⁵ Oor Smuts en Churchill se "noodoproepe" om hulp in hierdie

41. Die Burger, 26.5.1941.

42. Debates of the House of Assembly, vol. 42, (1940): kol. 8038. Die Suiderstem het dit "n lafhartige, vernederende en verraderlike" vredespoging genoem. Kyk Die Suiderstem, 21.6.1940 en 1.7.1940.

43. Debates of the House of Assembly, vol. 42, (1941): kol. 8052-8061 (3 Mei 1941).

44. Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 40, (1940); kol. 7244 e.v. vir besprekinge op 10 Mei 1940.

45. Debatte van die Volksraad, vol. 40, (1940): kol. 7254-7255. Vgl. ook Die Burger, 11.5.1940: hoofartikel.

angsvolle periode van die Geallieerdes se oorlogspoging was Louw uitgesproke afwysend: "Laat hy die Jingo's, die Jode, die kakieridders en 'Loyal Dutch' gaan vra om te help... Ons in Suid-Afrika wil vrede hê, want daarin alleen lê ons heil. Sm sal nie vir ons vrede bring nie en daarom moet hy padgee."⁴⁶

Rusland se toetrede tot die Geallieerde bondgenootskap teen die middel van Julie 1941 en die hartlike wyse waarop Smuts dié stap verwelkom het, was water op die meul van Louw en die Nasionaliste. Daar is skepties verwys na Smuts se opmerking aan die begin van die oorlog, nl. dat dit 'n stryd om die Christendom is om die beskerming van klein nasies was. Waarom word daar dan nou geswyg oor Rusland se oorlogsdade wat vroeër so heftig gekritiseer is? En wat van die anti-Christelike karakter van die Russiese staatstelsel?⁴⁷

Hoewel Smuts en, in navolging van hom, ook Churchill beweer het dat hulle nie die kommunisme dien nie, was die seën wat hulle die Russiese wapens uitgespreek het⁴⁸ vir Malan-hulle te veel. Malan sowel as Louw het gewys op die potensiële gevaar van die verbreiding van die kommunisme oor die wêreld maar ook in Suid-Afrika. Daar is veral gevrees vir die uitwerking wat hierdie nuwe bondgenootskap op die verspreiding van kommunisme in Suid-Afrika sou hê, terwyl dit as verdere inspirasie moes dien om d

46. Die Burger, 19.7.1940: te Beaufort-Wes.

47. Die Burger, 16.7.1940 (dr. Malan te Piketberg) en 1.8.1940 (Louw te Beaufort-Wes).

48. Die Burger, 16.7.1941: verklaring van Churchill.

oorlogsdeelname te bevog.⁴⁹ Toe die Unie kort hierna ook nog aan Japan die stryd toesê, was dit vir Louw "n gruwelike en roekelose verontagsaming van die Unie se belange". Verwysende na 'n verklaring van Smuts oor Japan se sogenaamde "swart rekord", het Louw daarop gewys dat Engeland in 1933 verhinder het dat sanksies teen Japan ingestel word weens laasgenoemde moondheid se agressie teen Sjina. "Die huigelary van Britse en Unie-oorlogspropaganda het reeds lank 'n lae peil bereik. Nou word dit walglik."⁵⁰

Op die jaarlikse saamtrek van Nasionaliste vroeg in Januarie 1942 in die Strand het Louw, na aanleiding van die Unie se houding en optrede jeens Rusland en Japan, verwys na die "gevaarlike vyande" (Japan) en die "gevaarlike vriende" (Rusland) wat Suid-Afrika se oorlogsbeleid meebring. Hy het veral teen die toeneemende en uitdagender kommunistiese bedrywighede in die land gewaarsku en wou, te midde van die verbete stryd tussen die H.N.P. en die O.B., aan die volk toon dat daardie vraagstukke nie agterweê gelaat word nie.⁵¹

Toe Smuts uiteindelik, na veel huiwering, sover wou gaan om Kleurlinge en Swartes vir oorlogsdeelname te bewapen,⁵² is hy by

49. Deur Malan op Piketberg (Die Burger, 16.7.1941) en deur Louw te Beaufort-Wes (Die Burger, 1.8.1941). Die Suiderstem het in hoofartikels probeer wal gooi deur daarop te wys dat die Russe weer kerkgesind geword het (3.7.1941), dat die kommuniste die idee van wêreldrevolusie afgesweer het (4.8.1941) en dat Smuts in 1922 vir goed 'n einde aan die bedreiging gemaak het (6.8.1941). Die Nasionaliste se protes is as 'n "kommunistiese spook" afgewys (4.8.1941).

50. Die Burger, 16.12.1941: te Beaufort-Wes.

51. Die Burger, 5.1.1942; J.H.O. du Plessis-vers., band 2: EHL/JHODP, 31.12.1941.

52. Hancock: Smuts II, pp. 370 - 372.

hernuwing skerp uit Nasionale geledere gekritiseer en is prot vergaderings weer in alle dele van die land gehou.⁵³ Op n gr uniale kongres van die H.N.P. in Pretoria teen die helfte van September was dit Louw wat die mosie, waarin Smuts se "roekel ondermyning van die Blanke ras se posisie en toekoms ten beho van Empire-belange, deur Nie-Blankes te bewapen en deur aan d kommunistiese indringing vrye spel en selfs openbare aanmoedi te gee" veroordeel word, ingedien en toegelig het. Die aanwe heid van n Russiese handelsverteenvoerder in Suid-Afrika is agterdog deur hom bejeën en hy het herbevestig dat die H.N.P. kommunisme "met wortel en tak" sou uitroei indien hulle aan b wind kom.⁵⁴

AFRIKANERVOLKSEENHEID

Die Voortrekkereeufoesjaar 1938 met al sy geleenthede om Afri kanereenheid te verkry, het gekom en gegaan; die een na die e poging om die breuk van 1933-34 onder Afrikaanssprekendes en g wese lede van die eertydse Nasionale Party te verkry, het op n lukkings uitgeloop. Van die emosionele opwelling na 4 Septem met hoogtepunt vyf dae later te Monumentkoppie, het ook op die ou end net mooi niks gekom nie. Intussen was die Ossewa-Brand as kultuurliggaam met sy wortels geanker in die eeufesviering van 1938 besig om die verbeelding van die Afrikaners oor die h land gaande te maak.

53. Verslae van sodanige vergaderings verskyn feitlik in elke uitgawe van Die Burger in die tydperk 14 - 25 April, en s radies daarna. Ook die Transvaalse N.G. Kerk het n waar skuwende stem laat hoor. Kyk Die Burger, 24.4.1942.

54. Die Burger, 17.9.1942.

Namate die regering sy oorlogsmaatreëls verskerp het en baie Afrikaanssprekende teenstanders van die oorlogsbeleid gefinterneer of met internering gedreig is, het die verset teen die oorlogsbeleid aangegroei. Louw het, veral na die skorsing van kol. Jacob Wilkens uit die volksraad, skerp teen internering sonder verhoor te velde getrek,⁵⁵ dog dit was dr. Malan self wat die bal aan die rol gesit het om "volksorganisasie" te verkry met die oog op die bestryding van vyandige organisasies. Hy het na "onnasionale" en "anti-nasionale" elemente verwys en ook die ekonomiese wurg-greep deur die Afrikaner se vyande, veral 'n deel van die Engels-sprekendes en die georganiseerde Jodedom, as motivering vir dié organisasie aangevoer.⁵⁶ Hierdie aankondiging het gekom kort nadat die Handhawersbond, met hoofsaaklik dieselfde oogmerke, sy beslag gekry het. Van die kant van die H.N.P. en veral by Strydom en Verwoerd was daar geen toegeneëntheid jeens hierdie organisasie nie.⁵⁷ Ook Eric Louw was skepties en het reeds op 27 April te Tulbach gewaarsku dat die Afrikanerkrigte nie deur te veel organisasies en bewegings verbrokkel moes word nie.⁵⁸ Dit was een van die eerste waarskuwings in hierdie verband. Waar hy ook al opgetree het, het Louw die klem sterk op politieke paraatheid laat val, veral met die oog op 'n onverwagte "kakie"-verkiesing. In Junie 1940 het die H.N.P. verder gegaan en, gepaard met 'n beroep op Smuts om die oorlog summier te beëindig, hul eie ondersteuners aangemoedig om waaksaamheidskomitees te stig ten einde

55. Debatte van die Volksraad, vol. 38, (1940): kol. 2950-2952. Kyk ook hoofartikel, Die Burger, 8.3.1940.

56. Die Burger, 15.4.1940: te Stellenbosch.

57. Roberts and Trollip: The South African Opposition, pp. 62 - 65.

58. Die Burger, 29.4.1940.

uitbuiting en vervolging van Afrikaners deur pro-oorlogsgesin individue en organisasies te voorkom en te vergeld.⁵⁹

Vanaf daardie tydstop het daar roering in Nasionale geleedere kom. In alle dele van die land is protesvergaderings gehou, waar die beëindiging van die oorlog en Smuts se bedanking geëis.⁶⁰ Die sentrale tema van hierdie byeenkomste was dat daar dag van afrekening sal kom, met Eric Louw een van die mees prominente verkondigers van hierdie vergeldingsleer.⁶¹ Vir hom is die geesdrif op die protesvergaderings vergelykbaar met die eisasiasme wat tydens die Eeufeesvieringe geheers het.⁶²

Na die republikeinse volksbetoging te Bloemfontein in Julie 1940 en skynbaar ten volle onder die indruk van die trefkrag van so nige spontane byeenkomste, het dr. Malan 'n sterk oproep gedoen om volksorganisasie, selfs buite die terrein van die politieke party. Die voorwaarde was net dat elke organisasie hom op sy afgebakende terrein sou hou. Die buite-parlementêre organisasie wat Malan vir dié doel in die oog gehad het, was die Ossewa Brweg.⁶³ Sedert hierdie verklaring van Malan is daar 'n massiewe propaganda- en reklameveldtog ten gunste van die O.B. van stap gestuur, met veral mnr. P.W. Botha, organiserende sekretaris v

59. Kyk Die Burger, 1.6.1940; vir dr. Malan se persverklaring en Die Burger, 4.6.1940, vir 'n oproep van F.C. Erasmus, party-sekretaris, in verband met organisasie.

60. Koerante soos Die Burger en Die Transvaler het feitlik da loks berigte van sodanige byeenkomste gepubliseer. Kyk veral uitgawes tussen 1 - 30 Julie 1940.

61. Die Burger, 2.7.1940 en Die Oosterlig, 5.7.1940 (te Port Elizabeth); Die Burger, 19.7.1940 (te Beaufort-Wes).

62. Die Burger, 26.8.1940: te Clanwilliam.

63. Die Burger, 26.7.1940.

die H.N.P., baie prominent op stigtingsvergaderings van O.B.-takke. Die Burger het feitlik daagliks berigte in verband met aspekte van die O.B. bevat en baie publisiteit aan dié organisasie se aktiwiteite gegee.⁶⁴

Die gees van samewerking wat op politieke terrein aan sulke groot spanninge onderhewig was, kon in en deur die O.B.-aksies ten volle gedy. Des te meer so met die daadkragtige onderskraging van Nasionale leiers soos Malan en Louw toe die regering begin dreig het met optrede teen dié beweging. In die debat oor die Oorlog-maatreëls wetsontwerp vroeg in September 1940 het Smuts en Malan mekaar oor en weer gedreig met optrede,⁶⁵ terwyl Louw namens die O.B. 'n verklaring gedoen het dat daar niks geheimsinnigs omtrent die beweging was nie. Hy het selfs skepties gestaan teenoor die bomontploffings wat na bewering die werk van lede van dié beweging was en het, met verwysing na die Waarheidslegioen, die eksklusiwiteit van die O.B. verdedig. Hyself was 'n trotse lid van dié beweging, wat net diegene toelaat wat Afrikaanse ideale onderskryf.⁶⁶

Die een groot O.B.-saamtrek na die ander het nou oor die hele land plaasgevind. Ook Eric Louw kon getuig van die ongekende geesdrif wat die O.B. in sy distrik opgewek het. Op Beaufort-Wes het hy as hoofspreker tydens so 'n byeenkoms opgetree en veral klem gelê op die O.B. se taak om Afrikanerdom te koördineer en te dissiplineer. Dit was egter noodsaaklik dat daar samewerking

64. Kyk veral Die Burger, 29.7.1940 tot 28.9.1940.

65. Debatte van die Volksraad, vol. 40, (1940): kol. 1351-1352 en kol. 1353-1359.

66. Debatte van die Volksraad, vol. 40, (1940): kol. 1453-1454. Vgl. ook Die Burger, 10.9.1940.

tussen die verskillende organisasies moes wees.⁶⁷ Enkele dae later het hy tydens Krugerdagvieringe, wat ook deur die O.B. gereël is, weer die klem laat val op organisasie, dissipline en stryd as voorwaardes vir die verkryging van 'n republiek.⁶⁸ By etlike ander geleenthede het Louw met lof na die O.B. verwys en dit ook teen beskuldigings van die kant van die minister van Justisie, mnr. Harry Lawrence, verdedig.⁶⁹ Die hoogtepunt in hierdie bewierokingsproses is met die N.P.-kongres op Cradock einde van Oktober 1940 bereik, toe dr. Malan die O.B. die hoë toegeswaai het "dat daar geen organisasie is wat in so korten tyd so beslag gelê het op die hart van die volk nie." Dié organisasie het syns insiens in die behoefte van 'n groot, omvattende organisasie voldoen, dog hy het gemaak dat die O.B. en die party nie op mekaar se terreine moes oortree nie.⁷⁰

Op Nuwejaarsdag 1941 is aangekondig dat dr. J.F.J. van Rensburg as nuwe kommandant-generaal van die O.B. aangewys is.⁷¹ 'n Maand later het dr. Malan dit nodig gevind om bewerings dat die O.B. besig was om die Party dood te groei, as onwaar te bestempel.

67. Die Burger, 5.10.1940.

68. Die Burger, 16.10.1940.

69. Die Burger, 27.11.1940 (Fraserburg), 7.12.1940 (Hanekuil), 21.12.1940 en 25.12.1940 (Fraserburg).

70. Die Burger, 31.10.1940 (te Cradock). Pas tevore is 'n oorkoms tussen dr. Malan en die Grootraad van die O.B. getreue waarvolgens o.a. soewereiniteit in eie kring gewaarborg is. Kyk Van Heerden: Nasionaal-Sosialisme..., pp. 190 - 192. In sy afgewaterde, gepubliseerde herinneringe, Afrikaner-eenheid en my Ervaringe op die Pad daarheen (pp. 188 - 189) verwys dr. Malan ook kortliks hierna.

71. Die Burger, 1.1.1941. Volgens Van Rensburg self (Their part Crossed Mine, p. 165) was die militêr-politieke toestand destyds die vernaamste oorweging vir sy aanvaarding van die pos.

Albei groei geweldig en is "verenigd soos nooit tevore nie", maar elk funksioneer tog op sy eie terrein, het Malan die ver-sekering gegee.⁷²

Ook Eric Louw, steeds 'n gewilde spreker op Nasionale byeenkomste, se entoesiasme vir die O.B. was skynbaar so onbegrens soos tevore. Op 'n vergadering te Goodwood vroeg in Februarie 1941, het hy na Smuts se oorlogstydse regulasies verwys, wat ook teen die O.B. gemik was. "Hulle kan die O.B. onwettig verklaar, maar hulle sal hom waaregtig nie doodmaak nie", het hy onder dawerende toejuiging beklemtoon. Maar hy het tog nie die Herenigde Nasionale Party vergeet nie en bygevoeg dat albei, die party en die O.B., gekom het om te bly. Aanvulling, die nouste samewerking en gedurige raadpleging was die riglyne wat hy vir 'n goeie verhouding tussen die party en die O.B. neergelê het.⁷³ Oswald Pirow was saam met Louw op dieselfde verhoog en het na die partystelsel verwys as "n ingevoerde ding" wat by gebrek aan iets beters, tydelik behou moes word. Vir die O.B. het hy net lof gehad.⁷⁴

Daar was onrus in Nasionale geledere. Die prominensie wat ongeveer ses maande vroeër in die Nasionale pers aan die O.B. verleen is, het vinnig begin afneem en voortaan sou die party alhoemeer op die voorgrond gestoot word. Vir hierdie doel is o.a. deeglik op Louw staatgemaak. Waar hy reeds op Goodwood kortliks na die rol van die party in die verwesenliking van die groot vryheidsideaal verwys het, het hy 'n paar dae later pertinent die aandag op die rol van die H.N.P. op die politieke terrein gevestig. Al het die

72. Die Burger, 1.2.1941: te Piketberg.

73. Die Burger, 11.2.1941.

74. Die Burger, 11.2.1941.

partystelsel gebreke, moes gewaak word teen die aftakeling van die politieke strydskrag wat deur die party gevorm word. Hy het dit baie duidelik gestel dat die verkryging van 'n republiek en die vaslegging van die karakter daarvan op hierdie terrein lê. Die "aanvulling" wat op Goodwood deur hom aangedui is as een van die drie riglyne wat die verhouding tussen die party en die O.B. ten grondslag lê, is nou vervang met "wedersydse vertroue

Hierdie toespraak van Louw, asook 'n ondersteunende hoofartikel in Die Burger waarin die terreine van die party, die O.B. en die Reddingsdaadbond uitgelê is,⁷⁶ dui duidelik op gisting en woel agter die skerms. Opsigtelik was dit gerig teen sekere O.B.-leiers se aversie teen die party-politiek, asook teen die minagtende houding wat die nuwe leier van die O.B. in sy eerste openbare optrede teenoor die demokrasie ingeneem het.⁷⁷

Die spanning was aan die oplaai. Met sy eerste optrede in Kaapland het Van Rensburg voor 'n buitengewoon groot skare van 7 000 mense baie aandag aan die gewildheid van die O.B. gegee en die liggaam as die "enigste defensiewe wapen" van die Afrikanervolk beskryf. Dit is veral opmerklik dat Van Rensburg nie een keer die H.N.P. verwys het nie, maar dit as die O.B. se taak beskou

75. Die Burger, 14.2.1941: voor Junior N.P.-tak, Kaapstad.

76. Die Burger, 14.2.1941.

77. Twee lede van die O.B. Grootraad, J.A. Smith en ds. S.J. Stander, het in toesprake die politieke party sy bestaans in die heersende tydsgewrig ontsê. Kyk Van Heerden: Nasionaal-Sosialisme..., p. 203. In sy gepubliseerde herinnering verwys Van Rensburg kortliks na die stryd tussen die O.B. en die H.N.P., dog hy meld niks van hierdie houding wat die tyd deur die O.B. betreffende politieke partye en die demokrasie ingeneem is nie. Kyk Van Rensburg: Their paths Crossed Mine, pp. 203 - 208.

om 'n aktivistiese gees by die Afrikaner aan te kweek en om rigting en inhoud daaraan te gee.⁷⁸ 'n Dag later bestempel Strydom die party as "die groot wapen aan die politieke front" en lê hy en Ben Schoeman baie klem op die belangrikheid van die H.N.P. in die stryd.⁷⁹ Twee weke later, op 'n vergadering op Beaufort-Wes, repudieer Strydom die O.B.-leier tussen die lyne deur met die stelling dat die H.N.P. die demokrasie met sy gebreke sal hervorm en nie vernietig nie.⁸⁰ By dié geleentheid het Louw weer met al sy welsprekenheid die Nasionale Party verdedig en terreine vir die party en O.B. afgebaken, om daarna tot dié konklusie te geraak: "Diegene wat dus op hierdie tydstip die partystelsel veroordeel en daardeur vertroue in die Verenigde Nasionale Party afbreek, doen die Afrikanersaak geen goed nie..."⁸¹

Louw en Strydom se houding was heeltemal in lyn met die leiding wat dr. Malan reeds vroeg in Maart gegee het.⁸² Op 24 Maart te Stellenbosch het dr. Malan weer die toekomsbeleid tussen party en O.B. uitgespel as synde een van hulpverlening en terreinafbakening en gebaseer op 'n onderlinge ooreenkoms, met die hoop dat die gerugte oor onenigheid nou tot 'n einde sou kom.⁸³ Vroeg in April

78. Die Burger, 25.2.1941.

79. Die Burger, 26.2.1941.

80. Die Burger, 15.3.1941. Vgl. ook Die Burger, 26.4.1941, vir Strydom se siening omtrent 'n republiek.

81. Die Burger, 15.3.1941.

82. Die Burger, 5.3.1941: 'n huldigingsfees te Kaapstad. Pas tevore het die beleidskomitee van die H.N.P. besluit dat die onmisbaarheid van die party beklemtoon en 'n voorbarige verworping van die demokrasie vermy moes word. Kyk J.H.O. du Plessis-vers., band 2: A.L. Geyer/JHODP, 1.3.1941.

83. Die Burger, 25.3.1941. Die vergadering, gereël deur die Junior H.N.P.-tak, het 3 000 mense gelok.

het die Federale Raad van die H.N.P. dr. Malan se sieninge in verklaring as amptelike partybeleid bevestig.⁸⁴

In 'n mate gerus gestel deur oorwinnings in die tussenverkiesi in Fauresmith en Smithfield in Maart 1941,⁸⁵ wat vir dr. Mala teken was dat die skeuring vanweë Hertzog en Havenga se uittr nie so 'n ernstige verdelingsfaktor was nie,⁸⁶ kon voortgegaan met die uitdra van die beeld van die H.N.P. as die politieke "front" van die Afrikaner. Saam met Strydom⁸⁷ en Swart⁸⁸ het Louw volgehou met sy verdediging van die party en tot 'n veren front, getrouheid aan die party en ondersteuning van die leie aangespoor.⁸⁹ Soos Malan en die Federale Raad vroeër, het Lo dit as ongewens beskou dat op daardie tydstip oor die presies vorm van 'n toekomstige republiek hare gekloof word. Hy het d gewys dat dr. Malan as leier die toestande goed dophou en dat toekoms en aspirasies van die volk in sy hande veilig was, dan moes hy sy volgelinge se volle ondersteuning kry.⁹⁰

84. Die Burger, 10.4.1941. Die eintlike doel van die verkle was om die party se na-oorlogse beleid aan die kiesers te verduidelik. Nasionaal-sosialisme is onvoorwaardelik ver terwyl 'n republiek en verbreking van die Britse konneksie doelstellings neergelê is. Kyk o.a. ook J.H.D. du Pless: vers., band 2: A.L. Geyer/JHdP, 29.3.1941. Geyer was van die H.N.P. se beleidskomitee.

85. Die Burger, 21.3.1941. Dr. T.E. Dönges en mnr. Jim Fouche het dié setels ingepalm.

86. Die Burger, 21.3.1941.

87. Die Burger, 26.4.1941: te Riebeeck-Wes.

88. Die Burger, 2.5.1941: te Bellville.

89. Die Burger, 2.5.1941: te Bellville.

90. Die Burger, 26.4.1941: te Riebeeck-Wes.

Van Rensburg het hom skynbaar nie gesteur aan hierdie krampagtige pogings om hom hok te slaan nie. Middel-Mei het hy in Louw se vesting, Beaufort-Wes, die Herenigde Nasionale Party se funksie tot die parlementêre terrein beperk en die heersende krisis as 'n buite-parlementêre, 'n volkskrisis bestempel. Hy was duidelik ingenome: "In hierdie buite-parlementêre krisis stroom die Afrikanerdom na die O.B."⁹¹ Malan het skerp gereageer: die party is nie net die parlementêre front nie, maar "die politieke terrein strek dwarsdeur die land waar die herenigde Afrikanerdom hom bevind." Op bedekte wyse het hy gewaarsku dat die politieke organisasie nêrens ter wêreld verban is nie, en betekenisvol bygevoeg: "Jy kan nie twee here dien nie. Die politieke party vereis op politieke gebied onverdeelde lojaliteit. Dit is 'n feit wat in gedagte gehou moet word."⁹²

Agter die skerms is koersagtig gekoukus om die vrede te bewaar, en Van Rensburg het tydelik teruggekrabbel.⁹³ Van Nasionale kant is steeds ywerig probeer om entoesiasme vir die party as "politieke strydmag" op te wek, terwyl ook al hoe meer klem gelê is op 'n beeld van dr. Malan as "volksleier", veral nadat Van Rensburg uit O.B.-geledere as "n leier ... deur die volk aangewys" bestempel is.⁹⁴

91. Die Burger, 15.5.1941. Volgens hom het die O.B. die demokrasie verwerp.

92. Die Burger, 17.5.1941: te Malmesbury.

93. Vgl. Van Heerden: Nasionaal-Sosialisme..., pp. 210 e.v.

94. Die Burger, 19.5.1941: Die opmerking is gemaak deur J.A. Smith. Volgens skatting van Die Burger, was 'n skare van tussen twaalf en vyftienduisend mense op Bellville teenwoordig. 'n Hoofartikel in dieselfde uitgawe openbaar ondertone van groot kommer, soos o.a. blyk uit 'n opmerking dat die party "n leier moet hê wat deur dik en dun vertrou kan word omdat hy as versierende staatsman en as onbaatsugtige volksman deur die smeltkroes gegaan het." In die persoon van dr. Malan beskik die party oor so 'n leier, het die hoofartikel besluit.

Eric Louw het in hierdie veldtog om die beeld van die party e van Malan uit te bou, geen geringe aandeel gehad nie.

Op 'n "Boeredag" te Brakpan (24 Mei),⁹⁵ voor die plaaslike tak die Nasionale Party in sy tuisdorp (9 Junie),⁹⁶ tydens vergadering te Mooresburg (12 Junie)⁹⁷ en Kimberley (28 Junie),⁹⁸ op verskeie plekke tydens 'n uitgebreide toer in Transvaal gedurende die laaste helfte van Julie⁹⁹ en vir omlaas op Fraserburg op 25 Julie,¹⁰⁰ het Louw mobilisasie binne die Nasionale Party en met Malan as leier aangemoedig. Hy het ook telkens gewys op die noodsaaklikheid van die verkryging van eenheid, veral met die oog op die bestryding van Smuts en sy oorlogsbeleid. Ook moes groeppvorming bestry word, alhoewel hy nie daarmee 'n organisasie soos die O.B. verwerp het nie. Hy het nog steeds die teorie van soewereiniteit in eie kring aangehang en na die O.B. en ander organisasies as "susterorganisasies" verwys.

Aan die begin van Augustus 1941 was dit weer dr. Malan wat, saam met J.G. Strydom, 'n toer in Transvaal onderneem het. Terwyl hy op vergadering na vergadering die republikeinse strewe verkond en die nasionaal-sosialisme as stelsel verwerp het,¹⁰¹ het dr. Van Rensburg op 9 Augustus te Elsburg, verwysende na die voort

95. Die Burger, 26.5.1941.

96. Die Burger, 11.6.1941 en 14.6.1941.

97. Die Burger, 13.6.1941.

98. Die Burger, 3.7.1941.

99. Die Burger, 10.7.1941.

100. Die Burger, 1.8.1941.

101. Hul toesprake is uitvoerig in Die Burger en Die Transvaal gerapporteer.

durende onenigheid op die politieke front, die deure van die O.B. vir elke Afrikaner en spesifiek ook vir nasionaal-sosialiste oopgegooi. Hy het selfs gemeen dat die republikeinse ideaal nie binne die terrein van die politieke front lê nie en het dus die O.B. se omstrede optrede in dié verband kort tevore, nl. die publikasie van Omsendbrief 1/41,¹⁰² gekondoneer.¹⁰³

Malan het op die Transvaalse N.P.-kongres vroeg in Augustus vir Van Rensburg die stryd aangesê en in die proses ook na Pirow gemik, wat toe die party verlaat en kort daarna sy Nuwe Orde gestig het.¹⁰⁴ Beskuldigings is oor en weer geslinger en 'n keerpunt is bereik toe mnr. P.W. Botha op 19 Augustus sy bedanking as amptenaar en lid van die O.B. in die pers bekend gemaak het.¹⁰⁵ Kort hierna is 'n aantal ander vooraanstaande Kaapse lede van die O.B., waaronder mnr. en mev. Paul Sauer en professore E.C. Pienaar, H.B. Thom, P.J. Schoeman en J.G. Meiring, as lede van die organisasie geskors.¹⁰⁶

Eric Louw, wat intussen al weer 'n reeks byeenkomste in die Vrystaat toegesprek het, het volgehou dat die H.N.P. "op die gebied

102. Dié omsendbrief, wat die grondbeginsel van 'n republikeinse staatsbeleid omvat het, het noue ooreenstemming met die H.N.P. se beleid getoon. Daar het 'n groot rusie juis oor die publikasie hiervan ontstaan. Kyk Van Heerden: Nasionaal-Sosialisme..., pp. 219, 221, 227, 236 e.v.

103. Die Burger, 11.8.1941.

104. Van Heerden: Nasionaal-Sosialisme..., pp. 227 - 228 en 230 - 231. Kyk ook Die Burger, 13.8.1940, vir Malan se toespraak en 'n verklaring van Pirow en sy ondersteuners.

105. Die Burger, 19.8.1941. Botha was lid van die Kaapse Beheerraad van die O.B. en ook leier van die dagbestuur.

106. Die Burger, 22.8.1941.

van party-politieke leiding die enigste organisasie is wat die nasionaalgesinde Afrikanerdom verteenwoordig".¹⁰⁷ Hy het ver-
aandag gewy aan die Nuwe Orde-groep van Pirow, wie se politie-
opvatting hy as in stryd met die party se beleid beskou het.
Boshof het hy die Nasionale Party se standpunt ten opsigte van
die demokrasie en 'n republiek, wat die groot twispunte tussen
Nasionale Party en die ander organisasie was, duidelik uiteer-
gesit:¹⁰⁸

"Niemand sal ontken dat ons ingrypende veranderings in ons
staatsvorm sal moet maak as ons die republiek kry nie. On-
stem almal saam dat die hedendaagse vorm van Brits-Joodse
demokrasie 'n verrotte stelsel is wat uitgeroei moet word.
Met die opstel van die grondwet van die nuwe republiek sal
ons rekening moet hou met die moderne omstandighede. Ons
leer uit die stelsels van Europa en sekere dinge oorneem
wat nie in stryd met die Afrikaner se volksaard is nie. [Dit]
is egter nie nou die tyd om in die openbaar propaganda te
maak vir die een of ander stelsel soos Nasionaal-sosialisme
fascisme e.d.m. nie. Dit is nie nou die tyd om die volk te
verdeel oor sake waaromtrent daar noodwendig meningsverskil
moet wees en wat, op slot van rekening, die oorgrote meerder-
heid nie verstaan nie.

"Wat ons wel in die openbaar kan doen, is om in breë trekke
aan ons volk te sê watter soort republiek ons gaan kry; en
dit 'n Afrikaner-republiek gaan wees wat hom sal aanpas by
aard, karakter en tradisies van ons Boerenasie. Ons is ver-
slote dat die seggenskap in hande sal bly van die diepgewo-
ne bevolking van ons land en van diegene wat trou is aan ons
republiek.

"Voordat ons egter die republiek kan kry, moet die skakels
Engeland eers verbreek word; en voordat ons die skakels
verbreek, moet ons die politieke mag in hande kry. Ten e-
inde die mag in hande te kry, is 'n politieke stryd nodig. En
dié stryd is 'n politieke party nodig."

Oor die Malan-Van Rensburg konfrontasie was Louw aanvanklik t

107. Die Volksblad,

108. Die Volksblad, 20.8.1941.

versigtig; dit moes in die hande van die hoofleier gelaat en so min moontlik vanaf openbare verhoë daarna verwys word.¹⁰⁹

Samewerking en wedersydse vertroue was nodig, maar hy het volgehou dat die stryd om vryheid 'n politieke stryd was.

Die woorde-oorlog tussen Malan en Van Rensburg het intussen uitgeloop op 'n ultimatum dat laasgenoemde die O.B. van die politieke terrein moes terugtrek.¹¹⁰ Terwyl die Afrikaner-Eenheidskomitee en prof. L.J. du Plessis in sy persoonlike hoedanigheid desperate pogings aangewend het om die dreigende skeuring te voorkom,¹¹¹ is Eric Louw aan die einde van Augustus as O.B.-lid geskors op aanklag van "ondermynende en afbrekende kritiek teen die Ossewa-brandwag en sy leier." Skygbaar is dié stap gemotiveer deur Louw se toespraak op 21 Julie te Beaufort-Wes. Groot vriend, oom Soppie Hattingh, het uit protes teen dié optrede oombliklik sy bedanking as O.B.-lid ingedien.¹¹²

Die optrede teen Louw persoonlik het meegebring dat hy sy kragte met groter ywer in die stryd teen die O.B. ingegooi het. Te Sutherland het hy onomwonde verklaar dat die O.B. onder Van Rensburg se leiding van sy aanvanklike doelstellingen en strewe afgedwaal en al hoe meer met party sake begin inmeng het. Oor die reg tot voortbestaan van die party was hy baie beslis en het gesê dat daar nooit 'n O.B. sou gewees het nie as dit nie was dat die Nasionale Party die volk "nasionaal laat dink en voel het nie".

109. Die Burger, 23.8.1941: te Beaufort-Wes.

110. Die Burger, 28.8.1941: te Stellenbosch.

111. Vir besonderhede, kyk Van Heerden: Nasionaal-sosialisme..., pp. 240 - 254

112. Die Burger, 1.9.1941; Die Kourier, 3.9.1941.

In antwoord op 'n vraag het hy duidelik laat blyk dat om lid van die O.B. te bly, beteken dat die beleid van dié beweging, wat stryd is met party-beleid, onderskryf word.¹¹³ Onmiskenbaar sy advies dus om uit die O.B. te bedank, hoewel nie in soveel woorde en met die nodige klem gesê nie. Twee weke later, op 3 Oktober 1941, het dr. Malan 'n ernstige beroep op Nasionalis gedoen om uit die O.B. te bedank en hulle voortaan te wy aan die versterking van die H.N.P.¹¹⁴ Die beweging wat kort tevore so op die hande gedra is, het nou gedreig om die H.N.P. lam te lê en moontlik selfs te vernietig. Daarom moes die O.B. bevestig word.¹¹⁵ Eric Louw het homself uit eie vrye wil maar ongetwy ook uit hoër kringe daartoe gesanksioneer, in die voorste lirie van dié stryd bevind.

Pas 'n dag na Malan se oproep het prof. L.J. du Plessis, voorsitter van die Eenheidskomitee, 'n dringende beroep op party-lede gedoen om nie dadelik op Malan se oproep te reageer nie en die publisitasie van die verrigtinge van sy komitee af te wag.¹¹⁶ Eric Louw het die berig die oggend gelees en daardie selfde middag en saterdagaand te Port Elizabeth en Kirkwood 'n striemende aanval op Du Plessis gedoen oor "die onbehoorlikheid (om dit sag uit te druk) van 'n universiteitsprofessor om hom in te meng met die sake van die party en daarby nog party-lede aan te spoor tot dislojaliteit teenoor hulle leier."¹¹⁷

113. Die Burger, 24.9.1941: te Sutherland. Kyk ook Die Burger, 26 en 27.9.1941, 6 en 24.11.1941, vir ander vergaderings in sy kiesafdeling.

114. Die Burger, 3.10.1941.

115. Kyk o.a. Van Heerden, Nasionaal-Sosialisme..., p. 206.

116. Die Burger, 4.10.1941.

117. Die Burger, 6.10.1941. Vgl. ook Van Heerden: Nasionaal-Sosialisme..., pp. 251 - 254.

Op hoë vlak is daar steeds pogings aangewend om eenheid te bewerkstellig,¹¹⁸ dog dit het mettertyd duidelik begin word dat die twee groepe nie te versoen was nie. Die stryd teen die O.B. is intussen onverpoosd voortgesit en Louw het by elke byeenkoms waar hy opgetree het, die aandag daarby bepaal. Einde Oktober was hy weer in Transvaal waar hy 'n aantal vergaderings aan die Rand toegesprek het. By geleentheid is hy aan die Transvalers voorgestel as "n man wat in tyd van krisis nooit sy lyf wegsteek nie".¹¹⁹ Op Germiston het hy die Ierse Vryheidsstryd op die Suid-Afrikaanse situasie van toepassing gemaak: na 'n mislukte rebellie is die stryd op politieke gebied voortgesit, en ten spyte daarvan dat De Valera ook sy Van Rensburgs gehad het (in die Ierse Republikeinse Leër), het die volk by De Valera gestaan en het hulle hul vryheid verkry.¹²⁰ Op al die vergaderings het hy dr. Malan as leier en as persoon wat koers gehou het, hoë lof toegeswaai maar tegelykertyd vir Van Rensburg met sy "Van Rensburg-party" skerp gekritiseer.¹²¹ Op 20 November het hy op 'n vergadering te Beaufort-Wes die aandag daarop gevestig dat daar nog baie ampsdraers van die party en selfs volksraads- en provinsiale-raadslede was wat aan die O.B. behoort het. Diesulkes, het hy vermaan, speel 'n dubbele rol en ondermyn die party.¹²² Sy eie L.P.R., mnr. J. Minnie, was ongetwyfeld deels die inspirasie tot

118. Van Heerden: Nasionaal-Sosialisme..., p. 257 e.v.

119. Die Transvaler, 28.10.1941: te Linden.

120. Die Transvaler, 31.10.1941.

121. Vanweë Van Rensburg se oënskynlike politieke aspirasies het hy verkies om na die O.B. as die "Van Rensburg-party" te verwys, klaarblyklik met propaganda-oogmerke. Hy het ook op Springs, Benoni, Turffontein en Langlaagte opgetree, meestal saam met Ben Schoeman. Kyk Die Transvaler, 28.10.1941 - 5.11.1941.

122. Die Burger, 24.11.1941.

hierdie waarskuwing.

Louw het weer sterk tot die verdediging van dr. Malan gekom en wel na aanleiding van "skandalige" voorstellings van Malan in die mondstuk van die O.B.¹²³ Ook het hy hom verheug in die feit dat 'n onlangse O.B.-saamtrek op Beaufort-Wes, waarheen adv. E. Vorster spesiaal as hoofspreker oorgekom het, slegs ongeveer tigtot negentig persone gelok het.¹²⁴ Op 'n vergadering voor junior Nasionaliste van sy dorp twee weke later was daar vir verandering geen verwysing na Van Rensburg en die O.B. nie,¹²⁵ toegeskryf kan word aan voortgesette onderhandelings tussen Malan en Van Rensburg en 'n beroep van dr. Malan om dié saak voorlopig as sub judice te beskou.¹²⁶

In sy Nuwejaarsboodskap aan die Afrikanervolk het dr. Malan gepraat van die "hoogtepunte" in die eenheidstrewe, maar ook "al die onnodige moeilikhede" daarna, en van die Afrikanerdom "bittere teleurstellings". Hy het verder die party voorgestel as "die enigste beskermmer en kampvegter van ons eie nasieskap" wat die volk doelbewus en koersvas na 'n republiek sou lei. Eers het hy die gewaarsku teen die poging om van binne af verbrokkeling aan te help en ter wille van persoonlike motiewe of vreemde

123. Hier is verwys na die publikasie van 'n aantal uittreksels van toesprake van Malan, waarmee aangetoon is dat Malan wels oor aktuele sake van opinie verander het. Dié uittreksels is aanvanklik in afgerolde vorm versprei onder die titel "Die Kronkelgang van 'n Party". Kyk Roberts and The South African Opposition, pp. 105 - 106.

124. Die Burger, 24.11.1941.

125. Die Burger, 16.12.1941.

126. J.H.O. du Plessis-vers., band 2: EHL/JHODP, 31.12.1941.

stelsels, verwarring te skep.¹²⁷

Dit was egter weer Eric Louw wat die eerste skote van Nasionale kant in die Strand "afgelos" het, by welke geleentheid hy sterk teen diegene wat die party by die volk in onguns wou bring, te velde getrek het. Hy het Pirow en sy ondersteuners by die naam genoem en ook stilgestaan by wat hy beskou het as Van Rensburg se aspirasies om volksleier te word. Al was die saak sub judice, was Louw van gevoel dat daar geen verdere onderhandelinge met Van Rensburg gevoer moes word nie,¹²⁸ en het hy dit ook so in sy toespraak laat deurskemer. Hy het O.B.-lede uitgenooi om by die party aan te sluit en goeie organisasie en eenheid van leiding en optrede bepleit: "Laat ons die erkende Volksleier vertrou en nie toelaat dat ons kragte verdeel word deur afwykende rigtings van binne en ondermynende organisasies van buite nie."¹²⁹ Hierdie was 'n duidelike verwysing na Pirow en Van Rensburg se organisasies. Met hierdie sielkundige voorbereiding het die Nasionaliste op 9 Januarie 1942 verneem dat die onderhandelinge tussen Malan en Van Rensburg op 'n dooie punt uitgeloop het.¹³⁰

Gedurende 1942 is die stryd teen die O.B. daadwerklik voortgesit, maar met die formele afskeiding van die Nuwe Orde en 'n skynbare hertoetreding van genl. Hertzog tot die politieke toneel het die front nou veel wyer vertoon. Hierdie groepe gesamentlik is deur

127. Die Burger, 29.12.1941.

128. J.H.O. du Plessis-vers., band 2: EHL/JHODP, 31.12.1941. In dié brief motiveer Louw sy standpunt vooraf aan die redakteur van Die Oosterlig.

129. Die Burger, 5.1.1942.

130. Die Burger, 9.1.1942.

Louw as "verbrokkelende organisasies" bestempel.¹³¹

Genl. Hertzog het in Oktober 1941 die wenkbroue van vriend en opponent laat lig met 'n verklaring waarin hy hom sterk ten gunne van nasionaal-sosialisme, aangepas by plaaslike omstandighede uitspreek. 'n Maand later het hy dit bevestig met 'n "ope brief aan die Afrikanervolk."¹³² Genl. Hertzog se politieke swanesaal waarin hy baie duidelik na Van Rensburg oorgehel het, het die Nasionaliste nie aangestaan nie en selfs sy volgelinge erg in verleentheid geplaas.¹³³ Hy was opsigtelik nie meer 'n faktor die Suid-Afrikaanse politiek nie, hoewel daar tog aandag gegee is aan die moontlikheid dat hy, Van Rensburg en Pirow 'n kombinasie kon vorm.

Eric Louw, wat reeds lank voor die finale breuk tussen Hertzog en die H.N.P. sy eertydse hoof geweeg en te lig bevind het, het aanvanklik hard probeer om Hertzog se ondersteuners te oortreë sonder hul leier na die H.N.P. oor te kom. Dit het nie ten volle gerealiseer nie, maar tot die stigting van die Afrikaner Party gelei, waardeur kragte van die Afrikaners nog meer versplinter toe. Havenga, as buite-parlementêre leier van die Afrikaner Party teen die middel van 1941 die stelling maak dat die gebeure op 4 September 1939 die vrye keuse van die volk was, het Louw onmiddellik en heftig swaarde met hom gekruis, sy opmerkinge as onsin beskryf en opgemerk dat Havenga nog vaskleef aan "die ou uitgediende en gediskrediteerde teorie van onafhanklikheid binne die Britse Ryk." In teenstelling daarmee, het sy volgelinge d

131. Van Heerden: Nasionaal-Sosialisme..., p. 277 e.v.

132. Die Burger, 29.7.1942: te Ermelo.

133. Vir 'n bespreking van hierdie aangeleentheid, kyk Van Heerden: Nasionaal-Sosialisme..., pp. 273 - 277.

republikeinse ideaal aangehang. Hierdie poging om leier van volgelinge te probeer vervreem is opgevolg met die stelling dat Havenga nog die Afrikaner Party na die "Sappe" sou lei.¹³⁴ Louw sou in elk geval dié houding van Havenga nie maklik vergeet nie.

Die stryd teen ondermyning deur die Nuwe Orde en die O.B. het in toenemende mate gepaard gegaan met aanvalle en afkeurende kritiek op die O.B.-leier, met onder andere die beskuldiging dat hy die O.B. van sy aanvanklike koers afgedwing het. Praktiese bewyslewering hiervan het vroeg in 1942 geskied en wel tydens die opspreekwekkende en tegelykertyd tragiese gebeure rakende stoelheld Johannes van der Walt.

Van der Walt, wat in die vooraangaande jare die verbeelding met sy pragvertonings en suksesse in die stoeikryt aangegryp en veral ook beroemdheid verwerf het as die "Gemaskerde Wonder", was 'n entoesiastiese lid van die Ossewa Brandwag. In Desember 1941 is hy gearresteer, skynbaar net nog 'n slagoffer van die regering se interneringsbeleid. Voordat sy saak egter kon voorkom, het hy uit die selle ontsnap en hom 'n tydlank skuil gehou. Hy is egter opgespoor en het, voortvlugtende, 'n skietwond in die rug opgedoen. Na dertien maande se intense lyding is hy oorlede.¹³⁵

Op 2 Februarie 1942, terwyl Van der Walt nog op vrye voet was, het dr. Malan 'n dramatiese beëdigde verklaring van hom in die volksraad ter tafel gelê, waarin skerp te velde getrek is teen die rigting wat die O.B.-leiding ingeslaan het.¹³⁶ Die egtheid

134. Die Burger, 11.6.1941: voor N.P.-tak, Beaufort-Wes.

135. Vir besonderhede oor sy lewensgeskiedenis, kyk J. Albert Coetzee: Johannes van der Walt - Volkskampioen.

136. Debatte van die Volksraad, vol. 43 (1942): kol. 1315-1330.

^{bedagte}
~~De~~ Die Verklaring van Dr. Malan
des Parlement. Voorgesien het, ~~dat~~
~~het~~ het. Ek was uit-^{verwagting}gelykend
en was deur niemand beïnvloed in
~~myne~~ Beween word nie.

Ek is lief bekommerd oor die verdeling
van my mensse, en oor die verwarring
- jekes word deur mensse sonder ^{Dr. Malan}
indien. Ek wil my ~~te~~ volk ernstig
wys maak om hulle nie te laat verlei in
- mensse wat ^{hulle} is 'n voordeel ons
mensse hou verdeel. ~~Ek~~ by mededeling
- verstaan by hulle & beproefde
- verbringe Rits - en hulle moet
- aan staan, want dan alleen sal
- ons vryheid kry. Verkleen loof!

Johannes van der Walt

van die dokument is veral in O.B.-kringe in twyfel getrek en die beskuldigings teen O.B.-leiers is verwerp,¹³⁷ dog van die kant van die Nasionaliste is volgehou dat dit eg was. By drie geleenthede het Van der Walt aanvullende verkларings ter ondersteuning van die oorspronklike uitgereik. Een hiervan is gedoen aan en versprei deur Eric Louw, wat Van der Walt op een van sy Transvaalse reise in die hospitaal besoek en die groete van Kaaplandse Nasionaliste aan hom oorgedra het.¹³⁸

Afgesien van die politieke tragiek wat in hierdie gebeure opgesluit lê, was daar ook die menslike element, wat vir Eric Louw diep geraak het:¹³⁹

"Dit is moeilik om my gevoelens te beskrywe toe ek die pragtiggeboorde Afrikaner daar sien lê, meer hulpeloos as 'n pasgebore babatjie. Hy kan sy liggaam nie beweeg nie, en aan my is vertel dat hy baie pyn moet verdra. Sy toestand bly maar bedenklik. As stoel het Johannes van der Walt baie swaar gevegte deurgemaak, maar nou is hy in die swaarste geveg van almal gewikkel. Hy veg vir sy lewe. Oor die hele land is daar tienduise Afrikaners wat angstig wag op die uitslag van hierdie geveg."

Hoewel die laaste hoofstuk in die tragiese verhaal van Johannes

-
137. Vir 'n bespreking van hierdie saak, kyk Van Heerden: *Nasionaal-Sosialisme...*, pp. 293 - 295. Kyk ook J.D. Jerling-vers., band 42: brief van Jerling aan Johannes van der Walt, 25.2.1942. Vgl. ook vertelling van Hans Rooseboom, in *Dagbreek*, 17.8.1969.
 138. E.H. Louw-vers., band 90: O.B.-dokumente. Volgens dr. C.F. Krige het Louw hom etlike kere besoek en moed ingespraak - feitlik die enigste partyman wat dit gedoen het: Persoonlike Korrespondensie, CFK/PFvds, 6.4.1970.
 139. Soos dikwels deur Louw gedoen is, het hy hierdie ervaring kort na sy besoek aan Van der Walt opgeteken. Kyk E.H. Louw-vers., band 90. Sy ervarings is ook geopenbaar in die toespraak wat hy te Eppingtuindorp gehou het (*Die Burger*, 14.3.1942).

van der Walt nog nie geskryf is nie,¹⁴⁰ het dié gebeure ongetwyfeld die O.B. n kwaai knou gegee. Naas dr. Malan se gebruik van die verklaring in die volksraad en die veroordeling van die O.B. na aanleiding daarvan, het ook Eric Louw dit op vergadering in die veldtog teen veral die O.B.-leiers opgehaal.¹⁴¹ "Die volk sal luister na die woorde van n eenvoudige en opregte Afrikaner en staan by sy beproefde leier wat hom na n onafhanklike republiek sal lei", was die toepassing wat Louw hierop gemaak het.¹⁴²

Nasionale voormanne het van vergadering tot vergadering gegaan om die party en sy leier se beeld by die volk te bevorder, in teenstelling met die aftakeling van veral die persoon van Van Rensburg.¹⁴³ Hierdie veldtogte het in momentum toegeneem toe die doodsvonnisse oor H.S. van Blerk en Julian Visser uitgespreek is vir hul aandeel in die opblaas van die poskantoor in Benoni.¹⁴⁴ Onmiddellik na die vonnisse gevel is, het dr. Malan gevolg deur C.R. Swart, dringende beroepe om genade tot die oordeel gerig en hul volgelinge versoek om petisies op te stel

140. Toe sekere koerante etlike jare gelede "onthullings"-artikels oor hierdie gebeure gepubliseer het, het gevoelers by tye weer hoog geloop. Kyk Die Vaderland, 1.4.1969 en Dagbreek en Landstem, 10.8.1969 - 7.9.1969.

141. Die Burger, 14.3.1942 (te Eppingtuindorp) en 31.3.1942 (te Sutherland).

142. Die Burger, 14.3.1942: te Eppingtuindorp.

143. Van Rensburg het later daarna verwys as "the usual whisper campaign and the poisonous insinuations", soos o.a. die storie oor sy beweerde skakeling met genl. Smuts. Kyk Van Rensburg: Their Paths Crossed Mine, pp. 206 en 255.

144. Die Burger, 10.7.1942.

en te onderteken.¹⁴⁵ Eric Louw wat reeds in Februarie teen bomontploffings gewaarsku en die destydse voorvalle toegeskryf het aan propaganda wat die volk wysmaak dat 'n republiek nie by die stembus verkry kon word nie,¹⁴⁶ het hom ook by hierdie protes-
 koor¹⁴⁷ aangesluit en die twee veroordeeldes as "slagoffers van onverantwoordelike leiding" bestempel. Hy het daarop gewys dat die rebellie- of revolusiemetode om volksvryheid te verkry, slegs die wêreld se goedkeuring wegdra indien dit suksesvol is; in die moderne tyd kan so-iets slegs met die steun van die militêre magte slaag: "Vryheid word nie 'n duim nader gebring deur draadknippery en bomontploffings nie", het hy gemaak, en die politieke wapen as enigste uitweg aangetoon. En alhoewel hulle geen alternatief kan bied nie, wil die Pirowe en die Van Rensburgs hierdie wapen weggooi.¹⁴⁸

Wat gedreig het om in 'n tweede Jopie Fourie-geval te ontwikkel, is afgewend toe die regering die doodsvonnisse van Visser en Van Blerk in lewenslange gevangenisstraf verander het. In 1948, met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party, is aan hulle amnestie verleen.

Teen die einde van die hoëveldse winter van 1942 het Eric Louw 'n aantal vergaderings in Oos-Transvaal en aan die Rand gehou en grotendeels die party se stryd teen die O.B. op vergadering na

145. Die Burger, 10.7.1942 en 11.7.1942.

146. Die Burger, 3.2.1942: te Beaufort-Wes.

147. Oral in die land is vergaderings gehou en petisies onderteken. Teen 17 Julie het meer as 70 000 persone al om benadiging van die veroordeeldes gevra. Kyk Die Burger, 11-17.7.1942.

148. Die Burger, 15.7.1942: te Beaufort-Wes.

vergadering behandel.¹⁴⁹ In die proses het hy, in lyn met par
besluite vroeër in die jaar, op die positiewe aspekte van die
party se beleid en veral die republikeinse strewe klem gelê.
ook al die uitslag van die oorlog mog wees - 'n Duitse of 'n Bri
oorwinning of 'n dooiepunt - sou daar voortgegaan word totdat d
ideaal verwesenlik word.¹⁵⁰

'n Egte Afrikaanse republiek ooreenkomstig Afrikaanse ideale, g
woontes en tradisies, geregeer deur persone met onverdeelde tr
jeens Suid-Afrika (Jode en jingo's natuurlik uitgesluit), die
behartiging van die belange van die hele volk, die beskerming
die Blanke ras en keuse volgens die stem van die volk dog sond
die "euwels" van die Brits-Joodse demokrasie: dit was die kar
tertrekke van die republiek wat nagestreef is. Hoewel hulle w
deeglik uit ander lande se ervaring sou probeer put, moes die
oogde republiek sy eie Afrikaanse karakter dra. 'n Ingevoerde
stelsel wou hulle nie hê nie en met mense "wat dol behop is me
oorsese denkrigtings" wil hulle nie saamgaan nie.¹⁵¹

Louw, wat steeds 'n afsydige houding en optrede teenoor die O.B
gehandhaaf en gepropageer het, het al hoe meer daarop begin aa
dring dat party-lede uit die O.B. moes bedank. Op 'n groepleie
vergadering te Beaufort-Wes in Junie het hy partylede wat nog
offisiere van die O.B. was, gemaak dat teen hulle opgetree sou
word.¹⁵² 'n Rukkie later het hy weer teen ondermyning uit eie

149. Hy het opgetree te Middelburg, Witbank, Leslie, Bethal,
Morgenzon, Balmoral en ook op 'n paar plekke aan die Rand.
Kyk Die Transvaler, 31.7.1942 - 6.8.1942, asook Die Burger

150. Die Burger, 29.7.1942.

151. Die Burger, 29.7.1942.

152. Die Burger, 9.6.1942.

geledere gewaarsku en dit ook op sy eie kiesafdeling van toepassing gemaak, met die advies dat diesulkes uit die party gesit moes word. Hy het hierdie keer oop kaarte gespeel: mnr. Minnie, sy kiesafdeling se provinsiale raadslid, wat in die voorafgaande maande openlik sy steun aan Van Rensburg en Pirow gegee het, moes nou tussen hierdie groepe en die party kies. In vraetyd was Louw in 'n skerp woordewisseling met O.B.-gesindes betrokke.¹⁵³

In sy mosie van steun aan die hoofleier, tydens die H.N.P.-kongres in September, het Louw sterk daarop aangedring dat stappe gedoen word om die party te suiwer van persone wat nog aanhangers van 'n "vyandiggesinde organisasie" is.¹⁵⁴ So 'n beskrywingspunt is dan ook deur die kongres aanvaar, dog daar is besluit om dit aan die hoofleier oor te laat om oor drastiese stappe te beslis.¹⁵⁵

In Oktober 1942 het die Nasionaliste van Beaufort-Wes 'n groot oomblik beleef toe dr. Malan daar besoek afgelê het.¹⁵⁶ Na 'n gesellige dag van bazaar hou en "jolige" boeresport, was dit Louw wat sy leier aan sy eie mense voorgestel en paslike hulde aan hom gebring het. In sy antwoord hierop het Malan laat blyk dat hy bewus was van gerugte oor onenigheid in die Nasionale leiersgeledere. Volgens hom was dit van die begin af Van Rensburg se besondere taak om 'n wig tussen hom en manne soos mnr. Louw, Strydom, Swart en andere in te dryf. Dis egter 'n ou spel waardeur hy klaar gesien het, "en daarmee laat hy hom eenvoudig nie vang nie", was sy gerusstelling. Dr. Malan het verder so reg in die kraal van

153. Die Burger, 17.6.1942: te Amospoortjie.

154. Die Burger, 9.9.1942.

155. Louw, wat op die kongres as hoofraadslid en as nuwe lid van die Federale Raad aangewys is, was die vernaamste woordvoerder oor hierdie beskrywingspunt. Kyk Die Burger, 29.9.1942.

156. Die Burger, 2.11.1942.

Louw en sy mense gepraat, soos blyk uit sy opmerkinge dat die Britse konneksie 'n positiewe gevaar en die enigste heil in af-skeiding van die Britse Ryk geleë was.

In Beaufort-Wes was daar nog probleme tussen Party en O.B. oor die viering van Dingaansdag,¹⁵⁷ terwyl mnr. Minnie te Fraserbu 'n mosie van wantroue op die lyf geloop het. Minnie het te ker-gegee dat hy nie weer in sy pos herkiesbaar sou wees nie, maar wou niks sê van 'n moontlike teenkandidatuur vir Louw by die volgende verkiesing nie.¹⁵⁸

Aan die einde van 1942 was Louw hoogs tevrede met die vorderin- in die stryd teen die "vyandiggesinde" organisasies. Van Rens het syns insiens 'n swak figuur geslaan, terwyl ook nie die "br- trust" van professore en geleerdes met "die arme prof. L.J. du Plessis" aan die spits, die O.B. kon help of red nie.¹⁵⁹ Hy h- sy onwrikbare vertroue in die party as enigste politieke wapen herbevestig en by herhaling gewaarsku: "Ons sal ons doel nie

157. Die Burger, 24.11.1942. Die O.B. wou 'n aparte viering ho- en het H.N.P.-lede uitgenooi om dit by te woon, wat skerp reaksie van die plaaslike wyksraad van die party uitgelok het. Op die ou end is dié dag gevier met slegs twee ere- dienste, waarin daar sterk teen verdeeldheid gewaarsku is Kyk Die Burger, 23.12.1942.

158. Die Burger, 2.12.1942.

159. Die Burger, 1.12.1942. Reeds in Oktober het Louw op sy tuisdorp verwys na "die sg. intelligentia of slim mense w- uit die hoogte die Party en sy leiers wil kritiseer, en w- groot woorde en onbeduidende uitdrukkings gebruik... Die Afrikaner volg manne wat eenvoudig en reguit praat - en terselfdertyd 'n reguit koers hou - soos dr. D.F. Malan." Die Burger, 5.10.1942.

bereik met draadknippery, bomgooiery of geldstelery nie."¹⁶⁰

Hoewel die onderhandelinge tussen dr. Malan en dr. Van Rensburg reeds vroeg in 1942 op 'n dooiepunt uitgeloop het, is sporadies weer pogings in die rigting van versoening gedoen. Met prof. L.J. du Plessis aan die spits en bygestaan deur persone soos prof. J.C. van Rooy en mnr. J.G. (Kaalkop) van der Merwe het 'n Volks-eenheidsbeweging vroeg in die jaar reeds tot stand gekom,¹⁶¹ maar dr. Malan het die H.N.P. hiervan gedistansieër.¹⁶² Die party kon dit bekostig, want in 'n aantal tussenverkiesings pas tevore het die party goeie vordering getoon.¹⁶³ Reeds drie weke voor dr. Malan se verklaring het Eric Louw in 'n brief in Die Burger en ander Nasionale koerante die "welmenende Afrikaners" se gedagte aan versoening as onprakties verwerp, gedagtig veral aan die

160. Die Burger, 9.12.1942. Die geldstelery-beskuldiging spruit uit 'n hofsaak waarin 'n persoon skuldig bevind is aan geldstelery, vir gebruik deur die O.B. J.A. Smith het namens die O.B. die metodes van "n vyandige pers" en "n beroeps-politikus" betreur en die opskrif bo 'n berig oor Louw se toespraak te Philipstown (Die Burger, 10.11.1942) as foutief probeer aantoon, dog die koerant het Louw se bewering gestaaf deur uit die regter se bevinding aan te haal. Kyk Die Burger, 11.11.1942: brief van Smith, met voetnoot-kommentaar van die redakteur.

161. Roberts en Trollip: The South African Opposition, pp. 133 - 134. Kyk ook Van Heerden: Die Nasionale Opposisie..., p. 284 e.v. vir hierdie en die hieropvolgende gebeure.

162. Die Burger, 29.4.1942: verklaring van Malan. Kyk ook Roberts and Trollip: The South African Opposition, p. 136.

163. Roberts and Trollip: The South African Opposition, p. 136.

ondervinding van vroeëre ooreenkomste en onderhandelinge.¹⁶⁴

In September is 'n Saamwerk-komitee in Oos-Transvaal in die lewende geroep, wat wel reaksie van Havenga, Van Rensburg en Pirow ontlok het, dog dr. Malan het onbeweeglik gebly.¹⁶⁵ Teen die einde van 1942 was dit weer kol. Jacob Wilkens en plaaslike O.B.-lede wat 'n byeenkoms te Ventersdorp belê het, waar die twee leiers hul afgesante hul standpunte kon stel om sodoende hul ondersteuners 'n geleentheid te bied om self te beslis wie reg en wie verkeerd is.¹⁶⁶ In geval Malan of een van die provinsiale leiers nie die vergadering te Ventersdorp kon bywoon nie, is Eric Louw as plaasvervanger van party-kant aanbeveel.¹⁶⁷ Hierdie enigsin voorbarige reëling het Louw geensins aangestaan nie. Voordat

164. Die Burger, 7.4.1942. In 'n begeleidende briefie tot sy bevind vir publikasie het Louw die redakteur van Die Oosterlig meegedeel dat hy meen die mense reg ingelig en gelei moes word en die onderhandelings wat nie so doodgebore is as wat dit mag voorkom nie, so gou moontlik "doodgemaak" moes word. "Vir u informasie kan ek meld dat dr. Malan sterk gekant is teen verdere onderhandelings, maar daar is andere wat anders dink!" Kyk J.H.O. du Plessis-vers., band 2: EHL/JHODP, 6.4.1942.

Hoewel hy geensins diepgaande op die stryd tussen die O.B. en die party ingaan nie, het Van Rensburg in sy boek (Their Paths Crossed Mine, pp. 207 - 208) tog veel gemaak van die verklaring van dr. Malan by sy uittrede uit die politiek in 1954, toe hy o.a. gesê het dat die aanbod van samewerking met die O.B. nie aanvaar kon word nie omdat dit aan Smuts 'n vervalsend wendel sou gee om teen die Nasionale Party op te tree. Kyk ook S.W. Pienaar en J.J. Scholtz (samest.): Glo in U Volk, Dr. D.F. Malan as Redenaar, 1908 - 1954, p. 107 (toespraak van dr. Malan voor Kaaplandse N.P.-kongres, 20.10.1954).

165. Roberts and Trollip: The South African Opposition, pp. 141-139.

166. Roberts and Trollip: The South African Opposition, pp. 141-139. Kyk ook Die Burger, 27 en 30.11.1942.

167. Roberts and Trollip: The South African Opposition, pp. 141-143. Kyk ook Die Burger, 27 en 30.11.1942.

dr. Malan nog in die openbaar op dié voorstel kon reageer, het Louw in 'n brief aan Die Burger daarteen kopsie gemaak:¹⁶⁸

"Ek is daarvan oortuig dat Nasionaliste oor die hele land met my saamvoel dat ons Hoofleier met sy prestige en rekord van volksdiens, in 'n vernederende posisie gestel word deur 'n gesamentlike vergadering te moet hou met 'n politieke fortuinsoeker wat aan die hoof staan van 'n volksverbrokkelende organisasie, waarvan die strydmetodes die Afrikanervolk oneer aandoen."

Twee dae later het Malan van hom laat hoor: hy was ongesteld en sou deur adv. Strydom verteenwoordig word.¹⁶⁹ Hiertoe was Van Rensburg nie bereid nie en ook hierdie goedbedoelde maar ondeurdagte poging tot opklaring van die onsekerheid was daarmee heen.¹⁷⁰

DIE 1943-VERKIESING

Uit die aard van die saak het die H.N.P. se stryd teen die O.B. gepaard gegaan met koersagtige organisasie, want beide organisasies het hul uiterste bes probeer om die Afrikaner agter hulle te mobiliseer. Hierbenewens het die Nasionaliste se teenstand teen Smuts en teen oorlogsdeelname steeds in die teken gestaan van 'n moontlike oorname van die regering, indien dit tot 'n val gebring kon word.¹⁷¹ Sedert die reekse sirkelkonferensies aan die begin van Februarie is heelwat aandag aan party-organisasie ge-

168. Die Burger, 1.12.1942. Roberts and Trollip haal ook 'n gedeelte van die brief aan, dog enigsins foutief. F.C. Erasmus het reeds op 28 November sy bedenkinge teenoor die voorgestelde byeenkoms gelug, tydens 'n vergadering te Tiervlei. Kyk Die Burger, 30.11.1942.

169. Die Burger, 3.12.1942.

170. Roberts and Trollip: The South African Opposition, p. 144.

171. Dit blyk nie alleen uit Louw se toesprake nie, maar ook uit dié van dr. Malan en ander Nasionaliste in hierdie tyd.

skenk,¹⁷² terwyl 'n Republikeinse Strydfonds tydens die uniale H.N.P.-kongres te Pretoria in September 1942 in die lewe geroep is. Tegelykertyd is ook 'n spesiale voorligtingsbeampste deur 'n party aangewys om veral ten opsigte van beleidsake koördinerer op te tree.¹⁷³

Nasionaliste is gekondisioneer teen 'n onverwagte verkiesing, vandaar Smuts, volgens hulle, al hoe meer in onguns by die volk geraak het. Dit is in elk geval wat Louw dikwels sy toehoorders wysgemaak het, terwyl hy voorsien het dat die verkiesing een van die "taaieste" ooit sou wees.¹⁷⁴ Teen die agtergrond van die volgehoue stryd teen die O.B., is steeds daarop gewys dat die stembus die enigste wapen teen die "magte van imperialisme, kapitalisme en liberalisme" was.¹⁷⁵ En die kardinale vraagstuk was dit gegaan het, was deelname aan die oorlog en alles wat daaruit

172. Vir die aankondiging en bepalings, kyk Die Burger, 7 en 12.1942. Eric Louw het te Douglas, Kimberley-distrik, Kimberley, Hopetown, Swellendam, Calvinia, Beaufort-Wes en Sutherland opgetree.

173. Die Burger, 17.9.1942. Mnr. J.H.O. du Plessis was die eerste voorligtingsbeampste, terwyl mnr. D.J. Potgieter vir die insameling van fondse verantwoordelik was.

174. Louw te Beaufort-Wes (Die Burger, 5.10.1942 en 30.11.1942) Malan te Ceres (Die Burger, 21.11.1942); Louw te Merweville (Die Burger, 1.12.1942).

175. Die Transvaler, 19.1.1942: te Beaufort-Wes. Dis opmerklik dat Louw se toesprake in hierdie jare baie prominensie in Transvaler gekry het. Volgens 'n mededeling van oud-Minis B.J. Schoeman het Louw toegesien dat opsommings van sy toesprake of die toesprake self gereeld aan hierdie blad verskyn is. Dit was natuurlik 'n gebruik wat sedert baie vroeg in die lewe deur Louw nagevolg is en waardeur hy wou toesien dat sieninge die nodige publisiteit verkry. Die groeiende verhouding tussen Louw en die Strydom-Verwoerd "tweemanskap" in die stryd teen die O.B. en in die nastrewe van die republikeinse ideaal het ongetwyfeld ook veel bygedra tot die verskynsel.

voortgespruit het: geldverkwisting, wanbestuur, belastinge en skulde, vrye teuels aan kommuniste om hul verderflike propaganda te versprei, die Jode-vraagstuk. Onlosmaaklik hiaraan verbonde was daar "die groot ideaal van ons Afrikanervolk, nl. om los te kom van die Britse Empire en om ons eie Afrikaner Republiek te stig."¹⁷⁶

Waar dit teen die einde van 1942 duidelik was dat die H.N.P. voorlopig altans, geen erg meer gehad het aan "versoening" met die O.B. nie,¹⁷⁷ is van Nasionale kant alles moontlik gedoen om die wig tussen volgelinge en leiers van die O.B. in te dryf. Wat gaan die volgelinge van Pirow en Van Rensburg doen? Gaan hulle derde kandidate stel, stemme verdeel en setels aan Smuts oorhandig? Tot hierdie vrae van hom het Louw 'n ernstige waarskuwing toegevoeg: elkeen wat vir 'n sogenaamde onafhanklike kandidate stem of buite stemming bly, sal daaraan skuldig wees dat hy met Smuts en sy jingoes en Jode saamwerk en so verraad pleeg.¹⁷⁸ Daar is slegs een politieke strydماغ vir die Afrikaner en dit is die H.N.P.; dus is dit die plig van elke republikein wat dit eerlik bedoel om hierdie party in die komende verkiesing te ondersteun.¹⁷⁹

Kort na die aankondiging van 7 Julie as verkiesingsdatum het Louw op 'n Nasionale byeenkoms te Laingsburg die H.N.P. tot paraatheid

176. Die Kourier, 7.7.1943: te Beaufort-Wes. Kyk ook Roberts and Trollip: The South African Opposition, p. 149.

177. Roberts and Trollip: The South African Opposition, p. 147.

178. Die Transvaler, 19.1.1943. Op Prins Albert het P.W. Botha 'n soortgelyke waarskuwing laat hoor. Kyk Die Burger, 13.5. 1943. Pirow se volgelinge het as Volkseenheidkandidate aan die verkiesing deelgeneem. Kyk Roberts and Trollip: The South African Opposition, p. 150.

179. Die Kourier, 7.7.1943. Kyk ook Roberts and Trollip: The South African Opposition, p. 149.

aangemoedig: "In die volgende weke moet elke Nasionalis organiseer. 'n Verkiezing word deur organisasie gewen, en nie met die hou van vergaderings nie. Na my mening word te veel waarde aan vergaderings geheg. Dit is deeglike en doeltreffende organisasie wat die deurslag gee."¹⁸⁰

By Louw was daar geen illusie oor die uitslag van die komende verkiezing nie, dog hy het hom en sy party verbind om aan te hou teg "teen ons ou vyande asook teen diegene wat die party van agter aanval en probeer ondermyn. Die Britse Empire is aan die verbrokkel en die tyd werk in ons guns."¹⁸¹ Hy was optimisties:¹⁸²

"Ek glo dat ons die einde van ons lange vryheidstryd nader... Die Afrikaner sal wakker skrik, en beseef dat die oorwinning oor die onnasionale elemente behaal kan word alleen deur vol ondersteuning te gee aan sy politieke strydweg... Op 7 Julie sal die Verenigde Nasionale Party namens die Afrikanerdom die slag lewer teen die magte van imperialisme en kapitalisme. Verwag die steun van elke Afrikaner wat die naam Afrikaner wettig is."

Op die tuisfront het Louw se anti-O.B.-gesindheid daarin gekulmineer dat mnr. Minnie, L.P.R., van plan was om hom teen Louw beskikbaar te stel.¹⁸³ Daar is selfs gemeen dat Minnie 'n goeie kans teen Louw gestaan het, juis vanweë Louw se skerpheid teen die O.B.¹⁸⁴ By die opening van Louw se verkiesingsveldtog het mnr. P.W. Botha ook daarop gewys dat iemand wat vir 'n onafhanklik

180. Die Transvaler,

181. Die Transvaler, 19.1.1943.

182. Die Burger, 28.6.1943: te Sutherland.

183. Die Burger, 20.5.1943.

184. Die Vaderland, 10.5.1943.

stem of buite stemming bly, verraad sou pleeg.¹⁸⁵ Louw self was nie baie beïndruk met sy voornemende opponent nie: "Behalwe as buitengewone omstandighede dit vereis, is ek nie van plan om notisie te neem van hierdie sogenaamde 'onafhanklike' kandidaat nie." Omdat sy optrede daarop bereken was om Smuts en die imperialiste te bevoordeel, het Louw hom dus as die onoffisiële Sap-kandidaat beskou.¹⁸⁶

Mnr. Minnie het skynbaar nie die optimisme van sekere koerante gedeel nie, want op nominasiedag het hy hom aan die stryd onttrek en is mnr. Humbold Nel, 'n boer van die distrik, as kandidaat van die Verenigde Party aangewys.¹⁸⁷ Mnr. Nel was vol selfvertroue: dr. Malan se party sou nooit die verkiesing wen nie, terwyl genl. Smuts se groot meerderheid die "wonderful seat of Beaufort-West" sou insluit, al sou dit die moeilikste verkiesingstryd in die land wees.¹⁸⁸

Die Kruithoring, amptelike blad van die Kaaplandse Nasionale Party, het Minnie se stap beskou as 'n teken dat "besliste beginselvastheid en onverskrokkenheid" van 'n man soos Louw die enigste beleid was, en dat die V.P.-kandidaat teen so 'n man maar swaar sou lewe.¹⁸⁹

Enkele dae voor die verkiesing het Louw heelwat verwarring onder

185. Die Burger, 13.5.1943: te Beaufort-Wes. Botha het na die onafhanklike kandidaat verwys sonder om sy naam te noem.

186. Die Burger, 27.5.1943: te Beaufort-Wes.

187. Die Burger, 15.6.1943.

188. Die Kourier, 14.7.1943.

189. Die Kruithoring, 23.6.1943.

sy teenstanders gesaai toe hy op 'n vergadering op sy tuisdorp 'n onthulling gedoen het dat die V.P.-hoofkantoor druk op mnr. uitgeoefen het om ten gunste van Minnie terug te staan.¹⁹⁰ H "onthulling" het ongetwyfeld sy eie kandidatuur bevorder, soos blyk uit 'n brief van "Dubious" in die plaaslike blad: "Mr. L. or Mr. Minnie? Anti-War or Anti-war? Hitler or Mussolini?", was dié kieser se probleem na aanleiding van die advies vanuit hoë V.P.-kringe.¹⁹¹

Louw het by dieselfde geleentheid sy opponent voor stok gekry omdat hy na hom as "advokaat-winkelier" verwys het en die insasie gemaak het dat Louw nie bevoeg was om die kiesafdeling te verteenwoordig nie.¹⁹² Mnr. Nel, 'n vooraanstaande boer, het skynbaar sy hoop gevestig op die feit dat die kiesafdeling oorgedra gend 'n boere-gemeenskap was.¹⁹³ Dit het hom egter niks gehelp want toe die uitslae op 29 Julie bekend gemaak is, was Louw nie weer die oorwinnaar met 'n meerderheid van 1893.¹⁹⁴

Louw se sukses was simptomaties van die vertoning van die H.N.F. Hoewel dit slegs twee ekstra setels bygekry het, het die H.N.F. ongetwyfeld sy posisie gekonsolideer en afdoende bewys gelewer dat dit die enigste politieke front vir die Afrikaner was. Vir alle praktiese doeleindes het die drie steurende elemente, nl.

190. Die Burger, 5.7.1943: prominente voorbladberig. Kyk ook Die Kourier, 14.7.1943.

191. Die Kourier, 14.7.1943: brief.

192. Die Kourier, 14.7.1943.

193. Toe hy sy verkiesingsveldtog geopen het, het Nel gesê dat baie van boerdery weet, maar niks van politiek nie, en dié ondersteunende dr. W.P. Steenkamp oorgelaat om politiek te praat. Kyk Die Burger, 19.6.1943 en Die Kourier, 14.7.1943.

194. Die Burger, 29.7.1943.

O.B., die Nuwe Orde en die Afrikaner Party, die stryd om die politieke ondersteuning van die groot massa Nasionale Afrikaners by hierdie verkiesing verloor.¹⁹⁵ Die oog is op die toekoms gevestig.

Vir Eric Louw was die uitslag van die verkiesing 'n bewys van die korrektheid van hul houding betreffende die verhouding met die O.B. en ander groepe. Maar daar was weer 'n vals noot: "Terwyl ons op 7 Julie besig is om hard te veg", skryf-kla hy teenoor Hans Strydom,

"skryf Geyer 'n artikel waarin hy verkondig dat ons klaar die stryd verloor het! Die volgende môre toe die Nasionaleiste nog vuurwarm en geesdriftig was van die vorige dag se stryd, moes hulle hierdie 'douche' koue water kry! En dan gaan hy verder en vra dat ons tog nie verwyte na mekaar moet slinger nie. Ons moet seker gaan 'mooi praat' met C.W.M. du Toit, Jerling cum suis, en hulle vra om dit tog asseblief nie weer te doen nie! En as hulle ons mense nou regtig moedeloos wil maak, dan moet hulle nou in Van Rensburg en Pirow se hande speel. Ek weet nie hoe die Nasionaleiste daar by julle voel nie. Hier is hulle kwaad - en hulle verwag aksie."

Hy het sterk gevoel dat daar nie nou stilgesit en 'n "laat-maar-loop-beleid" gevolg moes word nie, maar daadwerklik opgetree word, "terwyl ons mense nog warm en kwaad is oor die verraadpleging... Met 'mooi-praat' sal ons niks uitvoer nie."¹⁹⁶

Louw het sy gevoelens ook per brief teenoor dr. Malan gelug. Hy deel sy leier mee dat hy die afgelope verkiesing net as "die voorbereiding vir die werklike kragmeting - die volgende verkiesing", beskou het; daarom is dit nodig dat taktiek en optrede met

195. Die H.N.P. het twee setels bygekry, ten koste van die Afrikaner Party, wat dusdoende heeltemal uitgeskakel is. Vir uitslae, kyk Die Burger, 29 en 30.7.1943.

196. E.H. Louw-vers., band 3: EHL/JGS, 12.7.1943.

die oog op dié kragmeting so gou moontlik bespreek word. Die gevaar deur verbrokkelende elemente teweeggebring, naamlik verdeling en onthouding van stemme, moes geëlimineer word, en die "sigologiese moment" daarvoor is die huidige. Die volk moes die besef gebring word van die "verraadelike optrede" van die afwykende groepe.¹⁹⁷

Enkele weke later spreek hy sy eie mense in dié gees toe en is hy vol hoop en verwagting oor die toekoms. Ontruftering en die nasleep van die oorlog sal nog lei tot die val van Smuts. En met 'n "suiwer Nasionale opposisie" wat die belange van die Afrikanervolk kan behartig, is daar geen vrees vir die toekoms nie. Diegene wat saam met die Nasionale Party die stryd wou voer, was baie hartlik welkom.¹⁹⁸

In 'n mate teleurgesteld, maar tog nie neerslagtig nie: dit was die boodskap van 'n hoofartikel van Die Burger na aanleiding van die uitslae van die verkiesing, enkele dae nadat Louw sy beswaar teen die inleidingsartikel van 8 Julie ook teenoor dr. Malan gelug het. Daar was simptome van verbrokkeling in die V.P., selfs in die jare 1921-1924, terwyl die Hertzog-karikatuur van Hertzog as Nasionalsisme verwerp is. Die H.N.P. as opposisie moet nou ten opsigte van binnelandse probleme vir Suid-Afrika in die bres tree, "met die toewyding, die positiewe optrede en die verantwoordelikheidssin van 'n party wat hom bewus daarvan is dat hy geroep is om binne afsienbare tyd die bewind oor te neem. Na die heeltemal tydelike terugslag van hierdie verkiesing gaan die stryd vir Nasionalsisme voort tot die oorwinning".¹⁹⁹ Dit val te be-

197. E.H. Louw-vers., band 3: EHL/DFM, 24.7.1943.

198. Die Burger, 10.8.1943: voor dorpstak, Beaufort-Wes.

199. Die Burger, 30.7.1943: hoofartikel.

twyfel of Eric Louw teen só 'n houding eksepsie geneem het.

Die jare 1940-1943 was 'n tydperk van "sturm und drang" ongewenaard in die geskiedenis van die Afrikanerdom. Suid-Afrika is weer, soos in 1914, deur 'n parlamentsbesluit in 'n wêreldoorlog gedompel, dog die verset teen die oorlogspoging was veel omvattender as in 1914. En tog was daar hierdie keer geen rebellie nie. In die plek daarvan het gekom volksbetogings en konstitusionele verset, met 'n Ossewa-Brandwag wat by tye en op die oog af na die gewelddadige geneig het.

In die lydelike versetbeweging, gevoer in die parlement, in die pers en vanaf openbare verhoë, het Eric Louw 'n baie prominente rol gespeel. In navolging van sy partyleier het hy onophoudelik 'n neutraliteitsbeleid voorgestaan en die regering se oorlogspoging voortdurend onder die soeklig geplaas. In die H.N.P. se stryd teen die O.B. was hy een van die sterkste vaandeldraers, soos blyk uit die feit dat hy as sekunde vir dr. Malan en die provinsiale leiers aangewys was om aan die einde van 1942 die party se standpunt op 'n vergadering te Ventersdorp te gaan stel (dié vergadering het deur die mat geval). Naas Malan en Strydom, was Louw inderdaad die Nasionale leier wat die toon aangegee en grootliks meegehelp het tot die aftakeling van 'n beweging wat op 'n stadium gedreig het om die party te verswelg. Hy het in dié tyd ook nie 'n geleentheid laat verbygaan om die bestaansreg van die party en die posisie van dr. Malan as volksleier te verdedig nie.

DIE STRYD DUUR VOORT

Namate die oorlog in Europa voortgewoed en 'n oorwinning vir die geallieerde magte in sig begin kom het, dermate is Suid-Afrika se posisie in die internasionale bedeling maar terselfdertyd ook opsigte van binnelandse stabiliteit in oënskou geneem. Aan die einde van 1943 het Smuts sy beroemde toespraak getiteld "Thou on the New World" in Londen gehou, waarin hy die mislukking van die Volkebond erken en verklaar het dat die hoop vir die toekomstige geleë was in groter medeseggenskap van alle volkere maar terselfdertyd groter verantwoordelikheid vir die Grootmoondhede ten opsigte van die handhawing van vrede. Vir hom was die versterking van die bande met Brittanje onontbeerlik, indien Brittanje sy regmatige plek onder die Grootes¹ wou inneem. Vir Suid-Afrika het hy 'n leidende posisie in Afrika, van die Kaap tot aan die Soedan, in die vooruitsig gestel.²

Juis hierdie toespraak van Smuts het die teiken geword van gekonsentreerde aanvalle van die kant van die Nasionaliste. Een syds was hierdie kritiek gerig teen Smuts se buitelandse beleid en het dit toegeneem namate die oorlog in Europa tot 'n einde gesleutel het; andersyds het juis die feit dat hy sy sieninge in Londen geopenbaar het, substansie verleen aan 'n opvatting by

-
1. Smuts het aanvanklik net Rusland, Amerika en Brittanje as grootmoondhede erken. Roosevelt het ook Sjina as sodanig beskou, en later is ook Frankryk bygevoeg en het dié lande as die Groot Vyf bekend gestaan. Kyk Hancock: Smuts II, pp. 409 en 430.
 2. Hancock: Smuts II, pp. 408 - 410; Krüger: The Making of a Nation, p. 224.

Nasionaliste wat in die komende jare tot die maksimum uitgebuit sou word, naamlik dat hy Suid-Afrika nie belangrik genoeg ag om ingrypende verklarings aangaande sy land en sy mense plaaslik te doen nie. Die propagandawaarde van hierdie opvatting sou ten volle deur die Nasionaliste geëksploiteer word in hulle stryd om weer bo-uit te kom.

Die "Achilles"-hiel van Smuts was maar steeds die etikette van "handyman of the Empire"³ en "grootste imperialis van die eeu"⁴ wat om sy nek gehang is. In sy betrokkenheid by wêreldgebeure en vanweë sy holistiese drome het hy oor sy eie mense heen gekyk, nie hul behoeftes en nood raakgesien nie.⁵ Die Nasionaliste het teen die einde van die oorlog met alle geweld hierop begin konsentreer. So is Smuts byvoorbeeld deur Louw gekapittel omdat hy juis sy verklaring in Londen moes gaan doen; Smuts se reaksie op Malan se beskuldiging in dié verband het daartoe gelei dat Louw hom daarvan beskuldig het dat hy die Unie as "backveld" beskou.⁶ Gegaard met die ekonomiese insinking wat 'n logiese uitvloeisel van die uitgerekte oorlog was en ook die algemene gees van oorlogsmoegheid wat in die land begin posvat het, het hierdie benadering van die Nasionaliste die wêreld vir Smuts en sy regering maar moeilik gemaak.

3. Kyk o.a. Die Kruithoring, 8.11.1944: "Daar Oorkant die Water".

4. Volgens die Londen Times. Kyk hoofstuk 12, p.

5. Vgl. in dié verband o.a. Die Kruithoring, 1.5.1946: "Daar Oorkant die Water".

6. Debates of the House of Assembly, vol. 47 (1944): kol. 1521. In die verdediging van sy optrede in die volksraad het Smuts verklaar dat hy nie die "backveld" vir sy toesprake gebruik nie. Die noem van Waterberg in dieselfde asem dui daarop dat hy op J.G. Strydom gesinspeel het. Kyk Debates of the House of Assembly, vol. 47 (1944): kol. 100.

Die land was oorlogsmoeg en boonop het die na-effekte van die langdurige stryd op talle terreine begin uitslaan:

"Die volk van Suid-Afrika begin na 'n alternatiewe regering soek. Die H.N.P. is die enigste alternatiewe regering wat die afwykende groepe soos die O.B., die Nuwe Orde en die Gryshemde kan alleen vreemde ideologieë aanbied. Die volle werk, kos, klere, huise, 'n toekoms vir hul kinders, beskerming teen kapitalistiese en joodse uitbuiting, teen die Kommunistiese opsweping van die natuere teen die blank en teen inmenging in vreemde oorloë."

Dit, kortliks saamgevat in die woorde van Eric Louw voor 'n Johannesburgse gehoor op 2 Oktober 1944, was 'n program wat ontwerp is om die regering uit die kussings te lig. In wat feitlik op 'n repudiëring van hul eie optrede in die verlede neerkom, het hy daarop gewys dat sentiment en toesprake oor ideale en oor "Die Pad van Suid-Afrika" wel hartlike toejuiging by Nasionale sal ontlok, dog dit sal nie 'n republiek - die einddoel van die Nasionale strewe - enigszins nader bring nie. Die publiek moes beseef dat die republikeinse strewe in werklikheid "'n praktiese brood en botter-beleid" inhou: die ontwikkeling van die land se nywerhede, die verkryging van goeie buitelandse markte en die gepaardgaande afbreek van die ekonomiese muur om die Britse Ry is maar twee aspekte wat die stoflike welvaart van die publiek nouste raak.⁷ By 'n ander geleentheid het Louw dit as die Nasionale Party se doelstelling voorgelê "... om 'n ordentlike lewe bestaan aan elke burger te besorg. Die gewone burger moet in staat gestel word om die alledaagse genot van die lewe te kan smaak."

7. Die Transvaler, 2.10.1944 en Die Burger, 3.10.1944. Vgl. ook Die Burger, 4.11.1944: toespraak te Paarl.

8. Die Transvaler, 18.9.1945 en Die Burger, 18.9.1945: toespraak te Beaufort-Wes.

Louw was realisties genoeg om nie 'n verandering van regering in oorlogstyd te verwag nie, al was die toenemende ongewildheid van die regering vir hom 'n hoopvolle teken. Hy was vas oortuig dat die gewone kieser na afloop van die oorlog weer na die algemene landsbelange en veral na sy eie persoonlike belange sal begin omsien, in welke geval die Nasionale Party se kanse om aan bewind te kom, uitstekend sou wees. Daar was egter drie voorbehoude: eenheid van sienswyse en strewe, doeltreffende organisasie en 'n duidelike beleid.⁹

Die eerste voorbehoud het veral betrekking gehad op die party se verhouding ten opsigte van die O.B. en die ander kleiner politieke groepe in Afrikanergeleedere, waarvan die laaste hoofstuk nog geensins by die 1943-verkieping geskryf was nie. Wat organisasie aanbetref, het Louw, wat van oudsher af 'n baie hoë premie op doeltreffende organisasie gelê het, by hernuwing en voortdurend hierdie aspek op die harte van sy ondersteuners gedruk.¹⁰ Ten opsigte van beleidsaspekte was dit duidelik dat die Nasionalistie veral die klem op die sosiale en ekonomiese toestande as uitvloeisel van die oorlog sou laat val, terwyl die kleurbeleid ook algaande in belangrikheid begin toeneem en uiteindelik as dié vraagstuk voor die kieserskorps in 1948 gefigureer het.

Hierbenewens was daar nog aspekte soos die kommunistiese gevaar, wat deur Louw as deel van die kleurvraagstuk beskou is, die Jode-

9. Die Burger, 8.1.1945: te Strand.

10. Dis interessant om daarop te let dat Louw die afdeling "Voorligting aan Amsdraers" tot die Handleiding van die Herenigde Nasionale Party opgestel het; die res van die handleiding (s.d.) is deur F.C. Erasmus versorg. In sy artikel staan Louw o.a. stil by die waarde van doeltreffende organisasie.

vraagstuk en die republikeinse strewe, wat almal aan die begin van 1945 deur Louw as verkiesingsvraagstukke gereken is. Voor asnog was dit egter sy oortuiging dat die volgende verkiesing ekonomiese vraagstukke beslis sou word.¹¹

Teen die einde, en onmiddellik na afloop van die oorlog was di veral die "brood en botter"-politiek van die regering wat sker onder die Nasionale aandag gekom het. Trouens, die ontevrede met algemene lewenstoestande het oor 'n baie wye front voorgeko ten spyte van desperate pogings van regeringskant om dit as 'n natuurlike reaksie aanvaarbaar te maak.¹³ In sy gereelde rubr in 'n Nasionale Engelstalige weekblad het Louw daarop gewys dat die regering nie meer sy politieke naaktheid agter die vyeblaa van sy oorlogsdeelname kon verberg nie. Regeringsagterbankers sou nie voortaan Opposisie-kritiek kon demp met uitroepe van "You're a Nazi!" nie, terwyl die kreet "How Smuts Saved South Africa" ook uitgedien was. Die publiek was slegs geïnteresseer in huise, voedsel, verlaagde lewenskoste, 'n einde aan woekerwins, werkverskaffing, mediese dienste en sosiale veiligheid.¹⁴

11. Die Burger, 8.1.1945.

12. Kyk o.a. Krüger: The Making of a Nation, pp. 233 - 234; Liebengerg: Van die Statuut van Westminster tot die Reput liek van Suid-Afrika (Muller (red.): Vyfhonderd Jaar Suid Afrikaanse Geskiedenis, p. 386).

13. Vgl. bv. Die Suiderstem, 16.11.1945 en 15.1.1946.

14. New Era, 17.1.1946: "Plain Talk". Vgl. ook die rubriek "Kommentaar" in Trek, 14.7.1944, waarin na Hofmeyr se "ant Nazi"-veldtog verwys word as "sirkus-politiek" wat gevoer word op 'n tydstip wanneer die publiek om brood vra. 'n Bla soos Die Suiderstem het ywerig met 'n soortgelyke veldtog volhard, soos o.a. blyk uit 'n hoofartikel in die uitgawe van 5.6.1947, getiteld "Die Stem van Nazi's".

In die volksraadsitting vroeg in 1946 was dit veral die haglike voedselsituasie en die moeilike landboustoestande, vererger deur knellende droogtes, wat aan die Nasionaliste skietgoed verskaf het in hulle stryd teen die regering. Veral die minister van Landbou, mnr. J.G.N. Strauss, het kwaai deurgeloop vanweë sy hantering van die vleiskwessie.¹⁵ Die voedselskaarste in die algemeen is kort-kort deur Louw in New Era ontleed en slaë kwistig uitgedeel.¹⁶

Die eerste geleentheid vir die Nasionaliste om die effek van hierdie "brood-en-botter"-verkiezingskreet in die praktyk te toets, was met 'n tussenverkiezing in die kiesafdeling Kimberley-distrik. Die Nasionale Party het hierdie geleentheid tot kragmontering met albei hande aangegeep. Ook Louw is ingespan ter ondersteuning van mnr. H. v. G. Bekker se kandidatuur en op 'n groot, dog woelige vergadering in die Kimberleyse stadsaal het hy pertinent die aandag daarop gevestig dat so 'n tussenverkiezing as barometer van die openbare mening dien: "Die oorlog is oor en die kiesers word gevra om te sê of hulle meen dat die Regering bekwaam is om die vrede te wen", met ander woorde, of hy in staat sou wees om al die na-oorlogse probleme die hoof te bied.¹⁷

Die wen van die setel en die omskepping van 'n minderheid van 511 in 'n meerderheid van 240 was vir Louw en die Nasionaliste afdoende bewys dat hul optimisme nie misplaas en hulle stryd nie tevergeefs was nie. Oorlogsentiment se rol was uitgespeel, het Louw 'n vergadering van jeugdige Nasionaliste meegedeel, en boonop


15. Vir 'n bespreking en oorsig oor die verrigtinge, kyk Die Transvaler, 22.1.1945.

16. Vgl. bv. New Era ("Plain Talk"), 25.4.1946, 23.5.1946, 18 en 25.7.1946, 17.10.1946.

17. Die Burger, 30.8.1945 en 31.8.1945.



"WISH ME LUCK AS YOU WAVE ME GOOD-BYE!"



"ANY MORE?"

Durban-vergadering, Oktober 1944.

dien die uitslag as barometer om aan te dui hoe ongewild die Smutsregering by alle seksies van die bevolking geword het.¹⁸

Vroeg in 1946 het Louw, saam met Ben Schoeman en E.G. Jansen, hulle weer 'n keer in die leeu se vesting gewaag¹⁹ en op besoek aan Durban die Nasionale Party as alternatiewe regering aan die Natallers voorgehou. Op 'n veel ordeliker byeenkoms as dié van 1944 het Louw dit ingevryf dat Suid-Afrikaners moeg was vir Smuts en dat hulle om kos, werk en behuising vra, wat nie deur die regering voorsien kon word nie.²⁰ En toe koning George VI vroeg in 1947 die Unie besoek en self die troonrede by die opening van die parlement voorlees, het Louw dit vir Smuts kwalik geneem dat hy nie die geykte bewoording oor die regering se "daadwerklike aandag" aan aangeleenthede op die terrein van die "brood-en-botter"-politiek, verander het nie.²¹

Namate daar groter stabiliteit ten opsigte van die knellende vraagstukke begin intree het, het ander vraagstukke die "brood en botter"-politiek op die agtergrond gestoot. Tog sou dit een van die vernaamste onderliggende motiewe vir ontevredenheid met die Smuts-bewind bly en het die Nasionale Party met sy sosiaal-ekonomiese hervormingsplan, wat in 1944 die lig gesien het en

18. Die Burger, 18.9.1945: te Beaufort-Wes.

19. Dié beeldspraak is gebaseer op drie treffende spotprente van Leyden waarmee Louw se poging om die "Britse Leeu" van Durban te "voer", op heel humoristiese wyse uitgebeeld word (Natal Daily News, 6 en 9.10.1944 en 21.3.1946). Louw en Ben Schoeman se vergadering in Oktober 1944 is deur oproerigheid gekenmerk, sodanig so dat Louw 'n klag by die polisie gelê het. Uitknipsels uit verskeie koerante hieroor is in die E.H. Louw-vers., band 143.

20. Natal Witness, 22.3.1946.

21. New Era, 27.2.1947: "Plain Talk".

waarin Louw ook 'n handjie gehad het,²² immers die hoop op verbetering aan die kiesers voorgehou.

'n Ander faset van Smuts se oorlogstydse Londense toespraak was in Suid-Afrika onder skoot gekom het, was sy siening van noue samewerking tussen Statebondslande. Ter aanvulling, het Smuts in Maart 1944 in die volksraad verder hieroor uitgewei en die statebondsidee bestempel as "one of the most valuable developments in the history of the world... an entirely new conception... a practical development... a natural development based on our experience".²³ In dieselfde debat het Louw vir Smuts daarop attent gemaak dat verskeie kenners juis gewys het op die agteruitgang van die Ryksgedagte, terwyl hy daarvan beskuldig is dat hy vaag is en tussen die twee uiterstes van sesessie en die Lionel Curtis-idee van 'n sentrale imperiale gesag²⁴ beweeg. Hy is ook verwyt dat hy nie 'n presiese aanduiding gee van sy siening omtrent diegene wat die Ryk in 'n ekonomiese, politieke, diplom

22. Malan: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, pp. 217 - 2. Hierdie skema, wat aandag aan alle sektore van die sosiale en ekonomiese lewe gegee het, het 'n hoë premie gestel op die behoud van morele waardes en die handhawing van die blanke beskawing.

23. Debates of the House of Assembly, vol. 48 (1944): kol. 3360.

24. Curtis, lid van lord Milner se beroemde "Kindergarten" en die man wat inderdaad vir die veelbesproke Selborne Memorandum op die vooraand van Uniewording verantwoordelik was, na hul sukses in Suid-Afrika ook groter Rykseenheid beweerde. Vir dié doel het hy en vriende o.a. die tydskrif Round Table gestig en 'n skema van Ryksfederasie voorgestel. Kyk Hancock: Smuts I, pp. 351 en 430, vir Smuts se verset teen die Curtis-plan; ook W. Nimocks: Milner's Young Men vir meer besonderhede oor Curtis se aandeel in Uniewording en die stigting van die kwartaalblad Round Table.

tieke en militêre eenheid wou omskep nie.²⁵ Ter ondersteuning van sy besware het Louw hom beroep op soortgelyke Kanadese interpretasies van Smuts se toespraak²⁶ en op die feit dat die Dominion Party, 'n koalisie-bondgenoot van die regering, ook nouer aaneenskakeling wou sien.²⁷

Toe dr. Malan in hierdie tyd boonop 'n ondersteunende telegram aan De Valera van Ierland stuur nadat laasgenoemde hom verset het teen eise van Amerika wat op Ierland se neutraliteit sou inbreuk maak, het die debat oor die begrotingspos Eerste Minister vir die soveelste keer in 'n grootskaalse bespreking van die status van die Unie oorgegaan.²⁸ Dit was onvermydelik dat Louw weer na sy ervarings tydens sy diplomatieke dienstermyn sou verwys.

Na aanleiding van die gebruik van die term "papier-status" deur Louw vroeër in die debat,²⁹ het mnr. D.C. Burnside (Arbeidersparty) gevra of Louw dan nie tydens sy gesantskapsdae besef het dat hy 'n land met 'n papierstatus verteenwoordig nie.³⁰ Eric Louw sou hom nie twee keer laat nooi nie, al het hy in die voorafgaande

25. Debates of the House of Assembly, vol. 48 (1944): kol. 3466 en ook kol. 3369-3371 (17 Maart). Vgl. ook Debatte van die Volksraad, vol. 47 (1944): kol. 1087-1088 (11 Februarie).

26. Debates of the House of Assembly, vol. 48 (1944): kol. 3376-3377.

27. Debates of the House of Assembly, vol. 48 (1944): kol. 3409. Hy het spesifiek verwys na 'n aangehaal uit die pamflet Empire Unity, wat deur die Dominion Party uitgegee is.

28. Vir besprekinge op 16 Maart 1944, kyk Debates of the House of Assembly, vol. 48 (1944): kol. 3264 e.v.

29. Debates of the House of Assembly, vol. 48 (1944): kol. 8286.

30. Debates of the House of Assembly, vol. 48 (1944): kol. 3292.

jare dikwels in die parlement na hierdie statuskwessie verwys en al sou hy ongetwyfeld uit eie belangstelling tot die debat toegetree het. Hy het Burnside verseker dat hy dit wel destyds ervaar het, waar hy ookal gestasioneer was, en het onder andere ook na sy gesprek in dié verband met koning George V verwys.³¹

Wat die besware teen dr. Malan se telegram aan De Valera betref, het Louw dit met verwysing na 'n hipotetiese geval afgewys: wat sou Amerika gedoen het, toe dié land nog neutraal was, indien Duitsland beswaar sou aanteken teen spioenasie op Duitsers in Amerika en teen toesprake wat die Britse ambassadeur, lord Lothian, gemaak het om Amerika te probeer oorreed om tot die coalisie toe te tree?³³ In dié lig beskou, verskoon en ondersteun De Valera, oor wie se integriteit daar by hom geen bedenkinge was.³⁴

Die ophaal van die neutraliteitskwessie en die assosiasie daarvan met die gebeure op 4 September 1939 was net so onvermydelik soos die aanroep van die omvattender statusbeskouing. Dit was Louw wat vir die eerste keer tydens die bespreking van die begroting as Eerste Minister op 16 Maart 1944 daarna terugverwys het. Volgens hom het die huidige gebeure net weer die huigeligheid en oneerlikheid van die destydse oorlogskreet sowel as die Britse

31. Kyk bv. hoofstukke 10 en 12.

32. Debates of the House of Assembly, vol. 48 (1944): kol. 3305 en kol. 3376-3377.

33. Debates of the House of Assembly, vol. 48 (1944): kol. 3306.

34. Debates of the House of Assembly, vol. 48 (1944): kol. 3278. Louw het daarop gewys dat hy De Valera persoonlik geleer ken het toe hulle vir vyf weke lank saam 'n Volksbondse vergadering bygewoon het.

staatslui se sogenaamde erkenning van die soewereine onafhanklikheid van die dominiums aan die kaak gestel.³⁵ Hy het veral die aandag bepaal by 'n geskil wat tussen die Kanadese premier en lord Halifax, Britse ambassadeur in Kanada, ontstaan het na aanleiding van 'n toespraak van laasgenoemde oor die status van die dominiums. Halifax het naamlik onomwonde verklaar dat die dominiums, hoewel ten volle onafhanklik, in krisistye voor 'n dilemma te staan kom waaruit daar net een uitweg was, nl. om Brittanje te ondersteun. Die enigste alternatief was disintegrasie van die Ryk.³⁶ In dieselfde verband het Louw verwys na 'n toespraak van B.K. Long, wat gehou is enkele dae na die destydse oorlogsbesluit en waaruit die afleiding gemaak is dat die dominiums inderdaad geen ander keuse gehad het as om Brittanje in die oorlog te volg nie.³⁷

Maar genl. Smuts se gedagtes het gedwaal: groter en belangriker dinge soos gebeure op die slagvelde van Europa en veral die naderende vredesluiting met al die probleme wat dit sou meebring, was in hierdie tyd by hom prioriteit nommer een.³⁸ Die skerp-sinnige Eric Louw het hierdie afsydige houding van Smuts opgemerk en hom daarvoor geroskam. Op 20 Maart 1944 het hy in die volksraad gewys op die lighartige wyse waarop Smuts aktuele sake hanteer en ook beswaard gevoel dat hy nie die moeite gedoen het om op hoogte te bly met sake van die dag nie. Hy het spesifiek verwys

35. Debates of the House of Assembly, vol. 48 (1944): kol. 3278. Soos gebruikelik, het Louw sy toespraak toegelig en sy beweringe gestaaf met woordelikse aanhalings.

36. Debates of the House of Assembly, vol. 48 (1944): kol. 3370-3371.

37. Debates of the House of Assembly, vol. 48 (1944): kol. 3374.

38. Hancock: Smuts II, p. 423.

na lord Halifax se toespraak, waarna hy 'n maand tevore in die volksraad verwys het, dog tot dusver het Smuts homself nie op hoogte gebring van presies wat Halifax gesê het nie.³⁹ In die selfde debat die volgende jaar het Louw weer eens die aandag hierdie afgetrokkenheid van Smuts gewys, naas 'n bedruktheid op die internasionale situasie.⁴⁰ Partyleier dr. Malan het Louw siening in hierdie verband gesteun.⁴¹

Nadat Brittanje die De Gaulle-bewind in Frankryk erken en Smuts ooglopend vir Churchill nagevolg en boonop nog sy besluit via die Britse verteenwoordigers aan die nuwe regeerders oorgedra was Suid-Afrika in die oë van Louw "weer terug in die dae van voor die Balfour-verklaring en die Statuut van Westminster. (Sy wil selfs Suid-Afrika se papier-status nie erken nie." Inderwyd was Louw selfs ietwat verontwaardig, want Suid-Afrika het immers met sy aanstelling as gesant in Frankryk diplomatieke betrekkinge met dié land aangeknoop; en al was diplomatieke betrekkinge verrewé vroeëre oorlogstoestande tussen die Unie en Frankryk tydelik opgeskort, het Louw tog gemeen dat Smuts eerder van die hoë-kommissaris in Londen of die Franse gesant in die Unie gebruik kon maak.⁴²

'n Wesentlike gevaar vir Suid-Afrika se verhouding tot die Statuut was die dekade-lange stryd oor die posisie van Indiërs in

39. Debates of the House of Assembly, vol. 48, (1944): kol. 3467-3468.

40. Debatte van die Volksraad, vol. 52 (1945): kol. 3808.

41. Debatte van die Volksraad, vol. 52 (1945): kol. 3810.

42. Die Kruithoring, 8.11.1944: "Daar Oorkant die Water". Die opskrif bo hierdie paragraaf lui: "Die Brakkie Blaf agterna".

Unie, want daardeur kon die kleurbeleid Suid-Afrika in 'n internasionale geskil laat beland.⁴³ Die uitdagende houding wat die Indiese regering jeens die Unie se behandeling van Indiërs binne Suid-Afrika ingeneem het, het Louw insiens "Natal se Jingo's" miskien ten goede die implikasies van die Britse konneksie laat besef.⁴⁴ Twee jaar later sou die waarheid van hierdie woorde duidelik bewys word.⁴⁵

Toe Smuts in Mei 1946, op pad na die vredeskonferensie te Parys en die sitting van die V.V.O. te New York, die Londense konferensie van Eerste Ministers moes bywoon, het Louw hom in die volksraad probeer uitlok om te sê of die kwessie van Ryksverdediging ook bespreek sou word. Smuts het egter groot onkunde geveins.⁴⁶ Hierdie "konfrontasie" is deur Louw in sy gereelde rubriek in die Nasionale mondstuk soos volg beskryf:

"Wil jy dit glo - Jan Smuts was skoon verbaas om van sulke dinge te hoor! Hy lees blykbaar nie die koerante nie, en Attlee het hom nooit van Downingstraat laat weet van wat daar aan die gang is nie! Die uitdrukking van onkunde en onskuld op sy aangesig was 'n aardigheid om te sien. Dis darem nie reg dat hulle die oubaas so behandel nie. Al lees hy nie koerante nie, moes sy privaatsekretaris hom darem op die dinge attent gemaak het. En toe ons daarop aandring dat hy darem iets van die planne moet weet, het Slim Jannie met roerende stem geantwoord: 'Ek kan my agbar-r-re vr-r-r-iend ver-r-r-seker dat ek absoluut niks daar-r-van weet nie'. Nou vra ek jou Hoe moet jy met so 'n mens maak? Hy ontken eenvoudig alles... en daar sit jy!"

43. Hancock: Smuts II, p. 463.

44. Die Kruithoring, 8.11.1944: "Daar Oorkant die Water". Die Dominium Party, die Arbeidersparty en die Nasionale Party het hulle verset teen die toekenning van politieke regte aan die Indiërs. Kyk Hancock: Smuts II, p. 466

45. Kyk onder p.

46. Debatte van die Volksraad, vol. 57 (1946): kol. 5903-5905. Smuts se ontkenning kom voor in kol. 5918-5919.

Louw het bygevoeg dat die Cape Times hom skynbaar nie aan die ontkenning van Smuts gesteur het nie, want twee dae later ver dié blad met beslistheid dat die besprekinge ook oor Ryksverding sou gaan.⁴⁷

'n Ander aangeleentheid betreffende die verhouding tussen die Unie en Brittanje en waarvan veral van Nasionale kant veel ge is, was die besoek van die Britse vorstegesin aan Suid-Afrika vroeg in 1947. Die algemene gevoel onder Nasionalistes was da nie so onskuldig was as wat dit op die oog af wou voorkom nie dat daar besliste politieke motiewe agter geskuil het. Reeds 21 Maart 1946 het dr. Malan die aandag van die volksraad geve op die moontlike politieke implikasies wat sodanige besoek ko hê, veral waar 'n verkiesing binne afsienbare tyd sou volg. H het spesifiek verwys na 'n Cape Argus-berig oor Britse persmen in diër voege.⁴⁸

Ook Louw het die aangevoerde motivering vir die besoek, nl. o aan die koning tyd te gun vir rus en ontspanning⁴⁹ bevraagteek veral in die lig van sy geweldige druk program. Louw se ontl van die saak was gebaseer op verskeie uitlatinge van Britse politici en koerante asook skynbare navolging deur Suid-Afrika koerante; een Britse koerant het verwys na 'n "besige sending" waarop die koning was, terwyl die Cape Times openlik gemeen h dat die besoek daartoe sou bydra dat die meerderheid Suid-Afr: kaners meer koningsgesind word. Uit dit alles was dit vir hom glashelder: die koningsbesoek was bedoel om die Britse Ryk ei

47. Die Kruithoring, 1.5.1946: "Daar Oorkant die Water".

48. Debatte van die Volksraad, vol. 56 (1946): kol. 4085-40

49. Debatte van die Volksraad, vol. 56 (1946): kol. 4119.
(Smuts se uiteensetting, in antwoord op Malan se opmerkir

Statebond, met die oog op Brittanje se swak posisie in Europa saam te snoer; om die Britse uitvoerhandel te bevorder en, in die derde plek, as teenvoeter teen groeiende republikanisme en heelmiddel vir Smuts se tanende prestige. En tog was hy nie juis onrustig oor die uitwerking wat die besoek sou hê nie, want dit was bloot tydelike entoesiasme wat spoedig, sodra die publiek weer met die gevolge van Smuts se "wanbestuur" moes worstel, sou wyk.⁵⁰

Louw se interpretasie van die moontlike uitwerking van die koningsbesoek is nie deur mede-republikein dr. Verwoerd gedeel nie, want laasgenoemde het 'n doodswyg-boikot ten opsigte van doen en late van die vorstegesin in sy koerant toegepas.⁵¹

Naas die Unie se verhouding tot Brittanje en die Statebond, was dit veral Rusland se posisie in die internasionale sfeer waaroor teen die middel-veertigerjare in politieke kringe baie hare gekloof sou word. Vir Smuts was die Geallieerde oorwinning in die oorlog geensins in alle opsigte bevredigend nie. Rusland se oordonderende magsopkoms was een van die vernaamste na-effekte van die stryd wat 'n wrange smaak in die mond van die oorwinnaar gelaat het; dit het van Smuts 'n diep-bekommerde man gemaak.⁵²

Die Nasionaliste het nie gehuiwer om die skuldbewyse vir Smuts se neerslagtigheid en veral die opkoms van Rusland en die aftakeling

50. Die Kruithoring, 26.2.1947: "Daar Oorkant die Water".

51. Vir 'n uiteensetting van Verwoerd se motiewe en optrede, kyk G.D. Scholtz: Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, 1901-1966, pp. 147 - 151. Selfs Verwoerd se groot vriend en kollega, J.G. Strydom, het met hom verskil oor hierdie gedragslyn.

52. Hancock: Smuts II, pp. 418 - 420 en 443 - 445. Vgl. ook hoofstuk 24 getiteld "Sombre Victory", pp. 426 - 439.

van die Britse Ryk op sy eie rekening te plaas nie: het hulle dan nie oor en oor juis teen sulke gebeurlikhede gewaarsku nie. Smuts het by homself skuld erken, in die sin dat sy Nasionale kritici gelyk gehad het,⁵³ dog hy het vasberade sy besluite te optrede verdedig in die vaste oortuiging dat daar geen ander keuse was nie. Hy het vol hoop gewag op die gety wat sou kee

Namate die oorlog na 'n einde gesloer het, het die Nasionalist met 'n tikkie leedvermaak en 'n "ons-het-mos-gesê"-houding volg met hul veroordeling van Smuts se oorlogsbeleid. Op 25 Januarie en met Smuts se Londense ontboeseming oor die Russiese "kolos" nog vars in die geheue het dr. Malan gemaak teen onregverdigde onderdrukking van lande wat in die toekomst 'n bolwerk teen kommunisme mag wees.⁵⁵ Wêrelddominasie deur grootmoondhede is afgewys en gelyke status tussen klein en groot nasies as enigste basis vir wêreldvrede voorgelê. Wat Suid-Afrika aanbetref, is 'n vrye, onafhanklike republiek en afgeskei van Britse Kroon en tot stand gebring word.⁵⁶ Nadat Malan in 'n sterkbewoorde toespraak veral die aandag op die gevaar van Russiese oorheersing die daarmee gepaard gaande gevaar van kommunistiese uitbreidingsgeskets het, het verskeie Nasionale sprekers, waaronder dr. St

53. Vir die waarskuwings en beskuldigings van die Nasionalistiek Hancoek: Smuts II, pp. 351 - 352, 369, 372 en 420, ook dr. Malan se toespraak in die volksraad, op 25 Januarie 1944, in *Debates of the House of Assembly*, vol. 47 (1944) kol. 75 e.v.

54. Hancoek: Smuts II, pp. 445 - 446.

55. Hy het verwys na Duitsland, Italië, Pole en Finland. Kyk *Debates of the House of Assembly*, vol. 47 (1944): kol.

56. *Debates of the House of Assembly*, vol. 47 (1944): kol.

mnr. P.J. Olivier, mnr. J.J. Serfontein, kol. Döhne, adv. Strydom
en Eric Louw, dit beaam en verder onderstreep.⁵⁷

Louw het die aandag gevestig op die veranderde houding en gesindheid jeens Rusland sedert die uitbreek van die oorlog⁵⁸ en veral vir Smuts in hierdie verband gestriem, daar hy by geleentheid opgemerk het dat Louw net spoke sien as hy van 'n Russiese gevaar praat.⁵⁹ Nou het hy self van Rusland gepraat as "the new colossus on the Continent of Europe".⁶⁰ Louw het voortgegaan en in 'n kragtige rede gewys op die aggressiewe karakter van Stalin se optrede sedert Rusland in 'n bedingingsposisie beland het.⁶¹

In antwoord op Malan se mosie het Smuts terloops daarop gewys dat die republikeinse kwessie by die vorige verkiesing finaal van die baan gegee is. Wat Rusland se magposisie aanbetref, het hy die skuld daarvoor aan die deur van Duitsland gelê en gemaan dat Opposisielede hul woorde teenoor Rusland moes tel en nie aanstoot gee nie. Hy het ook gewys op 'n verandering ten goede in die Russiese uitkyk en Suid-Afrikaanse kommunisme as 'n bloot plaaslike beweging bestempel.⁶²

Op 17 Maart 1944 het hierdie saak weer sterk na vore getree na aanleiding van onluste en onrus onder die werkers aan die Rand,

57. Debates of the House of Assembly, vol. 47 (1944): kol. 109 e.v.

58. Debates of the House of Assembly, vol. 47 (1944): kol. 1519.

59. Louw het verwys na die debatsvoering oor kommunisme in 1942.

60. Debates of the House of Assembly, vol. 47 (1944): kol. 1529 - 1530.

61. Debates of the House of Assembly, vol. 47 (1944): kol. 98 - 103. Vgl. ook Die Burger, 12.3.1947.

62. Debates of the House of Assembly, vol. 47 (1944): kol. 1525.

en is 'n volkskaalse debat oor die kommunisme weer van nuuts af gevoer. Louw het terugverwys na sy waarskuwings en uiteensetting in die volksraad die vorige jaar en die huidige gebeure as bewelwing aangevoer dat die Nasionaliste se waarskuwings tydig teenoor Smuts wat gesê het dat hulle net spoke sien.⁶³ Smuts egter nie die kommer van die Nasionaliste oor die gevaar van kommunisme gedeel nie en dit bloot as verkiesingspraatjies bestempel.⁶⁴ Wel was hy intens bekommerd oor die inherente gevare van die bonde aan 'n gevoel van oormagtigheid wat by Rusland mog bestaan het,⁶⁵ veral namate Rusland besig was om Duitsland vanuit die Ooste te oorrompel terwyl die Geallieerdes in die Weste teruggeslaan is.⁶⁶ Eric Louw se ontledings waarmee hy oorsese verwikkelinge oopgekerf het,⁶⁷ het verrassende ooreenstemming getoon met Smuts se siening, soos op private vlak teenoor 'n vriend geopenbaar.⁶⁸ Die "kompetisie" tussen die onderskeie bondgenote is deur Louw beskryf as 'n "wedloop na Berlyn"; dit was groot kommer, want die wenner van dié wedloop sou "baas" van Europa word.⁶⁹

63. Debates of the House of Assembly, vol. 47 (1944): kol.

64. Debates of the House of Assembly, vol. 47 (1944): kol.

65. Hancock: Smuts II, pp. 413 e.v.

66. Hancock: Smuts II, pp. 418 - 419.

67. Dié vergelyking is m.i. heel van pas ten opsigte van Louw se pittige maar tog deurgrondige artikelreeks in Die Kruithoring ("Daar Oorkant die Water") en in New Era ("Plain Talk"). In dié reeks het Louw kommentaar op resente gebeure plaaslik en oorsese gelewer. Eersgenoemde blad was die amptelike mond van die H.N.P. terwyl New Era die verwesenliking van Louw se baie Nasionaliste se ideaal van 'n Nasionaalgesinde Engelse ligte blad was. Dié blad, wat onder redaksie van dr. E.G. Jansen gestaan het, het maar 'n sukkel bestaan gevoer en publikasie is op 10 April 1947 gestaak.

68. Dié vriend was M.C. Gillet, aan wie hy op 21.1.1945 in hierdie trant geskryf het.

69. Die Kruithoring, 31.1.1945: "Daar Oorkant die Water".

In die 1945-Sitting het Louw weer eens die regering se oorlogs-beleid aan strawwe kritiek onderwerp en gewys op die verandering van sienswyse in regeringsgeledere sedert die oorlog n aanvang geneem het. Volgens hom het Smuts en sy vriende in vrees verkeer dat hulle die vrede sou verloor, al het hulle die oorlog gewen. Daar is ook weer baie klem gelê op Rusland se magsdrang en die wyse waarop dié moondheid die toon in die voorafgaande onderhandelings om vrede aangegee het.⁷⁰ En wat betref die na-oorlogse rekonstruksie, die kwessie van vergoeding en die vraagstuk van die optrede teen die verowerde lande, was Louw baie skepties oor Rusland se motiewe in dié verband.⁷¹ Verwysende na die verantwoordelikheid van die Geallieerdes vir dié toestand van sake, het Louw uiteindelik die vraag gestel "of Neville Chamberlain met sy 'appeasement'-beleid nie reg was nie, en of toekomstige geslagte van Europa nie ook die vraag sou stel nie." Hierby was daar nog die vraag of dit in Suid-Afrika se belang was om mee te help aan n proses waartydens Rusland "baas" geword het van Europa en die kommunisme so sterk toegeneem het. Hy het ten slotte by sy leier, dr. Malan, aangesluit deur te sê dat die standpunt wat hulle op 4 September 1939 ingeneem het, die korrekte was.⁷²

70. Debates of the House of Assembly, vol. 51 (1945): kol. 1410. Vgl. ook New Era, 1.11.1945: "Plain Talk", vir sy siening oor Rusland se onderdrukking van kleiner nasies en die Cape Times se vroeëre houding jeens Rusland.

71. Debates of the House of Assembly, vol. 51 (1945): kol. 1410-1412.

72. Debates of the House of Assembly, vol. 51 (1945): kol. 1413-1416. Vgl. in hierdie verband ook dr. Malan se siening, nl. dat hy en sy party op n stadium gedurende die oorlog eerder n Duitse oorwinning sou verkies, indien n Geallieerde oorwinning sou meebring dat Europa en dus ook die Unie onder kommunistiese invloed sou kom en die blanke beskawing gevolglik die gevaar loop om te verdwyn. Kyk Debates of the House of Assembly, vol. 48, (1944): kol. 3291.

By 'n latere geleentheid tydens dieselfde Sitting het Louw vir die soveelste keer kommer uitgespreek oor die magstrewe van Rusland en hom veral uitgelaat oor die bedreiging wat die nuwe ontwikkelinge in die wêreldpolitiek vir die kleiner nasies ingehou het.⁷³ Hy het voorbeelde genoem van sodanige nasies wat, direk of indirek, in die oorlog ingesleep is en die mening uitgespreek dat dit weer in die toekoms sou gebeur.⁷⁴ Op 'n vergadering in sy kiesafdeling na afloop van die Sitting het hy die vraag gestel of die wêreld nie afstuur op 'n botsing tussen Ooste en Weste nie, met Asiadies-georiënteerde Rusland as hoofaanvoerder van die Ooste en Suid-Afrika 'n moontlike strydtoneel vir dié botsing en vir 'n botsing tussen Blank en Nie-Blank.⁷⁵ In die volksraad het Louw by hernuwing gewys op die "klank van wanhoop" wat uit Smuts se optredes spreek, en die opvallend baie "ek-weet-nie"-antwoorde wat die eerste minister in die jongste tyd gegee het

Na aanleiding van die goedpraat van die diplomatieke verhouding tussen die Unie en Rusland en kritiek teen die Opposisie oor houthoofvoortdurende aanvalle op die regering van die Sowjet-Unie,⁷⁷ het Louw prontuit verklaar dat Rusland sy verteenwoordiging in Suid-Afrika net ter wille van die verspreiding van kommunistiese propaganda aanhou. Dit het in Engeland gebeur, en later ook in

-
- 73. Debatte van die Volksraad, vol. 52 (1945): kol. 3808-3809.
 - 74. Debatte van die Volksraad, vol. 52 (1945): kol. 3776.
Hy het o.a. verwys na Holland, België, Litaue, Finland en andere; dié wat nie deur Rusland en die Geallieerdes ingesleep is nie, is deur Duitsland in die stryd ingeforseer.
 - 75. Die Burger, 13.8.1945: te Fraserburg.
 - 76. Debatte van die Volksraad, vol. 52 (1945): kol. 3807-3808.
 - 77. Die spreker was mnr. A.T. Wanless, van Durban-Umbilo.
Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 52 (1945): kol. 3790-3794 (19 Maart 1945).

Frankryk.⁷⁸ Spoedig sou ook Kanada by die lys gevoeg kon word.

Die regeringskoerant Die Suiderstem het steeds volgehou dat die kreet van 'n kommunistiese gevaar "n tipiese Gesuiwerde spookstorie", 'n laaste strooihalmpie vir die Nasionaliste was,⁷⁹ dog geleidelik moes Louw en sy makkers gelyk gegee word in hul sieninge omtrent hierdie aangeleentheid. Vroeg in Februarie 1946 was daar onthullings oor kommunistiese insypeling in Kanada,⁸⁰ wat 'n skok deur die Westerse wêreld gestuur en skynbaar selfs vir Smuts tot nadenke gestem het. Louw het daarvan 'n verkiesingskreet gemaak in die tussenverkiesing in Caledon vroeg in Maart en triomfantelik gevra: "En hoe lyk dit nou met die kommunisme?"⁸¹ Ook die Britse minister van Buitelandse Sake, mnr. Bevan, het skerp daarteen te velde getrek⁸² terwyl Winston Churchill, nou nie meer aan bewind nie, sy stem dik gemaak het.⁸³ In Amerika is diepgaande ondersoek na kommunistiese bedrywighede ingestel en is besluit om dit aktief te bestry,⁸⁴ terwyl 'n polisiestrooptog teen die middel van 1946 op die kantore van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika uitgevoer

78. Debatte van die Volksraad, vol. 52 (1945): kol. 3794.

79. Die Suiderstem, 22.6.1945 en 5.7.1945: hoofartikels.

80. Kyk o.a. Die Transvaler, 21.2.1946. In die 1947-Sitting het dr. Malan en veral Louw uitvoerig hierna verwys. Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 60 (1947): kol. 2468-2472.

81. Die Kruithoring, 28.2.1946: "Daar Oorkant die Water".

82. Die Transvaler, 5.2.1946.

83. Die Transvaler, 23.3.1946. Hy het gesê dat die kommunisme die siel van die mens dood.

84. In die 1947-Sitting het Louw uitvoerig hierna verwys, o.a. met aanhalings uit die verslag van 'n Amerikaanse parlementêre komitee. Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 60 (1947): kol. 2470-2471 en 2478.



EN HOE LYK DIT NOU MET DIE KOMMUNISME?

Vir etlike jare reeds waarsku die Nasionale Party teen die gevaar van Kommunistiese propaganda in Suid-Afrika.

In 1942 het die Nasionale Party 'n moede daarmement in die Volksraad ingedien en die nodige bewyse gelewer hoedat vertakings van die Kommunistiese Party in alle lande vanuit Moskou gekontroleer word, en vandaar met propagandamateriaal gevoer word. Met kaptiel en wys het ons bewys hoedat Moskou ook in Suid-Afrika sy giftige en ondermynende propaganda oor — want gader die nie-blanke bevolking van ons land.

En wat was die Antwoord van Jan Smuts en Colin Steyn?

Die Eerste Minister het gesê: „Die agt lid vir Beaufort-West sê: 'n spook, en dit is 'n spook wat hy vir verliesdoelwitte wil gebruik. Die Kommuniste wat hier bestaan het niks met die stelsel in Rusland te doen nie.“

Colin Steyn het gesê dat daar nie redes aangetoon is om optrede teen die Kommuniste te regverdig nie.

Mr. Othello Goussie het in sy Sap-Huisbrief gesê: „die veldtog van leuens teen die Kommuniste.“

Ook het die Veldmaarskalk gesê dat die Nasionaleste „by voorbaat vryenskap verkondig teen Rusland . . . wat die grootste las van die oorlog dra.“

Lede van Regeringskant het as belangrik bestempel ons bewerings dat ook die Kommunistiese Party in Suid-Afrika van uit Moskou gekontroleer word. „Daar is nie so iets nie!“ het hulle tgeroep. Tot nog 'n paar maande gelede het die Sap-pers gespot met „die Nasionaleste as Kommunistiese gogga.“ My lesers sal ook onthou hoedat ek in hierdie rubriek twee twee jaar elkeen voorspel het dat Rusland die baas van Europa sou word. Ook in die Volksraad het ons op daardie gevaar gewys . . . Die Sappe het ons uitgelag!

En Hoe Lyk Dit Nou?

Dit is die vraag wat die leiers van Caledon aan die Sap-Ministers en -Volksraadslide moet stel wanneer hulle maar. Delport leen help — d.w.s. so hulle toegelaat word om vroe te stel!

● Ja, hoe lyk dit nou in Europa?

● Wie is nou daar baas? Onder wie se kontrole staan die oorgrote deel van die vasteland van Europa?

● En wie is nou besig om kontrole te probeer kry van die Midde-Ooste — of in elk geval om vir homself daar invloedstelsel te stelp?

● Wie is besig om die Arabiere, sowel as ander Oosterse nasies, teen die Britte op te swiep — en om ook in die Verre Ooste moedlikheid te stelp?

● Wie was vir Brittanje 'n doring in die vlees by die onlangse V.V.O.-Konferensie?

Die Antwoord is: Josef Stalin!

En wat sê die Veldmaarskalk en Colin Steyn nou — en ook mr. Delport, as hy iets daarvan weet? Is die Nasionaleste nog besig om „spoke“ te sien? Of hoer?

En wat van Kommunistiese propaganda en ander skriftelike wat van Moskou gedirigeer word?

Vir die afgelope tien dae is die koerante vol van die sensasionele onthullings omtrent die uitgebreide en grootkaalse spionasie wat in Kanada deur Sowjet-Rusland gevoer is. Ook daar is vertel (soos in Suid-Afrika) van Rusland se groot bydrae tot die Geallieerdes se oorwinning. Ook een van hul leiers het die mening uitgespreek dat Stalin glad nie so 'n siegte bevel is nie.

En nou vind hulle uit dat selfs tydens die oorlog, toe hulle nog vegsaats was, Stalin se spione en agente daar bedrywig was!

Ergste van alles — die steembom se geheime is na sy grootse! Stalin se spione het hulle gekry!

En nou weet ons waarom Devin, die Britse Minister van Buitelandse Sake, onlangs so uitgevaar het oor Kommunistiese propaganda wat, soos hy gesê het, van Moskou uitgaan na alle lande.

Ons kan aanneem dat Stalin se spione ook in Suid-Afrika is. Ons weet dat, sy agente alreeds onder die nie-blanke bedrywig is.

En wat sê die Maarskalk en sy Sappe van die Kanadese Onthullings?

Het die Nasionaleste „onster“ gesê toe hulle in die afgelope tyd teen hierdie dinge gewaarsku het? Het ek „spoke“ gesien toe ek in 1942 bewyse gelewer het van Kommunistiese propaganda wat van Moskou kom?

EN NOU KOM DIE KENNITIGE VRAAG: HOE VER HET DIE KOMMUNISTIESE PROPAGANDA ONDER DIE NATURELLE EN KLEUELINGE REEDS POGGEVAT?

Gaan Suid-Afrika ook Kanada se egsinnigste ondervindings deurmaak? Kan ons die „land maar leeg“-beleid van die Smuts-regering bekostig? Die toekoms van die blanke ras is in gevaar!

Kiesers van Caledon!

GAAN U GEWAARSKU WES DEUR WAT IN KANADA GESEU HET? GAAN U HALT ROEP AAN DIE VOORTRETTING VAN KOMMUNISTIESE PROPAGANDA IN ONSE LAND?

Maak Seker van die Toekoms van u Kinders!

STEM TEEN DIE REGERING!

(Gedrukt deur AGP. 1942 E. LOUW, Volksraad, Kaapstad)

(Die Kruithoring, 28.2.1946).

is.⁸⁵ Selfs Smuts moes in Desember 1946 bely dat hy deur Stalin aan die neus gelei is met sy versekering dat Russiese kommunisme nie vir uitvoer bestem was nie.⁸⁶

Die dramatiese wending wat daar in die siening met betrekking tot die rol van kommunisme in die Unie gekom het; is in die Sitting van 1947 duidelik onderstreep. Nadat dr. Malan die saak aangeroer en daarop gewys het dat die volk graag wou weet wat Smuts van plan was om ten opsigte van die "wolf in die kraal" te doen,⁸⁷ is dit aan Louw oorgelaat om dié kwessie verder te eksploteer. Te midde van 'n skynbaar ligsinnige gees onder regeringslede het Louw met detail-verwysings en aanhalings met betrekking tot gebeure in Kanada en Amerika op die erns van die saak gewys. Hy het dit egter nie hierby gelaat nie, maar op kommunistiese bedrywighede in Suid-Afrika en gepaardgaande onrus hieroor by vooraanstaande Suid-Afrikaners gewys. Hy het weer vir Smuts aangehaal, wat in Desember die vorige jaar die erkenning oor die gevaar van kommunisme gemaak het.⁸⁸ Dit was 'n troefkaart ten opsigte van die bedenkinge van mnr. S.J. Tighy, wat smalenderwyse na die "vreeslike skurwe gogga" wat weer deur Louw opgejaag is, gepraat en Louw gedaag het om sy bewyse

85. Die Burger, 17.8.1946.

86. Dit was voor die Amerikaanse Nywerheidskongres in New York. Vir verslag, kyk Die Burger, 6.12.1947. Kyk ook hoofartikel, 8.12.1947.

87. Debatte van die Volksraad, vol. 60 (1947): kol. 2468.

88. Debatte van die Volksraad, vol. 62 (1947): kol. 2478.

vir die bestaan van so 'n gevaar te bring.⁸⁹ Louw het weer sy ernstige bedenkinge oor die aktiwiteite van die Russiese konsultant, wat met 'n personeel van meer as twintig net vir se Russiese uitvoere na Suid-Afrika kan instaan.⁹⁰ Hy het Smuts gewaarsku om nie toe te laat dat 'n toestand soos dié in Kanada ontwikkel nie, veral vanweë die groot Swart bevolking in Suid Afrika. Ten slotte het hy ook betekenisvol op Rusland se steun aan Indië in laasgenoemde staat se saak teen die Unie in die V.V.O. gewys.⁹¹

Verskeie sprekers van regeringskant het ook teen die kommunistiese standpunt ingeneem, hoewel hulle heeltemal tevrede was dat die regering die saak onder beheer sou hou.⁹² In sy repliek het Smuts kommunisme as 'n wêreldvraagstuk beskryf en die gebeure in Kanada en elders as "verskriklik" bestempel. Hy was nie juis bekommerd oor die Kommunistiese Party self nie, maar wel oor die metodes van infiltrasie waardeur hul invloedssfeer buite verhouding groot word. Die regering is egter "taamlik bewus" van tansituasie en sou 'n wakende oog hou, het hy die versekering gegee. Vir Louw was dit 'n ligstraal dat Smuts oor hierdie aangeleentheid

89. Debatte van die Volksraad, vol. 60 (1947): kol. 2475 en ook kol. 2469-2471 (tussenwerpsels). In 'n latere spreking het Tighy gevra hoe 'n demokratiese party soos die Kommunistiese Party dan onderdruk en doodgemaak kon word. Kyk kol. 2500.

90. Die gegewens het Louw deur middel van vrae in die volksrekening verkry.

91. Vir Louw se toesprake, kyk Debatte van die Volksraad, vol. 60, (1947): kol. 2469-2472, 2477-2480 en 2494-2497.

92. Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 60 (1947): kol. 248 (mnr. Howarth), kol. 2489 (mnr. Sutter) en kol. 2477 (mnr. Bowen).

93. Debatte van die Volksraad, vol. 60 (1947): kol. 2533-2534.

"tog nou eindelijk tot inkeer gekom het".⁹⁴

In Maart 1948 het dr. Malan weer eens die kommunistiese kwessie aangeroei, maar hierdie keer omdat Smuts se sterk standpunt teen kommunisme "nie ongekonneteer staan met die komende Algemene Verkiesing nie". Dieselfde geld ook vir die donker oorsese toestand wat nou deur Smuts geskilder word.⁹⁵ Die kommunistiese gevaar is hierna diepgaande ontleed, met heelwat aandag aan die Springbok Legioen as beweerde kommunisties-geïnspireerde organisasie en die V.P. se verbintenisse met hierdie beweging. Eric Louw het die laaste woord te sê gehad, deur Smuts se reputasie as "versierende wêreldstaatsman" aan uitspraak op uitspraak van hom oor die kommunistiese gevaar te onderwerp. Die resultate was beslis nie gunstig vir Smuts nie. Louw se oordeel was dat dit vir Smuts 'n bietjie "laatstondig" was om wakker te skrik ten opsigte van die gevare van Rusland en die kommunisme.⁹⁶

Die einde van die Tweede Wêreldoorlog het terselfdertyd ook die uitvaart van die Volkebond, nou selfs van stigterslid Smuts verlate, meegebring.⁹⁷ Eric Louw, wat reeds in 1925 bedenkinge oor dié liggaam gekoester het⁹⁸ en by wie daardie bedenkinge vanweë eie ervaring tydens sy diplomatieke dienstermyn slegs toegeneem het,⁹⁹ het met klaarblyklike selfingenomenheid daarop gewys dat

94. Debatte van die Volksraad, vol. 60 (1947): kol. 2530.

95. Debatte van die Volksraad, vol. 63 (1948); kol. 3271-3272.

96. Debatte van die Volksraad, vol. 63 (1948): kol. 3988-3994.

97. Hancock: Smuts II, p. 409. In sy toespraak in Londen op 25 November 1943 het Smuts die mislukking van dié wêreldliggaam, in die stigting waarvan hy so 'n groot aandeel gehad het, erken.

98. Kyk hoofstuk 5, p. 193-194.

99. Kyk hoofstuk 8, pp. 316-317 en 327.

die Volkebond nooit in sy doel geslaag het nie, dat dit 'n "broeines van intrige" en 'n speelbal van konkelende moondhede geword het.¹⁰⁰ Louw se siening het 'n baie noue ooreenstemming getoon met dié van L.S. Amery, wat geglo het dat die sanksies in die dertigerjare teen Abbesinië ingestel is, die doods klok vir dié wêreldliggaam gelui het;¹⁰¹ daarteenoor het Smuts 'n liggaam met werklike mag om daadwerklik op te tree, as enigste reël middel beskou.¹⁰²

Teen Maart 1945 het Louw vir alle praktiese doeleindes die Volkebond reeds begrawe en wou hy dat die jaarlikse bydrae tot die instandhouding daarvan opgeskort word,¹⁰³ dog Smuts het versoek dat die laaste betaling gemaak word omdat sekere nie-politieke aktiwiteite daarvan nog voortgesit word.¹⁰⁴ Een van hierdie aktiwiteite was die United Nations Relief and Rehabilitation Administration (UNRRA). Louw het die uitbetaling van die Unie se bydrae daartoe heftig geopponeer, op grond van die feit dat die Nasionaliste vanuit die staanspoor teen oorlogsdeelnemers gekant was. Hierbenewens het hy baie bedenkinge gehad oor die administrasie van dié fondse, veral nadat geblyk het dat die Jewish Board of Deputies skynbaar 'n hand in die aanwys van die

100. Debates of the House of Assembly, vol. 48 (1944): kol. 351D. Vir 'n uiteensetting van Louw se siening, kyk New E 5.4.1945: "Plain Talk". Vgl. ook Die Kruithoring, 28.2.1945: "Daar oorkant die Water".

101. Hancock: Smuts II, p. 430.

102. Hancock: Smuts II: p. 430.

103. Debatte van die Volksraad, vol. 52 (1945): kol. 3817. Kyk ook Die Kruithoring, 28.3.1945: "Daar Oorkant die Wa

104. Debatte van die Volksraad, vol. 52 (1945): kol. 3823.

administratiewe amptenare gehad het.¹⁰⁵ Smuts het dit ontken,¹⁰⁶ dog Louw het volgehou en sy bewysplase aangevoer. "There seems to be a nigger in the pie", was sy opmerking na aanleiding van die feit dat vyf uit die ses lede van die betrokke komitee Jodinne was.¹⁰⁷ In die 1946-Sitting, toe veral A.J. Werth die leiding geneem het in die aanvalle op die Unie se bydrae tot UNRRA, het Louw volgehou met sy vertoë om meer inligting, veral na aanleiding van soortgelyke ontevredenheid by lande soos Amerika en Australië.¹⁰⁸

Oor die stigting van 'n nuwe wêreldorganisasie, waaraan Smuts en ander wêreldleiers reeds dringende aandag gegee het, was Louw maar bra skepties. Hoewel hy dit nie in die openbaar getoon het nie, was selfs 'n man soos Smuts aanvanklik vol twyfel oor die nuwe organisasie, in wie se totstandkoming hy nie juis, soos in die geval van die Volkebond, 'n groot aandeel gehad het nie. Dit het vir hom te veel na 'n herhaling van die ou Volkebond gelyk.¹⁰⁹ Volgens Louw se ontleding van die voorlopige handves, sou militêre optrede en sanksies die basis vir optrede van die nuwe organisasie wees. Dit was egter nie voldoende nie: "It will also be necessary to eliminate all political and trade rivalries, as well as anything else which may lead to a clash of interests between nations. In fact, human nature will have to undergo a

105. Debates of the House of Assembly, vol. 47 (1944): kol. 162.

106. Debatte van die Volksraad, vol. 52 (1945): kol. 3823.

107. Debatte van die Volksraad, vol. 52 (1945): kol. 3818.
Louw het sy inligting in 'n berig van die Cape Times verkry en dit in die volksraad voorgelees.

108. Debatte van die Volksraad, vol. 55 (1946): kol. 63-66.

109. Hancock: Smuts II, p. 429.

complete change." Hoe kon dit ooit slaag waar daar reeds tekens van groot onenigheid tussen die betrokke moondhede is, Louw se onuitgesproke vraag.¹¹⁰

Tog was Louw bereid om die nuwe organisasie n kans te bied, as daar dan hoop op sukses was.¹¹¹ Hy het, net soos dr. Malan,¹¹ gewaarsku dat daar nie voorafonderhandelinge moes wees waardeur Suid-Afrika in die toekoms in oorloë gesleep sou word nie.¹¹³ Smuts se optrede tydens die konferensie te San Franscisco is gevolglik fyn deur hom dopgehou.¹¹⁴

Die vroegste aktiwiteite van die nuwe wêreldliggaam, te wete die eerste sitting in London en die beraadslagings van die Veiligheidsraad, het nie juis gedien om Louw se aanvanklike skeptisi uit die weg te ruim nie. Hy het dadelik groeppvorming bemerk en geoordeel dat die "onsmaaklike en gevaarlike geskiedenis van Genève" besig was om hom te herhaal. Hy het veral twee hoofonderskei, nl. dié by Brittanje en Amerika en dié by Rusland, n opportunistiese tussengroep.¹¹⁵ Nadat Gromiko van Rusland

110. New Era, 5.4.1945: "Plain Talk". Vgl. Die Kruithoring, 28.3.1945: "Daar Oorkant die Water".

111. Debates of the House of Assembly, vol. 48 (1944): kol.

112. Debatte van die Volksraad, vol. 52 (1945): kol. 3771.

113. Debatte van die Volksraad, vol. 52 (1945): kol. 3767. Louw het die samesprekings van Ryksafgevaardigdes voor die vredeskonferensie baie skepties beskou as net nog n erken dat die dominiums nie volle onafhanklikheid besit nie. K. Die Kruithoring, 14.3.1945: "Daar Oorkant die Water".

114. Berigte oor die konferensie en oor Smuts se optrede daar tydens figureer sterk in Louw se versameling uitknipsels. Kyk E.H. Louw-vers., band 144 en 145.

115. Die Kruithoring, 23.1.1946: "Daar Oorkant die Water".

dramaties uit die Veiligheidsraad gestap het oor Rusland se moeilikhede in Iran, en die daaropvolgende onverwagte skikking tussen Rusland en Iran, waarvolgens Iran onder Russiese invloed-sfeer gekom het, was Louw geneig om die "grafskrif" van die Volkebond op die nuwe organisasie toe te pas, nl. dat dit sou huiwer wanneer optrede nodig is en traag sal wees om verantwoordelikheid te neem vir gewigtige beslissings.¹¹⁶ Sou daar aan Russiese druk toegegee,¹¹⁷ en so substansie verleen word aan Louw se opvatting dat die magskonsentrasie in die nuwe organisasie juis tot magsmisbruik en magspolitiek aanleiding sou gee, met Rusland en Stalin in die hoofrolle?¹¹⁸ Die verwickelinge op die vredeskonferensie te Parys en Rusland se optrede en houding daartydens was vir Louw afdoende bewys dat sy bedenkinge gegrond was.¹¹⁹

Oor die Verenigde Volke se samestelling was hy op die ou end nie baie gelukkig nie, veral vanweë die vetoreg wat by die Grotes berus het. Die ander lede was maar net "vir spek en boontjies" daar, terwyl die hele organisasie skynbaar inmekaar sou val indien een van die Grotes aggressie sou pleeg. Saam met Die Transvaler het hy spottenderwys na die verrigtinge te "San Fiasko"

116. New Era, 25.4.1946: "Plain Talk". Dié frases is ontleen aan die voorsitter van die Volkebond se toespraak tydens die laaste sitting van dié liggaam. Vgl. ook Die Kruithoring, 3.4.1946: "Daar Oorkant die Water".

117. New Era, 25.4.1946: "Plain Talk".

118. New Era, 8.8.1946: "Plain Talk".

119. New Era, 12.9.1946: "Plain Talk". Naas ander voorbeelde, het Louw spesifiek verwys na 'n Amerikaanse waarskuwing dat Rusland nie moes volhou met sy beleid van obstruksie en verdeling ten opsigte van Duitsland nie. Louw het in verskeie artikels sy kommer uitgespreek oor die Russiese aspirasies ten opsigte van Duitsland. Vgl. Die Kruithoring ("Daar Oorkant die Water"), 4.7.1945, 4.9.1946 en 18.9.1946.

verwys.¹²⁰

Smuts se stilswye tydens die vredeskonferensie te Parys in die najaar van 1946 het die skerpsinnige Eric Louw opgeval - verte woordiging aldaar het immers die Unie-regering baie duisende p gekos. "Is dit van moedeloosheid, of het hulle nie daar tyd v n 'has-been' nie?", moes hy onwillekeurig vra.¹²¹ Smuts se volgehoue stilswye en die koel Amerikaanse ontvangs van n toespraak wat hy te Skotland gelewer het, was vir Louw verdere be dat Smuts se dae as internasionale figuur getel was, dat hy ma net n "interessante figuur", n "museumstuk" geword het.¹²²

Die V.V.O. se eerste groot toets, vir soverre dit Suid-Afrika aanbetref, het in Oktober 1946 gekom en wel toe n aanklag van Indië teen die behandeling van Indiërs in die Unie op die agen van die wêreldliggaam geplaas is. Tegelykertyd het daar n aansoek van Suid-Afrika om die inlywing van die mandaatgebied Suidwes-Afrika gedien.

Die Unie se byna-tradisionele Indiërprobleem, wat kort na Unie wording so sterk op die voorgrond was en sedertdien sporadies aandag ontvang het, het in 1946 gelei tot wetgewing wat enersy beperking op Indiërgrondbesit gelê het, maar andersyds aan hulle gedeeltelike verteenwoordiging in die Unieparlement gegee het. Dié maatreëls was baie omstrede en het nóg die Indiërs self, n

120. Die Kruithoring, 6.6.1945: "Daar Oorkant die Water". Vg ook die rubriek in die uitgawes van 4.7.1945 en 23.1.1946

121. Die Kruithoring, 18.9.1946: "Daar Oorkant die Water".

122. Die Kruithoring, 2.10.1946: "Daar Oorkant die Water".

die Natallers (veral die Dominion Party) en die Nasionaliste tevrede gestel.¹²³ Indië het hom die lot van sy landgenote sterk aangetrek en diplomatieke betrekkings met die Unie verbreek, terwyl 'n formele klag teen die behandeling van Indiërs in Suid-Afrika by die V.V.O gelê is.¹²⁴

Generaal Smuts se hantering van die aangeleentheid het vanuit die staanspoor bedenkinge by Louw uitgelok en wel vanweë die feit dat hy nie teen die blote plasing van die aanklag op die agenda protes aangeteken het nie. Syns insiens het dit nie alleen aan Indië 'n sielkundige voorsprong besorg nie, maar het Smuts se stilswye neergekom op

"a tacit acknowledgement that UNO has the right to interfere in the internal affairs of its Member-states. A precedent has been established which will have far-reaching consequences in the future... It is quite possible that General Smuts may later win the fight on the merits of the complaint laid against South Africa. But the fact remains that he has conceded the right of UNO to poke its nose into South Africa's domestic affairs."

Wat vir Louw des te meer griewend was van Smuts se optrede, was 'n berig dat Smuts wel van plan was om sodanige besware aan te teken, dog dat hy op die laaste nippertjie daarteen besluit het. Dat sy stilswye na die mening van 'n New Yorkse koerant, skynbaar aan advies van die Britse afgevaardigdes toegeskryf moes word, was vir Louw een te veel.¹²⁵

"No South African Government should be placed in the difficult and invidious position of having to choose between

123. Hancock: Smuts II, pp. 463 - 466.

124. Vgl. Hancock: Smuts II, pp. 466 - 467 en Krüger: The Making of a Nation, pp. 227 - 228.

125. New Era, 7.11.1946: "Plain Talk".

British and South African interests. The only alternative is an independent republic, which is free to determine its line of conduct, without having to submit to pressure from a 'senior partner', or to consider the obligations due to a 'common crown'."

Ten spyte van proteste van Smuts, het die Politieke Komitee van die V.V.O. die Indiese aanklag na die Algemene Vergadering verwys waar dit eventueel met 'n meerderheid van stemme onderskraag is. Van die gees van San Francisco, soos versinnebeeld in Smuts se lofuiting: "The Charter is like a rainbow in the sky, a symbol of hope after these storms to inspire mankind with new faith and new courage for the future", het nie veel gekom nie, soos Smuts persoonlik na hierdie wrange ervaring getuig het: "We found unbelievable misunderstanding about race and colour conditions and their handling in South Africa. We found a solid wall of prejudice against the colour policies in South Africa..."

Swak generaalskap, was Louw se onsimpatieke oordeel oor Smuts se hantering van die aangeleentheid, veral omdat hy tog op 'n laat stadium en tydens die bespreking van die saak 'n poging aangewend het om die geldigheid van die besprekings omver te werp.¹²⁶ En hoewel hy van mening was dat met reg beswaar gemaak moes word teen die ongevraagde en onbehoorlike inmenging in die binnelandse aangeleenthede van die Unie, was die besluit van die V.V.O. nie vir hom iets om panikerig oor te word nie. Hy het veral hoop geput uit die feit dat die beslissing teen Suid-Afrika hoofsaaklik deur "nie-blanke" moondhede ondersteun is, en het dit nie as 'n

126. Hancock: Smuts II, p. 470.

127. S.A.U.K. Transkripsiediens: "n Plek onder die Son", deur Jan Pretorius, 24 Oktober 1967.

128. New Era, 12.12.1946: "Plain Talk".

ware barometer van "wêreld-opinie" beskou nie. Vir hom was die belangrikste effek van die V.V.O. se optrede die uitwerking wat dit sou hê op die Nie-Blanke bevolking van die Unie, veral waar hulle die voorafgaande paar jaar so 'n uitdagende houding begin inneem het en daar onmiddellik na die V.V.O. se besluit nuwe roerings waarneembaar was.¹²⁹

Wat die toekomsopptrede aanbetref, het Louw die weg só gesien: ignoreer die V.V.O.-besluit, want dit is in stryd met die organisasie se eie handves, verban die Kommunistiese Party en doen daadwerklike stappe teen kommuniste, negrofiliste en "libereles" wat die Nie-Blankes aanhits. Vreemdelinge wat hulle aan sodanige opsweping skuldig maak, moet gedeporteer word terwyl die paspoorte van Suid-Afrikaners wat Suid-Afrika se naam oorsee beswadder, ingetrek moet word. Omdat die Smuts-regering egter nie hierdie raad van die Opposisie sou navolg nie, was daar net een uitweg, nl. om die Nasionale Party aan bewind te stel.¹³⁰

Louw het verwag dat Smuts by sy terugkeer as martelaar sou poseer en het reeds tekens bespeur dat simpatie met hom oor sy neerlaag teen "a mixed crowd of Russians, Indians, Mexicans, Chinese, Haitians, Persians, Arabs and Syrians", tot sy en sy regering se voordeel aangewend staan te word. Dis juis hier waar die Nasionale Party hom kon konfronteer: hoekom het hy die Unie ten opsigte van lidmaatskap van die V.V.O. gekompromitteer voordat parlementêre goedkeuring verkry is? Hoekom het hy nie vanuit die

129. New Era, 12.12.1946: "Plain Talk". Kyk ook New Era, 2.1.1946: "Plain Talk".

130. New Era, 2.1.1947: "Plain Talk".

staanspoor geïntereſeerde teen die klag van Indië nie? En waarom het hy en sy regering die voorafgaande ses jaar toegelaat dat sake ten opsigte van die kleurvraagstuk maar ontwikkel, terwyl daar minagtend verwys is na die Nasionaliste se sogenaamde "sw gevaar-kreet" en na die "spoke" wat hy (Louw) gesien het in sy waarskuwings teen die kommuniste?¹³¹

Naas die dringendheid om van die Smuts-regering ontslae te raak het die konfrontasie met Indië in die V.V.O. net weer Louw se opvattinge bevestig, naamlik

"dat die sogenaamde 'Vredesorganisasies' 'n bedrog en 'n klug is; dat die meeste lande daarin is om vir hul eie belang te sorg; dat die klein landjies deur die Grotes 'gebruik' word - en later in die steek gelaat word; en eendelik dat daar vir Suid-Afrika geen heil in die lidmaatskap van 'Vredesorganisasies' is nie - en dat hoe gouer ons uit die V.V.O. tree, hoe beter. Tot dusver het die organisasie vir ons net ergernis - en koste - besorg."¹³²

Indien genl. Smuts Suidwes-Afrika gedurende die Tweede Wêreldoorlog geïntereſeerde het, sou geen haan daarvoor gekraai het nie. Uit respek vir die nuwe wêreldliggaam het hy vroeg in 1946 'n sterk Nasionale pleidooi, by wyse van 'n mosie wat deur Eric Louw in die volksraad ingedien is, geïgnoreer en formele toestemming tot inlywing van die betrokke gebied by die V.V.O. gaan vra. ¹³³ met die bespreking van die Indiese besware teen die behandeling van Indiërs in Suid-Afrika het hierdie versoek Suid-Afrika se binnelandse beleid in die vaarwaters van die wêreldpolitiek laat beland.

131. New Era, 12.12.1946: "Plain Talk".

132. Die Kruithoring, 29.1.1947: "Daar Oorkant die Water".

133. Hancock: Smuts II, p. 467.

Eric Louw se verbintenis met en belangstelling in Suidwes-Afrika as mandaatgebied van die Unie van Suid-Afrika dateer sedert 1929. In daardie jaar, terwyl hy die Unie se hoëkommissaris in Londen was, en weer in 1934, as gesant in Parys, het hy as sy land se verteenwoordiger by Volkebondsittings te Genève opgetree. By albei geleenthede het hy die Unie se verslag oor die mandaatgebied aan die Mandaatkommissie van hierdie wêreldliggaam voorgelê en moes hy vrae van lede van hierdie kommissie oor toestande in Suidwes en oor die Unie se uitoefening van die mandaat beantwoord.¹³⁴

Die toon van hierdie ondervraging was oor die algemeen vriendskaplik van aard, en slegs ter wille van meer besonderhede. Die enigste geleentheid waartydens daar sprake kon wees van politieke belangstelling was in 1934, toe sekere lede hul kommer uitgespreek het oor die verskil in die bedrae wat aan die onderwys van Blankes en Nie-Blankes bestee word. Ook is gemeen dat die Nie-Blankes se politieke ontwikkeling teen n te trae tempo geskied. Louw se antwoorde hierop was dat onderwys vir die Nie-Blanke noodwendig baie elementêr moes wees terwyl 'n beleid van "haas jou langsaam" die beste was vir hul politieke ontwikkeling.¹³⁵

In 1934 het Louw hoflikheidshalwe deelgeneem aan 'n bespreking wat deur afgevaardigdes van België en Switserland aangevra is na aanleiding van 'n vertoog van die Wetgewende Vergadering van Suidwes om by die Unie ingelyf te word. Sonder om sy regering

134. Korrespondensie, EHL/PvdS, 25.7.1966. Vgl. ook Debatte van die Volksraad, vol. 55 (1946): kol. 2465-2466, vir verwysings na sy destydse optrede.

135. Cape Times, 2.11.1934. Vgl. pp. 315-316.

te kompromitteer, het Louw 'n neutrale houding ingeneem en gesê dat die regering steeds sou poog om in die gees van die mandaat op te tree.¹³⁶

Op Dinsdag 26 Februarie 1946 het Louw in die volksraad voorgestel dat die regering nog in dieselfde Sitting wetgewing indie om Suidwes-Afrika by die Unie in te lyf. "Die toekoms en lotsbestemming van Suidwes-Afrika is 'n saak van eweveel belang bei vir die Unie en die gebied van Suidwes-Afrika", was die uitgangspunt van sy betoog wat op die volgende neergekom het:¹³⁷

"a. Dat Suidwes-Afrika deur die Volkebond aan die Unie toegeke is om deur hom geadministreer te word asof dit deel van die Unie was.

"b. Dat die Volkebond, kragtens sy eie Statuut, nie sy magte of bevoegdhede aan enig ander land of internasionale organisasie kon oordra nie.

"c. Dat die Volkebond sedertdien opgehou het om te bestaan, en dat die nuwe organisasie (V.V.O.) nie 'n voortsetting van die ou Volkebond is nie. Hy is nie die Volkebond se "erfgenaam" nie.

"d. Dat die gebied van Suidwes-Afrika in "de facto" besit van die Unie is en dat volgens die uitspraak van ons eie Appèlhof, die mag van soewereiniteit oor die gebied by die Unie berus, onderhewig aan jaarlikse verslae aan die Volkebond; dat daar nie meer 'n Volkebond bestaan aan wie die Unie-regering verantwoording moet doen nie en dat van uit juridiese oogpunt beskou,

136. League of Nations: Minutes Permanent Mandates Commission, Genève, 1934.

137. Dié opsomming is Louw se eie, soos vervat in sy artikel "Inlywing van Suidwes by die Unie" in Die Burger, 18.11.1946.

die Unie tans sowel "de jure" as "de facto" in besit van Suidwes-Afrika is.

"e. Dat vir die redes hierbo genoem, die V.V.O. nie die reg, of die mag het om oor die gebied van Suidwes-Afrika te disponeer nie.

"f. Dat in elk geval kragtens Art. 77 van die V.V.O. se Handves, dit die houer van 'n mandaatgebieid vry staan om 'n voogdyskap-ooreenkoms aan te gaan of nie. Met ander woorde, blote lidmaatskap van die organisasie verplig hom nie om dit te doen nie.

"g. Dat die blanke bevolking van die gebied hom by verskeie geleenthede uitgespreek het ten gunste van inlywing."

Louw het verder aangetoon dat die Unie se administrasie van Suidwes-Afrika nog altyd geskied het asof die gebied deel van die Unie was, terwyl die Unie ook ten opsigte van buitelandse beleid in die verlede opgetree het met die veronderstelling dat hy die soewereine mag ten opsigte van Suidwes-Afrika besit. In sy toespraak het Louw veral baie aandag aan die juridiese aspek van sy voorgestelde stap gewy en sy standpunte met aanhalings van uitsprake van gesaghebbendes gestaaf. Aan die einde van 'n lang maar besonder pitvolle toespraak het Louw met reg daarop gewys dat hy seker alle aspekte van die saak behandel het, en het hy van die eerste minister 'n duidelike verklaring van regeringsbeleid gevra. Hy het 'n beroep op Smuts gedoen - seker omdat hy hom so goed geken het - om in hierdie saak nie 'n internasionale nie, maar 'n nasionale standpunt in te neem, om die land en sy mense se eie belange bo die internasionale belange te stel.¹³⁸

138. Debatte van die Volksraad, vol. 55 (1946): kol. 2433-2470. 'n Gedeelte van sy toespraak is as Bylae 6 opgeneem.

Louw se toespraak het beïndruk. Die Burger het dit as "n meesterlike toespraak" bestempel¹³⁹ terwyl selfs die Cape Times vol lof was vir Louw se hantering van die saak:¹⁴⁰

"In moving his motion urging the incorporation of South West Africa in the Union, Mr. Eric Louw expressed his case with a logic that was unanswerable. His speech was lucid, dignified, and without a trace of partisanship. On this occasion the country was treated to the rare spectacle of Parliament listening intently to a leading member of the Opposition speaking for South Africa to an audience far beyond its borders. For that was the underlying significance of his speech. Whatever may have been the views of Mr. Louw and his colleagues on this subject 20 years ago, it is undeniable that on this occasion he voiced the feelings of South Africa."

Hierdie blad sowel as die Cape Argus het egter gemeen dat die saak met groot gerustheid in die hande van genl. Smuts gelaat kon word.¹⁴¹ Die Argus was bitter oor die feit dat so 'n voorstel nou ingedien word deur mense wat enkele jare tevore nie bereid was om Nazi-oorheersing in Suidwes te beveg nie,¹⁴² terwyl die venynige Suiderstem dit as 'n "gevaarlike leerstelling" wat skadelik vir die toekoms van Suidwes en ook die Unie was, bestempel het.¹⁴³

Genl. Smuts het in sy antwoord ook sterk gevoel vir inlywing van Suidwes by die Unie, maar het dit wenslik geag om eers toe

139. Die Burger, 18.3.1946: hoofartikel. Vgl. ook berig in Die Burger, 27.2.1946, waar verwys word na sy "omvangryke beredenering".

140. Cape Times, 28.2.1946: hoofartikel.

141. Vgl. ook Cape Argus, 27.2.1946: hoofartikel.

142. Cape Argus, 27.2.1946: hoofartikel.

143. Die Suiderstem, 28.2.1946: hoofartikel.

stemming daartoe van die V.V.O. te verkry.¹⁴⁴ Dit, gepaard met die feit dat hy die juridiese kwessie van soewereiniteit nie in sy aansoek beredeneer het nie, was vir Louw die twee basiese swak punte in Smuts se houding.¹⁴⁵ Na raadpleging met dr. Malan, het Louw sy mosie teruggetrek omdat hy nie wou hê dat daar 'n skyn van verdeeldheid oor die kwessie verwek en Smuts se taak voor die V.V.O. sodoende bemoeilik word nie. Hy het gepleit: "... ons vra hom asseblief om nie terug te kom met 'n gemengde status, 'n nuwe status waaronder UNO se trustee-raad seggenskap sal hê oor 'n land wat aan ons grens nie."¹⁴⁶

Wat Louw en mede-Nasionaliste voorsien het, het toe op die ou end gebeur. In die Voogdykomiteevergadering is kwaai aanvalle op die Unie se rassebeleid deur die afgevaardigdes van Indië en Rusland gemaak en uiteindelik is die aansoek om inlywing met 12 stemme teenoor 6 verwerp.¹⁴⁷ Reeds voor hierdie stemming het die Nasionale koerante en Louw skerp verwyte na Smuts se hoof geslinger. Die Transvaler kon dit net nie kleinkry nie "dat iemand wat as 'n slim staatsman wil deurgaen, so'n flater kon maak, en dit nogal nadat hy van H.N.P.-kant gewaarsku is deur 'n ervare buitelandse diplomaat soos adv. Louw."¹⁴⁸ Ook Die Burger was skerp-afwysend: "Tot Suid-Afrika se skade het

144. Vir Smuts se toespraak, kyk Debatte van die Volksraad, vol. 56 (1946): kol. 3764 e.v.

145. Vir Louw se repliek, kyk Debatte van die Volksraad, vol. 56 (1946): kol. 3785 e.v. Vgl. ook sy artikel in Die Burger, 18.11.1946.

146. Vir Louw se repliek, kyk Debatte van die Volksraad, vol. 56 (1946): kol. 3785-3792.

147. Cape Times, 30.11.1946. Vgl. ook Hancock: Smuts II, p. 468.

148. Die Transvaler, 19.11.1946: hoofartikel.

die 'raadsman van die volke' te laat geleer presies hoeveel gewig en invloed hy onder die toutrekkende en twistende 'Verenigde Volke' besit.¹⁴⁹

Hoewel daar by hom simpatie was vir die lot wat Smuts moes ervaar, het Louw die skuld vierkantig op die eerste minister se skouers geplaas; hy het self die moeilikheid gaan soek. "Ek vrees die meeste mense besef nie die erns van wat in die Algemene Vergadering van die V.V. gebeur het nie... Daar lê vir ons land 'n baie ernstige tyd voor", was sy siening van die saak.¹⁵⁰ Hy het steeds gehoop dat Smuts tot inlywing van Suidwes sou oorgaan,¹⁵¹ soos o.a. daaruit blyk dat hy die hele kwessie weer in 1947 in 'n "monumentale toespraak"¹⁵² in die volksraad te berde gebring het. By hierdie geleentheid het Louw sy mosie van die vorige jaar in hooftrekke herhaal en by herhaling om inlywing gepleit.¹⁵³ Weer eens het die groot ooreenstemming tussen die standpunte van die regering en die Opposisie opgeval,¹⁵⁴ dog daar is kwaai kritiek uitgespreek teen Smuts se

149. Die Burger, 18.11.1946: hoofartikel, verwysende na artikel van Louw in dieselfde uitgawe. Hierdie artikel verskyn ook in Die Transvaler, 19.11.1946.

150. Die Kruithoring, 27.11.1946: "Dear Oorkant die Water".

151. Kyk artikel in Die Burger, 18.11.1946.

152. Die Burger, 20.3.1947: hoofartikel.

153. Debatte van die Volksraad, vol. 60 (1947): kol. 1360-1361

154. Vgl. bv. hoofartikel van die Cape Times, 20.3.1947: "The differences of opinion between Mr. Louw and the Prime Minister were on matters of emphasis, apart from one juristic question of some importance. But on questions of principle Mr. Louw stated strongly and adequately the opinion of all South Africans and General Smuts, rather less provocatively, fully corroborated Mr. Louw's statement."

verklaarde vrywillige voorneme om jaarlikse verslae oor Suidwes-
aan die V.V.O. voor te lê. Verwysende na die vriendskaplike
toon van die ondervraging waaraan hy destyds by die Volkebond
onderhewig was, het Louw gewaarsku dat iets heel anders by die
V.V.O. verwag kon word en wel vanweë die anderse samestelling
en aard van hierdie liggaam: "Die voorlê van verslae sal die
geleentheid skep vir inmenging nie alleen in die sake van Suid-
wes nie, maar ook van die Unie."¹⁵⁵

Dit het alles niks gehelp nie. Smuts het die internasionale
stempel op 'n verlangde inlywing van Suidwes te hoog geag om
daarsonder op te tree, al was hy ten volle in staat om dit wel
te doen.¹⁵⁶ Vorentoe sou Suid-Afrika nog baie probleme oor
hierdie kwessie en oor die Unie se rassebeleid ondervind. In
die verwickelinge met betrekking tot Suid-Afrika se voortgesette
verhouding tot die V.V.O. sou Eric Louw binne afsienbare tyd 'n
baie prominente rol speel.

Louw se ophaal van die Suidwes-kwessie het vir die soveelste
keer getoon waar sy grootste belangstelling in die politiek lê,
naamlik by Suid-Afrika se plek in die internasionale bestel.
Sy hantering van die uiters delikate aangeleentheid was omsigtig
maar baie beslis en getuig van diepgaande studie en groot insig.
Sy toesprake in die volksraad, en veral dié op 26 Februarie 1946

155. Debatte van die Volksraad, vol. 60 (1947): kol. 1386-1387
en 2708-2709. Vgl. ook sy waarskuwing in Die Burger, 18.
11.1946, en Die Kruithoring, 18.2.1948, "Daar Oorkant die
Water".

156. Hancock: Smuts II, p. 467. Smuts se biograaf wys daarop
dat Rusland dieselfde gedoen het ten opsigte van die
Oossee-state, sonder enige reperkussies.

was van sy heel bestes ooit en tel beslis onder die puikste toesprake wat al vanuit die groen banke van die volksraad gehou is.¹⁵⁷ Selfs genl. Smuts kon nie nalaat om die aandag te vestig op en Louw te bedank vir "die sorgvuldigheid waarmee hy die materiaal vergaar het om die saak te stel uit 'n wetlik-internasionale oogpunt."¹⁵⁸ En hoewel Smuts hom op daardie tydstip nie wou besig hou "met al die wetlike ingewikkeldhede by die behandeling van hierdie onderwerp... met regs-kundige teorieë, die regs-kundige valstrikke en tegniese punte..." nie,¹⁵⁹ het Louw onbewustelik met hierdie toespraak die basis gelê waarop Suid-Afrika se latere onophoudelike stryd om Suidwes-Afrika gevoer sou word.

In sy stryd na buite, teen Smuts en die regeringsparty, het die H.N.P. gedurende die na-oorlogse jare snelle vordering gemaak en die teenstanders oor 'n wye front op die verdediging geplaas. In sake soos die kommunistiese bedreiging, die kleurkwessie en die toekoms van Suidwes is doelgerigte leiding gegee met Eric Louw saam met dr. Malan en enkele ander leiers van die H.N.P. op die voorpunt van die stryd. In sake soos die Suidwes-kwessie en in 'n mindere mate ook die kommunistiese gevaar was Louw by tye by uitstek die mondstuk van die party. Deur sy gereelde rubrieke en agtergrondartikels in party-mond-

157. Gedurende die debat op 26.2.1946 het Louw by geleentheid dié opmerking gemaak: "Ek kan dit verstaan dat die grootste gedeelte van my toespraak vanoggend vir 'n sekere tipe lid 'n bietjie te swaar is, maar dit skyn asof andere met belangstelling geluister het na wat ek te sê gehad het." Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 55 (1946): kol. 2465. Vgl. ook Die Burger, 18.3.1946: hoofartikel.

158. Debatte van die Volksraad, vol. 56 (1946): kol. 3763.

159. Debatte van die Volksraad, vol. 56 (1946): kol. 3764.

stukke soos Die Kruithoring en New Era is groot publisiteit aan Louw se siening gegee. Dat daar binne die party-hierargie groot waarde aan Louw se benadering ten opsigte van die politieke strydvrage was, blyk duidelik uit die feit dat hy in 1945 aan die hoof gestel is van 'n afdeling wat die party se publisiteit moes behartig. Dat hierdie aanstelling so reg in Louw se kraam gepas het, spreek feitlik vanself.

Daar is reeds geruime tyd 'n behoefte gevoel aan 'n Sentrale propagandakomitee vir die H.N.P., wat sou sorg vir die opstel en uitgee van propagandamateriaal en ook die propaganda in die vier provinsies sou koördineer. 'n Besluit van die hoofleier (dr. Malan) en ander provinsiale leiers, dat so 'n propaganda-komitee in die lewe geroep word,¹⁶⁰ is op 17 September 1945 deur die Federale Raad van die Party goedgekeur. Die Federale Raad het die komitee gemagtig om die nodige stappe te neem ten einde 'n permanente sekretariaat vir die komitee in die lewe te roep.¹⁶¹

'n Soortgelyke poging wat in 1937 van stapel gestuur is, was 'n "volslae mislukking", en baie geld is daarmee verspil.¹⁶² Eric Louw, wat as eerste voorsitter van die nuwe komitee gedien het,

160. J.G. Strydom-vers., band 47: afskrif van brief gerig aan alle Provinsiale Hoofrade, onderteken deur E.H. Louw as voorsitter en F.C. Erasmus as sekretaris en ged. 8.6.1945.

161. H.N.P. Federale Raad, Notuleboek: notule 19.9.1945. Vgl. ook Malan: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p. 222.

162. Hier word verwys na 'n sentrale Inligtingsburo wat onder leiding van J.J. Haywood met 'n Politieke Korrespondensiekursus begin het. Kyk Malan: Die Nasionale Party van Suid-Afrika, pp. 177 - 178. Vgl. ook J.G. Strydom-vers., band 47: Memorandum i.s. Voorgestelde Propagandakantoor.

was vasberade dat dit nie weer sou gebeur nie en hy het gevolglik in 'n kragtige memorandum voorstelle gedoen oor hoe hierdie saak aangepak moes word.¹⁶³

As heel eerste stap het hierdie komitee, bestaande uit advokat Louw (voorsitter), F.C. Erasmus (sekretaris), J.G. Strydom en C.R. Swart, dadelik met al die provinsiale hoofrade in verbinding getree, om eenheidsoprede en koördinasie te bewerkstellig.¹⁶⁴ Mnr. P.W. Botha, destyds assistent-sekretaris van die H.N.P. van Kaapland, is in Augustus 1946 as eerste propaganda-beampte aangestel, met hoofkwartier die D.F. Malan-gebou in Keeromstraat.¹⁶⁵

Eric Louw het sy taak as voorsitter van die komitee met groot ywer en doelgerigtheid aangepak en in 'n memorandum uiteengesit hoe hy sy taak sien. Hy het sterk daarop gestaan dat die sekretariaat sowel as die werk en beleid van die verantwoordelike amptenaar onder toesig en kontrole van die komitee sal staan. Ook moes doeltreffende metodes vir distribusie van propaganda-materiaal ontwerp word. Aanvanklik was Louw van gevoele dat reklame-stukke deur uitgesoekte kenners en nie deur die propaganda-amptenare nie, opgestel moes word. Indien egter anders besluit word, moes sorg gedra word dat die regte persoon vir die pos gekry word, nl. "iemand wat nie alleen vlot met sy pen is nie, maar wat ook goed op hoogte is omtrent politieke sake, en

163. J.G. Strydom-vers., band 47: Memorandum i.s. Voorgestelde Propagandakantoor.

164. J.G. Strydom-vers., band 47: omsendbrief aan Hoofrade, ged. 8.6.1945.

165. H.N.P. Federale Raad, Notuleboek: notule 31.8.1946. Kyk ook J.G. Strydom-vers., band 47: PWB/EHL, 17.7.1946, met memorandum.

met die Nasionale Party se stryd van die verlede en sy beleid vir die toekoms. Ook moet hy met 'n gesonde verstand bedeed wees. Dit is nie elkeen wat propagandawerk kan doen nie!", was die standpunt van die ervare sakeman, politikus, diplomaat en propagandis in sy eie tradisie.¹⁶⁶

Wat die res van sy beleid aanbetref, het hy gewaarsku teen die gevaar dat hul propaganda teen hul kon boemerang, terwyl hy die aard van propaganda gesien het as kritiek op regeringsbeleid, "aan die kaak stel" van die regering se flaters en wanbestuur, uiteensetting van die H.N.P.-beleid, "ophemeling" van die party se prestasies in die verlede en "aanmoediging en opsweping van eie ondersteuners".

Gedrenk in die ervaring van sy diplomatieke loopbaan, het hy ook die gebruik van slagspreuke ("slogans") voorgestaan. Dit kon gedoen word om die eie beleid populêr te maak (bv. "Suid-Afrika vir Suid-Afrikaners") en deur opponente as belaglik of gevaarlik voor te stel, om vrees en suspisie by die volk aan te wakker ten opsigte van die regering se beleid, en om beter lewenstoestande in die vooruitsig te stel indien die party aan bewind kom. In laasgenoemde verband het hy uit oorsese ervaring geput: "Met Roosevelt se eerste verkiesingsveldtog in 1932 toe ekonomiese toestande in Amerika baie sleg was, is by alle vergaderings en radio-praatjies eers die populêre liedjie gespeel: 'Happy days are here again!' Sy opponente het naderhand erken dat die sigologiese (sic) effek hiervan vir hulle baie honderdduisende stemme gekos het." Louw het ook gevoel dat, in uitsonderlike gevalle tydens 'n verkiesingsveldtog, propaganda-materi-

166. J.G. Strydom-vers., band 47: Memorandum i.s. Voorgestelde Propagandakantoor.

aal selfs uit 'n "lugmasjien" in digbevolkte areas gestrooi kon word.¹⁶⁷

Op die eerste byeenkoms van die komitee is besluit dat die noodsaaklikheid van koördinasie en eenvormigheid van propaganda by wyse van 'n skrywe onder die onderskeie Hoofrade se aandag gebring sal word, en is voorsien dat, sover moontlik, propagandamateriaal deur die Propagandakomitee uitgereik of in elk geval eers deur die kantoor "gekeur" sou word.¹⁶⁸

Reeds met die opstel van die eerste pamflet van die Propagandakantoor was daar probleme. C.R. Swart, wat 'n baie hoë dunk van die verantwoordelike amptenaar gehad het, was van gevoele dat die inhoud uitstekend was, dog die meegaande spotprent het syns insiens alles bederf. "Dink julle", het Swart op 26 September 1946 aan die voorsitter geskryf,

"dat 'n Sap maklik die pamflet sal lees as hy in die gesig gevat word met 'n prent van sy geliefde Smuts wat 'n slapende wit meisie bekruip en met 'n knuppel wil doodmoker? Hulle glo natuurlik nie vir 'n oomblik dat Smuts die blanke beskawing wil kwaar berokken nie. Die inhoud van die pamflet moes hulle oortuig het. Nou word hy kwaad gemaak voor hy die propaganda moet lees. Om hierdie pamflet nou in die hande van Smuts-mense te stel sal grotendeels nutteloos wees - jy maak hulle net kwaad omdat julle uit die staanspoor met 'n spotprent sy leier beledig."

Swart het gemeen dat dit 90% waardeloos was en hyself sou dit nie aan Sappe in sy kiesafdeling stuur nie: "Onthou die berug

167. J.G. Strydom-vers., band 47: Memorandum i.s. Werk en Metodes van die H.N.P. Propagandakantoor.

168. J.G. Strydom-vers., band 47: omsendbrief aan Hoofrade, gedateer 8.6.1945.

plakkaat van 1938", was sy vermanende motivering.¹⁶⁹

Kort hierna het Swart weer beswaar gemaak teen 'n pamflet en wel een met die titel "n Roekelose Regeringsplan". Hy het kopsie gemaak teen die slagspreuk aan die einde van die stuk, naamlik, "Weg met Smuts en Hofmeyr", wat hy as "baie ongelukkig en een wat vir die Verenigde Party ondersteuners haatlik is" beskou het. Dit sou syns insiens nie juis 'n gunstige stemming inboesem nie, en behoort verder "feite en goeie argumente en nie net sommer kwinkslae en insinuasies nie" te bevat. Volgens sy siening moes propaganda daarop toegespits wees om andersdenkendes deur feite, argumente en inligting te oortuig, en "nie soseer om ons eie mense op te sweep nie". As dit ook die sienswyse van mede-lede was, versoek hy dat die gees en strekking van die pamflette in ooreenstemming gebring word.¹⁷⁰

In antwoord op Swart se besware het Louw terloops daarop gewys dat die "afstootlike" spotprent van Die Burger afkomstig was: "Jy sal by die volgende vergadering van die Nasionale Pers Direksie 'n bietjie moet praat!"¹⁷¹

Vir die immigrasie-pamflet het Louw verantwoordelikheid aanvaar, want Botha het dit vooraf met hom bespreek. Hy het met Swart oor sy ernstige kritiek verskil en gevra dat dit met bewyse gestaaf word. Oor die beswaar teen die woorde "Weg met Smuts en Hofmeyr" het hy ook nie saam gestem nie, want was dit dan nie die

169. J.G. Strydom-vers., band 47: CRS/EHL, 26.9.1946 (afskrif aan JGS). Kyk ook p. 388, voetnoot 31.

170. J.G. Strydom-vers., band 47: Memorandum van C.A. Swart i.s. pamflette.

171. J.G. Strydom-vers., band 47: EHL/CRS, 18.10.1946 (afskrif aan JGS). Kyk ook Die Burger, 20.4.1946.

uitgesproke doel van die party om hulle van die toneel te verwyder nie? Louw het sy standpunt soos volg verder uiteengesit:

"Ek wil verduidelik dat ek geen eksepsie neem teen kritiek nie, maar dan moet dit redelike en gegronde kritiek wees. Ek dink regtig nie dat die kritiek in jou memorandum bevat, as sulks beskrywe kan word nie. Inteendeel jy gebruik taamlke sterk taal! Wat myself betref, besef ek ten volle wat die doel van n propaganda-kantoor is, en ek weet ook iets van politieke propaganda. Solank ek as Voorsitter van die Komitee optree, en deur Botha geraadpleeg word, sal ek seer sekerlik nie enige pamflet goedkeur wat "afstootlike insinuasies" ens., ens., bevat nie. Maar, aan die ander kant, sal ek nie te vind wees vir "melk en water" pamflette nie, in die styl van sekere inleidings-artikels wat aan jou nie onbekend is nie.¹⁷² Ek glo daarin dat ons beleid sterk en opehartig gestel moet word.

"Ek stem volkome saam met jou standpunt dat 'ons propaganda daarop gespits moet wees om andersdenkendes te oortuig'. Laat ons nou die geval van New Era neem. Hy vervul dieselfde rol as die pamflette van ons Propagandakantoor. Die blad is gestig met die doel om Engelssprekendes 'te oortuig'. Dit is immers sy enigste doel, en daarom hou ons hom aan die gang, al loop hy ook op n swaar verlies. Jy dra gereeld n artikel by wat ek met genot lees.¹⁷³ Daardie rubriek bevat soms baie sterker stof as wat, in die deur jou gewraakte Immigrasie-pamflet te vind is - ja, soms selfs "kwinkslae" en "insinuasies"! Ek het egter nog nooit gedink dat jou "gesegdes" omtrent Smuts, Hofmeyr en kie moet afgekeur word omdat hulle "vir Verenigde Party ondersteuners haatlik" sou wees nie. Inteendeel ek dink dat jou en my opehartige artikels meer goed doen as die melk-en-water voedsel wat in n ander deel van die blad verskyn!¹⁷⁴ Dit is die indruk wat ek kry uit die baie briewe wat ek van Engelssprekendes ontvang."

172. Het Louw dalk dr. Geyer se hoofartikels vir Die Burger in gedagte gehad?

173. Louw verwys hier na Swart se rubriek "Pictures in Parliament". In die twintigerjare het Swart n rubriek met dieselfde titel in S.A. Nation behartig.

174. Waarskynlik bedoel Louw hier op die redakteur van die blad dr. E.G. Jansen, se rubriek "The Ex-Speaker Speaks".

In elk geval het Louw gevoel dat die druk van verdere pamflette gestaak moes word, totdat die Propagandakomitee Swart se memorandum bespreek het.

Ook P.W. Botha het sterk op Swart se besware gereageer. Die spotprent, sê hy, het reeds in Die Burger, Die Volksblad en die Oosterlig verskyn en geen besware uitgelok nie. Die opskrifte was juis versigtig deur persmanne gekies: "Verantwoordelike persmanne het dan ook geen beswaar teen die pamflet ingebring nie. Inteendeel, hulle het dit goed gevind." Wat die ander pamflet aanbetref, meld hy dat hy en adv. Louw dit bespreek en so goedgevind het. As adv. Swart se siening van "kwinkslae... insinuasies, gesegdes en afstootlike of oordadige Party-propaganda" egter wel aan die pamflet gekoppel kon word, "dan het ek blykbaar hopeloos gefaal in my poging om 'n sukses van die werk te maak. Maar ek is oortuig dat daar niks platvloers of gemeen in die pamflette te vind is nie." Botha se slotopmerking was dat die twee pamflette nie bedoel was om beleid te verklaar nie, maar dat dit twee aanvallende pamflette was, waardeur die regering se wandade aan die kaak gestel kon word.¹⁷⁵

In 'n persoonlike briefie aan Louw het P.W. Botha gesê dat hy met die grootste graagte na sy ou betrekking sou terugkeer, "waar ek tenminste die geleentheid en reg gegun was om te veg", indien Swart se siening deur die hele komitee en veral deur die voorsitter gedeel word.¹⁷⁶ Dit was duidelik dat gevoelens binne die Propagandakomitee baie gespanne was.

175. Argief N.P. Kaapland, H.N.P. Propagandakomitee (Eric Louw): PWB/CRS, 12.10.1946.

176. Argief N.P. Kaapland, H.N.P. Propagandakomitee (Eric Louw): PWB/EHL, 12.10.1946.

Strydom het "n samespreking van aller-grootste belang" tussen Swart, Louw, Strydom en Botha vir 18 November 1946 by die Voortrekkergebou in Johannesburg aangevra. Erasmus kon nie teenwoordig wees nie.¹⁷⁷ Op die vergadering is 'n verslag van die kantoorwerkzaamhede voor die komitee gelê. Die "gees en strekking" van propaganda-pamflette het ook onder bespreking gekom na aanleiding van memo's van Louw en Swart. Die besluit van die komitee was dat elke pamflet opgestel sou word na gela van omstandighede, nl. òf vir inspirasie of opsweping van die eie mense, òf as beredeneerde pogings om andersdenkendes te oortuig. Ook moes kopieë van pamflette, behalwe in dringende gevalle, voortaan eers vir oorweging en werke aan komiteelede voorgelê word.¹⁷⁸

Skynbaar is die saak bevredigend opgelos en kon die kantoor koers kry met sy werkzaamhede. Eric Louw was 'n ywerige voor-sitter en het die kantoor van die Propagandakomitee gereeld weekliks besoek, waartydens hy die boeke en rekeninge nagesien het. Naas die propaganda-beampte, is ook 'n snelskrif-tikster en later 'n junior tikster in diens van die komitee gestel. 'n Eie knipselsisteen is ingevoer en vanaf Februarie 1947 is die later so bekende "Skietgoed" as maandelikse nuusbrief van die Party versprei. Louw self het dikwels artikels tot die blad bygedra. Die komitee het selfs sy eie "politieke biblioteek" gehad, en daar was 'n hartlike samewerking met alle Nasionale koerante wat onder andere gereeld hul kolomme tot beskikking

177. Argief N.P. Kaapland, H.N.P. Propagandakomitee (Eric Louw telegram JGS/EHL, 11.11.1946.

178. Argief N.P. Kaapland, H.N.P. Propagandakomitee (Eric Louw notule van vergadering, 18.11.1946. Kopie hiervan in J.G. Strydom-vers., band 47.

van die Inligtingsdiens gestel het.¹⁷⁹

Die masjinerie vir die volgende verkiesing is stadig maar seker in rat gebring. Uit Louw se jaarverslag vir 1946-47 blyk dit duidelik dat die Inligtingsdiens besef het dat hulle 'n groot rol te speel het, en daar is reeds vroegtydig met die beplanning begin. Op Louw se aanbeveling is 'n Uniale organiseerderskonferensie in Junie 1947 te Bloemfontein gehou, waar doeltreffende organisasie en propaganda "met groot vrug" bespreek is.¹⁸⁰ Louw is verder deur die Kaaplandse Hoofraad aan die hoof gestel van 'n verkiesingskomitee wat moes organiseer met die oog op die volgende verkiesing.¹⁸¹ Louw het intussen ook as konvenor opgetree van die komitee wat die besteding van die Republikeinse Strydfonds moes ondersoek en aanbeveel, asook van die komitee in verband met die omskepping van Die Kruithoring tot 'n Uniale blad. Sy aanbeveling was dat "Die Kruithoring" tot 'n weekblad omvorm moes word. In hierdie tyd is die naam van die Propaganda-kantoor verander tot dié van die Inligtingsdiens.¹⁸²

Tydens die vergadering van die Federale Raad gehou op 15 September 1947 het dr. Malan die mening uitgespreek dat dit goed sou wees om die Inligtingskomitee aan te vul met mnr. Paul Sauer, die voorsitter van die Kleurvraagstukkomitee van die party, en dr. A.L. Geyer, as skakel met die Nasionale koerante. Die Federale Raad het die saak bespreek en dit is aan die Inligtings-

179. H.N.P. Federale Raad, Notuleboek: Verslag van Propaganda-kantoor, aangeheg by notule 15.9.1947.

180. Argief N.P. Kaapland, H.N.P. Propagandakomitee (Eric Louw): Jaarverslag 1946-47. Kopie in J.G. Strydom-vers., band 47.

181. H.N.P. Federale Raad, Notuleboek: notule 21.5.1947.

182. J.G. Strydom-vers., band 47: Jaarverslag 1946 - 1947.

komitee self oorgelaat om ekstra lede te koöpteer.¹⁸³ Dit
het later geblyk dat daar veel meer agter hierdie versoek van
dr. Malan gesit het. Met die verwerkliking van laasgenoemde
se wens het Louw, Strydom en Swart hul verbintenis met die
Inligtingskantoor kortgeknip, juis as teken van verset teen
Malan se optrede in dié verband.¹⁸⁴

Op hierdie stadium was 'n onverkwiklike stryd besig om hom binne
die H.N.P. se leiersgeledere te voltrek en het daar groot on-
enigheid en verdeeldheid geheers oor die wyse waarop eenheid
in Afrikanergeledere bewerkstellig moes word. Die bedanking
van Louw en sy vriende uit die Inligtingskomitee was juis een
van die simptome van hierdie krisis.

183. H.N.P. Federale Raad, Notuleboek: notule, 15.9.1947.

184. Hierdie aangeleentheid word in hoofstuk 15 verder bespreek.

VERDEELDHEID OOR EENHEID, 1944 - 1947

Terwyl dr. Malan en sy volgelinge die stryd teen die regering volmoed en oor 'n wye front aangepak het, was dit onvermydelik dat die onderlinge verhouding tussen die onderskeie Afrikaner-georiënteerde partye en groepe weer eens onder die soeklig geplaas sou word.¹ In sy gebruikelike oorsigsbeskouing na die 1943-verkiesing het dr. Malan wel die uitslag as ondubbelsinnige uitspraak oor die volksverdeeldheid bestempel, dog hy het by hernuwing die hoop gestel op 'n gekonsolideerde Afrikanerdom wat oorwinning by die stembus sou teweegbring. In sy uur van triomf oor die suksesvolle stryd teen veral die O.B. het hy 'n grootse houding ingeneem:²

"En laat elke Nasionalis nou ook prakties daartoe bydra deur beslis te weier om koning te kraai oor die kleiner partye wat parlementêr nie meer bestaan nie. Ons het alle Afrikaners nodig."

Dat die H.N.P. die politieke magstryd in Afrikanergeleedere gewen het, is duidelik onderstreep deur die uitslae van die daaropvolgende provinsiale verkiesings asook in twee tussenverkiesings gedurende die eerste helfte van 1944.³ Veral in Wakkerstroom, waar die H.N.P.-kandidaat, getrou aan Wakkerstroom-tradisie,⁴ 'n skok-

-
1. Vir 'n uitvoerige bespreking hiervan, kyk Van Heerden: *Nasionaal-Sosialisme...*, pp. 319 e.v.
 2. *Die Burger*, 31.7.1943.
 3. Roberts and Trollip: *The South African Opposition*, pp. 162 - 164.
 4. In 1924 was 'n onverwagte Nasionale oorwinning in 'n tussenverkiesing alhier die voorspel tot die val van die Smutsbewind in die daaropvolgende blitsverkiesing. Kyk hoofstuk 4, p. 161.

oorwinning oor die regeringskandidaat behaal het,⁵ was daar tekens dat die strydbyle dalk einde ten laaste begrawe sou word. Ook Louw, wat in die verkiesingstryd behulpzaam was en die geleentheid benut het om sy verset teen Ryksgebondenheid, die Jode en die kommuniste verder te voer,⁶ was getref deur die steun wat O.B.-lede verleen het, veral waar dit teen die wense van die O.B.-leiding in geskied het.⁷

Die gespanne verhouding tussen die H.N.P. en die O.B. het in Julie 1944 n verdere knou gekry met die O.B.-geïnspireerde aanranding op mnr. F.E. Mentz, Nasionale volksraadslid vir Westden. Vir Louw was die tyd nou ryp om "padlangs" te praat.

Verwysende na n voorafgaande verklaring deur dr. Van Rensburg en die getuienis van mnr. Mentz, het hy die skuld vir dié gebeur op rekening van die O.B.-leier geplaas. Die tyd het syns insie gekom dat die Afrikanervolk en die Kerk moes besluit

"of n sogenaamde Afrikanerorganisasie kan toegelaat word om voort te gaan met sy terroristiese rampokker-metodes wat ons hele Afrikanervolk in die skande bring, en wat die naam van Afrikaner uiteindelik sal laat stink in die neusgate van die ander inwoners van ons land... Elke Afrikaner

-
5. Vir die uitslag, kyk Die Burger, 12.5.1944, Die Suiderstem (hoofartikel, 12.5.1944) het die uitslag as n skitterende oorwinning vir die Nasionaliste se organisasie bestempel, asook aan die rol van die Broederbond. Kyk ook Van Heerden: Nasionaal-Sosialisme..., pp. 330 - 331.
 6. Die Burger, 5.5.1944.
 7. Die Burger, 17.5.1944 (op n oorwinningsfees in Kaapstad) en 18.5.1944: brief. Kyk ook Roberts and Trollip: The South African Opposition..., pp. 163 - 164.
 8. Vir n verslag van die gebeure, kyk Die Burger, 24.7.1944. Kyk ook Van Heerden: Nasionaal-Sosialisme..., pp. 331 - 334.

wat nog lid van die O.B. is, sal homself die vraag moet stel of hy nog lid kan bly van so 'n ontaarde organisasie."⁹

Dr. Malan het intussen reeds leiding geneem, die gebeure in sterk taal afgekeur en by takbesture aanbeveel dat geen lede van die O.B. meer lede van die party mag wees nie. "Die tyd om te kies, het nou vir iedereen gekom. En die keuse moet beslis en finaal wees", was sy onverbiddelike standpunt.¹⁰ Hernude pogings van die kant van Oswald Pirow en prof. L.J. du Plessis¹¹ asook 'n voorstel van Van Rensburg tot die stigting van 'n parlementêre front waarin die samewerkende groepe hul identiteit sal behou,¹² was doodgebore en het teen 'n onwrikbare Malan en sy H.N.P. gestuit, met onder andere Kemp en Strydom erg daarteen gekant.¹³ Toe dr. Karl Bremer ook nog in hierdie tyd 'n dringende beroep op samewerking gedoen het¹⁴ en daarin die totstandkoming van koalisie gelees is, moes hy nie alleen terugkrabbel nie,¹⁵ maar het Louw in geen onduidelike taal nie enige sodanige idees verwerp.¹⁶

-
9. Die Burger, 28.7.1944: brief van Louw. In 'n sterkbewoorde hoofartikel het ook Die Burger van "dwase terrorisme" gepraat (24.7.1944), terwyl J.G. Strydom dit 'n "rampokker-aanval" genoem het (Die Burger, 24.7.1944: berig).
 10. Die Burger, 25.7.1944.
 11. Roberts and Trollip: The South African Opposition, pp. 165 - 167.
 12. Roberts and Trollip: The South African Opposition, pp. 168 - 170.
 13. Die Burger, 6.1.1945. Dr. Malan se antwoord aan Van Rensburg is gepubliseer in Die Burger, 14.3.1945.
 14. In die volksraad, op 22 Februarie 1945. Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 51 (1945): kol. 2101-2103.
 15. Op 'n vergadering te Stellenbosch. Kyk Die Burger, 2.3.1945.
 16. Louw was die hoofspreker op die vergadering op Stellenbosch. Dr. Bremer het die "regstelling" gemaak in sy bedankingswoord. Kyk Die Burger, 2.3.1945.

Op 12 Junie, die laaste dag van die parlamentsitting, was daar 'n vinnige onderonsie tussen Louw en mede-Nasionalis mnr. Tom Naudé en wel oor die kwessie van samewerking. Naudé, wat baie ongelukkig was oor die verhouding tussen die partye in en buite die Raad, het die hoop uitgespreek dat daar in die toekoms grote samewerking sou wees, veral ten opsigte van die groot landsvraagstukke. Hy het spesifiek ook die O.B., die Afrikaner Party en die Nuwe Orde genoem as organisasies met wie saamgewerk behoort te word.¹⁷

Louw het nie daarvan gehou nie. Sekere dinge wat Naudé gesê het, was sins insiens nie 'n vertolking van die standpunt van die H.N.P. nie. Solank die Verenigde Party by sy standpunt ten opsigte van sake soos die Britse Ryk, imperialisme, die kleurkwessie en die kommunisme bly, kan daar geen samewerking wees nie. Dit geld ook vir die O.B. solank hulle 'n gesagstaat bly voorstaan.¹⁸ Naudé het vinnig teruggekap, aangetoon dat hy nie samesmelting van partye beoog het nie en gesê dat Louw ewemin as hyself namens die Opposisie kon praat. Hy het volgehou dat samewerking baie probleme kon oplos en dat van die buitengroepe se ondersteuners net sulke goeie Afrikaners kon wees.¹⁹

17. Debatte van die Volksraad, vol. 54 (1945): kol. 9934.

18. Debatte van die Volksraad, vol. 54 (1945): kol. 9954.

19. Debatte van die Volksraad, vol. 54 (1945): kol. 9955. Vg. ook Cape Times, 13.6.1945: "Notes in the House", wat dié episode in verband bring met "the talked-of split in the Nationalist Party between the 'moderates' and the 'extremists'". Arthur Barlow verwys na die "Isolationists" of "Extremists", bedoelende Strydom, Louw, Swart, Serfontein, Stephen le Roux, Erasmus, Van Nierop en Sauer, in teenstelling tot diegene wat soos Naude voel en dink. Daar was ook 'n derde, swakker groepie, wat hulle rondom Malan geskaar het, dog hulle sou moes kies tussen die twee groter groepe, wat elk geval ook op 'n breukspul afgestuur het. Kyk Arthur Barlow's Weekly, 23.6.1946.

Louw het egter nie die saak daar gelaat nie. Op 'n vergadering van die Federale Raad in September 1945 het hy die kwessie van 'n nuwe reoriëntasie van partye aangeroer en versoek dat die Federale Raad hom "teen enige pogings van koalisie, pakte of ander vorme van kunsmatige samewerking tussen die H.N.P. en ander politieke partye en liggame moet uitspreek, asook teen uitlatings wat die indruk mag skep dat die H.N.P. sodanige beleid voorstaan".²⁰

Dr. Malan het egter gevoel dat dié saak minstens eers deur die hoofleiers bespreek moes word voordat dit voor die Federale Raad kon dien. Dit sou syns insiens nie op daardie tydstip van enige nut wees om so 'n voorstel aan te neem nie; praatjies in dié verband kon stopgesit word deur bloot net te verklaar dat daar nie so 'n gedagte bestaan nie. Nadat Malan onderneem het om so 'n verklaring op die aanstaande Uniale kongres te doen, is die saak daar gelaat.²¹ Malan het sy woord gestand gedoen en alle praatjies oor moontlike toenadering die nek ingeslaan in sy openingstoespraak voor die Uniale kongres in Johannesburg op 18 September.²²

Van O.B.-kant en veral deur dr. Hans van Rensburg is onophoudelik geywer vir samewerking met die oog op die omverwerping van die Smuts-bewind. Byna nie 'n week het verbygegaan nie of een of ander sodanige oproep is gedoen, weliswaar met 'n tikkie bravado geopenbaar, ten opsigte van die verklaarde standpunte van dr.

20. H.N.P. Federale Raad, Notuleboek: notule 17.9.1945. In Augustus was daar weer gerugte van 'n moontlike "pakt" tussen die H.N.P. en die Arbeiders Party. Kyk Cape Times, 14.8.1946.

21. H.N.P. Federale Raad, Notuleboek: notule 17.9.1945.

22. Die Burger, 19.9.1945.

Malan en die H.N.P.²³ Vroeg in 1946 het Havenga ook laat blyk dat hy sou meewerk aan pogings om samewerking onder "Afrikaners van beide volksdele" te bewerkstellig.²⁴ Terselfdertyd het berid van verdeeldheid oor hierdie aangeleentheid binne die H.N.P.-kous²⁵ maar ook daarbuite²⁶ die ronde begin doen en is daar in O.B.-kringe verwag dat die krisis tot 'n punt gedryf sou word; die meerderheid Nasionale kouslede was skynbaar ten gunste van samewerking, met die beroepspolitici, waaronder persone soos Sal Louw, Swart, Erasmus en Strydom getel is en wie deur dr. Malan gerugsteun is, daarteen gekant.²⁷

Van Nasionale kant is aanvanklik koue water op al hierdie eenheids-pogings gegooi. Louw het op 'n volgende vergadering van die Federale Raad weer eens sy bedenkinge gelug oor die veldtog vir "sogenaamde samewerking" wat van O.B.-kant gevoer is, daar dit syns insiens net bedoel was om verwarring in die geledere van die Nasionalistes te veroorsaak. Uit 'n kort bespreking wat hierop gevolg het, blyk dit dat die Federale Raad wel ondersteuning sou verwelkom, dog geensins bereid was om met die O.B. as organisasie

23. Kyk die O.B., 21.11.1945, vir verklaring van O.B.-Grootraad i.s. 'n volksfront in teenstelling tot die eksklusiewe party front wat deur Malan-hulle voorgestaan is. Vgl. verder die O.B., 28.11.1945, 16 en 23.1.1946, 27.3.1946, 29.5.1946, 17.5.1946, 5, 19 en 26.6.1946. Kyk ook Van Heerden: Nasionaal-Sosialisme..., pp. 342 e.v.

24. Die Transvaler, 17.1.1946; Die O.B., 23.1.1946.

25. Die O.B., 3 en 24.4.1946.

26. Die O.B., 28.8.1946.

27. Die O.B., 24.4.1946. Vgl. ook Roberts and Trollip: The South African Opposition, p. 176. Hierdie skrywers het 'n verdeling gemaak tussen 'n gemagtigde seksie, met Jansen, Dönges, Bremer en Naudé as prototipes, en 'n meer onversoenlike groep, met Louw en Verwoerd as uitstaande verteenwoordigers.

saam te werk nie.²⁸ Die Transvaler²⁹ het net volgehou dat samewerking slegs binne die H.N.P. moontlik was, terwyl Ben Schoeman³⁰ en Eric Louw ook konstant hierdie siening gehuldig het. Eensgesindheid en onverdeelde steun aan "die politieke strydmag", te wete die party, en slegs een front, naamlik die parlementêre front, was die eggo's uit die vroeë jare se stryd teen die O.B. wat Louw op 'n vergadering te Montagu teen die helfte van 1946 laat hoor het.³¹ Sonder om na Louw se toespraak te verwys, bevat dieselfde uitgawe van die betrokke Nasionale blad waarin die toespraak gerapporteer is, 'n hoofartikel waarin ondubbelsinnig gewys word op die party as enigste eenheidsinstrument. Die O.B. is geen nood om by die voordeur en nie by die agterdeur nie, in te kom.³²

Op die Kaaplandse H.N.P.-kongres te Somerset-Wes in September 1946 was Louw weer betrokke in 'n woordewisseling oor die kwessie van samewerking met die ander partye en groepe. Van die etlike beskrywingspunte wat hieroor gehandel het, was een afkomstig van Beaufort-Wes waarin 'n oproep op Nasionaalgesinde Afrikaners gedoen is om hulle by die H.N.P. te skaar. Louw het beswaar aangeteken teen die voorstel van die kongreskomitee waarin die ander organisasies se hulp by 'n volgende verkiesing gesoek en verwelkom sou word en wel omdat dit sou neerkom op erkenning van die bestaansreg van daardie organisasies. Hy het terselfdertyd gewaarsku teen die O.B. se veldtog om samewerking te bewerkstellig.³³

28. H.N.P. Federale Raad, Notuleboek.

29. Die Transvaler, 17.1.1946: hoofartikel.

30. Die Transvaler, 30.1.1946.

31. Die Burger, 15.7.1946.

32. Die Burger, 15.7.1946: hoofartikel.

33. J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/JGS, 13.10.1946.

Volgens Louw, het dr. Malan "grotendeels" met hom saamgestem, dog Louw se mosie was nie vir hom aanvaarbaar nie omdat dit dwang op die O.B. en andere geïmpliseer het. Wat vir Louw baie ontstig het, was die feit dat Malan se enigste motivering vir sy huiwering om 'n ooreenkoms met Van Rensburg aan te gaan, die moontlikheid was dat die O.B. vanweë oorlogstydse misdrywe deur die staat vervolgt sou word.³⁴ Van 'n beginselstryd het hy niks gemeld nie. Malan se verdere pleidooi vir samewerking het by Louw die indruk geskep dat hy nie met die gees van Louw se toespraak saamstem nie; die selftevreedenheid van die "konsiliassie seksie" het hierdie opvatting net verder versterk.³⁵

Louw het besef dat hy die verloorder was en was vasberade om nie weer oor die O.B. te praat nie, behalwe in sy eie kiesafdeling. Vir hom was daar 'n doodsheid in die Kaaplandse H.N.P. te bespeur te wyte aan die optrede van Malan en Erasmus¹³⁶ en die passiewe houding van die Hoofraad, wat maar net vir Malan napraat:³⁷

"hulle stem gedwee saam met alles wat die oubaas sê of doen, en kyk jou skeef aan as jy durf kritiseer. Hulle

-
34. Louw het by 'n ander geleentheid hierdie argument gebruik juis om te waarsku teen 'n indirekte ooreenkoms met die O.B. dit wil sê via die Afrikanerparty. Kyk J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/DFM, 16.7.1947 (afskrif aan JGS).
 35. J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/JGS, 13.10.1946. Kyk ook EHL/JGS, 30.10.1946. In laasgenoemde brief sê Louw dat sy kollega soos Philip Olivier al begin sê dat hy (Louw) moes ophou om teen die Jode en die O.B. uit te vaar.
 36. Wat Erasmus aanbetref, het Louw verwys na probleme met die benoeming van 'n kandidaat te Hottentots-Holland.
 37. J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/JGS, 13.10.1946. In 'n brief aan dr. Malan (4.11.1946) het Louw berig van "groot doodsheid by die Party" wat hy oral aantref, en O.B.-poging om sake soos "die Hottentots-Holland gemors" uit te buit.

keur Erasmus se eiehandige optrede af – maar ondersteun my nie as ek die sake opper nie. Ek moet gewoonlik alleen veg. Ek begin vir die speuletjie nou taamlik moeg word."

In 'n volgende skrywe aan Strydom wei Louw verder oor hierdie sake uit en noem hy dat sy geduld nou op raak vanweë die verskynsel dat die vegtendes deur hul eie vriende aangeval word. In hierdie brief het hy dit veral gemik teen Erasmus, vanweë sy aandeel in die benoeming van die Engelssprekende mnr. McLeod as kandidaat in Hottentots-Holland, wat op die ou end die party veel skade berokken en tot McLeod se onttrekking gelei het.³⁸ Louw het dit sterk betwyfel of Erasmus deur die Hoofraad tot verantwoording geroep sou word.³⁹

"Soos gewoonlik sal ek die saak moet aanroer, en dieselfde kollegas wat nou met Erasmus ontevrede is, sal my nie bystaan nie. En die Dubaas sal hom dadelik onder sy beskerming neem. Ek oorweeg of ek nie uit ons Hoofraad sal bedank nie. Ek is al moeg en sat dat ons as rubberstempels vir Erasmus moet optree – en dan die blaam daarbuite te moet dra."

Op die Transvaalse kongres van die H.N.P., wat in Oktober 1946 te Pretoria gehou is, het die strewe na samewerking weer sterk op die voorgrond getree. Dr. Malan, gerugsteun deur die wete dat hy steun van die kant van Havenga kon verwag,⁴⁰ het baie gunstig gepraat oor die moontlikheid van samewerking en selfs eenwording met die Afrikaner Party. Terselfdertyd het hy die ander groepe, met wie daar groter verskille was, genooi om die party by die stembus te onderskraag; daarna, as die oorwinning behaal is, kon die verskille uitgestryk word. Dit was duidelik dat Malan die

38. Kyk o.a. Cape Times, 5 en 13.11.1946.

39. J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/JGS, 30.10.1946.

40. Reeds in April 1945 was daar skakeling tussen Malan en Havenga oor moontlike samewerking in 'n volgende verkiesing. Kyk Van Heerden: Nasionaal-Sosialisme..., p. 350.

onverbiddelike standpunt van die verlede, nl. dat samewerking slegs binne die H.N.P. kon geskied, laat vaar het. Maar dit was ewe duidelik dat daar nog voorstanders van die ou standpunt was. Hoewel 'n voorstel van mnr. Tom Naudé, waarin die steun van ander groepe onvoorwaardelik verwelkom is, deur die kongres aanvaar is,⁴¹ word sterk ondertone van kommer opgemerk in 'n voorstel van mnr. J.E. Potgieter, waarin verwys is na "ander organisasies wie se grondslag hemelsbreed van ons verskil... en wat as doel het, nie alleen om ons Party te vernietig nie, maar ook ons hele grondslag".⁴²

Teenoor dr. Malan se gewysigde standpunt, het Strydom en Louw hulle gehou by die vroeëre beskouing, naamlik dat samewerking en eenheid slegs binne die H.N.P. verkry kon word. Briewe wat hulle in hierdie tyd aan Malan geskryf het, dui daarop dat hulle Malan weer tot hulle standpunt wou "bekeer".⁴³ Dr. Malan het hulle voortsog gelyk gegee: "Die O.B. se kampanje vir samewerking is klaarblyklik oneerlik en ons moet dit vir eis beskerming eksponeer", terwyl pogings tot beïnvloeding van partykandidate, partylede en partybesture sonder skakeling met die partyleiding

41. Die Burger, 16.10.1946: verslag van kongresverrigtinge.

42. Hoewel Strydom op die kongres vaagweg gesuggereer het dat die twee mosies mekaar nie weersprek nie, het hy agter die ske maar taamlik skepties daarteenoor gestaan. Die toespraak van Naudé was vir hom 'n bewys van die sukses wat die O.B. behaal met sy verdelingspogings, waardeur "sommige van ons swakker broers" beweeg word om as "pleitbesorgers" vir hulle op te tree. Kyk J.G. Strydom-vers., band 42: JGS/DFM, 28.10.1946.

43. J.G. Strydom-vers., band 42: JGS/DFM, 28.10.1946 en EHL/JF 4.11.1946 (afskrif aan Strydom). 'n Kenmerk van hierdie stryd in die leiersgeledere van die H.N.P. was dat persone soos Strydom, Verwoerd, Louw en Swart mekaar gedurig op hoogte gehou het van ontwikkelinge deur afskrifte van korrespondensie aan mekaar te verskaf.

syns insiens "niks minder as 'n vyandig daad teen ons Party..." was nie.⁴⁴ Hy het egter nie met Strydom saamgestem dat hierdie kwessie aan die groot klok gehang moes word nie en wel "met die oog op gevaar van te groot openbaarheid en gevolglike stryd". Veel eerder moes dié aangeleenthede deur die partyleiers en die kookus en selfs op 'n sentrale, Uniale organiseerderskonferensie beredeneer en uitgestryk word.⁴⁵

Inmiddels het die Afrikaner Party en die O.B. steeds nader aan mekaar beweeg, soos getuig word deur die amptelike bywoning van die party se kongres deur die O.B. aan die einde van November 1946 te Bloemfontein. Havenga het openlik verklaar dat samewerking nie kon geskied nie tensy die aparte groepe se identiteit erken en niemand by voorbaat uitgesluit word nie.⁴⁶ Veral in die laaste voorbehoud het die kiem van ernstige verdeeldheid opgesluit gelê.

Die dualiteit binne die geledere van die H.N.P. oor die kwessie van samewerking is verder onderstreep deur die botsende standpunte wat twee amptelike publikasies van die party ingeneem het. Die Kruithoring het hom beywer vir samewerking waarvolgens die O.B. sy

44. In Ladismith, Kaap, het O.B.'s en lede van die H.N.P. mekaar die hand gereik (J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/JGS, 13.10.1946 en JGS/DFM, 20.11.1946); in Benoni-Northmead is 'n soortgelyke ooreenkoms gesluit wat na inmenging van die partyleiding ongedaan gemaak is (Die O.B., 4 en 25.9.1946 en 2.10.1946) terwyl ook in Wolmaransstad op die vooraand van 'n tussenverkiesing soortgelyke neigings openbaar is (Die O.B., 12.4.1947, asook J.G. Strydom-vers., band 42: JGS/HFVerwoerd, 26.2.1947, met bylaes, en JGS/DFM, 20.11.1946).

45. J.G. Strydom-vers., band 42: DFM/JGS, 7.11.1946. Strydom wou dat 'n ophelderingspamflet hieroor uitgegee word.

46. Vir Havenga se toespraak, kyk Die Vaderland, 29.11.1946. 'n Kort verslaggie hiervan het in Die Burger van dieselfde datum verskyn. Kyk ook Die O.B., 27.11.1946 en 4.12.1946.

identiteit binne so 'n samewerkingsooreenkoms kon behou;⁴⁷ daarteenoor het die H.N.P. se Propagandakomitee, onder voorsitterskap van Eric Louw, met klaarblyklike selfingenomendheid aan die einde van 1946 'n verklaring uitgereik waarin gewys is op die agteruitgang van die O.B. In dié verklaring is dr. Malan se onvoorwaardelike uitnodiging van vroeër aan alle nasionaalgesinde Afrikanerherhaal, nl. om hulle by die gelede van die party te voeg. Die voorwaardes van die bondgenootskap wat die party bereid was om te gaan, naamlik met individuele kiesers en nie met partye of groepe nie, is opnuut aan kiesers voorgehou met die oog op 'n oorwinning, wat die oplossing van die kleurvraagstuk sou meebring.⁴⁸

Die Strydom-Louw-denke wou veel eerder sien dat die stryd teen die O.B. tot sy logiese konsekwensie deurgevoer word en dat voortgegaan moes word om O.B.-lede daartoe te oortreed om hul bande met die beweging op te seë en by die party aan te sluit.⁴⁹ Inderdaad het die jongste verwickelinge en die O.B. se skynbare sukses met sy saamwerk-veldtog nuwe lewe aan hierdie beweging gegee terwyl dit die indruk geskep het dat die party inderdaad vir die verdel-

47. Die Kruithoring, 13.11.1946. Strydom het die betrokke hoofartikel aan Malan gestuur "net om te laat sien hoedat selfs die Kruithoring al in verwarring geraak is en die prooi geword het van Van Rensburg se kampanje - die prooi in die sin dat die woord "Samewerking" ook vir hom in die war gebring het." Kyk J.G. Strydom-vers., band 42: JGS/DFM, 20.11.1946. Strydom wou dat die woord "samewerking" totaal uit hul politieke woordeskat verban moes word, want dit veronderstel wederkerige samewerking. Wat dan van die beginselstryd? het hy gevra.

48. Die Burger, 27.12.1946.

49. J.G. Strydom-vers., band 42: JGS/DFM, 20.11.1946. Vgl. JGS/DFM, 28.10.1946.

heid verantwoordelik gehou moes word.⁵⁰

Onder die diepe besef van "die erns van die tyd, van die onkeerbare drang van die volk tot eenheid, en insonderheid van die gevare wat ons Blanke beskawing bedreig", is dr. Malan en mnr. Havenga vroeg in 1947 weer byeengebring om oor samewerking met die oog op die naderende verkiesing te onderhandel.⁵¹ Die resultate van hierdie samesprekings was die Malan-Havenga-ooreenkoms, wat op 22 Maart in die pers aangekondig is. In belang van "die hoogste volksbelange" moes die "Smuts-Hofmeyr-bewind" verwerp word, wat slegs kon geskied deur "die inspanning van die uiterste en verenigde kragte van hul onderskeie partye". Die grondslag van die ooreenkoms was die behoud van elke party se identiteit, hoewel aanvaar is "dat deelgenootskap in dieselfde volksdiens en kameraadskap in dieselfde stryd toegelaat sal word om toekomstige verhoudings self en vryelik te bepaal."⁵²

Ten spyte van die mooi linkende frases in hierdie ooreenkoms, het daar spoedig in die geledere van die H.N.P. groot onenigheid ont-

50. J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/DFM, 4.11.1946.

51. Hoewel vanuit verskeie oorde aanspraak gemaak is op die eer vir die reëling van hierdie ontmoeting, is dit klaarblyklik dat mnr. Gerhard Bekker en dr. T.E. Dönges as bemiddelaars opgetree het: Bekker wat as mede-direksielid vir Havenga oorreed het, terwyl Dönges sy huis vir die finale samesprekings beskikbaar gestel het. Dit was dan ook Bekker wat die formele aankondiging in verband met samewerking vir die eerste keer op 'n vergadering in die Paarl gedoen het. Kyk Die Burger, 24.3.1947. Vgl. ook vertelling van Bekker in Dagbreek en Sondagnuus, 13.6.1965.

52. Die Burger, 22.3.1947. Kyk ook Die Kruithoring, 26.3.1947. Laasgenoemde verslag word as Bylae 5 opgeneem.

staan, wat nie juis aan die oppervlakte sigbaar was nie⁵³ en wat primêr gehandel het oor die rol en die plek van die O.B. in hierdie samewerking. Eric Louw was, saam met J.G. Strydom, C.R. Swart en dr. H.F. Verwoerd, die vernaamste beswaardes.

Louw se verset teen die ooreenkoms met Havenga dateer reeds van vroeg af en kan slegs begryp word indien dit in samehang met sy vroeëre houding in verband met samewerking met die O.B. beskou word. Kompromisloos en onverbiddelek het hy sedert 1941 sy uiterste bes gedoen om enige sodanige pogings te torpedeer indien dit nie in ooreenstemming met die sieninge van homself, dr. Malan en die H.N.P. was nie. Hierdie sieninge het daarop neergekom dat die begeerde eenheid slegs binne die geledere van die H.N.P. te vinde was en dat 'n organisasie soos die O.B. by name, van sy oormerke om die party te vernietig, moes afstand doen. Oor beide hierdie aangeleenthede was daar aanvanklik groot eenstemmigheid tussen hom en sy hoofleier.⁵⁴

Toe dr. Malan die ooreenkoms met mnr. Havenga die eerste keer aan die H.N.P.-kous bekend gemaak het, het Louw gewys op die gevaar wat inherent aan sodanige samewerking was. Syns insiens wou die

53. Die Suiderstem het heel dikwels berigte en kommentaar oor die verdeeldheid en veral oor die probleme met betrekking tot samewerking geplaas en fluks meegehelp om verwarring en wantroue te skep, soos blyk uit 'n brief van Strydom aan "Geagte Vriend", gedateer 23 Junie 1947 (foutiewelik aangedui 1946). In dié brief verwys Strydom spesifiek na Die Suiderstem wat "kolomme en kolomme en 'n Inleidingsartikel" gewy het aan 'n saak wat glad nie so was nie. In baie ander gevalle was die blad egter baie naby aan die kol.

54. Kyk hoofstuk 13 en pp. 656 - 657, bo.

Afrikaner Party sy identiteit behou sodat hulle in 'n magsposisie kon wees ingeval die samewerkende partye die verkiesing met 'n klein meerderheid wen. Hy het ook gewaarsku teen die rol wat die O.B. binne die Afrikaner Party begin speel het.⁵⁵ Malan het egter aan die kookus die versekering gegee dat eenwording later sou volg en gesê dat hulle net nie haastig moes wees nie.

Op 'n latere kookusvergadering het Louw weer sy bedenkinge geopper, nadat Strydom en ook Swart dieselfde gedoen het.⁵⁶ Hulle voor- spellings is spoedig bewaarheid toe dit geblyk het dat O.B.'s ywerig besig was om takke van die Afrikaner Party te stig. As gevolg hiervan het Strydom op 'n vergadering van die Federale Raad in Mei 1947, waartydens die ooreenkoms vir goedkeuring voorgelê is, 'n voorstel ingedien wat onder andere behels het dat eenwording tussen die twee partye so spoedig moontlik en verkieslik nog voor die verkiesing, bewerkstellig moes word. Die voorstel, wat deur Louw gesekondeer is, maak daarvan melding dat die tendense wat intussen na vore getree het, die uitvoering van die ooreenkoms ernstig sal bemoeilik en ook 'n gevaar vir die Nasionale Party in- hou. Gevolglik is spesifiek gevra om 'n versekering van Havenga dat O.B.-lede nie tot dié Afrikaner Party toegelaat sal word nie solank hulle in hul huidige beleid volhard, nl. deelname aan die

55. E.H. Louw-dokumente: Verslag van Louw re. Hoofraadsvergade- ring Kaaplandse H.N.P., 25.2.1948. Kyk ook J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/Amice (Sauer), 3.11.1947 (kopie aan JGS), en EHL/DFM, 16.7.1947 (kopie aan JGS). In sy opgetekende herin- neringe skryf Louw dat Malan se aankondiging van die voor- lopige ooreenkoms "soos 'n bom" in die kookus gebars het. Kyk E.H. Louw-vers., band 72: "n Minder bekende aspek van die Nasionale Stryd". Hoewel Louw die stuk later as "1946 of 1947" gedateer het, dui die inhoud daarvan dat dit tussen 1951 en 1954 opgestel is.

56. E.H. Louw-dokumente: Verslag van Hoofraadsvergadering 25.2.1948.

26 7 70
DIE BEELD
1/19

sooslike twiste en botsings tussen
leiders van de

DE IT IS BEKEND

DIE BEELD
—/19—

Oor Han-
 freesplanne is
 Malen-luvers-oor-
 1947 is naar al bane
 en Gerigte in die politiek
 Nou word interessante
 stehanche lig daarop
 deur dokumente van die Stry-
 dom-terstement van die Stry-
 te krer opgespel is.

Dink maas
die blo-
Ert.

. GEYER

[illegible]

Hy wil dr. Malen van
ding verkeer en dit is
aan geen opbrengste afge-
als geleidende vers mo-
neem nie, maar er is
omstandigheden van
like tusschen al paden
Dit is de al-
goed uit die boom-
die A.P.O.B. Kun-
biomass en om-
samenvatting
betreft.

kan van mei
van Oktober
waarskynlik
"hoop
Geyer,
venn
in Ho
"Da
goed
toge
om
w

...als gewone lid van de Party
...ek ten einde 'n skeuring te
...ek my onderwerp - maar
...kan ek als doen

668

politiek, die vernietiging van politieke partye en die nastrewe van 'n gesagstaat.⁵⁷

Hierdie voorstel is gedoen in die gees van die opvatting dat die vooruitsig op eenwording binne 'n redelike tyd die grondslag van die ooreenkoms was. Malan het egter geweier om die voorstel te aanvaar en weer eens die versekering gegee dat eenwording wel sou volg; hulle moes net nie druk op Havenga uitoefen nie.⁵⁸ Die Strydom-Louw-voorstel is verwerp en 'n amendement van mnr. S.P. le Roux aanvaar, waarin dr. Malan slegs gevra is om, in sy verdere onderhandelinge met Havenga, die geopperde bedenkinge in oorweging te bring.⁵⁹

Pas na afloop van die Sitting het Strydom sy beswaarde gevoelens per brief teenoor Malan gelug. Dit was vir hom duidelik dat die Afrikaner Party sy deure vir die O.B. oopgegooi het, soos blyk uit die opname van O.B.'s op hul besture en die O.B.-geïnspireerde veldtog om Afrikaner Party-takke dwarsoor die land te stig. In werklikheid is die Afrikaner Party niks meer nie as 'n "vermomde O.B.", en is 'n ooreenkoms aangegaan met die O.B. onder dekmantel van die Afrikaner Party.⁶⁰

Verwysende na die stryd wat die party in die verlede teen die O.B. gevoer het en die "diepgaande beginselverskille", wat ver-

57. E.H. Louw-dokumente: Verslag van Hoofraadsvergadering, 25.2.1948. Kyk ook J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/Amice (Sauer), 3.11.1947 (kopie aan JGS), en H.N.P. Federale Raad Notuleboek: notule 21.5.1947.

58. E.H. Louw-dokumente: Verslag van Hoofraadsvergadering, 25.2.1948.

59. H.N.P. Federale Raad Notuleboek: notule 21.5.1948.

60. J.G. Strydom-vers., band 42: JGS/DFM, 4.6.1947. Vgl. ook H.F. Verwoerd-vers., band 141: JGS/HVF, 27.5.1947.

MEIRING 'N CHEEK OP SY LYF'

Dr. Scholtz stel Strijdom-brie Bestaan van Strijdom-dreigbrief ontken

Politieke Redaksie
Pretoria. — Die bestaan van 'n brief wat adv. J. G. Strijdom aan dr. D. F. Malan toe gestuur het en wat vermeld word in 'n nuwe boek deur mr. Piet Meiring — Ons Eerste Ses Premiers — is glasklar deur mr. Ben Schoeman op die Transvaalse NP-koördinerende komitee.

Mr. Schoeman het gesê dat volgens 'n reënante oor die boek het adv. Strijdom voor die algemene verkiesing van 1948 in 'n brief aan dr. Malan gedreig om ná die verkiesing uit die politiek te tree. Mr. Schoeman het ook by wêl die boek vermeld.

DIE bewyse dat mr. Hans Strijdom wel gedreig het om te bedenk kom voor in die uitfratsel (foto regs bo) van sy brief aan dr. Malan. Daarmee het Die Beeld al in 1970 (foto regs) gestuur — twee jaar voor die huidige storm oor die brief.

STRYDOM WAS BAIE AMPER
Eerstige verskil met
nasionale Party



Onthullings Nou fladder dit
Strydom éérs in min.
in 1948 Ben se bos
Bedank

Voor die algemene verkiesing van 1948 het mr. J. G. Strijdom in 'n brief aan dr. D. F. Malan gedreig om ná die verkiesing uit die politiek te tree. Maar ná die nasionale owerwinning het hy, in die woorde van dr. Malan, „voor in die tou kom staan en wa vir 'n kabinetpos“.

Strijdom het gesê dat O.B. lede nie as kandidaat toegelate word nie en dat dit in die eerste streeke in die openbaar aangekondig word.

„In Suid-Afrika dinkte van op dat daar wêl in 'n mate verhoed is dat dit nie vir hom moontlik was om streeke van die politieke terrein te verdryf nie.“

„In die opsig was dr. Malan se forme vertrek van O.B. lede die verkiesing toe in laet van deure-gevoelende bevestiging“ en mr. Van der Schyf.

Die minister bekend dat Eric Louw en C. B. Swart in laet betrokke was by hierdie streef in die binnekinge van

Na aanleiding sekere opmerkings van mr. Piet Meiring in sy boek Ons Eerste Ses Premiers, was daar weer in 1972 baie kommentaar oor Strydom se bedankingsdreigement in 1947.

hoed het dat O.B.-lede by die party kon aansluit, het hy dus nie kans gesien vir die uitvoering van die ooreenkoms nie, tensy die O.B. van sy gewraakte doelstellings afsien. Soos tevore op 'n koukusvergadering⁶¹ en ook op 'n vergadering van die Federale Raad,⁶² het Strydom sy voorneme bekend gemaak om as partyleier in Transvaal te bedank, indien onder die heersende omstandighede met die ooreenkoms voortgegaan sou word.⁶³

Dr. Malan het op hierdie skrywe van Strydom gereageer deur te sê dat Strydom se houding ten opsigte van die O.B. "in geen opsig" van sy eie siening verskil nie. Die kwessie van die insypeling van die O.B. in die Afrikaner Party is egter in die eerste plek 'n saak vir Havenga. Laasgenoemde moet met "goeie gesindheid en raad" bygestaan word; hy sal wel "beskermende maatreëls" moet tref, net soos die Nasionale Party, dog "kan dit op hierdie tydstip enige goed doen om hom daartoe te probeer dryf?" Dit was sy oortuiging dat nquere samewerking wel moes kom, dog dan slegs "geleidelik en na gelang van omstandighede", soos dit die bedoeling van die ooreenkoms self was.

Na aanleiding van Strydom se dreigement om eenkant toe te staan, het Doktor dit nodig gevind om sy kollega 'n bietjie te kapittel.

61. Kyk J.G. Strydom-vers., band 42: JGS/EHL, 8.9.1947.

62. H.F. Verwoerd-vers., band 141: JGS/HFV, 27.5.1947.

63. J.G. Strydom-vers., band 42: JGS/DFM, 4.6.1947. Vgl. ook Malan: Afrikanervolkseenheid..., p. 234; P. Meiring: Ons Eerste Ses Premiers, pp. 84 en 106 - 107; G.D. Scholtz: Dr. Hendrik French Verwoerd, 1901-1966, p. 158. Hierdie werke raak-raak net aan aspekte van die verdeeldheid onder Nasionale leiers, in teenstelling met "onthullings" wat in onlangse jare in die pers verskyn het. Kyk in hierdie verband 'n bespreking in die Voorwoord tot hierdie studie.

Sy houding openbaar 'n haastigheid wat hy nie by Strydom gewoond is nie, sê hy en verwys na die Mentz-voorval. Toe, sê Doktor, het Strydom saam met genl. Kemp meer geduld met die O.B.-lede gehad as hyself: "Ek dink dat as jy nou omgekeerd dieselfde ge wil beoefen as toe, en waarmee ek toe ingestem het, sake nou ne sal regkom as toe. Gaan jy inteendeel handel soos jy nou voors dan sal niemand meer juig as die O.B.'s nie."⁶⁴ Dwarsdeur die verdere verwickelinge het dr. Malan die houding ingeneem dat Havenga vertrou moet word en dat dinge nie vir hom onnodig moeilik gemaak moes word nie. Dat hy egter nie onverskillig gestaan he teenoor sy kollegas se bedenkinge en klagtes nie, blyk duidelik uit die brief wat hy in hierdie tyd aan Havenga geskryf het. Dearin waarsku hy teen die O.B.-taktiek om die Afrikaner Party binne te sytel met die oog op 'n magsposisie - dieselfde situasie waarvoor die H.N.P. enkele jare tevore te staan gekom het. Ook wys hy op die gevaar van die moontlikheid dat van owerheidsweë teen die O.B. en sy leiers opgetree mag word, wat dan die Afrikaner Party en die H.N.P. in die gedrang kan bring en tot hul diskrediet kan lei. Hy beveel gevolglik by Havenga aan dat hy die O.B. sal probeer beweeg om te ontbind.⁶⁵

In Julie kon Doktor aan Strydom rapporteer dat hy 'n brief van Havenga gehad het, wat hom opnuut oortuig het dat Havenga dit opreg meen en "onder moeilike omstandighede sal doen wat hy kan om te belet dat sake 'n loop neem wat skadelik is." Hy bly in kontak met hom, dog is vol hoop: "Paniek van ons kant en gevolg

64. J.G. Strydom-vers., band 42: DFM/JGS, 5.6.1947.

65. J.G. Strydom-vers., band 42: DFM/NCH, 25.6.1947 (kopie aar JGS).

like oorhaastige en miskien griewende handeling kan alleen rampspoedige gevolge hê." Malan deel Strydom mee dat Havenga hom verseker het "dat hy nie sal toelaat dat O.B.-lede wat by hom inkom iets sal doen wat ons kan benadeel nie."⁶⁶

Die "l'affaire Havenga", soos Louw in 'n brief daarna verwys het,⁶⁷ het steeds 'n groot kopseer vir Strydom en sy vriende gebly. In Junie 1947 het Eric Louw in 'n brief aan Malan dieselfde probleme as Strydom aangeroer en dr. Malan op hoogte gebring met die aktiwiteite van die O.B. in sy kiesafdeling maar ook in die Vrystaat, waar hy kort tevore vergaderings toegesprek het. Afgesien van die implikasie van bedekte samewerking met die O.B., was Louw verontrus oor die moontlike gevaar van 'n sterk Afrikaner-party wat later in 'n bedingingsposisie kon verkeer, tot nadeel van die H.N.P. Hy het ook gewys op die nadelige effek wat moontlike regeringstappe teen Van Rensburg vanweë oorlogstydse bedrywighede op die H.N.P. kon hê, indien die huidige situasie voortduur en het, net soos Strydom, gevra dat Havenga hom in die openbaar van die O.B.-ideologie moes distansieer.

In hierdie brief het Louw sy hart uitgepraat:⁶⁸

"Dit is met 'n taamlike mate van luiwerigheid dat ek hierdie informasie aan u oordra, en wel omdat my motiewe in twyfel getrek is toe ek destyds by die kous-vergaderings op moontlike gevare en implikasies gewys het. Ek beskou dit egter my plig om as partylid, en as lid van ons Hoofraad en Federale Raad, u in te lig, en om informasie wat ek inwin tot

66. J.G. Strydom-vers., band 42: DFM/JGS, 21.7.1947.

67. J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/JGS, 26.8.1947.

J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/DFM, 16.7.1947 (Afskrif aan JGS).

68. Het hierdie versekering dalk verband met bewerings dat Louw besig was om Malan na die kroon te steek? Kyk p. 713.

u beskikking te stel - en om in verband daarmee ook my eerlike opinie uit te spreek. My enige motief is die belange van die Party. Sedert ek my pos en diplomatieke loopbaan prysgegee het, het ek hard geveg, en gedurende die afgelope tien jaar het ek tyd, kragte, eie belange, en selfs my gesondheid opgeoffer ter wille van die Party. Die Party was feitlik my enigste belang! U kan dus verstaan dat dit vir my moeilik is om te swyg wanneer ek sien dat dinge verkeerd loop. En wanneer ek praat, dan het ek slegs partybelange in die oog. Ek hoop dat u daardie versekering van my sal aanneem - asook die versekering dat ek geen politieke ambisie koester nie. My ambisies was vervul toe ek H&E Kommissaris, en later Gevolmagtigde Gesant geword het!"

As "getroue en geesdriftige partylid" het hy tot versigtigheid gemaak sodat 'n toestand van onsekerheid en verwarring nie binne eie geledere geskep word nie, soos hy vrees wel besig was om te gebeur.

Nadat hy weer eens vir Malan van sy opregte motiewe verseker het het Louw 'n ander aangeleentheid opgehaal:

"Toe die H.N.P. in die tyd van my grootste krisis en gevaar verkeer het - toe die stryd met die destydse sterk en populêre O.B. ontbrand het - was dit 'n betreklike klein klompie van ons Nasionale L.V.'s wat u bygestaan het, en wat bereid was om uit te gaan, en teen die O.B. op te tree. Dit was u, tesame met daardie klein bende, wat destyds die Party gered het. Daar was ander L.V.'s wat in daardie kritieke dae feitlik afsydig gestaan het, of wat, in elk geval nie bereid was om teen die O.B. op te tree nie - en dit sluit 'n paar van ons voorstes in! Hulle het gewag tot die stryd gewen is, en toe begin hulle ook teen die O.B. te praat.

"Die manne wat vandag oor die Havenga ooreenkoms bedenkinge uitspreek, is dieselfde manne wat u getrou bygestaan het in die stryd teen die destydse sterk O.B. - en wat geveg het. Daarom dat hulle vandag nog deur die O.B. so gehaat is. En dis dieselfde manne wat in die stryd teen Smuts gewoonlik op die voorpunt is, nie alleen in die Volksraad nie, maar - wat meer belangrik is - buite die Volksraad, en gedurende die reses, wanneer dit werk en opoffering eis om die stryd te voer... En wanneer hierdie manne bedenkinge opper oor die een of ander optrede, dan is dit nie met by-bedoelings nie,

of net om te kritiseer nie, maar bloot omdat ons dit in belang van die Party ag. Ek vrees dat die uiting van bedenkinge soms as 'n gebrek aan vertroue beskou is. En dit is tog nie so nie'."

Dit was duidelik, en heel te begrype, dat hierdie voorvegters teen die O.B. die gevoel gekry het dat hulle in die steek gelaat word. En dat hul motiewe nie gesien is in die lig soos deur Louw hierbo uiteengesit nie, blyk baie duidelik uit die feit dat Louw 'n tydjie later dit nodig gevind het om Strydom te verdedig teen bewerings dat hy van uittrede praat net omdat hy nie sy sin kry nie. In 'n brief aan Paul Sauer het Louw weer uitvoerig op hulle standpunte ingegaan en dit 'n kwessie van beginsel genoem:⁶⁹

"En wanneer Strydom sê dat hy nie kan meedoen aan die prysgee van beginsels, of aan 'n beleid wat vir die H.N.P. groot gevare inhou, en dat hy as Leier van die Transvaal nie kans sien om 'n verkeerde beleid aantemoedig en uittevoer nie, kan jy tog nie sê dat hy "nie sy sin kan kry nie, en nou wil hy uittree" nie. Dis glad nie 'n kwessie van "sin kry" nie. Daar is beginsels op die spel - en ek deel sy mening."

Dit blyk dat Louw van voorneme was om sy besware teen die ooreenkomste op die Kaaplandse Kongres wat op 23 - 25 September 1947 te De Aar gehou is, te lug, dog ernstige siekte van sy seun Jan het hom verhinder om die verrigtinge by te woon. Op hierdie kongres is die voorstelle van die Federale Raad ten opsigte van samewerking goedgekeur.⁷⁰ 'n Tyd later skryf Louw ook aan C.R. Swart dat hy agterna verneem het dat daar 'n groot mate van bedenking "by baie

69. J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/Amice, 3.11.1947 (afskrif aan JGS). In 'n nota sê Louw dat hy om begryplike redes nie die korrespondent se naam noem nie, dog Strydom het self 'n aantekening op die brief gemaak dat dit aan Paul Sauer gerig was.

70. J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/JGS, 8.10.1947. Kyk ook EHL/JGS, 29.9.1947.

afgevaardigdes bestaan het; dog daar was niemand om 'die ander kant' van die prent te toon nie, en om leiding te gee nie." Die verhouding met die O.B. was vir Louw 'n teer punt.⁷¹

"Ek is nou al tot by die nek met al die toegeëry, raap-en-skraap, en politieke opportunisme wat nou aan die gang is. Dié Sappe lag, en spot met ons. Die Argus het 'n paar dae gelede 'n fyn sarkastiese artikel gehad oor ons verhoudings met die O.B. - viral na aanleiding van daardie twee verspote Kongres besluite. Die artikel was so raak as wat hy kon wees. Ek wou uitroep: "Eina!" En nou ry Doktor in sy kiesafdeling rond en sê van die publieke platforms wat hy persoonlik aan Havenga moes gesê het! Maar toe ons vyf maande gelede by die Fed. Raadsvergadering aangedring het dat hy met Havenga moet praat oor die impalming van die A.P. deur die O.B., toe was sy antwoord dat hy hom nie kan inmeng met die A.P. se inwendige sake nie!"

Op sowel die Transvaalse as die Kaaplandse H.N.P.-kongres in September 1947 is besluite ten opsigte van O.B.-lidmaatskap van die H.N.P. geneem wat nie vir Louw bevredig het nie. Die Kaaplandse besluit⁷² het dit vir O.B.-lede moontlik gemaak om lede van die party te word solank hulle trou bly aan die party, terwyl die Transvaalse besluit⁷³ ook O.B.-lede sou verwelkom, dog op voorwaarde dat die beweging hom in die openbaar losmaak van daai wroegende standpunte wat die bron van die groot stryd tot dusver was.

Strydom het beswaar gemaak teen die Kaapse besluit en Louw het grootliks saamgestem.⁷⁴ Toe Louw egter die Transvaalse besluit

71. J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/CRS, 12.10.1947 en EHL/JGS, 8.10.1947.

72. Die Burger, 25.9.1947.

73. Die Transvaler, 17.9.1947.

74. J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/JGS, 8.10.1947.

kritiseer⁷⁵ moes Strydom hom daarop wys dat dit gebaseer was op die Strydom-Louw-voorstel wat in Mei 1947 voor die Federale Raad gedien het.⁷⁶ Met die uitsondering van die kwessie van eenwording van die twee partye en O.B.-lidmaatskap van die A.P., wat hier nie ter sprake was nie, was hierdie voorstel wat so deur die kongres aanvaar is, basies dieselfde as dié van Strydom en Louw voor die Federale Raad, in Mei 1947. Die uitwerking sou in elk geval grootliks identies gewees het.

Soos vriend Strydom,⁷⁷ was ook Louw by tye maar taamlik mismoedig en onvergenoegd, soos blyk uit 'n skrywe aan Strydom:⁷⁸

"Ek gaan my nie meer moeg maak oor hierdie dinge nie. Ons is nou eenmaal "hell-bent" op die pad na toegewing en konsiliasie ... hulle moet nou maar maak soos hulle wil. Dit help nie om teen die prikkels te skop nie."

Verwikkelinge met betrekking tot die Inligtingskomitee sou die drie kollegas, Louw, Strydom en Swart, voor 'n kruispad te staan bring. En wat Louw aanbetref, het die Joodse vraagstuk boonop verder bygedra tot verleentheid en gespanne gevoelens met sy leier en mede-Nasionaliste.

Pas nadat die Inligtingskomitee van die H.N.P. sy tweede jaar-

75. Louw was bevrees dat die O.B. dit kon aanvaar en tog agter die skerms hul oogmerke behou. Kyk J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/JGS, 8.10.1947.

76. J.G. Strydom-vers., band 42: JGS/EHL, 13.10.1947.

77. "Ek is siek en sat en tot my keel toe vol", skryf Strydom op 6.10.1947 aan Louw (J.G. Strydom-vers., band 42).

78. J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/JGS, 2.9.1947.

termyn binnegegaan het, het daar ernstige probleme opgeduik. Op 26 Oktober 1947 het dr. Malan naamlik vir Eric Louw na Stellenbosch ontbied oor sake, waarvan een was die uitbreiding van die ledetal van die komitee om mnr. Sauer en dr. Geyer in te sluit.⁷⁹ Dr. Malan wou hê dat daar tot die koöptering van dié twee persone oorgegaan moes word, nadat toestemming daartoe reed deur die Federale Raad gegee is. As redes waarom juis nou aan sy wenk uitvoering gegee behoort te word, het dr. Malan eerstens verwys na die feit dat die kleurvraagstuk 'n belangrike rol in die komende verkiesing sou speel en dat dit wenslik was om mnr. Sauer as voorsitter van die party se Kleurlingvraagstukkomitee,⁸⁰ en dr. Geyer as skakel met die pers op die komitee te hê.

In antwoord hierop het Louw dr. Malan meegedeel dat hy geen beswaar het teen die persone van mnr. Sauer en dr. Geyer nie, dog vanweë die funksionering van die Inligtingskomitee was dit wenslik dat dit so klein as moontlik moes wees. Dit sou egter wel goed wees om mnr. Sauer se informele medewerking te verkry, het hy gemeen.

Vervolgens het dr. Malan gesê dat hy heeltemal openhartig wil praat en 'n tweede rede genoem. Volgens die memorandum wat Louw as voorsitter later aan die komitee voorgelê het, het die volgen-

79. Uitvoerige besonderhede hieromtrent is vervat in 'n memorandum wat Louw opgestel en aan lede van die komitee en dr. Malan gestuur het. Later is dit in die notule van die spesiale vergadering van die komitee op 5.11.1947 opgeneem.

80. Vir 'n kort uiteensetting van die werk van dié komitee, kyk Malan: Die Geskiedenis van die Nasionale Party, pp. 222 - 223.

de gesprek toe plaasgevind:⁸¹

"Dr. Malan het vervolgens sy tweede rede genoem waarom hy die komitee graag vergroot wil sien. Hy het gesê dat i.v.m. hierdie aspek hy graag heeltemal openhartig wil praat. Hy het daarop gewys dat die Inligtingskomitee 'n baie verantwoordelike een is, wat namens die Party moet inligting gee en pamflette uitreik. Daar is die verdere feit dat hy as hoofleier in die laaste instansie verantwoordelik gehou word vir wat deur die Komitee uitgereik word. Hy sê toe dat daar binne die H.N.P.-geledere verskil van opinie ontstaan het oor die Havenga-ooreenkoms, en dat drie uit die vier lede van die Inligtingskomitee nie met hom daaromtrent saamstem nie, soos geblyk het by besprekings op die Federale Raad vergaderings. Onder die omstandighede beskou hy dit wenslik, en ook nodig, dat sy sienswyse op die Inligtingskomitee verteenwoordig moet word. Onder die omstandighede wil hy dus 'n "versoek" aan die Komitee rig dat Mnr. Sauer en Dr. Geyer, wat die Hoofleier se standpunt oor die Havenga-ooreenkoms ondersteun, op die Komitee benoem word, en hy vra die Voorsitter om asseblief die versoek aan die Komitee oor te dra.

"Die Voorsitter het gesê dat hy hierdie tweede rede in 'n ernstige lig beskou aangesien dit neerkom op 'n gebrek aan vertroue in homself, en in Advv. Strydom en Swart. Dit beteken dat die Hoofleier dit as moontlik beskou dat die betrokke lede misbruik van hul lidmaatskap van die Komitee sal maak om in die amptelike uitgawes van die Komitee, soos pamflette, artikels, ens., 'n beleid te verkondig wat nie ooreenstem met dié wat deur die Party-kongresse aanvaar is nie. In die Voorsitter se mening is dit ondenkbaar dat hulle so iets sou doen. Ook het die Voorsitter daarop gewys dat dit in elk geval nie die werk van die Inligtingskomitee is om pamflette en ander leesstof uit te reik oor inwendige sake van die party nie. Sy pamflette, ens., gaan alleen oor landsake, en is tot nie-Nasionaliste gerig.

"Die Voorsitter het daarop gewys dat hierdie versoek indien aan die Inligtingskomitee oorgedra 'n ongunstige uitwerking

81. H.N.P. Inligtingskomitee (E.H. Louw), notule 5.11.1947: memorandum. Kyk ook H.N.P. Federale Raad, Notuleboek: notule 15.9.1947. 'n Uittreksel uit dié notule, bevattende die betrokke besluit, is deur Swart aan Strydom besorg (J.G. Strydom-vers., band 47: CRS/JGS, 17.11.1947, met bylae).

op die betrokke lede sou hê, en hy het aan die hand gedoen dat daar liewers 'n reël deur die Komitee neergelê word dat alle konsep-pamflette en artikels eers aan Dr. Malan voorgelê word voor publikasie. Op hierdie wyse sal die Hoofleier dan volle kontrole kan uitoefen oor alle propaganda-materiaal wat uit die kantoor gaan, en die Voorsitter het gevra of so 'n reëling hom nie sou tevrede stel nie.

"Hierop het Dr. Malan geantwoord dat die Voorsitter maar sy versoek aan die Komitee moet oordra, en hy het bygevoeg dat hy in elk geval, ook vir die ander rede wat hy genoem het, van mening is dat die twee addisionele lede op die Komitee benoem word.

"Die voorsitter het toe onderneem om dr. Malan se versoek aan die Komitee oor te dra, wat hy nou formeel doen."

Bogenoemde saak is op 5 November 1947 tydens 'n spesiale vergadering van die H.N.P. Inligtingskomitee te Johannesburg bespreek nadat Louw reeds vroeër die lede van die komitee per brief in kennis gestel het van wat tussen hom en dr. Malan plaasgevind het.⁸² Nadat die memorandum deur Louw voorgelees is, het Strydom op die been gekom en gesê dat die komitee aan die spesiale versoek van die hoofleier behoort te voldoen. Hy het gevolglik voorgestel dat mnr. Sauer en dr. Geyer op die komitee benoem word. Swart het gesekondeer, en die voorstel is eenparig aangeneem.

Hierna het Strydom weer die woord geneem en gesê dat dr. Malan se tweede rede vir sy versoek op 'n mosie van wantroue neerkom. Onder dié omstandighede kon hy nie langer op die komitee dien nie en het hy dus sy bedanking ingedien. Swart en Louw het hulle met adv. Strydom vereenselwig en hul voorneme om te bedank bekendgemaak. F.C. Erasmus het probeer wel gooi en die ontevredeenes

82. Besonderhede omtrent die verrigtinge op die spesiale vergadering is ontleen aan die notule, waarvan 'n kopie in die J.G. Strydom-vers., band 47 gevind word.

gevra om nie tot so 'n stap oor te gaan nie. In enige politieke party en selfs op die komitee is daar verskille van mening oor party-beleid, dog dis geen rede waarom hulle sou moes bedank nie. Hy het gevolglik voorgestel dat daar eers 'n samespreking tussen dr. Malan en die drie lede van die komitee moes plaasvind.

Strydom was egter vasbeslote: dit was beslis 'n mosie van wantroue.⁸³ As alle meningsverskille binne die H.N.P. nou op die komitee verteenwoordig moet word, sal dit aansienlik uitgebrei moet word. Ook Eric Louw het sterk gevoel dat dit wel 'n opening was van wantroue in die betrokke drie lede. Volgens hom het die Inligtingskantoor nie te doen met interne partymoeilikhede nie en kon hy gevolglik nie dr. Malan se versoek om lede op die komitee te hê wat hom steun, begryp nie, veral nie waar hy bereid was om alle konsepartikels en pamflette aan dr. Malan vir goedkeuring voor te lê nie.

Erasmus het weer eens vir dr. Malan in die bresse getree en gesê dat Doktor se versoek nie in daardie lig beskou moes word nie. Na verdere bespreking "heen en weer", is besluit dat die voorsitter vir dr. Malan van die verrigtinge sou verwittig. Nadat die komitee by monde van Swart waardering teenoor Louw betuig het vir sy waardevolle dienste, ywer en opoffering in belang van die Inligtingskantoor, het die vergadering verdaag.

Eric Louw het dr. Malan skriftelik in kennis gestel van wat op

83. Reeds voor die vergadering en nadat Louw hom van sy gesprek met dr. Malan verwittig het, het Strydom hierdie standpunt ingeneem en in briewe aan Swart en Louw geskryf dat hy uit die komitee gaan bedank. Kyk J.G. Strydom-vers., band 47: JGS/EHL, 29.10.1947 en JGS/CRS, 10.10.1947.

die vergadering gebeur het.⁸⁴ In antwoord daarop het Malan sy waardering uitgespreek vir die koöpsie van mnr. Sauer en dr. Gey dog hy het met innige spyt kennis geneem van die drie se bedanki en hul redes daarvoor.⁸⁵ In die brief aan hom, het Malan vervol word die verskil oor die Havenga-ooreenkoms tussen hulle en hom en by implikasie tussen hulle en die party-kongresse, ruiterslik erken. Die vermelding van daardie verskil as addisionele rede vir die uitbreiding van die komitee kan nie as 'n bewys van wantroue beskou word nie: "U vertolking van my woorde en motiewe is u eie, en daarvoor moet u alleen die verantwoordelikheid dra.

Dr. Malan het verder van Louw verskil oor die kwessie of inligti met betrekking tot die Havenga-ooreenkoms buite die bestek van die komitee se pligte val: "Dat die Havenga-ooreenkoms 'n voorwerp is, en verder ook nog mag wees, van aanvalle en wanvoorstellings van Sap-kant, van pogings tot verbreking daarvan, van die kant van dr. van Rensburg en van misverstand en verwarde begrippe aan ons eie kant, is so klaarblyklik dat verdere betoog daaromtrent onnodig is." Sy weiering om die voorstel van Louw ten opsigte van voorlegging van propagandamateriaal te aanvaar,

84. J.G. Strydom-vers., band 47: EHL/DFM, 12.11.1947 (afskrif aan JGS). Louw, wat hom "met besondere leedwese" van die Inligtingskantoor onttrek het, het namens die komitee maar ook persoonlik hoë lof en waardering vir die werk van mnr. P.W. Botha, die Inligtingsbeampte, betuig.

85. J.G. Strydom-vers., band 47: DFM/EHL, 15.11.1947.

86. Dr. Malan se standpunt was in hierdie opsig die korrekte, want Strydom self het vroeër al gevra dat 'n pamflet met besonderhede oor die party se beleid ten opsigte van samewerking uitgegee word (J.G. Strydom-vers., band 42: JGS/DFM, 20.11.1946). Die verklaring wat aan die einde van 1946 deur die Inligtingskantoor uitgereik is oor die verhouding met die O.B. kan ook in hierdie lig beskou word (Die Burger, 27.12.1946).

kon syns insiens nie as bewys van beweerde wantroue dien nie; die aanvaarding daarvan sou juis daardie wantroue, as dit bestaan het, bewys, was Malan se opvatting.

Met vakansie in Somerset-Oos, het Eric Louw in 'n lang brief op dié van dr. Malan gereageer: Ten aanvang het hy dit duidelik gestel dat dit by hom en sy kollegas 'n saak van beginsel was en dat hul opvattinge geensins hul verhouding teenoor Malan as hoofleier of teenoor die party raak nie. Hy het egter volgehou dat Malan se versoek 'n bewys van gebrek aan vertroue was en het gemeen dat die saak niks verder gevoer is as tydens die samespreking te Stellenbosch nie. Dit het hom innig gespyt dat sake in verband met die Inligtingskomitee verkeerd geloop het, dog daar was vir hom geen twyfel oor die meriete van sy standpunt nie: "Die verantwoordelikheid vir wat gebeur het, rus dus nie op my skouers nie, en ook nie op die skouers van my twee kollegas nie."⁹⁷

Die bondige kommentaar van sowel Swart as Strydom, wat oudergewoonte afskrifte van die korrespondensie ontvang het, was dat

87. J.G. Strydom-vers., band 47: EHL/DFM, 12.11.1947 (afskrif aan JGS). Dié brief word in sy geheel as Bylae X opgeneem omdat dit enersyds moeilik sal wees om al die standpunte en beskouinge in 'n opsomming tot hul reg te laat kom; andersyds dien dit as 'n helder uiteensetting van die houding van die drie vriende met betrekking tot die kwessie van vertroue, wat in hierdie tyd maar ook in later jare die persoonlike verhoudinge tussen vooraanstaande Nasionaliste ten grondslag gelê het. Dok in sy onvoltooide opgetekende herinneringe verwys Eric Louw na hierdie verskille. Kyk E.H. Louw-vers., band 72: "My Bydrae tot die Stryd" en "n Minder bekende aspek van die Nasionale Stryd". In laasgenoemde stuk maak Louw die opmerking: "Tot vandag, het Dr. Malan my nie vergewe nie, vir die houding wat ek konsekwent ingeneem het in verband met die Malan-Havenga-ooreenkoms."

Louw se brief "verpletterend oor die kwessie van vertroue" was.⁸⁸ Die bedanking van die drie Nasionale voormanne uit die Inligtingskomitee het gedreig om in 'n ernstige krisis te ontwikkel.⁸⁹ J.J. Serfontein, P. Olivier en dr. F. Boltman het lang samesprekings met C.R. Swart gevoer, die driemanskap se optrede goedgekeur en aangedring dat tot aksie oorgegaan word,⁹⁰ dog Swart het daarteen gewaarsku "omdat dit dan mag uitloop op 'n ongewenste bespreking van die O.B., A.P., Joodse, Naturelle en ander geleenthede, wat die toestand mag vererger en lei tot drastiese stappe (van een of ander kant)." Hy wou dat hul vriende liever Smuts se beleid van "let things develop" volg, dog hulle wou voortgaan en probeer om "n beter gees en houding" by dr. Malan te skep. Swart self het in elk geval besluit om niks verder aan die saak te doen nie.⁹¹

Strydom het op hierdie stadium 'n heeltemal afsydige houding begin inneem daar dit vir hom duidelik was dat Malan nie sou kopgee nie en hulle dus op 'n konfrontasie sou afstuur indien hulle volhard in hul verset. Hy het ook gevoel dat hulle vrier

88. J.G. Strydom-vers., band 42: CRS/JGS, 26.11.1947 en JGS/CRS, 3.12.1947.

89. Mnr. Jim Fouche het, na aanleiding van hierdie gebeure, die volgende opmerking gemaak: "As mens 'n ernstige moeilikheid bespreek, dan word dit 'n krisis!" Kyk J.G. Strydom-vers., band 47: CRS/JGS, 17.11.1947.

90. J.J. Fouché was verhinder om dié samesprekings by te woon. Kyk J.G. Strydom-vers., band 47: CRS/JGS, 17.11.1947.

91. Kyk J.G. Strydom-vers., band 47: CRS/JGS, 17.11.1937.

de nie verder aan die saak moes roer nie.⁹² Aan Eric Louw skryf hy dat Louw se brief in antwoord op Malan se reaksie op hul bedanking "verpletterend" was,⁹³ maar dat hy nie van plan was om daarop te reageer nie. Dit is nutteloos en kon net lei tot 'n skeuring, wat die kanse op oorwinning oor Smuts kon benadeel. Dit was vir hom duidelik dat Malan die steun van Havenga en sy vriende, "of hulle nou al Engelse Jode of draad-sitter Afrikaners is", bo dié van "ons wat vashou aan die Beginselstandpunt van die Nasionale Party" verkies het. Malan se aandrang op die koöptering van Sauer en Geyer is deur Strydom beskou as 'n maklike manier om van hulle ontslae te raak.⁹⁴

Ook Eric Louw het geworstel met die vraagstuk van toekomstige optrede. Hy het verwag dat "n ondergrondse propaganda" teen hulle op tou gesit sou word, soos blyk uit die feit dat dr.

92. J.G. Strydom-vers., band 47: JGS/CRS, 19.11.1947. Hy het sy standpunt ook persoonlik aan Louw en Swart verduidelik en het selfs vir Louw aangeraai om nie voort te gaan met sy planne om die Joodse kwessie tot 'n punt te voer nie. Volgens Swart (band 42, aan JGS, 26.11.1947) het Serfontein met Sauer geskakel en dié weer met Malan, wat glo versoenend sou reageer. Toe Swart egter Malan se antwoord aan Olivier toon, was hy "verslae en bekommerd" en het hy die "Paul-Serfie-optimisme" nie gedeel nie.

93. C.R. Swart het dit as "verpletterend oor die kwessie van vertroue" beskryf, in J.G. Strydom-vers., band 42: CRS/JGS en EHL, 26.11.1947.

94. J.G. Strydom-vers., band 47: JGS/EHL, 24.11.1947. In dié brief het Strydom weer verwys na sy voorneme om uit die aktiewe politiek te tree, tensy dr. Malan na die verkiesing na hul beginselstandpunt terugkeer. Vgl. ook in hierdie verband Strydom se brief aan Louw nog voor die spesiale vergadering van die Inligtingskomitee, gedateer 29.10.1947, en JGS/CRS, 26.11.1947.

Malan twyfel uitgespreek het of Strydom 'n geskikte opvolger sou wees.⁹⁵ Net soos Strydom, wou Louw vanweë die naderende verkiesing nie 'n krisis afdwing nie, maar het hy gevra of hulle nie op een of ander wyse teen die koers wat ingeslaan word, moes waarsku nie. Hy was veral bekommerd oor die moontlikheid van "n nuwe konsiliatie beweging met prysgewing van fundamenteel beginsels", waarin Havenga die toon sou aangee. Oor die Jode is daar al toegegee, die idee van 'n vrye, onafhanklike republiek was "al klaar in die koelkas - om daar te bly"; sal die kleurbelied volgende op die lys wees? Hoewel sy entoesiasme gedemp en sy lus om te veg afgestomp was, moes hulle rekening hou met dit wat hul volgelinge van hulle verwag.⁹⁶

Skygbaar het die "rebel" met die aanvang van die kort parlementsitting vroeg in 1948 weer taktiek bespreek.⁹⁷ Wat daár besluit is, is nie bekend nie. Feit bly dat Strydom in die verdere verloop van sake hom heeltemal op die agtergrond gehou het.⁹⁸ Louw en Swart, daarenteen, het weer in die gedrang ge-

95. Dié stelling is deur P.W. Botha teenoor Louw gemaak. Louw het verwag dat Dönges moontlik vir die toekomstige leierskap "gestoot" sou word. Kyk J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/CRS, 24.11.1947.

96. J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/JGS, 24.11.1947. Dis interessant om daarop te let dat o.a. Louw en Strydom in die tydperk net na 1948 betrokke was in interne partygeskille oor die kwessie of die toekomstige republiek binn of buite die Statebond sou wees, oor die kleurlingstemregvraagstuk en, in 1954, oor die opvolging van dr. Malan as hoofleier van die party. Dié aangeleenthede word in 'n opvolgende studie van nader beskou.

97. J.G. Strydom-vers., band 42: Nota van JGS op EHL/JGS, 24.11.1947.

98. Daar is o.a. gegis dat dit toegeskryf kon word aan Malan se vrees dat Strydom Engelssprekende kiesers kon afskrik met sy "republican war-cry". Kyk Cape Times, 10.5.1948.

kom by die praktiese implementering van die ooreenkoms met die Afrikanerparty.

Vir die "rebellie" in die besonder maar ook vir die H.N.P. in die algemeen het daar nog baie probleme voorgelê, wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan die uitdagende houding wat Havenga gaandeweg as kampvegter vir die O.B.-lede ingeneem het. Dinge het gedreig om in 'n repetisie van die onverkwiklike stryd net na Monumentkoppie te ontwikkel.

Op die hoofraadsvergadering van die Kaaplandse H.N.P. op 25 Februarie 1948, waar die kwessie van seteltoekenning indringend bespreek is, het Louw in geen onduidelike taal nie laat blyk dat hy nie gaan lê het nie.⁹⁹ Volgens hom was die grondslag van die ooreenkoms die vooruitsig van die eenwording van die twee partye. Hy het die Hoofraad gewys op die standpunt wat hy vanuit die staanspoor oor die saak ingeneem het en dit gekoppel aan die A.P.-kongres se onbestrede besluit om as onafhanklike party voort te bestaan. Havenga het die behoud van eie identiteit as "iets essensieëls" van die oorspronklike ooreenkoms beskou, dog in Louw se oë was die grondslag eenwording; dié is nou verbreek en dus ook die ooreenkoms.¹⁰⁰ Die moontlikheid was nie uitgesluit dat die A.P. in die toekoms weer teen die H.N.P. te staan kan kom nie: "En nou word die Hoofraad gevra om twee sekere N.P.-setels aan 'n moontlike opposisie Party te oorhandig!" Louw het verder betoog dat die A.P. nie meer die party is waarmee die ooreenkoms aangegaan is nie, maar dat

99. E.H. Louw-dokumente: Verslag Hoofraadsvergadering, 25.2. 1948.

100. Dié afleiding van Louw is nie geregverdig nie, hoewel die gesindheid wat uit die betrokke besluit spreek, seer sekerlik ook nie in die gees van die ooreenkoms was nie.

dit tot 'n groot mate deur die O.B. oorgeneem is.¹⁰¹

Ter staving van sy standpunt, het Louw dr. Malan self aangehaal, wat op 7 Oktober te Piketberg teen dié verwickelinge ge-waarsku en om waarborge gevra het dat O.B.'s wat by die Afri-kanerparty aansluit, die ooreenkoms sou nakom.¹⁰² Vir hom was die vraag of dr. Malan intussen enige van die destydse gevraag-de waarborge verkry het.

Louw se derde beswaar was beginselverskille tussen die twee partye. Volgens 'n mededeling van dr. Malan aan die koukus, het hy en mnr. Havenga albei erken dat daar nie meer enige beginselverskil tussen die H.N.P. en die A.P. bestaan nie, en dat daar dus geen rede was waarom hulle apart moes staan nie. En tog: in Havenga se toesprake dring hy telkens aan op 'n terugkeer na die "Hertzog-beginsels" en "Hertzog beleid", wat vir Louw identies is met smeltersbeleid.¹⁰³ Hieronder val ook die Hetzog-kleurbeleid, wat destyds deur die H.N.P. bestry is. Boonop onderskrywe Havenga nie die republikeinse beleid van die party nie,

"daardie beleid wat ons vir die afgelope tien jaar by Nasionale Party vergaderings verkondig het, en waaroor ons 'n spesiale mosie in die Huis ingedien het. Met alle erns wil ek waarsku dat ons moet waak dat ons met die aangaan van hierdie ooreenkoms nie besig is om af te stuur op 'n tweede Smelters nie!"¹⁰⁴

101. Van Heerden, p. 354 haal 'n brief van Van Rensburg aan, gedat 12.6.1946 waarin Van Rensburg sê dat die O.B. se aandeel aan samewerking "onder die doek" gehou moes word en dat hulle die poging sou steun deur A.P.-takke te stig.

102. Vir verslag van Malan se toespraak, kyk Die Burger, 8.10.1947.

103. Die Vaderland, 29.11.1938.

104. E.H. Louw-dokumente: Verslag Hoofraadsverg., 25.2.1948.

Daar het toe op die ou end nog baie probleme uit hierdie ooreenkoms, wat deur al die kongresse van die H.N.P. goedgekeur is, ontwikkel. Ten spyte van die reëls soos neergelê in 'n aanvullende ooreenkoms,¹⁰⁵ was dit veral die kwessie van seteltoekennings waaroor daar baie wrywing ontstaan het. Vroeg in 1948, net na die aanvang van die parlamentsitting, is daar oor die praktiese toekenning van setels tussen die twee partye onderhandel. Na baie haarklowery en dreigemente, veral van die kant van die Afrikanerparty (nl. dat die ooreenkoms kon afspring indien nie aan hulle eise voldoen word nie) is uiteindelik tot 'n vergelyk oor seteltoekenning geraak - dog nie voordat die Nasionale Party, in die woorde van E.G. Jansen, "baie, baie ver gegaan het om te probeer om eenheid te kry."¹⁰⁶

Die Natalse hoofbestuur van die H.N.P. was baie krapperig oor die feit dat hulle Vryheid en Kliprivier moes afstaan, dog provinsiale leier E.G. Jansen het hulle oortuig dat hulle volk bo party moes stel.¹⁰⁷ In die Vrystaat was daar nie minder verset nie, veral met betrekking tot die toekenning van 'n veilige setel aan Havenga. C.R. Swart en ander Nasionale was van mening dat Havenga die grenssetel Bloemfontein-Stad moes beveg en dat hy dit ook sou inpalm. Tot groot vreugde van dr. Malan is 'n dreigende breuk afgeweer toe J.N. le Roux sy

105. Volgens hierdie aanvullende ooreenkoms sou veilige setels deur die H.N.P., grenssetels gesamentlik en op 'n basis soos vooraf ooreengekom deur een van die partye, en ander setels soos deur lede van die partye in die betrokke kiesafdelings ooreengekom, beveg word. Kyk Die Burger, 17.9.1947: toespraak van Malan op Transvaalse H.N.P.-kongres.

106. E.G. Jansen-vers., band 52: "Onderhandelings tussen Dr. Malan en Mnr. Havenga..." (ms.).

107. E.G. Jansen-vers., band 62: "Onderhandelings..." (ms.).

setel, Ladybrand, vir Havenga aangebied het.¹⁰⁸

Die Transvalers, wat aanvanklik vier, later vyf en uiteindelik ses setels terwille van die begeerde samewerking moes opoffer, het nie baie gelukkig hieroor gevoel nie, veral omdat Kaapland slegs twee setels moes afstaan. Dr. Malan se verweer was dat Kaapland meer as al die ander provinsies saam tot die Strydfond bygedra het en dat 'n groot gedeelte daarvan na die Rand gegaan het; indien meer setels van Kaapland geëis word, sou Kaapland terugbetaal moes word. Hoewel die Transvaalse onderhandelars vasgeskop het en van mening was dat hulle mense dit nie sou goedkeur nie, het die Transvaalse dagbestuur tog instemming daarmee betoon.¹⁰⁹

Wat die seteltoekenning in Kaapland aanbetref, wou Eric Louw nie toegee aan die voorstelle wat deur die advieskomitee van die Kaaplandse Nasionale Party gemaak is nie.¹¹⁰ Hy het veral baie beswaard gevoel oor die toekenning van Uitenhage aan die Afrikanerparty en het op die hoofraadsvergadering in Februarie 1948 'n ernstige pleidooi gelewer dat dié kiesafdeling, waar daar na bewering slegs enkele lede van die Afrikanerparty aan-

108. Korrespondensie CRS/PFvds, 23.11.1966. Vgl. ook E.G. Jansen-vers., band 62: "Onderhandelings..." (ms.).

109. E.G. Jansen-vers., band 62: "Onderhandelings..." (ms.). Vgl. ook Ben Schoeman se relaas oor hoe hy die afvaardiging van die Transvaalse N.P.-hoofbestuur oorreed het om liefse maar toe te gee, met die oog op 'n moontlike oorwinning in die verkiesing (Die Transvaler, 13.9.1972).

110. Die advieskomitee het bestaan uit F.C. Erasmus, P.O. Sauer en S.P. le Roux. Op die hoofraadsvergadering het Louw o.a. ook beswaar gemaak teen die feit dat die hoofraad nie geken is by die aanwys van die komitee nie. Kyk E.H. Louw-dokumente: Verslag van Hoofraadsvergadering, 25.2.1948.

wesig was, deur 'n Nasionalis beveg moes word. Hoewel hy uiteindelik 'n amendement van hom teruggetrek het, op grond daarvan dat dr. Malan ook nie juis baie gelukkig gevoel het oor die saak nie, het hy tog saam met drie ander lede teen die voorstel vir setelindeling gestem.¹¹¹

'n Kardinale feit in hierdie onverkwiklike stryd in die leiersgeledere van die H.N.P., wat baie maklik in die mistigheid van woord- en briefwisseling rondom hierdie vraagstuk oorgesien kan word, is dat Eric Louw en vriende Strydom en Swart aanvanklik nie soseer teen die samewerking met die Afrikanerparty gekant was nie, maar dat hulle besware gemik was teen die wyse waarop sodanige samewerking in die praktyk verwesenlik sou word.¹¹² Waar hierdie manne in die voorafgaande jare so sterk op die voorgrond gestaan het in die verbete stryd teen die O.B., kan dit begryp word dat daar frustrasie en teleurstelling was toe dit vir hulle voorgekom het asof die beginsels waarop hierdie stryd gefundeer was, ewe skielik oorboord gegooi is. Dat hulle bedenkinge oor die motiewe van die O.B. met aansluiting nie ongegrond was nie, is duidelik bevestig deur die houding wat dr. Van Rensburg dienaangaande ingeneem het. Eerstens ten

111. E.H. Louw-dokumente: Verslag Hoofraadsvergadering, 25.2. 1948. Dié drie was mev. Anna Steyn, dr. Frikkie Boltman en mnr. P. Hayward. Mnr. P. Luttig, wat saam met 'n ander lid buite stemming gebly het, het geredeneer dat 'n teenstem sou neerkom op wantroue in die hoofleier van die party.

112. Kyk in hierdie verband, vir sover dit Swart se houding aanbetref, sy reaksie op 'n beskuldiging van dr. Malan dat hy teen die ooreenkoms was, in Jannie Kruger: President C.R. Swart, pp. 128 - 129. Dis opsigtelik dat dr. Malan in sy boek Afrikanervolkseenheid..., pp. 233 - 235 net na Strydom en Swart se teenstand verwys en nie Eric Louw se naam noem nie.

opsigte van die idee met die stigting van takke van die Afrikanerparty¹¹³ en in die tweede plek ook wat betref die eventuele gevolge van die ondersteuning van die Afrikanerparty. Hy het sy hoop daarop gestel dat die O.B. se ideale van republikanisme en 'n partylose staat lewenskragtig binne die Afrikanerparty sou voortbestaan.¹¹⁴ Waar die Strydom-Louw-groep die stryd teen die O.B. tot sy logiese uiteinde wou deurvoer, was Malan geneë om die bekommernisse oor Van Rensburg en sy motiewe aan Havenga oor te laat.

Vir Malan het die alleroorheersende doel (om aan bewind te kom) die middele (individuele O.B.-steun via die Afrikanerparty) geheilig. En hoewel die uitslag van die 1948-verkiesing op die oog af 'n grootse oorwinning vir die Malan-standpunt was, is die enigste grondige beswaar wat teen die "rebelle" ingebring kan word die feit dat hulle vanweë hul idealistiese benadering, in teenstelling met dr. Malan se pragmatiese uitgangspunt, 'n oorwinning by die stembus in die wêreld kon ry. Dat selfs hulle dit besef het, blyk duidelik uit sowel Louw as Strydom en Swart se houding om tog nie die verskille tot 'n krisispunt te dryf nie. Die oormag van die eenheidsgevoel en die begeerte om van die Smuts-bewind ontslae te raak het die beginselstandpunt van Louw-hulle eenvoudig verswelg. In hierdie opsig het Malan se vasberade weiering om toe te laat dat O.B.-

113. Kyk bo, p. 685, voetnoot 101.

114. Van Heerden: Nasionaal-Sosialisme..., p. 360: aanhaling uit brief van Van Rensburg aan N.G.S. van der Walt, 8.6.1947.

lede as kandidate van die Afrikanerparty gestel word,¹¹⁵ beslissig versoenend op die ontevredenes ingewerk.

Bevestiging vir die meriete van die Strydom-Louw-opvatting oor die probleme wat O.B.-lidmaatskap van die Afrikanerparty kon teweegbring, is vroeg in 1949 deur iemand wat baie na aan dr. Malan gestaan het, verskaf. Oor verwikkelinge binne die Afrikanerparty skryf eertydse privaatsekretaris D.J. Potgieter aan Malan omtrent die wyse waarop die O.B. die Afrikanerparty-kongres oorheers het en oor die O.B. wat die leiding binne die party neem: "Van Rensburg maak nou met die A.P. wat hy met ons wou gemaak het."¹¹⁶

'n Punt waarvan Louw en Strydom veel gemaak het, was dat eenwording die grondslag van die Malan-Havenga-ooreenkoms was. En dit sou beteken dat O.B.-lede nie by die Afrikanerparty mog aansluit sonder om hul O.B.-ideale prys te gee nie. Hierdie opvatting, en veral hul interpretasie dat eenwording bindend en binne 'n bepaalde tyd moes geskied, was miskien nie in alle op-

115. Malan het skynbare druk van die kant van Havenga om mnre. B.J. Vorster en Louis Boothe as kandidate vir Brakpan en Roodepoort te verkry, afgewys op grond van hul volhardende lidmaatskap van die O.B. Kyk O.B., 31.3.1948, 24.8.1948 en 23.6.1948; E.G. Jansen-vers., band 62: "Onderhandelings..." (ms.). In korrespondensie met Havenga het dr. Malan laat blyk dat daar 'n "duidelike verstandhouding" was dat Nasionaliste nie gevra sou word om vir O.B.-lede as kandidate te stem nie. Twee briewe hieromtrent, wat kennelik deel vorm van die argief van die Afrikanerparty, berus in die dokumente-versameling van die Vrystaatse Nasionale Party in die Instituut vir Eertydse Geskiedenis, Bloemfontein. Fotokopie daarvan is in besit van skrywer, terwyl ook aan adv. B.J. Vorster afdrucke daarvan verskaf is.

116. D.J. Potgieter-vers., band 3: DJP/DFM, 10.1.1949. Vgl. ook B.M. Schoeman: Van Malan tot Verwoerd, p. 27 e.v.

sigte korrek nie; dat dit wel die onderliggende motief aan Nasionale kant was, blyk duidelik uit die feit dat die Kaaplandse kongres van die H.N.P. dit in Oktober 1948 betreur het "dat die verwagte eenwording van die twee partye nog nie verwesenlik is nie." Die kongres het dit verder noodsaaklik geag "dat die verlangde eenwording binne een politieke party onder die naam Nasionale Party... so spoedig moontlik tot stand kom."¹¹⁷ Die feit dat eenwording eers in 1951 geskied het, dat die nuwe bewind in sy eerste jare feitlik aan die genade van Havenga en sy mense oorgelewer was en dat daar nog heelwat strydpunte uit die weg geruim moes word voordat eenheid finaal verkry is, kan as post mortem-bevestiging van die meriete van die Louw-Strydom-Swart-standpunt beskou word.

Ongeveer gelyktydig met die krisis oor die samewerkingsooreenkoms tussen Malan en Havenga, het Eric Louw hom in die ongemaklike posisie bevind dat hy in die openbaar deur sy party-leier gerepudieer is, al was dit net by implikasie en sonder dat name genoem is. Dr. Malan het naamlik op 30 Oktober 1947 in 'n persgesprek wat op die oog af deur Die Burger aangevra is, sekere stellinge oor die Nasionale Party se Joodse beleid gemaak¹¹⁸ wat vir Eric Louw en in 'n mindere mate sy vriende Strydom, Swart en Verwoerd teen die bors gestuit het. In werklikheid is dié "persgesprek" deur Malan gefinisieer en was dit inderdaad bedoel om onder andere Eric Louw se sieninge oor hierdie kwessie te repudieer.

117. Die Burger, 27.10.1948. Vgl. ook B.M. Schoeman: Van Malan tot Verwoerd, p. 27 e.v.

118. Die Burger, 30.10.1947.

Sedert hy in 1939 op die voorpunt van die stryd teen Joodse indringing gestaan het, het Louw die Joodse vraagstuk nooit heeltemal op die agtergrond geskuif nie, al het Suid-Afrika se oorlogsdeelname en die stryd teen veral die O.B. feitlik al sy aandag en energie vereis. Waar hy vanuit die staanspoor daarop gewys het dat baie Engelssprekendes oor die Joodse kwessie dit met die Nasionaliste eens gevoel het, het hy juis hierdie vraagstuk as een van die party se troefkaarte beskou in die na-oorlogse veldtog om die steun vir die Engelssprekendes te win.¹¹⁹ Teen 1947 het hy selfs gespog dat Smuts se houding jeens die omvattende Joodse vraagstuk¹²⁰ 'n bevestiging van die Nasionaliste se siening van sake was.¹²¹

In 'n tyd toe die atmosfeer vol was met sprake van samewerking en die noodsaaklikheid om eenheid te verkry,¹²² moes Louw ongetwyfeld heelwat gemoedsrus geput het uit die lofrede van 'n briëfskrywer wat beginselvastheid by manne soos hyself en Kemp hoog aangeslaan het. As meer staatsmanne "eerliker en meer reguit was en minder uitoorleëry en huigelary pleeg onder die mooi naam van diplomاسie", sou dit baie beter daaraan toegaan in die wêreld, was dié bewonderaar se uitgesproke siening. Hy het beslis nie akkoord gegaan met diegene wat daarop begin aandring het dat

119. E.G. Jansen-vers., band 176: EHL/EGJ, 19.2.1945 en 17.3.1945. Kyk ook Van Heerden: Nasionaal-sosialisme..., p. 381.

120. Smuts, wat 'n voorstander van die Britse idee van 'n nasionale tuiste vir die Jode was, het dit "die mees opvallende minderheidsvraagstuk ... hierdie mees verskriklike van alle minderheidsvraagstukke" genoem. Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 52 (1945): kol. 4068. Vgl. ook Hancock: Smuts II, p. 447.

121. Debatte van die Volksraad, vol. 61 (1947): kol. 3617.

122. Die Burger, 26.7.1946: brief van "Nasionalis, Sandveld".

Louw versigtiger moes wees, moes vergewe en vergeet nie.¹²³ Di geleentheid om te toon dat hy darem nie hierdie hoë aanprysing onwaardig was nie, het hom spoedig hierna vir Louw voorgedoen.

Aan die einde van Julie 1946 het 'n brief van "Joodse Republikei in Die Burger" verskyn, waarin met lof gepraat is van die houding wat dr. Karl Bremer kort tevore ten opsigte van die Joodse vraagstuk ingeneem het.¹²⁴ Bremer het nl. aangetoon dat "imperialiste" die Afrikaner wou gebruik om anti-Semities op te tree; daarteenoor was sy boodskap dat die Nasionale Party almal verwelkom wat die belange van Suid-Afrika alleen op die hart dra. Hy het betekenisvol bygevoeg: "Dit is nou die tyd om 'n realistiese beleid te volg en sake onder die oë te sien."¹²⁵ Die brieskrywer was oortuig dat duisende Jode by die Nasionale Party aansluit "as die Party openlik en heelhartig vir die wêreld sê dat hy nie anti-Joods is nie."

In reaksie op dié brief het Louw volhardend die party se geëgte standpunt gestel en dienaangaande na die program van aksie en dr. Malan se toesprake verwys. Hy het die Jode bestempel as "sterk en invloedryke element in ons midde, wat altyd 'n vreemde

123. Die Burger, 29.7.1946.

124. Die Burger, 16.7.1946: te Benoni.

125. Dié strewe het nie net die verhouding tot die Jode en ander Afrikanergroepe en -partye gegeld nie, maar was ook van toepassing op die Nasionale se houding teen die Engelssprekendes. Louw het juis gemeen dat 'n ferm houding teenoor die Jode vir die party baie Engelse steun sou wen (E.G. Jansen vers., band 176: EHL/EGJ, 19.2.1945 en 17.3.1945). Daarteenoor het 'n persoon soos Ben Schoeman reeds aan die eind van 1943 gevoel dat die party nooit aan bewind sou kom ten die "Malan-beleid" en die "Malan-rigting" gevolg en die steun van die gematigde Engelse verkry word nie (J.H.O. du Plessis-vers., band 2: BS/JHdP, 14.9.1943).

element sal bly, en wat hom nooit as geheel met die ander twee seksies van die blanke bevolking in ons land sal vereenselwig nie."¹²⁶ Die versoeningstendens binne die Nasionale Party het egter ook ten opsigte van die Joodse kwessie al hoe meer momentum gekry. Op die Kaaplandse N.P.-kongres in September 1946, toe hy so sterk teenstand ondervind het vanweë sy houding jeens samewerking met ander Afrikanergroepe, moes Louw selfs ervaar dat groot vriend P.J. Olivier van mening was dat hy sy volgehoue kritiek teen die O.B. en die Jode moes staak.¹²⁷

Vroeg in 1947 het 'n Jood, mnr. Nossel, met dr. Malan gekorrespondeer oor die H.N.P. se Joodse beleid.¹²⁸ Dr. Malan se reaksie is in sowel Joodse¹²⁹ as in Nasionale kringe vertolk asof dit volhardend die ou Nasionale standpunt gehandhaaf het.¹³⁰ In Mei 1947 het Louw onomwonde die Nasionale Party se standpunt gekoppel aan die vertolking wat hy in 1939 met sy wetsontwerp verskaf het. Diskriminasie teen die Joodse immigrant op grond van afkoms was 'n basiese uitgangspunt van dié beleid.¹³¹

126. E.H. Louw-vers., band 3: EHL/Die Burger, 3.8.1946. Dié brief is op 5.8.1946 gepubliseer.

127. J.G. Strydom-vers., band 59: EHL/JGS, 30.10.1946.

128. Dié korrespondensie is op 14 Februarie 1946 in die volksraad openbaar gemaak.

129. Louw het in hier voege aangehaal uit die Jewish Times. Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 61 (1947): kol. 3795.

130. Debatte van die Volksraad, vol. 61 (1947): kol. 3795. Dié interpretasie is deur Louw gegee, maar uit tussenwerpsels en toesprake blyk dit dat persone soos Sauer (kol. 3798 en 3800), Erasmus (kol. 3799 en 3815) en Dönges (kol. 3801) heeltemal geneem het dat Louw in dié saak namens dr. Malan gepraat het. Laasgenoemde was nie teenwoordig nie.

131. Debatte van die Volksraad, vol. 61 (1947): kol. 3812-3813.

Enkele weke na hierdie bespreking het 'n Jood, mnr. I. Frank, aan Havenga voorgestel dat die Nasionale Party sy deure vir Jode oopgooi. Soortgelyke briewe is ook aan Malan en ander Nasionale leiers gerig.¹³² Oor die reaksie van hierdie persone was Louw ontsteld, want "hulle val eintlik oor mekaar om hul vriendelikheid en goedgesindheid teenoor die Jode te betuig! Is daar dan nie meer so iets soos beginsel in die N.P. nie?"¹³³

Louw het egter nie op hom laat wag nie en toe Nossel voortgaan met sy pogings om 'n pro-Joodse standpunt by die Nasionale Party op te wek, het hy kort en kragtig die Nasionale Party se "statutêre beleid, soos vertolk in die party se program van beginsels, sy konstitusie, sy program van aksie en verskeie ander maatreëls, aan hom "en andere" voorgehou. Op die oog af baie onskuldig, maar beslis met 'n stekie na diegene wat van die gevestigde beleid wou afwyk, was daar die verdere opmerking dat daar, vir so sy kennis strek, geen wysiging ten opsigte van dié beleid was nie.¹³⁴

Frank het ook tot die polemieë toegetree en beweer dat Louw se vertolking nie die Nasionale beleid was nie, soos deur sy korrespondente uit Nasionale geledere aan hom verduidelik.¹³⁵ Ook No het dié siening gehuldig en twee keer daarna verwys dat dit aan Malan oorgelaat moes word om die situasie op te klaar.¹³⁶ Louw

132. Dit was 'n sekere mnr. I. Frank. Kyk Van Heerden: Nasionale sosialisme ..., p. 382 en ook J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/JGS, 2.9.1947.

133. J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/JGS, 2.9.1947.

134. Cape Times, 15.10.1947: brief van Louw.

135. Cape Times, 18.10.1947: brief.

136. Cape Times, 16.10.1947 en 21.10.1947: briewe.

het die versekering gegee dat hy nie anti-Semities is nie, maar volhard in sy standpunt van die onassimileerbaarheid van die Jood.¹³⁷

Toe die redakteur van Die Kruithoring, mnr. Ettiene Malan, boonop in hierdie tyd 'n verwysing van Louw na die Joodse kwessie in een van sy gereelde bydraes tot dié blad gesensor het,¹³⁸ was Louw behoorlik "op die oorlogspad."¹³⁹ Op 'n vergadering van die beleidskomitee van die Nasionale Party, waarvan Strydom en Swart op 'n skynbaar voorbedagte wyse geweer is,¹⁴⁰ het dr. Verwoerd 'n staakvuur met betrekking tot die Joodse kwessie voorgestel.¹⁴¹ Dit is gedoen in antwoord op die vraag welke houding die Nasionale koerante oor dié vraagstuk moes inneem, en omdat Verwoerd bemerk het dat daar 'n sterk versoenende houding teenoor die Jode op die komitee aanwesig was.¹⁴² Teenoor Eric Louw het Malan skynbaar te kenne gegee dat die voorstel om voortaan nie meer teen die Jode te praat nie, van Verwoerd afkomstig was.¹⁴³ Dié

137. Cape Times, 17.10.1947: brief.

138. H.F. Verwoerd-vers., band 141: JGS/HFV, 6.10.1947.

139. Dié opmerking is gemaak deur Strydom. Kyk H.F. Verwoerd-vers., band 141: JGS/HFV, 27.10.1947.

140. J.G. Strydom-vers., band 42: JGS/EHL, HFV en CRS, 6.10.1947; H.F. Verwoerd-vers., band 141: HFV/JGS, 9.10.1947.

141. H.F. Verwoerd-vers., band 141: HFV/JGS, 31.10.1947. Vgl. ook J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/JGS, 26.10.1947.

142. H.F. Verwoerd-vers., band 141: HFV/JGS, 9.10.1947. Verwoerd het gemeen dat dié houding die indruk van opportunisme, wat reeds t.o.v. die republikeinse en die kleurbeleid van die party bestaan, sou versterk en nadelig op die vlottende stem sou inwerk.

143. J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/JGS, 26.10.1947, en H.F. Verwoerd-vers., band 141: HFV/JGS, 31.10.1947. Volgens lg. brief het Louw dit ook aan Verwoerd self genoem.

stelling is deur Verwoerd ontken, wat van die standpunt uitgegaan het "dat ons Joodse beleid bestaan en dat daar nie verder oor hoef geskryf te word nie."¹⁴⁴

Die brief aan die Cape Times, wat bedoel was as 'n subtiële tereswysing van sy hoofleier en ander Nasionaliste, het 'n rukkie laat op Louw geboemerang. Dr. Malan het hom ingeroep en laat verstaan dat hy as partyleier deur Louw se brief genoodsaak word om 'n verklaring oor die Joodse kwessie uit te reik. Ten spyte van proteste van Louw, gewapen met al sy uitknipsels,¹⁴⁵ het Malan voortgegaan om sy verklaring in die vorm van 'n onskuldige "persgesprek" die lig laat sien.

In dié gesprek het Malan verklaar dat die Nasionale Party as suen nie anti-Joods is nie, maar dat persone binne die party wel so 'n standpunt huldig.¹⁴⁶ Hierdie optrede van Malan, ondersteun deur 'n berig daaroor in die publikasie van die Inligtingskomitee waaruit Louw en sy vriende vroeg in November bedank het,¹⁴⁷ het Louw nie aangestaan nie. Hy wou aanvanklik dinge tot 'n spits d

144. H.F. Verwoerd-vers., band 141: HFV/JGS, 9.10.1947. Vgl. ook HFV/JGS, 31.10.1947.

145. Volgens mededeling aan Strydom het hy en dr. Malan in byna twee uur lank oor Malan se voorname geredeneer. Later het Louw ook nog 'n brief in dié verband tot Malan gerig, dog die dokument of 'n afskrif daarvan kon nie opgespoor word nie. 'n Afskrif daarvan was wel aan Strydom gerig. Kyk J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/JGS, 26.10.1947, en EHL/Amice (P. Sauer), 3.11.1947.

146. Die Burger, 30.10.1947.

147. Skietgoed, Oktober 1937. Dié uitgawe het o.a. met groot entoesiasme verwys na die vordering in die samewerking tussen Malan en Havenga. Kyk ook J.G. Strydom-vers., band 42: JGS/EHL, 14.11.1947 en band 47: EHL/JGS, 20.11.1947. Volgens lg. brief het Louw vooraf beswaar gemaak, dog Malan het aangedring dat in Skietgoed daarna verwys word.

en die saak by die Federale Raad aanhangig maak,¹⁴⁸ dog die koeler hoofde van Strydom en Verwoerd het hom uiteindelik daarvan weerhou. Eersgenoemde het gemeen dat die koeël deur die kerk was en dat verdere aandrang net op 'n skeuring kon uitloop.¹⁴⁹ Verwoerd se gevoel, soos uitgespreek vóór hierdie konfrontasie tussen Malan en Louw, was dat swye van weerskante groot vordering sou beteken, selfs al sou Eric Louw hom ook daaromtrent moes "inbind"¹⁵⁰

By die drie vriende, Louw, Strydom en Swart, was daar geen twyfel nie dat Malan die beginselstandpunt teen die Jode laat vaar het. Strydom¹⁵¹ sowel as Swart¹⁵² het na teenstrydige uitsprake van Malan verwys terwyl eersgenoemde in 'n verbete korrespondensiestryd met Erasmus gewikkel geraak het juis oor die vraag of Malan van sy vroeëre standpunt sou afgewyk het of nie.¹⁵³ Strydom se afleiding, na aanleiding van weersprekende uitsprake deur Erasmus aangehaal, was "dat dr. Malan by die één geleentheid één ding gesê het en by 'n ander geleentheid weer die teenoorgestelde!"¹⁵⁴ Ook Louw het geen twyfel gehad nie: "Ons beleid is gewysig!"¹⁵⁵ Sy entoesiasme vir die stryd was gedemp oor die "ongevraagde en

148. J.G. Strydom-vers., band 47: JGS/CRS, 19.11.1947.

149. J.G. Strydom-vers., band 47: JGS/CRS, 19.11.1947.

150. H.F. Verwoerd-vers., band 141: HFV/JGS, 9.10.1947. Verwoerd het later na Malan se verklaring verwys en gesê dat dit dié ooreenkoms "onverstandiglik" oortree (band 141, HFV/JGS, 31.10.1947).

151. J.G. Strydom-vers., band 47: JGS/EHL, 29.10.1947.

152. J.G. Strydom-vers., band 42: CRS/EHL, JGS, 26.11.1947.

153. F.C. Erasmus-vers., band 1.A.1.

154. F.C. Erasmus-vers., band 1.A.1.: JGS/FCE, 3.12.1947.

155. J.G. Strydom-vers., band 42: EHL/JGS, 24.11.1947. Vgl. ook Van Heerden: Nasionaal-Sosialisme ..., pp. 378-384.

onnodige" verklaring van Malan, wat vir hom "n skerp reuk van oportunisme" openbaar. Hy het hom die repudiasie van Malan kwaai aangetrek en daarop gewys dat Malan hom in die verlede volmondig in dié saak gesteun het. Dit wou vir hom voorkom of Malan bereid was om "sy getrouste ondersteuners en hardste vegters" in die voorafgaande jare, vir "die Havengas wat ons in die hitte van die stryd in die steek gelaat het en vir Nossels wat ons nog nooit ondersteun het nie", te verruil.¹⁵⁶

Ook hierdie verwickelinge ten opsigte van die Joodse vraagstuk het vir Louw gestaan in die teken van "n nuwe konsiliatie beweging met prysgewing van fundamentele beginsels", waarin Havengas so n groot rol speel. Volgens wat hom meegedeel is, is Malan se "Joodse" verklaring juis deur Havengas geïnspireer.¹⁵⁷

Soos in die geval van die samewerkingsooreenkoms, het die beswaarsdes ook ten opsigte van die Joodse kwessie geswig en wel omdat hulle beseft het dat standpunthandhawing op dié tydstip die lank-verwagte oorwinning by die stembus in die gevaar kon stel. Strydom het gemeen dat die stryd dalk na die verkiesing voortgevoerd kon word.¹⁵⁸

Dog so maklik het Louw hom nie die swye laat ophê nie. Toe n briëfskrywer vroeg in die nuwe jaar ewe onskuldig vra of die heersende vriendskap dan nie maar na die Jode-uitgesteek kon word nie,¹⁵⁹ het Louw daarop gereageer en gesê dat Nasionaliste n "fatale fout" sou maak indien hulle nou hul houding jeens die

156. J.G. Strydom-vers., band 59: EHL/Amice (P.O. Sauer), 3.11.1947.

157. J.G. Strydom-vers., band 59: EHL/JGS, 24.11.1947.

158. J.G. Strydom-vers., band 47: JGS/CRS, 19.11.1947.

159. Die Burger, 13.1.1948: brief van J.M. Rust, Victoria-Wes.

wysig. Hy het om nugtere denke en optrede gevra, sodat Suid-Afrika se belange en "ons eie seuns, Afrikaans- en Engelssprekend", steeds eerste gestel sou word.¹⁶⁰

Toe Louw in die kort Sitting van 1948 ter ondersteuning van 'n mosie van mnr. F.E. Mentz teen ongewenste staatsondersteunde immigrasie gepraat het, was daar vir 'n verandering geen verwysing na die Jode nie. Verwysings soos "regte tipe" en "regte tydstop" was hierdie keer net van toepassing op Britse immigrante.¹⁶¹

Op die laaste dag van die Sitting het Louw die regering oor 'n wye terrein gestriem.¹⁶² 'n Verkiesingsbiljet van die Verenigde Party met die bewoording "We Must Pull Together" is deur hom as 'n wanhoopskreet bestempel, wat hom laat dink het aan die liedjie:¹⁶³

"Pull for the shore, sailor
Pull for the shore,
Leave the poor old stranded wreck
And pull for the shore!"

Selfs 'n poging om die V.P.-prestige deur middel van rolprentpropaganda op te hef; het syns insiens misluk "omdat die mense siek en moeg is van sowel die Verenigde Party as van die Regering."¹⁶⁴

Niemand wou hom glo nie.¹⁶⁵

160. Die Burger, 15.1.1948: brief van Louw. Verdere korrespondensie in Die Burger, 30.1.1948 en 2.2.1948.

161. Debates of the House of Assembly, vol. 62 (1948): kol. 1727-1739.

162. Debatte van die Volksraad, vol. 63 (1948): kol. 3972 e.v.

163. Debatte van die Volksraad, vol. 63 (1948): kol. 3984.

164. Debatte van die Volksraad, vol. 63 (1948): kol. 3986.

165. John R. Neame: "Smuts Out!" (Sunday Express, 20.5.1973). Neame vertel dat nie eens Nasionale persmense in die persgalerie hierdie voorspelling van Louw ernstig bejeen het nie.

OORWINNING 1948

"Vir en in Suid-Afrika ontstaan 'n nuwe wêreld." Dat die Afrikanervolk groot genoeg en wakker genoeg bevind mag word "sodat hy sy regmatige plek sal inneem in die nuwe Suid-Afrika wat sy ou vaderland is", was die uitdaging waarmee die Kaapse Nasionale dagblad die Nasionale die jaar 1948 binneglei het.¹ Selfs diep-beswaarde J.G. Strydom het as Transvaalse leier van die party 'n kragtige Nuwejaarsboodskap laat hoor en opgeroep tot die stryd wat "met dubbele krag en inspanning" gevoer moes word.² Ten spyte van die ernstige botsings en wrywing agter die skerm en afgesien van die feit dat die hooftrekke van hierdie party-verdeelldheid met smaak en soms ook as blote verbeeldingsvlugte regeringsgesinde koerante opgedis is,³ sou die Nasionale tog in die breë 'n sterk eenheidsfront in die aanslag op die Smutsbewind openbaar.

Verkiesingskoors het vroeg in 1948 reeds hoog geloop en dit was duidelik dat die Nasionale Party vasberade was om Smuts van sy troon te stoot. Een oogopslag na die setelgetalle op daardie stadium het egter die diepe besef gebring dat dié party voor 'n

1. Die Burger, 1.1.1948: hoofartikel.

2. Die Burger, 7.1.1948.

3. In hierdie verband word veral na Die Suiderstem en Arthur Barlow's Weekly verwys, hoewel die Cape Times ook heelwat besonderhede omtrent die stryd om eenheid in Nasionale geledere te bewerkstellig, geplaas het.

"Simsonstaak" te staan gekom het.⁴ Selfs so kort as twee maande voor die verkiesing het "Dawie" van Die Burger nog opgemerk dat 'n groter swaai as die heersende nodig sou wees om die Nasionale Party aan bewind te bring.⁵

'n Kort parlamentsitting was net die regte medisyne om die verkiesingskoors verder te laat toeneem. Uit die besprekinge in die volksraad het baie duidelik geblyk dat die Nasionale die kleurvraagstuk, kommunisme en die lewenskoste-probleem as vegsterreine gekies het.⁶ Die gespanne afwagting op die bekendmaking van die verkiesingsdatum was volgehoue voelbaar. Op 19 Februarie was Louw in 'n raai-raai speletjie in die Raad betrokke: gebaseer op inligting met betrekking tot die druk van kieserslyste, het F.C. Erasmus voorspel dat die verkiesing in Junie sou plaasvind, dog Louw het geraai dat dit in Mei sou wees. Onder luide hoor-hoors vanuit die Opposisiebanke het 'n enigsins verleë mnr. Harry Lawrence, minister van Binnelandse Sake, sarkasties opgemerk dat die agbare lid se volgende voorspelling seker sou wees dat die regeringsparty ná die verkiesing aan die oorkant sou stelling inneem.⁷

-
4. Die Burger, 15.1.1948: hoofartikel. Die H.N.P. het oor 49 setels beskik, teenoor die 89 van die V.P. Sedert 1943 het die Nasionale Party ses setels bygekry, nl. drie persone wat uit die V.P. bedank het en drie wat in tussenverkiesings oorsinnings behaal het. Kyk D.C. de Villiers: Die Wonderwerk van Agt-en-Veertig (J.P. Scannell (samest.): Keeromstraat 30, p. 204).
 5. Die Burger, 27.2.1948: "Uit My Politieke Pen" (Dawie).
 6. Vgl. die debatsvoering op 16 en 21-27.2.1948, 15.3.1948 en 23.3.1948.
 7. Debates of the House of Assembly, vol. 62 (1948): kol. 1885-1889. Kyk ook Die Burger, 20.2.1948.

Ten spyte van die frustrasies wat die meningsverskille met sy leier by Louw opgewek het, het hy so hard soos tevore geveg. Hy het veral op die lewenskoste-vraagstuk gekonsentreer, maar ook sake soos hoë staatsuitgawes en 'n voorgestelde goudlening van die Unie aan Brittanje op die keper beskou.⁸ Hierdie keer dit aan dr. Malan oorgelaat om die offensief teen kommunisme in die volksraad te loods, dog Louw het ook sy deel tot die debat bygedra.⁹ Hy het Smuts ook daarvan beskuldig dat hy probeer om 'n "oorlogsverkiesing" te voer, vandaar sy skielike kommer oor die internasionale situasie.¹⁰ En, met verwysing na die regering se voorname om grootskaalse immigrasie toe te laat, het hy dit baie duidelik gestel dat sy party wel ten gunste van immigrasie was, dog dat dit op die regte tyd moes geskied en dat immigrante gekeur moes word. Louw was veral beswaard omdat dit duidelik geblyk het dat versterking van die Britse Ryk 'n onderliggende motief by die regering was.¹¹

-
8. Debates of the House of Assembly, vol. 62 (1948): kol. 157 e.v. en kol. 3972 e.v.: besprekings op 16 Februarie en 23 Maart.
 9. Debatte van die Volksraad, vol. 63 (1948): kol. 3988 e.v.
 10. Debatte van die Volksraad, vol. 63 (1948): kol. 3987-3988. Kyk ook kol. 3286 e.v., vir tussenwerpsels van Louw tydens Smuts se toespraak.
 11. Debatte van die Volksraad, vol. 63 (1948): kol. 1734 e.v. Louw het hierdie sterk standpunt teen immigrasie reeds in 1945 (Debates, vol. 47, kol. 2169 e.v.), in 1946 (Debatte, vol. 60, kol. 6132 e.v.) en weer in 1947 (Debatte, vol. 61, kol. 3618 e.v.) ingeneem. Teenoor genl. Smuts, wat dié kwessie skynbaar vanuit die internasionale oogpunt benader het, het die Nasionale Party dit by monde van Louw "uit 'n suiwer Suid-Afrikaanse nasionale oogpunt, nasionaal in die breedste sin van die woord", beskou (Debatte, vol. 61, kol. 3618). 'n Koerant soos Die Suiderstem het openlik "gespog" dat grootskaalse immigrasie die einde van die Nasionale Party sou meebring, en daarmee verdere grond gegee vir die opvatting dat daar by-motiewe agter dié skemas gesit het.

Teen die tyd dat die verkiesingsdatum, 28 Mei, uiteindelik in die doodsnikke van die kort Sitting bekend gemaak is,¹² kon die Nasionaliste terugkyk op 'n baie bevredigende vertoning en was dit duidelik dat die regering op die verdediging geplaas is. Naas dr. Malan, was daar veral twee persone wat vir Dawie van Die Burger beïndruk het, te wete dr. T.E. Dönges, wat wyle A.J. Werth se plek as partywoordvoerder oor finansiële aangeleenthede inneem en baie goeie kritiek gelewer het, en Eric Louw. Dat hy, gesien die woelinge agter die skerms waarin hy kort tevore nog betrokke was, hoog aangeprys is vanuit 'n kring waarin hy inderdaad nie juis persona grata kon wees nie, spreek boekdele:¹³

"Harde werker en bytende spreker, was hy dwarsdeur die Sitting 'n doring in die Regering se vlees. Hy ken die eerste vereiste vir 'n goeie Parlementêre spreker, hy is op hoogte van sy onderwerp voordat hy daaroor praat. Daarby sorg hy dat hy op hoogte van sake oor 'n verskeidenheid van onderwerpe bly."

Ongetwyfeld was hierdie lof 'n bevestiging en aanprysing van die waarde van sy nou reeds beroemde koerantuitknipselsisteem, waarop hy die Raad op die vooraand van die verdagting vir oulaas nog vergas het: "Nou kom ek nogmaals met my koerantuitknipsels, die dinge waarvan hulle nie hou nie ..."¹⁴

In die reeks bekendstellingsberigte van kandidate van die Nasionale Party in dieselfde koerant is weer daarna verwys dat hy "n gedugte debatskrag - een van die beste in die volksraad" en 'n politikus met "n besondere doeltreffende aanvalsmetode" is. Daar

12. Die aankondiging het op 24 Maart geskied. Kyk Debatte van die Volksraad, vol. 63 (1948): kol. 4173.

13. Die Burger, 27.3.1948: "Uit My Politieke Pen" (Dawie). Hy neem ook die naam van mnr. Paul Sauer.

14. Debatte van die Volksraad, vol. 63 (1948): kol. 3986.

is spesifiek verwys na sy uitknipsels en die groot effek wat hy daarmee bereik. In dieselfde berig is die aandag ook gevestig op die wyse ervaring wat hy opgedoen het en die wyse wat hy hom in die openbare diens onderskei het.¹⁵

Die verkiesingsveldtog was kort maar intens. Louw, wat van oudsher af baie waarde aan deeglike organisasie en paraatheid geheg het, het nie juis probleme gehad nie want hy het vroeg in die jaar sorg gedra dat die verkiesingsmasjinerie in sy kiesafdeling in orde gebring is.¹⁶ Hy het een van die kwaaieste verkiesings in die vooruitsig gestel.¹⁷ Waar hy in 1945 aan die kleurvraagstuk die tweede plek op die lys van verkiesingsvraagstukke toegeken het, ná die noodsaaklikheid van sosiaal-ekonomiese hervormings,¹⁸ het hy nou in lyn met sy party se benadering, rangorde omgekeer.¹⁹ Tog sou hy nie sake soos die sogenaamde wanbestuur van Smuts, die swak ekonomiese toestande en veral die ontwrigtende lewenskoste-probleem links laat lê nie. Met sy

15. Die Burger, 8.4.1948: "Nasionale Party-kandidate".

16. Die Burger, 16.1.1948: Dié berig meld dat die V.P. ook bedrywig was.

17. Die Burger, 19.1.1948: te Beaufort-Wes.

18. Die Burger, 8.1.1945: te Strand.

19. Die Burger, 19.1.1948. In Augustus 1945 het hy 'n donker toekoms vir Suid-Afrika voorspel, veral vanweë Swart indringing in dorpe en stede en as uitvloeisel van "the failure of liberalism represented by Smuts and Hofmeyr." (New Era 2.8.1945: "Plain Talk"). Dit was egter veral gebeurde by die V.V.O. en spesifiek dié m.b.t. die Suidwes-kwessie en Indië se klag teen Suid-Afrika wat hom tot die slotsom gebring het dat die volgende verkiesing hoofsaaklik om die rassebeleid sou draai. Kyk in dié verband, New Era, 5.12.1946: "Plain Talk" en Die Burger, 17.12.1945: Dingaans dagtoespraak te Beaufort-Wes. Vir 'n algemene bespreking W.A. Botha: Die Parlementêre Verkiesing van 1948... M. verh., 1967, p. 32 e.v.

merkende welsprekendheid het hy die gedagte van "n moeë, kreupel en uitgediende Regering" by die kiesers gepropageer.²⁰

Ten spyte daarvan dat hy deur n regeringsondersteunende blad uit sy setel probeer "uitskryf" is,²¹ en nieteenstaande n berig dat sy opponent, dr. J. van A. Steytler, se eerste optrede "n skitterende sukses" was,²² was daar by Louw nie veel kommer oor sy kanse nie. Met verlof van plaaslike partyleiers het hy intendeel sy hulp aan ander, moeiliker kiesafdelings aangebied²³ en het hy aktief meegehelp in kiesafdelings aan die Rand, waar n massiewe Nasionale aanslag op die V.P.-vestings geloods is.²⁴ Hy het ook nog in Kimberley-distrik, Swellendam en Victoria-Wes vergaderings ter ondersteuning van die Nasionale kandidate toespreek.²⁵

20. Die Burger, 7.4.1948: (te Prins Albert) en 20.5.1948 (te Beaufort-Wes). Afgesien van die probleme oor die posisie van die O.B. in die komende verkiesing en oor die Joodse vraagstuk, was Louw natuurlik nie baie gelukkig met die feit dat die republikeinse vraagstuk nie voor die kiesers gelê kon word nie. Kyk J.G. Strydom-vers., band 59: EHL/JGS, 13.10.1946 en 24.11.1947. Vgl. ook Trek, Jan. 1948, p. 4 en April 1948, p. 4.

21. Die Suiderstem het reeds op 12.5.1944 Louw se posisie as L.V. vir Beaufort-Wes onder verdenking probeer bring. Kyk ook Die Suiderstem, 4, 16 en 19.7.1947 (berigte) en 8.9.1947 (hoofartikel).

22. Die Suiderstem, 17.4.1948. Vgl. ook Cape Times, 28.4.1948: "Round the Constituencies", waar voorspel word dat die meerderheid skerp sou afneem. Dr. Steytler is reeds teen die einde van 1946 as kandidaat aangewys en het dadelik sy veldtog om Louw uit die kussings te lig, van stapel gestuur.

23. Die Burger, 7.4.1948: te Prins Albert.

24. Die Burger, 12.5.1948 en 17.5.1948. Die Suiderstem het die vergesogte bewering gemaak dat Louw se optrede in ander kiesafdelings daarop gemik was om vir hom n ander setel te soek, daar hy bang was vir n neerlaag. Kyk Die Suiderstem, 22.9.1947.

25. Kyk o.a. Die Burger, 2.2.1948, 24.4.1948 en 12.5.1948.

In teenstelling met die selfversekerde houding van die Verenigde Party en sy pers,²⁶ was daar by Nasionaliste 'n versigtige optin-
me oor die uitslag van die verkiesing.²⁷ Saam met Die Burger
kon ook Eric Louw op 26 Mei 1948 sê: "Die dag is daar, en wat
ons aan ons lesers wou sê, het ons gesê. Daar is niks nuuts om
by te voeg nie."²⁸

Hoewel die eerste aantal uitslae meestal dié van V.P.-oorwinnin-
was, was dit tog gou duidelik dat die Nasionale Party groot vor-
dering in sterk V.P.-setels gemaak het. Dit het by Nasionalist
hoogstens 'n besef laat posvat dat hul party sedert die vorige
verkiesing veld gewen het, en van 'n oorwinning was daar tot lae
die agtermiddag van 28 Mei geen sprake nie. Namate die uitslae
van veral die plattelandse kiesafdelings begin instroom het, he-
eers 'n sprankie hoop by Nasionaliste ontspring, wat spoedig tot
'n vae waarskynlikheid en, na die val van genl. Smuts in Stander-
tot 'n besliste moontlikheid van oorwinning ontwikkel het. Na 'n
aantal uitslae was dit duidelik dat die H.N.P.-Afrikanerparty
kombinasie die bewind sou oorneem, al was die meerderheid maar
skraal. Deur die "wonderwerk van agt-en-veertig" is die Nasio-

26. Hancoc: Smuts II, pp. 502-504. Veral Die Suiderstem het
op verkiesingsdag 'n oorwinning vir die V.P. as 'n blote for-
litsit beskou (27-28.4.1948, 8.5.1948), terwyl Arthur Barl-
se koerant (Arthur Barlow's Weekly) weer deurentyd gewaars-
en 'n neerlaag voorspel het; dié blad was baie krities ing-
stem teenoor die regering omdat dit in gebreke gebly het o-
die nodige hervorminge te maak.

27. Vgl. D.C. de Villiers: Die Wonderwerk van Agt-en-Veertig
(J.P. Scannell (samest.): Keeromstraat 30, pp. 203-212).

28. Die Burger, 26.5.1948: hoofartikel.

naliste uit die politieke woestyn teruggeroep.²⁹

Saam met al die jubelende Nasionaliste was dit ongetwyfeld ook 'n baie groot oomblik in die lewe van Eric Louw. Sy aandeel in die eventuele oorwinning was groot; ten spyte van die feit dat daar op die vooraand van die verkiesing geskille tussen hom en die partyleiding ontstaan het en waardeur hierdie oorwinningskanse op die oog af benadeel kon word. Veral sy party se skou-spelagtige vordering aan die Rand en die verowering van die setels Swellendam en Victoria-Wes, waar hy gaan hand bysit het, moes vir hom groot genoegdoening verskaf het. Vir hom persoonlik was elf harde jare in die politieke woestyn agter die rug en was daar die belofte van groter dinge in die onmiddellike toekoms: dr. Malan is na die Uniegebou in Pretoria ontbied met die oog op die samestelling van 'n nuwe kabinet om die land te regeer.³⁰ Tog moes daar ook 'n tikkie onsekerheid by hom gewees het: wat sou "die oubaas"³¹ doen, gesien die feit van die onverkwiklike haaksheid tussen hulle in die onlangse verlede?

Sedert sy hertoetrede tot die politiek in 1937 was Eric Louw onbetwisbaar een van die voormanne van die Nasionale Party. Met sy wydbelesenheid, praktiese ervaring en aangrypende openbare redevoering het hy ongetwyfeld veel tot die groei van die party

29. Dié dramatiese verwikkelinge lê opgeteken in die paar uitgawes van die koerante in die tydperk 26-31 Mei 1948. Kyk in dié verband De Villiers: *Die Wonderwerk van Agt-en-veertig* (J.P. Scannell (samest.): Keeromstraat 30, pp. 203-212).

30. *Die Burger*, 31.5.1948.

31. Die aanspreekvorm, wat soms deur *Die Burger* ten opsigte van genl. Smuts gebesig is, is dikwels deur hom en sy vriende gebruik in hul briefwisseling met mekaar. Kyk J.G. Strydom-*vers.*, bande 42 en 59.

bygedra. In alle dele van die land waar hy opgetree het, het hy gevoelens gaande gemaak: soms téén hom, maar meestal entoesiasies met hom. In die stryd teen die Smuts-bewind het Louw in die voorste linie gestaan en met vernietigende effek – soms selfs té vernietigend, na die sin van sommige kollegas en medestryders – die swakhede en "wandade" van Smuts en sy regering aan die kaak gestel. Net so verbete het hy stryd gevoer teen die bedreiging van die kant van die Ossewa-Brandwag en ander verdelende groepe onder die Afrikaners, met skouspelagtige resultate. Sy houding teenoor bevolkingsgroepe soos die Engelssprekendes en die Jode het hy ook geensins onder 'n maattemmer verberg nie, maar openlik en eerlik verkondig. Tot en met die 1943-verkiesing was dit alles goed en wel, maar sedertdien het Louw ietwat uit pas geraak met tendense wat op 'n meer versoenende Nasionale beleid gedui het. Louw was intens bewus van hierdie aanpassings in die koers van die party, maar kon hom nie in alle opsigte en altyd daarmee vereenselwig nie. Wat die Engelssprekendes aanbetref, was dit nie vir hom moeilik om die party se toenaderingsbeleid te ondersteun nie daar hy in beginsel nog altyd sodanige optrede sterk voorgestaan het. Van sy eise en voorwaardes vir sodanige samewerking, wat samevattend neergekom het op die erkenning dat die beginsel van Suid-Afrika se belange te alle tye en onder alle omstandighede eerste gestel moes word, het hy egter geen jota of tittel afgewyk nie. Hy het dit ook duidelik laat blyk – weer, soos in die geval van sy verset teen Smuts, teen O.B. en teen die Jode, tot die misnoef van mense in sy eie kamp. Dit het hom baie ongelukkig gestem en as omstandighede nie sodanig was dat die Smuts-regering tot 'n val gebring kon word nie sou Louw heel waarskynlik sy "stryd" tot breukpunt toe gevoer het.

Geensins onbewus van die woelinge in Nasionale geleedere nie dog by tye ook maar uit-en-uit opportunisties en met voorbedagte re

was daar aan die ander kant die beeld wat die regeringspers van Louw voorgehou het. Die eerste paar jaar na sy terugkeer was daar ietwat van 'n verwarring in die pogings om hom te klassifiseer,³² maar gaandeweg het sy duidelike standpunt inname dit veel makliker gemaak. Die opsigtelik propagandistiese stelling dat Louw openlik sy oog op dr. Malan se posisie as party-leier gehad het en wat skynbaar daarop gemik was om verdeeldheid in Nasionale geledere te saai,³³ het nooit heeltemal vervaag nie en is ongetwyfeld aangehelp deur Louw se besliste en sterk standpunt inname en die verkondiging van party-beleid en party-beginsels. In die stryd teen die O.B. is soortgelyke pogings aangewend, wat egter onvoorwaardelik as verdelingstaktiek deur Malan self verworp is.³⁴ Louw se volgehoue en entoesiastiese beeldbouery rondom die persoon van Malan as volksleier in hierdie periode spreek ook sterk tot die teendeel van enige bewerings in dié verband.

Die besondere aanhang wat Louw by Nasionaliste gehad het was 'n faktor wat tot spekulasies, wat in elk geval nie reguleerbaar is nie, in dié verband aanleiding gegee het. Vroeg in 1946 is byvoorbeeld beredeneer oor Malan se moontlike uittrede en is die

32. Die Kaapse dagblad, Die Suiderstem, het in 1938 bv. die onderskeid getref tussen "skeurders" van 1934 en 'n meer besadigde "jong klmop", wat ten gunste van samewerking was. Louw is onder lg. groep geresorteer (D.S., 2.9.1938). 'n Jaar later is daar die "meer gematigde groep" o.l.v. Bremer, teenoor die "Jong Turke", met ekstremistiese neigings, o.l.v. Louw. Dr. Malan was glo onder lg. se invloed (D.S., 10.11.1939). In 1943 val Louw vir dié blad onder die "uiterste, onversoembare groep", saam met manne soos Strydom, Swart, Van Nierop en Erasmus, terwyl dr. Malan 'n tussenposisie inneem (D.S., 1.12.1943). Vgl. ook p. 655, voetnoot 19 en p. 657, voetnoot 27.

33. Die Suiderstem, 16.5.1938 en 22.8.1939.

34. Vgl. p. 587.

name genoem van persone soos Strydom, Dönges, Bremer en Louw, laasgenoemde in die sin "as die Nasionale Party sy volgelinge dwarsdeur die land met die bloed wil laat dink."³⁵ In September 1946 is 'n meningsopname deur 'n koerant gedoen waarin Eric Louw bo-aan die lys van moontlike opvolgers van Malan geplaas is.³⁶

Die ander prentjie wat in hierdie tyd van Louw voorgehou is, was dié van "lone wolf" binne die party, 'n man met 'n onbetwiste debatteer- en 'n onuitputlike werksvermoë maar sonder die nodige leierseienskappe.³⁷ Omdat hy boonop in die weg van Malan se versoeningsbeleid teenoor die Engelssprekendes sou gestaan het, is gespekuleer dat hy òf as hoëkommissaris na Londen "gepos", òf heeltemal uitgeskuif sou word.³⁸ Dis insiggewend dat hierdie bespiegeling plaasgevind het vóór die ernstige botsings en verskille teen die einde van 1947, hoewel fyn waarneming aandui dat daar wel in die jare 1943-1946 'n gevoel teen Louw onder veral Kaapse Nasionale aan die opbou was.³⁹ Van die eens noue vriendskappe- en kollegiale bande met dr. Malan was daar teen hierdie nie meer veel oor nie. Vir Louw was dit griewend dat Malan in toenemende mate "op eie houtjie" of in oorlegpleging met "een o

35. Trek, 8.2.1946. Daar is bv. verwys na die teenstelling tussen die "Naudé- of Louw-gedagteskool" in die Nasionale Party en met lof gepraat van Louw se "diepsinnige interpretasies van wêreldsake" en "sy individuele en besonder aangename gelykheid vir persoonlikhede en rasse-spitsvondighede", soos geopenlik in sy rubrieke in New Era en Die Kruithoring.

36. Die Vaderland, 6.9.1946.

37. Arthur Barlow's Weekly, 5.4.1947 en 12.7.1947.

38. Sunday Express, 22.6.1947; Die Suiderstem, 24.6.1947. Vgl. ook Die Suiderstem, 19.7.1947.

39. Kyk hoofstuk 15, vir die besprekinge van die probleme i.v.m. die H.N.P. Propagandakomitee en die Joodse vraagstuk.

twee gunsteling, onder die s.g. partyleiers" opgetree het.⁴⁰
 Ook het sy neiging om eerder peil te trek op "bekeerlinge", persone wat nie die lang pad saamgeloop het nie, as op "die getroues wat in die moeilike dae saam met hom die stryd gevoer het" vir Louw geensins aangestaan nie.⁴¹

Een uitvloeisel van die stryd tussen Louw en sy hoofleier was dat die gedagte dat hy Malan na die kroon wou steek, skynbaar selfs in Nasionale kringe posgevat het.⁴² Vir so 'n opvatting kon geen bevestigende getuienis gevind word nie. Louw se briefwisseling met vriende Swart en Strydom in die "krisis"-maande kort voor die 1948-verkiezing dui beslis op die teendeel, veral nog waar hy vas geglo het dat Strydom in Malan se voetspore moes volg.⁴³

Ten hierdie agtergrond moet Louw se posisie ten opsigte van die samestelling van die kabinet beskou word. Daar is agterna beweer dat Malan inderdaad nie lus was om Louw in sy kabinet op

40. E.H. Louw-vers., band 72: "n Minder bekende aspek van die Nasionale Stryd". Dié stuk dra die datum "1946 of 1947", wat opsigtelik agterna aangebring is. Volgens die inhoud van die dokument moes dit teen ongeveer 1951 of dalk nog later opgestel wees. Hierin verwys Louw bv. na die H.N.P.-A.P.-ooreenkoms en na die verskille wat teen 1947 oor die Joodse kwessie ontbrand het.

41. E.H. Louw-vers., band 72: "My Bydrae tot die Stryd", met datum "1952 of 1953".

42. Hierdie opvatting is verkry uit gesprekke met Nasionale en persmense wat, om begryplike redes, anoniem bly.

43. J.G. Strydom-vers., bande 59 en 47. Kyk veral EHL/JGS, 8.10.1947 en 24.11.1947. Dit is beslis jammer dat die D.F. Malan-dokumente nie geraadpleeg kon word nie; indien Louw sodanige aspirasies gehad het, behoort dokumentêre neerslae daarvan hulle onder Malan se dokumente te bevind.

THE CAPE ARGUS, TUESDAY, JUNE 8, 1948.



te neem nie en dat so 'n stap baie party-lede sou behaag.⁴⁴

Eric Louw was een van diegene wat dr. Malan op die Kaapse stasie gaan afsien het toe laasgenoemde op 31 Mei na Pretoria vertrek het.⁴⁵ Die volgende dag het Malan, Havenga en die ander provinsiale leiers van die Nasionale Party in die Union hotel byeengekom en die samestelling van die kabinet bespreek.⁴⁶ Soos een na die ander voorbokke onder die Nasionale Party in Pretoria by Malan aange-meld het, kon gissings gemaak word oor wie wel in die kabinet op-geneem sou word. Louw het saam met Sauer, Dönges en Erasmus op Woensdagmiddag 2 Junie in Pretoria gearriveer en later by Malan besoek afgelê.⁴⁷ Toe die aankondiging op Vrydag 4 Junie gedoen is, was Louw se naam wel ook onder die twaalf wat voortaan die landsregering moes behartig, met Mynwese en Ekonomiese Ontwikkeling as sy verantwoordelikheid.⁴⁸

Van Mynwese het Louw beslis nie veel geweet nie, maar wat Ekono-miese aangeleenthede aanbetref, het hy homself in die voorafgaande

44. Trek, Junie 1948, p. 4.

45. Die Burger, 1.6.1948. Daar word beweer dat Louw by dié ge-leentheid ruitelik teenoor dr. Malan erken het dat Malan in die getwis oor die O.B. en Afrikanerparty reg en hy (Louw) verkeerd was (Schalk Pienaar in Die Beeld, 30.6.1968, asook Persoonlike Mededelinge, anoniem). So 'n houding strook nou-likes met Eric Louw se eie-aard, terwyl daar ook geen dokumen-têre getuigenis is dat Louw ooit sy standpunt dienaangaande gerepudieer het nie. Dis waarskynlik dat waarnemers dalk 'n ligtelike geskerts in die gees van die oorwinning te hoog aangeslaan het.

46. Die Burger, 2.6.1948.

47. Die Burger, 3.6.1948.

48. Die Burger, 4.6.1948.

jare 'n groot kenner bewys. Inderdaad is hy nou aan die hoof gestel van die departement onder wie se vaandel sy kleurvolle loopbaan in die diplomatieke diens in 1925 'n aanvang geneem het. Sy ondervindinge as handelskommissaris veral, maar ook dié as gesant in verskeie Europese lande, en sy voortgesette belangstelling in die ekonomie sedert hy in 1937 na sy land teruggeke het,⁵⁰ sou nou baie handig te pas kom.

Maar wat dan van Buitelandse Sake?

Sedert Louw op 1 Augustus 1937 weer in sy eie land voet aan wal gesit het, het hy hom besonder ernstig op Suid-Afrika se buitelandse verhoudingsbeleid toegelê. Dit was vanselfsprekend, ges sy innige betrokkenheid by die stryd om die erkenning van die Unie se soewereine onafhanklikheid in die voorafgaande twaalf . Sy kennis en ervaring is in die daaropvolgende paar jaar ywerig aangewend om die Nasionale Party se neutraliteitsbeleid onder die aandag van die volk te bring en spoedig was hy die party se vernaamste woordvoerder oor buitelandse sake. Teen die einde v 1945 was dit hy wat, as deel van die amptelike partymondstuk se reeks oor aspekte van die Nasionale Party se beleid, 'n uiteen-setting van sy party se buitelandse beleid verskaf het.⁵¹ 'n Ru kie later is sy naam genoem as een van 'n kerngroepie wat met Sm kon saamgesels oor 'n faset van die politiek waarop Smuts tot d ver feitlik 'n vrye hand gehad het, en ten opsigte waarvan daar besliste tekens van stagnasie by Smuts te bespeur was.⁵² Dit s

49. Die portefeulje Handel en Nywerheid is in 1944 verander to dié van Ekonomiese Ontwikkeling. Kyk Parlementêre Register 1910-1961, p. 25.

50. Hiervan getuig nie slegs sy parlementêre toesprake nie, ma ook die feit dat hy 'n direkteur van Sanlam en Santam was.


51. Die Kruithoring, 28.11.1945. Kyk Bylae 4.

52. Trek, 28.6.1946.

dus in 'n sekere sin logies wees indien die portefeulje Buitelandse Sake wel aan Louw toegeken is.

Beredenering oor die vraag waarom dit wel nie gedoen is nie, kan by voorbaat kortgeknip word met die stelling dat dr. Malan bloot net die geykte gebruik, dat die pos Buitelandse Sake met dié van Eerste Minister gekoppel word, voortgesit het.⁵³ Dit is wel tydens die samesprekings met die provinsiale party-leiers stilswygend so aanvaar,⁵⁴ maar dat hierdie kwessie wel in sekere kringe ter sprake was, lyk baie waarskynlik. Dr. A.L. Geyer, een van dr. Malan se grootste vertrouelinge, wys daarop dat Malan "eintlik meer om sekere moeilikhede binne sy parlementêre party te voorkom as iets anders" beide poste beklee het.⁵⁵ Hierdie terloopse opmerking kry nuwe betekenis as daarop gelet word dat Malan, onmiddellik nadat dit geblyk het dat hy die bewind sou oorneem, vir Geyer na Stellenbosch laat kom het om die implikasies daarvan te bespreek.⁵⁶ Ongetwyfeld is kabinetsamestelling by dié geleentheid indringend bespreek, en sou daar seker heelwat oor Eric Louw se posisie beredeneer gewees het. Of daar wel sodanige besprekinge tussen Geyer en Malan plaasgevind het, en of aandrang

-
53. Dié gebruik dateer sedert die instelling van die departement in 1929, met eers Hertzog en later Smuts in die dubbele hoedanigheid.
54. Persoonlike Mededeling, C.R. Swart. Swart het terloops daarop gewys dat Strydom, wat op die oog af die minderwaardige portefeulje Lande gekry het, dit self so verkies het en wel vanweë sy plegtigheid teenoor nedersetters, waarvan daar in sy kiesafdeling heelwat was. Piet Meiring (Ons Eerste Ses Premiers, p. 107) noem dié toekenning "'n klap in die gesig" van Strydom.
55. A.L. Geyer: Vier Jaar in Highveld, p. 14.
56. De Villiers: Die Wonderwerk van Agt-en-Veertig (J.P. Scannell (samest.): Keeromstraat 30, p. 211).



van die kant van Havenga⁵⁷ en dalk selfs die feit dat Paul Sauer in die Malan-kring as die geskikste man vir Buitelandse Sake beskou is,⁵⁸ enigsins 'n rol gespeel het by Malan se besluit om die status quo te handhaaf, kan maar slegs bespiegelings bly tot tyd en wyl nuwe inligting bekombaar word.⁵⁹

Tyd om terug te kyk en selfs ou koeie uit die sloot te grawe, was daar nie op hierdie stadium nie. Voortaan sou daar nie meer vanuit die "beskerming" van die Opposisiebank gekritiseer of voorgeskryf kon word nie, maar sou opgetree en die daad by die woord gevoeg moes word. Saam met die res van Malan se span, sou Louw moes toon dat die verandering wat deur die geesdriftige Nasionaliste en gefrustreerde andersdenkendes begeer en teweeggebring is, wel 'n verbetering was. Meer op die man af het Louw onmiddellik te staan gekom voor die realiteit van 'n lewenskoste-probleem wat tot 'n baie groot mate mede-verantwoordelik was vir die val van die Smuts-regering. Met 'n kragtige verklaring dat hierdie saak as prioriteit nommer een beskou en dadelik deur sy departement aangepak sou word,⁶⁰ het Eric Louw die derde en laaste fase van sy openbare lewe binnegetree.

57. Dit is bekend dat Havenga en Louw nie langs een vuur gesit het nie, en dis heel moontlik dat Havenga dalk vir Louw se ergernis i.v.m. die verwickelinge met betrekking tot die Joodse vraagstuk verantwoordelik was. Vgl. ook Die Suiderstem, 24.6.1947.

58. Persoonlike Mededelings, anonieme persone.

59. Die Malan- sowel as die Geyer-versamelings, waartoe nie insae verkry kon word nie, mag dalk nuwe lig hierop werp.

60. Die Burger, 9.6.1948.

TERUGBLIK

"Als fyngesvoeligheid beteken, dat men zyn plicht doet en weigert syne beginselen en regten prys te geven, dan zal hy maar te bly zyn om onder de fyngesvoelige mense geteld te worden."

Dit was J.A. Louw se "geloofsbelydens" sover dit sy persoonlik en openbare lewe aanbetref het.¹ Dwarsdeur sy kleurryke openbare loopbaan het Eric Louw getoon dat hierdie kode van sy vader ook as rigsgnoer vir sy optrede gedien het: of dit nou gehandel het oor die leiwat wat onwettig deur iemand anders afgekeer word, en of dit die Britse vors was wat maar nie hierdie jong man se opgewondenheid oor sy land se onafhanklike status kon verstaan, en dan boonop moes aanhoor dat die kordate gesant sy land se belange altyd eerste sou stel indien dit met dié van Brittanje bots.

Agter hom het 'n wye ervaringswêreld gelê, voor hom die spitse van nuwe uitdagings en geleenthede. Vir geen oomblik nie sou hy teruggedeins het vir die nuwe werk en die geweldige verantwoordelikhede wat feitlik oornag op sy skouers kom rus het. In 'n harde leerskool het hy as ywerige werker en taai vegter vir hom naam gemaak. Boonop was hy goed toegerus vir dit wat in en deur sy nuwe betrekking sy verantwoordelikheid geword het: wydbelese en 'n kenner van baie lewensterreine, 'n aangrypende spreker, 'n uitblyker as dit kom by die gebruik van die tweede taal, en boonop goed onderlê in die handel en die nywerheid, waaroor hy voortaan die septer sou sweai. In hierdie dae sou hy ongetwyfel teruggedink het aan die vroeë jare toe hy, 'n stem roepende in di

1. Kyk p. 18.

woestyn, so sterk aangedring het op groter deelname van die Afrikaner in die handel.²

Na hierdie groot omwenteling op politieke gebied, moes Louw seker ook by geleentheid sy gedagtes laat terugdwaal het na die onverkwiklike struwelings waarin hy en sy vriende kort tevore betrokke was. Gelukkig was die skok-effek van die onverwagte oorwinning, asook die besef dat die Nasionale Party nou die hef in die hand gehad het, tot 'n mate self vir die rou wonde. Miskien het die ironie van die saak vir Louw opgeval: een van die weinige kere toe hy met sy beginsels moes buig, het dit vir hom persoonlik een van die grootste oomblikke van sy lewe besorg. Hy sou nie lank hieroor tob nie voordat hy homself weer op die skouer sou klof vanweë sy eie aandeel in die bereiking van daardie mylpaal. Die feit dat die O.B. eers op sy knieë gebring is voordat samewerking tussen Malan en Havenga bewerkstellig is, was ongetwyfeld, hoe paradoksaal dit ookal mag klink, 'n noodsaaklike voorwaarde waaronder alle Afrikaners weer onder een banier verenig kon word. Terwyl Louw die genadeslag wou toedien, het Malan gevoel dat die broodnodige steun van alle Afrikaners nie langs dié weg verkry sou word nie.

Danksy die voorafgaande jare se verbete en beslissende stryd teen die O.B., het Malan se dobbelspel geslaag. Met dié wete kon Louw en sy vriende steeds die hoof hoog hou. Wie hom egter goed geken het, sou besef dat sy insiklikheid bloot net 'n tydelike staakvuur was, en dat hy geensins sy sterk standpunte met betrekking tot hierdie en ander geskilpunte verloor het nie.³

2. Kyk p. 87.

3. Pas enkele jare later het die geskilpunte in Nasionale leiersgeledere weer skerp na vore getree, en sou Louw weer baie prominent figureer.

As uitvloeisel van hierdie beginselvastheid, loop sekere optrede en standpunte van Louw soos 'n goue draad deur die tydspan 1919 tot 1948. Een hiervan is sy sterk aandrang dat die Afrikaner meer en ernstiger op die handel en nywerheidswese moes toespits. Dit het vir hom ten nouste saamgehang met, en inderdaad ook die grondmotiewe verskaf vir, sy houding teenoor die Jode asook teen onbeheersde Britse immigrasie. Sy stelling op die vooraand van die 1948-verkiezing dat standpuntinname teen die Jode ter wille van Suid-Afrika se belange en die Engelssprekende en Afrikaanssprekende seuns van die land moes geskied, was nie net 'n geval van politieke opportunisme in lyn met sy party se nuwe toenaderbeleid nie, maar was inderdaad bloot net die manifestasie van 'n gesindheid wat sedert vroeg in sy lewe al by hom aanwesig was. Altyd was daar maar net die kardinale voorwaarde, nl. om Suid-Afrika en sy belange te alle tye eerste te stel. Soos 'n Hertzog van ouds het hy dié leerstelling met al sy welsprekendheid verkondig, ook dár in die verre Amerika, Kanada, Frankryk, Italië en Brittanje. Anders as Hertzog, het sy ervarings vir hom net meer en meer tot die oortuiging gebring dat eenheid tussen Afrikaners- en Engelssprekendes nie sommer so maklik soos met koalisië en samesmelting in die dertigerjare bereik kon word nie.

Gegronde op sy ervarings, esook op 'n studie en fyn waarneming van gebeure in lande soos Kanada en veral Ierland, het Louw gaandeweg die postulaat gehuldig dat slegs verbreking van die bande met Brittanje en die stigting van 'n republiek tot ware eenheid tussen die taalgroepe sou lei; die verdeelde lojaliteite by Engelssprekendes was voorasnog die groot struikelblok. Sy diepe teleurstelling met die feit dat die republikeinse strewe in 1948 tydelik "in die koelkas gesit is", kan begryp word indien gelet word op sy houding in 1920, toe hy deel gehad het aan die tevergeefse herenigingspogings. Sy destydse stelling dat 'n mens,

indien jy 'n bepaalde beginsel voorstaan, ook geregtig moes wees om in daardie rigting te werk,⁴ verklaar ineens Louw se onversetlike houding in die geskille jeens die Jode, die O.B. en die republikeinse strewe.

Dat Louw inderdaad vir sy strewes "gewerk" het, spreek oorvloediglik uit die voorgaande beskrywing van sy doen en late op velerlei terreine. Sy opponente kon maar lag oor sy uitknipsels, dog dit het diep getref; en al het persmense die draak gesteek met sy ywer om toe te sien dat sy toesprake goeie publisiteit kry, het hy onverpoosd op sy ingeslane weg voortgegaan, gesterk deur nog 'n verklaring uit die jaar 1920, nl. dat daar vir die verwesenliking van ideale nog geen ander middel dan propaganda uitgevind is nie.⁵ Hy was 'n meester op dié terrein.

Ten slotte net nog 'n verwysing na Louw se belangstelling in buitelandse aangeleenthede. Hierdie affiniteit van hom was 'n logiese gevolg van sy diplomatieke loopbaan en is in die latere jare doelgerig gestimuleer.⁶ Dat sy siening van die diplomatiek omstrede was, staan vas; net so sterk was egter sy geloof in die meriete van 'n eerlike en openhartige optrede. Miskien daarom dat hy nie juis enige trek gehad het vir organisasies soos die Volksbond en die V.V.O. nie en reeds in die aanvangsjare van laasgenoemde herhaaldelik onttrekking van dié wêreldliggaam aan die hand gedoen het. Malan het Louw skynbaar as 'n risiko vir die portefeuile Buitelandse Sake beskou, terwyl sy opvolger, Strydom, weer net die teenoorgestelde beskouing gehuldig het. Dit is inderdaad

4. Kyk pp. 115-116.

5. Kyk p. 116.

6. Vgl. bv. Piet Meiring: Tien Politieke Leiers, p. 151.

opmerklik hoe dikwels in die jongste jare in die lig van huidige verwickelinge, veral in Suid-Afrika en by die V.V.O., na Eric Louw se buitelandse beleid verwys word. In die voortsetting van die studie oor Louw se lewensgeskiedenis sal o.a. ook hierby stilgestaan word.⁷

-
7. Kyk in dié verband, maar ook vir 'n waardasie van Louw se bydrae tot Suid-Afrika se internasionale betrekkings in die tydperk 1925 - 1937, D.J. van Vuuren: Eric H. Louw en sy bydrae tot die internasionale betrekkings van Suid-Afrika. D.Phil proefskrif, 1972.

BYLAE 1

NOOIENS-

TOESpraak

sproeiingswerke is baie kritiek en vereis onmiddellike aandag. Die vraagstuk van die waterbelasting is van besondere belang vir die boere aan die Groot Visrivier. As 'n man daar 'n heuwe van 50 tot 100 morgte huur, is die belasting nie te hoog nie. Maar die bestaande boere daar met 1.000 tot 2.000 morgte, die baanbrekers van daardie besproeiingswerk, kan dit onmoontlik betaal. Die Regering behoort die belasting af te skryf waarmee die koste van besproeiingswerke die raming te bowe gaan en behoort die boere tegemoet te kom. Die Regering moet so gou moontlik sy gedragslyn aangaande die besproeiingsvraagstuk bekend stel. As die Regering so slaafs is om die gedragslyn van sy voorganger uit te voer, moet hy ook die gemaakte foute herstel. As die lid vir Port Elizabeth, Sentraal (kol. D. Reitz) aangebly het as Minister van Lande, sou hy 'n oplossing bewerkstellig het deur 'n stelsel van opsies vir die teenswoordige eiennars. Die Regering moet egter lewer nie opsies gee nie, maar die grond self aankoop. Die grond is te duur om daar arm blankes op te sit, maar dit sal tog help om die vraagstuk op te los deurdat die setlaars arm blankes in diens kan neem. Die hele besproeiingsvraagstuk verkeer in so 'n mis van twyfel en onsekerheid dat die betrokkenes nie weet waar hulle staan nie. Die voorsitter van die beoogde Besproeiingskommissie moet deur en deur 'n besigheidsman wees en spr. gee aan die hand om 'n man soos Elwood Mead te vra om hierheen te kom sodat ons van sy ervaring kan profiteer.

LEDE: Nog 'n Littlejohn Philip.

*Mr. G. C. VAN HEERDEN: Die lede is so ingenome met die politieke munt wat hulle van die geval van Littlejohn Philip kan slaan dat hulle na geen verstandige voorstelle wil luister nie. Die kommissie moet sterk wees en moet verslag doen oor die oortollige grond en oor die waterregte. Die Minister moet daaraan sy aandag wy. Aan die Visrivier-vallei is meer as 'n miljoen bestee. Die grond is goed en die neersetting daar kan 'n groot sukses word. Dit is 'n groot vraagstuk. Spr. is bly om te sien dat die 1820 Setlaarsvereniging die neersettters aanraai om na die Visrivier-vallei te gaan. Die vallei het 'n groot toekoms onder 'n behoorlike beheer.

*Mr. E. H. LOUW sê dat hy terugkom op die begrotingsrede van die Minister van Finansies. Hy

wens sy lof te betuig vir die manier waarop die begroting ingedien is. Daar was niks skokkends in die voorstelle nie. Dit kon onder die omstandighede nie anders ver wag word nie. Die Regering is jong en moet baie regmaak wat deur die vorige regering fout gemaak is. Nieteenstaande dit ver wag die S.A.P.-pers en die Opposisie dat die Regering nou reeds sal kom met 'n uitgewerkte program met planne om die land op die regte spoor te bring. Die S.A.P. vergeet dat hy 14 jaar tyd gehad het om dit te doen en wat is verrig, Baie min! Die Eerste Minister het in breë trekke die politiek van die Regering uiteengesit. Die leier van die Opposisie het belowe dat die S.A.P. die Regering 'n kans sou gee. Die ongeduld deur die Opposisie betoon is geen bewys van die kans soos deur die lid vir Standerton (genl. Smuts) belowe nie. Spr. moet in die opsig aanmerking maak op die toespraak van die lid vir Port Elizabeth Sentraal (kol. D. Reitz). 'n Regtige verkiesingtoespraak. Wat sy antwoord op die aanklagte van die lid vir Zoutpansberg (mr. Pirow) betref, dit was volgens spr. danig swak. Die orige deel van die toespraak was vol van bolsjewisme, rassehaat, sosialisme, republikaanskap, segregasie, tweestroompolitiek, 'n regtige verkiesingtoespraak. Dit sal hom egter in Port Elizabeth nie meer stemme bring nie, tensy hy 'n nuwe hawe bring. Die land is moeg van paniboelies en vlagswaaiery en wil nou graag resultate sien van die Regering van die land. Die lid se enigste doel was blykbaar om 'n wig tussen die Arbeiders en die Nasionaliste te steek. Hy kan dit maar laat staan; sy posisie is hopeloos. Daardie soort ding maak nie meer opvang nie. Spr. is verkies deur 'n meerderheid waaronder 300 Engelssprekendes, en bulle sal weer vir hom stem. Vlagswaaiery mislei hul nie meer nie. Die bevolking is moeg daarvan; wil resultate sien en die Regering sal daardie resultate lewer. Die lid vir Beznidenhout (mr. Blackwell) het die wanhopige poging aangewend om te bewys dat hereniging nie werklik hereniging ten doel gehad het nie; altans hereniging tussen die Hollandssprekende Nasionaliste en die gehele S.A.P. Hy wou bewys dat die hereniging net tussen die Hollandssprekendes sou plaasvind en hy by die Herenigingskongres was.

*LEDE: Nee, hy was nie daar nie.

*Mr. E. H. LOUW sê ja, dat hy hom herinner dat die lid vir Bezu-

denhout (mnr. Blackwell) toe nog 'n Unionis was. Daar was egter ander Engelsprekendes op die Kongres, soos adr. Stallard, en dit is 'n duidelike bewys dat die Kongres hereniging met die hele Suid-Afrik. Party bedoel het. Die lid vir Oos-Londen Stad (eerv. Rider) moet eintlik meer met medelye as met toorn beskou word. Hy verteenwoordig gelukkig 'n vinnig uitsterwende seksie van ons volk. Maar dit maak 'n mens kwaad dat hy so praat en dan nog poseer as 'n vredesapostel. Die teruggekeerde soldaat is tog seker meer bevoeg om oor die vrylating van genl. Maritz te praat en die orgaan van die British Empire Service League verklaar dat die Regering nie anders kon gehandel het nie en dat dit beter was om hom somar vry te laat sonder 'n voorafgaande agitatie aan albei kante.

Mnr. ROUX: Fort Beaufort, dit is mense wat gaan veg het!

+Mnr. E. H. LOUW sê dat die blad verder aanhaal dat die hardheid van lord Charles Somerset teenoor opstandelinge baie meer kwaad gedoen het as die sagtheid van die regering van die S.A. Republiek teenoor die leiers van die Jameson-inval. Die mense wat so 'n lawaai maak oor Maritz is dieselfde wat in die oorlog ander mense aangeja het om te gaan veg en gesê het dat hulle vir hulle sou sorg. Maar toe die soldate terugkom, het hulle uitgevind dat vrouens in hul plekke in diens geneem was deur die persone wat hulle in die oorlog geja het. Die lid vir Oos-Londen Stad (eerv. Rider) het enkele dae gelede om 'n spoorweg gevra wat hy die vermiste skakel genoem het. Die lid en sy geesverwante is die vermiste skakel tussen die nuwe goes en die rassehant van die verlede. Spr. verwag die volgende sitting van die Regering 'n uitgewerkte program omtrent die bevordering van die nywerheid. Spr. is 'n kragtige beskerm, beskerm van die nywerhede wat dit verdien. Die Regering moet die publiek opvoed insake ondersteuning van ons nywerheid. In die rigting moet nog baie gedoen word. As 'n amptenaar of so die publiek opvoed om die nywerheid orals waar dit moontlik is te ondersteun, dan sal dit baie goed doen. Die publiek moet die noodsaaklikheid daarvan insien. Die boer, die fabrikant en die handelaar moet saamwerk vir die goed van die land. Die boer produseer die grondstowwe. Daarby moet nie net rekening gehou word met die hoërleedheid nie maar ook met die hoedanigheid. Die

koopman is die distribueerder van die goedere aan die publiek. Ook die handelaar verdien ons steun, want hy doen belangrike werk. Dit is betreurenswaardig dat die handelaars verdeel is in vryhandelars en beskermers. Die vryhandelaar is gewoonlik die man wat meer begaan is oor sy eie sak as oor die belang van die land. Hy gee niks om die plaaslike nywerheid nie. Hy besty beskerming op grond van verhoging van die koste van lewensonderhoud, maar aarsel nie om groot winste uit die ingevoerde artikels te maak nie. Spr. weet van 'n geval waar kleinhandelars 'n paar skoene wat in Port Elizabeth gemaak was, met 'n wins van 140 persent verkoop het. Hoe kan ons dan verwag dat ons skoene byval sal vind in die land. Een van die verteenwoordigers van 'n fabriek het aan spr. gesê dat 'n algemene handelaar 'n groot hoeveelheid skoene sou neem op voorwaarde dat op die kis geskryf mag word „Made in England.” Hy meen dat dit 'n aanbeveling sou wees by die publiek. Hoe kan ons dan verwag dat ons fabriekse simpatie in die hand sal werke, en byval sal vind. Dit word beweer dat die S.A. artikel nie kan aanbeveel word nie. Dit is heeltemal onwaar. Op Worcester word hemde gemaak wat met die produk van enig ander land kan konkurreer sover gehalte aangaan. Ons hoef ook nie vir S.A. skoene skaam te wees nie. Die Regering moet help om propagandawerk te doen in die land, om ons bevolking op te lei om die S.A. artikel te waardeer. Die winkeliers kan veel doen deur die S.A. artikel onder die aandag te bring van die kopende publiek. 'n Winkelier kan gewoonlik die man laat koop, wat hy graag aan hom wil verkoop. Die benoeming van oorsese handelskommissarisse hang saam met ons nywerheidsontwikkeling. Spr. hoop dat die Regering gou sal oorgaan tot die onontbeerlike stap om ons eie handelsagente in Amerika en elders in die buiteland aan te stel.

+Mnr. W. B. DE VILLIERS sê dat lede uit al die provinsies al gepraat het en as spr. in verhouding tot die omvang van sy kiesafdeling net so lank moet praat, sal hy baie lank besig wees. Spr. wens die twee Ministers geluk met die wyse waarop hulle hul Begrotings ingedien het. Dit sal tyd vorder om die gedrag van die Regering uit te werk. Spr. is bly dat daar in Okt. 'n konferensie

Address Delivered by Mr. Eric Louw, Envoy Extraordinary and Minister Plenipotentiary in the United States of America.

**TOWN HALL, BEAUFORT WEST,
SEPTEMBER 3rd, 1931.**

The work of my Legation is of a very varied nature.

First of all there is the strictly diplomatic work—matters arising between the Government of the two countries concerned.

Then there are numerous matters of a less formal nature, which I have to take up with U.S.A. Government Departments, such as immigration matters, deportations and repatriations; matters relating to import regulations, tariffs and embargoes, and many others.

An important part of my work is trade propaganda. This is mostly handled by the New York office of the Legation, but a fair amount of the work is also done at Washington. The Commercial Secretary of my Legation also acts as Trade Commissioner for Canada.

Then there is general publicity, and tourist propaganda. I am confident that South Africa will in the future attract large numbers of American tourists, and this tourist traffic will in time be as valuable to us, as our export trade to America.

But South Africa and its many attractions are not known to the Americans, who have the most extraordinary ideas about our country. What we need in America is publicity, and still more publicity. We are doing our best to provide that publicity and to make the country better known over there. Last year I delivered a number of lectures on South Africa in various parts of the United States, and I also gave a radio talk over one of the big broadcasting "chains". I was assured by the Station manager that my audience totalled well over two million people.

The Legation also has to act as an "information bureau" both for America and for South Africa. Numbers of letters come to us from persons in America, from Societies and Institutions, and from Government Departments, asking for information on all kinds of matters relating to South Africa. So also, people in South Africa write for information—and our own Government Departments ask us to enquire into matters or questions in which they are interested—or they request us to let

them know how the Americans tackle certain problems, or solve certain difficulties. The investigations resulting from these enquires take time and trouble.

Another of our duties is to look after the interests of South Africans who are in America, and to help them when they are in trouble. It is surprising how many South Africans seem to need assistance and advice in America.

Then there is a certain amount of administrative work, such as the payment of bursaries to Government students and keeping a check on their work and movements. There are also miners' phthisis payments, purchases of goods for our Government Departments and the payment of accounts. All this entails book-keeping and correspondence.

And then there is another duty which I have already referred to viz. to peruse a number of leading American newspapers every day, to keep our Government informed of any developments which may be of interest to South Africa. So also we supply various Government Departments in South Africa with newspapers' clippings relating to matters in which they may be interested. We send a large number of such clippings to our Agricultural Department.

I have tried to give you some idea of the work we are doing over there, and from what I have told you, I think you will agree that your minister, with his one assistant and one typiste, handles a fairly large amount of work. I feel confident that you will also agree that the Legation is rendering a very definite service to South Africa—the sort of service which cannot be calculated in £ s. d. but which is of real value to our country.

But apart from the practical aspect of our work, the Legation serves another very important purpose. The presence in Washington of a South African Minister Plenipotentiary, serves to remind the American people, and the world in general, that South Africa is an Independent State,

and is prepared to take its place among the nations of the world. I am able to testify to the fact that the prestige of South Africa has been enhanced by the establishment of diplomatic missions in America and elsewhere.

There are people who pretend to scoff at our national aspirations, and at our national status, and who are content to see South Africa taking a subordinate place in comparison with even the smaller nations of the world. If such persons could spend even a short time in those countries where we have established diplomatic missions, they would be obliged to admit that national prestige abroad has a very real value—a value which reacts favourably upon the material interests of our country.

CONCLUSION.

South Africa has set out upon a new road—the road of diplomacy. The Department of External Affairs at Pretoria, and your Minister abroad, are finding their way upon this new road. We are trying to build up a diplomatic service with a real South African spirit—a service which will be a national institution, a service of which you can be proud. We are doing pioneer work—and pioneer work is always beset with many difficulties. In doing this work, in strange countries, and in strange surroundings, we are entitled to look to the support and encouragement of our people at home—irrespective of race, or of Party.

Speaking for myself, I ask you to remember that in the great country of the United States with its 125 million inhabitants, I represent South Africa and the interests of South Africa. It is my desire and aim to further the interests of South Africa and its people to the best of my ability. The success of my efforts will depend upon the support and the encouragement that I receive from my own people in my own country.



Parys!

Hierdie keer laat ek die oorlog links lê. Ek glo dat my lesers die afwisseling sal verwelkom, want hulle is moontlik ook—net soos ek—al moeg en sat van die oorlog met sy haat en huigelaar, vernietiging en verdriet.

Ek gaan oor Parys gesels. Nie die Parys van vandag nie, maar Parys soos ek hom geken het en liefgekry het, voordat die skaduwee van oorlog en van vyandelike okkupasie oor die stad geval het.

Met die moontlike uitsondering van Rome is daar seker geen Europese hoofstad wat so 'n rol in die geskiedenis van sy land gespeel het as Parys nie. Ook in die geskiedenis van Europa het Parys in die afgelope tweehonderd jaar 'n leidende rol gespeel.

Maar Parys se rol is nie slegs 'n geskiedkundige nie. Parys is ook die middelpunt van alle afdelings of aspekte van die Franse nasionale lewe—staatkundig, ekonomies, kultureel, sosiaal, e.d.m. Parys verteenwoordig Franse ideale, tradisies en aspirasies.

Parys is Frankryk.

Ek het die voorreg gehad om met ander hoofstede van Europa kennis te maak—Londen, Berlyn, Rome, Madrid, Weenen, Praag, Den Haag, Lissabon en Berne. In Londen en Rome het ek 'n gerulme tyd gewoon. Ook in Washington, hoofstad van Amerika, en in New York het ek vir jare gewoon. Groot stede soos Chicago, New Orleans, San Francisco, Los Angeles, Ottawa en Montreal is my goed bekend. Baie van bogemeldes is aantreklike en interessante stede, maar vir my sal Parys altyd nommer een wees.

Parys is bekend as die stad van lig en vreugde. Parys is 'n opgeruimde stad, maar hy het ook sy slegte bule. Die slegte bui duur egter nie lank nie, en binnekort is Parys weer opgeruimd. Dit is nie in die karakter van hierdie stad om lank teneergedruk te wees nie.

Ek het Parys in een van sy slegte bule gesien ten tye van die Stavisky-moeilikhede toe Frankryk op die rand van rewolusie gestaan het. Maar toe is oud-president Doumergue geroep om die leiding op hom te neem, en binne 'n dag of twee was alles weer normaal. Slegs die vernielde winkelvesters en die afgebrande straatkiosks het getuig van die woede wat die skare beetgepak het.

Maar hieromtrent meer later.

My vrou en ek het Parys vir die eerste keer as toeriste besoek in 1929. Toe ons later daar gaan woon het, het ek besef hoe oppervlakkig en onbevredigend 'n toerist se indrukke van enige land of stad is.

Ons het in Avenue Kléber gewoon, een van die aantal strate wat uitloop op die groot plein bekend as die Etoile (ster) in die middel waarvan die beroemde Arc de Triomphe staan. Ons huis was omtrent tweehonderd tree van die Etoile, en regoor die groot Hotel Majestic wat gedurende die Duitse okkupasie die hoofkwartier van die militêre bevel was. Luidens persberigte het hewige gevegte daar plaasgevind tydens die onlangse bevryding van Parys.

Ons gesantskapskantore was te 24 Rue de Berri, omtrent 'n honderd tree van die Avenue des Champs Elysées.

Die Champs Elysées (soos hy gewoonlik genoem word) is seker die pragtigste straat van enige stad in die wêreld. Hy is ongeveer 'n myl lank, en loop van die Place de la Concorde tot by die Etoile. Aan elke kant van die straat is daar 'n dubbele ry bome en 'n „syfad" wat die wydte van 'n gewone straat is. In hierdie straat is daar baie modewinkels en ook groot stoepkafes, wat so 'n aangename en populêre instelling van Parys is. Daar

kan jy met jou drankie of koffie vir ure sit en die verbygaande verkeer beskou.

Parys is 'n stad van stoepsitters—dulsende van hulle!

Bo-aan die Avenue des Champs Elysées staan die Arc de Triomphe, een van die argitektoniese skoonhede van Parys. Hierdie triomfboog is opgerig om hulde te bring aan die militêre prestasies van Frankryk. Onder die boog lê die graf van „die onbekende soldaat” waar ’n vlam gedurig brand. Tydens die vierjarige Duitse okupasie is vir die instandhouding van die vlam gesorg.

Onderaan die Champs Elysées is ’n pragtige plein, bekend as die Place de la Concorde, waar so veel geskiedkundige tonele in die verlede afgespeel is. Hier het die guillotine (valbyl) gedurende die Franse rewolusie sy bloedige en afgryslike werk gedoen. ’n Egiptiese obelisk (pilaar) versier nou nou die plek waar die valbyl gestaan het.

Die Place de la Concorde is altyd indrukwekkend, maar in die aande is hy onbeskryflik pragtig, met honderde elektriese ligte en verligte fontene.

Dis ’n onvergeetlike toneel.

Maar ek het ook ander redes om die Place de la Concorde te onthou. Op 6 Februarie 1934 het die Stavisky-affêre ontbrand, wat tot geweldige opstootjies gelei het en byna ’n rewolusie veroorsaak het. Die skare was onkeerbare, en ek het gesien dat ’n ry frisgeboorde polisie wat van die een kant na die ander kant van ’n straat gestrek het, soos veertjies uit die pad geveeg word.

Daardie aand het die skare die Place de la Concorde in besit geneem en probeer om die Seine-brug oor te steek ten einde die Parlementsgebou in hande te kry. Polisie en soldate het die skare voorgekeer, en die Garde Republicaine op hul pragtige perde het onder die skare ingery en met hul knuppels regs en links geslaan. Later het die toestand so ernstig geword dat die soldate verplig was om op die skare te vuur, met die gevolg dat ’n aantal persone doodgeskiet is.

Ek het die besigheid van ’n afstand aanskou, maar toe die Garde Republicaine later op ons afstorm, moes ek ook, met die ander, die hasepad kies. Ek het die honderd tree in rekordtyd afgeleë, en het net betyds die bekende Madeleine-kerk bereik, waar ek agter ’n vriendelike pilaar my lyf weggesteek het.

Ek het nog maar van ’n klein deel van Parys vertel, en reeds is byna al my ruimte in beslag geneem. Ek sou ’n hele Kruithoring nodig hê om van alles te vertel! Daar is nog die prag-

tige Avenue Foch met sy rye kastanje-bome wat in die lentetyd met bloeisel bedek is; die Bois de Boulogne, ’n natuurlike tuyn of bos, met sy mere, wandelpaadjies en grasperke; die statige boulevards (strate) in die sentrale deel van die stad, met hul groot winkels, hotels en aantreklike stoepkafes; die interessante Montmartrebuurt met sy teaters, kafes, nagklubs en restaurants; die Montparnasse-deel, oorkant die Seine, waar die studente, kunstenaars en klein kunswinkels te vind is; die Seinerivier met sy baie brê en stadig-bewegende trekbote; die pragtige katedraal van Notre Dame waar ek die voorreg gehad het om die begrafnisdiens van maarskalk Foch by te woon en die skilderagtige tonele van naby kon aanskou; die Louvre-kunsmuseum, een van die wêreld se grotes; die Tuilleries- en Luxembourgtuine, waar op ’n Sondagmiddag die Franse laer-middestandfamilie in al sy glorie kan gesien word; en daar is die Eiffeltoring, die graf van Napoleon, en nog baie ander dinge, maar ek moet my haas!

Ek wil nog net melding maak van die Marché des Puces—die vlooiemark—op die rand van die stad, waar in klein hokkies en kamers, en selfs in die opelug, bintrent enige soort tweedehandse voorwerpe te koop aangebied word... egte silwer- en kunstukke, of ’n tweedehandse broek!

In een van daardie hokkies het my vrou en ek ’n pragtige oorspronklike skilderstuk van president Kruger ontdek! Dit is die werk van ’n Engelse portretskilder, Whitley, en dit toon die President as man van middeljarige leeftyd, blykbaar toe hy sy eerste besoek aan Engeland gebring het. Dit is ’n uitstekende stuk werk.

En ons kry hom in die agterbuurtes van Parys!

DIE BELEID VAN DIE NASIONALE PARTY

Die HNP se Buitelandse Beleid lê neer:

1. Politieke en Ekonomiese Onafhanklikheid
2. Geen Inmenging in Buitelandse Geskille

(Deur ADV. ERIC H. LOUW)

● Die buitelandse beleid van die Nasionale Party kan saamgevat word in één sinsnede: SUID-AFRIKA SE BELANGE EERSTE!

● Hieruit volg die tweede stelling, nl. dat Suid-Afrika se belange nooit behoorlik behartig, of „eerste” gestel sal kan word, solank die huidige skakels met Groot-Brittannië bestaan nie.

● Vanselfsprekend volg die derde stelling, nl. dat Suid-Afrika 'n vrye en onafhanklike land in die volste sin moet wees. Die soort vryheid wat die Nasionale Party voorstaan word in sy Program van Beginsels gestel—

„Die Party is daarvan oortuig dat die republikeinse staatsvorm, afgesket van die Britse Kroon, hom die beste aanpas by die tradisies, omstandighede en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk . . .”

Papier-vryheid

Daar was 'n tyd toe die Nasionale Party, onder leiding van genl. Hertzog, geglo het dat „soewereine onafhanklikheid,” in die staatkundige sin, verkry kon word binne die raamwerk van die Britse Statebond.

Daarom dat genl. Hertzog in 1926 die Ballour-verklaring aanvaar het, asook die daaropvolgende Statuut van Westminster, wat as grondslag en waarborg van die nuwe „soewereine onafhanklikheid” van die Dominiums moes dien.

Maar reeds tydens die bewind van die Nasionale Party-regering het dit geblyk dat dit bloot 'n papier-status was, wat 'n uiterlike vertoon van staatkundige vryheid geskep het, maar wat in werklikheid vir die Imperialiste in Brittanje en elders as 'n skerm gesien het waaragter die a.g. „onsigbare bande” gesmee is, wat die Dominiums nog hegter as ooit aan Brittanje moes bind.

Die Bewys

Die bewys dat die a.g. onafhanklike status van die Statuut van Westminster bloot 'n „papier-vryheid” was, het gekom toe die Smuts-regering op 4 September 1939 weer eens Suid-Afrika in 'n Britse oorlog gedompel het. Daardie besluit was nie—soos beweer word—op oorwegings van Suid-Afrika se belange gegrond nie, maar was geneem bloot op grond dat die Unie nie afsydig kan staan in 'n oorlog waarin Brittanje gewikkeld is nie.

Vir die Nasionale Party was dit 'n afdoende bewys van wat hy reeds lank vermoed het, en wat daartoe aanleiding gegee het dat hy na 1933 besluit het dat daar vir die Party slegs één moontlike beleid kon wees, nl. om geleidelik die Empire-skakels te verbreek en om 'n vrye, onafhanklike republiek in Suid-Afrika tot stand te bring. Daardie beleid is sedertdien herhaaldelik deur die Party gestel en beklemtoon.

Wat betref die stappe wat binnelands moet aangewend word om 'n republiek te verkry, dit is 'n aspek van Party-beleid wat nie binne die bestek van hierdie artikel val nie. My onderwerp gaan oor die buitelandse verhoudings van die Unie, en ek konstateer alleen

die feit dat as gevolg van wat gebeur het, die Nasionale Party dit as beleid aanvaar het dat die Unie se staatkundige verhoudings met Brittanje verander moet word deur die verbrekking van die huidige skakels, van watter aard ookal.

Voorlopige Stappe

Dit val egter binne die raamwerk van my onderwerp om te meld dat die Party se beleid is dat—

„ . . . hy hom sal beywer om alle ongereïmdhede wat die berekening van daardie volksvryheid belemmer, uit die weg te ruim.” (Art. IV, subart. 11, van die Program van Beginasels.)

Dit beteken dat die Party intussen die weg van Ierland sal volg om allens die bande te knip wat die Unie aan Brittanje bind—bande soos die Goewer-neurgeneraalskap, Ryksvoorkeur, dubbele nasionaliteit e.a.

Ander Lande

Wat betref sy verhoudings met ander vreemde lande, is dit die beleid van die Nasionale Party (1) dat Suid-Afrika op vriendskaplike voet met hulle sal verkeer, maar dat 'n Nasionale Party-regering sal besluit in watter mate hy bereid sal wees om met die een of ander land diplomatieke en/of konsulerse verhoudings aan te knoop; en (2) dat Suid-Afrika hom nie moet inlaat met buitelandse geskille of oorloë nie.

Internasionale Sake

Die Unie was lid van die oorede Volkebond, en het sy pligte teenoor daardie organisasie getrou nagekom, selfs nadat hy geblyk het 'n mislukking te wees. Die Unie was een van die klein getal „lede” wat gereeld sy subskripsie betaal het!

Die Nasionale Party glo in internasionale samewerking wat gebaseer is op gelykheid en medeseggenskap van alle lande—klein en groot.

Toe dit geblyk het dat die Volkebond die instrument van 'n groep nasies geword het, het die Nasionale Party alle vertroue in hom verloor, en vir die af-

gelope paar jaar het die Nasionale Opposisie in die Volksraad gereeld die skraping van die Unie se geldelike bydrae voorgestel.

Nou het daar 'n nuwe s.g. internasionale organisasie in die plek van die Volkebond gekom, maar hy ly in nog 'n groter mate aan die kwaal wat die dood van sy voorganger veroorsaak het! Die Handves van die „Verenigde Volke“ bepaal dat die seggenskap in die hande van die Vyf Grotes sal wees, en verder dat 'n enkele van hulle by magte is om 'n veto-reg op die besluite van die „Veiligheidsraad“ toe te pas! En, soos die naam van die organisasie aandui, is hy geensins 'n „internasionale organisasie“ nie.

Ek wil die besluit van die Party se parlementêre kousus nie vooruit loop nie, en sal dit dus slegs as my persoonlike mening uitspreek dat die bepalings van die San Francisco-„Handves“ nie ooreenkomstig die Nasionale Party se beleid ten opsigte van buitelandse beleid en internasionale samewerking is nie.

Ekonomiese Betrekkings

Maar die buitelandse betrekkings van die Unie is nie alleen van politieke of staatkundige aard nie. Daar is ook ons handels- en ander ekonomiese verhoudings met vreemde lande, insluitende Brittanje.

Brittanje het nog altyd sy kolonies—en later ook die Dominiums—beskou as bronne van inkomste en as ekonomiese stutte. (Dit is trouens die beleid van alle „koloniale moondhede“, soos Holland, België e.a.)

Die Britse geblede moes dien (1) om Britse fabriek met grondstowwe te voorsien, asook die Britse publiek met voedsel en ander benodighede wat nie binne lande geproduseer word nie. (Dit is dan ook die grondslag van die „Thank You, Britain“-kampaanje wat tans in Suid-Afrika aan die gang is.) (2) As afsatgebiede vir Britse fabrikante; en (3) as beleggingsgeleenthede vir Britse kapitaal. (Britse brand- en ander assuransiemaatskappye bv. het nog altyd groot en winsgewende besigheid in die Unie gedoen. Hulle word ook deur Nasionale gesteun, wat nie besef dat die premies wat hulle betaal na Engeland gaan nie!)

Die droom van die Britse Imperialisme is om van die Britse Ryk 'n ekonomiese sowel as 'n politieke eenheid te maak. Daarom dat Imperiale voorkeurtariewe ingestel is; en dit is ook die rede waarom handelsverdrae tussen die Domi-

niums en „vreemde“ moondhede soveel moontlik deur Whitehall ontmoedig is. Daarom die Ottawa-konferensie.

Die huidige finansiële onderhandelings tussen Brittanje en die V.S.A. werp 'n heldere lig op Britse Imperiale beleid. Die plan om 'n ekonomiese muur om die Britse Ryk te bou is nou nie meer 'n geheim nie, en dit is duidelik dat die Britte dit as 'n dreigement gebruik het, m.a.w. daar is gedreig om die markte van die Dominiums vir Amerikaanse uitvoerders te sluit.

Ekonomiese

Onafhanklikheid

Die standpunt van die Nasionale Party is dat politieke onafhanklikheid, sonder ekonomiese onafhanklikheid, van bitter min waarde is. Daarom ons beleid dat, solank die huidige staatkundige betrekkings met Brittanje bestaan, die Unie hom nie moet inlaat met enige Imperiale ekonomiese skemas nie en sy hande moet vry hou om in die mees voordelige markte te koop, en te verkoop.

Verder is dit die Party se beleid dat ons handelsbetrekkings met vreemde lande (insluitende Brittanje) op handelsoreenkomste moet berus, en dat met die opstel van sodanige ooreenkomste daar veral gelet sal word op die „quid pro quo“-beginsel, m.a.w. ons koop van dié lande wat ons produkte koop.

In hierdie verband is dit nodig om die V.S.A. daarop attent te maak dat hy nie moet verwag—soos in die verlede—om soveel moontlik aan ons te wil verkoop, en dan hul markte vir ons produkte—wol, wyn, vrugte, ens.—te sluit deur die ople van hoë invoertariewe of verbodbepalings nie. Indien daartoe gedwing sal 'n Nasionale Party-regering oorgaan tot die instel van invoertariewe. Suid-Afrika is bereid om met die buiteland—insluitende Brittanje—handel te drywe, maar alleen op beginselsbeginsels.

● Soos in die geval van ons politieke verhoudings met die buiteland is die grondslag van ons handelsbeleid: **SUID-AFRIKA SE BELANGE EERSTE!**

SAL u nie asseblief hierdie uitgawe aan 'n vriend toon nie en hom aansaal om op Die Kruithoring in te teken?

Handwritten: 26/8/48
Hiertoe Word Besluit . . .

DR. D. F. MALAN, hoofleier van die Herenigde Nasionale Party, en eed-minister N. C. Havenga, leier van die Afrikanerparty, het samesprekings gehad oor die huidige politieke situasie en die komende algemene verkiesing, en met die oog daarop ook oor die verhouding van hul onderskeie partye tot mekaar.

Hulle het albei onder die diepe besef verkeer van die omstandighede van die tyd, van die onkeerbare drang van die volk tot eenheid, en insonderheid van die gevare wat ons blanke beskawing bedreig.

Verwerp Smuts

Hulle deel met mekaar die oortuiging dat Suid-Afrika se hoogste volksbelange die verwerping van die Smuts-Hofmeyr-bewind vereis, en met daardie doel voor oë ook die inspanning van die uiterste en verenigde kragte van hul onderskeie partye.

Hulle het bevind dat daar geen verskille in beginsels of in algemene beleid bestaan wat daardie gewenste en eendragtige samewerking sou kan verhoinder nie.

Werk Saam

Hulle het dan ook namens hulself en namens hul onderskeie partye tot sodanige samewerking met mekaar ooreengekom.

Die besprekings het plaasgevind op die grondslag dat elkeen van die twee partye sy eie identiteit behou.

Verder is daar geen eis van enige aard teenoor mekaar gestel of bespreek nie, en is dit aangeneem dat deelgenootskap in dieselfde volksdiens en kameraadskap in dieselfde stryd toegelaat sal word om toekomstige verhoudings self en vrylik te bepaal.

Anderse Glitgenooi

Ten slotte doen hulle opreg en dringend 'n beroep op alle Suid-Afrikaners wat tot ander partye of groepe behoort, maar wat op die fundamentele vraagstukke met hulle saamstem, om hul ondersteuning te verleen vir die bereiking van die voorgestelde doel.

Hulle gee die versekering dat sodanige ondersteuning welkom sal wees, en vertrou dat langs daardie weg ons so gewenste volkseenheid opnuut en op hegte en blywende grondslag weer opgebou sal word, en dat alle verskille wat weens die oorlog of ander omstandighede ontstaan het, vir goed begrawe en vergeet sal word.

Ek wil graag verduidelik dat hierdie wetsontwerp nuwe terrein betree en ons is gretig om die hulp te verkry van die liggamme wat waarskynlik betrokke sal wees by die uiteindelige ontwerp van die wetsontwerp. Daar bestaan geen voornemens dat die wetsontwerp gedurende hierdie Sitting op die wetboek moet kom nie. Ons stel derhalwe voor om dit na 'n Gekose Komitee te stuur, en ek hoop dat die Gekose Komitee nie sal begin om voor 15 April getuënis te hoor nie, sodat die betrokke liggamme ruimskoos geleentheid sal hê om voor die dag te kom met hul getuënis.

Mnr. FRIEND: Ek sekondeer.

Goedgekeur.

WERKSAAMHEDE

Die EERSTE MINISTER: Ek stel voor—

Dað die verrigtings oor die voorstel vir die Derde Lesing van die Gedeeltelike Begrotingswetsontwerp, indien om twintig minute voor sewe-uur n.m. vandag onder oorweging, nie kragtens die Sessie-orde op 31 Januarie 1946 aangeneem, onderbreek word nie.

Mnr. FRIEND: Ek sekondeer.

Goedgekeur.

*Die EERSTE MINISTER: Ek stel voor—

Dat die Raad by sy uiteengaan op Woensdag, 27 Februarie, verdaag tot Donderdag, 28 Februarie, om half-elfuur v.m. in plaas van om elfuur v.m.

Die doel van hierdie mosie is om 'n addisionele halfuur aan ons te gee op Donderdagoggend vir die Begrotingsrede wat sal gelewer word deur my kollega. Die verklaring sal waarskynlik nie voor die middag-vergadering afgehandel wees tensy ons die addisionele halfuur verkry nie.

*Mnr. SAUER: Ons hoop dat dit vir ons goeie nuus sal wees en nie slegte nuus nie.

*Die EERSTE MINISTER: Ja, dit is vol goeie nuus.

Mnr. FRIEND: Ek sekondeer.

Goedgekeur.

INLYWING VAN SUIDWES-AFRIKA

*Mnr. LOUW: Ek stel voor—

Dat—

(a) Nademaal die gebied van Suidwes-Afrika kragtens die bepalings van die Verdrag van Versailles aan die Unie

van Suid-Afrika deur die Volkebond onder mandaat toegeken is om as 'n integrale deel van die Unie geadministreer te word; en

(b) Nademaal die Volkebond opgehou het om te bestaan, en nie sy magte en bevoegdhede ten opsigte van die Mandaatgebiede aan enige moondheid of aan enige ander groep van volke oorgedra het nie, en aangesien verder die Verdrag van Versailles geen voorsiening gemaak het dat die Volkebond sodanige magte en bevoegdhede kan oordra nie; en

(c) Nademaal die Unie van Suid-Afrika tans in de facto besit van die grondgebied van Suidwes-Afrika is, en de jure die magte van administrasie besit; en

(d) Nademaal (i) die oorweldigende meerderheid van die blanke bevolking van die gebied, Unie-burgers is en (ii) die Unie van Suid-Afrika die gebied nog altyd in belang van sowel die nie-blanke as die blanke bewoners geadministreer het en (iii) die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika 'n eenparige besluit ten gunste van die inlywing by die Unie aangeneem het;

Derhalwe versoek die Raad die Regering om nog gedurende die huidige Sitting van die Volksraad die nodige wetgewing in te dien, en die nodige stappe te doen, om die gebied van Suidwes-Afrika as 'n provinsie van die Unie van Suid-Afrika in te l'f na behoorlike raadpleging met die verskillende politieke partye in die gebied, asook met landbou- en ander belanghebbende organisasies, en op sulke terme en voorwaardes as waarvoor die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika en die Parlement van die Unie daarna mag ooreenkom, en onderhewig alleen aan die soewereine mag van die Unie van Suid-Afrika, sowel wat buitelandse as wat binnelandse aangeleenthede betref.

Mnr. die Speaker, die inhoud van hierdie mosie is van die grootste belang nie alleen vir die Unie van Suid-Afrika en sy bevolking nie, maar ook van die grootste belang vir Suidwes-Afrika en die bevolking van daardie gebied. Die belange van die twee gebiede en van die bevolkings van die twee gebiede staan in so 'n noue verband met mekaar, is so in mekaar ingevleg, dat dit moeilik, so nie onmoontlik is om die toekoms van die een te bespreek sonder om tegelyk die belange van die ander te oorweeg. Derhalwe is die toekoms en lotsbestemming van Suidwes-Afrika 'n saak van eweveel belang beide vir die Unie en die gebied van Suidwes-Afrika. Met die oog op sekere internasionale

ontwikkelings wat plaasgevind het, veral gedurende die afgelope ses maande, is dit duidelik dat die toekoms en lotsbestemming van Suidwes-Afrika in die nabye toekoms sal moet beslis word. Dit is ondenkbaar dat ons kan toelaat dat hierdie Sessie van die Parlement verbygaan sonder dat hierdie Huis die geleentheid kry om sy sienswyse oor hierdie uiters belangrike vraagstuk uit te spreek nie alleen deur middel van toesprake in hierdie Huis nie, maar ook, as dit moontlik is, deur middel van 'n besluit. Mag ek aan die begin sê dat dit my doel is om met die bespreking van hierdie mosie, dit uitsluitlik op die meriete daarvan te bespreek, om dit objektief te beskou, as dit moontlik is vir diegene wat so baie belangte gemeenskaplik het soos ons met Suidwes-Afrika het, om 'n mosie van hierdie aard objektief te behandel. Dit is my voorneme en ek vertrou dat hierdie debat ook in daardie gees sal voortgesit word. Ek wil ook die hoop uitspreek in verband met hierdie uiters belangrike saak dat die baie geskille oor politieke twisvrae wat ons in hierdie Huis verdeel, nie toegelaat sal word om die saak te vertroebel nie.

*Mnr. HOWARTH: Het u van sienswyse verander?

*Mr. LOUW: Ek hoop dat die opmerking van die agb. lid vir Rosettenville (mnr. Howarth) nie 'n aanduiding is van die gees wat deur die anderkant van die Huis in die bespreking van hierdie uiters belangrike saak aan die dag sal gelê word nie. Maar komende van die agb. lid vir Rosettenville, neem ons dit vanwaar dit kom. In die tweede plaas nie alleen wil ek die hoop uitspreek dat politieke geskille nie sal toegelaat word om die saak te vertroebel nie, maar ook dat met die oog op die internasionale aspek van die saak, 'n poging sal gedoen word om 'n ooreenstemming te bewerkstellig tussen alle partye sodat dit moontlik sal wees om 'n verenigde front te toon. Daar is 'n ander punt wat na my mening aan die begin moet genoem word. Dit spreek vanself dat die inwoners van die gebied Suidwes-Afrika, baie diep belangstel in die debat wat vandag hier plaasvind. Dit is te verwag. In een of twee briewe wat ek ontvang het, was daar byvoorbeeld die bedenkning dat ek 'n bybedoeling het met die indiening van hierdie mosie. Ek wil graag aan die bevolking van Suidwes-Afrika die versekering gee dat met die indiening van hierdie mosie vandag, sprekende nie alleen vir myself nie, maar ook diegene wat met my aan hierdie kant van die Huis geassosieer is, daar geen die minste bybedoeling is nie, en dat ons met die indiening daarvan alleen aangevuur word deur die belangstelling in die belange van die Unie van Suid-Afrika en die gebied van Suidwes-Afrika. Daar is 'n ander inleidende opmerking wat na my mening nodig is om in verband met hierdie

saak te maak. Dit is te kenne gegee—ek het so 'n bewering in die pers opgemerk—that 'n bespreking van hierdie saak in die Huis 'n ongunstige uitwerking oorsee kan hê, veral in die kringe van die Verenigde Volksorganisasie. Ek kan nie met so 'n bewering saamstem nie. Eerderdaad, ek verskil beslis daarvan. In die eerste plaas, is dit nie alleen natuurlik nie, maar dit is ook gewis dat 'n bespreking in hierdie Huis sal plaasvind met die oog op die gemeenskaplike belange wat daar bestaan tussen die twee gebiede, met die oog op die feit dat ons buurgebiede is en met die oog op die feit dat vir alle praktiese doeleindes Suidwes-Afrika deel uitmaak van die gebied van die Unie. Ek sê dat met die oog op daardie oorwegings, dit onnatuurlik sou wees as hierdie aangeleentheid nie gedurende die huidige Sitting in die Huis bespreek word nie. 'n Bespreking is veral nodig met die oog op die feit dat 'n nuwe situasie ontstaan het uit hoofde van die beëindiging van die mandaat as gevolg van die feit dat die Verkeerbond die lewe ingesket het. Ek sê derhalwe dat hierdie Huis sy plig sal versum as hy nie gedurende hierdie Sitting by die eerste geleentheid wat hom voordoet, die saak in al sy aspekte bespreek het nie—veral met die oog op die moontlike gevolge van enige optrede wat daar mag wees. In die tweede plaas wil ek hierdie verdere voorlopige opmerking maak dat ek nie in die minste kan instem waarom die Verenigde Volksorganisasie ongunstig moet reageer op die besprekings wat in hierdie Huis plaasvind of op die feit dat die mandaatgebied in hierdie Huiste ter sprake gehring is. Ek wil daarop wys dat die belang van V.V.O. in Suidwes-Afrika geheel-al afhang van die standpunt wat ingeneem word deur die Unie-regering en die Unie-Parlement. Die posisie is dat, tensy Suid-Afrika instem met die Trusteeskap-voorstel en gewillig is om die gebied Suidwes-Afrika onder die voorgestelde trusteeskap van die V.V.O. te plaas, is daar na my stelling niks verder oor die saak te sê nie, en daar kan geen klagte van die kant van die V.V.O. kom nie. Toe die agb. Eerste Minister van die Unie die ooreenkoms aangaande die V.V.O. in San Francisco onderteken het, het hy daardeur nie die reg of titel van die Unie weggeteken wat die gebied Suidwes-Afrika aanbetref nie. Ek kom nou by die twisvraag wat deur hierdie mosie geopper word, 'n baie belangrike twisvraag, en ek kan daarby sê 'n besonder belangwekkende. Laat my toe om kortliks 'n opsomming te gee van die mosie soos dit op die agenda verskyn. In die eerste plaas vra die mosie om die inlywing van die gebied van Suidwes-Afrika in die Unie van Suid-Afrika. Ek vra in die tweede plaas dat so 'n inlywing onderworpe moet wees aan die volle soewereine mag van die Unie van Suid-Afrika met betrekking tot beide die binnelandse en buitelandse sake van Suidwes-Afrika. Dit vra verder dat in verband met so 'n inlywing,

as en wanneer dit plaasvind, daar vooraf raadpleging moet wees van die politieke partye van ander belange in Suidwes-Afrika en dat die vraagstuk van die voorwaardes van inlywing een sal wees vir 'n skikking tussen die Unie-Regering en die wetlik saamgestelde gesag in die gebied van Suidwes-Afrika. In die aanhef van die mosie stel ek die grondslae vir die mosie. In die eerste plaas word daarop gewys dat Suidwes-Afrika aan die Unie van Suid-Afrika toegesê is deur die Geallieerde Moondhede om geadministreer te word, as 'n integreerende deel van die Unie. Tweedens word daarin verklaar dat die Volkebond sedertdien opgehou het om te bestaan, en dat daar geen oordrag was van die regte en magte van die Volkebond aan enige ander organisasie nie. In die derde plaas word in die aanhef daarop gewys dat die Unie de facto in besit is van die gebied van Suidwes-Afrika, en dat hy de jure die reg besit om die gebied te administreer. Vierdens is daar 'n verwysing na die binnelandse posisie en omstandighede, soos byvoorbeeld dat ons te wete gekom het, nie alleen deur middel van 'n besluit van die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika nie, maar ook deur besluite op openbare vergaderings dat die inwoners van die gebied inlywing in die Unie begeer. Ek wil in die verbygaan daarop wys—en dit is 'n belangrike punt—dat my mosie verder gaan as blote inlywing. Ek kan daarop wys dat dit reeds 25 jaar gelede kon plaasgevind het, en ek sal lateraan die nodige outoriteit aanhaal vir my stelling. Te eniger tyd gedurende die afgelope 25 jaar sedert die mandaat aanvanklik aan die Unie van Suid-Afrika gegee is, was dit moontlik vir die Unie-regering om Suidwes-Afrika in te lyf as 'n vyfde provinsie van die Unie. Die kern van die mosie soos dit op die agenda verskyn, is die gebruik van die woorde „onderhewig aan die soewereine mag van die Unie van Suid-Afrika, sowel wat buitelandse as wat binnelandse aangeleenthede betref.” Mnr. die Speaker, dit is my plan om later in my toespraak die vraagstuk van soewereiniteit te bespreek, wat dit beteken en presies waar soewereiniteit gevestig is in die geval van Suidwes-Afrika. Om dit in duidelike taal te stel, die doel van hierdie mosie is dat aangesien die mandaatverhouding tussen Suidwes-Afrika en die Unie van Suid-Afrika ingetrek is deur die verdwyning van die Volkebond, wat die enigste liggaam was wat magte besit het met betrekking tot die mandaat, die Unie van Suid-Afrika in die veranderde omstandighede wat sedert daardie tyd ontstaan het, nie moet toelaat dat hy gevoer word tot 'n nuwe mandaatverhouding nie. Die kern van die mosie is dat in die nuwe omstandighede wat ontstaan het, die Unie-regering gebruik moet maak van die situasie wat ontstaan het om die posisie de facto om te skep tot die posisie de jure in die volste sin van die woord

Hierdie mosie gaan derhalwe verder as wat, na ek verneem, die voorneme is van die agt Eerste Minister. Ek verlaat my natuurlik alleen op koerantriberte, en ek weet nie wat daar in die gedagte van die Eerste Minister is nie. Maar ek wil tog dit sê dat as die bedoeling van die Eerste Minister bloot is om Suidwes-Afrika as 'n vyfde provinsie in te lyf, dan moet ek daarop wys dat dit 25 jaar gelede kon gedoen gewees het; dit kon te eniger tyd gedoen gewees het, sedert die aanvaarding van die mandaat. Die doel van hierdie mosie is dat ons verder moet gaan en wolk soewereiniteit moet aanvaar ten opsigte van die gebied beide wat betref binnelandse en buitelandse aangeleenthede. Met my behandeling van die mosie, is dit my voorneme om die internasionale en juridiese aspek te bespreek, veral as gevolg van die nuwe omstandighede wat ontstaan het, en die nuwe toestande wat onlangs in die lewe geroep is. My sekondant sal meer bepaald die posisie in Suidwes-Afrika self behandel, die gevoel van die bevolking aldaar, die omstandighede van die gebied, ekonomiese vraagstukke en sake van daardie aard. Behandeling van die juridiese posisie is baie noodsaaklik in die bespreking van hierdie mosie. In die eerste plaas is dit my doel om aan te toon dat selfs ander die mandaatstelsel en selfs gedurende die leeftyd van die Volkebond, as gevolg van sekere ontwikkelings, die soewereiniteit van die Unie oor die gebied van Suidwes-Afrika volledig was. Dit is my eerste stelling. My tweede stelling sal wees dat as gevolg van die oorlye van die Volkebond daar nie meer enige twyfel kan wees — as daar enige twyfel in die verlede was — aangaande wat die werklike juridiese posisie van Suid-Afrika met betrekking tot die gebied van Suidwes-Afrika is nie. My derde stelling sal wees dat dit nie in belang van die Unie van Suid-Afrika of in die belang van die gebied van Suidwes-Afrika sal wees vir die Unie-regering om 'n trusteskop-ooreenkoms aan te gaan soos in die handves van die Verenigde Volke voorgestel word nie. In die eerste plaas is dit noodsaaklik om kortweg 'n historiese relaas te gee van die mandaatstelsel. Na die beëindiging van die Eerste Wêreldoorlog het die vraag ontstaan wat daar moet gedoen word met die geblede wat voorheen aan Duitsland behoort het. Daar was twee opvattinge in verband daarmee. Die een was dié wat uiting vind in die stelling: „Aan die oorwinnaar die buit.” Die ander opvatting was dié wat aangegee is deur president Wilson in sy verklaring van veertien punte, en wat uiting vind in die kreet van: „Geen anneksasie.” Vir my lyk dit duidelik, na raadpleging van die geskiedskrywers, en nadat ek die geskiedenis lees het van die besprekings op die Vredeskongres, dat die mandaatstelsel bedink is as 'n vergelyk tussen hierdie twee uiterstes. As gevolg van latere ontwikkelings en oordelende na die

verklarings wat gedoen is deur diegene wat hierdie vraagstuk baie sorgvuldig bestudeer het, lyk dit of daar grond is om aan te neem dat die mandaatselsel, veral met betrekking tot die C-mandate, in werklikheid 'n soort camouflasie was—om gebruik te maak van 'n uitdrukking wat gangbaar geword het gedurende die Eerste Wêreldoorlog—om 'n soort bedekte anneksasie te verskuil. Wanneer ek dit sê, dan spreek ek nie my eie sienswyse uit nie, maar ek gee uiting aan die sienswyse van diegene wat 'n noukeurige studie van die hele vraagstuk gemaak het. Wat ookal die werklike doel daarvan mag gewees het, 'n vergelyk is aanvaar, 'n vergelyk wat die idealiste aan die een kant tevrede gestel het, en die oorwinnaars aan die ander kant. Hierdie vergelyk het enigiens verskil van die meeste vergelyke, veral van vergelyke van 'n politieke aard, wat niemand bevredig nie. In hierdie geval was dit 'n vergelyk wat almal bevredig het. Waar het die begrip van die mandate ontstaan? Die vader van die mandaatselsel was ongetwyfeld die agt. Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika. Dit het uit sy brein gespruit. Dit is in die eerste instansie aangevoer in die Eerste Minister se boek wat aangehaal word deur al diegene wat oor die mandaatselsel skryf, waarvan die voorwoord gedateer is 16 Desember 1918 en wat die titel dra „The League of Nations, a Practical Suggestion”. Dit is volkome duidelik dat hy die vader van die skema was. Dit lyk uit die boek van die Eerste Minister dat hy ook erken het dat daar 'n botsing was tussen die idealiste aan die een kant en die oorwinnaars aan die ander kant. Hy maak melding van 'n botsing van begrippe aangaande „uitbreidingsug” aan die een kant en „fundamentele beginsels” aan die ander. Mag ek aanhaal uit wat geskryf is deur die Eerste Minister? Hy stel hierdie vraag—[vertaling]

Gaan die oorwinnaars oormekaar val om die buit te bekom . . . staatsmanne sal in hul kolossale taak te staan kom voor botsende oorwegings . . . hulle sal in groot versoeking verkeer om hierdie unieke geleentheid te gebruik vir uitbreidingsug.

Hy gaan dan verder om die anderkant te stel en hy maak melding van sekere fundamentele beginsels, veral dié wat deur president Wilson vasgelê is in sy veertiende punte—

. . . Hierdie fundamentele beginsels wat as rigsgnoer moet dien vir die Volkebond in sy territoriale beleid . . . is in die afgelope twee jaar opgesom in die algemene formule van „geen anneksasie” en die selfbeskikkingsreg van volke.

Hy gaan verder—

Vir die gewone mense in alle lande was hierdie oorlog, hoe vaag en onbepaald ookal, 'n oorlog van ideale—'n oorlog oor geestelike waardes.

En dan stel die agt. Eerste Minister die anderkant—

Maar as die vrede werklik kom, nie op die grondslag van 'n skikking in terme van universele beginsels van menslikheid nie, maar in 'n terugkeer tot die ou beleid van gryp, hebsug en verdelings, dan sal die bitterheid van die ontugtering voorwaar volslae wees.

Dit is derhalwe duidelik uit hierdie verklaring van die Eerste Minister dat hy besef het dat daar 'n botsing was en dat dit nodig was om 'n vergelyk te vind, iets wat almal sou bevredig. Dit word ook erken deur diegene wat die posisie baie noukeurig bestudeer het. Ek wil die Huis nie onnodig met aanhalings lastig val nie, maar dit is nodig wanneer ons 'n saak van hierdie aard opbou, om dit te rugsteun deur outoriteite aan te haal. Daar is 'n baie belangwekkende boek oor internasionale mandate wat geskryf is deur professor Margolish van die Verenigde State van Amerika. Ek is geneig om belang te heg aan die sienswyse wat uitgespreek is deur Amerikaanse juriste, want in verband met hierdie saak van die mandate was hulle in die posisie van mense wat op die kantlyn staan; hulle was nie onder die oorwinnaars nie; daar was geen kwessie in hul geval dat hulle na die buit wou gryp, soos die Eerste Minister dit gestel het nie. Hulle was toeskouers. In sy boek „The International Mandates” stel professor Margolish die posisie as volg—[vertaling]

Die imperialiste het gekry wat hulle wou hê, en die idealiste het daarin geslaag om sulke tokenings te kwalifiseer deur voorsiening te maak vir waarborg vir behoorlike uitvoering van die trusteeskappe wat geskep is.

'n Ander belangrike outoriteit is M. Rappard. M. Rappard was hoof van die Mandaat-afdeling van die Volkebond, en later het hy lid geword van die Mandate-kommissie. Ek het die genot gehad om M. Rappard heeltemal goed te ken. Hy sê dit—[vertaling]

Die mandaatselsel het 'n soort vergelyk gevorm tussen die stelling wat aangevoer is deur die pleitbesorgers van anneksasie en die van diegene wat begierig was om koloniale gebiede toe te vertrou aan internasionale administrasie.

Hier het ons nog 'n botsing. Dit blyk uit die outoriteite dat daar inderdaad so 'n botsing was. Daar was staatsmanne by die Vredeskongres wat 'n internasionale beleid bepleit het — internasionale beheer soos daar was en nog bestaan in die geval van Tanger. M. Rappard meen dat die mandaatselsel 'n vergelyk was tussen hierdie botsende begrippe. Om terug te keer na die ontstaan

van die mandaatstelsel, ons vind hierdie baie belangwekkende punt, n.l. dat in stryd met die algemene opvatting, het die Eerste Minister nie toe hy sy skema vir mandaat-administrasie voorgestel het, die mandaatstelsel soos dit vandag bestaan in die vooruitsig gestel nie, of lievers soos dit later uitgebrei is nie. Die Eerste Minister het in sy boek die mandaatstelsel beperk alleen tot daardie gebiede wat voorheen aan Rusland, Oostenryk en Turkye behoort het. Met ander woorde, die agb. Eerste Minister het toe hy die begrip van 'n mandaatstelsel ontwikkel het, alleen gedink aan daardie gemeenskappe wat in staat was om selfregering te aanvaar. Ek beweer dat dit 'n uiters belangrike punt is om in die gedagte te hou, veral wanneer ons die geval van Suidwes-Afrika bespreek. Dit is nodig om aan te haal wat die Eerste Minister geskryf het. In sy bespreking oor die Europese gebiede wat voorheen aan Oostenryk, Rusland en Turkye behoort het, het hy dit gesê—[vertaling]

In elk geval, in sover dit die bevolkings in gebiede aangaan wat voorheen behoort het aan Rusland, Oostenryk, Hongarye en Turkye, moet die Volkebond beskou word in die mees algemene sin as die gesag waaraan dit sal terugval en as beklee met die uiteindelelike beskikkingsreg in ooreenstemming met sekere fundamentele beginsels.

Hy gaan verder—

Om hierdie redes beperk ek die volgende algemene aanbeveling tot die bevolkings en gebiede wat voorheen aan Rusland, Oostenryk en Turkye behoort het.

Dan gaan hy daartoe oor — en dit is van die grootste belang — om die Duitse kolonies in Afrika en in die Stille Oseaan, met insluiting van Tanganjika te bespreek, en hy het 'n baie duidelike verskil getrek tussen gebiede wat in staat was tot selfregering en ander wat nie daartoe in staat was nie. Die Eerste Minister het dit geskryf—

Die Duitse kolonies in die Stille Oseaan en Afrika word bewoon deur barbare wat nie alleen onmoontlik hulself kan regeer, maar aan wie dit ondoenlik sal wees om enige begrip van selfbeskikkingsreg in die Europese sin toe te pas. Hulle kan geraadpleeg word of hulle hul meesters wil terughê, maar die uitslag sal so 'n uitgemaakte saak wees, dat die raadpleging oorbodig sal wees. Die lot van hierdie kolonies moet beslis word op grond van die beginsels wat president Wilson vasgelê het in die vyfde van sy beroemde 14 punte.

Nou, wat is die vyfde van die 14 punte waarvan die Eerste Minister verwys en wat hy ver-

klaar, behoort toegepas te word in die geval van hierdie gebiede. Punt no. 5 van Wilson se 14 punte, lui as volg—

'n Vrye, openhartige en absoluut onpartydige aansuiwering van alle koloniale aansprake gegrond op 'n strenge handhawing van die beginsel dat by die bepaling van al sulke vraagstukke van soewereiniteit, die belange van die betrokke bevolkings gelyke gewig moet kry, naas die billike else van die Regering wie se titel moet vasgestel word.

Dit is die beginsel wat die Eerste Minister in gedagte gehad het in verband met die beskikking oor die Afrikaanse en Stille Oseaan-gebiede. Dit kom my voor dat no. 5 van Wilson se 14 punte wel die beginsel kan wees wat in gedagte gehou word wanneer ons die mandaatvraagstuk bespreek. Dit sal interessant wees om te weet presies wat bedoel word met hierdie vyfde punt van president Wilson, n.l. met die woorde „billike else van die Regering wie se titel moet bepaal word.” Het dit betrekking gehad op die vorige regering — Duitsland, of was dit bedoel om betrekking te hê op daardie regerings wat 'n sekere titel of belang gehad het by die besondere gebiede. Met die oog op die feit dat die agb. Eerste Minister uitdruklik na punt no. 5 verwys het, toe hy die toekoms van hierdie gebiede bespreek het, moet ons dit in gedagte hou met die oog op die veranderde omstandighede. Dit is duidelik dat die Eerste Minister nie die Afrikaanse gebiede as geskik vir die mandaatstelsel beskou het nie. Ek noem dit ook om 'n ander rede. Ek dink ook dat dit nuttig is om die Eerste Minister te herinner aan die standpunt wat hy destyds ingeneem het, ingeval hy gewetensbeswaar het of teensinnig voel in verband met die aanname van my mosie. Ek wil hom daarop wys dat, as hy hierdie mosie sou aanvaar—en ek is bereid om enige amendement te oorweeg wat hy miskien nodig ag, mits die algemene gees van die mosie nie gewysig word nie—dan sou hy nie daarmee ontrou wees aan sy eie voorstelle soos in sy boek vervat nie; hy sal ook nie sy eie handewerk misken nie, as ons vir die oomblik die feit buite rekening laat dat sy handewerk, die Volkebond, sedert daardie tyd oorlede is. Dit is volkome duidelik dat die deel van artikel 22 van die Volkebond-ooreenkoms wat te doen het met die Afrikaanse gebiede, later bygevoeg is, en dat dit nie deel van die oorspronklike wenk van die Eerste Minister was nie. Die geskiedenis van die finale beskikking oor die gebiede in die Stille Oseaan en in Afrika, is 'n baie interessante verhaal en dit bring aan die lig die hewige stryd wat daar in die vergaderings van die Geallieerde plaasgevind het, en ook by die Vredeskonferensie tussen die verskillende gesigspunte. Daar was byvoorbeeld die pleit-besorgers van anneksasie. Daar was diegene

wat internasionale administrasie wou hê. Daar was diegene wat volle onafhanklikheid wou verleen, en daar was diegene wat herstel bepleit het. Baie verskillende slenswyses is uitgespreek. Ek twyfel nie daaraan dat die Eerste Minister, wanneer hy op die mosie antwoord, in staat sal wees om nog verdere interessante inligting te verskaf oor wat daar werklik plaasgevind het nie. Hy is een van die weinige manne (so nie die enigste nie) wat vandag nog lewe wat deelgeneem het aan die besprekings. Daar was baie wenke en voorstelle. Ons vernem dat dit die regerings van die Dominiums was, en meer bepaald Australië en Nu-Seeland wat verlang het om 'n houvast te verseker op die Duitse besittings in die Stille Oseaan en elders. Australië is in hierdie stryd aangevoer deur mnr. Hughes, die toenmalige Eerste Minister, en Nu-Seeland deur mnr. Massey. Albei hierdie Staatsmanne het aangedring op die anneksasie van die eilande in die Stille Oseaan wat aan Duitsland behoort het. Ek kom nou by die volgende punt, naamlik die skepping van die C-mandate waaronder die Unie ingedeel is. Die C-mandate is, volgens wat blyk uit die verslae van die Vredeskonferensie wat te boek gestel is, spesifiek geskep om aan sekere eise te voldoen. Dit is die rede waarom die volgende woorde in die C-mandate ingevoeg is—

Om geadministreer te word as 'n integreerende deel van die gebied van die mandaatmoondheid.

Hierdie byvoeging was bedoel om veral Suid-Afrika, Australië en Nu-Seeland te bevredig, en dit is deur laasgenoemde volgens een skrywer, beskou as gelykstaande met anneksasie. Daar is 'n ander belangrike verskil tussen die C-mandate en die ander twee klasse, wat ook bedoel was om aan die begeertes van die Dominiums te voldoen. Die bepaling van die ope deur wat verskyn in die toekennings van die ander mandate, naamlik dat alle lande en alle volke gelyke handelsgeleenthede sou hê in die betrokke gebiede, verskyn nie in die C-mandate nie, en dus is daar ook nie in die mandaat oor Suidwes-Afrika enige bepaling aangaande die ope deur nie. Soos een skrywer dit stel: „Hierdie veranderinge het ontstaan deur die aandrang van die Dominiums dat hul posisie de facto reggestel moes gemaak word.” Mnr. Massey van Nu-Seeland was besonder beslis. Hy het gesê dat „dit alleen op grondslag van daardie artikel (hy het verwys na die C-mandate) was dat die Dominiums die mandaatbeginsel aanvaar het.” Dit is nuttig om mnr. Fraser, die verteenwoordiger van Nu-Seeland op die konferensie van die V.V.O. in Londen, te herinner aan die houding wat ingeneem is deur een van sy voorgangers. Mnr. Fraser se houding is baie anders. Hy het 'n baie verhewe toon aangeslaan, toe hy die vraagstuk behandel het van die beskikking oor hierdie gebiede.

Sy standpunt is vandag presies die teenoorgestelde van die wat ingeneem is deur 'n vorige Eerste Minister van Nu-Seeland: Dit is duidelik dat artikel 22 by uitstek 'n vergelyk was, maar soos ek reeds aangekoon het, in teenstelling met die meeste vergelyke, het dit almal bevredig. Die idealiste was gelukkig, en die ander, die oorwinnaars, het gekry wat hulle wou hê. Ek kom nou by 'n meer besondere ondersoek van artikel 22 wat die grondslag is van die hele mandaatstelsel. Dit is nodig om artikel 22 te bespreek—die uitleg en betekenis daarvan. Ofskoon my mosie hoofsaaklik gegrond is op die verdwyning van die Volkebond, is dit nogtans nodig om artikel 22 te bespreek, veral omdat die posisie van Suid-Afrika teenoor Suidwes-Afrika duidelik moet vasgestel word. Ons moet byvoorbeeld weet watter besondere regte aan die Unie van Suid-Afrika oorgedra is toe die mandaat aan die Unie oorgedra is. Daar is een punt in verband met artikel 22 waarvoor alle internasionale juriste dit volkome eens is. Dit was baie los opgetrek met gebrekkige bewoordinge. Daar het altyd baie groot moeilikhed ontstaan om presies te bepaal wat die bedoeling was van artikel 22. Een skrywer oor die mandaatstelsel sê dat die agb. Eerste Minister ook aandagig was aan die ontwerp daarvan. Miskien kan die agb. Eerste Minister 'n bietjie lig op die saak werp. Ons kry die indruk dat daar miskien 'n doel gesit het in die los bewoordinge van artikel 22 van die Volkebond-ooreenkoms, dat dit nie bloot aan agtelosigheid te wyte was nie, en dat die gebrekkige bewoordinge 'n besliste doel gehad het. Baie vraagstukke ontstaan in verband met die interpretasie van artikel 22. In die eerste plaas, wat was die juridiese betekenis van die toekennings van die mandaat. Wat was die verhouding tussen Suid-Afrika en die Volkebond met betrekking tot die mandaat? Watter verpligtings het die mandaatmoondheid op hom geneem? Watter magte is aan die mandaatmoondheid oorgedra? Waar was soewereiniteit gevestig? Hoe kon 'n mandaat beëindig word? Hierdie vraagstukke is deur baie internasionale juriste bespreek, maar geen vaste beslissings is in verband met die meeste van hulle bereik nie. Daar was geen beslissing selfs deur die Volkebondsrade nie. Dit is bespreek deur die Volkebondsrade, maar 'n beslissing is altyd vermy. Vreemd genoeg, hierdie kwessie van die interpretasie van artikel 22 is nooit aan die Internasionale Geregshof by Den Haag onderwerp nie. As gevolg van hierdie onsekerheid en hierdie uiteenlopende interpretasies, is die werklike betekenis en implikasies van artikel 22 toegelaat om as 'n ware in die lug te bly hang. Bespreking van artikel 22, die betekenis en implikasies daarvan, is nie makliker gemaak deur die los ontwerp en verskillende interpretasies wat daaraan gegee is nie. Dit sal opgemerk word dat in artikel 22 van die Volkebond-ooreenkoms, drie besondere uitdrukkings

gebruik word — trust, voogdyskap en mandaat. Dit is drie aparte regs-begrippe wat aan die private reg ontleen is. Ons moet in die gedagte hou dat die mandaatstelsel iets heeltemal nuuts was vir die Volkerreg, en dit was derhalwe nodig om na die private reg te gaan om 'n rigsgoer te kry. Die regs-begrip van voogdyskap is ontleen aan die Romeinse Reg, maar „trust” kom van die Engelse Reg. Die agb. Eerste Minister was die vader van die mandaatbegrip, en ons moet onthou dat hy 'n Suid-Afrikaanse regsgeleerde is en hy is opgelei in die beginsels van die Romeinse en die Romeins-Hollandse Reg. Ek dink dat ons dit as taamlik seker kan neem dat toe die Eerste Minister die begrip van die mandaatstelsel ontwikkel het, hy aan die begrip van die Romeinse Reg van Mandatum gedink het, soos dit later ontwikkel is in die Romeins-Hollandse Reg. Dit is nie vir my nodig om hier te bespreek wat in die Romeinse Reg met Mandatum bedoel is nie, maar ek wil vier aspekte noem van Mandatum in die Romeinse Reg wat ons, na my mening, in gedagte moet hou in verband met die mandaatvraagstuk. Ek weet nie of die Eerste Minister daardie punte in die gedagte gehad het toe hy die begrip van die mandaat ontwikkel het nie. Hulle is die volgende. In die eerste plaas is 'n Mandatum-kontrak 'n kontrak van 'n vrywillige aard waarmee albei partye instem. Tweedens, en dit is belangrik, die mandator, die man wat die mandaat verleen, kan nie die mandaat intrek nadat die uitvoering daarvan begin het nie. Selfs meer belangrik is die feit dat onder die Romeinse Reg 'n mandaat verloop het met die dood van of die mandator of die mandatarius. Dit is besonder belangrik as ons in die gedagte hou dat die mandator — in hierdie geval die Volkebond — heengegaan het. Die vierde punt in verband met die Romeinse Reg van Mandatum, is dat die mandator nie noodwendig die eienaar was van die eiendom wat onder die mandaat geval het nie. Ek is geregtig om die agb. Eerste Minister te vra of hy hierdie beginsels in die gedagte gehad het toe hy die idee van Volkebondsmandate ontwikkel het. As hy dit in sy gedagte gehad het, dan is dit duidelik dat hy waarskynlik verder gekyk het as wat hy destyds self besef het! Dit lyk of hierdie begrippe baie mooi inpas by die posisie soos dit vandag is, as gevolg van die jongste internasionale ontwikkelings. In die Hymansverslag vind ons dat M. Paul Hymans, 'n lid van die Volkebondsråd, 'n verslag ingedien het by die Volkebondsråd, en hy maak hierdie opmerking—

Die verantwoordelikheid van die mandaathouer is meer van 'n morele aard as van 'n wetlike aard.

'n Ander belangwekkende vraag wat ek nie gaan bespreek nie, maar alleen gaan noem, is wat die uitwerking is van die Verdrag

van Versailles met betrekking tot die mandaatstelsel. Dit is vandag 'n belangrike vraag met die oog op die veranderende posisie. Wat was ons posisie as 'n mandaathouer. Wat is ons verpligtings — as ons verpligtings het — ten aansien van die Verdrag van Versailles? Was die Verdrag van Versailles 'n veelvuldige kontraktuele verdrag? Was dit van 'n kontraktuele aard, of was die Verdrag van Versailles 'n veelvuldige wetmakende verdrag met statutêre krag in die Volkerreg? Dit is 'n enigsin te afgetrokke saak vir bespreking in hierdie debat. Dit is afdoende om te sê dat internasionale juriste nie in staat was om oor daardie besondere vraagstuk ooreenstemming te bereik nie. Dit is egter om een rede belangrik omdat dit die belangrike vraagstuk te berde bring van 'n vrywillige en eensydige beëindiging van verpligtings onder daardie verdrag. Dit is beweer dat die Unie van Suid-Afrika nog gebind word deur sy verdragverpligtings onder die Verdrag van Versailles. Ek kom nou by die vraagstuk van soewereiniteit — 'n uitsers belangrike saak, veral wanneer ons nie alleen die vorige en die teenswoordige nie, maar ook die toekomstige posisie van die gebied van Suidwes-Afrika, bespreek. Die vraag is dit: Waar is soewereiniteit gevestig; of hiewers, waar was die soewereiniteit gevestig in die tyd toe die Volkebond nog bestaan het. Daar bestaan geen twyfel hoegenaamd oor die huidige posisie wat spruit uit die verdwyning van die Volkebond nie. In verband met hierdie saak het daar ook 'n baie groot verskil van mening aan die lig gekom tussen die juriste. Waar was soewereiniteit gevestig? Was dit gevestig in die Hoof- en Geallieerde Moondhede, met ander woorde, in die opperste raad van die Geallieerde Moondhede na die vorige oorlog, of was dit gevestig in die Volkebond; of was dit gevestig in die mandaatmoondhede, of was dit gevestig in die bevolkings van die betrokke lande? Dit is die verskillende gesigspunte wat deur die juriste gestel word. In die verbygaan kan ek sê dat die saak bespreek is in die saak van Rex teen Christian wat in ons appèlhof beslissings is. Ek keer later daarna terug. Die algemeen aangenome definisie van soewereiniteit is dat dit die algehele beheer is wat deur 'n staat uitgeoefen word oor 'n bepaalde gebied of volk met betrekking tot beide binnelandse aangeleenthede en bultelandse verhoudings. 'n Interessante definisie word gegee deur prof. Quincy Wright, hoof van die Instituut van Internasionale Verhoudings in Amerika. Prof. Wright sê —[vertaling]

Die uiteindelijke toets van 'n staat se volle soewereiniteit is sy vermoë om normale juristiese betrekkinge met alle ander state te bewerkstellig.

Hierdie definisie is van besondere belang met die oog op iets wat ek later sal aan-

haal in verband met 'n verdrag wat aangegaan is tussen die Unie van Suid-Afrika en die regering van Portugal in 'n verband met die grens van Suidwes-Afrika. Waar is soewereiniteit gevestig in die geval van C-mandate? Dit is duidelik dat voor die oorlog Duitsland die soewereine mag was in Suidwes-Afrika. Volgens artikel 119 van die Volkebondsooreenkomms het Duitsland ten gunste van die Geallieerde Hoofmoondhede en Geassosieerde Moondhede sy titel tot al sy gebiede en besittings van hom afgelê. Mag ek die aandag van die Huis vestig op die gebruik van die woorde „afstand doen” in artikel 119 van die Verdrag van Versailles. Internasionale juriste het daarop gewys dat daar 'n verskil is tussen „sessie” en „afstand doen”, en dat in terme van artikel 119 Duitsland nie 'n sessie gemaak het van sy gebiede aan die Geallieerde Moondhede nie, maar hy het van hulle afstand gedoen ten gunste van die Geallieerde Moondhede. Ek keer terug na die vraagstuk van soewereiniteit. Het soewereiniteit oorgegaan na die Geallieerde en Geassosieerde Moondhede in 1918, en het die opperste raad van die Geallieerdes dit weer oorgedra aan die Volkebond, vir uitdeling aan die mandaatmoondhede; was dit in die Volkebond gevestig of in die mandaatmoondheid? Sodra soos ons hierdie vrae stel, dan kom sekere andere vrae tevoorskyn. As soewereiniteit in die Opperste Raad van die Geallieerde en Geassosieerde Moondhede gevestig was na die vorige oorlog, wat het dan later gebeur toe die Opperste Raad van die toneel verdwyn het? Ons het die sonderlinge posisie dat alles oorlede is. Die Opperste Raad van die Geallieerdes van die oorlog van 1914-18 het daarmee heengegaan en die Volkebond het ook verdwyn, en dit rus nou in vrede na die stormagtige jare van sy bestaan. As soewereiniteit oor die mandaatgebiede in die Volkebond gevestig was, wat is die posisie vandag met die oog op die feit dat die Volkebond opgehou het om te bestaan, en soewereiniteit kan nie soos blote lyfgoed oorgedra word nie? In elk geval moet ek daarop wys dat daar niks in die Volkebond-ooreenkomms of in die Verdrag van Versailles staan wat aan die Volkebond die mag gee om sy magte of regte aan enige ander internasionale liggaam oor te dra nie. Daar is niks van dié aard nie. Daar is inderdaad hierdie belangwekkende feit dat daar niks in die Volkebond-ooreenkomms is, of in artikel 22, wat voorsiening maak vir die herroeping van 'n mandaat nie, en daar is ook niks oor die oordrag van 'n mandaat aan 'n ander moondheid nie, en nog minder aan 'n ander internasionale organisasie, soos blykbaar in die vooruitsig gestel word in verband met die stigting van die V.V.O. Mag ek ook daarop wys dat toe die mandate uitgedeel is, die Volkebond nie geraadpleeg is nie. Inderdaad, toe die mandate uitgedeel is, het die Volkebond nog nie eens bestaan nie. En die

Opperste Raad wat hulle uitgedeel het, het nou ook verdwyn. En dit alles laat blykbaar die soewereiniteit in die hande van die mandaatmoondheid. Dit was die onderwerp van heelwat bespreking gewees en van heelwat meningsverskil. In die verslag wat aan die Volkebondsaad voorgelê is deur m. Paul Hymans in 1922, het hy dit gesê—[vertaling]

Ek sal nie 'n argument aanknoop nie—ofskoon dit sekerlik baie interessant sal wees—aangaande waar soewereiniteit in mandaatgebiede werklik gevestig is nie.

M. Van Rees wat onder-voorsitter van die Mandaatkommissie was, sê in sy boek oor die mandaatstelsel—[vertaling]

Die soewereiniteit van Duitsland oor sy oorsese besittings het oorgegaan na die Geallieerde Hoofmoondhede en Geassosieerde Moondhede. . . . Dit is egter 'n netelige vraagstuk waaroor daar altyd meningsverskil sal wees.

M. Van Rees was van mening, soos ons opmerk, dat soewereiniteit oorgegaan het na die Geallieerde Hoofmoondhede en Geassosieerde Moondhede. Lord Balfour het in 1920 op 'n vergadering van die Volkebondsaad gesê—[vertaling]

'n Mandaat is 'n selfopgelegde beperking deur die veroweraar op die soewereiniteit wat hulle gekry het oor verowerde gebiede.

Sir Frederick Lugard, later lord Lugard, en lid van die Mandaatkommissie, het ingestem met die Balfour-verklaring van die posisie, en hy het bygevoeg—

Hierdie gebiede het oorgegaan na die oorwinnaars deur 'n sessie onder die Vredesverdrag.

M. Henri Rolin, die vooraanstaande Belgiese juris, het die standpunt ingeneem dat soewereiniteit in die mandaatmoondheid gevestig is. Hy sê—

Die koloniale mandate kom ons voor as 'n konvensie sui generis, wat verskil van burgerlike mandate, en wat sessies van ewigdurende mag in die saak wat gadministreer word veronderstel. . . . Artikel 22, wat voltooi is deur die daadwerklike oordrag van die mandate, is in sy wese welik sowel as inderdaad, gelyk aan sessie van die Duitse kolonies.

Guilio Diena, 'n Italiaanse juris, is dieselfde mening toegedaan as m. Rolin. Prof. Margolish van die John Hopkins International Studies, sê in verband met 'n bewering van party skrywers dat soewereiniteit in die Volkebond gevestig is—[vertaling]

Aan die ander kant ontbreek dit die Volkebond aan baie van die karaktertrekke wat nodig is om 'n staat te vorm. Dit het nog gebied nog bevoiking, nog 'n mag om besluite van krag te maak. Ofskoon dit derhalwe gerieflik mag gewees het om sekere soewereine makte aan die Volkebond toe te vertrou, is dit twyfelagtig of dit juristis kan opgevat word as 'n soewereine of dat dit in staat is om soewereiniteit te besit.

Prof. Quincy Wright wie se boek oor die mandaatselsel een van die mees uitputtende studies van die onderwerp is, sê dit — [vertaling.]

Soewereiniteit van die gebied is gevestig in die Volkebond, wat werk deur die veranderingsproses van die Volkebondsooreenkomste, en dit word uitgeoefen deur die mandaathouer met die toestemming van die Volkebondsraad, met die oog op uiteindeleke oordrag aan die mandaatgemeenskappe self.

Ons sien dus dat daar heelwat meningsverskil is. Party sê dat soewereiniteit in die Volkebond gevestig was; ander sê dat dit gevestig was in die Geallieerde en Geassosieerde Moondhede; en nog ander sê dat dit gevestig is in die bevolking van die mandaatgebied; en dan nog ander sê dat dit in die mandaatmoondheid gevestig is. Maar dit is nie nodig om elders te gaan vir 'n opinie nie, want ons elc appélhof het hierdie saak baie deeglik en baie uitputtend bespreek in 'n baie sorgvuldig bewoorde uitspraak in die saak van Rex teen Christian in 1925. Die hoofregter, sir James Rose-Innes, het sy uitspraak hoofsaaklik gegrond op die interpretasie van Art. 119 van die Verdrag van Versailles. Hy het die vraagstuk van aflegging bespreek en hy het die vraag gestel of dit sessie beteken het of nie. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat „aflegging ten gunste van” nie dieselfde as sessie was nie, en hy het uitspraak gedoen —

Derhalwe was die wil wat onmisbaar is vir 'n wetlike sessie nie aanwesig by die ander kant nie.

Sir James Rose-Innes was geneig om die vraag te onduik aangaande waar soewereiniteit gevestig was. Hy het die saak uitmaak op grond van die ander twisvraag. Hy het die mandaatverhouding uitgelê as 'n verpligting wat op die Geallieerde Hoofmoondhede gerus het en wat deur hulle oorgedra is aan die mandaathouer. Ek moet egter daarop wys dat Rose-Innes, hoofregter, uitspraak gedoen het dat die Volkebond nie 'n staat was wat bevoeg was om soewereiniteit te geniet nie. Ofskoon hy dus die twisvraag op die ander gronde beslis het, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat soewereiniteit nie in die Volkebondsraad gevestig was

nie, en dit is 'n uiters belangrike punt in die beslissing van ons titeleg op Suidwes-Afrika. Maar die agb. Jacob de Villiers, appélregter, wat laer hoofregter geword het, het veel verder gegaan. Hy het die hele vraagstuk van soewereiniteit bespreek, en hy het besondere belangwekkende gevolgtrekkings bereik. Die vraag wat ter sprake was, was of die houe van die Unie van Suid-Afrika bevoeg was om uitspraak te doen in 'n saak van hoogverraad. Hy het dit gesê —

The only reason why the mandatory can be said to have no "majestus" must be sought in the nature of the mandate . . . If the sovereignty does not reside in the people of South West Africa, as it clearly does not — the Government being imposed upon it from without — then it must be sought elsewhere. We have seen it is not in the Principal Allied and Associated Powers. There is no indication in the Treaty that these Powers accepted the sovereignty, amongst other rights, for themselves. On the contrary, they received them; if at all, only to pass them on to the people concerned, or to the League of Nations which, apart from the sovereign right of each member, is not a state or even a confederation, and it is not clothed with any of the attributes of sovereignty. It cannot, therefore, be said to have any "majestus". The only other Power therefore, which can be said to have sovereignty is the Mandatory. But then it is said that the Union Government has no majestus, for it is limited by the terms of the mandate. Such limitation, in my opinion, does not deprive the Union of sovereignty over South West Africa.

Regter Wessels, wat later ook hoofregter van die Unie geword het, het instemming met dit uitspraak betuig. Hy het ook hierdie vraagstuk behandel aangaande waar soewereiniteit gevestig is of nie gevestig is nie, en regter Wessels het hierdie vraag gestel — [vertaling.]

Wat het die Duitse soewereiniteit vervang? Dit kan alleen wees of die Geassosieerde Moondhede of die Verdrag van Versailles of die Volkebond of die Unie van Suid-Afrika. Die Geassosieerde Moondhede vorm nie 'n staat of 'n soewereine mag nie. Dit is nog 'n statebond nog 'n bondstaat. Is soewereiniteit gevestig in die Volkebond? Wat die Volkebond ook al mag wees, dit is nie 'n staat nie. Dit besit geen van die elenskappe van 'n soewereine mag nie . . . Die Volkebond het geen impetum in die minste in die ware sin oor Suidwes-Afrika nie.

Dit is belangrik om op te let dat hy hierdie interessante gevolgtrekking bereik. Hy sê dat die Volkebond totaal geen gesag oor Suidwes-Afrika het nie. Hy voeg daarby —

Dit laat ons met die mandaatmoondheid. Wel, ofskoon die uitdrukking „mandaatmoondheid“ lyk of dit veronderstel dat die mandaatmoondheid as die agent van die Volkebond optree . . .

Ek wil veral die aandag van die Huis vestig op hierdie punt, want die argument is ook gebruik dat die Unie-regering bloot 'n agent was van die Volkebond. Regter Wessels sê—

Ofskoon dit lyk of die uitdrukking „mandaatmoondheid“ veronderstel dat die mandaathouer optree as die agent van die Volkebond of van die Geassosieerde Moondhede, is dit inderdaad nie so nie. Nóg deur die Verdrag van Versailles nóg deur die mandaat van die Volkebond is die Unie as 'n blote agent benoem. Daar is geen kwessie van respondeat superior nie. Nadat die Volkebond eenmaal verkies het om Suidwes-Afrika te oorhandig aan die Unie van Suid-Afrika, het die Volkebond geen reg of mag om aan die mandaatmoondheid voor te skryf watter wette in Suidwes-Afrika moet gevestig word of hoe dit moet regeer word nie . . . Die feit dat die Geassosieerde Moondhede onderling ooreengekom het dat die mandaathouer moet verslag doen aan die Volkebond oor wat sy politieke optrede in die mandaatgebed is, maak geen verskil nie. Dit is 'n blote verdragsverplichting wat nie sy onafhanlikheid of sy summum superum tref nie.

Dit sal moeilik wees om 'n duideliker en meer besliste verklaring te kry aangaande die posisie van die Unie van Suid-Afrika met betrekking tot die mandaatgebed van Suidwes-Afrika as wat vervat is in hierdie opinie van hierdie vooraanstaande juriste van ons land. Niemand kan die feit ontken dat regter De Villiers en regter Wessels gelyk staan met die vooraanstaande juriste van enige land nie.

*Mnr. MADELEY: Was daar geen beperkings nie?

*Mnr. LOUW Nee, die enigste beperking was 'n beperking in artikel 22 aangaande sulke sake soos die bou van verdedigingswerke, die afskaffing van drank aan natu- relle, die handel en verdoingsmiddels en sake van daardie aard. Intendeel, artikel 23 het gestipuleer dat die gebied van Suidwes-Afrika as 'n integrerende deel van die Unie moes of kon geadministreer word. Ek kom later by daardie punt. Dit wat betref die juristiese aspek van die mandaat van die Unie. Nou kom ek by die meer belangwekkende vraagstuk van die praktiese uitwerking van ons administrasie van Suidwes-Afrika. Hoe is die magte en regte wat aan ons oorgedra is deur die Geallieerde Hoofmoondhede en Geassosieerde Moondhede in werklikheid uitgeoefen deur die Unie van Suid-

Afrika, en wat was die uitwerking van die uitoefening van ons magte? Daar was nog nooit enige verskil van mening oor die kwessie of die Unie van Suid-Afrika geregtig was om Suidwes-Afrika in te lyf as 'n vyfde provinsie van die Unie, of nie. Dit is duidelik uit die terme van die mandaat. Ofskoon die Unie-regering nie werklik die stap gedoen het om die gebied in te lyf nie, het hy deurgaans opgetree asof Suidwes-Afrika inderdaad deel was van Uniale gebied. Daar is b.v. Unie-wet No. 20 van 1922 wat die spoorweë van die Suidwes-gebied aan die Unie van Suid-Afrika oorgedra het. Dit is belangwekkend om die bewoording van artikel 1 van daardie wet na te gaan—

Die spoorwye en havens in het gebied van Zuidwest Afrika . . . worden overgedragen aan en gevestigd in de Gouverneur-generaal van de Unie . . . Voor zover onroerende goederen overgedragen word geschiedt die overdracht met vol recht van eigendom en met betrekking tot spoorweglijnen omvat het overdragen recht van eigendom zoveel als nodig is voor de eksploitatie van de spoorweg.

Ek vestig veral die aandag op die gebruik van die term „vol recht van eigendom.“ Dit is duidelik dat die Unie-regering in 1922, onder die huidige Eerste Minister, die beskouing gehuldig het dat die gebied van Suidwes-Afrika vir alle praktiese doeleindes deel uitmaak van die Unie. Om die rede is die Spoorweë oorgedra met „vol recht van eigendom.“ Ek mag in antwoord op 'n tussen-werspel van die agb. lid vir Benoni (mnr. Madeley) daarop wys dat indien hy ons wette nagaan, hy sal vind dat Unie-wetgewing dikwels deur middel van 'n spesiale artikel in die wet toegepas is op Suidwes-Afrika. Derhalwe, hoewel die Unie nooit werklik die gebied ingelyf het nie, het hy die gebied vir alle praktiese doeleindes as deel van die Unie behandel. Ek kom nou by die belangrike punt van die buitelandse betrekkinge van die gebied van Suidwes.

Daar is gesê dat terwyl Suid-Afrika volle bevoegdheid gehad het om binnelandse sake te behandel, dit nie gelyk het ten opsigte van die buitelandse betrekkinge van die gebied nie. Ek het hier 'n ooreenkoms tussen die Unie van Suid-Afrika en Portugal. Die eerste paragraaf van hierdie ooreenkoms sê die volgende, nadat daar eers 'n verwysing is na 'n verdrag tussen die Duitse Keiser en die Koning van Portugal gedateer 30 Desember 1886—dan sê dit verder—[vertaling]

En terwyl onder 'n mandaat uitgevaardig deur die raad van die Volkebond krags tens Wet No. 22 van die Verdrag van Versailles, die Regering van die Unie van Suid-Afrika, onderhewig aan die bepallings

Brief van E.H. Louw aan dr. D.F. Malan, gedateer 20.11.1947,
insake bedanking van lede van die H.N.P.-Inligtingskomitee¹

Seer geagte Dr. Malan,

U brief van 15 deser is hierheen aangestuur waar ek tans op my jaarlikse vakansie is. Ek let op dat u afskrifte aan Adv. Strydom en Swart gestuur het. Hierdie skrywe kom van my persoonlik, en sonder raadpleging met twee oud-kollegas op die Inligtingskomitee. Ek stuur egter 'n afskrif aan hulle, in geval dat een, of albei van hulle op u brief, en op my antwoord, wil reageer.

Voordat ek verder gaan, mag ek eers sê dat wat myself betref, en ek weet ook wat betref my twee oud-kollegas, hierdie saak by ons bloot 'n beginselkwessie is, wat in generlei wyse ons verhouding teenoor u as Hoofleier, of teenoor die Party affekteer nie. Ons het gevoel dat die tweede rede vir u versoek vir die uitbreiding van die Inligtingskomitee neerkom op 'n gebrek aan vertroue in ons, en onder die omstandighede was daar vir ons geen ander weg ope as om uit die komitee te bedank nie.

Wat betref u antwoord op my brief, ek het dit baie sorgvuldig gelees, en gelet op wat u sê, maar dit spyt my dat ek nog van opinie is dat u versoek getuig het van 'n gebrek aan vertroue. U brief neem die saak niks verder as wat dit was toe ons die saak op Stellenbosch bespreek het nie.

In dié verband wil ek veral verwys na die volgende woorde in u brief:

"Verder wil ek ook konstateer dat my melding van daardie verskil, as 'n addisionele rede vir die gevraagde uitbreiding van die komitee, geensins geïnterpreteer kan word, soos u doen, as 'n bewys van wantroue nie. So iets is, soos u self weet, nie deur my te kenne gegee nie, nog is dit so bedoel. U vertolking van my woorde en motiewe is u eie, en daarvoor moet u alleen die verantwoordelikheid dra."

1. Afskrif in J.G. Strydom-vers., band 47.

Mag ek in alle beskeidenheid u daaraan herinner dat toe u die tweede rede vir u versoek aan my meegedeel het, ek dadelik gesê het dat ek dit in 'n ernstige lig beskou, aangesien dit neerkom 'n blyk van gebrek aan vertroue in die drie betrokke lede van die Komitee. Waar u nou sê dat "so iets nooit (deur u) te kenne gegee is nie" en dat my vertolking van u woorde en motiewe verkeerd en my "eie" is, is ek verplig om u daaraan te herinner dat u destyds my nie reg gehelp het nie; dat u nie toe ontken het dat u versoek op wantroue gebaseer was nie. U het nie toe gesê dat ek u versoek verkeerd "vertolk" nie. Inteendeel, toe ek gesê het dat "dit ondenkbaar is dat die drie betrokke lede van die komitee van hul posisie misbruik sal maak om 'n beleid te verkondig wat in stryd is met die besluit van die Kongresse", het u by wyse van tussenwerpsel gesê: "Ja, maar julle kan dit dalk onwillekeurig doen."

Die feit dus dat ek in u teenwoordigheid u versoek as 'n blyk van wantroue "vertolk" het – en u het dit toe nie ontken nie. En u tussenwerpsel het bewys gelever van wat u self in gedagte gehad het.

Maar dan moet ek u verder daaraan herinner dat na my terugkeer na Kaapstad, ek aan my kollegas 'n verslag van my onderhoud met u gestuur het, en dat ek in genoemde verslag die kwessie van "wantroue" duidelik uiteengesit het. Ek het aan u 'n afskrif van genoemde verslag gestuur, en daarin het die volgende voorgekom:-

"Ten einde enige moontlike misverstand te voorkom, stuur ek 'n afskrif van hierdie brief aan dr. Malan, in geval dat ek in die een of ander opsig sy versoek, en/of die redes daarvoor, nie korrek weergegee het nie ..."

Verder het die volgende in die brief voorgekom:-

"Aangesien daar 'n belangrike beginsel op die spel is, nl. die kwessie van vertroue in die drie lede van die Komitee, is ek van mening dat daar so gou moontlik 'n vergadering van die Inligtingskomitee byeen geroep moet word om die versoek van die Hoofleier te bespreek."

Hier het u dus vir die tweede keer my "vertolking" van u versoek verneem, en hierdie keer in skrif. U het ook geweet dat u versoek in daardie lig deur die komitee bespreek gaan word. En tog, het u nooit op my brief gereageer nie, en my laat weet dat my "vertolking" van u woorde en versoek my "eie" is nie, en dat ek "die verantwoordelikheid daarvoor alleen moet dra" nie. Met alle beskeidenheid wil ek dus sê dat u my dit nie moet kwalik neem as ek nou ernstige beswaar maak dat u nou die verantwoordelikheid op my

skouers wil lê nie! U het twee geleenthede gehad om aan my te sê dat my vertolking van u versoek, en van u motiewe verkeerd was, en u het (nie) van die geleenthede gebruik gemaak nie. Is dit nie ietwat laat om dit nou aan my te sê nie?

Wat betref u betoog omtrent die pligte van die Inligtingskomitee, vir sover dit die Havenga-ooreenkoms aangaan, staan ek nog by my bewering dat dit nie die werk van die Komitee is om oor inwendige Partygeskille pamflette en artikels te publiseer nie. Maar dit is 'n saak van opinie. Ek wil net sê dat as die Inligtingskomitee hom met inwendige Partygeskille begin inlaat, hy baie gou sy waarde vir die Party sal verloor, en die spot van die Opposisie sal word. In elk geval, wat u in daardie deel van u brief sê, dien alleen om my vertolking van u versoek te bevestig. U het gevrees dat die betrokke drie lede van die Komitee, omdat hulle anders dink oor die Havenga-ooreenkoms, pamflette sou uitgee wat in stryd met die kongresbesluite is.

Wat betref u slot argument aangaande my wenk aan u dat alle artikels en pamflette eers aan u voorgelê word vir goedkeuring, en u bewering dat so 'n reëling juis van wantroue sou getuig, wil ek daarop wys dat u ook nie daardie argument genoem het toe ons die saak met mekaar persoonlik bespreek het nie. Toe ek met my wenk kom - ten einde die posisie te probeer red - het u slegs gesê dat ek maar u versoek aan die komitee moet oordra. Ek kan met reg die vraag stel waarom u nie toe gesê het dat u die aanbod van die hand gewys het, "omdat die aanname van (my) voorstel juis daardie wantroue, as dit bestaan het, sou bewys nie." Daardie argument verneem ek nou vir die eerste keer van!

Ek wil u die versekering gee dat dit my innig spyt dat dinge i.v.m. die Inligtingskomitee verkeerd geloop het - Maar terselfdertyd wil ek verklaar dat die vertolking wat ek op u versoek geplaas het, die enigste moontlike was, veral aangesien ek toe reeds gesê het dat ek dit as 'n gebrek aan vertroue beskou, en dit later in 'n brief herhaal het. U het dit toe nie ontken nie. Die verantwoordelikheid vir wat gebeur het, rus dus nie op my skouers nie, en ook nie op die skouers van my twee kollegas nie.

Met hoogagting,

U vriend,

(Get.) Eric H. Louw.

BRONNE

I. ARGIVALE BRONNE

1. ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

1.1 Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Bloemfontein.

J.H.O. du Plessis-vers.

F.C. Erasmus-vers.

E.G. Jansen-vers.

J.D. Jerling-vers.

A.H. Jonker-vers.

E.H. Louw-vers.

H.F. Verwoerd-vers.

1.2 Kaapse Argief.

MOOC 8/1-11 : Boedel Inventarissen 1652 - 1766.

MOOC 7/1 e.v.: Testamente, 1689 -

MOOC 6/9 e.v.: Sterfkennisse.

C.J. 1 : Kriminele en Siviele Regsrolle,
1652 -

V.C. 639 : Stellenbosch Huweliksregister,
1700 - 1788.

S.G.E. 17/3, : Superintendent-General of Education
17/5, 1/82,
3/16.

1.3 Staatsargief, Pretoria.

J.B.M. Hertzog-vers.

J.C. Smuts-vers.

J.G. Strydom-vers.

C.T. te Water-vers.

1.4 Staatsargief, Bloemfontein.

N.J. van der Merwe-vers.

AKT4/2/2 : Argief van die Registrateur van Aktes:
- 4/2/4 Geboortesertifikate.

G.S. 1075 : Departement van Onderwys: Inkomende
- 1083 stukke, 1886 - 1893.

1.5 N.G. Kerkargief, Bloemfontein.

Jacobsdal Doop- en lidmateregister, 1891.

Jacobsdal Huweliksregister, 1861 - 1898.

Jacobsdal Notules, 1860 - 1892.

Smithfield Doopregister.

Vredefort Doopregister.

1.6 Jagger-biblioteek, Universiteit van Kaapstad.

W. de Villiers-vers.

Patrick Duncan-vers.

Morris Alexander-vers.

1.7 S.A. Weermagargief.

Diensrekordkaarte W.O. I.

German-South West Africa Campaign, box 11: departures.

1.8 Kantoor van die Weesheer, Kaapstad.

Boedelstukke nr. 3396/18, 18er 164/401
(Johannes Albertus Louw).

Boedelstukke nr. 3754/68 (Eric Hendrik Louw).

1.9 Nasionale Party-kantoor, Kaapstad.

Beaufort-Wes N.P.-tak, Notuleboek.

Queenstown N.P.-tak, Notuleboek 1919 - 1934.

E.H. Louw-stukke.

1.10 Skoolraadskantoor, Beaufort-Wes.

Minute Book Boys School, 1906 - 1934.

Minute Book School Board (Municipal, 3 vol.), 1908
1930.

1.11 Carnegie-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch.

Victoria College Mark Register, Intermediate
Examination 1908.

Victoria College Mark Register, B.A. Pass
Examination 1911.

Victoria College Debate and University Debating
Society: Minutes 1903 - 1930.

1.12 Wilgenhof-koshuis, Stellenbosch.

Minute and Constitution Book, 1906 - 1921.

1.13 Rhodes Universiteit.

Rhodes University College: Register 1904 - 1935.

1.14 E.H. Louw-dokumente.

'n Versameling dokumente wat deur skrywer hiervan
in die loop van sy navorsing byeengebring is.

1.15 Diverse.

Louw, J. en Malan, R.E.: Op die Oewers van die
Liesbeek. Die geskiedenis van die eerste Louws
en hul tydgenote, 1652 - 1724 (voorlopige titel
van ms.).

Louw, E.H.: "Ek Kyk Terug" (onvoltooide ms. van sy
herinneringe, veral m.b.t. sy diplomatieke diens-
jare).

Louw, E.H.: Dagboeke 1927 en 1928.

- Louw, E.H.: "My Bydrae tot die Stryd" (onvoltooid, ged. "1952 of 1953") in E.H. Louw-vers., band 72 (handskrif).
- Louw, E.H.: "n Minder bekende aspek van die Nasionale Stryd" (ged. "1946 of 1947") in E.H. Louw-vers., band 72 (handskrif).
- Louw, E.H.: "My Herinneringe aan Genl. Hertzog", in E.H. Louw-vers., band 72 (getikte kopie).
- Louw, E.H.: "The Republican Issue in South African Politics: the National Party's Viewpoint." (Deurslagkopie).
- Louw, E.H.: "Die Totstandkoming van die Diplomatieke Diens van die Unie van Suid-Afrika" (afgerol).
- H.N.P. Federale Raad: Notuleboek 1945 - 1948.

2. GEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

- 2.1 Buitengewone Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika, vol. CXV, no. 2596, 6 Januarie 1939: Vreemdelingewysigings- en Immigrasiewetsontwerp.
- 2.2 Debatte van die Volksraad, vol. 1 - 63 (1924 - 1948).
- 2.3 Debates of the House of Assembly ... as reported in the Cape Times: Reprints/Herdrukke, vol. VI (1921).
- 2.4 Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Resolusies van die Politieke Raad, deel I - VI (1651 - 1723). Kaapstad, 1957 - 1968.
- 2.5 S.A.U.K. Transkripsiediens: "n Plek Onder die Son", deur Jan Pretorius, 24.10.1967. Matrys Nr. L.T. 9040.
- 2.6 O.R. 48. Ordonnantie no. 17 van 1884. Ordonnantie van het Openbaar Onderwijs voor blanke kinderen in den Oranje-vrijstaat, Bloemfontein.

II. PERIODIEKE PUBLIKASIES

1. KOERANTE EN TYDSKRIFTE

Arthur Barlow's Weekly (1941⁺ - 1947⁺).

Die Burger (1915 - 1948).
 Cape Argus (periodiek).
 Cape Times (periodiek).
 The Friend of the Free State and Bloemfontein
 Gazette (1889 - 1898).
 The Forum (1937 - 1948).
 Grocott's Daily Mail (periodiek).
 Independent (1936⁺ - 1939⁺).
 Die Kourier, Beaufort-Wes (1900 - 1948).
 Natal Mercury (periodiek).
 Die O.B. (periodiek).
 Queenstown Daily Representative (1920-22, 1938).
 Rand Daily Mail (periodiek).
 The Rhodian, (1913 - 1919).
 Sjambok (1929⁺ - 1931⁺).
 South Africa, London (1925 - 1938).
 South African Nation (1923 - 1928⁺).
 S.A. Industry and Trade (1925 - 1928).
 The Star (periodiek).
 Sunday Express (periodiek).
 Die Transvaler (periodiek).
 Trek (voorheen Independent, 1939⁺- 1948).
 Die Vaderland (periodiek).
 Die Volksblad (periodiek).
⁺ Dui eerste en/of laaste uitgawes aan.

2. JAARBOEKE, ALMANAKKE EN PERIODIEKE PUBLIKASIES

The African Trade Organizer, 1925 - 1928.
 Calender of the Rhodes University College,
 Grahamstown, 1914 - 1919.
 Calender of the South African College and the South
 African College School, Cape Town, 1912 and 1913.
 Calender of the Victoria College, Cape Town, 1882 -
 1888.

Cape of Good Hope. Report of the Superintendent-General of Education, 1883 - 1888. Cape Town.

Donaldson & Hill's: Orange Free State Directory, 1899 - 1904. Cape Town.

Eikestadnuus (Universiteit van Stellenbosch), 22.4.1970 en 15.5.1970.

Gedenkboek van het Victoria College, Kaapstad, 1918.

The Golden Fleece (Rotary Club of Beaufort-West), vol. IV, 5.12.1961.

Handel- en Nywerheidsblad, vol. I no. 1 - vol. III no. 30 (Mei 1926 - Okt. 1928).

The Huguenot (New York), vol. 2 no. 4: May 1932.

Industrial and Commercial South Africa, Feb. - Nov. 1926.

Jubelfees-Gedenkboek van die Gemeente Jacobsdal, 1879 - 1929. Bloemfontein, s.d.

Matieland (Universiteit van Stellenbosch), jr. 12 no. 3 (Des. 1968).

Oberholster, J.J.: Eeufeesgedenkboek van die N.G. Gemeente, Jacobsdal, 1860 - 1960. Bloemfontein, 1960.

Parlementêre Register/Parliamentary Register, 1910 - 1961. Elsie'srivier, 1970.

The Rhodian, 1913 - 1919 (Students Magazine, R.U.C.)

Stellenbosch Student's Annual, 1892 - 1897.

Stellenbosch Student Quarterly, 1908 - 1911.

Verba. Jaarblad van Beaufort-Wes Seuns Hoërskool, 1956.

Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in den Oranjevrijstaat, 1886 - 1898.

Wilgenhof Gedenkboek, 1903 - 1967 (onder red. van O. Potgieter). Privaat sirkulasie 1968.

III. LITERATUUR

Anderson, K.: "... And So They Talked". Cape Town, 1963.

Barlow, A.G.: Almost in Confidence. Cape Town, 1952.

- Bellwood, W.A.: South African Backdrop. Elsies River, 1969.
- Blackwell, L.: Farewell to Parliament. More reminiscences of Bench, Bar, Parliament and Travel. Pietermaritzburg, 1946.
- Botha, C.G.: The French Refugees at the Cape. 3rd ed. Cape Town, 1970.
- Botha, W.A.: Die Parlementêre Verkiesing van 1948. 'n Ontleding van die faktore wat die verkiesing beïnvloed het. M.A.-verh., U.P., 1967.
- Cilliers, A.C.: Quo Vadis? Stellenbosch, 1939.
- Cilliers, A.C.: Die Stryd om Volkseenheid. Stellenbosch, 1941.
- Coetsee, D.J.J.: Die Geskiedenis van die Nasionale Party, 1914 - 1921. M.A.-verh., U.O.V.S., 1967.
- Coetzee, J.A.: Johannes van der Walt - Volkskampioen. Johannesburg, 1942.
- Craven, D. en Jordaan, P.: Met die Maties op die Rugbyvel 1880 - 1955. Kaapstad, 1955.
- Craven, D.H.: Springbok Annale, 1891 - 1958. Johannesburg, s.d.
- Curry, R.F.: Rhodes University, 1904 - 1970: A Chronicle. Grahamstown, 1970.
- De Villiers, C.C.: Geslachtregister der oude Kaapsche Familien II. Kaapstad, 1894.
- De Villiers, C.C. & Pama, C.: Geslachtsregisters van die ou Kaapse Families, II. Kaapstad, 1966.
- De Villiers, D.P.: A History of the De Villiers Family. Cape Town, 1960.
- Du Plessis, E.P.: 'n Volk staan op - Die ekonomiese Volkskongres en daarna. Kaapstad, 1964.
- Geyer, A.L.: Vier jaar in Highveld. Diplomatieke ervaringe ... as Hoë Kommissaris in Londen 1950 - 1954. Kaapstad, 1969.
- Godee-Molsbergen, E.C.: De Stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck. Amsterdam, 1912.
- Grobler, J.C.H.: Die Arbeidsvraagstuk aan die Kaap, 1952 - 1962. M.A.-verh., U.S., 1969.
- Haigh, S.: Strangers may be present. London, 1951.

- Hancock, W.K.: Smuts (I): The Sanguine Years, 1870 - 1919. Cambridge, 1962.
- Hancock, W.K.: Smuts (II): The Fields of Force, 1919 - 1950. Cambridge, 1968.
- Hiemstra, V.H.: Die Gesuiwerde Jare (J.P. Scannell (samest.): Keeromstraat 30). Kaapstad, 1965.
- Hoge, J.: Bydraes tot die Genealogie van ou Afrikaanse families. Amsterdam, 1958.
- Jonker, A.H.: "Die Oorsprong en Groei van die Nasionale Party in die Kaap Provinsie" (I.M. Goodman (samest.): Die Nasionale Boek). Johannesburg, 1931.
- Joubert, Dian: Oorlogsverklaring 1939 - Drama in die Volksraad. Kaapstad, 1973.
- Kannemeyer, A.J.: Hugenote-familieboek. Kaapstad, 1940.
- Kilpin, R.: The Romance of a Colonial Empire. London, 1930.
- Kotze, D.J.: Soeklig op die Kommunisme. Kaapstad, 1972.
- Krüger, D.W.: The Making of a Nation. A History of the Union of South Africa, 1910 - 1961. Johannesburg, 1969.
- Kruger, Jannie: President C.R. Swart. Johannesburg, 1961.
- Labuschagne, G.S.: Die Staatkundige Verhouding van Suid-Afrika tot die res van Afrika in die tydperk 1945 - 1966. M.A.-verh., P.U. vir C.H.O., 1967.
- Le Roux, J.H.: Die "Gesuiwerde" Nasionale Party, 1934 - 1940. M.A.-verh., U.O.V.S., 1973.
- Leibbrandt, H.C.V.: Precis of the Archives of the Cape of Good Hope, III ... Cape Town, 1900.
- Liebenberg, B.J.: Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931 - 1961 (C.F.J. Muller (red.): Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, pp. 376 - 378). 2e druk, Kaapstad, 1968.
- Louw, E.H.: Ierland toon die Weg aan. Konstitusionele Ontwikkeling sedert 1921. (Lesing voor A.N.S. te Stellenbosch, 31 Julie 1939). Kaapstad, 1939.
- Louw, E.H.: Die Kommunistiese Gevaar. (Voorligtingsdiens N.H.P., no. 1). Kaapstad, s.d.
- MacDonald, T.: Jan Hofmeyr, Heir to Smuts. Cape Town, 1948.

- Malan, D.F.: Afrikanervolkseenheid en my Ervarings op die pad daarheen. Kaapstad, 1959.
- Malan, M.P.A.: Die Nasionale Party van Suid-Afrika. Sy Stryd en Sy Prestasies, 1914 - 1954. Elsiesrivier, 1964.
- Malan, M.P.A. en Van Rensburg, M.C.E.: Verkiesingsuitslae 1910 - 1943. Bloemfontein, s.d., met Bylae: Volle Uitslae van die Algemene Verkiesing, 1948.
- Malherbe, D.F. du T.: Stamregister van die Suid-Afrikaanse Volk. Stellenbosch, 1966.
- Malga, E.A.: Die Dol Naweek van 1939 (J.P. Scannell (samest.): Keeromstraat 30) Kaapstad, 1965.
- Marais, A.H.: Die Politieke Uitwerking van die verhouding van die Afrikaanssprekende tot die Engelssprekende, 1910 - 1915. D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1972.
- Marais, C.: Die Nasionale Opposisie, 1921 - 1924. M.A.-verh., U.O.V.S., 1970.
- Martins, H.: Die Groot Republikeinse Volksbetoging van 1940 op Bloemfontein. Pretoria, 1970.
- Meiring, Piet: Tien Politieke Leiers. Manne na aan ons Premiers. Tafelberg, 1973.
- Meiring, Piet: Ons Eerste Ses Premiers. 'n Persoonlike Terugblik. Tafelberg, 1972.
- Naudé, L.: Dr. A. Hertzog, die Nasionale Party en die Mynwerker. Pretoria, 1969.
- Olivier, G.C.: Die Regte en Voorregte van die Kaapse Vryburgers tydens die bewind van Jan van Riebeeck. M.A.-verh., U.P., 1967.
- Parker, A.C.: Giants of South African Rugby ... Cape Town, n.d.
- Paton, A.: Hofmeyr. Cape Town, 1964.
- Pienaar, S.W. en Scholtz, J.J.J. (samest.): Glo in U Volk. Dr. D.F. Malan as Redenaar, 1908 - 1954. Kaapstad, 1964.
- Prinsloo, A.: Die Geskiedenis van Smithfield.
- Redelinghuis, J.H.: Die Afrikaner-Familienaamboek. Kaapstad, 1954.
- Pirow, O.: James Barry Munnik Hertzog. Parow, n.d.

- Roberts and Trollip: The South African Opposition, 1939 - 1945: an Essay in Contemporary History. Cape Town, 1947.
- Ritchie, W.: The History of the South African College, 1829 - 1918, vol. 2. Cape Town, 1918.
- Scannell, J.P.: Uit die volk gebore. Sanlam se eerste vyftig jaar. Kaapstad, 1968.
- Schoeman, B.M.: Van Malen tot Verwoerd. Pretoria, 1973.
- Scholtz, G.D.: Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, 1901 - 1966. Eerste Band. Johannesburg, 1971.
- Scholtz, G.D.: Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe, 1888 - 1940. Johannesburg, 1944.
- Scholtz, G.D.: Die Rebelle, 1914 - 1915. Johannesburg, 1942.
- Scholtz, J.J.J.: Drie maal by Monumentkoppie (J.P.Scannell (samest.): Keeromstraat 30). Kaapstad, 1965.
- Stockenström, Eric: Vername Persone uit die Geskiedenis van Hol.-Suid-Afrika, I. Stellenbosch, 1923.
- Theal, G.M.: History of South Africa before 1795, II. 3rd ed., London, 1922.
- Theal, G.M.: Willem Adriaan van der Stel and other Historical Sketches. Cape Town, 1913.
- Trollip, A.E.G.: The First Phase of Hertzogism. M.A.-verh., U.W., 1947.
- Van den Heever, C.M.: Generaal J.B.M. Hertzog. Johannesburg, 1944.
- Van der Walt, N.G.S.: Die Republikeinse Strewe: dryfvere en probleem binne die Suid-Afrikaanse party-politiek, 1902 - 1961. Potchefstroom, 1969.
- Van Rensburg, Hans: Their Paths Crossed Mine. Memoirs of the Commandant-General of the Ossewa-Brandweg. Parow, 1956.
- Van Rooyen, Jan J.: Die Nasionale Party, sy Opkoms en Oorwinning - Kaapland se Aandeel. Elsiesrivier, 1956.
- Van Vuuren, D.J.: Eric H. Louw en sy bydrae tot die internasionale betrekkings van Suid-Afrika. D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1972.

Van Schoor, M.C.E.: Die Herlewing van die Republikeinse
Ideaal, 1902 - 1961 (Van Jaarsveld, F.A. en Scholtz, G.
(red.): Die Republiek van Suid-Afrika). Johannesburg,
1966.

Vivier, W.G.H. en S.: Hooyvlakte. Die Verhaal van
Beaufort-Wes, 1818 - 1968. Kaapstad, 1969.

Walker, E.A.: Lord de Villiers and His Times. South
Africa 1842 - 1914. London, 1925.

Wolmarans, H.P.: Kommunisme en die Suid-Afrikaanse Vak-
unies. Johannesburg, s.d.

IV. KORRESPONDENSIE

Dr. C.F. Krige.
Mnr. L. Brumage.
Mnr. L. van der Merwe.
Dr. Con de Villiers.
Mnr. Uys Krige.
Mnr. Schalk Pienaar.
Mnr. P. Cillie.
Mnr. D.P. de Villiers.

V. PERSOONLIKE HERINNERINGE EN MEDEDELINGE

Mnr. M. Mostert.
Mnr. N. Beukes.
Mev. F.J. van der Westhuizen.
Dr. Frikkie de Villiers.
Dr. Kalie van der Merwe.
Dr. Danie Craven.
Mev. H. Fokkens.
Mev. M.S. Jordaan.
Mev. A.M. Louw.
Mev. G.S. (Dolly) Jooste.
Dr. J. Stegmann.
Sy Edele C.R. Swart.
Mnr. B.J. Schoeman.
Mnr. L.M. Dold.
Mnr. J.J.J. Scholtz.